DIE ESKATOLOGIESE/APOKALIPTIESE OORLOG TUSSEN GOED EN KWAAD IN DIE ZOROASTRISME, DIE JUDAÏSME (QUMRAN) EN 'N VROEG-CHRISTELIKE GESKRIF (DIE APOKALIPS)

Ellie Maria Louw-Kritzinger

Proefskrif ingelewer vir die Graad DPhil (Antieke Studie)
aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. Johann Cook

Maart 2008

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek, Ellie Maria Kritzinger, die ondergetekende, dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Geteken: ……..

Datum: ……..

Kopiereg ©2008 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou.

OPSOMMING

Die stryd tussen Goed en Kwaad het sedert menseheugenis en deur die eeue heen tot vandag toe ‘n kardinale rol in die “kultuurweb” van die mens gespeel. In die onderskeie religieë skakel dié aktuele dimensie van die lewe aan die teologiese vraagstuk van menslike lyding en nood teenoor Goddelike Almag en Genade. Van die vroegste profete/samestellers/skrywers het hul perspektiewe aangaande die voortdurende konflik en kwelvraag verwoord.

Hierdie vergelykende navorsing spruit uit ‘n stelling van die bekende Iranoloog, Mary Boyce. Sy het die ontstaan van die Christelike godsdiens as ‘n nuwe religie uit die Judaïsme, wat deur die kontak met die ou Persiese godsdiens, die Zoroastrisme, verryk is, beskryf. Ander navorsers het ook verskeie aspekte in die dualisme, eskatologie, engele- en demoneleer, sowel as die skeppings- en reinheidsleer as “ooglopende” ooreenkomste beskryf. Konsensus is egter nog nie deur die navorsers bereik oor die moontlike invloed wat daar deur die Zoroastrisme op die Judaïsme en die vroeg-Christelike geskrifte uitgeoefen is nie.

Die oogmerk van die studie is om vanuit ‘n ander perspektief ‘n bydrae tot die voortgaande debat te lewer. Geskrifte uit die religieë word in geheel langs mekaar gestel en volgens die oorlogstema en komponente wat uit die geskrifte self voortvloei, ontleed en vergelyk. Die holistiese benadering bied ‘n meer gestruktureerde afspringplek vir verdere navorsing as om lukraak aspekte uit ‘n groot verskeidenheid tekste teenoor mekaar te stel. Dit verreken ooreenkomste, sowel as verskille. Om die geheelbeeld meer kompak voor te stel is die sleutelwoorde, na die ontleding van die komponent in elke geskrif, in ‘n raamwerk voor die opsommende vergelyking geplaas.

Historiese en letterkundige konteks neem ‘n vername plek in ‘n vergelykende studie in. Die geskrifte van die drie religieë het in vier groot eras ontstaan: die Bronstydperk/die Sassaniede-dinastie, die Hellenistiese era en die Romeinse tydperk. Die kenmerkende dualisme van die Zoroastrisme word tot die eskatologiese/apokaliptiese oorlog soos dit in die *Gathas* van Zarathushtra voorkom, beperk. Verwysings word ook na die “latere” apokaliptiese geskrif, die *Bahman Yasht*, gedoen. Die voor die hand liggendste geskrif in die Judaïsme (Qumran) is die *Oorlogsrol*. *Openbaring* is deur Richard Bauckham as die “Christelike Oorlogsrol” beskryf.

Die ontleding van die verskillende aspekte toon dat kern-beginsels in die religieë onderliggend aan die oorlogstemas is. Sommige eiename bevat bepalende elemente in die vasstelling van dualisme en monoteïsme. Beplanning en wapens is hoofkomponente in die strategie van die oorlog - die “openbaring” van die werkswyse. Die eskatologie word in die uiteinde van die oorlog vasgevang.

In die laaste hoofstuk word die hoofmomente op ‘n “skaal” geplaas en “geweeg”. Hoewel daar nie verdere “leksikale skakels” - die gewigdraende kriterium van García Martínez - in dié studie gevind is nie, is die hoeveelheid van ooreenstemmende aspekte in enkele geskrifte betekenisvol. Verskille en unieke beeldspraak/simboliek plaas elke geskrif in sy eie tydgleuf en raamwerk.

ABSTRACT

Since time immemorial and throughout the centuries up to the present, the struggle between Good and Evil has played a cardinal role in the "cultural web" of mankind. In the various religions, this dimension of life is linked to the theological issue of human suffering and need in the light of Divine Omnipotence and Grace. Some of the earliest prophets/compilers/authors expressed their own perspectives on this ongoing conflict and burning question.

This comparative research stems from a statement by the well-known Iranologist, Mary Boyce. She described the origin of the Christian faith as a new religion that developed out of Judaism, enriched by contact with the old Persian religion, Zoroastrianism. Other researchers also described various aspects of the dualism, eschatology, angelology and demonology, as well as the cosmogony and purity laws, as "obvious" similarities. However, researchers have not yet reached consensus on the possible influence exercised by Zoroastrianism on Judaism and the early Christian writings.

The aim of the study is to make a contribution to the ongoing debate from another perspective. Writings from the religions are juxtaposed in full, and analysed and compared according to the war theme and components arising from the writings themselves. A holistic approach offers a more structured starting -point for further research rather to opposing aspects randomly from a large variety of texts. The holistic approach draws attention to similarities as well as differences.

Keywords out of each analysis of a component have been placed in a framework to present the summarising comparison more compactly.

Historical and literary contexts play an important role in a comparative study. The writings of the three religions originated in four major eras: the Bronze Age/the Sasanian Period, the Hellenistic Era and the Roman Era. The characteristic dualism of Zoroastrianism is limited to the eschatological/apocalyptic war as it is found in the *Gathas* of Zarathustra. References are also made to the "later" apocalyptic writing, the *Bahman Yasht*. The most relevant writing in the Judaism (Qumran) is the *War Scroll.* Richard Bauckham has described *Revelations* as the "Christian War Scroll".

The analysis of the various aspects shows that core principles in the religions underlie the war themes. Some of the proper names contain defining elements in the determination of dualism and monotheism. Planning and weapons are main components in the strategy of the war - the "revelation" of the modus operandi. The eschatology is caught up in the ultimate end of the war.

In the final chapter, the main corresponding elements are placed on a "scale" and "weighed". Although no further "lexical links" – the weight-bearing criteria of García Martínez – have been found in this study, the amount of corresponding aspects in merely one text per religion is significant. Differences and unique imagery/symbolism put each writing in its own time-slot and framework.

BEDANKINGS

Aan die einde van die "40 jaar-lange veldslag" wil ek graag met groot waardering erkenning gee aan:

- Prof. Johann Cook, wat met waagmoed die stryd saam aangeknoop en voltooi het.
- Die NNS en die Universiteit van Stellenbosch vir finansiële bystand.
- Die Gideonsbende by die Teologie – biblioteek, wat korte mette met 'n hinderlaag gemaak het: Theresa, Annemarie en Susanne.
- Thinus Botha, wat met rekenaarprobleme behulpsaam was.
- Thys Murray, wat met die rekenaarformatering gehelp het.

***

- Ockie, wat geduldig die vuur in die herd aan die brand gehou het.
- Bernita, Ronella en Nikki se vertroue in Ma se volharding in die stryd.
- Die Binnekring van Familie en Vriende vir hul volgehoue aanmoediging.
  - in besonder Manie, Tom en Bernard.

† In herinnering aan die Makker wat saam die uitdaging aangepak het.

Ek glo dat die stryd vir my deur die Heilige Kryger gestry is.

OPGEDRA AAN

Nic en Bertha Dreyer
My Ouers

&

Elrie, Nicolaas, Alba ...

My Kleinkinders

Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie – Markus 10:15.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ii

OPSOMMING iii

ABSTRACT iv

BEDANKINGS v

AFKORTINGS xiv

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Inleidend 1
1.2 Probleemstelling 2
1.3 Navorsingsmetodologie 8
1.3.1 ‘n Vergelykend-Fenomenologiese Benadering 10
1.3.2 Histories-Kritiese Benadering 12
1.3.3 Literêr-sensitiewe benadering 13
1.4 Keuse van Geskrifte 13
1.5 Praktiese Implementering 16

HOOFSTUK 2: OMSKRYWING SLEUTELBEGRIPPE IN TEMA

2.1 Die Apokaliptiek 17
2.1.1 Terminologie 17
2.1.2 Navorsing 19
2.1.2.1 Definisie Genre Apokalips 19
2.1.2.2 Die Apokaliptiek as Teologiese Konsep 23
2.1.3 Oorsprong 24
2.1.4 Apokaliptiese Literatuur 26
2.1.4.1 Korpus 26
2.1.4.2 Apokaliptiese Taalgebruik 27
2.1.5 Apokaliptiese Bewegings 28
2.1.6 Apokalipse en Mistiek/Mistisisme 28
2.2 Eskatologie 29
2.3 Dualisme 31
2.4 Mitologie/Gevegsmite 34
2.5 Heilige Oorlog 36

HOOFSTUK 3: OORSIG VAN DIE TEKSTE

3.1A **Gathas/Bahman Yasht** 39
3.1A.1 Tema/Doelstelling 40
3.1A.1.1 Gathas 40
3.1A.1.2 Bahman Yasht 40

3.1A.2 Agtergrond/Konteks ……..... 41
3.1A.2.1 Historiese Agtergrond ……..... 41
3.1A.2.1.1 Datering …… 41
3.1A.2.1.2 Samesteller …… 42
3.1A.2.1.3 Situasie …….. 43
3.1A.2.1.3.1 Oorkoepelende Tydperk ……... 43
3.1A.2.1.3.2 Onmiddellike Omgewing . ……. 47
3.1A.2.1.3.2.1 Sosiale Tafereel …….. 47
3.1A.2.1.3.2.2 Religieuse Milieu …….. 48
3.1A.2.2 Letterkundige Konteks ……... 53
3.1A.2.2.1 Geskrifte …… 53
3.1A.2.2.1.1 Zoroastriese Boeke …….. 53
3.1A.2.2.1.1.1 Gathas/Yasnas ……. 54
3.1A.2.2.1.1.2 Yashts …… 54
3.1A.2.2.1.1.3 Vivevdat/Vendidad ……... 55
3.1A.2.2.1.1.4 Die Groot Avesta . ……..... 55
3.1A.2.2.1.1.5 Pahlavi Boeke ……. 55
3.1A.2.2.1.2 Persiese Sibillynse Geskrifte . ……. 56
3.1A.2.2.2 Genre ……..... 56
3.1A.2.2.3 Taal …….. 57
3.1A.2.2.4 Struktuur …… .57
3.1A.2.2.5 Bronne ……. 57
3.1A.3 Inhoud ……..... 57
3.1A.3.1 Gathas ……... 57
3.1A.3.2 Bahman Yasht …….. 58

3.1B **Die Oorlogsrol (1QM)** 59
3.1B.1 Tema/Doelstelling ……...……..... 60
3.1B.2 Agtergrond/Konteks …… 61
3.1B.2.1 Historiese Agtergrond ……... 61
3.1B.2.1.1 Datering …… 61
3.1B.2.1.1.1 Eksterne Bewyse …… 61
3.1B.2.1.1.2 Interne Bewyse ……. 62
3.1B.2.1.2 Skrywer …… 63
3.1B.2.1.3 Situasie ……. 63
3.1B.2.1.3.1 Oorkoepelende Tydperk …… 63
3.1B.2.1.3.2 Onmiddellike Omgewing ……. 66
3.1B.2.1.3.2.1 Sosiale en Materiële Tafereel .....…… 66
3.1B.2.1.3.2.1.1 Eksterne Data ……... 68
3.1B.2.1.3.2.2 Religieuse Milieu ……... 70
3.1B.2.2 Letterkundige Konteks …… 72
3.1B.2.2.1 Joodse Geskrifte van die Hellenistiese tydperk ……... 72
3.1B.2.2.1.1 Die Qumrangeskrifte: Onmiddellike Korpus …….. 72
3.1B.2.2.1.2 Hebreeuse en Aramese Boeke van die latere Kanon …….…… 75
3.1B.2.2.1.3 Apokriewe en Pseudonieme Geskrifte ……... 77
3.1B.2.2.1.4 Apokaliptiek van die Tweede Eeu v.C. …….. .79
3.1B.2.2.1.5 Testamente ……. 81
3.1B.2.2.2 Genre ……. 81
3.1B.2.2.3 Taal …….. 81
3.1B.2.2.4 Struktuur …….. 82

3.1B.2.2.5 Bronne …… 82
3.1B.3 Inhoud ……..... 83

3.1C **Openbaring** …… 85
3.1C.1 Tema/Doelstelling ……. 85
3.1C.2 Agtergrond/Konteks …….. 86
3.1C.2.1 Historiese Agtergrond ……..86
3.1C.2.1.1 Datering …… 86
3.1C.2.1.1.1 Eksterne Bewyse ……87
3.1C.2.1.1.2 Interne Bewyse ……87
3.1C.2.1.2 Skrywer ……. 88
3.1C.2.1.2.1 Eksterne Bewyse ……88
3.1C.2.1.2.2 Interne Bewyse …….. 89
3.1C.2.1.2.3 Sosiale Identiteit ……90
3.1C.2.1.3 Situasie ……90
3.1C.2.1.3.1 Oorkoepelende Tydperk ……90
3.1C.2.1.3.1.1 Palestina ……..90
3.1C.2.1.3.1.2 Klein-Asië ……...94
3.1C.2.1.3.2 Onmiddellike Omgewing ……95
3.1C.2.1.3.2.1 Sosiale Tafereel ……..95
3.1C.2.1.3.2.1.1 Eksterne Data ……96
3.1C.2.1.3.2.1.2 Afleidings uit die Teks ……...97
3.1C.2.1.3.2.2 Religieuse Milieu ……...98
3.1C.2.2 Letterkundige Konteks …….. 100
3.1C.2.2.1 Ander Geskrifte …… 100
3.1C.2.2.1.1 Die Nuwe Testament ……...100
3.1C.2.2.1.2 Apokriewe ……..100
3.1C.2.2.1.3 Apokaliptiek van die Eerste Eeu …… 101
3.1C.2.2.1.4 Sibillynse Orakels …… 101
3.1C.2.2.1.5 Testamente ……. 101
3.1C.2.2.1.6 Briewe ……. 101
3.1C.2.2.1.7 Gnostiese Tekste ……... 102
3.1C.2.2.2 Genre …….....102
3.1C.2.2.3 Taal ……..... 103
3.1C.2.2.3.1 Simboliek ……103
3.1C.2.2.4 Struktuur ……..... 104
3.1C.2.2.5 Bronne ……... 105
3.1C.3 Inhoud …… 106
3.2 **Opsommende Raamwerk** .....…….. 106

HOOFSTUK 4: ONTLEDING VAN DIE OORLOGSTEMAS IN DIE TEKSTE

4.1 **Die Kamp van die Vyand** …… 107
4.1.1 **Die Vyandelike Aanvoerder** ……... 107
4.1.1A **Gathas/Bahman Yasht** …… 107
4.1.1A.1 Aka/Angra Mainyu/Ahriman …….….. 107
4.1.1A.1.1 Oorsprong Benaming …….……....107
4.1.1A.1.1.1 Gathas ……108
4.1.1A.1.1.2 Bahman Yasht ……109
4.1.1A.2 Verwante Antagoniste ……109

4.1.1A.2.1 Gathas ……109
4.1.1A.2.1.1 Hiërargie om die Bose Gees ……..109
4.1.1A.2.1.2 Binnekring ……. 110
4.1.1A.2.2 Bahman Yasht …….. 110
4.1.1A.2.2.1 Bose Afstammelinge …….....…….. 110
4.1.1A.2.2.2 Duiwels …….. 110
4.1.1B **Die Oorlogsrol** ……... 110
4.1.1B.1 Belial …….. 110
4.1.1B.1.1 Oorsprong Benaming Belial …… 110
4.1.1B.2 Verwante Antagoniste ……..... 113
4.1.1C **Openbaring** ……... 116
4.1.1C.1 Satan ……. 116
4.1.1C.1.1 Oorsprong Benaming ……..116
4.1.1C.1. Verwante Antagoniste …… 119
4.1.1C.2.1 Die Duiwel/Diabolos ……119
4.1.1C.2.2 Abaddon/Apollion ……120
4.1.1.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……121

4.1.2 **Bose Adjudante** ……...128
4.1.2A **Gathas/Bahman Yasht/Aanvullende Yashts** ……... 128
4.1.2A.1 Gathas ……128
4.1.2A.1.1 Aeshma ……128
4.1.2A.1.2 Karapans/Usig en Kavis ……...128
4.1.2A.1.3 Kwaadstokers ……..129
4.1.2A.2 Bahman Yasht …… 129
4.1.2A.2.1 Aeshma ……129
4.1.2A.2.2 Towenaars ……..129
4.1.2A.2.3 Valse Priesters en Dissipels ……...129
4.1.2A.2.4 Az-I Dahak/Azhi Dahaka ……..130
4.1.2A.3 Aanvullende Yashts …….. 130
4.1.2A.3.1 Verbondsbrekers ……. 130
4.1.2A.3.2 Apaosha ……..... 131
4.1.2B **Die Oorlogsrol** ……... 131
4.1.2B.1 Verbondskenders …….. 131
4.1.2B.2 Gog …… 132
4.1.2C **Openbaring** …… 132
4.1.2C.1 Valse Profete ……132
4.1.2C.2 Die Draak/Slang ……133
4.1.2C.3 Die Dier uit die See ……134
4.1.2C.4 Die Dier uit die Aarde ……135
4.1.2C.5 Drie Onreine Geeste ……136
4.1.2C.6 Babilon ……136
4.1.2C.7 Gog en Magog ……137
4.1.2.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** …….. 137
4.1.3 **Die Vyandelike Leër** …… 142
4.1.3A **Gathas en Bahman Yasht** ……..... 142
4.1.3A.1 Gathas …….. 142
4.1.3A.1.1 Daevas …….. 142
4.1.3A.2 Bahman Yasht ……..... 143
4.1.3A.2.2 Die ras van Aeshm …….. 143

4.1.3A.2.3 Die Twee-been Wolf …… 143
4.1.3A.2.4 Die Duiwels van die Duisternis ……. 144
4.1.3B **Die Oorlogsrol** ……... 144
4.1.3B.1 Die Omringende Nasies ……144
4.1.3B.2 Seuns van Noag en Spesifieke Landstreke ……145
4.1.3B.3 Kittim ……145
4.1.3B.4 Die Lot van Belial ……..147
4.1.3B.5 Die Seuns van die Duister ……..147
4.1.3B.6 Verwaande Nasies ……..147
4.1.3B.7 Sondige Vlees ……148
4.2.3B.8 Haters van Geregtigheid ……148
4.1.3C **Openbaring** ……... 148
4.1.3C.1 Bewoners van die Aarde ……. 148
4.1.3C.2 Leërmag uit die Afgrond ……. 149
4.1.3C.3 Leërmag van die vier Gebonde Engele …….. 150
4.1.3.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……. 151
4.2 **Die Gesagsgebied van die Vyandelike aanvoerder** ...……. 152
4.2A.1 Gathas ……..... 153
4.2A.2 Bahman Yasht ……...153
4.2B Oorlogsrol ……154
4.2C Openbaring ……154
4.2.1 **Vergelykende Opsomming** …….. 155

HOOFSTUK 5: ONTLEDING VAN DIE OORLOGTEMAS IN DIE TEKSTE (vervolg)

5.1 Die Tuisfront
5.1.1 **Die Aanvoerder** …… 156
5.1.1A **Gathas/Bahman Yasht** ……... 156
5.1.1A.1 Ahura Mazda en Spenta Mainyu ……... 156
5.1.1A.1.1 Oorsprong Benaming …….. 156
5.1.1A.1.1.1 Gathas ……. 158
5.1.1A1.1.2 Bahman Yasht …….. 161
5.1.1A.2 Die Heilige Heptad ……. 162
5.1.1A.2.1 Gathas ……... 162
5.1.1A.2.2 Bahman Yasht ……... 164
5.1.1A.3 Mainyus/Yazatas ……..164
5.1.1A.3.1 Gathas ……165
5.1.1A.3.1.1 Sraosha ……165
5.1.1A.3.1.2 Ashi ……..165
5.1.1A.3.1.3 Atar ……..166
5.1.1A.3.1.4 Geush Urvan ……166
5.1.1A.3.2 Bahman Yasht ……..168
5.1.1A.3.2.1 Atar ……..168
5.1.1A.3.2.2 Nêryôsang en Srôsh ……169
5.1.1A.3.2.3 Engele van die Geestelike Bestaan ……169
5.1.1B **Die Oorlogsrol** …….. 169
5.1.1B.1 God ……169
5.1.1B.1.1 Oorsprong Benaming ……. 170
5.1.1B.2 Die Heilige Gees van God ……175
5.1.1B.3 Die Aartsengele ……176

5.1.1B.4 Prins van die hele Gemeente ……178
5.1.1B.5 Die Priesters ……...178
5.1.1C **Openbaring** ……. 180
5.1.1C.1 Die Here God ……180
5.1.1C.1.1 Oorsprong benaming ……. 180
5.1.1C.1.2 Ander Benamings en Kwaliteite …….. 180
5.1.1C.2 Jesus Christus …… 185
5.1.1C.2.1 Oorsprong Benaming ……185
5.1.1.C.3 Die sewe Geeste van God/ die Gees van god ……192
5.1.1C.4 Die 24 Ouderlinge ……195
5.1.1C.5 Die 4 Lewende Wesens ……196
5.1.1C.6 Die Engele ……197
5.1.1C.7 Die 4 Perderuiters …….. 201
5.1.1C.8 Die Twee Getuies ……201
5.1.1.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……... 203
5.1.1.1.1 Die Opperbevelhebber ……..... 203
5.1.1.1.1.1 Wese en Voorkoms …….. 203
5.1.1.1.1.2 Ander Benamings en Kenmerke in die 3 tekste …….. 206
5.1.1.1.1.2.1 Ooreenstemmende Kwaliteite …….. 206
5.1.1.1.1.2.2 Enig in Soort ……... 206
5.1.1.1.2 Die Onderbevelhebber ……..207
5.1.1.1.3 Die Binnekring van Mag …….. 209
5.1.1.1.3.1 Die Aartsengele ……209
5.1.1.1.3.2 Die Geestelike Leiers ……..211

5.1.2 Die Leërmag …… 212
5.1.2A **Gathas/Bahman Yasht** ……. 212
5.1.2A.1 Gathas ……..212
5.1.2A.1.1 Die Getroues/Ashavan ……212
5.1.2A.1.2 Die Helers van die Wêreld ……..212
5.1.2A.1.3 Bondgenote ……212
5.1.2A.1.4 Die Fravashis .....……213
5.1.2A.2 Bahman Yasht …… 213
5.1.2B **Die Oorlogsrol** …… 214
5.1.2B.1 Seuns van die Lig ……. 214
5.1.2B.2 Mense van God …… 214
5.1.2B.3 Heilige Mense van die Verbond .....……. 215
5.1.2B.4 Seuns van die Waarheid .....…… 216
5.1.2B.5 Die Oorblyfsel …… 216
5.1.2B.6 Die Armes/Verdruktes …… 217
5.1.2B.7 Die Struikelendes/Swakkes …… 217
5.1.2B.8 Die Uitverkorenes ……. 217
5.1.2B.9 Die Leërmag van Engele …… 219
5.1.2C **Openbaring** …… 220
5.1.2C.1 Die 7 gemeentes ……220
5.1.2C.2 Diensknegte ……220
5.1.2C.3 Die Martelare ……221
5.1.2C.4 Die 144000 Geseëldes …….. 222
5.1.2C.5 Die Ontelbare Menigte ……223
5.1.2C.6 Die Heiliges ……... 224

5.1.2C.7 Die Vrou en haar Nakomelinge …….. 224
5.1.2C.8 Die Engeleskaar ……... 225
5.1.2.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……. 226
5.1.2.1.1 Krygers op Aarde …… 226
5.1.2.1.2. Hemelgerigte Krygers …… 229
5.1.2.1.3. Hemelse Krygers …….. 232

5.1.3 Die Gesagsgebied van die Aanvoerder …… 232
5.1.3A Gathas/Bahman Yasht ……. 232
5.1.3B Die Oorlogsrol …… 233
5.1.3C Openbaring …… 234
5.1.31 **Opsomming en Vergelykende samevatting** ……... 236

5.1.4 Dualisme teenoor Monoteïsme ……. 237
5.1.4A Gathas /Bahman Yasht …… 237
5.1.4B Die Oorlogsrol …….…… 241
5.1.4C Openbaring …….. 245
5.1.4.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** …… 247
5.1.5 Aanhangsel: Yasna 30; Manifes van die Twee Geeste 249

HOOFSTUK 6: ONTLEDING VAN OORLOGSTEMAS IN DIE TEKSTE (Vervolg**)**

6.1 Die Oorlogstrategie ……250
6.1.1 **Beplanning** ……... 250
6.1.1A **Gathas/Bahman Yasht** …… 250
6.1.1A.1 Beelde ……. 250
6.1.1A.2 Getalle ……. 252
6.1.1A.3 Slagveld ……253
6.1.1B **Oorlogsrol** ……. ... 253
6.1.1B.1 Praktiese Maatreëls …….. 253
6.1.1B.1.1 Tempeldiens in Sabbatsjare ……. 253
6.1.1B.1.2 Tydsduur ……253
6.1.1B.1.3 Slagspreuke ……. 254
6.1.1B.1.3.1 Baniere ……. 254
6.1.1B.1.3.2 Trompette …….. 255
6.1.1B.1.3.3 Wapens ……. 256
6.1.1B.1.4 Aanvalstegniek ……..257
6.1.1B.1.4.1 Formasies ……...257
6.1.1B.1.4.2 Trompette ……257
6.1.1B.2 Dieper Dimensie ……..258
6.1.1B.2.1 Heilige Oorlog …… 258
6.1.1B.2.2 Getalle ……258
6.1.1B.2.3 Slagveld ……...259
6.1.1C **Openbaring** ……. 259
6.1.1C.1 Parodie ……...259
6.1.1C.2 Die Oopmaak van die Seëls ……260
6.1.1C.3 Simboliek ……...261
6.1.1C.4 Seëls van die Volgelinge ……262
6.1.1C.5 Beheer deur ‘n Stem ……...262
6.1.1C.6 Getalle ……264

6.1.1C.7 Gemeentes ……. 266
6.1.1C.8 Slagveld …… 266
6.1.1.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** …….. 268

6.1.2 Wapens/Toerusting …… 270
6.1.2A **Gathas/Bahman Yasht** …… 270
6.1.2B **Oorlogsrol** ……... 273
6.1.2B.1 Fisiese Wapens ……..273
6.1.2B.2 Psigiese Wapens ……275
6.1.2B.3 Goddelike Wapens ……275
6.1.2C **Openbaring** …… 275
6.1.2C.1 Wapens van die Gemeentes ……275
6.1.2C.2 Goddelike Wapens ……..276
6.1.2C.3 Wapens in die Simboliek ……277
6.1.2.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** …….. 278
6.1.2.1.1 Fisiese wapens ……279
6.1.2.1.2 Ooreenstemmende wapens ……279
6.1.2.1.3 Uitsonderlike Wapens ……281
6.1.3 Vereistes ……. 281
6.1.3.1 Manskappe ……. 281
6.1.3.1A Gathas/ Bahman Yasht ……...281
6.1.3.1B Oorlogsrol …….. 281
6.1.3.1C Openbaring ……282
6.1.3.2 Reinheid/Kleredrag ……..282
6.1.3.2A Gathas/Bahman Yasht ……..282
6.1.3.2B Oorlogsrol ……. 283
6.1.3.2C Openbaring …… 283
6.1.3.3 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……. 286
6.1.4 Gebede/Seënbede en vloeke ……286
6.1.4A Gathas/Bahman Yasht …….. 286
6.1.4B Oorlogsrol ……. 286
6.1.4C Openbaring ……287
6.1.4.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** ……. 288

6.2 Die Afloop van die Oorlog/Eskatologie …… 289
6.2A **Gathas/Bahman Yasht** …… 289
6.2A.1 Beslissing van die Oorlog ……289
6.2A.2 Die Verlossers ……289
6.2A.3 Die Oordeel …… 290
6.2A.4 Die Tydsaspek …… 292
6.2A.5 Die Opstanding ……293
6.2A.6 Die Hiernamaals ……. 294
6.2B **Die Oorlogsrol** ……. 295
6.2B.1 Die Beslissing van die Stryd ……. 295
6.2B.2 Die Messias ……. 295
6.2B.3 Die Oordeel …….. 299
6.2B.4 Die Tydsaspek …….. 301
6.2B.5 Die Opstanding …… 302
6.2B.6 Die Hiernamaals …… 304
6.2C **Openbaring** …….. 306

6.2C.1 Die Beslissing van die Stryd ……. 306
6.2C.2 Die Messias …….. 307
6.2C.3 Die Oordeel …….. 308
6.2C.4 Die Tydsaspek ……. . 311
6.2C.5 Die Opstanding ……. 314
6.2C.6 Die Hiernamaals …….. 315
6.2.1 **Opsomming en Vergelykende Samevatting** …….. 316
6.2.1.1 Uitslag van die Oorlog …… 317
6.2.1.2 Messias …… 318
6.2.1.3 Die Oordeel …… 319
6.2.1.4 Tydsaspek …… 320
6.2.1.5 Die Opstanding …… 321
6.2.1.6 Die Hiernamaals ……. 321

HOOFSTUK 7: BERAAD

7.1 Analise van Strategie ……..... 323
7.1.1 Raakpunte …….. 323
7.1.1.1 Die Kousale Konflik …….. 323
7.1.1.2 Name/Beskrywings van Aanvoerders …….. 324
7.1.1.3 Waarheid ……. 325
7.1.1.4 Gehoorsaamheid ……. 326
7.1.1.5 Gedagtes/Woorde/Dade ……. 327
7.1.1.6 Gramskap …… 327
7.1.1.7 Rykdom/Armoede …….. 327
7.1.1.8 Verbond/*Mithra* …….. 328
7.1.1.9 Reinheid ……. 328
7.1.1.10 Gebede ……. 328
7.1.1.11 Juk …… 328
7.1.1.12 *Lex taliones* …… 328
7.1.1.13 Uitwissing van die Bose …….. 329
7.1.1.14 Die Verlosser …….. 329
7.1.1.15 Die Oordeel …… 329
7.1.1.16 Liefde en genade …… 329
7.1.1.17 Vroue …… 329
7.1.1.18 Woorde van Persiese Oorsprong …… 330
7.1.2 Verskille/Afwykings …… 331
7.1.2.1 Oorsprong Bose Gees …… 331
7.1.2.2 Aanbidding engele …… 331
7.1.2.3 Sakramentele Geskenk …… 331
7.1.2.4 Uitverkorenes …… 331
7.1.2.5 Vertraging …… 332
7.1.2.6 Hiernamaals …… 332
7.1.3 Strydkwessies ……..... 332
7.1.3.1 Simboliek/Mitologie ……... 332
7.1.3.2 Opstanding ……..... 333
7.1.4 Unika …….. 334
7.1.4.1 *Tushnamaiti* ……. 334
7.1.4.2 Daena en Chinvatbrug …… 334
7.1.4.3 Vloeke teenoor Seënbede …… 334

7.1.4.3 Die Bloed van die Lam ……... 334
7.1.5 Trefkrag ……... 334
7.1.5.1 Hinderlae ……. 335
7.1.5.1.1 Veranderlikheid …… 335
7.1.5.1.2 Datering …….. 335
7.1.6 Moontlike invloed ……..... 336
7.1.6.1 Dualisme ……..... 336
7.1.6.2 Einde van Historiese Tyd ……... 337
7.1.6.3 Keuse ……. 337
7.1.6.4 Lewe na die Dood ……. 338
7.2 Verdrag/Skikking ……... 338

Bibliografie ……. 341

AFKORTINGS:

(wat meermalig in tesis gebruik is)

BYt	*Bahman Yasht*
DJD	*Discoveries of the Judaen Desert*
HB	Hebreeuse Bybel
NT	Nuwe Testament
OT	Ou Testament
QL	Qumran Literatuur
1QM	*Oorlogsrol*
1QS	*Gemeenskapsrol*
CD	*Damaskus Dokument*
1QH	*Dankgesange*

a.g.v.	as gevolg van
bg.	bogenoemde
bs.	bostaande
bv.	byvoorbeeld
eg.	eersgenoemde
lg.	laasgenoemde
m.a.w.	met andere woorde
m.i.	myns insiens
n.a.v.	na aanleiding van
n.C.	na Christus
o.a.	onder andere
t.o.v.	ten opsigte van
uitg.	uitgawe
v.C.	voor Christus
vgl.	vergelyk
vlg.	volgende

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 INLEIDEND

Konflik was vanaf die vroegste tye ’n onvermybare faset van die mens se lewe. Die oorsprong van die konflik was dikwels in die botsende belange van mense wat verskillend van aard was, geleë.

Dit het gelei tot onderlinge twis en struwelinge tussen enkelinge, maar het ook uitgekring na families of groepe, wat dieselfde mening oor ’n saak of ideologie gehuldig het en dit ten alle koste wou handhaaf. Afhangende van wat op die spel was en die intensiteit van die betrokkenes, kon dit selfs tot die opneem van wapens gelei het. Met die ontwikkeling van die Groot Moondhede van die Wêreld is die konflik in die verwikkelde politiek vasgevang en het die magstryd ontsagwekkende afmetings in die vervaardiging van atoombomme aangeneem.

Oorlog is huidig nog net so aktueel as wat die 2000 jaar gelede was. Die onverwagte in die Post-Moderne Tydperk is dat die onderliggende motief vir die selfmoordaanslag van 11 September 2001 aan botsing tussen twee religieë gewyt word. Die aanbreek van die nuwe millennium het nie die mag en gevaar van die religieuse legimitasie van vernietigende geweld verbeter nie (Duhaime 2004:115).

Dit is begryplik dat die “oorlog” in die geskrifte van die religieë opgeteken sou word. Die pole van reg teenoor verkeerd het ontwikkel na die dualistiese grondbeginsels van die Goeie teenoor die Kwade/Bose. Die krisissituasies, waaruit die geskrifte ontwikkel het, het meestal menslike lyding, fisies en psigies, ingehou en het ’n hunkering na die Goeie se uiteindelike oorwinning van die stryd teen die Bose by die skrywers ontketen. Konflik is ’n hooftema in die mees bekende apokalipse. Daarin neem dit dikwels die vorm van ’n rebellie teen *God*, of oorlogvoering tussen die leërmagte van *God* en die teenstanders wat deur ’n gevalle engel, ’n bose gees of ’n slegte keiser aangevoer word (Yarbro Collins 1999:123).

In die geskrifte word hierdie “stryd” tussen goed en kwaad ook op kleiner skaal op die vlak van die individu se eie klein mikrokosmos geteken. Volgens Shaked (1971:83) word die mens as die belangrikste slagveld van die geeste voorgestel.

In Paul Kriwaczek (2002:28;49) se ‘persoonlike odyssee’ op soek na Zarathushtra, speel die bekende Duitse filosoof en klassieke taalkundige van die neëntiende eeu, Nietzsche, ’n kardinale rol. Verstaanbaar, want Nietzsche het die ou Persiese profeet as sy mondstuk gebruik om sy obsessie met die etiese dualisme van goed en kwaad te verwoord.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Hierdie studie vervat ’n verdere uitbouing op die gevolgtrekkings wat in vorige navorsing vir ’n Magistertesis oor die “Dualisme in Judaïsme (Qumran)1[1] en Zoroastrisme” gemaak is - veral as gevolg van ’n pakkende stelling deur Mary Boyce, die bekende Iranoloog, wat ’n derde element by die onderwerp gevoeg het: “So it was out of a Judaïsm enriched by five centuries of contact with Zoroastrianism that Christianity arose in the Parthian period, a new religion with roots in two ancient faiths, one Semitic, the other Iranian” (Mary Boyce 2003/1979:99).

Clark (1998 :1) waag nog verder:

> “Furthermore, to say that Zarathustra heralded the beginnings of Western civilization is no wild claim, since his powerful message resonated long after his life not only within the religious culture to which he gave new life but, as his descendants expanded their political power a thousand years after, also in the movement that would eventually dominate the west – the Judeo-Christian tradition – where it still continues to be heard, perhaps faintly, even today.”

Die bostaande stelling van Mary Boyce dek so ’n wye veld dat dit noodwendig na ’n enkele fenomeen in die studie afgeskaal moet word. Dit spreek ook vanself dat daar geen definitiewe uitspraak gelewer kan word voordat volledige navorsing gedoen is nie. Die tergende vraag: “Is so ’n stelling werklik aanvaarbaar?” is egter genoegsame aansporing om stadig aan die dilemma weg te beitel deur op spesifieke tekste te konsentreer. ’n Verdere vraag is wat Mary Boyce presies bedoel as sy stel dat die Christelike godsdiens in die twee ou gelowe “gewortel” is? Die metafoor dui definitiewe kontak aan … dat die twee ou gelowe as voedingsbron vir die nuwer geloof gedien het.

Segal (1986:1-2) het ’n verdere kinkel in die kabel gemaak met sy siening dat die Judaïsme - soos ons dit vandag ken (*Rabbynse Judaïsme*) - en die Christelike godsdiens soos ’n tweeling op dieselfde tyd gebore en in dieselfde omgewing gevoed is:

> “Like Jacob and Esau, the twin sons of Isaac and Rebecca, the two religions fought in the womb. Throughout their youth they followed very different paths, quarrelling frequently

---

[1] Sacchi (2000:29) se uitklaring van die terme word gebruik: die s.nw. *Judaïsme* en die b.nw. *Joodse* verwys na die religie en beskawing ná die ballingskap en *Hebraïsme* en *Hebreeus* voor die ballingskap. Na die krisis van die eerste eeu n.C. behoort *Rabbynse Judaïsme* of *Rabbinisme* gebruik te word. Cohn (1993:157) verbind die verandering van die term ‘Israeliete’ na ‘Jode’ met die vestiging van die diaspora, nadat die meerderheid van die bannelinge na Babilon verkies het om daar te bly, selfs nadat hul kon terugkeer.

> about their father's blessing. As was the case with Rebecca's children, the conflict between Judaism and Christianity molded their characters and determined their destinies."

Hy (Segal 1986:2) meen dus dat dit belangrik is om die sosiale matriks waarin die religieuse denke ontwikkel het te ondersoek.

Hengel (2001:29) beklemtoon weer die *Hellenistiese* beskawing se invloed op die Nabye Ooste en dus ook Joodse Palestina - die sosiale matriks - en hoedat dit die etniese identiteit van die Jode na die "Hellenistiese Hervorming" van 175 v.C. eerder versterk en meer kreatief en vrugbaar gemaak het: "it created Rabbinism and Christianity".

Die soeke na "parallelle" in die taal en formulerings van die NT het al vanaf die sewentiende eeu met die verskyning van linguïstiese en vergelykende studies 'n belangrike rol in die navorsingsveld begin speel (White & Fitgerald 2003:15). Probleme rondom oorywerige pogings het gelei tot Samuel Sandmel (1962:1-13) se bekende benaming vir gedwonge parallelle as "parallelomania". Aandag kan nie slegs aan enkele sleutelwoorde gegee word nie, maar moet in die bepaalde semantiese omgewing in sy historiese en sosiale konteks ondersoek word. Teologiese tendense moet ook in ag geneem word (White en Fitzgerald 2003:35) om reg aan interpretasie en begrip te laat geskied.

In die vorige navorsing (Louw 1997:1-2) is reeds daarop gewys dat verskeie navorsers al die moontlikheid van 'n invloed van die Persiese godsdiens - die Zoroastrisme - op die Judaïsme en ook indirek op die Christelike godsdiens, ondersoek het (Boyce 2003/1979:99; Shaked 1984:308-325; Barr 1985:201-235 en Grabbe 1992:100-102). Hierby kan nog die name van Cohn (1993:221); Hultgård (1999:79); Hinnells (2000:73-92); Kobelski (1981:84-98) en García Martínez (2003:1-14) gevoeg word. Hultgård (1999:79) beskou die navorsing na die graad en omvang van die Iraanse invloed as 'n lang bestaande kontroversiële kwessie. García Martínez (2003:1) verwys veral na die aandeel van die aanhangers en teenstanders van die *religionsgeschichtliche Schule* in die eerste gedeelte van die twintigste eeu en die vele daaropvolgende studies, waaruit vandag nog geen konsensus tevoorskyn gekom het nie. Die belangrikste rede hiervoor is waarskynlik die omsigtigheid waarmee navorsers die onderwerp benader het a.g.v. die datering van die Zoroastristiese leerstellings wat eers in die neënde eeu n.C. in die Pahlavi-tekste neergepen is. Die mondelingse oordrag van geslag tot geslag in die Zoroastrisme is 'n aspek wat nooit te ver op die agtergrond geskuif moet word nie. Dit het sekerlik 'n rol in ander religieë ook gespeel, maar die tydsduur by die Zoroastrisme was uitsonderlik. Verder is *invloed* vanuit die subjektiewe perspektief van die navorser 'n netelige saak om aan te spreek.

Teenoor *invloed* is binne-Joodse ontwikkeling as genoegsame verduideliking vir die verskyning van die nuwe eskatologiese idees beklemtoon en het bygedra tot die uiteenlopende uitsprake ten opsigte van die moontlike *invloed* van die Zoroastrisme op die Judaïsme.

Die moontlike *invloed* van Zoroastrisme op Judaïsme word veral gesien in die "ooglopende" ooreenkomste soos byvoorbeeld die dualisme, aspekte van die eskatologie, engele- en demone-, sowel as die reinheids-, skeppings- en opstandingsleer. Volgens Barr (1985:206) moet die veralgemening dat Iraanse invloed *moes* plaasgevind het met meer inligting gestaaf word:

> "At least some sort of hypothesis about mechanism and motivation is required if the bare bones of the argument for Iranian influence are to be filled out with flesh".

Die uitgangspunt in hierdie proefskrif sal dus vanaf spesifieke tekste wees en nie vanaf die "ooglopende" aspekte op 'n verskeidenheid tekste nie om in die ommeswaai van die perspektief moontlik ander hoeke en lyne bloot te lê.

As 'n mens die struikelblokke verbonde aan so 'n vergelykende studie in ag neem, is dit problematies om 'n aanvaarbare definitiewe uitspraak van *invloed* na die een of ander kant te gee. Soos Hultgård (1999:79) dit stel (my kursivering):

> "The issue of religious influence with respect to ideas and doctrines is *delicate* to handle since the evidence is seldom clear-cut and also open to different interpretations."

Die aanhaling wys duidelik op die belangrikste probleme: (1) die karige bronne van die Zoroastrisme wat moet steun op ander hulpmiddels en aangevul moet word met byvoorbeeld die inskripsies van die Achaemeniede konings, opgrawings en verslae van buitestaanders soos Herodotus, Strabo en Plutarchus asook Armeense geskiedskrywers en (2) persoonlike en ideologiese oortuiginge van die navorsers. Wat die Qumrangeskrifte aanbetref, kan verder bygevoeg word: die verskillende hipoteses wat daar nog om die moontlikheid van 'n Qumran-"sekte" en hul dokumente bestaan en deurgaans herformuleer word.

Tog wys Hinnells (2000:36-37) daarop dat die woord '*invloed*' as 'n veelsinnige of sambreel-term beskou moet word, aangesien dit 'n verskeidenheid prosesse kan inhou: dit kan 'n bewuste nabootsing van 'n ander se idees of 'n onbewuste wysiging van oortuigings bevat wat nie impliseer dat gevestigde idees heeltemaal verwerp word nie - dit is moontlik dat die een nie noodwendig die ander uitsluit nie en dat kontak met 'n ander religie nuwe insigte in jou eie religie kan bring:

"Old Testament ideas provided, as it were, the 'peg' on which were hung the modified or developed concepts." Dit is onwaarskynlik dat 'n religie soos die Judaïsme, die Christelike godsdiens of die Hinduïsme, idees of gelowe wat fundamenteel van die basiese leerstellings van hul geloof afwyk,

sou aanvaar: dit sou eerder lei tot ’n nuwe beweging (Hinnells 2000:37). Dit sluit aan by Barr (1985:229-230) se slotsom:

> “This second way is not necessarily one of acceptance of another religion or of submission to its ideas; but it is a recognition that there are certain comparable elements. … it may suggest how another religion can influence one’s own without one’s making any actual surrender to the other’s claims. … comparison of this kind may help to explain how one religion can influence another even if the inner connections and causations of the source religion are neglected or unknown.”

García Martínez (2003:38) hou soos Hultgård (1999:79) twee kardinale voorvereistes vir die vasstelling van *invloed* van die een religie op ’n ander voor: 1) ’n vroeëre bevestiging van die idees in een van die twee religieë - “the temporal priority”- en 2) die moontlikheid van kulturele kontak waardeur die idees kon kanaliseer –“the channels of transmission”. Hierdie vereistes is vir García Martínez (2003:39) slegs voldoende om ’n moontlikheid van *invloed* aan te dui. Om te vorder op sy (García Martínez 2003:39-41) skaal van moontlikheid na waarskynlikheid na sekerheid, sal ’n konkrete spesifieke detail in die algemene idee verg: “the linguistic link” – ’n leksikale skakel soos ’n leenwoord of ’n vertaling.

Hinnells (2000:30-32) is van mening dat navorsers reeds daarin geslaag het om bo twyfel vas te stel dat die sleutel-Zoroastristiese leerstellings heelwat terug uit die voor-Christelike periode dateer. Hultgård (1983:387-411) het beklemtoon dat die relevante apokaliptiese en eskatologiese idees in meer werke as die meer bekende *Zand-i Vohūman Yasn (Bahman Yasht)*[2] en die *Bundahišn* gestaaf word en dat die verskillende boeke kenmerkend van hersamestellings van antieke tekste vir opvoedkundige doeleindes ten tye van die vervolging deur Islam was. Die grammatika van die Pahlavi-tekste dui duidelik aan dat die vertaling vanaf Avesta-materiaal gedoen is. Baie van die grondbegrippe van die sentrale eskatologiese idees word aan die visioene van die profeet Zarathushtra toegedig – veral die oorlog tussen die goeie en bose geeste. Dit word nou algemeen aanvaar dat hy in die 15de -12de eeu v.C. geleef het (Hinnells 2000:32; Boyce 1992:45); hoewel sommiges hom meer konserwatief in die 6de eeu v.C. plaas (García Martínez 2003:39).

De Jong (1997:39) handhaaf ’n meer pessimistiese siening oor die taksering van die Zoroastrisme en beskryf dit as ’n “akademiese slagveld” tussen perspektiewe wat radikaal verskil, maar gee toe

---

[2] Deurgaans sal die benaming *Bahman Yasht* gebruik word, aangesien *Zand-i Vohuman Yasn* op verskillende maniere deur die navorsers getranskribeer word.

dat daar al oor sommige uitsprake tot ’n vergelyk gekom is. Dit illustreer egter die kompleksiteit van die onderwerp.

Die Jode was 200 jaar lank – vanaf 538 v.C. tot die Masedoniese verowering - onder Persiese heerskappy en daar was, vanweë die Perse se akkommoderende beleid, noue kontak tussen van die Persiese leiers met sommige latere Joodse leiers soos Esra en Nehemia. Dis bekend dat Kores, wat die verbanne Jode weer toegelaat het om terug na Palestina te gaan as ’n Messias in Deutero-Jesaja beskryf word. Die groot hoeveelheid Jode wat in Mesopotamië agtergebly het, het nog langer onder Iraanse heerskappy in die Partiese en Sassaniede tydperke gebly. Die feit dat die Jode en die Parte later bondgenote teen die Seleukiede en die Romeine was, kon verdere kontak en uitruil van idees in die hand gewerk het (Hinnells 2000:33). Smith-Christopher (2001:277-279) maan dat die beleid van toleransie deur die Perse nie oorskat moet word nie en dat die omstandighede van die Jode nie so rooskleurig was as wat dit soms geteken word nie.

Volgens Hultgård (1999:79) het die ontdekking van die Qumran-tekste ’n verdere hupstoot aan die bespreking oor die Iraanse impak op vroeë Joodse religie gegee veral deur die dualistiese gedagtes wat deur die Qumrangemeenskap uitgespreek is (Sien ook García Martínez 2003:1).

Dit blyk duidelik dat daar parallelle was, veral wat die *dualisme* aanbetref. In my vorige navorsing (Louw 1997) is gefokus op die dualisme in die *Gemeenskapsrol* (Qumran) en die *Gathas* (*Avesta*). Reeds in die dualistiese opbou van die twee geskrifte is ’n duidelike ooreenkoms gelê. Telkens word die teenpole van die twee geeste, die weë, keuses en uiteindelike bestemmings in parallelle lyste teenoor mekaar gestel. Dit word by albei uitgelig dat die mens voor ’n keuse voor die twee geeste – die van goed en kwaad - te staan kom en dat die keuse vrywillig uitgevoer word. Deur die stryd binne die mens word dus ’n moreel-etiese dualisme by albei aangetref. Dit is veral hierdie etiese aspek wat die dualisme van die Zoroastrisme en die QL van die liggaam-siel-, materie-gees-dualisme van die Griekse denke en die Gnostisime onderskei (Kobelski 1981:96). Die stryd word egter ook op ’n kosmiese vlak tussen die Skeppergod en *Belial*, in die Dooie Seerolle en *Ahura Mazda* en *Angra Mainyu*, in die Parsisme gevoer deur die vorming van twee partye nl. die “Seuns van die Lig” en die “Seuns van die Duister”. Kosmiese dualisme is dus ook by albei teenwoordig. Die oordeel in die eskatologiese dualisme word in albei geskrifte deur vuur voltrek. Die slotsom was een van merkwaardige ooreenkoms binne twee afsonderlike religieuse raamwerke. Die vraag is nou of verdere navorsing van bykomende geskrifte meer geloofwaardigheid aan hierdie gevolgtrekking kan gee al dan nie.

Ander navorsing trek ’n lyn vanaf Qumran (*1QS*) na die Nuwe Testament en wel na die *Evangelie van Johannes* (Charlesworth 1972:107-136). Hy (Charlesworth 1972:100-103) kom tot die slotsom dat die verskille in die dualistiese sienings die ooreenkomste oortref. Tog kan die verband tussen

1QS en *Johannes* nie uitgeskakel word nie. Die ooreenkomste is duidelik genoeg om *invloed* deur die dualistiese terminologie en mitologie in die twee geskrifte te bespeur (Charlesworth: 1972:104).

Duhaime (1995:90) sien die verhouding tussen die *Oorlogsrol* van Qumran en die boek van *Openbaring* in die Nuwe Testament as van groter belang as die *Evangelie van Johannes*. Volgens hom (1995:90) ontleen *Openbaring* net soos die *Oorlogsrol* baie patrone en motiewe van die heilige oorlogstradisies en rangskik hulle op ’n eie manier. *Openbaring* word opgebou rondom ’n tema van ’n eskatologiese oorlog tussen goed en kwaad, waaraan menslike en bomenslike wesens saam deelneem. Militêre beelde word dus dikwels in die siklus van visioene gebruik. So vergelyk hy byvoorbeeld *Openbaring* 6:2,4 met *1QM* 6.8-17 waar daar van perderuiters met ’n boog of ’n swaard geskryf word. Hy (Duhaime 1995:90) onderskryf die siening van Bauckham dat die boek *Openbaring* as die “Christelike Oorlogsrol” beskryf kan word. Ook Hanekom (1993:285) is van mening dat Bauckham (1988:32) “‘n sterk saak” daarvoor uitgemaak het en dat die oorlog wat gevoer word “te verstaan is as die Heilige Stryd van Jahwe” en dat die teks van *Openbaring* “kwistig” gebruik maak van oorlogsterme uit verskillende tradisies – ook die van die Ou Testament. Yarbro Collins (1976) ondersoek dieselfde tema in *Openbaring* en gebruik die term "combat myth" in hierdie verband. Sy neem buite-Bybelse, Ou Nabye Oosterse tradisies, soos die Baal-epos in ag in haar analise. Flint (VanderKam & Flint 2002:362) is van mening dat die meeste navorsing en kommentare oor die boek *Openbaring* nie die impak van die Qumranrolle hanteer nie.

Die vraag ontstaan nou of die Zoroastrisme hier bygebring kan word - gesien in die lig van Mary Boyce se stelling. In hierdie proefskrif wil daar dus lig gewerp word op die verband, indien enige, of die sterkte daarvan, wat daar tussen die DRIE religieë bestaan deur die fenomeen *dualisme* verder te verfyn na die eskatologiese/apokaliptiese oorlog tussen goed en kwaad deur uit elke religie ’n toepaslike teks teenoormekaar te stel en te ontleed en ’n bydrae te lewer tot die voortgaande debat; hoofsaaklik vanuit ’n holistiese perspektief met die fokus op die inhoud van die teks self en die konteks waarin dit geskryf is. Daar sal noodwendig van die “diepte”-ondersoek vanweë die breedvoerigheid van die studie ingeboet moet word, maar dit word m.i. deur die omvangrykheid van die geheelbeeld genoodsaak en geregverdig.

Onderliggend aan die tema lê die steeds aktuele teologiese dilemma van ’n alwyse God se goedheid en almag teenoor die teenwoordigheid van die bose en lyding in sy Skepping. Die ontleding van die tekste sal blootlê in watter mate die bewustheid en formulering van die oer-kwelvraag by elkeen teenwoordig was.

1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hoe meer navorsing gedoen word, hoe duideliker raak die vereiste om noukeurig die modus operandi te definieer om te probeer verhoed om in ’n doolhof van teenstrydige begrippe vir dieselfde terme verdwaal te raak. Metodologie het deur al die eeue heen in ’n eie navorsingsveld met baie strome en onderstrome ontwikkel. Volgens Du Plessis (1975:14) is die basiese uitgangspunt van die teoloog wat navorsing doen, asook die beginsel van interpretasie wat hy gebruik van uiterste belang, aangesien dit sy resultate beïnvloed – daarom word die grootste moontlike objektiwiteit vereis. Du Plessis (1975:16) voeg daarby integriteit en wetenskaplike openheid. Tog is Pettersson (Petterson&Åkerberg 1981:26,65) van mening dat geen suiwer “objektiwiteit” in die studie van religie moontlik is nie en dat dit ook nie reg laat geskied aan religie nie –“ A clean-slate approach must of necessity lack in true understanding.”

Hierdie beginsel van interpretasie kring uit na die ideologieë wat elke navorser aanhang en vorm. “…the lenses through which we see reality and the communities of conversation in which we participate circumscribe our research questions, methods and results.” – aldus Stratton (2000:120). Ideologieë word ongelukkig dikwels aan politiese oogmerke gekoppel en dus met wantroue bejeën. Erkenning daarvan en verantwoordelike hantering moet prioriteit geniet.

Hinnells (2000:23) som dit op as volg:

> “Just as no religion exists in a vacuum, so no scholar exists in a totally secluded ‘ivory tower’. We are influenced to a greater or lesser degree by the ‘spirit’ (should a postmodernist say ‘spirits’?) of our age.”

Vir die dekonstruksiekritici bestaan die teks nie as ’n objektiewe gegewe nie. Reeds wanneer die leser begin dekonstrueer ‘breek’ hy die bestaan van die objektiewe teks – daarom is dit meer gepas om te praat van tekstualiteit, d.w.s. die leesproses.

Dit lê voor die hand dat indien die leser sy metode sou bevraagteken, ’n finale, afgehandelde analise van die teks níe moontlik is nie. Ook verdwyn die afstand tussen teks en leser: hulle word as’ t ware één in ’n ‘against method’-benadering (Hambidge 1992:401).

Hoewel hierdie radikale nuwe benadering van die post-strukturalisme opwindende nuwe gesigspunte soos *aporia*; *differance* en *deferring*[3] inhou; asook vermaning teen rigide analise, skep

---

[3] Met *aporia* word verwys na die “onduidelikhede” van ’n teks wat saamhang met die leser se beperkinge van begrip van die teks (Hambidge 1992:68). Odell-Scott (2000:56) omskryf *aporia* as die onopgeloste spanninge, konflikte en teenstrydighede. *Differ* gebruik Derrida in die konvensionele betekenis van *verskil*, maar hy gaan verder en gebruik die

dit probleme vir die navorser in sy formulering, aangesien dit ’n legio van moontlike interpretasies inhou. Court (1994:19) verwys na die “ideologiese pluralisme” wat ’n “lighoofdige gevoel van vryheid” aan die interpretasie kan gee, maar is oortuig dat die bydraes van die skrywer in sy situasie nog betekenis moet behou, “if not decisive control in questions of meaning.” Hambidge (1992:401) herinner dat geen post-strukturalistiese opmerkings kan gemaak word sonder die bestaan van die Strukturalisme. (Sien ook verderaan: Apokaliptiek – definisie genre.). Baie stof wat as postmoderne kultuur en denke deurgaan, word selfs as “parasities” deur Harvey (2000:5) beskou en benodig die “patologie” van dit wat verwerp word vir sy eie samehang en bevatlikheid.

Tog het Seeley (1994:1) in sy toepassing van die gedagtes van Derrida (die “vader” en naamgewer van die dekonstruksie) op die Nuwe Testament, gevind dat daar ’n verbasende affiniteit tussen Derrida se werk en die van die histories-kritiese benadering is. Hy het ervaar dat ’n mens meer gemaklik met spanninge in die teks kan raak, selfs as dit die eenheid of samehang van die teks bedreig en dat jy kan ontspan en geniet om na te speur hoe die verskillende gesigspunte in ’n teks vermeng raak, wedywer, beveg of hoe daar wisselwerking plaasvind (Seeley 1994:19). Hy (1994:19) waarsku egter ook dat “this multiplicity does not justify unfettered interpretive license.”

Adam (1995:73-75) gebruik woordspeling om die werk van ’n postmoderne bybelse kritikus te illustreer: soos ’n wamaker ’n wa maak of ’n wielmaker ’n wiel so is die postmoderne kritikus besig met “wri(gh)ting”; veral deur ‘anders te dink’ as die vaste riglyne wat deur instellings neergelê is. “Deconstruction decenters that which has been constructed to be central” (Adam 1995:28). Maar indien ’n mens nie oor die kennis van vorige navorsing beskik nie, kan jy die gevaar loop om te dink jy is besig om ’n wiel te ontwerp wat lankal in gebruik is.

Vir Deist (1995:66) hou die toepassing van die idees van post-strukturalisme en dekonstruksie op bybelse tekste ’n herlewing van die idee van die “bybelse teks” as ’n polyglot in en hy is verder van mening dat dit baie in gemeen het met die rabbynse interpretasie-strategieë.

’n Belangrike element wat Åkerberg (Petterson&Åkerberg 1981:81-83) beklemtoon, is dat ’n navorser van religie hom moet weerhou van normatiewe uitsprake, asook evaluatiewe terme in vergelykende studie.

Verskeie navorsers (Deist & Burden 1980:116,119; Du Plessis 1975:15; Krentz 1975:71) wys verder op die voordele om twee of meer metodes te kombineer om tot meer omvattende gevolgtrekkings te kom. Court (1994:8) meen dat die verskeie metodes van interpretasie eksklusief

---

betekenis van *defer*: om uit te stel…die teken stel ook sy betekenis uit en sodoende kan “die betekenis nie vasgepen word nie en kan die teks ook nie geïsoleer word tot ’n outonome eenheid nie” (Hambidge 1992:68).

soos verandering in modes voorkom en dat dit gelyk het asof hul onversoenbaar met mekaar is. Hy (Court 1994:9) lig 7 areas uit waar hy verandering in die studie van die NT oor die vorige 25 jaar waargeneem het en wat ook sy perspektief verander het, onder andere die breër aanvaarding van pluralisme in metodologie.

Die waarde van moderne navorsing lê m.i. daarin dat dit al hoe meer waak teen die rigiede inpak van gegewens en gevolgtrekkings in afsonderlike kompartemente en dat dit al hoe meer begrip toon vir die verweefdheid van al die verskillende dimensies – sosiale, politiese, religieuse, teologiese en psigologiese – in ’n mens se lewe en die verskillende vlakke waarop dit hier beweeg: die skrywer, sy gehoor en die lesers (deur al die eeue). Dit word illustreer deur Thompson (1990:186-188) se taksering van grense in die sosiale ligging van die Boek Openbaring:

> “These different dimensions are not like provinces on a map, each separated from the other. Rather they are laminated in overlays so as to coincide with one another. They have neither centre nor peripheral edges. No one province can thus claim to be prior to and determinative of other domains. This is a crucial point in understanding social boundaries. There is no social-historical context, psychological context, or any other context prior to and occasion for other elements in the vision. All “contexts” are transformed as they flow into the seer’s multidimensional world. And all unfold the essential structures of that world: temporally in eschatological expectations, spatially in heaven-earth connections, liturgically in sacral action and sacred speech, and behaviorally in social practises and social relations.”

Formulering raak egter al hoe meer ingewikkeld en Thompson (1990:188) moet toegee: “Complexity leads to not-very-tidy discussions”. Wedersydse begrip en ruimte tussen navorsers en lesers/hoorders plaas noodwendig beperkings op die multi-moontlike interpretasies en besprekings.

1.3.1 ’N VERGELYKEND-FENOMENOLOGIESE BENADERING

Die brandpunt van hierdie proefskrif sal saamtrek op die fenomeen, die stryd tussen goed en kwaad, wat in spesifieke tekste van die drie religieë voorkom, maar die breër spektrum sal sover moontlik ook in ag geneem word. Die studie sal uiteraard vergelykend wees. Bepaalde probleme moet in hierdie verband aangespreek word. Barr (1985:201-235) het tereg gewaarsku dat afleidings oor invloede tussen verskillende kulturele sisteme nie te geredelik gemaak moet word nie. Die navorser moet daarom nie uitsluitlik op bepaalde ooreenkomste fokus nie, maar moet eerder sisteme as geheel ondersoek. Verskille sowel as ooreenkomste moet verreken word. Ook Yabro Collins (1976:207) wys op die kwesbaarheid in die soeke na ooreenkomste in religieuse fenomene om individuele tekste en hul verband met ander tekste beter te verstaan: die geneigdheid tot oorvereenvoudiging; oorbeklemtoning van die ooreenkomste ten koste van beduidende verskille en

die wanbegrip dat ooreenkomste noodwendig afhanklikheid of invloed veronderstel. Volgens Court (1994:8) is ’n navorser met spesifieke belange geneig om te vind wat hy/sy wens om te sien ... “historical parallels or coincidences may be identified too easily.”

Die groot gevaar van so ’n onderneming lê daarin dat die navorser ’n noodsaaklike perspektief kan verloor. Die “fenomeen” is deel van ’n groter geheel – die volledige teks – en die neem sy plek in in die religie – en dit maak weer op sy beurt deel van ’n nog groter geheel – die kultuur – uit. Dit is ook die mening van Krenz (1975:53) en hy voeg daarby dat die vertolker moet waak teen die verval in algemeenhede of die verheffing tot unieke, weergalose feite. Die navorsing sal dus oorkoepelend van die sisteem-teoretiese benadering gebruik maak met die insig dat indien daar ’n beroering in enige drade van die kultuur-“web” sou plaasvind, die trilling deur al die fyngeweefde vakkies (dimensies) van die web gevoel sal word.

Die kenmerke van die fenomenologiese benadering wat voor oë in die studie gehou sal word, kan kortliks omskryf word:

1) Beskrywende aard

Die voorneme van fenomenologie om nougeset beskrywend (nie normatief) van aard te wees, word deur die leuse: “Zu den Sachen!” (Allen 1987:274) saamgevat – direkte beskrywing van fenomene soos dit in die onmiddellike ervaring voorkom.

2) Anti-reduksionisme

Die fenomenologie het in opstand teen reduksionisme (inkorting) gekom, m.a.w. dit wil die mens losmaak van onkritiese vooroordele wat jou verhinder om bewus te raak van die besonderheid EN verskeidenheid van fenomene.

3) Intensionaliteit

Vir die fenomenoloë is dit belangrik om ondersoek in te stel na die *intensie* van ’n religie – die rede dat ’n religie voorkom soos dit is.

4) “Bracketing” – tussen hakies stel

Die anti-reduksionisme behels die aanname van ’n fenomenologiese epog. Dit beteken ’n *opskorting* van ’n waarde-oordeel. Die meeste fenomenoloë vertolk dit as die doel om hulle los te maak van onondersoekte vooronderstellings en sluit ’n metode van selfkritiek en intersubjektiewe toetsing in om insig in struktuur en betekenis te verkry.

5) Eidetiese soeke

Die Griekse term *eidos* dui universele essensies aan – die "whatness" van dinge – die nodige en onveranderlike kenmerke van fenomene om fenomene as ’n sekere soort te identifiseer. Essensie verwys na die diep versteekte strukture wat nie opmerklik op die vlak van onmiddellike ervaring lê nie, maar onthul en interpreteer moet word.

By bogenoemde kenmerke van die filosofiese fenomenologie word nog die volgendes van die algemene fenomenologie gevoeg:

6) Vergelykende en sistematiserende benadering

Die fenomenologie van religie is ’n benadering wat klassifisering en sistematisering van religieuse fenomene behels. In die proses maak dit van vergelyking gebruik. Insig in essensiële strukture en betekenis kan slegs verkry word na vergelyking van ’n groot hoeveelheid dokumente wat ’n groot verskeidenheid van religieuse fenomene bevat. Die omvang van ’n projek is egter ook bepalend en in hierdie tesis is ’n holistiese perspektief van elke geskrif ’n oogmerk, wat inperking impliseer.

7) Empiriese benadering

Hierdie vereiste veronderstel die keuse van religieuse dokumente en die ontsyfering van die religieuse fenomene deur beskrywing van net dit wat die *empiriese* data onthul en wat vry is van *a priori* aannames en oordele.

8) Historiese benadering

Volgens Allen (1987:280) word kritiek uitgespreek teenoor die fenomenoloë dat hulle die spesifieke historiese en kulturele konteks verwaardeloos en selfs soms anti-histories in hul benadering is, terwyl hulle eintlik volhou dat geen fenomeen buite sy historiese, kulturele en sosio-ekonomiese konteks verstaan moet word nie. Dit sal dus gewens wees om die navorsing met die histories-kritiese metodologie aan te vul.

1.3.2 HISTORIES-KRITIESE BENADERING

Hierdie metodologie het al onder fel kritiek deurgeloop (Maier 1977:1-92; Smith 1994:201-220; Vogel 1974:1-8). Besware wat geopper was, is dat die metodes wat deur die historici gebruik word sekulêr en profaan is en dat dit geloof sal vernietig (Krenz 1975:67; Smith 1994:2). Tog was Du Plessis al in (1975:12) van mening dat daar redelike konsensus bereik is oor die noodsaaklikheid van histories-kritiese prosedure in die wetenskaplike navorsing van die Bybel. Die waarde van die

navorsing van die teks in konteks is algaande verstaan en bevestig.[4] Volgens Krenz (1975:53-54) moet die vertolker hom deur die teks laat lei en so nie slegs die teks bevraagteken nie, maar ook sy eie metodes en gevolgtrekkings, asook sy voorveronderstellings Deist (1980:120) bevestig dit deur sy mening dat die eksegeet "respek" moet hê vir die teks en nie die teks laat "buikspreek" nie. Dit sal bydra om die risiko dat sy bepaalde voorveronderstellings oorneem te verminder.

Die konteks is dikwels noodsaaklik om die betekenislae van die teks te verstaan. Die "lou werke" in die brief aan Laodisea (*Op*. 3:15-16) sluit aan by die warmwaterbron se water wat reeds lou was teen die tyd dat dit daar in die akwaduk verbygevloei het. ’n Agtergrond wat vir die meeste lesers onbekend is. Baie insiggewende aspekte van betekenisse kan afgeskeep word as die geskiedenis van ’n geloof se leerstellings en rituele nie vasgestel word nie (Choksy 1989:xxvii).

Krenz (1975:42-43) gebruik die beeld van ’n hofsaak om die bronne/dokumente in die histories-krities benadering te beskryf. Dit is soos die getuies – hulle moet ondervra word en die antwoorde moet geëvalueer word.

1.3.3 LITERÊR-SENSITIEWE BENADERING

Deur ’n teks nie as ’n literêre skepping van die skrywer/samesteller te ervaar nie, word die werk nie met die nodige waardering benader nie. Uit die navorsing blyk dit ook dat die samesteller soms sy skryfstyl ’n rol laat speel in die manier waarop die geskrif vertolk moet word.

1.4 KEUSE VAN GESKRIFTE

Die feit dat ’n geskrif soos die *Orakel van Hystaspes* algemeen deur navorsers as ’n Zoroastriese apokalips wat in Grieks geskryf is, aanvaar is en later deur Flusser (1982:15) as ’n Joodse boek in Grieks gebaseer op Zoroastriese materiaal of boek bespreek word, moet uiteraard die verweefdheid van hierdie twee religieë sterk beklemtoon. So het Hinnells (2000:32) sy eie vroeëre argument ten gunste van dié van Flusser (bogenoemde) prysgegee, met die beklemtoning van die "kragtige impak wat Zoroastrisme op Joodse (en Christelike) eskatologie" gehad het. Sy tesis (Hinnells 2000:32-33) is veral gemik op die aanmerklike verandering wat in die oorkoepelende metafisiese dualisme plaasgevind het: ’n ontwikkeling in die kosmologiese perspektief tussen die literatuur van die HB

---

[4] Yarbro Collins (1996a:2-3) gebruik ’n eenvoudige amusante, maar veelseggende staaltjie uit die Art Linkletter-boeke om die belangrikheid van betekenis van ’n teks in sy bepaalde oorspronklike konteks te illustreer. ’n Kind het ’n lang sportmotor met drie figure daarin geteken om sy geliefkoosde Bybelverhaal uit te beeld. Die verduideliking was dat dit God is wat besig is om Adam en Eva uit die paradys uit te ‘dryf’(bestuur/"driving"). Sy (1996a:3) beklemtoon verder die belangrikheid dat die vertolker nie die teks vir onreg of geweld moet gebruik (misbruik) nie.

(uitsluitend die boek Daniël) en baie van die literatuur van die Intertestamentêre tydperk en die van die NT. Hy (Hinnells 2000:33,42) lig veral die twee eeue v.C. en die eerste eeu n.C. - m.a.w. die draai van die millennium – uit as ’n tydperk wat Zoroastrisme as die religie van ’n groot mag ’n beduidende rol moes gespeel het; gesien in die lig van die diversiteit van die Judaïsmes van die tydperk. Volgens Mary Boyce (1987:17) is die *Orakel van Hystaspes* ’n duidelike bewys dat die Jode van die Persiese Sibillynse geskrifte gebruik gemaak het, want hul het nie slegs die titel van ’n verlore Persiese werk behou nie, maar ook die storieraamwerk van ’n droom van ’n Iraanse koning wat vir hom deur ’n jong seun – waarskynlik Zoroaster self - uitgelê word. Daar word in ’n groot mate aanvaar dat die ouer Persiese werk onderliggend aan die *Bahman Yasht* is (Collins 1984:360).

Die *Bahman Yasht* (*Zand i Vahuman Yasn*) is ’n Zoroastriese geskrif wat vanweë die apokaliptiese en eskatologiese temas wat daarin voorkom, al baie belangstelling by navorsers ontlok het. Die groot vraagstuk in die debat was of die geskrif, wat eers in die 9de of 10de eeu n.C. deur die Zoroastriste in Iran saamgestel en neergeskryf is, wel as ’n bron vir die Iraanse geloof van ’n duisend jaar gelede beskou kan word.

Hultgård (1991:115-118) gee ’n oorsig van die impak – vanuit vier gesigspunte – wat die studie van die *Bahman Yasht* op Westerse vakkundigheid gehad het: 1) Klassieke studie en die geskiedenis van religieë in die Grieks-Romeinse wêreld; 2) Bybelse studie en Joods-Christelike apokaliptisisme; 3) Vergelykende religieuse studie; en 4) Studie van antieke Iraanse religie. Volgens hom (Hultgård 1991:118-119) is die algemene konsensus in die Iraanse studie oor die *Bahman Yasht* – veral na die studie van E W West in die 1870tigs - dat dit basies ’n verwerking in Pahlavi van material uit die Avesta is en selfs hoofsaaklik ’n *Avesta-yasht*, wat aan *Vohu Manah*, een van die *Amesha Spentas* (Heilige Onsterflikes) opgedra is, weergee. Die voorveronderstelling dat ware religieuse tradisie in die antieke *Avesta*-taal opgestel is, dui daarop dat dit lank voor die opkoms van die Sassaniede Ryk in die 3de eeu n.C. plaasgevind het en kan die *Bahman Yasht* in ’n tydgleuf baie vroeër as die werklike samestelling van die werk geplaas word: die onderliggende Avesta-teks word gewoonlik in die krisisperiode na die val van die Achaemeniede ryk in die laat 4de eeu v.C. geplaas.

Daar is navorsers wat hierdie algemene aanvaarding van ’n antieke era-laag in die *Bahman Yasht* fel gekritiseer het. Hultgård (1991:119; 1992:16) verwys na die Franse navorser, Philippe Gignoux wat in vyf artikels (1986-1988)[5] probeer bewys het dat daar nie so ’n *Avesta-yasht*, wat aan *Vohu Manah* opgedra was, bestaan het nie en dat die *Bahman Yasht* uit die na-Sassaniede tydperk dateer.

---

[5] 1986 Nouveaux regards sur l’apocalyptique iranienne, *CRAIBL*, 334-336; 1986 Sur l’inexistence d’un Bahman Yasht avestique, *Journal of Asian and African Studies* 32, 53-64; 1987 Apocalypses et voyages extra-terrestres dans l’Iran mazdeen, in Kappler,C (red.) *Apocalypses et voyages dans l’au-delà*. Parys, 351-374; 1988 L’apocalyptique iranienne

Die opsteller van die *Bahman Yasht* verwys self na twee bronne nl. 'die za*nd van die Vahuman yasn'*, '*Hordāt yasn*' en die '*Aštāt yasn*' (BYt 1, 6-8). Daar is ongelukkig geen bewyse dat die geskrifte bestaan het nie, maar nuwe lig is op die saak gewerp: in 'n vergelyking met die *pesher*-tekste van die Qumran-geskrifte is dit duidelik dat die Zoroastriese wysgere van die Sassaniede tydperk die antieke heilige tradisies van die *Avesta* ook op hul eietydse gebeure toegepas en herinterpreteer het en in die *zand*-tekste vasgelê het (Hultgård 1991:125). Hy (Hultgård 1991:133-134) is oortuig dat daar 'n antieke mitiese en apokaliptiese kern in die *Bahman Yasht* bestaan, maar dat navorsers bedag moet wees op die verskillende tradisie-lae[6] en hul spesifieke agtergrond, veral die belangrikste twee: 1) die antieke Iraanse mitologie en die Hellenisties-Partiese apokaliptiek; 2) die laat Sassaniede en vroeë Islaamse tydperk. Om hierdie probleem te oorbrug sal dus eerstens op die 5 *Gathas* – die 17 gesange van die profeet Zarathushtra – wat die kern van die *Avesta* vorm, asook vroeë leerstellings in die *Yashts* gefokus word om verdere argumente deeglik te begrond.

In die *Oorlogsrol* word 'n eskatologiese oorlog tussen die "Seuns van die Lig", wat aan God behoort en die "Seuns van die Duisternis", wat deur Belial aangevoer word, beskryf. Alhoewel die *Oorlogsrol* verteenwoordigend van die apokaliptiek in die korpus van die Qumran-literatuur (afkorting verderaan as QL) beskou word, moet die aspek nie oorbeklemtoon word nie, aangesien dit nie die primêre doelstelling van die Rol uitmaak nie. Die samesteller fokus meer op die strategie vir die oorlog as op openbaringe (Bauckham 1993:212). Bevindinge rondom een rol van die QL kan ook nie gebruik word om die hele korpus saam te vat nie (Davies 2000a:190).

Soos reeds gemeld het navorsers soos Bauckham en Duhaime die *Oorlogsrol* en die laaste Boek van die NT met mekaar in verband gebring. In die *Openbaring* aan Johannes verslaan God deur Christus uiteindelik al sy vyande, insluitende Satan. Volgens Achtemeier (2001:555) is geen boek in die NT "so intense, vivid, full of material to engage the senses – and enigmatic to its readers". Dit het tot

---

est-elle vraiment la source d'autres apocalypses? in, *Acta Antiqua Academiae Scientiarum Hungaricae* 31, 67-78; 1988 Bahman, ii. In the Pahlavi Texts, in Yarshater, E (red.) *Encyclopaedia Iranica* III, 488.

[6] In resente navorsing raak navorsers al hoe meer bedag op die multipleks-karakter (in die sin van verskillende lae) van die ou tekste – ook van die HB-sien bv. Hoffman (2004:15) en sy ontleding van Jeremia 50-51. Soos *logos*-geoloë moet hul die era-lae van die teks probeer bepaal en daarvolgens ontleed. Soms word 'n uitbarsting van die dieperliggende "lawa" op die oppervlak gekry - soos met die ontdekking van die Qumranrolle – wat daartoe bydra om vorige resultate te bevestig. Moontlik wag 'n 'Zoroastergrot' iewers om ontdek te word?

gevolg gehad dat *Openbaring* al uit verskeie invalshoeke bespreek en ontleed is, maar ten spyte daarvan bly die teks ’n onuitputlike bron – ’n “weduwee se kruik” - van inspirasie en interpretasie.[7]

1.5 PRAKTIESE IMPLEMENTERING

In die vorige navorsing (Louw 1997) is probleme ervaar deurdat die bespreking van die volledige tekste opeenvolgend gedoen is en dat dit omslagtige naslaan behels het. Met hierdie proefskrif sal gepoog word om die tekste na elke komponent met sleutelwoorde teenoormekaar te stel om die vergelykende opsomming in die omvangryke studieveld meer kompak voor te stel. Dit sal noodwendig veroorsaak dat meer uitvoerige uitklaring van die sleutelbegrippe vooraf gedoen sal word.

Om perspektief te kan behou, sal dit ook nodig wees om die historiese agtergrond en letterkundige konteks van die ‘apokaliptiese’ geskrifte met kragtige hale te skets. Die brandpunt is die tekste self. Temas uit die tekste wat die ‘eskatologiese oorlog tussen goed en kwaad’ belig, sal onder die loep geneem word in ’n poging om “die kloutjie by die oor” te bring; m.a.w. of enige verbande tussen hierdie tekste gelê kan word en meer of minder geloofwaardigheid aan die stelling van Mary Boyce gegee kan word.

> *Let these ancient texts speak for themselves and each document be understood on its own terms* (Boccaccini 1998:58).

---

[7] ’n Goeie voorbeeld is die boek van Frilingos (2004: 2) *Spectacles of Empire*: “… for Revelation…calls attention to both the allure *and* the risk of “taking in” a show in a society that emphasized the careful scrutiny of one’s friends, one’s enemies, and oneself. Ancient spectators, seated in an arena or “standing far off” as “Babylon” burns (Rev 18:9), frequently discovered thet they had themselves become part of the performance.”

HOOFSTUK 2: OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPPE IN TEMA

2.1 DIE APOKALIPTIEK

Die antieke apokaliptiese genre was nie beperk tot ’n enkele kultuur of religieuse tradisie nie (Yarbro Collins 1996a:6). Alhoewel die grootste aantal apokalipse uit die Judees-Christelike tradisie spruit, kom dit ook voor in Gnostiese, Grieks-Romeinse en Persiese literatuur (Collins 1979a:18-19; 1991:20). De Villiers (1987:28) haal aan uit ’n brief van Sunesius aan die einde van die vierde eeu uit Alexandrië om aan te dui dat die apokalipse wydverspreid en selfs buite die Jode- en Christendom voorgekom het. Volgens Grabbe (1992:218) kan daar reeds in die Persiese tydperk van volwaardige apokaliptiese literatuur gepraat word, maar dit is veral in die Griekse tydperk dat dit in die Judaïsme tot ’n hoof-tradisie gebloei het. Collins (1997a:74) voeg ook die Romeinse tydperk by. Grabbe (1992:219) is verder van mening dat dit nie noodwendig slegs deur marginale of rewolusionêre groepe geskep is nie.

De Villiers (1987:26-27) haal verskillende voorbeelde aan van vooroordele in die navorsing wat eeue lank ’n negatiewe uitwerking op ’n “billike uitleg” van die apokalipse verhinder het.

Collins (1998a:1) gebruik twee baie bekende uitsprake deur Duitse geleerdes om die teenstrydige standpunte deur moderne vakkundigheid oor apokaliptiese literatuur te illustreer: “apocalyptic was the mother of all Christian theology” - Ernst Käsemann en “*Ratlos vor der Apokalyptik*”(“verward” en “verleë” deur die apokaliptiek) – Klaus Koch. Alhoewel albei slagspreuke volgens hom (Collins 1998a:1) opsetlik uitdagend en oordrewe is, steek daar tog ’n groot mate van waarheid in. Boccaccini (1991:36) kom tot die gevolgtrekking dat navorsing bewys het dat die ‘apokaliptiese’ tradisie ’n komplekse en dinamiese gedagtegang is wat ontwikkel en verdiep het oor die verloop van vele jare en dus nie in ’n eenvormige skema of eenstemmige/“univocal” definisie ingepas kan word nie. Die raak stelling kom duidelik na vore in die oorsig oor vroeëre navorsing, maar eers moet aandag aan die toepaslike terme gegee word.

2.1.1 TERMINOLOGIE

Die mees heftige debatte gaan oor die regte gebruik van die terminologie (Collins 1991:12) en dit is immers metodologies noodsaaklik om terme uit te klaar om ’n algemene uitgangspunt te verkry en Babelse verwarring te vermy (Vorster 1986:158).

Die laaste boek van die NT begin met die woorde: *Apokalypsis Iēsou Christou….* – “’n Openbaring van Jesus Christus…”. Sover bekend is dit die eerste maal in die geskiedenis van die literatuur dat

die woord *ἀποκάλυψις* (openbaring) vir ’n openbaringsboodskap gebruik word en dit is merkwaardig dat die term algemeen aanvaar word as ’n benaming vir ’n genre wat reeds voor die boek *Openbaring van Johannes* bestaan het (Vorster 1988:112). Dit is interessant om te let dat die opskrif *apokalypsis Iēsou Christou* vanaf die begin deel van die teks was, maar dat die naamwoord *apokalypsis* nie verder in die boek gebruik word nie, ook nie die werkwoord *apokalyptein* nie – die naamwoord word wel in ander boeke van die NT gebruik (Sand 1991:328).

Collins (1987:539) gee krediet aan K Koch se poging om reeds in 1970 te begin om die betekenis van die terminologie verwant aan die apokaliptiek vas te maak en wat in 1975 verder deur P D Hanson verfyn is sodat daar reeds vanaf 1979 ’n algemene aanvaarding dat onderskeid tussen die literêre genre *apokalips* en die breër losser kategorieë van *apokaliptiek* of *apokaliptisisme* gemaak moet word (Collins 1991:12). Vir navorsers het Paul Hanson al sinoniem met sy proefskrif “The Dawn of Apocalyptic” geraak: die ontwikkeling van die onderskeid wat daar tussen *apokaliptiese eskatologie* en *profetiese eskatologie* gemaak moet word. Eersgenoemde het vir hom uit die profesie ontwikkel as boodskap van God se heerskappy oor die wêreld, maar met die verskil dat die toekomsgebeure nou in die visioen in ’n hemelse wêreld afspeel. Hy (Hanson 1976: 28-29) het ook met sy aanvanklike definisies gehelp met die ontwikkeling om die verskil tussen *apokaliptiese eskatologie* en *apokaliptisime* aan te dui.

Apokaliptiek verwys na die soort materiaal wat in die apokalips gevind word (Collins 1991:13) en wanneer *apokaliptisisme* as die wêreldbeskouing of “sosiologiese ideologie” (Hanekom 1993:85) van die apokalipse verstaan word, dan is dit ’n breë wêreldbeskouing waarin verskeie ideologieë en strominge geïdentifiseer kan word (Collins 1991:16). In Afrikaans word *apokaliptiek* tog ook vir die verskynsel of ideologie gebruik (Vorster 1986:158).

Boccaccini (1991:49) kom tot die gevolgtrekking dat *apokaliptiek* nooit in absolute terme gebruik kan word nie, maar as apokaliptiese literêre genre, apokaliptiese wêreldbeskouing of as die apokaliptiese tradisie gespesifiseer moet word. Laasgenoemde kan nie volgens hom (Boccaccini 1991:48) as die tradisie van gedagtegang van die apokalips beskou word nie, maar eerder as een van die Joodse tradisies van die Tweede Tempelperiode, wat soos die ander kontemporêre tradisies deur apokaliptisisme beïnvloed was en apokalipse geskryf is. Verder moet *apokalips* liefs as inklusiewe term vir die sub-groepe gebruik word om konsekwente toepassing van die term te verseker (Collins 1991:16).

2.1.2 NAVORSING

2.1.2.1 DEFINISIE GENRE APOKALIPS

Sturm (1989:18-42) gaan ver terug na die 19de eeu in sy bespreking van vroeëre navorsing oor die apokaliptiek. Volgens hom (Sturm 1989:18-20) was dit Friedrich Lücke [8] wat in 1832 die eerste histories-kritiese navorsing oor die apokaliptiek die lig laat sien het. Lücke het twee basiese doelwitte nagestreef: (1) om die 'konsep en karakter van apokaliptiese literatuur' te bepaal en (2) om die geskiedenis agter die literatuur te beskryf. Dit het as riglyne van latere navorsing gedien; ook die dubbelsinnigheid dat konsep en karakter as eenheid benader is, maar as onafhanklik van mekaar beskou is. Onder literêre genre bespreek Sturm verder die werk van Hilgenfeld, Schürer, Wellhausen en Duhm en die belangrike navorsing van Kautzsch en Charles aan die begin van die 20ste eeu, wat opgevolg word deur díe van Rowley, Russel en Vielhauer. [9]

Die jaar 1979 word deur Collins (1991:11) as 'n mylpaal in die studie van die Apokaliptiek afgebaken veral vanweë die twee internasionale konferensies by Uppsala en Leuven; die studie oor die genre in Semeia 14; asook die publikasie van belangrike navorsing deur Jean Carmignac, Paolo Sacchi en later Christopher Rowland. By die Uppsala-konferensie het die sprekers uit verskillende navorsingsvelde gekom en elkeen het die onderwerp vanuit sy perspektief benader en konsensus oor die begrip "apokaliptisme" was onbereikbaar – vir eers is volstaan met *contra definitionem, pro descriptione* (Collins 1991:12). Die 34 waardevolle bydraes is onder redaksie van David Hellholm gepubliseer (Aune 1986:67).

Die opvolg van hierdie belangrike ontwikkeling in die navorsing oor die genre *apokalips* het gespruit uit 'n konsultasie wat in 1981 gedurende die jaarlikse vergadering van die SBL in San Francisco, gehou is. Dit is met spesiale verwysing na die vroeë Christendom gedoen en het

---

[8] Lücke, F 1832. *Versuch einer vollständige Einleitung in die Offenbarung Johannes oder Allgemeine Untersuchungen über die Apokalyptische Literatur überhaupt und die Apokalypse des Johannes insbesondere.* Bonn: Weber.

[9] Hilgenfeld, A 1854. *Die jüdische Apokalyptik in ihrer geshcichtlichen Entwicklung: Ein Beitrag zur Vorgeschichte des Christentums.* Jena. Schürer, *E* 1873. *Geschichte des jüdischen Volkes in zeitalter Jesu Christi.* Leipzig. Wellhausen, J 1878. Geschichte Israels. Berlin. Dumm, B 1922. *Israels Propheten.* Tübingen. Kautzsch, E 1900. *Die Apokryphen und Pseudigraphen des Alten* Testaments. Tübingen. Charles, R H 1913. *Apocrypha and Pseudepigrapha of the Old Testament.* Oxford. Rowly H H 1944. *The Relevance of Apocalyptic.* London. Russel, D S 1964. *The Method and Message of Jewish Apocalyptic.* Philadelphia. Vielhauer, P 1964. Introduction to Apocalypses and Related Subjects, in Hennecke,E & Schneemelcher, W (red.), *Neutestamentliche Apokryphen in deutscher Übersetzung,* Vol. II. Tübingen: Mohr.

uitgebrei na seminare in die daaropvolgende jare waarvan die resultate in 1986 in *Semeia* 36 gepubliseer is (Yarbro Collins 1986:2).

Dit het aan Aune (1986:65-91) die geleentheid gebied om die belangrikste vorige bydraes, veral die van Collins en Hellholm te takseer. Collins het baanbrekerswerk in sy drieledige beskrywing van die genre apokalips in *Semeia* 14 verrig. Hy het eerstens sy definisie op wat hy reken wat die onveranderlike kenmerke ("common core") van die genre is, gebaseer:

> "Apocalypse" is a genre of revelatory literature with a narrative framework, in which a revelation is mediated by an otherworldly being to a human recipient, disclosing a transcendent reality which is both temporal, insofar as it envisages eschatological salvation, and spatial insofar as it involves another, supernatural world (Collins 1979a:9).

Hy het geglo dat die definisie aanvullend met die meester-paradigma (1979a:6-8) gebruik moet word en het derdens die apokalips in twee groepe met drie onderafdelings getipeer: I die met en II die sonder anderwêreldse reise en (a) die met ’n geskiedkundige oorsig (b) die met kosmiese of politiese eskatologie (c) die met slegs persoonlike eskatologie. Hierdie volledige en sistematiese beskrywing op pragmatiese vlak het hoofsaaklik op die dimensies van **vorm** en **inhoud** berus en is volgens Aune (1986:70) te beskrywend en induktief en kan dus nie die essensie en die potensiaal van die apokaliptiese genre omskryf nie.

Sinvolle kritiek het van Hellholm (1986:27) gekom wat ook **funksie** as noodsaaklik beskou het. Hellholm (1986:33;1991:152) is van mening dat die paradigmatiese benadering deur ’n sintagmatiese ontleding aangevul moet word, want ’n paradigma het die neiging om taksonomies en staties te bly ten spyte van hiërargiese indeling, groepering in dimensies en vasstelling van verhouding tussen elemente. Hy (Hellholm 1986:36-37) gebruik die letterlike betekenis van *textus/textura* as *web* om by ’n twee-dimensionele begrip van teks deur die skering en inslag te kom. *Skering* is die mikro-sintagmatiese struktuur en die *inslag* (die makro-sintagmatiese struktuur) brei hy verder uit na hiërargiese gerangskikte kommunikasievlakke en hiërargiese gerangskikte teksreekse sodat eintlik ’n drie-dimensionele analise van tekste van generiese strukture gebruik word. Die teks moet dus eerstens in verskeie funksionele kommunikasievlakke ingedeel word en tweedens in hiërargiese en funksionele teksreekse. Hanekom (1993:89) som dit op "dat alhoewel dieselfde verskynsels in talle tekste van uiteenlopende aard mag voorkom, daardie kenmerke tog afsonderlike genres kan konstitueer omdat dit na vorm, funksie en inhoud op ’n spesifieke wyse gerangskik word".

Volgens Hellholm (1991:151-152) is daar nog net tentatiewe voorstelle deur die paradigmatiese analiste gemaak om te onderskei tussen kenmerke wat wesenlik ("constitutive") of onderskeidend

("divisive"), m.a.w. wat waarlik *differentiae specificae* is en die wat toevallig of kwantitatief van aard is. Verder is daar nog nie veel semantiese kenmerke eksklusief aan die generiese konsep "Apokalips" gekoppel nie en daar bestaan 'n neiging om die teks op sigself af te skeep deur 'n poging om die ontwikkeling van die genre te rekonstrueer sonder om die genre deur die gegewe sintagmatiese struktuur vas te stel.

Aune (1986:86-87) formuleer sy eie definisie van die genre met spesiale verwysing na die *Openbaring* van Johannes:

> "(1*) Form*: an apocalypse is a prose narrative, in autobiographical form, of revelatory visions experienced by the author, so structured that the central revelatory message constitutes a literary climax, and framed by a narrative of the circumstances surrounding the revelatory experience(s). (2) *Content*: the communication of a transcendent, often eschatological, perspective on human experience. (3) *Function*: (a) to legitimate the transcendent authorization of the message, (b) by mediating a new actualization of the original revelatory experience through literary devices, structures and imagery, which function to 'conceal' the message which the text 'reveals,' so that (c) the recipients of the message will be encouraged to modify their cognitive and behavioral stance in conformity with transcendent perspectives."

Yarbro Collins (1986:3-4) is van mening dat hoewel die apokalips dikwels in outobiografiese vorm is, dit nie 'n essensiële eienskap is nie en dat daar nog nie voldoende bewys is om te aanvaar dat die sentrale onthullende boodskap noodwendig die literêre klimaks uitmaak nie.

Tien jaar na *Semeia* 14 is Collins (1991:14) self van mening dat die sesvoudige indeling minder betekenisvol vir sy verdere studie was en dat vir die Joodse apokalipse die hoofonderskeiding tussen die eskatologie van die 'historiese' werke en díe van die hemelvaart/ascent lê. Verder gebruik hy nie meer "gedeeltelike" uitkenning as apokalipses nie, maar bestempel dit verkieslik as die dominante genre en gee erkenning aan vermengde genres (bv. *Jubileë*).[10] Hy aanvaar die amendement van die definisie van die genre soos voorgestel in *Semeia* 36 in die lig van voorstelle deur Aune en Hellholm t.o.v. **funksie**: 'n apokalips "is intended to interpret present earthly circumstances in the light of the supernatural world and of the future, and to influence both the understanding and the behavior of the audience by means of divine authority" (Collins 1991:19).

---

[10] Hanekom (1993:86) verwys na Von Rad wat al in 1965 van die apokaliptiek gepraat het as 'n *mixtum compositum.*

Collins (1991:14) het waardering vir die teks-taalkundige benadering van Hellholm, maar totdat meer analise as die *Shepherd of Hermas* en gedeeltes uit *Openbaring* gedoen is, kan dit aanvaar word - "for many scholars it remains more mysterious than the texts it seeks to clarify" (Sien ook Aune 1986:70-73 en Yarbro Collins 1986:4).

Vorster (1988:119) is van mening dat die studie van genre moet meer wees as klassifikasie - 'n teorie vir genre wat klassifikasie en interpretasie integreer word benodig. Hy stel die uitdaging van ***dekonstruksie*** "and face the death of genre and the birth of intertextuality."

> "Deconstruction presents a total break with past epistemologies in literary studies and has convincingly been compared to the Newtonian revolution of quantum theory in the natural sciences" – aldus Brink (1985:10).

Twee sleutelkategorieë wat hier ter sprake is, is *teks* en *interteks. Teks* is nie meer 'n voorwerp nie maar 'n **proses** en verkry nou betekenis deur sy verhouding tot ander tekste en hul betekenisse in 'n netwerk van intertekstualiteit – een teks word onherroeplik beïnvloed deur ander tekste en sy betekenis word bepaal deur verskille en ooreenkomste met ander tekste. Volgens Hambidge (1992:68) word die leser "aktiewe produseerder" van die teks, sodat daar eerder van "tekstualiteit" (proses) as teks gepraat word. Deist (1995:65) som dit as volg op:

> "Meaning is never 'present' in a particular text but results from an interplay among many intersecting texts. And these intertexts include, among other things, our own historicity, which is in its turn constituted by an interplay between, inter alia, the textual signs, our reading strategies, upbringing and education, our faith allegiance value system, questions and expectations."

Dekonstruksie word beskou as 'n faset van Post-strukturalisme. Die idees word ook vervat in resepsie-estetika wat beskryf word dat dit nie bloot gaan "om die passiewe ontvangs van die literêre teks nie, maar veral ook om die reproduksie, verwerking, aanpassing, assimilasie en die gestaltegewing of konkretisering daarvan deur die leser" – aldus Rossouw (1992:429).

Die navorser kom voor die dilemma te staan: **genre versus dekonstruksie**.

Die losse struktuur van dekonstruksie hou interessante moontlikhede in, maar daar moet tog die een of ander vertrekpunt wees:

> "What cannot be defined cannot be distinguished and so cannot be recognised at all … A definition, then, serves … also to provide a foil against which the variations in particular works can be highlighted." (Collins 1991:18-19)

Hellholm (1991:154) beklemtoon ook in sy teorie die belangrikheid in die sintagmatiese verhouding van ’n perikoop tot sy omliggende teks wat die interpretasie van woorde, sinne en perikope aanbetref. Aansluitend lig hy (1991:162) ’n verdere belangrike aspek uit in die woorde van Boers: “the meaning of the parts is determined by the structure of the whole.”

’n Verdere twispunt in die navorsing is die **sinkroniese** teenoor **diakroniese** benadering in die analise van die tekste. Collins (1991:18-20) is van mening dat definisies uiteraard sinkronies is, maar gee geredelik toe dat genres ook oor ’n diakroniese dimensie beskik en dat die sinkroniese en diakroniese elemente aanvullend en nie wedersyds eksklusief in die studie van ’n genre beskou moet word nie. Volgens Hellholm (1991:157-158) is die digotomie van diakronie en sinkronie nie twee taalvorms nie maar liewer twee perspektiewe van een en dieselfde voorwerp. Hy (1991:158) verwys na die opvattings van Kubezak en Heger en kom tot die gevolgtrekking dat sinkronie ’n metodologiese aspek is wat met abstraksie eerder as kronologiese beperking gepaard gaan en dat dit aanvullend met die diakroniese linguïstiese tradisie wat die verandering van taal op die *langue*-vlak beskryf, gebruik kan word – so bly die analise nie sinkronies-staties, maar eerder diakronies-dinamies. Hy (1991:163) kwalifiseer dit deur voor te stel dat die sinkroniese benadering as uitgangspunt gebruik moet word en daarna deur ’n diakroniese ondersoek opgevolg moet word om sodoende te poog om ’n *geskiedenis* van die spesifieke generiese konsep te skryf – hyself het vanuit ’n sinkroniese benadering gewerk en moet die diakroniese nog aanvullend doen. Verskille tussen afsonderlike werke in ’n genre kan egter nie altyd voor die deur van ontwikkeling gelê word nie, aangesien ander faktore soos bv. verskillende teologiese tradisies en omstandighede ook ’n rol kan speel (Collins 1991:20).

Tigchelaar (1996: 4-5) meen dat die aspekte **vorm**, **inhoud** en **funksie** nie al drie noodsaaklik is om ’n genre te karakteriseer nie, veral omdat ’n genre vanaf ’n “geboorte” tot “kanonisering” ontwikkel – kenmerke van latere apokalipse word miskien nie eens in die “wortels” van die genre aangetref nie. Presiese definisies van genres is daarom onmoontlik. Decock (1999b:27) kom tot die slotsom dat die definisie van wat apokaliptiek behels, gedurende die vorige tien jaar baie verbreed is om vir die groter diversiteit ruimte te laat – veral ten opsigte van die uitdaging van die algemene gesigspunt dat alle apokaliptiese literatuur die produk van gemarginaliseerde of selfs vervolgde groepe is; of dat dit as krisis-literatuur beskou moet word.

2.1.2.2 DIE APOKALIPTIEK AS TEOLOGIESE KONSEP

Lücke het die apokaliptiek nie slegs as literêre fenomeen nie, maar ook as teologiese konsep nagevors, veral vanuit die woord *apokalypsis* wat vir hom in essensie ‘die openbaring van God’ beteken het (Sturm 1989:18). Von Rad was in latere jare ook van mening dat ’n volledige definisie

van die apokaliptiek nie slegs literêr nie, maar ook as konsep, teologies van aard moet wees en plaas apokaliptiek as sulks ondergeskik aan die wysheid en profesie – dit berus op die aanname dat die apokaliptiek ’n onvoldoende waardering van geskiedenis het (Sturm 1989:29). Käsemann (wat in die tradisie van Weiss en Schweitzer gewerk het) het dit weerspreek met sy stelling dat die apokaliptiek na ’n spesifieke soort eskatologie verwys wat probeer om “ultimate history”/fundamentele/wesenlike geskiedenis aan te spreek en dit het daartoe aanleiding gegee dat navorsers al hoe meer die verhouding van die apokaliptiek met die geskiedens ondersoek het (Sturm 1989:30-31).

Volgens Sturm (1989:31-32) het Wilckens (1959) in lyn met Lücke die verband tussen apokaliptiek en openbaring onder die loep geneem en die opstanding en God se self-openbaring geneem om die totaliteit van geskiedenis uit te druk.

Na nog verdere evaluering van navorsers soos Harnisch (1966), Baumgarten (1975), Hanson (1975) en Rowland (1982) is Sturm (1989:37) oortuig dat die benadering van die apokaliptiek as ’n teologiese konsep van onskatbare waarde is, maar betwyfel dit dat ’n enkele konsep of ’n groep/cluster idees sentraal of ‘essensieël’ aan die apokaliptiek kan wees. Sturm is onseker oor watter benadering toereikend sal wees om die apokaliptiek te definieer.

2.1.3 OORSPRONG

Al hoe meer belangstelling het die laaste dekade na die tergende vraag na die oorsprong van die fenomeen “apokaliptisisme” ontwikkel (Collins 1991:25).

Sturm (1989:23) verwys na Vielhauer se knap samevatting van vorige teorieë oor die onopgeloste saak:

1) dat die apokaliptiek uit vreemde/uitheemse idees, veral die Persiese kosmologiese dualisme ontspring het en eskatologiese denke in na-ballingskap kringe in 400-200 v.C. gestimuleer het en so sektes onder die druk van die teen-vreemde Joodse teokratiese establishment gevorm is;
2) dat die apokaliptiek ’n voortsetting van die profesie is;
3) dat die apokaliptiek ’n uitdrukking van ‘folkbooks’ of esoteriese literatuur van die rabbi’s is en
4) dat die apokaliptiek ’n produk van die Wysheid-tradisie is.

Volgens Tigchelaar (1996:9) is die kontroverse oor *definisie* en *oorsprong* verwant aan mekaar, omdat daar in die verlede deur navorsers gepoog is om die essensie van die apokaliptiek in sy

oorsprong te soek. Collins (1998a:20) is van mening dat die tendens daartoe gelei het dat teologiese vooroordele daaraan gekoppel is, terwyl die bronne tog nie die inherente waarde kan bepaal nie. Tigchelaar (1996:10-11) meen dat die verwarring gewyt moet word aan die vae terminologie en die mistasting dat so ’n komplekse genre slegs een oorsprong kon gehad het :

> “Genres, modes of thought and world views can be regarded as cultural fabrics. Origins, being no more than the warp, only explain these fabrics partly. Real understanding can only be obtained by studying why and how features from different origins came to be put together.”

Die Italiaanse navorsers – veral Sacchi 1990 – identifiseer die kern van die apokaliptiek as ’n sonderlinge begrip van die bose – ’n outonome realiteit; voorafgaande selfs tot die mensdom se vermoë om ’n keuse te kan maak. Dit is nie slegs een van die baie ‘apokaliptiese’ idees nie, maar die generatiewe (voortbrengende) idee van ’n spesifieke ideologiese tradisie van denke, die hoeksteen waarop en waaruit die hele ‘apokaliptiese’ tradisie gebou is (Boccaccini 1991:37). Collins (1991:22) is van mening dat Sacchi ’n baie belangrike kwessie in verskeie apokaliptiese tekste uitgelig het, maar sy bevindinge berus hofsaaklik op die Henog-werke en alhoewel dit van die oudste apokalipse is, kan dit nie as normatief aan apokaliptisisme beskou word nie. Apokaliptisisme kan nie op die basis van een boek gedefinieer word nie en kan nie tot ’n enkele draad (“strand”) beperk word nie.

Hoewel goeie vordering die afgelope jare in terme van definisies, terminologie en kategorieë gemaak is, bly dit steeds slegs inleidend en is dit meer noodsaaklik om ’n gedetailleerde studie van die spesifieke tekste te maak (Collins 1991:25). Volgens Fletcher-Louis (2002:2) het die skaal tans van ’n model van beklemtoning van anderwêreldse eskatologie na ’n model van openbaring van hemelse geheimenisse gekantel. Dit beteken dat in lg. model die hemel en die aarde nader aan mekaar beweeg en selfs binnedring, teenoor eg. dualistiese lesing van die apokaliptiese tekste.

Met die volgende fase van die ontleding van die Qumranrolle waar tekste meer vrylik beskikbaar is en daar fyner ontleed word deur die byvoeging van aanvullende inligting van die fragmente, bly Hanekom (1993:92) se stelling vir my sinvol: “Die teks moet toegelaat word om self deur die aanwesigheid van spesifieke eienskappe (teksmerkers) aan te dui welke metalinguale kode/s (genres) in daardie spesifieke teksdeel werksaam is”. *Lesing* hou vir my ’n meer subjektiewe ontleding in – soos dan deur dekonstruksie voorgehou word – terwyl *interpretasie* meer op die teks fokus. In antieke tekste is die skepping van die skrywer meer waardevol as die moderne vervorming.

2.1.4 APOKALIPTIESE LITERATUUR

2.1.4.1 KORPUS

Die vroegste geskrifte wat as 'Joodse apokalipse' deur moderne navorsers bestempel is, is in Palestina gedurende die derde en tweede eeu v.C. geskryf (Cohn 1993:163). Alhoewel daar geografiese verwysings na Palestina in die eerste geskrifte is, meen Collins (1998a:26) dat dit net sowel in die oos-Diaspora geskryf kon gewees het.

Die apokaliptiese genre word hoofsaaklik in die HB deur *Daniël* en in die NT deur *Openbaring* verteenwoordig, maar die hoofkorpus is nie in die kanonieke boeke van die Bybel ingesluit nie en bestaan uit boeke soos byvoorbeeld 1 en 2 *Henog*; 4 *Esra*; 2 en 3 *Barug* ; *Jubileë* en die *Apokalips van Abraham*. Ander verwante literatuur wat by die Dooie Seerolle gevind is, is die *Sibillynse Orakels* [11] en die *Testamente van die Twaalf Patriarge*. In Hoofstuk 1 is daar reeds verwys dat *1QM* in die korpus van die Qumran-literatuur as 'apokalipties' aangewys word vanweë die eskatologiese oorlogstemas wat daarin voorkom, maar dat dit belangrike elemente soos die onthulling van 'n visioen ontbreek. In die vroeg - Christelike geskrifte is daar 'n paar apokalipse soos *Die Skaapwagter van Hermas.*

Die apokalipse is gewoonlik pseudoniem en sinspeel op heilige persone as outeurs wat reeds in die verre verlede geleef het. So word *Daniël* toegeskryf aan 'n man wat in die 6de eeu v.C. gedurende die Babiloniese ballingskap geleef het. Dit was daarop gemik om die geskrif so te verhef en gesag daaraan te verleen (Cohn 1993:164). Nog ander 'skrywers' uit die geskiedenis van Israel is bv. Adam, Abraham, Barug, Henog, Moses, Isak, Jakob, Jesaja, Jeremia en die seuns van Jakob en Salomo.

Die openbaringe wat die skrywers van die apokalipse ontvang het, verskil van díe van die Bybelse profete in verskillende opsigte: mense kan nie deur hul gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid die gang van die toekoms verander nie – dit is klaar bepaal in 'n hemelse boek; die uiteinde hou 'n finale oordeel in; God het direk met die profete gepraat, nou kommunikeer hy deur 'n tussenganger – 'n engel (Cohn 1993:165).

Voorheen is die boek *Daniël* as die eerste apokalips en die eerste voorbeeld van ware apokaliptiek beskou, maar met die ontdekking van die manuskripte van die *Eerste Boek van Henog* in Grot 4 van Qumran, die *Boek van die Wakers*, het dit geblyk dat laasgenoemde vroeër dateer kan word na ongeveer die 3de eeu v.C. (Collins 1987:541).

---

[11] Die Sibille was charismatiese vroue in die Grieks-Romeinse wêreld wat in ekstase orakels uitgespreek het.

1 *Henog* bestaan eintlik uit 5 aparte dele: die *Boek van die Wakers* (hoofstukke 1-36); die *Gelykenisse* (37-71); die *Astronomiese Boek* (72-82); die *Boek van Drome* (83-90) en die *Brief van Henog* (91-108). By die Qumran Rolle was die *Boek van die Reuse* i.p.v. die *Gelykenisse* gevind. Die bekende *Apokalipse van Weke* maak deel uit van die *Brief van Henog* en die *Diere-Apokalips* weer van die *Boek van Drome*. Laasgenoemde apokalips word deur interne bewyse saam met die Makkabeër-oorloë gedateer (Collins 1998a:67).

Daar word wel in die OT in *Genesis* 5 na Henog as patriarg verwys in die bekende kriptiese beskrywing in vers 24: ”En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.” Cohn (1993:176) is van mening dat verskeie faktore soos byvoorbeeld die 11 kopieë wat van 1 *Henog* by die Qumran Rolle gevind is en dat die NT en Apokriewe Boeke verwysings daarna bevat, getuig van die prestige wat 1 *Henog* in die eeue net voor en na Jesus geniet het.

Die boek *Jubileë* is gebaseer op die verhaal vervat in *Genesis* en *Eksodus* – vanaf die skepping van die wêreld tot die uittog uit Egipte. Dis interessant om te let dat *Jubileë* 48.3 die ooreenstemmende verhaal in *Eks*. 4: 24-25 ‘herskryf” deurdat die aanslag op Moses se lewe nie deur Jahwe gemaak word nie, maar oorgedra word na ’n bose gees, *Mastema*. Volgens Cohn (1993:182) is dit die eerste maal in Joodse konteks dat ’n bonatuurlike wese as ’n verpersoonliking van vyandskap teenoor God, aktief God se plan vir die wêreld opponeer. *Prins Mastema* word bygestaan deur ’n leermag demone, waarvan die oorsprong in die *Boek van die Wakers* beskryf word.

Die *Boek van die Wakers* voorsien ’n paradigma vir die oorsprong van sonde en die bose deur die verhaal van die gevalle engele. Twee ander paradigmas in die apokaliptiese literatuur is die twee geeste in die *Gemeenskapsrol* van Qumran en die Adam-mite in 4 *Esra* en 2 *Barug* (Collins 1998a:52).

Volgens Collins (1998a:278) skryf die Christen-skrywer van apokaliptiek vanaf ’n “different point on the eschatological timetable” as sy Joodse eweknie: die messias het reeds gekom en sy lyding en dood is vir die Christen-siener ’n voorbeeld en bron van inspirasie. Die impak van vorige tradisies is egter tog duidelik waarneembaar in byvoorbeeld die uitbeelding van *Jesus* as heilige kryger in *Openbaring* 19 (Collins 1998a:279).

2.1.4.2 APOKALIPTIESE TAALGEBRUIK

Vorster (1986:165-167) maak gebruik van ’n aanhaling uit *Daniël* 7:1-27 om die simboliese en interessante “versluierde”, maar ook ingewikkelde taalgebruik van apokaliptiese tekste te illustreer. Die gebeure in Daniël se droomvisioen, asook die diere-simboliek in die *Diere-apokalips*, speel op twee vlakke af en die taal word eintlik as ’n kode gebruik wat ontsyfer moet word om sin daaruit te

maak. Vir Vorster (1986:167-168) is die kodes kultuur-gebonde en deel van die "simboliese universum van ’n bepaalde in-groep in die samelewing vir wie hierdie tekens sekere betekenisse dra."

Die sinspeling op Bybelse frases in die apokalipse verryk die taal deur die opbou van assosiasies en analogieë tussen die Bybelse konteks en die nuwe konteks waarin dit gebruik word – dit dra ook by tot verskillende vlakke van betekenis en bemoeilik die taak om dit ondubbelsinnig te interpreteer (Collins 1998a:18).

As voorbeeld van ’n besonder mooi poëtiese apokaliptiese teks haal Vorster (1986:171-172) die lied van die goddelike krygsheld in *Sagaria* 9:1-17 aan.

2.1.5 APOKALIPTIESE BEWEGINGS

Collins (1991:23) is van mening dat daar nie slegs van een apokaliptiese beweging gepraat kan word nie – daar moet ruimte gelaat word vir verskeie bewegings op verskillende tye, maar daar moet ook teen gewaak word om een aan elke teks toe te skryf. Volgens hom kan ’n groep as ‘apokalipties’ beskryf word as dit die wêreldbeskouing handhaaf wat tipies van die apokalipse is; ook as dit in ’n groot mate deur ’n spesifieke apokaliptiese tradisie gevorm word - die Esseners en die Qumrangemeenskap kwalifiseer op beide kriteria. Dit is egter nie ’n alomvattende beskrywing nie, maar beklemtoon ’n belangrike aspek van hul wêreldbeskouing (Collins 1991:24). Stone (1991:75) en Collins (1991:23) vestig die aandag op die tekort aan dokumentasie oor die sosiologiese konteks in die konvensionele historiese bronne. Die ontleding van die sosiologiese konteks kan waardevolle insig tot die interpretasie van die teks bied.

Decock (1999b:10) verwys ook na die teorie van Davies dat die apokaliptiese geskrifte as dié komende uit die milieu van die *establishment* gesien moet word. Davies (1989:263) baseer dit op die mantiese wysheid wat in die Judaïsme onder die skrifgeleerdes gevind moet word en wat baie goed aanpas by die *maskilim* in Daniël 12:1-3. Hierdie siening word deur Cook (1993:28) onderskryf in sy argument dat apokaliptisisme nie soseer die wêreldbeskouing van ’n rand-groep is wat in konflik teenoor die dominante groep staan nie.

2.1.6 APOKALIPSE EN MISTIEK/MISTISISME

Die hernude belangstelling in die antieke Joodse apokaliptisisme het sy aan sy met die relatiewe nuwe akademiese navorsingsveld in Joodse studie, nl. Joodse mistiek ontwikkel (Mach 1999b:230-232). Hy verwys veral na die aanvanklike studie deur Gerhard Gershom Scholem, Gruenwald en hul opvolgers wat die literatuur bekend as *Hekhalot* ([hemelse] paleise waardeur die mistikus reis) of *Merkavah* ([God se] strydwa, die doel van die mistikus se visie) onder die loep geneem het.

Volgens hulle was die hoofdoel van die literatuur om die reis van die mistikus deur die (sewe) hemelse paleise om ’n visioen van God op sy strydwa te verkry, te beskryf. Die apokaliptiese hemelvaart-stories word dus as die ontkiemingsgrond van die latere mistieke opvaarte (dit word ook dikwels “afvaart” genoem) beskou. Die interessante vraag is nou of mistieke elemente nie reeds deel van die onderliggende tradisies agter die apokalipses was nie. Sy slotsom is dat die apokalipse en die Hekhalot-tekste verbind is in die oortuiging dat menslike sieners toegang tot transendente realiteit het.

McGinn (1991:22) glo dat die religieuse wêreld van die latere Tweede Tempel Judaïsme ’n voedingsbodem vir Christen-mistisisme op tweërlei wyse voorsien het – deur die mistieke of dan proto-mistieke opvaart na die visioen van *God* soos in die apokalipse beskryf en deur die beweging na ’n vasstelling van ’n kanon van die heilige geskrifte van Israel en die skepping van middele en tegnieke om dit lewend vir die geloofsgemeenskap te hou.

Mach (1999b:235) is van mening dat in die Joodse en Christen-tradisie magie en mistiek heg verbind is deurdat die mistikus bewus is dat hy oortree om die grense wat deur God daargestel is, te transendeer en sy wil as mens op die goddelike af te dwing – hy maak dus in die proses van magiese formules gebruik.

2.2 ESKATOLOGIE

Eskatologie kom van die Grieks *ta eschata* (die laaste dinge) en *logos* (woord of lering); dus: “die lering van die laaste dinge” (Otzen 1990:164). Volgens Otzen (1990:191) is eskatologie onlosmaakbaar gekoppel aan die verstaan van die geskiedenis: afhangende van ’n mens se interpretasie dui eskatologiese gebeure op die einde of middelpunt van die geskiedenis. Navorsers het al dikwels die profete van die HB se begrip van die geskiedenis as liniêr beskryf en Otzen (1990:193-194) karakteriseer hul beskouing van eskatologiese gebeure (Jahwe se oordeel) as ’n *draaipunt* – nie ’n finale einde - in die reekse van gebeure wat die geskiedenis van Israel sou uitgemaak het: afvalligheid > oordeel > herstel.

Volgens Collins (1999:129) was dit die profeet Amos wat in die agste eeu v.C. vir die eerste keer verkondig het dat die ‘einde’ (*Amos* 8:2; Hebreeus *haqqēs)* ophande is. Dit het betrekking op die Noordryk van Israel gehad en nie van die wêreld nie. Later is dit in poëtiese hiperbool uitgebrei na ’n katastrofiese dag van kosmiese afmetings soos in *Jesaja* 13:9-13 (Collins 1999:129-130). Verlede en hede word beskou as ’n tydperk van sonde, maar ’n nuwe era sal volg: die verandering kom slegs deur die direkte, totale ingrype van *Jahwe*: “Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde…..” (*Jesaja* 65:17-18). Weer is dit nie vernietiging van die heelal nie, maar ’n radikale

vernuwing van die wêreld: so onvolmaak en wankelend soos dit is, sal skielik deur ’n perfekte en onvernietigbare orde vervang word (Cohn 1993:158). Hy haal ook *Jesaja* 11:6-9 aan: “Dan wei die wolf by die lam…”

Dit het oorgegaan na die *apokaliptiese* skrywers se opvatting dat die eskatologiese gebeure nie meer net ’n draaipunt in die geskiedenis nie, maar nou die *einde* van die *wêreld/geskiedenis* aangedui het. Volgens Collins (1997a:74) was dit ’n “elaborate end-oriented view of history” wat nie eenvormig was nie, maar verskillende modaliteite van die siening van die geskiedenis bevat het, wat in die apokaliptiese literatuur ontwikkel het. Hier is spore van interne evolusie, sowel as eksterne invloed (Otzen 1990:196-197). Collins (1997a:74) verwys ook na die moontlike invloed van Zoroastrisme, maar dink tog dat ’n sterker argument as die oorsprong en bron vir die Hebreeuse profete uitgemaak word. Hy (Collins 1997a:75-76) verwys veral na die twee bybelse motiewe van *’aḥărît hayyāmīm* (“end of days”) en “the end” *(qēṣ)* as die dag van oordeel of die dag van die Heer. Eersgenoemde het in die na-ballingskaptydperk ’n eskatologiese betekenis aangeneem sodat dit nie meer ’n ongespesifiseerde tyd in die toekoms nie, maar wel ’n finale definitiewe fase in die geskiedenis aangedui het. Dit het gewoonlik soos in *Jesaja* 2 en *Miga* 4 te make met die tyd van verlossing, maar kan ook soos in *Esegiël* 38 verwys na ’n tydperk vol angs soos met die inval van Gog, maar wat oploop na die vernietiging van die invaller. Soos reeds verwys kan die meer spesifieke gebeure wys op die dag van oordeel met die klem op vernietiging, maar ook dat *God* sal verheerlik word op die dag (*Jes*. 2:11) en dat dit uitkoms vir die getroues bring. Hierdie dubbele aspek word veral in *Dan*. 12:1 geïllustreer. Nog ’n ander belangrike aspek van ontwikkeling vir die latere tradisie wat deur Collins (1997a:76) in die boek *Daniël* uitgelig word, is die poging om die tyd van die einde in getalle te bereken.

Volgens Collins (1997a:79) speel die twee bogenoemde Bybelse tradisies ook ’n belangrike rol in die eskatologie van die Dooie See-sekte. Die uitdrukking *’aḥărît hayyāmīm* word meer as 30 keer in die Dooie Seerolle gebruik. Hy (Collins 1997a:79) lig twee aspekte van die einde van die dae in die Rolle uit: ’n tyd van toetsing en ’n tyd van verlossing wat minstens al begin het.

Davies (1996:32) is versigtiger in sy definisie van *eskatologie* en beskou dit meer as ’n *dimensie van geloof* – nie ’n lering – wat beskikbaar is aan ’n individu of groep wat oortuig is dat die geskiedenis in ’n rigting beweeg, dat die rigting deur *God* bepaal word en dat *God* binne die geskiedenis optree om die rigting te verseker. Geloof in ’n *eskaton* (“foreseeable end”) hoef nie noodwendig dit alles te bevat nie, maar dit is vir hom veral toepaslik op die OT, waar die geloofsisteem op goddelike belofte berus.

Volgens Grabbe (1996:73,78) het die idee dat daar vir die individu lewe na die dood is, eers baie laat in die literatuur van die HB ontwikkel –waarskynlik gedurende die Persiese of vroeg-Griekse tydperk. Dit word algemeen aanvaar dat die beskouing in baie van die geskrifte van die HB is, dat die dood die einde van die lewe van ’n persoon bring en slegs iets soos ’n afskaduing (*nefeš)* in die newelagtige *Sheol* oorleef. As uitsondering kan die paar individue in die HB wat direk na die hemel opgestyg het sonder om deur die dood te gaan, genoem word: Henog (*Gen 5:24*); Elia (*2 Kon. 2:1-12*) en later is dieselfde omtrent Moses aangeneem (Day 1996:237).

Die Qumran-Rolle het ’n merkwaardige diverse verskeidenheid van eskatologiese leringe opgelewer wat aan navorsers ietwat van ’n paradoks uitwys (Davies 1996:61). Hy (Davies 1996: 63) verwerp beide die vorige lynreg-teenstrydige gevolgtrekkings deur Morton Smith en John Collins – eersgenoemde dat elke gemeenskapslid enige eskatologiese leerstelling wat hy verkies het, kon aanhang; en laasgenoemde dat die hele gemeenskap die hele reeks formeel omvat het – op hul gesamentlike veronderstelling dat die gemeenskap nou verweef was en dat alle eskatologiese leringe sy aan sy bestaan het.

> “To interpret the scrolls as if they offered a synchronic cross-section of an isolated community is to imply an entity slumbering in a historical cocoon” (Davies 1996: 64).

Hy (Davies 1996:64,78) is van mening dat leerstellige herformulering en evolusie in die diversiteit van die Qumran eskatologiese opvattings weerspieël word.

Volgens Decock (1999b:10) het die idee dat eskatologie die kern en selfs die *sine qua non* van apokaliptisisme uitmaak, algemeen geraak. Latere navorsing het meer die ‘vertikale’ aspek van apokaliptisisme: die belang in geheimenisse en die hemelse wêreld beklemtoon, as reaksie teen die eensydige beklemtoning van die eskatologie wat die navorsingsveld in die verlede oorheers het (Collins 1991:12). Decock (1999b:7,10) skryf dit toe aan verskeie faktore maar veral deur die ontdekking dat die oudste apokaliptiese teks *1 Henog* 72-82 meer aandag aan die geheimenisse van die kosmos gee as die loop van die geskiedenis en die voleindiging daarvan. Tog het Collins (1986:346) dit as die kenmerkende eienskap wat die apokaliptiek van ander openbaringsliteratuur onderskei, beskryf.

Uitsluitsel is deur navorsers verkry dat apokaliptiese eskatologie nie eie aan apokalipse alleen is nie, maar ook in ander literatuur en denkstrukture voorkom (De Villiers: 1987:31).

2.3 DUALISME

Volgens Duhaime (1987:33) het elke artikel of boek oor dualisme ’n eie definisie en tipologie van dualisme. Werblowsky (1971:242) definieer dualisme as die religieuse of filosofiese leerstelling wat

verkondig dat realiteit die uitvloeisel uit twee grondbeginsels is wat nie tot ’n verdere EEN herlei kan word nie. Filosofiese dualisme word teruggevoer na die Griekse filosoof, Plato, wat die teenstelling tussen gees en materie bestudeer het – die gees synde die hoër, meer suiwer en ewige beginsel teenoor die laer en imperfekte vorm, wat maklik verander en bederf. Hy (Werblowsky 1971:243) onderskei ook ’n ander vorm van dualisme nl. morele dualisme wat die basiese dogma dat goed en kwaad die produk van twee afsonderlike grondoorsake is, weerspieël. Om dit te illustreer gebruik hy die voorbeeld van Zoroastrisme waar geskiedenis ’n kosmiese stryd tussen die twee magte van goed/lig en kwaad/duister is.

Charlesworth (1972:76) dui sewe verskillende tipes dualisme aan:

5) psigologiese (die twee teenstrydige neigings binne die mens)
6) fisiese (materie teenoor gees)
7) metafisiese (God/Satan)
8) kosmiese (twee teenstellende hemelse geeste of twee onderskeie en huidige verdelings in die heelal)
9) etiese (verdeling van mensdom volgens deug en verdorwenheid)
10) eskatologiese (huidige eeu teenoor toekomende een)
11) soteriologiese (verdeling van mensdom deur geloof of ongeloof)

Ugo Bianchi (1987:506) definieer dualisme as ’n kategorie binne die historiese fenomenologie van religie as ’n leerstelling wat twee basiese oorsaaklike/kousale beginsels onderliggend aan die bestaan van die wêreld, voorstaan. Daarby word die dualistiese beginsels deur die wesenlike teenstelling en verskil in waardes gekenmerk. In hierdie religieus-historiese sin verskil dualisme vir hom (Bianchi 1987:506) van die meer algemene filosofiese leerstelling van transendensie en metafisiese onverminderbaarheid (‘irreducibility’) wat weer deur die immanensie en panteïstiese leerstellings gekontrasteer word.

Bianchi (1987:506) waarsku vanuit die religieus-historiese oogpunt dat ’n mens nie alle tweeledigheid en polariteit as dualisme moet bestempel nie, maar slegs as daar kousale/oorsaaklike beginsels ter sprake is. Alle pare van teenoorgesteldes soos goed/lig teenoor kwaad/duister is slegs dualisties as dit die grondbeginsels of grondoorsake van die wêreld in sy samestellende elemente insluit. Hy (Bianchi 1987:506) illustreer met die dualisme van die Bogomils - waar Satan deur God geskep is en Satan weer op sy beurt die menslike liggaam geskep het - dat dit nie nodig is dat die pare ooreenkom wat onverminderbaarheid of mede-ewigheid aanbetref nie. Daar is dus nie sprake van dualisme as daar nie kosmogonie of antropogonie by betrokke is nie of dat die beginsels

verantwoordelik is vir die ontstaan van die wêreld en die mens is nie. Die konsep om die morele teenstelling tussen die begrip *goed* en *kwaad* en hul kampvegters te beklemtoon, is nie werklik dualisties van aard in die religieus-histories en fenomenologiese sin as *dit nie met die teenoorgestelde grondbeginsels van ontstaan/ontologie gekoppel word nie.* Dualisme is dus ’n meer spesifieke verskynsel.

Bianchi (1987:508) tipeer dualisme drieledig: (1) die radikale teenoor die getemperde dualisme waar die verskil op die basis van die verskillende gesigpunte van die twee grondbeginsels berus – die radikale veronderstel twee gelyke en mede-ewige grondbeginsels - albei bestaan en handel vanaf die heel begin - en by die getemperde dualisme bestaan slegs een oerbeginsel terwyl ’n tweede daaruit voortspruit deur middel van byvoorbeeld ’n insident in ’n proloog in die hemel; die tweede beginsel speel ook ’n vername rol in die ontstaan van die wêreld; (2) die dialektiese teenoor die eskatologiese dualisme – by die dialektiese funksioneer die grondbeginsels tot in ewigheid en by laasgenoemde nie, maar eerder dat die kwade aan die einde van die geskiedenis sal ondergaan: dialekties is gewoonlik radikaal van aard, terwyl eskatologies radikaal of getemperd kan wees; (3) die kosmiese teenoor die anti-kosmiese dualisme – kosmiese dualisme gaan van die standpunt uit dat die skepping uit sig self goed is en dat die kwade van buite af kom – soos byvoorbeeld Zoroastrisme. Mary Boyce (1975:230) noem dit ook pro-kosmiese dualisme. Daarteenoor staan anti-kosmiese dualisme met die idee dat die kwade intrinsiek aan die wêreld is – verteenwoordig in ’n negatiewe vorm soos materie, die liggaam of die ondergeskikte siel.

Shaked (1967:233) is van mening dat die term dualisme as religieuse tipologie misleidend kan wees as dit te rigied toegepas word en volgens hom het daar nog nie so ’n geloof in twee gelyke magte van goed en kwaad met gelyke kapasiteit en outoriteit bestaan nie.

Otzen (1990:170) knoop dualisme aan die Apokaliptiek deurdat hy dit as die “kleinste gemene deler” van al die baie konsepte en idees van die Apokaliptiek beskou en as “Leitmotiv” bespreek hy Apokaliptiek as kosmiese dualisme, antropologies-etiese dualisme en eskatologiese dualisme. Hierby sluit Nickelsburg (1991:62) se opsomming na ’n bespreking van *1 Henog* ten nouste aan:

> “…we may properly use the term ‘apocalyptic’ to characterize the texts in 1 Enoch, because the claim to revelation or, indeed the literary form that presents this claim, is not accidental to the text, but is essential to its world-view, or construction of reality. The authors’revelations are the salvific means by which the readers bridge and overcome the dualisms that are the very nature of reality as they understand and experience it.”

Duhaime (1987:34-35) is van mening dat die **kombinasie** van verskillende tipes dualisme in ’n enkele eenheid aanduidend van ’n evolusie van denke, of die samevloei van vorige geïsoleerde

teologiese strominge kan wees en dat ’n mens bedag op die verskillende dualismes in ’n teks moet wees en ook die kombinasie behoorlik moet takseer.

2.4 MITOLOGIE/GEVEGSMITE

> “Rather than denying myth in revelation, those who seek to enter into the spirit of biblical tradition should exalt myth as a proven path by which to approach the divine *mysterium tremendum*” (Batto 1992:173).

Die kontroverse om die erkenning van mitologiese sinspelings in apokaliptiese literatuur hang gedeeltelik saam met die ongunstige verskeidenheid van maniere waarop die woord “mite” gebruik word (Collins 1998a:18). Volgens Collins (1998a:18) word “mite’ in Bybelse studies gebruik om na die religieuse stories van die Ou Nabye Ooste en Grieks-Romeinse wêreld te verwys en “mitologiese sinspelings” in die apokaliptiese literatuur dui op motiewe en patrone wat oorspronklik van die stories afgelei is. Hy (Collins 1998a:19) beklemtoon dat ’n mitologiese sinspeling nie dieselfde betekenis en verwysing in ’n apokaliptiese konteks dra as wat dit in die oorspronklike mite gehad het nie [12]– deur analogie en assosiasies verryk dit die krag van kommunikasie van die taal. Volgens Hanekom (1993:214) is die funksies van die mite onlosmaakbaar gekoppel aan die funksies van die taal en kan dit performatief; ekspressief of evokatief; en faties of referensieel funksioneer.

Clifford (1999:7,35) beskou die “combat myth”/gevegsmite as een van die mees langslewende genres in antieke literatuur, wat ’n groot invloed op die volwaardige apokaliptiese werke gehad het en wat ’n belangrike sleutel is om onderliggende kwessies van apokaliptiese werke te verstaan. Elke hoof-kultuur van die antieke oos-Mediterreense wêreld het ten minste een eie weergawe van so ’n gevegsmite: die stryd tussen Marduk en Tiamat in Babilon; die worsteling tussen Baäl en See/Jam in die Kanaänitiese literatuur; die konflik tussen Horus en Seth in Egipte; en van Apollo met Piton in Griekeland (Yarbro Collins 1976:2).

Daar is nie ’n ideale vorm vir die gevegsmite nie, maar ’n volgehoue intrige kan uitgelig word: ’n mag (dikwels voorgestel as ’n monster) ontketen angs en verwarring by die byeenkoms van die gode deur die bedreiging van die kosmiese en politiese orde; die vergadering of die president verlaat hom op ’n jonger god om die vyandige mag te bekamp by gebrek aan ’n geskikte aanvoerder

---

[12]“Die waarde van die geleende element is dus nie te bepaal net in terme van ’n **oorspronklike** konteks nie, maar ook in terme van die **nuwe** konteks” (Hanekom 1993:184).

onder die ouer garde; die jonger god verslaan die monster en skep die wêreld (asook die mense) of herstel eenvoudig die vorige orde, bou ’n paleis en word deur die ander gode as koning uitgeroep (Clifford 1999:7). Yarbro Collins (1976:2; 58-60) brei verder uit op die “basiese patroon” deur die dood van die aanvoerder; tydelike heersing deur die monster/draak en herstel van die aanvoerder in te voeg.

Die drie gevegsmites wat volgens Clifford (1999:7) in Mesopotamië genoegsaam bewaar is om te kan analiseer, is die Sumeriese *Lugal-e* van die laat derde millennium; die Akkadiese *Anzu* wat nog bestaande in ’n ou Babiloniese en ’n standaard (vroeg-eerste-millennium) weergawe is; en die *Enuma Elish* wat verskillend in die agtiende, veertiende en meer gebruiklik in die twaalfde eeu gedateer word… “Each influenced its successor”. Van die kenmerke wat hy (Clifford 1999:8-10) uit *Lugl-e* bespreek en deurtrek na *Daniël* en *Openbaring*, is die oordeel oor die vyand wat na die oorwinning volg en die herstel van die oorspronklike orde deur die god wat die oorwinning behaal – laasgenoemde is slegs van toepassing op *Openbaring* (21:1). Uit *Anzu* haal hy die samegestelde dierefiguur van die monster uit, wat in *Daniël* en *Openbaring* die bose simboliseer. In *Enuma Elish* word goddelike oorwinningsverheerliking met skepping verbind en die skepping word in die bou van ’n tempel of tempelstad voorgestel – *Jesaja* 65-66 en *Openbaring* 19-22.

Die ooreenkoms tussen die Mesopotamiese gevegsmites en die Kanaänitiese Baälsiklus is opvallend, maar dis veral die ooreenkoms tussen die poëtiese tradisie van die Baälsiklus en die vroeë Bybelse poësie wat dit meer pertinent aan latere apokaliptiese literatuur koppel – aldus Clifford (1999:22). Vir Hanekom (1993:184) is dit “haas ondenkbaar dat Israel in ’n mite-gelaaide kultuurwêreld kon leef sonder enige beïnvloeding”.

Clifford (1999:30-34) onderskei 4 stadia in die gebruik van die gevegsmite deur Israel:

12) die vroeë poësie soos in *Eksodus* 15

13) liturgiese poësie (psalms) van die monargale tydperk

14) literatuur van die Tweede Tempel-periode soos *Jesaja* 40-66 en *Sagaria* 9-14

15) en volwaardige apokaliptiese literatuur soos díe van *Daniël* 7 en *Openbaring* 12.

Volgens Forsyth (1987:204) was die visie van die eskatologiese oorlog waarvoor die broederskap hul voorberei het die mees dramatiese voorbeeld van die gevegsmite by Qumran. Dit is vervat in die teks bekend as die *Oorlogsrol* of die *Oorlog van die Seuns van die Lig en die Seuns van die Duisternis*, waarin die profesieë van *Esegiël* oor die finale oorlog van Gog en Magog en *Sagaria* se apokaliptiese eskatologie in ’n volskaalse militêre beskrywing volledig met detail van strategie en oorlogbaniere volgens Hellenistiese en Romeinse modelle, ontwikkel.

Die gevegsmite het ook in die Griekse mitologie in die verhale om Zeus se stryd om sy koningskap oor die gode te behou, voorgekom: Zeus het die koning van die gode geword nadat hy die Titane oorrompel het. Aarde was ontevrede daaroor en het die Reuse geskep om oorlog teen die gode te maak. Die Reuse was baie harig en het draakskubbe op hul voete gehad. Herakles het die gode gehelp om hulle te oorwin. Zeus moes ook die monster, Tufon oorwin om kosmiese orde en sy eie koningskap te herstel. Tufon het die gestalte van ’n mens gehad, behalwe dat hy ook vlerke gehad het en dat sy bene en voete uit groot slangspirale bestaan het.

Hanekom (1993:240-241) gebruik die “neutedop-leuse” *mities-metaforiese retoriese lense* vir die mitiese elemente wat die skrywers van die Bybel aan hul hoorders en lesers verskaf, veral ten opsigte van die teks van *Openbaring* en as sulks is laasgenoemde vir hom nie primêr gefokus op die “apokaliptiese spekulasie rakende die verloop van die geskiedenis of om ’n skedule vir die gebeure van die eindtyd te gee nie”, maar eerder op die “herstel van skeefgetrekte waardes en persepsies”.

2.5 HEILIGE OORLOG

Ollenburger (1991:3) haal ’n bekende gedeelte uit Julius Wellhausen se boek, *Prolegomena to the History of Ancient Israel* (1885), aan waarin hy die betekenis van oorlog in Israel se religie beklemtoon:

> “It was most especially in the graver moments of its history that Israel awoke to full consciousness of itself and Jehovah. Now, at that time and for centuries afterwards, the highwater marks of history were indicated by the wars it recorded. The name “Israel” means “El does battle,” and Jehovah was the warrior El, after whom the nation styled itself. The camp was, so to speak, at once the cradle in which the nation was nursed and the Smithy in which it was welded into unity; it was also the primitive sanctuary. There Israel was, and there was Jehovah.”

Die navorser Schwally [13] het dit verder gevoer deur oorlogsvoering in Israel met die sentrale religieuse opvatting van *Jahwe* as ’n verbondsgod te assosieer - dit is dan uit sy boek wat die term “heilige oorlog” oorgeneem is en deel van die navorsingsleksikon geword het. Dit kom van die Arabiese *jihad*, “heilige oorlog” wat in klassieke Islam dui op oorloë wat gevoer is om heidene tot bekering te bring (Ollenburger 1991:4-6).

---

[13] Ollenberger (1991:1-33) verwys in sy inleiding tot die vertaling van Von Rad se boek *Holy War in Ancient Israel* na Schwally se eerste “sistematiese” studie oor die onderwerp, nl. *Der heilige Krieg im alten Israel* in die eerste volume van *Semitische Kriegsaltertümer* (Leipzig: Deiterich, 1901).

Dit is egter Von Rad se teorie in *Holy War in Ancient Israel* wat volgens Ollenburger (1991:1) die standaard vir verdere navorsing – ten spyte van betekenisvolle kritiek – daargestel het en ’n ware klassieke werk geword het. Von Rad se vorm-kritiese studie van die Heksateug en sy oorsig van Israelitiese historiografie het die basis van die metodologie en geskiedenis van sy studie gevorm en sy ondersoek na Deuteronomium het hom in staat gestel om die strikvraag na die herverskyning van ’n tradisie wat eeue vantevore met Salomo tot ’n einde gekom het, te probeer ontrafel (Ollenburger 1991:21). Smend[14] het die hoofkomponent van Von Rad se teorie: dat heilige oorlog ’n kultiese instelling van die amfiktionie - die kultiese en politiese organisering van die 12 stamme voor die monargale tydperk – was, bevraagteken (Ollenburger 1991:23). Meer onlangse studie het die mitologiese dimensies en oorsprong van Israel se *Jahwe*-oorlog beklemtoon. Konsensus is sover bereik oor Von Rad se gevolgtrekking dat die tradisie van heilige oorlog (of Jahwe-oorlog) ’n instrument van profetiese kritiek teen die koninklike hof was. Lind [15] beskou *Eksodus* 15 - die oudste teks van die HB - as die normatiewe paradigma van heilige oorlog nl. die beklemtoning van *Jahwe* wat alleen die oorwinning aan Israel besorg; dit lê aan die begin van die tradisie van die *Jahwe*-oorlog en Israel se geskiedenis .

Volgens Kang (1989:2) is daar ’n konsensus onder navorsers dat die oorloë van antieke Israel nie “heilige oorloë” genoem kan word nie, maar wel JHWH-oorloë, aangesien dit om die bestaan van die Israeliete as ’n volk gegaan het en nie as “Glaubenskrieg” (of *Jihad* van die Moslems) om hul geloof te versprei nie: JHWH-oorlog is nie ’n sakrale gebeurtenis nie, maar ’n historiese realiteit van ’n geveg met religieuse dimensies. Die motief van die JHWH-oorlog is omskep na die dag van JHWH deur die 8ste-eeuprofete en later as die dag van kosmiese ingryping van JHWH in die kultiese konteks van die na-ballingskapperiode (Kang 1989:2). Die slotsom waartoe hy (Kang 1989:224) kom, is dat dit in die oorloë van Dawid was dat dit as die hofsaak van JHWH en sy tussenkoms erken is.

Bauckham (1988:17) is van mening dat die tema van die “heilige oorlog” ’n prominente rol in die Joodse eskatologiese verwagting speel deurdat die finale oorwinning van die heilige Kryger oor sy volk se vyande, asook sy eie vyande in die toekoms voltrek sal word. Die tradisie van ’n eskatologiese of messiaanse heilige oorlog bevat volgens hom (Bauckham 1988:17) twee vorme:

---

[14] Hier verwys Ollenberger (1991:22) na *Yahweh War and Tribal War* deur Rudolf Smend wat vir die eerste keer in 1963 gepubliseer is.

[15] Lind se sieninge oor die teologie van Israel aangaande oorlogvoering en gepaardgaande politiek is opgeneem in *Monotheism, Power, Justice: Collected Old Testament Essays*. Text Reader Series 3 (Elkhart: Institute of Mennonite Studies, 1990).

die een waar die oorwinning slegs deur God of deur God en sy hemelse leërmagte behaal word en die ander een waar sy mense aktief deelneem aan die fisiese stryd teen hulle vyande. Hy haal aan uit die HB om die ideale heilige oorlog, waar die Goddelike Kryger geen menslike hulp benodig, te illustreer. Dit is vir hom tekenend van die proto-apokaliptiese gedeeltes van die HB en dit oorheers in die volwaardige apokaliptiese gedeeltes. Die konflik ontwikkel in die boek *Daniël* en die *Testament van Moses* in ’n dualistiese een tussen bonatuurlike magte van goed en kwaad en die werklike oorwinning word deur *Migael*, Israel se beskermengel, in die bonatuurlike sfere behaal.

As voorbeeld van die tweede vorm verwys Bauckham (1988:18) na die *Oorlogsrol* van Qumran, wat fyn besonderhede oor ’n eskatologiese heilige oorlog waarin die leërs van Israel deelneem, bevat.

Die term “heilige oorlog” word nie in die Bybel gebruik nie. Lohfink (1991:109) haal aan uit *Joël* 3:9: “…heilig ’n oorlog!” om die naaste uitdrukking daaraan aan te dui. Volgens hom (Lohfink 1991:109) was dit algemene gebruik in die antieke wêreld dat enige oorlog, staatsontvangs en feesonthaal omgewe van religieuse ritueel was en in daardie sin as “heilige oorlog”, “heilige ontvangs” en “heilige banket” bestempel kan word. Israel het wel van die ander nasies verskil deurdat hy in sy lang en pynvolle geskiedenis probeer het om hom te ontwar uit ’n wêreld wat geweld sakraal verklaar het (Lohfink 1991:109). Volgens hom (Lohfink 1991:111) was Israel se God van die begin af “Jahwe, die krygsman” en selfs toe die skuif van wraak na *God* se hand verplaas is en nie-geweld voorgestaan is, is nog gewelddadige eienskappe aan hom toegedig - dit was egter altyd duidelik dat *God* nooit aan die kant van die vervolger was nie, maar wel aan die kant van die vervolgde.

HOOFSTUK 3: OORSIG VAN DIE TEKSTE

Stelselmatig beweeg ons nader aan die fokus van die navorsing: die tekste self. Vir ‘n sinvolle holistiese vergelykende ondersoek is dit noodsaaklik om die drie tekste eers afsonderlik onder die loep te neem en in hul eie besondere matriks te plaas.

3.1A GATHAS/BAHMAN YASHT

Volgens die *Dēnkart* (‘n latere Pahlavi-boek) was daar oorspronklik twee afskrifte van die *Avesta* in die Achaemeniede tydperk in omloop. Die geskrifte is gedurende die invalle van Alexander (330 v.C) erg beskadig. Die fragmente is eers in ongeveer 309-379 in 21 boeke, die *Nasks* versamel (sien ook 3.1A.2.2.1.1). Die invalle en verowering van Iran deur die Arabiere (641 n.C.) het weer eens sy tol geëis: na die 9de eeu is die meeste van die *Avesta Nasks*, sowel as die vertalings in Pahlavi daarvan vernietig (Karanjia 2005:5).

Avesta (die taal van die *Avesta*) is die oudste bestaande Iraanse taal en is in twee dialekte bewaar: “Ou” en “Jong(er)”/Nuwe Avesta. Die *Gathas* is in die Ou Avesta geskryf en vorm die kern van die *Yasna*, die liturgie van die Zoroastrisme, wat ongeveer twee vyfdes van die bestaande *Avesta* uitmaak. ‘n Alfabetiese skrif met vokale is eers in die middel van die Sassaniede tydperk ontwikkel om ‘n presiese weergawe van die fonetiese eienaardighede en uitspraak van die mondelinge oordrag van die teks van die *Avesta* te verseker (Humbach&Ichaporia 1994:15). Vertaling word bemoeilik deur die verandering wat by woorde plaasvind, wanneer hulle in verskillende kombinasies langs mekaar gebruik word. Dit staan bekend as Sandhi. Daarby moet die naamwoorde, adjektiewe, voornaamwoorde en deelwoorde met ‘n spesifieke uitgang vervoeg word, afhangende van die naamval, waarin dit in die sin gebruik word. Die *Gathas* word beskou as die moeilikste deel van die *Avesta* om te vertaal, vanweë die praktiese probleme, sowel as die dubbelsinnigheid in die poëtiese taal. Grammatikale raaisels is al deur die vergelyking met die Indiese *Rigveda* opgelos (Insler 1975:1; sien ook Irani 1993:v). Dit spreek vanself dat dit slegs deur ‘n kenner en jarelange navorsing gedoen kan word. Insler (1975:20-21) beskryf sy vertaling as meer letterlik in ‘n poging om nie sy eie interpretasie voorop te stel nie en dit meer “oop” vir verdere navorsing te laat. Hy het hoofsaaklik die teks van die manuskrip soos dit deur Humbach (1959, I) [16] aangebied is, gevolg. Vir die vergelykende studie het die keuse op Insler se vertaling en kommentaar geval, met bykomende verwysings na ander beskikbare vertalings en/of transkripsies van Nanavutty (1999); Humbach en

[16] Humbach, H 1959. *Die Gathas des Zarathustra.* Band I : Einleitung, Text, Übersetzung, Paraphrase: Band II Kommentar. Heidelberg.

Ichaporia (1994); Ichaporia (1993); Humbach (1991); Boyce (1984) en Darmesteter (1883). Waar moontlik het ek dit in Afrikaans vertaal, maar wanneer die nuanse dubbelsinnig in Afrikaans verstaan kon word, het ek by die Engels volstaan. Treffende vertalings is ook verkieslik so gelaat.

Vir die *Bahman Yasht* is die vertaling en indeling volgens West (1880) gebruik met verwysings na die nuwer vertaling en indeling van Cereti (1995). Cereti (1995:8) het die indeling volgens die model van Anklesaria (1957) [17] gedoen. Die twee belangrikste manuskripte, waarin die *Bahman Yasht* voorkom, is K20 en kodeks DH (Cereti 1995:2-5). K20 bestaan uit 173 folios en dateer uit 1397. Kodeks DH is 200 jaar later in 1577 saamgestel en bestaan uit 137 folios. Pahlavi word ook nie meer as spreektaal gebruik nie. Dit bemoeilik die vertaling.

3.1A.1 TEMA/DOELSTELLING

3.1A.1.1 GATHAS

Die *Gathas* van Zarathushtra maak die kern van die aanbiddingsliturgie, die *Yasna*, van die Zoroastrisme uit. In die liturgie neem dit die plek van Heilige Gesange in. Dit word as *Manthras* – die Heilige Woorde van Krag - omskryf wat die Wysheid van *Ahura Mazda* aan sy *Ashavan* deur Zarathushtra in geïnspireerde, maar ook verwikkelde gedigte wil oordra. Die inhoud is dikwels so gekonsentreerd (soos kenmerkend van poësie – "amount and diversity integrated") dat dit die betekenis versluier; daarom dat daar soms uiteenlopende vertalings – soos sal blyk uit die nadere ondersoek – gekry word. Die *Gathas* word meestal deur die intieme gesprekstoon van gebede in die kommunikasie van Zarathushtra met *Ahura Mazda* gekenmerk. Dit word veral deur *Yasna* 44 geïllustreer waar 19 van die 20 verse begin met:

taṭ θwā pərəsā ərəš mōi vaocā ahurā

"Dit vra ek U. Vertel my waarlik, Meester …"

Met die insigte wat hy van *Ahura Mazda* verkry, wil hy die "Goeie Religie" aan sy hoorders verkondig.

3.1A.1.2 BAHMAN YASHT

Die *Bahman Yasht/Zand-I Wahman Yasn* word as 'n apokalips uit die antieke Zoroastrisme beskou, maar wat uit verskillende era-lae uit die tradisie bestaan (sien **1.4**). Die geskrif wil die verwagting van 'n beter toekoms in skerp teenstelling met die uitbeelding van die haglike toestande voor die

[17] Anklesaria, B T 1957. Zand î Vohûman Yasn and two Pahlavi Fragments with Text, Transliteration, and Translation in English. Bombay.

vernietiging van die Bose magte, aanwakker. Dit word deur ‘n profesie en drome deur *Ahura Mazda* aan Zarathushtra bekend gemaak.

3.1A.2 AGTERGROND/KONTEKS

3.1A.2.1 HISTORIES

3.1A.2.1.1 DATERING

Daar is reeds in die inleidende hoofstuk verwys na die ernstige problematiek om die datering van geskrifte van die Zoroastrisme. Die drie hoof teksbronne van die Zoroastrisme is die Avesta, die Oud-Persiese inskripsies en die ander Zoroastriese literatuur in Pahlavi en Nuut-Persies. Mary Boyce (1987:9) skryf die ‘skadukant’ van die teenwoordigheid van die Zoroastrisme in die Judao-Christelike wêreld toe aan die antikwiteit van die Iraanse religie. Dit word verder versterk deur die geweldige konserwatisme van die erfpriesters, wat verkies het om die heilige tekste liefs aan hul geheue toe te vertrou, as om dit in ‘n vreemde en onbetroubare skrif en taal, wat vir sekulêre doeleindes ook gebruik is, neer te skryf. Na verloop van meer as ‘n duisend jaar is die Avesta-alfabet met 44 letters ontwerp om die presiese klanke van die antieke heilige taal weer te gee en die hele *Avesta* is eers in die 5de of 6de eeu n.C. neergeskryf. Terselfdertyd is die *zand* of die vertaling in die destydse omgangstaal, Middel-Persies of Pahlavi geskryf. Onder die Islamse tydperk het slegs die liturgiese dele van die *Avesta* behoue gebly; die res is vernietig. Huidig moet navorsers vertrou op die sistematiese uitleg van die leerstellings in die oorblywende *zand*; en die onvoldoende skrif wat latere jare tot slegs 14 letters ingekort is. Die bykomende kantaantekeninge en kommentare in die daaropvolgende jare maak dit geen maklike taak nie en dra by tot die huiwering van navorsers om hul op die onsekere terrein te begewe. Tot die 5de eeu v.C. is daar ook geen noemenswaardige tempels of altare wat met inskripsies die leemte kan aanvul nie, aangesien die vroeë aanhangers van die Zoroastrisme in die buitelug of by die huisaltare aanbid het. Tog is daar al bewyse van argeoloë en numismatici gelewer dat Jode saam met afstammelinge van Iraanse koloniste uit die Achaemeniede tyd in dorpe soos Sardis, Hypaipa en Frigiese Apamea in Klein Asië gebly het en die gemeenskaplike taal, Grieks gebesig het (Boyce 1987:11).

Hierdie moeilike taak van datering word in ‘n mate makliker gemaak deurdat die Ou Avesta-taal baie na aan die Vediese taal van die Rigvediese himnes lê. Laasgenoemde word tans beraam om ongeveer in 1500 v.C. saamgestel te wees en het bygedra om die Ou Avesta rondom die jare 1200 v.C. en die Jong Avesta in 800 v.C. te plaas (Boyce 2003:xiii).

Die Oud-Persiese inskripsies kan ook meer akkuraat gedateer word aangesien dit uit die heerskappy van Darius, Xerxes en Artaxerxes II kom en hoewel hulle nie religieuse dokumente is nie, verwys hul tog na gode, rituele en religieuse idees (De Jong 1997:41).

Konsensus is al oor die datering van die finale weergawe van die *Zand ī Wahman Yasn/Bahman Yasht* in die Islamse tydperk bereik, maar daar is nog kontroverse oor die datering van die inhoud daarvan - veral t.o.v. die oorsprong van die mite oor die indeling van die 4 en 7 eras van die wêreld (Cereti 1995:15). Cereti (1995:16-27) gee ‘n opsomming van die bekendste navorsers se menings oor die aspek en kom tot die gevolgtrekking dat hoofsaaklik 3 *strata* waarneembaar is:

die ou mitiese temas wat deur die held *Pišōtan* verteenwoordig word;

verwysings na die laat-Sassaniede tydperk soos bv. die lys van eras, die held *Kay Wahrām* en die 3 vyande die Turke, Bisantyne en die Arabiere;

die post-Sassaniede tydperk met die verwysing na die ontvlugting van *Pērōs*, seun van *Yazdegard* na Sentraal-Asië.

3.1A.2.1.2 SAMESTELLER

Daar is al baie navorsing gedoen oor die tydgleuf waarin Zarathushtra - in die Weste as Zoroaster by die antieke Grieke bekend - geleef het. Die antieke klassieke skrywers soos Diogenes Laertes, Eudoxus, Plutarchus en Plinius die Ouere het hom in hul geskrifte sover terug as in die 7de millennium v.C. geplaas. Ander Iraanse, Mesopotamiese, Griekse en latere Arabiese bronne het hom 258 jaar voor Alexander die Grote, dus ongeveer 588 v.C. geplaas (Choksy 2005: 9988). Linguïstiese en argeologiese data van Sentraal-Asië het gedui op 1800 – 1500 v.C. en volgens die inligting tot op datum word dit algemeen deur navorsers aanvaar dat Zarathushtra in die laat Bronstydperk moes geleef het – in verre antieke tyd - en die eerste stigter van ‘n geloofsreligie was**.** Die hoofbron van inligting oor die profeet is in die *Avesta*, veral die *Gathas*, vervat. Zarathushtra het 17 himnes in 5 *Gathas* saamgestel wat as ‘geïnspireerde, passievolle uitinge’ deur Mary Boyce (2003:17) beskryf is en wat gekenmerk word deur subtiele sinspelings in ‘n ryk en komplekse styl. Clark (1998:2) vergelyk die G*athas* met die psalms van die HB en beskryf hul as baie persoonlik; dikwels vervul met angs en ander kere weer met vreugde. Die meeste van die himnes is aan *Ahura Mazda* gerig en Zarathushtra het geglo dat hy ‘n boodskap aan die mensdom aan hom toevertrou het. Hierdie werke is deur sy volgelinge mondelings bewaar totdat dit eers in die tydperk van die Sassaniede, heersers van die derde Iraanse ryk in Middel-Persies of Pahlavi neergeskryf is.

In die *Gathas* beskryf hy homself as ‘n ‘zoatar’ wat op ‘n volle gekwalifiseerde priester dui. Dit sou volgens die Brahmaanse en Zoroastristiese tradisies beteken dat hy reeds op ‘n vroeë ouderdom ‘n strawwe opleiding deurgaan het. Die ou heilige *manthras* moes presies gememoriseer word, asook

die name en aanspreekvorme van die gode en die korrekte manier om die rituele uit te voer. Hy beskryf homself as ‘n *manthran* in *Yasna* 32.13 en 50.6 wat heilige waarhede en bevele verkondig het en sy aanhoorders tot gehoorsaamheid gemaan het. Daaruit vloei die beskrywing as ‘n profeet en is Zarathushtra die enigste stigter van ‘n geloofsreligie wat as profeet en priester beskou word.

Zarathushtra was bekend as die seun van Pourushaspa en Dughdhova van die Spitaman-familie.

Volgens tradisie was hy 30 jaar oud toe hy met dagbreek water by ‘n rivier vir die haoma-seremonie gaan haal het en hy ‘n visioen gehad het. Hy het op die rivierwal ‘n ‘helder Wese’ gesien wat hom as *Vohu Manah* ‘Goeie Doel/Denke/Gedagte’ voorgestel het en hom na *Ahura Mazda* en nog vyf ander skynende figure geneem het. Hulle is die *Amesha Spentas* of Oorvloedige/ Heilige Onsterflikes wat saam met Ahura Mazda die heilige Heptad vorm. (*Spenta Mainyu*, die Heilige Gees vorm saam met Ahura Mazda ‘n eenheid.) Van hulle het Zarathushtra sy openbaring ontvang.

Zarathushtra het aanvanklik teenkanting teen sy geloofsoortuiginge ervaar. Daar was selfs diegene wat dit met geweld wou onderdruk. Hy was ook ‘n profeet wat nie erkenning in sy eie kring gekry het nie (*Yasna* 46.1). Interessant dat dit in daardie vroeë tye ‘n vrou– Hutaosa - uit ‘n ander sibbe was, wat Zarathushtra se leringe sterk aangehang het en dat dit haar man - Kavi Vištaspa – was, wat Zarathushtra goedgesind was en beskerming aan hom verleen het sodat sy gemeente kon gedy. Tradisie wil dit hê dat hy met met drie vroue getroud was en en ses kinders gehad het. In *Yasna* 53 word verwys na die troue van Zarathushtra se dogter, Pouruchista met Jamasp. Hy sou op sewe-en-sewentigjarige leeftyd deur ‘n *karapan*, ‘n priester, Bradres vermoor gewees het.

3.1A.2.1.3 SITUASIE

3.1A.2.1.3.1 OORKOEPELENDE TYDPERK

Gedagtig daaraan dat die ou tradisies van die geskrifte van die Zoroastrisme eers vanaf die 5de en 6de eeu n.C. neergeskryf is en dat daar heel moontlik era-lae daarin voorkom, is dit noodsaaklik dat die oorsig van die historiese konteks vanaf die beginjare tot die Sassaniede tydperk gevoer sal word.

In die verre verlede het die Ariërs van die Proto-Indo-Europese volke afgesplinter en vanaf die sentrale Eurasiese plato hul langsamerhand in Indië en Persië gevestig. Hul staan bekend as die Indo-Iraniërs. Hulle het heel waarskynlik aan die begin van die derde millennium v.C. as twee afsonderlike groepe – die Indiërs en die Iraniërs – ontwikkel (Boyce 2003:2). Volgens Boyce (1992:42) dui uitgrawings van ‘n begraafplaas by Kashan in die weste van Iran op ‘n gemengde groep bewoners wat deur ‘n nuwe groep oorheers is. Die daaropvolgende geskiedenis van die streek dui dié groep as die Wes-Iraniërs aan, wat as die voorouers van die Mede en die Perse beskou word. So word ook geraam dat die Oos-Iraniërs op daardie tydstip nog ‘n pastorale bestaan op die steppe gevoer het.

Die eerste melding van Iraniërs kom voor in die 9de eeu v.C. in die aantekeninge van die militêre ekspedisies van die Assiriërs op die Iraanse plato en wel by die name van die Mede en die Perse. Die Mede het die Assiriese Ryk in die jare 614-612 v.C. oorwin en dit was waarskynlik gedurende die 60 jaar van hul oorheersing dat die Zoroastrisme ook by die Iraniërs in die weste posgevat het (Boyce 2003:49). In 549 v.C. het Kores, die Grote, uit die Achaemeniede familie, die Perse tot oorwinning oor die Mede gelei en het hy ook Klein-Asië en Babilonië en al die Oos-Iraniërs onder sy heerskappy gebring. Die lande het hul as aanhangers van die Zoroastrisme leer ken.

Kores het egter nie die Iraanse religie op die oorwonnenes afgedwing nie en het ‘n beleid van toleransie en ‘n redelike mate van selfbestuur toegepas as strategie om orde en vrede in sy Ryk te handhaaf. So het dit gebeur dat hy die Joodse bannelinge in Babilonië toegelaat het om na Jerusalem terug te keer om die tempel te gaan herbou. Hierdie handeling van toegeneentheid laat die profeet Jesaja, Kores besing as die ‘dienskneg’ en ‘Uitverkorene’ van *Jahwe* (*Jes*. 42:1,4) en as die ‘herder’ (*Jes*.44:28) en ‘gesalfde’(*Jes*. 45:1).

Gedurende hierdie tyd was die *lingua franca* Aramees, maar vir koninklike inskripsies is hul eie Persiese taal in ‘n spesiale spykerskrif gebruik. Dit dra by tot die afleiding dat hul skepties teenoor die nuwe skrifkuns gestaan het en dat die priesters dit nie as geskik geag het om die heilige skrifte neer te skryf nie (Boyce 2003:50).

Kores se seun, Kambuses, het die Persiese Ryk na die Weste uitgebrei en in 515 v.C. het hy ook Egipte verslaan. Darius het die ondergrawing deur Gaumata onderdruk en staan bekend as díe Achaemeniede heerser wat die Persiese Ryk gekonsolideer en gestabiliseer het en nog verder na die Swart- en Egeïese See uitgebrei het. Hy was ‘n bekwame militêre leier en organiseerder en sy sin na waarheid en regverdigheid het aanleiding tot die opstelling van ‘n wetskode vir die Ryk gegee. In sy koninklike inskripsies stel hy dit duidelik dat hy deur die genade van *Ahura Mazda* koning is en deur hom sukses behaal. Alhoewel daar nie verdere verwysings na basiese Zoroaster-beginsels is nie, word dit algemeen aanvaar dat Zoroastrisme die staatsreligie van die Achaemeniede Ryk geword het en daardeur heel moontlik die belangrikste religie van daardie tyd was (Hinnells 1985:12). Na sy dood het die mag van die Persiese Ryk gestadig begin taan totdat die dubbele aanslag van interne kragte van ontbinding en aanhoudende opstande gelei het tot die oorrompeling deur Alexander die Grote van Masedonië. Die finale nekslag van die Achaemeniede Ryk het in 331 v.C. by Gaugamela plaasgevind.

Alexander die Grote was slegs twintig jaar toe hy sy vader opgevolg het en het die daaropvolgende 13 jaar tot sy dood in 323 v.C. met ongekende strategie - deur ligte infanterie soldate en weldeurdagte beplanning - die hele ou Nabye Ooste (Klein-Asië, Palestina, Egipte, Mesopotamië, Persië) en dele van Indië onder Griekse heerskappy gebring.

Met sy veldslae het hy die gramskap van die Zoroastriste op die hals gehaal en is hy as die 'vervloekte'(*guzastag*) waarmee slegs *Ahriman* (die Bose Gees) ook beskryf word, onthou; asook dat hy 'magi' en baie onderwysers, prokureurs, *herbads* en *mobads* (Zoroastriese priesters) om die lewe gebring het (Boyce 2003:78; Boyce&Grenet 1991:12). In die daaropvolgende magstryd tussen die vier Masedoniese generaals het van die Iraanse troepe op eie bodem aan opponerende gevegsmagte deelgeneem en onder die strawwe ontberings van oorlog gebuk gegaan. Die meeste Zoroastriste het uiteindelik na die sukses van die Ptolomeërs (in Egipte) en die Seleukiede in die Ryk van die Seleukiede (312-190 v.C.) in Asië gewoon.

Die Seleukiede het in Persië baie van die Achaemeniede-administrasie behou en slegs die satrapieë na provinsies hernoem. Elke provinsie het sy eie goewerneur met heelwat seggenskap behou. Net soos Alexander het hul wel stede regoor Iran op strategiese plekke gestig. Die stede is deur Griekse soldate en setlaars bevolk om die oorname te bevestig. Grieks moes as offisiële taal bemeester word, maar Aramees is nog as voertaal en in die skryfkuns behou en is later ontwikkel tot Parties, Middel-Persies, Medies, Sogdies en Khwarezmies (Boyce 2003:80).

Die Parte het vanaf ongeveer 246 v.C. begin om onder die leiding van Arsakes in opstand teen die Seleukiede te kom en onder Mithridates I en II hulle heerskappy vanaf Indië tot die westelike grense van Mesopotamië gevestig. Die Arsakiede het as konings oor vasaal-konings en adellikes geheers. Die Zoroastrisme het as religie van die Iraanse Ryk floreer.

Soos die Arsakiede het die Kushans weer in Baktrië 'n oorname-veldtog geloods en teen die eerste eeu 'n aansienlike gebied vir hul van dele uit die Partiese Ryk, Indië en Sentraal-Asië opgebou. Aanvanklik het die Zoroastrisme in die oorheersend Grieks-Baktrië 'n rol gespeel, maar die Kushans het meer na die Indiese kultuur geneig en het uiteindelik die Baktriese taal en Zoroastristiese elemente gelos ten gunste van Prakrit en Boeddhisme.

Bewyse van Zoroastrisme is ook in Armenië op die westelike grense van die Partiese Ryk gevind. Armenië was 'n satrapie onder die Achaemeniede. Gedurende die Seleukiede tydperk was die land verdeel in onafhanklike koninkryke met heersers met Persiese name. Met die opkoms van die Romeinse Ryk het Armenië as 'n bufferstaat tussen Parte en Rome ontwikkel totdat die Partiese koning in 62 n.C. sy jonger broer Tiridates op die troon geplaas het en die Arsakiede tot in die Sassaniede tydperk daar geheers het. Onder Tiridates tot in die latere tydperk van die Partiese Ryk het die Zoroastrisme oorheers, maar daarna in die Sassaniede tydperk het die Christelike godsdiens gefloreer.

In 224 n.C. is die Arsakiede dinastie deur Papak en sy ambisieuse seun, Ardashir omvergegooi. Binne twee jaar was die westelike provinsies onder laasgenoemde se heerskappy en na nog hewige gevegte ook die oostelike deel van Iran. Religie het hier 'n groot rol in die politiek gespeel.

Ardashir het slim van religieuse propaganda gebruik gemaak om die oorname van die Persiese Ryk te beklink. Hierin het hy ‘n bondgenoot in die hoofpriester, Tansar gehad. Hulle het geen maklike taak gehad nie, want die Sassaniede moes die oorname aan medegelowiges regverdig en nie soos die Arsakiede die heidense geloof van die Seleukiede oorweldig nie. Hulle moes hul mede-Iraniërs oortuig dat die nuwe dinastie van die Sassaniede meer eerbiedig, opreg en ortodoks as hul Partiese voorgangers was (Boyce 2003:102-103). Saam het hul die meer gematigde Arsakiede beleid met hul eie meer nougesette oortuigings vervang.

Kirder was die volgende bekende prelaat wat sy mag op religieuse gebied laat geld het. Hy het die aandrang op religieuse gelykvormigheid as ‘n kragtige politieke wapen gebruik. Hy het die koning, Shabuhr op sy Romeinse veldtogte vergesel en die gemeentes, hulle heilige vure en die priesters op die reise besoek. Hy het nog verder in statuur gegroei onder die heerskappy van Hormizd I en Vahram I en II en sy titel is verder uitgebrei van ‘mobad van *Ohrmazd*’ na ‘mobad en regter van die hele ryk.’ Hy het geglo dat die ander gelowe in Iran van die duiwel is en het dit heftig teengestaan. Hy was nie so suksesvol met die profeet, Mani se religie, Manigeïsme nie. Mani was ‘n Iraniër van Partiese adellike afkoms, maar het in Babilonië grootgeword en het ‘n eklektiese religie met Zoroastriese elemente, maar ook met basiese leerstellings van Judao-Christelike en Gnostiese tradisies daarin, verkondig. Alhoewel sy verdraaiing van die Zoroastristiese beginsels die priesters die harnas ingejaag het, moes hul hom verduur aangesien die koning, Shabur I hom baie goedgesind was en hom gedurende sy heerskappy aan die hof ontvang en beskerm het. Daar word vermoed dat Kirder self ook ‘n aanhanger van die Zurvanisme (sien p. 49) was. Gedurende die regeringstyd van Vahram I het Kirder die koning gemanipuleer om Mani te verhoor en tereg te stel.

In die vroeë tydperk het die Sassaniede, Persies i.p.v. Parties as die enigste amptelike taal van Iran geproklameer. Middel-Persies het dus baie Partiese woorde opgeneem en in díe taal is die Zoroastriese boeke geskryf.

Gedurende die heerskappy van Shabur II het politieke oorweginge religieuse vyandigheid versterk. Met Konstantyn se bevryding van die Christendom van verdrukking, het die Christelike geloof feitlik die staatsreligie van die Romeinse Ryk geword. Dit het daartoe gelei dat Shabuhr II in 322 die Christene begin vervolg het.

Vermoedelik is ook volgehou met die samestelling van die Middel-Persiese *Zand* en ander aanvullende Zoroastristiese literatuur. As reaksie teenoor die kerk se groeiende rykdom en meegaande eise het daar in die middel-Sassaniede tydperk nog ‘n dwaalleer, verwant aan Mani se leerstellings, deur die aanhangers van Mazdak ontstaan. Hy het ‘n simpatieke oor vir sy voorstelle vir sosiale hervorming by Kavad I gekry, maar daar is ‘n einde daaraan deur Khosrow gemaak en

Mazdak en baie van sy volgelinge is vermoor. Khosrow het vanaf 531 met ‘n ferme hand regeer en het die staatsreligie in stand gehou.

Teen hierdie tyd is die alfabet om die heilige skrifte van die *Avesta* neer te skryf, voltooi. Dit was gebaseer op die Pahlavi-model van die middel-Sassaniede tydperk en het uit 46 letters bestaan en kon meer bevredigend vir die Persiese priesters al die vokale en konsonante van die ou taal weergee. Daar is nie bewyse hoe lank die proses geduur het nie – slegs ‘n boek uit die 9de eeu meld dat die raad van Khosrow Anoshiravan die 21 dele (*nasks*) van die *Avesta* gepubliseer het (Boyce 2003: 135). Die 21 dele het met die 21 woorde van die *Ahunvar*-gebed ooreengestem en is verder onderverdeel in 3 groepe van 7 elk.

3.1A.2.1.4 ONMIDDELLIKE OMGEWING

3.1A.2.1.4.1 SOSIALE TAFEREEL

‘n Nuwe uitgawe van die *Yasna Haptanhaiti* (Aanbidding van die Sewe Hoofstukke) het gelei tot ‘n belangrike ontwikkeling in die studie van Zoroastrisme deurdat dié kort liturgie - wat saam met die *Gathas* en die twee mees heilige *mantras* die korpus van die *Ou Avesta*-tekste uitmaak – aan Zoroaster/Zarathustra self toegeskryf word (Boyce 2003:xiv). Dit het aangedui dat die sleutelbegrip van ‘*Amesha Spentas’* deur Zoroaster self gebruik is en dat die Indo-Iraniërs nie gepersonifieërde ‘abstraksies’ vereer het nie, maar wel die onsigbare kragte (Avestan *mainyu*-, Sanskrit *manyu*-) wat in alle dinge, lewendig of dood vasgevang was.

Verder bevestig die *Yasna Haptanhaiti* saam met die *Gathas* dat die *Ou Avesta*-samelewing waarin Zarathushtra geleef het, ‘n baie eenvoudige homogene sosiale struktuur met slegs een professionele groep, die priesters gehad het. Na die ander lede word slegs as ‘man’ en ‘vrou’ verwys. Mehr (2003:23) wys daarop dat die gebruik van woorde soos *nmana* (familie), *vis* (eenheid van ‘n nedersetting soos ‘n klan, dorpie of stad), *Zantu* (gebied) en *khshatra* (mense met dieselfde kultuur, belangstelling en aspirasies, vergelykbaar met ‘n nasie) in die *Avesta*, daarvan getuig dat Zarathushtra aan gevestigde mense in ‘n vertikale gestruktureerde gemeenskap en nie vir nomadiese swerwers gepreek het nie. Daar is geen verwysings na vreemdelinge, *anairya* nie.

Hy gebruik die ou samestelling van *pasu-vira* (beeste - mans) om die gemeenskap aan te dui. In *Yasna* 29 word “die siel van die koei” as metafoor vir die “Goeie Visie” gebruik. Dit bevestig die belangrike rol wat beeste, veral koeie in dié tyd gespeel het en spreek van die affiniteit tussen mens en dier. Perde en kamele word ook genoem en in samestellings vir eiename gebruik. “Zarathushtra” dra reeds die betekenis van “een wat bedrewe is met die hanteer van kamele” en “Jamasp”- “hy met die stewiggeboude perde” (Schwartz 1985a:659-660). Alles dui op ‘n pastorale samelewing met ‘n strewe na regverdigheid en vrede. Vroue word op gelyke vlak met mans genoem.

Dit blyk uit verskeie *Gathas* dat hul wel al bekend met die smelt van metale was – soos blyk uit die verwysing na die toets met die gesmelte metaal in *Yasna* 32.7 en 51.9.

Teenoor die rustige pastorale bestaan, beskryf Zarathushtra die gewelddadige aktiwiteite van swerwende buiters op die steppe. Met die nuwe bevindings van die argeoloë word hul beskryf as groepe mans wat as huursoldate diens in die suidelike koninkryke verrig het en met nuwe wapens en vegtegnieke teruggekeer het. (Die laat-Brons-era word bestempel as die era van die heroïese samelewing toe groot waarde aan eer en dapperheid en fisiese krag toegeskryf is.) Hul was op soek na verdere avontuur en vinnige rykdom eerder as om weer by die stil lewe van vee-oppas aan te sluit (Boyce 2003:xv). Dit was heel waarskynlik een van die hoofoorsake vir die massa-migrasies van die Iraniërs, waarvan Zarathushtra klaarblyklik nie deel was nie en die moontlike datering van 1200 v.C. versterk. Uit hierdie tye het die woord *marya/mairya* vir die jong krygers ontwikkel en is die laasgenoemde vorm later aan 'wolf' gekoppel. Dit is met die koms van die strydwaens aangevul met die begrip van 'een-wat-staan-in-die-strydwa'. Dat Zarathushtra wel bekend was met 'n strydwa spreek duidelik uit die treffende beeld in *Yasna* 50:6:

"Laat die Skepper (die koers) van my rigting deur Goeie Gedagtes onderrig, om die strydwakryger van my wil en my tong te wees".

3.1A.2.1.4.2 RELIGIEUSE MILIEU

Vanaf die vroegste tye van die steentydperk het die Indo-Iraniërs *manyu*, d. i. 'n kognitiewe krag in alle verskynsels, staties of beweeglik gesien. '*Manyu*' kan as krag, impuls of gees vertaal word. (Die verwante woord in Avesta '*mainyu*' word meestal as "gees" vertaal.) Hierdie kragte kon deur die mens beheer word. Welsprekendheid was hoog aangeskrewe en 'n geïnspireerde gedagte van 'n priester geklee in waardige woorde was 'n *mantra* wat oor eie krag beskik het om te kan leer en beskerm (Boyce 1992:54). Twee voorbeelde hiervan, *mithra* en *varuna*, het later soveel gewig gedra dat die begrippe as belangrike gode vereer is. *Mithra* was aanvanklik 'n ooreenkoms of verbond tussen twee partye en het ontwikkel in die naam van 'n oorlogsgod wat aan die kant van die regverdige geveg het. Verder is albei aangespreek as *ahura* – 'n titel van respek wat vir 'n man van aansien gebruik is en wat slegs vir die hoogste god, *Ahura Mazda* gebruik is. Hierby sluit aan die strewe om die woorde op die presiese manier te sê (*Yasna* 31.19) en versterk die vermoede dat die priesters getalm het om die heilige voorskrifte neer te skryf omdat hul skepties teenoor die nuwe skrifkuns gestaan het, terwyl hul van die vroegste tye af gemaan is om die heilige uitsprake en rituele noukeurig te memoriseer: "Laat hierdie woorde van 'die goeie gedagte/verstand' korrek aan my voorgedra word" (*Yasna* 48.9).

Orde wat alles bepaal het, is deur die begrip *aša* weergegee; wanorde, die teenstellende konsep, was *drug* (bedrog). *Aša* hou ook die betekenis van '**geregtigheid**' en '**waarheid**' in.

Ahura Mazda was die eintlike een wat die bewaker van *aša* was. Die ses ondergeskikte Ahuras – die *Amesha Spentas* - Heilige Onsterflikes - het hul spesifieke funksies gehad en elkeen het een van die oorspronklike materiële skeppings verteenwoordig wat as sleutelwoorde in die verskillende kultuurdomeine beskou kan word, maar saam was hul verantwoordelik vir die handhawing van *aša* en het hul die heilige Heptad uitgemaak [18]:

"Deur die Heilige Gees en Beste Voornemens, deur daad en woord in lyn met Waarheid, sal hulle Volkomenheid en Onsterflikheid verleen – *Ahura Mazda*, saam met Mag en Piëteit" (*Yasna* 47.1).

Asha Vahishta	*(Beste Waarheid; Geregtigheid)*	*Vuur >*	*sosiaal/religie*
Vohu Manah	*(Goeie Voornemens/ Gedagte; Goeie Visie)*	*Diere veral beeste >*	*sosiaal/ekonomie*
Spenta Armaiti	*(Heilige Aanbidding/Piëteit)*	*Grond/Aarde >*	*ekonomie/politiek/religie*
Khshatrav Vairya	*(Mag; Gebied of Koninkryk van God)*	*Metaal >*	*ekonomie/politiek/ sosiaal*
Hauvarta	*(Volkomenheid; Gesondheid)*	*Water >*	*ekologie/sosiaal/ekonomie*
Amereta	*(Lang lewe en Onverganklikheid)*	*Plante >*	*ekologie/ekonomie* [19]

Die Heilige Gees/ *Spenta Mainyu* – is een met *Ahura Mazda* en word in die *Gathas* deur Zarathushtra as die "heiligste Gees"- *Speništa Mainyu*- soos vir *Ahura Mazda*, aangespreek.

Zarathushtra het *Ahura Mazda* as 'n kosmiese heilige - die *mainyu* van wysheid - maar ook as 'n antropomorfiese god met wie hy van aangesig tot aangesig gepraat het, vereer. Hy was die Skepper van alle dinge, aanvanklik goed maar wat nou in **'n stryd tussen goed en kwaad** verkeer om die oorspronklike ongeskondenheid te herwin.

" … Deur hierdie (vrae), o Mazda, help ek om U as Skepper van alle dinge deur die Heilige Gees te onderskei .." (*Yasna* 44.7).

Buiten die kwaliteite van die ses geeste wat 'n goeie mens - *ašavan* - in homself moet koester, word ook ander *mainyus* of *yazatas* se lof besing, maar wat nie in die binnekring van die hemelse wesens ingesluit word nie. So word byvoorbeeld aan *Aši* – 'regverdige beloning'- en *Izha* – 'opoffering', maar veral aan *Sraoša* wat die begrip van 'geestelike gehoorsaamheid' inhou, eer gebring. Begrippe wat beslis bydra tot die bestempeling van Zoroastrisme as die "Goeie Religie". Klem word veral op die kwaliteite wat deur *Mithra* en *Varuna* voorgestel word, gelê: regverdigheid en eerlikheid en om die waarheid te praat. Dis belangrik om selfstandig op te tree en verantwoordelikheid vir jou

[18] Volgens Mary Boyce (1984b:14) lê die leerstelling van die Heptad aan die hart van die Zoroastrisme.

[19] Aangepaste tabel na die voorbeeld van Boyce (1984b:13).

gedagtes, woorde en dade te neem, maar ook deernis met jou medemens te hê. Daar is nie plek vir asketisme nie: die skepping deur *Ahura Mazda* moet waardeer en opgepas word en saam met jou besittings geniet word.

Teenoor die "Goeie" staan die "Bose". Hoe word die wandade van die plunderaars wat die rustige pastorale bestaan omvergooi, verstaan? In die Gathas benoem Zarathushtra díe gees as die een van woede (*Aešma*), wat vyandig (*angra)* en sleg (*aka)* optree. Dit lei tot die naam *Angra Mainyu* in die Jong Avesta-taal en *Ahriman* in Middel-Persies (Boyce 1992:72).

"Ja, daar is twee primêre Geeste, tweeling, bekend om in konflik te wees. In gedagte en in woord, in daad is hul twee: die goeie/beter (een) en die slegte. En diegene wat goed handel, het die regte keuse tussen die twee gemaak, nie die boosdoeners nie". (*Yasna* 30.3)

Hierdie gedeelte uit Yasna 30 word dikwels na verwys aangesien dit van die sleutelbegrippe van Zoroastrisme bevat: **Twee** geeste teenoor mekaar in **konflik**, die een **beter** as die ander uit vrye **keuse** in **gedagte**, **woord** en **daad**. So moet die mens ook 'n keuse uitoefen en saam aan die stryd van goed teen kwaad deelneem. Dit het aanleiding gegee tot die debat of Zoroastrisme as 'n monoteïstiese of 'n dualistiese religie of 'n unieke kombinasie van die twee beskryf moet word. Die sleutelvraag was of die twee geeste van die begin af bestaan het en of hulle deur *Ahura Mazda* geskep is. Dit sou impliseer dat *Ahura Mazda* vir die boosheid in die wêreld verantwoordelik is – 'n begrip wat baie duidelik in die *Gathas* weerspreek word. Hierdie dubbelsinnigheid is later deur Zoroastriese teoloë probeer verklaar deur die beklemtoning dat dit vir Zarathushtra nie oor die oorsprong van die bose gegaan het nie, maar om die aandag op die teenwoordigheid van die bose te vestig en dat die mans en vroue dit moes beveg. Clark (1998:7) kom tot die slotsom dat dit dalk nooit moontlik sal wees om uitsluitsel te gee nie en dit dalk as "dualistic within an overall context of exalted monotheism" beskryf moet word.

Verering van die entiteit *Kshathra Vairya* het aanpassing van Zarathushtra geverg. Dit het 'n afskynsel van die Vediese oorlogsgod, *Indra* saamgedra en was teenstrydig met die "Goeie Religie" se teenkanting van geweld. Hierdie aanpassing spreek van Zarathushtra se vermoë om die bekende uit die ou Iraanse prototipe te haal en dit met sy nuwe hervormings te laat harmonieer deur in hierdie geval 'n etiese komponent in die vorm van 'n eskatologiese beeld by te voeg: die werklike oorlog is teen die magte van die bose met die oorwinning die bevestiging van die "goeie domein" van *Ahura Mazda* (Clark 1998:37). Hierdie oorwinning sal onder aanvoering van die *Saoshyant* (Toekomstige Weldoener of Messias) plaasvind en die geskiedenis van die wêreld sal beëindig word. In hierdie *Frasho-kereti*- samevoeging van twee woorde wat "wonderlik" en "om te maak" beteken - (Clark 1998:3) – sal die Messias en sy helpers die wêreld na sy oorspronklike ongerepte skoonheid herstel.

Aan die einde van sy lewe sal die mens se **gedagtes, woorde en dade** geweeg en beoordeel word. Diegene wat waardig geag word om die hemel te betree, sal veilig oor die "**Chinvat Brug**" deur die **Daena** begelei word. Volgens Mary Boyce (1992:76) was Zarathushtra, sover as bekend, die eerste mens wat 'n einde aan die aardse bestaan/tyd en geskiedenis voorsien het. Dan sal *Aša* heers en die magte van die bose sal deur die goeie oorwin wees. Die **finale oordeel** sal op groot skaal deur 'n rivier van gesmelte metaal plaasvind, wat slegs deur die *Ashavan* deurstaan kan word. Die bose – *drugvant*- sal vernietig word en 'n algehele reiniging en uitwissing van die kwaad sal plaasvind – die *Frasho-kereti* – waarna reeds verwys is.

Die daaglikse aanbidding het vyf gebedetye behels. Die ritueel het in die teenwoordigheid van **vuur** plaasgevind. Deel daarvan was ook om die **heilige gordel/***kusti* los te maak en weer vas te maak. Die haard moes altyd aan die gang gehou word en as simbool van lig het die versorging daarvan al hoe meer religieuse waarde verkry, veral in die betekenis van die verdrywing van die donkerte/bose. Dele van die *Gathas* is voorgedra in die gebede sowel as die verering van die vuur. In 'n latere himne word Zarathustra as 'n *athravan* vereer, wat moontlik as 'n "vuur-priester" vertaal kan word.

Water speel ook 'n belangrike rol in die aanbidding van die aanhangers van die Zoroastrisme. Die "waters" word in vroulike vorm aangespreek *ahurani* - "vroue van die Ahura":

"Dan aanbid ons die Waters wat opwel, saamkom en voort saamvloei – die vroue van die *Ahura*; julle Waters wat heilsaam is, maklik om oor te gaan, goed om in te swem en te baai, die geskenk vir albei van die wêrelde" (*Yasna* 38.3)

Dit sluit aan by die beklemtoning van **reinheid.** Nie slegs moes die suiwerheid van waterstrome en bronne bewaak word nie, maar ook moes dit in die sorg van die fisiese wêreld deur reinheidswette gehandhaaf word. Lyke is byvoorbeeld aan die elemente van die natuur blootgestel, eerder as om die aarde daarmee te besoedel.

Hierdie tradisielyne illustreer die sterk verkondiging van respek vir die skepping wat baie duidelik uit die G*athas* na vore kom: "ecological stewardship" is Clark (1998:12) se moderne omskrywing. Die bewaking van die aarde was veral die taak van die *Spenta Armaiti* wat as 'n vroulike entiteit angespreek word. Sy het die arena waar die *Yasna*-liturgie plaasgevind het – die *pawi*/*pavi* – afgegrens en geheilig. Voor 400 v.C. is die rituele in die ope lug uitgevoer en tempels is eers daarna, waarskynlik as gevolg van Babiloniese invloed opgerig (Clark 1998:36).

Die *Yasna*-liturgie is oorgedra uit die vroeë Indo-Iraanse tydperk. Dit het uit **bloedofferandes** en die voorbereiding van die ***parahaoma*** bestaan. Laasgenoemde was 'n vloeistof wat van die sap van die *haoma*-plant berei is. Die sap is as gevolg van sy bedwelmende en opwekkende eienskappe as 'n goddelike drank wat onsterflikheid verleen, beskou. *Ameretat* word as die *Amesha Spenta* wat in

die gewyde voorbereiding van die *haoma* verteenwoordig word, terwyl *Haurvatat* deur die heilsaamheid van die *water* versinnebeeld word.

Die *Yasna*-ritueel is gewoonlik in die tydperk vanaf sonopkoms tot die middaguur uitgevoer. Die vaste liturgie vir die seremonie is die *Yasna Haptanhaiti* – "Aanbidding van die sewe dele". Die *Gathas* is in twee dele voor en na die *Yasna Haptanhaiti* voorgedra en die twee kort *manthras* – *Yathu ahu vairto* en *Airyema išyo* – het alles omsluit deur te begin met die een en af te sluit met die ander. Hierdie belangrike tekste was bekend as die *Staota yesnya* - "(Woorde van) lofprysing en aanbidding" (Mary Boyce 1992:88). Die betekenis van die *Yasna*-ritueel was die binding tussen die hemel en die aarde en wat die skepping na die volmaakte einde wou aanspoor – die *frasho-kereti.* Zarathushtra het in *Yasna* 28:2 die vermoë om die doel van die skepping beter te verstaan deur die kennis van die geestelike en die materiële te verkry vir *Ahura Mazda* gevra. Dit het later in Pahlavi as die begrippe ***menog*** vir die geestelike en ***getig*** vir die fisiese ontwikkel.

Die aanhangers van die nuwe geloof moes 'n verklaring voor die gemeente aflê. Dit staan bekend as die *Fravarane* wat uit die eerste woord met die betekenis van "Ek verklaar", bestaan het. Daarmee het hulle hul lojaliteit aan die leerstellings van Zarathustra bevestig; veral deur die herhaling van die definitiewe **keuse** vir wat goed is, wat hul gemaak het. Dit kan nie as 'n geloofsbelydenis interpreteer word nie, aangesien dit nie sistematiese uiteensettings van die Zoroastristiese leerstellings bevat het nie (Boyce 1992:104).

Toegewyde bekeerlinge het al die belangrike tekste en gebede gememoriseer en bemeester en as sendelinge na ander Iraanse stamme uitgegaan. Sover bekend was daar in die eerste jare geen ander beskermheer as Vištaspa nie.

Bestaande **feesdae** is behou en omskep om hul nuwe geloof deur praktiese uitlewing te bevestig. Zarathushtra het heel waarskynlik self aan die belangrikste feesdag – die "Nuwe Dag"-fees – die betekenis van die "Nuwe Dag" van die ewige lewe wat met *Frasho-kereti* 'n aanvang sou neem, toegeken. Hierdie fees is mees algemeen bekend by die Middel-Persiese benaming van "No Roz". 'n Kalender van feesdae het ontwikkel met die verwagting dat alle bekeerlinge moes deelneem daaraan en ook 'n bydrae maak. Aanbidding van die goddelikes aan wie die feesdae toegewy was, was aangemoedig as verdienstelik en is onder leiding van priesters gedoen. Daaruit het die *Yashts* – gesange aan die *Yazatas* – ontwikkel.

In kontras met die verwagte ontwikkelings in 'n religie het daar in die latere Achaemeniede jare 'n onverwagte breuk in die vaste tradisie van die Zoroastrisme – om in die oop ruimte met die natuurverskynsels as ikone te aanbid - plaasgevind. Dit was die bou van tempels om beelde vir aanbidding van die *Yazatas* daarin te bewaar. Die Persiese Konings was verantwoordelik vir die

drastiese wysiging en was heelwaarskynlik deur Babilonië in die afdwingende besluit beïnvloed. Dit het uitgebrei na tempels, waarin aanbidding voor ‘n vuur die hoofsaak was.

Melding moet gemaak word van die Zurvanitiese afwyking van die Zoroastrisme wat ook in die latere Achaemeniede tyd begin ontwikkel het. Die Avesta-woord *zurvan* beteken ‘tyd’. Sommige magi het aan die twee oer-geeste, *Ahura Mazda* en *Angra Mainyu*, ‘n vader toegesê, nl. *Zurvan*. Die implikasie hiervan was dat dit die fundamentele leerstelling van Zoroastrisme, die absolute skeiding tussen goed en kwaad geskend het en afbreuk aan die oppergod, *Ahura Mazda* gedoen het. Die feit dat Zurvanisme so lank bestaan het en soveel aansien geniet het, kan net aan die invloedryke aanhangers, selfs die koningshuis – veral die Sassaniede - toegeskryf word.

Tot op datum is daar nog geen bewyse, dat religieuse sinkretisme deur die Seleukiede op die Zoroastriste afgedwing is, gevind nie. In ‘n klein mate kon laasgenoemde groep hul Iraanse *Yazata* van Oorwinning, *Verethraghna*, met die Griekse held-god, Herakles, wat ‘n hewige stryd teen die monsters van die wêreld gevoer het, vereenselwig (Boyce & Grenet 1991: 62). Die *Yazata* het as *Varahran/Vahram/Bahram* in statuur gegroei, maar dit kon ook deur die interne ontwikkeling deur die skakeling met die *Atar Varahran* of “Oorwinnende Vuur” plaasgevind het. Laasgenoemde is as groot tempelvure - die onvermoeibare stryders - teen die magte van die duister en die bose gesien.

In die praktyk het die Zoroastriste soos die Helleniste begin om buiten die tradisionele kos en klere, ook ‘n muntstuk as versorging by hul dooies te laat. Oor die algemeen blyk dit dat die meerderheid van die Zoroastriste aan hul eie geloof verbind gebly het. Die reinheidswette het heel moontlik daartoe bygedra. Hierdie wette is in die *Videvdat* of ook bekend as *Vendidad* opgeneem.

3.1A.2.2 LETTERKUNDIGE KONTEKS

3.1A.2.2.1 GESKRIFTE

3.1A.2.2.1.1 ZOROASTRIESE BOEKE

Nadat die boeke in waarskynlik die 5-6de eeu n.C. neergeskryf is, het daar volgens Boyce (Boyce & Grenet 1991:16-17) ‘n legende ontwikkel dat ‘n geskrewe *Avesta* wel vanaf die vroegste tye bestaan het en dat dit in ‘n goud-vloeistof op perkament of op tablette van goud gegraveer is, maar deur Alexander vernietig is. Alhoewel die betekenis van die woord *avestak* onseker is, word dit aangeneem dat dit al die tekste van die Zoroastrisme of die heilige kennis wat daarin vervat is, aandui.

3.1A.2.2.1.1.1 GATHAS/YASNAS

Soos reeds vermeld word die *Gathas* by uitstek as die verwoording van Zarathushtra se boodskap beskou. Die 17 gedigte wat in 5 siklusse ingedeel word, vorm die kern van die aanbiddingsliturgie van die Zoroastrisme, hoewel dit nie in die middel van die 72 hoofstukke van die liturgie voorkom nie. Dié plek word beklee deur die *Yasna Haptanhāiti* (Yasna van die sewe hoofstukke) wat as ‘n baie antieke gedeelte wat aan vuur en water opgedra is, beskou is en nou ook as ‘n werk van Zarathushtra beskou word (sien ook 5.2.1.3.2.1). Die 5 groepe van die *Gathas* word ingedeel in hoofstukke 28-34; 43-46; 47-50; 51 en 53. Die *Yasna Haptanhāiti* beslaan hoofstukke 35-42.

Navorsers benoem foutiewelik elkeen van die 17 gesange wat die 17 hoofstukke – *Hāitis* – van die *Gathas* uitmaak as ‘n *Gatha*, terwyl die term slegs aan een van die 5 groepe gegee moet word:

1. Ahunavaitī Gāthā – bestaan uit 7 gesange (Yasna 28-34): Stansas van 3 reëls met patroon van 7+9 of 7+8 lettergrepe elk.
2. Ushtavaitī Gāthā - bestaan uit 4 gesange (Yasna 43-46): Stansas van 5 reëls met patroon van 4+7 lettergrepe elk.
3. Spentāmainyu Gāthā – bestaan uit 4 gesange (Yasna 47-50): Stansas van 4 reëls met patroon van 4+7 lettergrepe elk.
4. Vohukhshathrā Gāthā – bestaan uit 1 gesang (Yasna 51): Stansas van 3 reëls met patroon van 7+7 lettergrepe elk.
5. Vahishtōishti Gāthā – bestaan uit 1 gesang (Yasna 53): Stansas van 4 reëls (behalwe 53:6 het 5 reëls) met ‘n onbepaalde getal elk

Die aanbiddingsliturgie maak ongeveer twee-vyfdes uit van die Avesta wat vandag bekend is.

(Humbach en Ichaporia 1994:13-14).

3.1A.2.2.1.1.2 YASHTS

Yashts is himnes wat deur die priesters in die seremonies, wat hul vir die gemeentelede uitgevoer het (in die jare na die profeet Zarathushtra se leeftyd) saamgestel is en van geslag tot geslag oorgedra is. Die *Yashts* is hoofsaaklik aan die ondergeskikte goddelikes, die *Yazatas* opgedra. Dit bevat gedeeltelik materiaal uit die tyd voor die profeet, maar is ondergeskik aan sy leerstellings. Net soos in die *Gathas* maak dit gebruik van dialoog vir meer dramatiese effek en om die openbaring van Ahura Mazda aan Zarathushtra te bevestig, maar dit bevat nie die meer persoonlike intieme gesprek tussen Ahura Mazda en Zarathushtra soos in die *Gathas* nie. Dit handel hoofsaaklik oor die dogma van Zoroastrisme, veral oor die Heptad. Tog is daar’n verandering van persepsie in die versterking van die rol van die *Yazatas* te bespeur. In die seremonies is die verskeie *Yazatas* op die

keuse van die gemeentelede deur die priesters aangeroep en in dié praktyk van populêre aanbidding en deur die uitbreiding van die aanhangers van die geloof, was die klemverskuiwing ‘n verstaanbare uitvloeisel.

Mites en legendes speel ‘n belangrike rol in die uitbeelding van die stryd tussen goed en kwaad, wat deur die *Yashts* vleg. In dié konflik is die *Yazatas* prominente kampvegters teen die *Daevas*, hekse en tiranne, *kavis* (regeerders) en *karapans* (priesters). Volgens Boyce (1992:113) word Zoroaster as werklike persoon in die *Gathas* na ‘n semi-legendariese figuur in die *Yashts* omvorm - veral deur die eerbiedige verwysings van die priesters na hom.

3.1A.2.2.1.1.3 VIDEVDAT/VENDIDAD

Soos reeds genoem, is die reinheidswette in dié boek versamel en die toepassing daarvan in fyn besonderhede aangeteken. Die betekenis van *Videvdat* nl. “Wet teen *daevas*” spreek al klaar van die belangrikheid daarvan. Sommige bepalings is meer algemeen van die antieke tyd – selfs voor Zarathushtra se tydvak, terwyl ander eie aan sy unieke leerstellings is (Boyce 1992:117). Hierdie wette onderskryf sy stryd teen goed en kwaad. Reinheid het oorwinning vir die magte van die goeie ingehou.

3.1A.2.2.1.1.4 DIE GROOT AVESTA

In die tydperk van die Sassaniede is ‘n kanon van Avesta-tekste saamgestel en in 21 *nasks* (boeke) gegroepeer. Hierdie boeke en kopieë daarvan is heel waarskynlik in die vuurtempels bewaar (Boyce 2003:135-136). Gedurende die 7de eeu n.C. met die Arabies-Islamse invalle in Iran is baie van die biblioteke en vuurtempels afgebrand sodat daar nie een ‘*Groot Avesta*’ oorgebly het nie (Boyce 1984b:3; Mehr 2003:12). Slegs ‘n kwart van die hele kanon het in ander kleiner afskrifte en in die geheue van getroue Zoroastriste behoue gebly (Boyce 1984b:3). Volgens Mehr (2003:7) bestaan die gedeelte wat behoue gebly het hoofsaaklik uit 5 dele: die *Yasna* (waarby die *Gathas* ingesluit is), *Vispred* (feeste), *Yasht*, *Vendidad* en die *Khordeh Avesta* (daaglikse gebede uit Sassaniede en na-Sassaniede era).

3.1A.2.2.1.1.5 PAHLAVI BOEKE

Die *Pahlavi Zand* was afskrifte van die *Avesta*-tekste met kommentare en vertalings in Middel-Persies. Van die belangrikste boeke is die *Bundahishn* wat hoofsaaklik oor die skepping, asook die eskatologie handel en die *De(i)nkard* wat uit ‘n samestelling van ‘n groot verskeidenheid tekste bestaan. Die *Bahman Yasht* ressorteer onder die Pahlavi-boeke (Mehr 2003:16).

3.1A.2.2.1.2 PERSIESE SIBILLYNSE GESKRIFTE

Volgens Mary Boyce (Boyce&Grenet 1991:371) het die oorspronklike konsep van die sibilles hul oorsprong tussen die Grieke van Klein-Asië, in kompetisie met die Orakel by Delphi gehad. Hulle is beskou as ‘n kanaal waardeur die gode met die mens gekommunikeer het en die uitsprake was hoofsaaklik aan rampe en ongeluk gekoppel. Daaruit het die Persiese Sibilles ontwikkel en het hul uitsprake blykbaar teen die einde van die Achaemeniede tydperk – en veral met die omverwerping van die Ryk deur Alexander - bekend geraak as komende van die wysheid van Zarathushtra. Van die langer orakels was bekend as die *Orakels van Hystaspes* wat as konteks van die *Bahman Yasht* beskou word. Die orakels was soms polities georiënteerd en was propagandisties van aard – as sulks is hul verder deur die ou Persiese minnesangers versprei (Boyce & Grenet 1991:382).

3.1A.2.2.2 GENRE

Volgens Winduhr (1984:143) plaas Zarathushtra se woorde as *manthran* (heilige formules) en *zoatar* (liedere van esoteriese wysheid) sy werke in die moontlik reeds bestaande antieke Indo-Europese wysheidstradisie van onderrigting en vermaning en dra dit waarskynlik by tot die verskuilde betekenisse daarin. Sy visie en vertolking van die gang en doeleindes van die menslike lewe tot aan die einde daarvan, was ook volgens Mary Boyce (1984a:73-74) die “essensiële inspirasie” van die klein korpus apokaliptiese geskrifte van die Zoroastrisme wat deur die eeue heen bewaar is en sy beskryf Zarathushtra as “die oog van die fontein van die Iraanse apokaliptiek”.[20] Die tydgleuf waarin hy geleef het, bevestig dat hy as ‘n eerste samesteller van werke wat elemente van die latere ‘apokaliptiek’ bevat het, bestempel kan word. Die inval van die Masedoniërs met die doelbewuste verspreiding van Hellenisme moes ‘n verdere vrugbare teelaarde vir apokaliptiese samestellings geskep het. Die *Bahman Yasht* was heel waarskynlik een daarvan. Die tweede tydperk van dreigende onheil was met die val van die Sassaniede Ryk en die toenemende oorheersing van die Islam-religie (Cereti 1995:2).

Die *Bahman Yasht* word as ‘n literêre eenheid erken ten spyte van sy voorkoms as ‘n latere samestelling. Dit is waarskynlik as gevolg van die eenderse raamwerk wat in al die volledige manuskripte voorkom (vgl. Cereti 1995:2-7). Collins (1987:334-335) beskryf die *Bahman Yasht* as ‘n volwaardige historiese apokalips, terwyl Cereti (1995:11-12) dit liewer as ‘n apokalips met gemengde kenmerke wil klassifiseer. Hy (Cereti 1995:12-13) beskou dit wel as die volledigste

[20] Die inhoud van die *Gathas* dui op ‘n tydperk van onrus en rampspoed. Die konteks dra by tot die datering van Zarathushtra in die koms van die Bronstydperk … “when radical social change brought pillage and slaughter to the weakest and least progressive of the Iranian tribes.”(Boyce 1984a:75).

uittreksel van Zoroastriese apokaliptiese literatuur, wat uit verskillende tradisielae bestaan en daardeur meer na “apokaliptiese eskatologie” neig.

3.1A.2.2.3 TAAL

Die taal van die antieke deel van die Zoroastriese geskrifte is as Avesta bekend. Onderskeid word gemaak deur die heel argaïese taal van die *Gathas* en die *Yasna Haptanghāiti* as Oud-Avesta te benoem, terwyl die taal van die grootste deel van die Avesta as Jong-Avesta bestempel word. Die gebede of *manthras* in Yasna *27 bevat ook Oud-Avesta kenmerke.

‘n Treffende kenmerk van Zarathustra se samestelling van sy *Gathas* is die manier waarop hy woorde soos skakels in verskillende kombinasies saamgesnoer het. Dit het waarskynlik tot die gekompliseerdheid bygedra, maar het ook ‘n rykdom van nuanses daaraan verleen. Jafarey (2000:1) beskryf die 241 stanzas van die *Gathas* gepas as ‘n “moving mosaic of Message”.

3.1A.2.2.4 STRUKTUUR

Windfuhr (1984:148) beskryf die struktuur van die 72 hoofstukke van die *Gathas* as ‘n vesting met veelvuldige lae gordynmure om die heiligste kern van die *Yasna Haptanhāiti* te beskerm. Die *Gathas* van Zarathustra omring die *Yasna Haptanhāiti*, wat weer op hul beurt deur die heiligste *manthras* omsluit word.

3.1A.2.2.5 BRONNE

Mary Boyce (1992:59) is van mening dat ten spyte van die geweldadige sosiale veranderings wat ook ‘n nadelige uitwerking op die religieuse opvattinge veroorsaak het, die ou Iraanse religie tog ‘n voorafgaande “diep en vaste rotsbodem” gehad het waarop Zarathushtra sy nuwe religie kon bou.

3.1A.3 INHOUD

3.1A.3.1 GATHAS

In die *Gathas* vertolk Zarathustra alles wat gebeur as deel van die kosmiese stryd tussen die Goeie en die Bose. Die name van die *Gathas* gee ‘n aanduiding waaroor elkeen handel:

1. Oppermagtige Heer/ Vrywillige Keuse

2. Stralende Geluk/ Insig

3. Voortreflike/Heilige Gees

4. Goeie Koninkryk

5. Geestelike Wysheid/Vervulling

Buiten die eerste *Gatha* –'Oppermagtige Heer' – word die name van die ander *Gathas* in die eerste gesang van elke *Gatha* weergegee.

3.1A.3.2 BAHMAN YASHT

Die vroeëre indeling van die *Bahman Yasht* het uit 5 gedeeltes bestaan:

BYt 1, 1-5: Die eerste gedeelte bestaan uit 'n beskrywing van Zarathushtra se gesig van 'n boom met vier takke van metaal. Dit word deur *Ahura Mazda* aan hom uitgelê as vier verskillende periodes in die religieuse geskiedenis van Iran. Die goue era word beskryf as die tydperk waarin Zarathushtra *Ahura Mazda* ontmoet en Vishtāspa die Mazda-geloof ontvang. Die silwer era bestaan uit die tydperk van heerskappy deur Ardashir (die *kavi*-koning); terwyl die staaltydperk die heerskappy van Xōsrōv Anōshurvān, die groot Sassaniede koning (531-579 n.C.) behels. Die laaste tydperk, dié van gemengde yster verteenwoordig die laaste bose tydperk wanneer die vyande die land sal binneval en rampe en verval hul sal tref.

BYt 1, 6-8: In die gedeelte word na drie bronne verwys wat volgens die samesteller die koms van die ketter Mazdak sou voorspel het – waarskynlik in die staaltydperk. Dit bevat ook 'n herinnering aan 'n raad van Zoroastriese wysgere wat deur Xōsrōv Anōshurvān ontbied is om die kwessie rakende die *zand* en die leerstellings daarvan op te los.

BYt 11, 1-22: Hierdie gedeelte brei meer uit op die eerste deel. Dit word weer deur 'n verwysing na 'n bron ingelei. Die gesig bestaan in die gedeelte uit sewe tydperke en word voorafgegaan deur 'n versoek om onsterflikheid van Zarathushtra aan *Ahura Mazda*. Dit word nie toegestaan nie, maar wel die heilige vermoë van alwetendheid wat hom in staat stel om die sewe streke van die wêreld te kan sien asook die hemel en die hel en 'n boom met sewe metaaltakke wat sewe verskillende eras voorstel. Slegs die laaste visioen word deur *Ahura Mazda* uitgelê.

BYt 11, 23-63: Hierdie gedeelte beskryf die einde van Zarathushtra se millennium – die einde van die huidige geskiedenis. Die apokaliptiese ellende word in besonderhede geteken: hordes vyande sal die land Iran plunder en die ondergang van die Mazda-geloof beteken; algemene wanorde sal die sosiale lewe vernietig. Daarby sal kosmiese veranderinge die lewe van die mens laat agteruitgaan.

BYt 111, 1-62: Die laaste gedeelte handel hoofsaaklik oor die neerlaag van die bose magte, die herstel van Iran en die finale hernuwing van die wêreld.

Hierdie opsomming en indeling in 5 dele is deur Hultgård (1992:17) volgens die vroeëre 3 hoofstukke (West 1880:190-236) van die *Bahman Yasht* gedoen. Verwysings en aanhalings uit die *Bahman Yasht* sal volgens die indeling van 3 hoofstukke gedoen word. Cereti (1995:8-11) het sy vertaling op die indeling van Anklesaria (1957) in 9 hoofstukke geskoei.

3.1B DIE OORLOGSROL (1QM)

Gedurende die sestig jaar wat reeds na die ontdekking van die Qumranrolle verloop het, het baie navorsers al *1QM* onder die loep geneem, omdat dit van die langste en volledigste rolle, wat behoue gebly het, is. Davies (1977:11-20) het in sy inleiding van sy doktorale proefskrif die eerste belangrikste bydraes van Y Yadin, J. Carmignac, J van der Ploeg, B Jongeling, J Becker, P. von der Osten-Sacken [21] ontleed en evalueer. Met die toeneem van die belangstelling in die Apokaliptiek het verskeie latere navorsers ook *1QM* as ‘n moontlike apokalips beoordeel. Verdere bekendstelling van verwante fragmente uit ander grotte het meer lig op die saak gewerp en meer konsensus of herinterpretasies kon oor vroeëre hipoteses verkry word. ‘n Goeie voorbeeld is dié van Fletcher-Louis (2002:395-475) wat die *Oorlogsrol* in die lig van liturgiese antropologie ontleed het en daardeur wou wegbeweeg van ‘n te rigiede dualistiese ontleding, veral ten opsigte van die kosmiese ruimtes.

Verdere opgrawings in Grot 1, 4 en 11 het verskeie fragmente wat aan die *Oorlogsrol* verwant is, opgelewer. Twee van die fragmente, *1Q33* 1 en 2, het deel uitgemaak van *1QM*. Die hele proses van uitkenning en inmekaarskakeling van die kleiner stukkies was tydrowend en die publikasie van sommige van die fragmente het oor ‘n lang tydperk geskied. Volgens Duhaime (2004:9) bestaan daar huidig al ongeveer twaalf amptelike uitgawes van die Oorlogstekste, wat omvattende inligting oor die manuskripte bied. Sy (Duhaime 2004:41) opsomming (Tabel 1) van al die Oorlogstekste volgens datum en tipe, dui dat daar moontlik verskillende tipes oorlogstekste op dieselfde tyd in sirkulasie was. Dié wat van dieselfde hersiening getuig, is al gebruik om verweerde gedeeltes van *1QM* aan te vul. In die tweede tabel lys Duhaime (2004:42-43) die tekste, wat die hoof-parallelle met *1QM* uitmaak, terwyl die tekste in die derde tabel ook ooreenkomste toon, maar deel uitmaak van ander samestellings. *4Q285* en *11Q14* is van die verwante tekste, wat al baie bespreking uitgelok het. *4Q285* is al as ‘n moontlike deel van die verlore slot van *1QM* beskryf. Die 10 fragmente, waaruit die geskrif bestaan, toon ook ooreenkoms met *11Q14* (Duhaime 2004:8-9; 33-35). Die “legkaart” van *11Q14* bevat 9 fragmente, waarvan die tweede kolom meer gewig dra.

In die ontleding van die *Oologsrol* (*1QM* en *1Q33)* en verwante fragmente word meestal in dié studie verwys na die teks en vertaling van Duhaime (1995); Wise, Abegg en Cook met Gordon

[21] Yadin Y, 1962. The Scroll of the War of the Sons of the Light against the Sons of Darkness, Oxford; Carmignac, J 1958. La Règle de la Guerre des Fils de Lumière contre les Fils de Ténèbres, commenté, Paris; Van der Ploeg, J 1959. Le Rouleau de la Guerre, traduit et annoté avec une introduction, Leiden; Jongeling, B 1962. Le Rouleau de la Guerre des Manuscrits de Qumran, Assen; Becker, J 1964. Das Heil Gottes, Heils- und Sündenbegriffe in den Qumrantexten und im Neuen Testament, StUNT 5:43-50, Göttingen; P. von der Osten- Sacken 1969. Gott und Belial, StUNT 6, Göttingen.

(2004) en die vertaling van García Martínez (1994). Sover moontlik is die aanhalings uit die teks in Afrikaans vertaal.

3.1B.1 TEMA /DOELSTELLING

Segal (1965:138) beskou die *Oorlogsrol* as ‘n unieke dokument in Hebreeus wat die militêre kuns met ryk en oorspronklike terme, name van wapens en ander oorlogsinstrumente, taktiese skuiwe en maneuvres en marsmusiek beskryf: met die hooftema ‘n fyn georganiseerde en sistematiese oorlog oor 40 jaar wat deur Israel teen al die nasies van die wêreld gevoer word om die heidendom uit te roei en die Koninkryk van God op die aarde te bevestig.

Die *Oorlogsrol*, wat ook bekend staan as die *Oorlog van die Seuns van die Lig teen die Seuns van die Duister*,[22] word deur García Martínez (1992:94) onder die tekste van die Qumranrolle waarin die eskatologiese inhoud die sentrale tema vorm, ingedeel (Sien ook Dimant 1984:514). Hierin word die “einde van die dae” beskryf en ondersoek. Die magte van die Lig word deur die aartsengel *Migael* aangevoer, terwyl *Belial* aan die hoof van die magte van die Duister staan. Volgens Yabro Collins (1976:136) vorm die eskatologiese nederlaag van Belial die “sentrale motief” van die *Oorlogsrol.*

Forsyth (1987:204) lig die eienaardige aspek van die *Oorlogsrol* uit dat dit ten spyte van die klaarblyklike apokaliptiese en eskatologiese implikasies, die oorlog realisties en prakties uitvoerbaar voorstel: “In this respect, the War Scroll reverses the common tendency of apocaliptic thought to conceive the final battle exclusively in cosmic and mythological terms…., the men of Qumran were quite ready to play their role in the coming victory.” Ook Collins (1998b:94) is van mening dat alhoewel *1QM* met ander apokaliptiese geskrifte soos *Henog* en *Daniël* ooreenkom in die sin dat die uitslag van die oorlog deur God en die engele bepaal word en nie deur die mense se pogings nie, dit tog ‘n aktiewe rol aan die menslike deelnemers in fyn besonderhede toeskryf - ‘n kenmerk wat nie eie aan die ander apokaliptiese literatuur is nie.

Die boodskap wat volgens Duhaime (1995:87) herhaaldelik in die *Oorlogsrol* voorkom, is dat die finale oorlog tussen goed en kwaad op die punt staan om plaas te vind en dat dit deur menslike en bonatuurlike wesens gevoer sal word.

Yadin (1962:15) is van mening dat die *Oorlogsrol* nie slegs geskryf was om te troos en die laaste dae te beskryf nie, maar om veral in ‘n dringende en onmiddellike behoefte aan ‘n riglyn - *serekh* -

[22] Die bekende naam “Die Oorlog van die Seuns van die Lig teen die Seuns van die Duisternis” is oorspronklik deur professor Sukenik n.a.v. die eerste reël daaraan gegee.

te voorsien vir die probleme om die langverwagte oorlog (1.10), wat volgens die sekte in die nabye toekoms sou plaasvind, te beplan.

Dupont-Sommer (1961:168) het die groot waarde van die *Oorlogsrol* gesien in die leerstellinge wat deurgaans in die Rol voorkom – dit is dus ‘n baie belangrike bron van kennis van die “Esseners” se teologie en spiritualiteit, veral omdat dit as ‘n Heilige Oorlog van die gelowige teen die ongelowige beskou kan word (my aanhalingstekens).

Volgens Duhaime (1995:87) kon die simboliese voorstelling van die Oorlog van “die seuns van die Lig teenoor die seuns van die Duisternis” verskillende toespelings gehad het wat nie noodwendig mekaar uitgesluit het nie: dit kon as legitimisering deur religieuse motivering vir die praktiese implikasie van ‘n minder goed-toegeruste Joodse leër teenoor ‘n Griekse of Romeinse mag gedien het; of as propagandamiddel van ‘n groep gefrustreerde priesters teen die manier waarop opponerende Joodse religieuse of siviele leiers die oorlog aangevoer het; of teenstellend, ‘n werk met liturgiese doeleindes of persoonlike meditasie vir gewydes om die hoop en drome van ‘n gemeenskap wat totaal van mag in ‘n verwarrende tydsgewrig, ontneem is weer te laat opvlam. Die *Oorlogsrol* het die Gemeenskap ondersteun deur die geloof dat die hemelse leërmagte binnekort by hulle sou aansluit vir die oorlog van die eindtye, wanneer die bose magte uitgewis sal word en vrede en voorspoed in hul land en die hele wêreld herstel sal word (Duhaime 2004:60).

Fletcher-Louis (2002:428) se mening is: “This is to a large degree, what the *War Scroll* is; a text describing how the priesthood should muster the troops – how they should be organized (columns 2-7) and how they should be motivated spiritually (columns 10ff)” en in sy gevolgtrekking (2002:477): … “the *War Scroll* is a liturgical text. It is, from start to finish, an account of the end time conflict in cultic and liturgical terms”.

3.1B.2 AGTERGROND/KONTEKS

3.1B.2.1 HISTORIES

3.1B.2.1.1 DATERING

3.1B.2.1.1.1 EKSTERNE BEWYSE

Verskillende menings word nog deur navorsers oor die datum en samestelling van die *Oorlogsrol* gelug. Konsensus is ook nog nie bereik of dit deur een of meer skrywers saamgestel is nie en ten spyte van ‘n “gesofistikeerde “ oplossing deur P R Davies is nie een volgens Duhaime (1995:83) oortuigend nie. Hy (Duhaime 1995:83) gee wel toe dat dit volgens tekstuele ontleding lyk of daar twee hersienings van die werk in omloop was gedurende die tweede helfte van die eerste eeu v.C.

3.1B.2.1.1.2 INTERNE BEWYSE

Volgens die inhoud van die *Oorlogrol* self is dit moeilik om dit in ‘n spesifieke tydsgreep te plaas. Yadin (1962:22) meen dat die identifikasie van die vyand, die Kittim, ‘n groot rol speel in die bepaling van ‘n datum. Duhaime (1995:84) bly egter skepties en volstaan tot verdere navorsing [23] by ‘n *terminus a quo* naby die Makkabeëroorloë vir sommige dele van die dokument of die tradisies daaragter, met die *terminus ad quem* van die spesifieke resensie van die *Oorlogsrol*, die van *1QM* (die laaste deel van die eerste eeu v.C.). Segal (1965: 138-141) plaas die Oorlogsrol in die tyd van die Hasmonese leer en wel waarskynlik gedurende die tyd van Hirkanus (135-104 v.C.). In latere navorsing van Gmirkin (1998:172-214) maak hy die gevolgtrekking dat die *Oorlogsrol* – deels prakties, deels eskatologies – volgens interne bewyse teen die hoogsgespanne historiese agtergrond van die Makkabeër-krisis verstaan moet word. Sy werksmetode behels die opstel van ‘n lys van die eskatologiese kenmerke in die *Oorlogsrol*. Dit gebruik hy dan om ander eskatologiese literatuur met dieselfde kenmerke te identifiseer en laastens gebruik hy die historiese inhoud van die literatuur om metodologiese kwessies van die Oorlogsrol aan te spreek. Verder is hy van mening dat enige poging om die *Oorlogsrol* te dateer moet die tekstuele evolusie daarvan in aanmerking neem. Hy dui vyf fases van ontwikkeling aan:

Dele van kolomme 10 – 14 is volgens hom pre-militant en dus pre-Makkabeër, aangesien dit hoofsaaklik uit himnes en seën-en-vloek rituele bestaan. Hy plaas dit ongeveer in die jare 170-166 v.C.

Die res van bogenoemde kolomme beskryf hy as vroeg-Makkabees: 166-164 v.C.

Kolomme 15-19 beskryf die finale eskatologiese oorlog teen die “Kittim”. Dit plaas hy “waarskynlik” laat in die eerste religieuse fase van die Makkabeëropstand, voor die hertoewyding van die Tempel in laat 164 v.C.

Kolomme 2-4 word beskou as ‘n dringende militêre verhandeling (“treatise”) vir die professionele opleiding van die nuwe leër vir die tweede fase van die Makkabeëropstand met Romeinse militêre organisasie, taktiek en wapens. Hy plaas dit in Desember 164 v.C na die Makkabese oorname van Jerusalem en die herstelling van die Tempel.

---

[23] Duhaime (2004:64-101) het ‘n hoofstuk aan ‘n volledige ondersoek na verskillende moontlike takserings (o.a. ook die van Gmirkin) om die datering van *1QM* gewy en tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie ‘n meer presiese datering te vinde is nie. Hy volstaan met ‘n *terminus a quo* van 164 v.C. - gebaseer op die verwysing na *Daniël* 11-12 en die gebeure van die Makkabeërtydperk - en ‘n *terminus ad quem* van 50 v.C. – afgelei volgens die paleografie van die manuskrip.

Kolom 1:1-3 was heel laaste as inleiding tot die Oorlogsrol toegevoeg. Hy meen dat die res van die kolom eers aan die ouer deel –1QM 15-19-geheg was en dat dit eers die inval van Lisias in die herfs 164 v.C. voorsien het, maar dat dit toe herinterpreteer is om by die dreigende inval van Lisias en die groot mag huursoldate in die somer van 163 v.C. aan te pas.

Volgens Duhaime (2004:72-75) se ontleding van Gmirkin se taksering deur interne toespelings is

daar nog nie genoeg bewyse om sy gevoltrekkings te bevestig nie en moet voorlopig volstaan word met ‘n *terminus a quo* van 164 v.C. en ‘n *terminus ad quem* van 50 v.C. Volgens die kronologiese indeks deur Webster (2002:412) in die *DJD* word *1QM* paleografies as vroeg-Herodiaans geïdentifiseer en tussen 30-1 v.C. gedateer.

3.1B.2.1.2 SKRYWER

Carmignac (1958:XIII-XIV) het die Oorlogsrol as die werk van een skrywer, nl. *Die Leraar van Geregtigheid* vertolk. Volgens Yadin (1962:3) is dit nie bekend wie die skrywer van die *Oorlogsrol* was nie, ook nie wat die naam van die Rol oorspronklik was nie. Verdere navorsing het die lang redaksionele proses van *1QM* uitgewys en dat die anomalieë daarin op verwerking van vroeëre bronne deur verskeie skrywers aandui (Duhaime 2004:53) .

3.1B.2.1.3 SITUASIE

3.1B.2.1.3.1 OORKOEPELENDE TYDPERK

DIE HELLENISTIESE RYK 333 – 63 v.C./ DIE ROMEINSE RYK 63 v.C. - 50 v.C. …

Die *Oorlogsrol* het volgens sy geskatte datering sy beslag in die veelbesproke tydperk van die Hellenistiese Ryk gekry, [24] met ‘n moontlike samestelling eers na die Romeinse oorname in 63 v.C. (Laasgenoemde era word onder *Openbaring* bespreek).

Alexander die Grote het in 332 v.C. Judea oorgeneem en dié keer het die oorwinnaar vanuit die Weste en nie uit die Ooste soos die Assiriërs, die Babiloniërs en die Perse gekom nie. Alexander wou sy ideaal dat die hele wêreld een staat moes word waarin alle volke en kulture moes saamsmelt tot een nasie met die Griekse kultuur as basis, deur “gedwonge en/akkulturasie” deurvoer. Sy strategiese wapens was militêre geweld en vermenging: Griekse nedersettings is op die verowerde

[24] Moderne navorsers het groot waardering vir die navorsing van Martin Hengel in twee Volumes: *Judaism and Hellenism: Studies in their Encounter in Palestine during the Early Hellenistic Period* (Philadelphia: Fortress. 1974), waarin hy veral sy teorie dat die Jode in Palestina net so deur Hellenisme beïnvloed is as dié van die Diaspora, uiteensit.

gebiede gestig.[25] Tempels en religieuse stelsels van aanbidding kon volgens Sacchi (2000:161) egter voortgaan soos voorheen.

Na sy dood op 32 jaar is die Ryk onder die 4 generaals, die Diadogene soos hul bekend was, verdeel en het Judea hom later in die ongunstige buffer van die stryd om mag tussen die Seleukiede van Sirië en die Ptolomeërs van Egipte bevind. Volgens Levine (1999:232) is daar nie minder nie as 5 oorloë gedurende die 3de eeu v.C. tussen die twee magte met Judea as oorlogsterrein gevoer. Die Jode het hard kennis gemaak met die militêre en politieke oormag van die Masedoniërs en die Grieke. Vanaf 301 – 200 v.C. was hul onder Ptolemeër (Egipties-Masedonies)-heerskappy en vanaf 200 – 63 v.C. onder Seleukiede (Siries-Masedonies-Iraanse)-heerskappy. Gedurende die eerste tydperk onder Ptolomeus I was daar ‘n deportasie van Jode na Egipte, wat later tot ‘n aansienlike florerende kolonie deur immigrante uitgebrei is a.g.v. die gunstige omstandighede in Alexandrië (Sacchi 2000:162).[26]

Na die meer gematigde en tolerante heerskappy onder die Perse en relatiewe afgesonderheid van die omringende wêreld, moes dit ‘n traumatiese tydperk van ontwrigting vir die Jode gewees het (Levine 1999:232).

Hengel (1989:51-52) haal aan uit 1 *Makk.* 1.9 waarin gesê word dat die opvolgers van Alexander baie boosheid op die aarde veroorsaak het. Hy (Hengel 1989:51) gebruik ook ‘n aanhaling uit *Sag*. 9:13 waarin Israel soos ‘n wapen van *God* teen die Masedoniërs gebruik word.

Grabbe (1992:215-216) is meer gematig in sy taksering van die tydperk onder die Ptolomeërs: Juda het voortgegaan as teokrasie soos in die Persiese tydperk en kon hul eie regering en gewoontes behou, maar is as “melkkoei” gebruik vir handelsprodukte soos koring, wyn en olie en vir slawe, soldate en belasting.

Met die magsoorname deur die Seleukiede het Antiogos eers katvoet geloop en die inwoners van Palestina moes aanvanklik ‘n verbetering, veral deur die verligting van die belasting-las beleef het

---

[25] Volgens Grabbe (1996:6-7) was Hellenisasie ’n gekompliseerde en ’n eeuelange proses van sintese en diversifikasie … dit was meer die plaaslike inwoners wat status deur die aanpassing by die ‘hoër’ kultuur wou bekom deur Grieks aan te leer en die Griekse gewoontes aan te neem. Volgens Grabbe het die Griekse invloed meer deur osmose as definitiewe dade van ‘kulturele imperialisme’ plaasgevind. Volgens hom het die Griekse vorme nie die plaaslike kultuur vervang nie, eerder aangevul. Die Griekse vorme en díe van die Nabye Ooste het sy aan sy gefloreer en geleidelik vermeng op ’n sinkretistiese manier … om Hellenisties te wees was nie om Grieks te wees nie … Hellenisasie was ’n *sui generis* – dit was ’n ware sintese van Grieks en Nabye Oosters tot iets nuuts.

[26] Volgens Sacchi (2000:162) het díe gemeenskap ’n nuwe element in Judaïsme ingebring, nl. om nuwe mense, die *prošelutoi* -“bygevoegdes”- wat nie van Joodse afkoms was nie, in die gemeenskap te aanvaar.

(Hengel 1989:75). Dit was blykbaar van korte duur, want die opkoms van ‘n nuwe wêreldmag - Rome – het begin om sy tol in Klein-Asië te eis. Antiogos III was bewus van die konflik tussen Rome en Masedonië, maar was nog gewikkeld in sy stryd teen die ou vyand, die Ptolomeërs. Toe hy wel aandag aan Klein-Asië en Griekeland begin skenk het, het dit op ‘n oorlog teen Rome uitgeloop en is hy in 190 v.C. by Magnesië in Lidië verslaan. Dit het ‘n groot skuldlas tot gevolg gehad, aangesien hy indemniteit aan Rome moes betaal. Verder wou die Ptolomeërs die neerlaag benut om weer seggenskap in Palestina en Fenesië te verkry. Dit is teen hierdie agtergrond dat die berigte van die plundering van kosbare voorwerpe van die heiligdomme – soos die tempelskatte in Jerusalem - deur die Seleukiede verstaan moet word (Hengel 1989:77). Daarby moet nog die wedywering om die leierskap as hoëpriester tussen die twee faksies van die Tobiadefamilie ook gevoeg word. Die daaropvolgende gebeure, wat gelei het tot die verbod op die Judaïsme en die Makkabeëropstande wat weer in 152 v.C. gelei het tot die Makkabese staat, is volgens Grabbe (1992:282-283) nie so samehangend in die verskillende weergawes nie. Vir hom (Grabbe 1992:283) is daar geen afdoende bewys dat Antiogos Epifanes IV, “die malle” vir die ontheiliging van die Allerheiligste van die Tempel verantwoordelik was nie en dat dit eintlik aan Apollonius, sy gesant toegeskryf moet word. Kort daarna is Geron deur Antiogos gestuur om die Joodse geloof ‘n nekslag toe te dien.

Dis interessant om daarop te let dat dit gedurende hierdie jare was dat die magstryd tussen die afstammelinge van Antiogos III (die Seleukiede) en die afstammeling van Seleukus IV en Antiogos IV (die Antiogiede) in Sirië ontwikkel het.

In Desember 167 v.C. het Antiogos IV ‘n dekreet uitgevaardig waarvolgens ‘n verbod op die besnydenis van die Jode, religieuse studie en ander religieuse onderhouding geplaas is. Daardeur is hul forseer om volgens hul geloof onvergeeflike sonde te doen deur afgode te aanbid en verbode kosse te eet (Levine 1999:239). Navorsers kon nog nie ‘n bevredigende verklaring vir die teenstrydige verskynsel van *religieuse* onderdrukking in die antieke tyd gee nie (Grabbe 1992:284; Levine 1999:239). Hengel (2001:19) beskou dit as ‘n “slinkse skuif” deur Menelaus en sy “radikale” Helleniste om die weerstand van die meerderheid van die Jode af te breek deur ‘n hewige breuk met die wet van die stamvaders te veroorsaak. [27] Die primêre bronne (*Daniël* en die twee *Makkabeërboeke*) plaas die verantwoordelikheid van die religieuse onderdrukking voor die deur van Antiogos Epifanes. Collins (2001:51) meen dat dit heel moontlik sy woede en gekweste trots na die neerlaag op die oorlogsveld was wat die onverwagte en drastiese optrede veroorsaak het.

[27] Hengel (2001:19) verwys na die hipotese van Bickerman dat ministers of hofdienaars dikwels die aanhitsers agter ‘koninklike besluite’ was - soos ŉ Haman of ŉ Mordegai.

Die vervolging moes aanleiding tot groot vertwyfeling en verwarring gegee het en baie Jode het uit Jerusalem gevlug. Gewapende konflik het op die platteland in die klein dorpie, Modeïn, ontstaan toe die soldate van die koning die inwoners wou dwing om ‘n heidense offer te bring. Volgens 1 *Makkabeërs* 2 het Mattatias, die gryse priester uit die Hasmonese familie van die dorpie, botweg geweier en het hy die Jood wat die offer wou bring, sowel as die offisier, doodgemaak. Hy moes vlug vir sy lewe en saam met sy vyf seuns het hulle aanvanklik ‘n guerillabende in die Gofnaheuwels op die been gebring – later ‘n groter leër van 20,000 manskappe onder sy seun Judas – wat merkwaardige suksesse behaal het. Eers was dit meer ‘n siviele oorlog, maar nadat die Siriese magte hul steun aan Jerusalem gegee het, het die konflik die karakter van ‘n nasionale bevryding aangeneem (Sacchi 2000:239). In Desember 164 v.C. – drie jaar na die Tempel se ontreiniging -het hulle daarin geslaag om Jerusalem weer te verower, die Tempel te reinig en ‘n offerplegtigheid in te stel. Die gebeurtenis is met die Hanukkah-fees (die Fees van die Ligte of die Fees van Toewyding) gedenk en het later een van die hooffeeste van latere Judaïsme geraak (Sacchi 2000:242).

Die stryd om ‘n onafhanklike Hasmoniese Ryk daar te stel, sou nog 25 jaar lank voortwoed totdat dit in 143-142 v.C. in die eerste jaar van die broer, Simon, gevestig is. Hoewel Simon heelwat vermag het en sy regeringsjare deur Grabbe (1992:299) as ‘n waterskeiding in die Joodse geskiedenis beskou kan word, het hy gewelddadig gesterf. Daar kan weens die interne en eksterne woelinge slegs van relatiewe politieke onafhanlikheid en stabiliteit in die 80 jaar van die Hasmonese leierskap gepraat word. Segal (1986:35) beskryf hul onafhanklikheid as “bewerig en koorsagtig”.

Dit blyk duidelik uit die slagting as reaksie op die opstand wat in die tyd van Alexander plaasgevind het; die daaropvolgende ses jaar-lange burgeroorlog wat die lewe van 50 000 Jode opgeëeis het en die uiteindelike magstryd waarin die twee broers Hirkanus en Aristobolus vanaf 67 v.C. gewikkel was. Ironies genoeg is die Romeine “op uitnodiging” by die Judese politiek betrek (Cohen 1999:265). Dit het op die inname van Jerusalem in 63 v.C. deur die Romeinse generaal, Pompeius uitgeloop (sien 3.1.C.2.1.3) vir bespreking van die eerste fase van Romeinse tydperk).

3.1B.2.1.3.2 ONMIDDELLIKE OMGEWING

3.1B.2.1.3.2.1 SOSIALE EN MATERIËLE TAFEREEL

Gedurende die Hellenistiese tydperk was Jerusalem nog die brandpunt van alle Joodse lewe en elke Joodse man, waar hy hom ook al bevind het, het getrou sy jaarlikse belasting van ‘n halwe sikkel aan die Tempel in Jerusalem betaal: dit het die Jode in ‘n universele gemeenskap saamgebind (Hegermann 1989:155). Die sentrale ampsbediening in die Joodse gemeenskap gedurende die tydperk was die hoëpriesterdom, wat nie slegs verantwoordelik vir die rituele in die Tempel was

nie, maar ook as politieke verteenwoordiger vir die volk of as ekonomiese gaarder van die belasting opgetree het (Gafni 1984:22). Naas die priesterdom het ook ander instellings in die tydperk ontwikkel soos die *Groot Sinagoge*, waarvan die aard nog enigmaties bly en wat blykbaar die voorloper van die latere *Sanhedrin* was. Nog ‘n ander liggaam wat saam met die hoëpriesterskap in Jerusalem gefunksioneer het, was die raad van die oudstes – die *gerousia*- wat die Joodse volk amptelik verteenwoordig het (Gafni 1984:23).

Volgens Sacchi (2000:223) het die situasie in Jerusalem [28] in die jare na 175 v.C. vinnig agteruitgegaan. Vier families – die Tobiade, die Oniade, die Simoniete en die Hasmonese was in ‘n stryd gewikkel om beheer oor Juda en Jerusalem te verkry (Hayes & Mandell 1998:60). Die wortel van die kwaad was daarin geleë dat Jason reeds in 174 v.C. omkoopgeld aan die Seleukiede aangebied het vir die amp as hoëpriester en selfs bereid was om Jerusalem te Helleniseer. Slim vang sy baas: Menelaus het dieselfde taktiek toegepas en met sy aanstelling as hoëpriester is die essensie van Zadokiete-Judaïsme vernietig, aangesien hy nie ‘n afstammeling van die Zadokiete was nie (Sacchi 2000:225). Daarna was die lewe in die gemeenskap van Jerusalem deur interne onrus gekenmerk. Hewige gevegte en bloedvergieting het Jason se poging om weer beheer oor te neem tot gevolg gehad. Epifanus het Menelaus ondersteun vir eie gewin in sy eintlike stryd teen die Ptolomeërs. Dit het Menelaus in die onbenydenswaardige posisie geplaas dat hy uit noodsaak na die vreemde heerser se pype moes dans indien hy sy amp wou behou. Die “samewerking” het gelei tot die plasing van ‘n Siriese garnisoen in die fort, die *akra* binne-in die stad en het verder gesneeubal met die omskepping van die Tempel in Jerusalem as ‘n gesamentlike kultusbeoefening-plek saam met die vreemde besettingsmag. Dit is deur die Hasmonese volgelinge as afskuwelik beskou.

Eiendom is boonop aan die vreemde soldate toegeken, aangesien koninklike wette die siviele wette oorvleuel het en die koninklike wet voorrang bo dié van die siviele wet verkry het.

Die Tempel is ook aan die Olimpiese Zeus opgedra en ‘n tweede altaar – “die ontsettende gruwel” (*Dan* 11:31) of “desolating sacrilege”(l *Makk.* 1:54) - is bo-op die een in die binnehof aangebring, waarop skynbaar onreindiere/varke geoffer is (Hayes&Mandell 1998:65). ‘n Verdere bekommernis was die uitbreiding van die aanbidding van die god, Dionusios, waaraan die Jode moes deelneem deur saam in die optogte te loop. Spesiale feeste is elke maand ter herdenking van die koning se verjaarsdag gehou. Jerusalem is met die besetting deur die militêre garnisoen vervreem en met die verdere verdrukking het konflik na die omringende landelike gebied uitgekring.

[28] Sterling (2001:268) skat die totale bevolking van Jerusalem in die eerste eeu v.C. op ongeveer 35,000 en 75,000 in 70 n.C. met die nie-Jode as minderheid.

Collins (2001:42) meen dat Judaïsme nog met die Hellenistiese kultuur versoenbaar kon wees, maar wanneer dit by praktyke in die religieuse kultus gekom het, is daar lyne getrek en het dit tot konflik gelei. Hierin lê ook vir Rajak (2001:249-250) die uitdaging om te bepaal watter faktore vir die Jode in Palestina gedurende die Tweede Tempelperiode hulle van die Grieke onderskei het dat dit selfs tot momente van fisiese geweld gelei het, terwyl hulle tog geredelik van die vyand se gewoontes opgeneem het.

Volgens Mendels (1998:33) kan ‘n mens nie die Judaïsme gedurende die Tweede Tempelperiode as rigied beskryf nie, aangesien daar as gevolg van die aanvoeling en openheid van sekere groepe in hul verhouding teenoor die nie-Jode gedurige wisseling plaasgevind het. Hoewel die Jode ‘n verskeidenheid identiteite, soos dit in sommige literatuur - vanaf die boek *Jubilieë;* die *Eksagoge van Esegiël die Tragikus; Tobit; Susanna* tot by die *Brief van Aristeas,* die LXX, Artapanus en Filo Judaeus - weerspieël word, aangeneem het, het hul nooit hul ‘sterk essensiële Joodse’ identiteit verloor nie. Hy (Mendels 1998:34) verklaar dit aan die een kant dat die Jode ‘n sterk innerlike vertroue in hul eie kultuur gehad het en aan die ander kant dat die nie-Jode hul ook nie heelhartig in hul kultuur kon aanvaar nie. Hierby sluit Idinopolus (1991:63) se mening aan dat die Groot Opstand (70 n.C.), net soos die Makkabeëroorloë (167 v.C.) en die latere Bar Kogbâ-rebellie (132 n.C.) daartoe bygedra het om die Joodse nasionale uniekheid te bewaar, maar hy baseer dit op hul geloof dat Israel daardeur hul integriteit en vryheid om God se verbondsvennoot te bly, behou het.

Tog het in die Hellenistiese tydperk die meer algemene gebruik van munte in plaas van die omslagtige ruilstelsel groter produktiwiteit en voorspoed op die gebied van die handel in die hand gewerk. Tegnologie het ontwikkel, soos die voetaangedrewe wiel van die pottebakker, waarna Ben Sirag verwys, getuig. In Jerusalem is ‘n verskeidenheid van kuns en handwerk bedryf. Vondse van potte in Palestina dui selfs op buitelandse handel. Daarby moet ongelukkig ook die florering van slawehandel gevoeg word (Collins 1997b:25-26).

3.1B.2.1.3.2.1.1 EKSTERNE DATA

Die bestaande hoofwerke wat inligting oor die Hellenistiese era bied, is *Antiquities, War, Life* en *Contra Apion* van Josefus, wat deur navorsers as Joodse geskiedkundige en Romeinse apologeet beskou word. Die gebeure is ook in die Makkabeërboeke aangeteken – veral die eerste boek word as ‘n offisiële geskiedenis van die Makkabese dinastie beskou (Segal 1986:30). In 2 *Makkabeërs* word die term Judaïsme (’*Ιουδαϊσμός*) vir die eerste maal gebruik en kom die eerste aanduiding van die naamwoord “Hellenisasie” of “Hellenisme” (’*Ελληνισμός*) voor (Sterling 2001:263).

Die Jode het voor die spanning in die dilemma van assimilasie of selfgelding te staan gekom. Volgens die eerste *Makkabeërboek* was baie Jode ten gunste van die vernuwings wat deur Jason

ingestel is (1.11-15). Die ontwikkeling van die Griekse gimnasium in Jerusalem het ‘n mentaliteit van bewondering vir die nuwe kultuur en minagting vir die ou voorskrifte in die Judaïsme – soos bv die besnydenis – laat posvat (Sacchi 2000:224). Sommige het dit selfs so ver gevoer om die tekens van die besnydenis deur ‘n gevaarlike snykundige prosedure te laat verbloem, hoewel navorsers al die waarheid daarvan weens gebrek aan eietydse bevestiging, betwyfel het. Doran (1990:108) se verklaring dat dit as ‘n metafoor gebruik is om met die na-aping van die Griekse gewoontes te spot, is aanneemlik. Verder interpreteer hy (Doran 1990:108) die siening van die skrywer oor die fisiese oefeninge as aantasting van die opvoedkundige sisteem, wat beteken dat aan die *politeia* of *χαρακτήρ* van ‘n volk getorring word. Magspel het ook ‘n rol in die lidmaatskap van so ‘n mansklub gespeel. Dit het fel reaksie van die Jode, wat die waardes van die Tora as die basis van hul bestaan beskou het, laat ontbrand. Segal (1986:33) het reeds al voorgehou dat die eerste *Makkabeërboek* ‘n ondubbelsinnige voorbeeld bied van hoe “root metaphors” (in díe geval die Verbond) en paradigmas sosio-dramas binne gemeenskappe kan veroorsaak. Sommige navorsers meen dat die sug na mag en geldelike gewin sterker motiewe as religieuse hervorming by die leiers was (Collins 2001:46).

Aan die ander kant wou Antiogos volgens 1 *Makk.* 1.41-43 sy koninkryk verenig en moes die Jode afstand doen van hul spesifieke tradisies.

2 *Makk.* 11.13-38 bevat dokumente waarin Judas Makkabeus in 164 v.C. ‘n ooreenkoms met Menelaus aangegaan het dat die rebelle na hul tuisland kon terugkeer en volgens die Tora te lewe. Judas se verskuilde agenda was egter om terwyl Sirië in stryd met die Partiërs was, die kans te benut om Jerusalem weer binne te gaan en selfs so ver as Gilead die Hellenistiese invloed te bestry en die Judaïsme van die Tora te herstel. Hy het selfs ‘n vesting in Jerusalem as teenvoeter vir die *akra* van Menelaus en die Siriërs gebou (Sacchi 2000:242). Algimus het as hoëpriester voortgebou op Menelaus se beleid van “samewerking”. Aanvanklik was dit eers vreedsaam, maar later moes hy met die hulp van Sirië, oorlog voer teen Judas, wat in 160 v.C. in die neerlaag by Bet-Horon gesneuwel het.

Algimus het onverwags gesterf terwyl hy besig was om die ou muur in die binnehof van die Tempel te laat afbreek. Volgens Sacchi (2000:245) was die afbreek van die muur ‘n innovasie in lyn met sy beleid van openheid tussen die priesters en die gewone mense. Dit was ‘n verdere wegbreek van die ou Zadokiete tradisies, wat op twee verskillende maniere - as sekularisasie of algehele heiligmaking van die mense - vertolk kon word. Hierdie eienaardige, selfs opspraakwekkende sameloop van omstandighede met Algimus se dood het by sy teenstanders nuwe verwagtinge geskep. Konflik het ontwikkel uit die gemis van ‘n erkende leier in die Hellenistiese party.

Judas se broer Jonatan het die situasie, sowel as die Siriese konflik tussen die aanspraakmakers uitgebuit sodat Juda tot so te sê ‘n onafhanklike staat onder sy broer Simon kon ontwikkel. Demetrius II het Simon se aanstelling as hoëpriester bevestig, hom van alle heffings vrygestel en die reg verleen om forte te besit. Simon kon as koning optree, alhoewel hy nooit die titel vir hom toegeëin het nie. Die ou verdeling van wêreldlike mag en sakrale mag vanaf Serubbabel se tyd het nou in een persoon gestalte gevind: Simon was ἡγούμενος en ἀρχιερεύς (Sacchi 2000:249).

Simon het die Hellenistiese party vervolg en vernietig. Met die verloop van tyd het die ondersteuning aan die Hasmonese egter verflou - veral met die aanneming van die titel “koning” het die Hasidim wat besig was om in ‘n nuwe groep, die Fariseërs, te ontwikkel hul begin onttrek (Sacchi 2000:251).

Die Hasmonese koningshuis het al hoe meer die inkleding van hul vroeëre teenstanders, die Helleniste begin aanneem. Volgens Hengel (2001:22) was die nuwe Makkabeër- hoëpriesters en konings se dilemma dat hul slegs as Hellenistiese state kon voortbestaan: “Greek civilization had become a vital necessity”. Hirkanus het selfs begin om heidene in sy leër op te neem wat die belangrike aspek van reinheid onder die Jode aangetas het.

In Gruen (2001:81) se taksering van die Joodse perspektief van die Grieke in die Joodse literatuur van die tydperk lig hy dié weerspreking uit: ‘n sterk neiging was om die verskille in kultuur en gedrag te beklemtoon deur die Grieke as vreemdelinge, minderes en selfs wrede teenstanders en barbare te bestempel; ander het weer die Hellenistiese instellings met ope arms aangeneem en hul daarmee versoen; terwyl nog ander so ver gegaan het om die twee volke ‘n fiktiewe gesamentlike voorvader toe te ken.

3.1B.2.1.3.2.2 RELIGIEUSE MILIEU

Navorsers is al hoe meer geneë om die Judaïsme in die tydperk vanaf 200 v.C. tot die vernietiging van die Tweede Tempel as Middel-Judaïsme te beskryf, aangesien dit dui op die latere Rabbynse Judaïsme en dat die Christelike godsdiens nie buite die sfeer van Joodse denke val nie (Sacchi 2000:304-305). Dit sluit aan by Segal (1986:1-2) se teorie dat die twee religieë eintlik soos ‘n tweeling gedurende die tydperk die lig gesien het.

Sacchi (2000:227) is van mening dat dié komplekse politiese en ideologiese situasie - vervleg met teenstrydighede - die reaksie teen die Hellenistiese tendensie, sulke afmetings van politiese en religieuse inslag ingehou het, dat dit vandag moeilik is om dit te ontrafel. (Sien ook Segal 1986:30-31.) Die reaksie toon twee basiese standpunte: onttrekking en gewapende weerstand (Sacchi 2000:228). Hierby moet ons sekerlik ook die “maklikste”-midde-uitweg van “saam-met-die-stroom-vir-eie-gewin-gaan” of meer positief, die pasifiste, voeg. Talmon (1991:43) formuleer dit as die

"interne diversifikasie" waarvan die sosioreligieuse verskynsels in die Hellenistiese-Romeinse era spreek. Grabbe (1992:308-309) sien dit vanuit die perspektief dat die belangrikste religieuse vraagpunt gedurende die Makkabeër-tydperk om die "oorlewing van Judaïsme self" gegaan het en nie soseer opstand teen Hellenisme nie: die eintlike twispunt was wie die pos as die wettige hoëpriester beklee het, want hy was die hoof-siviele sowel as -religieuse leier. Hoewel die verskillende groepe reeds vroeër begin vorm het, is dit eers in die era van die Hasmonese leiers dat Josefus van die hoof Joodse sektes melding maak. Hul het sekerlik tot die verandering en ontwikkeling in die Judaïsme bygedra met selfs verreikende gevolge in sommige gevalle.

Sommige Zadokiede het saam met Onias IV na Egipte gegaan waar hul 'n tempel in Leontopolis gestig het – ander het in die woestyn in gevlug. Uit lg. groep het heel waarskynlik die Esseners en/of die groep van die Dooie Seerolle ontwikkel. Die Qumrangemeenskap het hul om die Leraar van Geregtigheid geskaar en hul 'monnike'-gemeenskap as die tempel van die Here beskou. Hulle het 'n spesiale eksegese ontwikkel – *pesher* – om die Tora te ontleed. Segal (1986:102) lig *dualisme* as die mees kenmerkende eienskap van die sekte van die Dooie Seerolle uit; hy baseer dit veral op die Oorlogsrol waar die gemeenskap die wêreld in 'n oorlog tussen die *seuns van die lig en die seuns van die duisternis* verdeel. Reinheid het veral 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van die lede gespeel. Collins (2001:55) waarsku dat die Dooie See Gemeenskap se religie nie tot 'n obsessie met die Wet gereduseer moet word nie.

Ander het die tweede opsie om verskeie uiteenlopende motiewe en ideale verkies: om as Jode die tradisionele Wet vreedsaam te kan beoefen; die Makkabeër-broers wou die heul-party van Menelaus omverwerp en 'n aparte onafhanklike Joodse staat met sy eie magte onder 'n nuwe bedeling daarstel. Volgens Sacchi (2000:238) het dit later vir die Makkabeër-seuns in hul religie meer om glorie as om die uitvoering van die Wet gegaan. Laasgenoemde element is sterk deur die Hasidim[29] aangevul, wat by die Makkabeërmagte aangesluit het. Hulle het in 142 v.C. weer weggebreek toe Simon Makkabeus om politieke redes as hoëpriester aangewys is. Die Hasidim was voorstanders van vrede en namate die verwydering tussen hulle en die Hasmonese vergroot het,

[29] Interessante navorsing dui op die moontlike voortbestaan van die groep onder die Aramese vorm *ḥsy´* wat die Esseners aandui (Sacchi 2000:239). Volgens Kampen (1988:322-340) was dit die oorwegende tendens in die neëntiende en twintigste eeuse navorsing om te aanvaar dat die Fariseërs en Esseners uit die Hasidim ontstaan het. Navorsing moet volgens hom begin by die Griekse term *Aisidaioi* wat in die Grieks-Joodse literatuur slegs in 1 Makk. 2.42 ; 7.12 en 2 Makk. 14.6 voorkom en wat as 'n vertaling van die Hebreeuse *Hasydym* aanvaar word. Sy (Kampen 1988:181) eie slotsom is dat dit eerder 'n gebruik van 'n bekende Griekse term wat deur 'n Griekse waarnemer op 'n Palestyns-Joodse fenomeen toegepas is.

het hul in die nuwe groep, die Fariseërs verword.[30] Die Fariseërs word deur Josefus as die vernaamste leidende sekte, wat die wette die beste interpreteer het, voorgehou. Volgens Segal (1986:58) het hulle meer uit die middelklas van die gemeenskap gekom en was meer tuis in die sinagoges in Judea. Bronne is dit eens dat hulle swaar gesteun het op *paradosis* of tradisie, wat teen die tyd van die kodifikasie van die Misjna (Rabbynse wette) in ‘n eksplisiete dogma van die mondelinge wet uitgekristaliseer het (Segal 1986:121). Wette in verband met rituele oor reinheid, tiendes en priesterlike offers, die mees geslote wette van die Tora-konstitusie, het botoon gevoer en praktyk het dit genoodsaak dat hul geïsoleerd in *havuroth* (klein klubs) saamgebly en geëet het.

Hirkanus het hom na die Sadduseërs vir ondersteuning gewend. Uitsluitsel oor die oorsprong van die groep is nog nie deur navorsers bepaal nie. Hulle is blykbaar die afstammelinge van die priesters wat in Jerusalem gebly het, Jason se vernuwings aanvaar het en met Menelaus en Algimus saamgewerk het. Onder hulle sou dan die welgestelde grondeienaars met ekonomiese mag getel het. Segal (1986:45) meen dat Josefus se geskrifte ‘n moontlike rekonstruksie van die perspektief van die Sadduseërs weergee: dat hulle nie aan die opstanding geglo het nie en dat die keuse tussen goed en kwaad by elke mens self berus het.

3.1B.2.2 LETTERKUNDIGE KONTEKS

Om ‘n antieke letterkundige teks te verstaan en waardeer is dit m.i. nodig om kortliks by ander werke uit dieselfde era stil te staan. ‘n Volledige ondersoek is uiteraard nie moontlik nie, maar ‘n kykie na die mees prominente tekste tot op datum, kan bydra tot beter insig in ‘n vergelykende studie. Indeling is nodig vir ordening, maar daar moet in gedagte gehou word dat terme soos ‘apokriewe’ verskillende betekenisse kan inhou en oorvleueling van genres in een werk dikwels die saak kan bemoeilik.

3.1B.2.2.1 JOODSE GESKRIFTE VAN DIE HELLENISTIESE TYDPERK

Volgens Mendels (1998:14) is die meeste oorspronklike literatuur van die boorlinge van Palestina gedurende die Hellenistiese tydperk in Hebreeus en Aramees geskryf, terwyl die Jode in die Hellenistiese Diaspora reeds in die vierde tot derde eeu v.C. van Grieks gebruik gemaak het.

3.1B.2.2.1.1 DIE QUMRANGESKRIFTE: ONMIDDELLIKE KORPUS

Volgens Davies (1994:126) was dit die verslag van Plinius die Ouere (wat in die laaste kwart van die 1ste eeu n.C. geskryf is) waarin hy ‘n nedersetting van Esseners aan die oewer van die Dooie

[30] Sommige vroeëre navorsers, soos Frank Cross meen dat die oorsprong van die gemeenskap by Qumran in dié breuk gesoek moet word (Segal 1986:75).

See, moontlik tussen En-gedi en Jerigo, geplaas het. Na die ontdekking van die eerste Rolle in 1947 [31] in die Qumrangrotte in die Judese woestyn, noordwes van die Dooie See, is die Esseners met dié *yaḥad* geïdentifiseer. Dit is veral die *Gemeenskapsrol* (1*QS*), waarin ‘n *yaḥad* (gemeenskap) beskryf word wat “genoeg” parallelle met die beskrywings van die Esseners deur Josefus en Filo gehad het, wat aanleiding tot die aanname gegee het. Die bewyse vir die “Essenerhipotese” is verder deur die interpretasie van die ruïnes versterk en het twee dekades lank die toneel op die Qumrannavorsing oorheers en is steeds by navorsers verkieslik, alhoewel daar reeds baie is – miskien die meerderheid – wat nou bedenkinge het – aldus Davies (1994:127). Daarteenoor deel Porter en Evans (1997:15) die mening dat na 50 jaar van navorsing dit nog die meerderheid se siening is, maar dat dit “kragtig betwis” word. [32] Dit is teweeggebring nadat al die Rolle gepubliseer is en nuwe insigte daardeur verkry is. Die Essenerhipotese is versterk deur die “Groningenhipotese”, wat García Martínez (García Martínez& Trebolle-Barrera 1995:11) as die beste verduideliking vir die ooreenkomste en verskille in die hipotese beskou. In die hipotese word

---

[31] Die oorspronklike storie om die vondse word aan verskeie weergawes gekoppel. Een daarvan is dat ‘n veewagter van die stam Mohammed ed-Dhib op die manuskripte afgekom het, terwyl hy na ‘n afdwaalbok gesoek het. Die presiese datum is onbekend, maar in 1947 het 7 manuskripte van Grot 1, waaronder die Oorlogsrol ook val, in die hande van twee “antikware” – Shalim en Salahi beland. Na verskeie onderhandelinge is die 7 manuskripte later in ‘n spesiale museum in Jerusalem: “the Shrine of the Book” bewaar (García Martínez 1994:xxxvi-xxxvii).

[32] Literêre en historiese analise het die “Essenerhipotese” uit sy bevoorregte posisie begin loswikkel (Davies 1994:127). Dit is ingelui met die “problematiese” inhoud van die Tempelrol wat nie affiniteit met die “sektariese” teologie van die manuskripte van die eerste grot getoon het nie. Daarna is dit opgevolg met die bevinding van eerstens Stegemann (1971) en toe Davies (1983) dat die Damaskusrol (CD) en die Gemeenskapsrol (1QS) nie dieselfde gemeenskap beskryf het nie (Davies 1994:128). Norman Golb (1995:140-143) het met ‘n lys van 14 teenstrydighede aanslag teen die Essenerteorie gemaak, asook met die teorie dat die Rolle glad nie met Qumran verbind moet word nie. Daarmee het hy die vroeëre voorstel van K H Rengstorf (1960) gesteun dat die Dooie Seerolle uit die biblioteke van Jerusalem gekom het en in die grotte vir veiligheid teen die aanvallende Romeine versteek is. Golb se redenasie was dat die Rolle nie van slegs een sekte/groep afkomstig was nie, maar wel uit ‘n breë spektrum van Joodse bronne en dat dit die verskeidenheid in Joodse geloof en praktyke ten tye van hul ontstaan, weerspieël het (Davies 1994:129). Die vierde ondermyning het uit die debat om die baie interessante teks 4QMMT opgeduik: die skrywers van die dokument was ‘n onbekende groep Sadduseërs, maar volgens Davies (1994:130) was die argumente maar yl en teenstrydig. Schiffman (1995:xxii) is egter oortuig dat die Rolle by Qumran versamel is deur ‘n sekte, wat Jerusalem in die nadraai van die Makkabeëropstand verlaat het en dat dit ‘n groep heilige Sadduseërs was wat wou wegbreek nadat die Hasmoniese heersers hulle aan die kant van die Fariseërs geskaar het. Die voorstanders van hierdie teorie het die beste bewys vir ‘n skakel met die Rolle en die Qumran-terrein en wel dié van die klassieke skrywers oor die Esseners oorboord gegooi (Davies 1994:130). Talmon (1991:36) verkies om die ‘Covenanters’ voorlopig as ʼn *sui generis* – fenomeen te beskou, waarvan navorsing beslis ʼn nuwe dimensie aan die studie van Joodse verdeeldheid sal gee. Sullivan (2004:167) maan dat die skakel tussen die Dooie Seerolle en die Esseners nog onseker is en dat enige gevolgtrekkings wat berus op die aanname wel geregverdig mag wees, maar tentatief moet bly.

die ideologiese wortels van die Qumrangemeenskap in die Palestynse apokaliptiese tradisie geplaas. Verder lê die oorsprong in ‘n afsplintering van ‘n groepie Essenerpriesters rondom die “Leraar van Geregtigheid” wat hulle na die skeuring vanaf die hoofgroep in die woestyn gaan vestig het.

Die een aspek waaroor die navorsers van die Qumranrolle wel eenstemmig is, is die geweldige verskeidenheid van die ongeveer 931 tekste wat al geïdentifiseer is. Die meeste van die manuskripte is in Hebreeus geskryf, terwyl 20% in Aramees en ‘n paar fragmente in Grieks is. Daar is reeds baie bespiegel oor die aard van die versameling van die Dooie Seerolle. Veral na die groot vonds in Grot 4 het dit gelyk of dit as ‘n *biblioteek* bestempel kan word. Boccaccini (1998:55) reken dat die geografiese, kronologiese en literêre grense wat die eenheid van die manuskripte vorm, ‘n algemene besit, maar nie algemene outeurskap aandui nie. Dit is interessant dat daar egter geen sekulêre of nie-Joodse materiaal in die versameling voorkom nie; dit was dus nie ‘n antieke biblioteek soos dié van Alexandrië wat ‘n omvattende voorraad kennis van die tydperk bevat nie, maar eerder ‘n spesifieke keuse van Joodse religieuse tekste (Boccaccini 1998:55).

Die *Oorlogsrol* maak deel uit van die geskrifte, wat as boeke wat deur die groep self geskryf is, beskou word. Die *Gemeenskapsrol* (*1QS*) en die *Damaskus Dokument* (*CD)* bestaan blykbaar uit handleidings vir die organisasie van die gemeenskap alhoewel daar opmerklike verskille in voorkom, wat al op verskeie maniere deur navorsers verklaar is. Ander bydraes is die Kommentare of *Pesharim,* wat van die Hebreeuse woord *pešer* ‘interpretasie’ afgelei word en waarvan die *Habbakuk Kommentaar* (*1QpHab*) en die *Kommentaar op Nahum* (*4QpNah*) van die belangrikste is. Die *Himnes* (*1QH*) word deur sommige navorsers ook ingesluit op grond van die moontlikheid dat hul deur die stigter van die groep geskryf is. [33]

---

[33] Sommige van die Dooie Seerolle onderskei hul van die Joodse literatuur van die Tweede Tempelperiode deur die teenwoordigheid van ‘n dogma van die bose, gebaseer op ‘n unieke kombinasie van kosmiese dualisme, individuele predestinasie en die gelykstelling van boosheid met onreinheid en in hierdie ‘neutedop’ sluit Boccaccini (1998:59) *minstens* in: die Gemeenskapsrol (1QS) en verwante rolle (1Qsa en 1QSb), die Dankpsalms/Himnes (1QH), die Oorlogsrol (1QM), die Liedere van die Sabbatsoffer (4Q400-407) en die *Bybelse* kommentare bekend as die *pesharim* (veral 1QpHab en 4QpNah). VanderKam(VanderKam & Flint 2002:209-238) verkies ***Nie- Bybelse Rolle*** as indeling omdat daar net te veel onsekerhede is om ‘n werkbare skeiding tussen sektaries en nie-sektaries te maak.

Onder ***Wetlike Tekste*** plaas hy die Herdeurwerkte Pentateug; die Tempelrol (11Qtempel); 4QMMTen ‘n paar fragmente; asook die Reëls in die Damaskus Dokument, die Gemeenskapsrol en die Oorlogsrol.

Interpretasie, waaronder die Kommentare (Lopend en tematies) val asook Verwerkte Geskrifte soos die Genesis Apokrief.

Kalenders, Liturgieë en Gebede- Hier skenk hy aandag daaraan dat die son- en maankalender in die Qumranrolle verteenwoordig is. Onder Gebede plaas hy die bekende Liedere van die Sabbatsoffer.

Die "hoof"-manuskrip van die *Oorlogsrol* is in Grot 1 van die 11 grotte om die Khirbet Qumran-area gevind en word dus as *1QM* (milḥamah) gelys. Hierdie rol en sy 7 fragmente is in Hebreeus geskryf.

Volgens Talmon (1991:37) het die teologie van die Qumran-gemeenskap tussen "'n hoogs geïdealiseerde konsep van die historiese bybelse Israel en 'n utopiese visie van 'n toekomstige historiese wêreld, wat as 'n verheerlikte herstel van die bybelse verlede beskou is", geslinger. Hulle het hulself as die enigste wettige oorblyfsel en verteenwoordiger van die bybelse mense van Israel beskou: die "Seuns van die Lig".

3.1B.2.2.1.2 HEBREEUSE EN ARAMESE BOEKE VAN DIE LATERE KANON

Alhoewel die belangrikheid van Grieks as voertaal toegeneem het, is daar nog 'n 'poëtiese meesterstuk' soos *Hooglied*; historiese werke soos *Kronieke* en *Esra-Nehemia* en 'n werk met religieuse opbouing soos *Esther* in die ou sakrale taal van die voorvaders geskep: so ook dele van *Daniël*; *Deutero-Sagaria*; *Prediker* en die *Spreuke van Jesus Sirag* (Delcor 1989:353-354). Laasgenoemde is nie in die latere kanon ingesluit nie. *Daniël* speel 'n belangrike rol in die agtergrond van die apokaliptiek in hierdie tyd (3.1.B.2.2.1.4).

Kronieke 1 en 2 word laat in die Persiese tydperk of vroeg in die Hellenistiese era gedateer en handel oor die geskiedenis van Israel vanaf die skepping tot voor die ballingskap. 2 *Kronieke* 20 - as deel van die goedgevestigde Heilige Oorlog-tradisie in die HB - word deur Fletcher-Louis (2002:433-434) as die naaste parallel aan *1QM* 12 wat datum en konseptuele struktuur aanbetref, beskou. Hy lig twee verskille uit: In *Kronieke* is Israel op die verdediging; in *1QM* is hul aanvallend en die aanvallers word tweedens nie vrygespreek van werklike deelname aan die oorlog nie. Verder word in albei gedeeltes aandag geskenk aan die kultiese perspektief; die uitbeweeg van die heiligdom waar Israel deur die ontmoeting met God bemagtig word, na die slagveld en weer die terugkeer na die huis van God.

Esra en *Nehemia* dek die gedeelte van die geskiedenis van Israel na die ballingskap. Konsensus is nog nie bereik of al die boeke deur een of meer skrywers opgestel is nie. Kenmerkend van die boeke *Esra* en *Nehemia* is die amptelike dokumente wat daarin opgeneem is soos byvoorbeeld die edik van Kores.

Poëtiese Tekste- Die Hoyadot, Wysheidstekste en Eskatologiese tekste, waaronder die Nuwe Jerusalem-teks en Messiaanse Apokaliptiek val, word hier ingedeel.

Dokumentêre Tekste(?) Dit is die plek vir die omstrede Koperrol en 'n paar ander toepaslike fragmente.

Hooglied val onder die derde deel van die kanon, die *Kethubim* en word saam met *Rut*, *Prediker/Spreuke*, *Jeremia* en *Esther* deur die Jode as een van die 5 *megilloth* (feesrolle), wat in die liturgie by spesifieke feeste gebruik word, beskou. Voorheen is die boek allegories geïnterpreteer, maar ‘n sterk ooreenkoms met die antieke Egiptiese liefdesliedere versterk die benadering dat dit liedere van menslike liefde van ‘n man teenoor sy geliefde is. Dat die boek slegs as sodanig deur die antieke kerkvaders in die kanon opgeneem is, is onwaarskynlik.

Prediker (Hebreeus = *Qohelet*) word nog beskou as die ouer Wysheidsboek uit hierdie era. Dit is ‘n anonieme boek wat gekenmerk word deur die skrywer se ontleding van die sin van die lewe. Sy unieke manier van ondersoek, nadenke en bevinding onderskei die boek van die ander boeke van die OT en gee dit ‘n meer ‘moderne’ inslag. In die opsig sluit dit aan by die Griekse filosofie van individuele beredenering, alhoewel daar geen bewyse is dat hy die literatuur gelees het of deur ‘n Griekse filosoof beïnvloed is nie (Collins 1997b:15). Sy pessimistiese slotsom is dat alles op *hebel* (absurditeit: ydelheid: tevergeefsheid) ‘n woord wat 31 keer in die werk herhaal word – berus. Die skrywer van *Prediker*, asook *Ben Sira* is meer ingestel op die dood wat verskil van die ouer wysheidstradisie van *Spreuke* en *Job*. Hy is snydend oor die lewe na die dood soos blyk uit die bekende vers:” ….alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug”(3:20). Collins (1997b:3) lig die moontlikheid uit dat dit as teenvoeter teen dié ontwikkeling in die apokaliptiese kringe in die Hellenistiese era gebruik word.

Die verhaal van *Esther* word in die boek self in die tyd van die Persiese koning, Ahasveros/Xerxes geplaas, maar die skrywer word vanweë verskeie redes veral ‘n aantal argeologiese anakronismes, in ‘n latere tydperk geplaas (Delcor 1989:365). Interessant om te let dat die boek nie by die Qumrangrotte gevind is nie en dat die Qumrangroep ook nie die Purimfees, wat deur Mordegai ingestel is, gevier het nie. Die naam van *God* kom nie in die boek voor nie. Verder word al die boeke van die HB gedeeltelik tussen die Rolle by Qumran aangetref. Die meeste van die Rolle (137) is in Grot 4 gevind. Altesaam (± 222) maak dit ongeveer ‘n kwart van die totale tekste uit wat die belangrikheid daarvan in die konteks uitwys. Die meeste kopieë is van die boek *Psalms*, nl. 36 kopieë; gevolg deur *Deuteronomium* (29) en *Jesaja* (21) en interessant om te let dat uit hierdie drie boeke die meeste aanhalings in die Nuwe Testament voorkom (VanderKam 1994:32; Ulrich 2000:54). Die vonds van die vertalings van die Hebreeuse geskrifte in Aramees – die Targums - het nuwe lig op die datering van die vertalings gewerp. Alhoewel die vonds maar klein is, het dit bevestig dat dit al die gebruik in voor-Christelike tyd was.

Die *tefillin*/gebedsriem en *mezuzot* is nie werklik kopieë van die Hebreeuse Bybel nie, maar bevat tog dele uit Eksodus en Deuteronomium. Die *tefillin* het uit stukkies perkament bestaan wat in ‘n

klein dosie aan die kop of aan die linkerarm gebind is; terwyl die *mezuzot* aan die deurkosyn vasgemaak is. Die meeste is in Grot 4 gevind - 21 *tefillanot* en 7 *mezuzot.*

3.1B.2.2.1.3 APOKRIEWE EN PSEUDONIEME GESKRIFTE

Net soos *Bybel* in die tydvak anakronisties is, geld dit ook vir die term *apokrief* (VanderKam 1994:34) aangesien dit die teenpool aandui. Flint (2001:80,86) bepleit ‘n strenger definisie van die twee dubbelsinnige terme *Apokriewe* en *Pseudonieme Geskrifte* wat in verskillende betekenisse deur navorsers gebruik word. Hy brei uit op die definisie van Michael Stone vir die Apokriewe dat dit Joodse geskrifte uit die Tweede Tempelperiode is wat nie in die Hebreeuse Bybel opgeneem is nie, maar wel ingesluit is by die Ou Testament van sommige, maar nie al die kerke nie.

Die Joodse Wysheidsliteratuur word in die Hellenistiese tydperk hoofsaaklik deur die twee apokriewe of deuterokanonieke boeke *Ben Sira* (*Ecclesiasticus*=Latyn) 190 v.C. en die *Wysheid van Salomo* 40 v.C. verteenwoordig.

Eersgenoemde boek is uitsonderlik deurdat die skrywer se naam duidelik daarin aangetoon word: Jeshua ben Eleazer ben Sira. *Ben Sira* is in Hebreeus geskryf, maar die oorspronklike teks het verlore geraak. In die proloog van die boek, wat later deur sy kleinseun geskryf is en wat die boek in Grieks vertaal het, word dit as ‘n handleiding tot opleiding en wysheid beskryf. Die boek bestaan uit kort en langer *meshalim* of spreuke wat hoofsaaklik vermanend van aard is. Die woord *sophia* - ‘wysheid’ in Grieks - kom meer as honderd maal in die boek voor. Reeds in die eerste gedig word sy oortuiging vasgelê: alle wysheid is van God afkomstig. Dit word opgevolg deur ‘n motief wat meer as 60 keer herhaal word: “vrees die Here”. ‘n Tema wat beklemtoon word, is die praktiese wysheid in verband met verhoudinge: tussen rykes en armes; gesinslede; vroue; heersers; bediendes en vriende en nog meer-alles vanuit die perspektief van die manlike patriarg. Die belangrikste vernuwing wat Ben Sirag in die Joodse Wysheidstradisie gebring het, was die vername plek – die identifikasie met Wysheid - wat hy aan die Tora van Moses toegeken het en die aandag wat hy aan die geskiedenis van Israel gegee het (Collins 1997b:41,53,97).

Ben Sira neem ook deel aan die ‘lewendige debat’ oor die oorsprong van sonde, wat gedurende die Hellenistiese tydperk plaasgevind het (Collins 1997:81; Delcor 1989:421). In die verband maak hy gebruik van die Hebreeuse woord *yēṣer* / neiging, wat in die kanonieke boeke van die OT meesal met kwaad verbind word, maar hoewel hy vrye keuse aan die mens toeken (hoofstuk 15), beklemtoon hy ook die almagtigheid van God (hoofstuk 33) en bied geen oplossing vir die skynbare dubbelsinnigheid in sy denke. Collins (1997:85,131) meen dat hy in sy siening van aanvullende teenoorgesteldes in die “werke van die Allerhoogste” (33.15) ‘n sterk ooreenkoms met die Stoïsynse beginsel van dualiteit toon, wat nie voorheen in die Hebreeuse geskrifte voorgekom het

nie en dat dit die basis kan wees vir die verdere uitbouing van die dualistiese denke in die *Gemeenskapsrol* (*1QS*) van Qumran. Die dualisme van die 'twee geeste' in *1QS* is egter nie slegs eties en psigologies nie, maar neem 'n metafisiese dimensie in die mag van die *Prins van die Lig* teenoor die *Prins van die Duister* aan: die verklaring van die oorsprong van sonde/ kwaad word in bonatuurlike magte gesoek.

Alhoewel die *Wysheid van Salomo* as deel van die Joodse wysheidstradisie deur navorsers beskou word, is dit in die diaspora in Alexandrië in Egipte in Grieks geskryf. [34] Die taalgebruik en styl dui dat die skrywer Grieks magtig was en oor kennis van die Hellenistiese denkwyse beskik het. Konsensus is nog nie oor die tydgleuf van die boek bereik nie, maar die meeste navorsers plaas dit in die draai van die eeu - ongeveer 30 v.C. - 70 n.C. Die toon van die werk is meer apologeties vanweë die oorwegend meer nie-Joodse konteks. Dit word gewoonlik in 3 dele gedeel: "die boek van eskatologie"; "die boek van wysheid" en die "boek van geskiedenis". 'n Belangrike ontwikkeling is die hoop van die regverdiges op 'n ewige lewe en die onsterflikheid van die siel. Die skrywer verskil van die ou 'bybelse' tradisie deur sy stelling in 1.13 dat die dood nie deur *God* gemaak is nie, maar dat dit deur die afguns van die duiwel/*diabolos* in die wêreld ingebring is.

Ander **Apokriewe** by die Dooie Seerolle word deur Flint (VanderKam & Flint 2002:182-183) op 'n tradisionele (enger) manier ingedeel as *Tobit*; *Judith*: *Byvoegsels tot Esther*; 1 & 2 *Makkabeërs*; *Die brief van Jeremia* (Baruch 6) en *Byvoegsels tot Daniël.* Meer omvattende sluit hy ook die *Gebed van Manasse*; *Psalm* 151; 1 *Esdras* (of 2 *Esdras*); 2 *Esdras* (of 3 *Esdras*); 3 & 4 *Makkabeërs*; 1 *Henog* en *Jubileë* onder die Apokriewe in.

Vir die **Pseudonieme** gebruik hy (Flint 2001:89) die enger sowel as die meer uitgebreide definisie van Moshe Bernstein: tekste wat verkeerdelik aan 'n skrywer (gewoonlik uit 'n antieke tyd) toegeskryf word om die tekste se gesag en geldigheid te versterk. In die breër definisie verskaf hy drie kategorieë: - gesaghebbende pseudonieme waarin die spreker van die werk 'n beweerde antieke persoon is; - gerieflike/geskikte pseudonieme wanneer die werk anoniem is, maar individuele pseudonieme stemme gehoor word; - dekoratiewe pseudonieme wanneer die werk met 'n naam geassosieer word sonder om ag te slaan op die inhoud of om 'n sekere effek te bereik. Hy beweeg dus weg van die vroeëre opvatting dat Pseudonieme slegs reeds bekende werke aanwys na een wat gebaseer is op genre en toeskrywing. Volgens die definisies kwalifiseer baie van die Apokriewe ook as Pseudonieme geskrifte, behalwe dié wat te fragmentaries is. Dis slegs die *Wysheid van Ben*

[34] Die didaktiese gedig van 230 verse wat aan die gnomiese digter Phocylides toegeskryf word, word as basiese formulering van die praktiese wysheid in die Diaspora voorgehou (Collins 1997b:158).

Sira wat in die epiloog die regte skrywer aandui. Tog kan die tweede lofsang (Sir 51.13-30) moontlik ingesluit word, aangesien dit met Dawid verbind kan word (Flint 2001:107).

3.1B.2.2.1.4 APOKALIPTIEK VAN DIE TWEEDE EEU v.C.

Gedurende hierdie tydperk het die Apokaliptiek baie dieselfde ingesteldheid as die "Esseners" voorgehou. Ten spyte van ooreenkomste met die Essenisme verskil dit volgens die Henogtradisie met die verwagting van slegs een messias, terwyl 'n koninklike en priesterlike messias kenmerkend van *lQS* is (Sacchi 2000:241). Verder verwys Sacchi (2000:241) ook na die rigiede predeterminisme van die Essener-spiritualiteit wat met die Apokaliptiek ten opsigte van die geskiedenis ooreenstem, maar nie ten opsigte van die individu aan wie die Apokaliptiek meer vryheid toeken nie.

Die boek 1 *Henog* bestaan uit 'n hele korpus, wat verskillend gedateer word, maar wat klaarblyklik saamgebind word deur die gemeenskaplike kenmerk dat dit die openbaringe aan die pre-diluviane bybelse patriarg, *Henog* (*Gen*. 5:24) bevat –dit kan dus ook as 'n pseudoniem beskou word. Slegs die Ethiopiese weergawe – heel waarskynlik 'n vertaling uit Grieks – is volledig. Die oorspronklike teks was in Hebreeus of Aramees geskryf. Vir Nickelsburg (1991:57-60) word die opbou van die realiteit in 1 *Henog* met sy tydelike en ruimtelike dimensies en sy goddelike en menslike karakters veral deur aanvullende soorte **dualisme** gekenmerk - tydelike, kosmiese en ontologiese dualisme - en die dualisms word deur toekomstige Goddelike ingryping met oordeel en verlossing ontknoop.

Soos reeds in Hoofstuk 2 aangedui, word die korpus in 5 dele verdeel:

Die Boek van die Wakers (Hoofstukke 1-36):

Hierdie gedeelte word as 'n apokalips beskou en word so vroeg as ongeveer 300 v.C. gedateer. Dit kan weer in drie dele onderverdeel word: Inleiding 1-5; Storie van die Wakers 6-16; en Henog se reise na verafgeleë plekke op die aarde 17-36. Die storie handel oor die gevalle engele, wat dit op 'n mitologiese vlak plaas en dus nie tot een historiese situasie beperk kan word nie. Verder voorsien die verhaal 'n paradigma vir die oorsprong van die sonde en die kwaad. Twee 'tradisiedrade' – dié van Šemiḥazah en 'Aśa'el word volgens Collins (1998a:52) hier nie slegs teenoormekaar gestel nie, maar ook versigtig inmekaar gevleg. Die troonvisioen met riviere van brandende vure roep ooreenstemmende beelde in *Daniël* 7 op en skakel met die ontwikkeling van die Joodse mistisisme (sien hoofstuk 2). Die eskatologiese oordeel speel 'n belangrike rol in Henog se reis waarop hy deur engele begelei word. Die engel, *Raphael*, moet *Asasel* in die woestyn en duisternis 'bind' tot die oordeelsdag; ook *Šemiḥazah* moet gebind word en in daardie dae na die bodemlose vuurpoel geneem word. Die geeste van die dooies – regverdiges, sowel as boses – word ook gehou vir die oordeelsdag. Daarteenoor moet *Raphael* die aarde herstel. Die apokalips spreek van *God* se mag en wysheid en bied deur 'n nuwe perspektief hoop en kennis.

Alhoewel die *Gelykenisse/Vergelykings van Henog* (Hoofstukke 37-71) die tweede deel van die boek uitmaak, is baie navorsers van mening dat dit die laaste gedeelte kronologies uitmaak en plaas dit in die eerste eeu n.C. (Grabbe 1996: 77). Ook hier kan drie gelykenisse onderskei word: die eerste handel oor eskatologiese beloning en straf, die Uitverkose Een en kosmiese geheime. In die tweede meer komplekse eenheid word op die openbaring van die *Seun van die Mens* of die *Uitverkore Een* gefokus. Eersgenoemde benaming het al baie navorsing uitgelok. Stone (1984:402) meen dat die oorsprong in *Daniël* 7 en in die bestaande tradisies van die verwagting van ‘n kosmiese verlosser gesoek moet word. In hoofstuk 56 word die *eskatologiese oorlog* beskryf. Die derde gedeelte handel hoofsaaklik oor die kosmiese eskatologiese oordeel wat deur die *Uitverkore Een* uitgevoer word.

Die *Astronomiese Boek* (Hoofstukke 72-82)

Die *Boek van Drome* (Hoofstukke 83-90) is kort na die dood van Antiogos IV geskryf. In die boek is die kritieke gebeurtenis in die geskiedenis die ‘Groot Oordeel’. Die boek kan onderskei word van die boek *Daniël* van die HB wat ook in hierdie tydgleuf geskryf is, in die meer globale aard van sy siening van die geskiedenis en dat die toekomstige eon die tydperk van die Messias-koning se universele heersing sal wees en nie Israel s’n nie (Sacchi 2000:240). Die *Diere-apokalips* (Hoofstukke 85-90) val min of meer saam met die gedeelte van *Daniël* 7-12 (OT) en die *Boek van Drome*. Grabbe (1996:77) plaas dit ook gedurende die Makkabeëropstande, maar voor die val van die tempel.

Die *Brief van Henog* (Hoofstukke 91-107) word nou vroeg in die eerste eeu v.C. geplaas. Die *Apokalips van Weke* (93: 1-10; 91:11-17) vorm ‘n afsonderlike eenheid in die gedeelte.

Die boek *Daniël* word as die enigste volwaardige voorbeeld van apokaliptiese literatuur in die Hebreeuse Bybel beskou (Collins 1998a:85). Dit bestaan uit twee dele: ‘n verhalende gedeelte (1-6) en ‘n visioenêre gedeelte (7-12) en dit is in twee tale geskryf: Hebreeus (1-2:4a; 8-12) en Aramees (2:4b-7). Die skrywer gebruik profesie in retrospek om die verhaal in die tweede eeu v.C. deur die oë van Daniël, wat in die sesde eeu v.C. sou geleef het, geloofwaardig aan te bied. Slegs in Esegiël word kortliks na Daniël verwys en waaruit blyk dat hy ‘n legendariese wyse en regverdige man was.

In *Daniël* word die groep getroue Jode, die *maskilim* – die wyses – as protagoniste teenoor Antiogos gestel, maar nie met dieselfde politieke doelwitte as in die Eerste Boek van die Makkabeërs nie. Dit is die eerste boek in die Bybel wat die konsep van opstanding beklemtoon, asook dat die *maskilim* hemel toe sal gaan vir hemelse onsterflikheid, wat met engele, in hierdie tydperk gevisualiseer kan word (Segal 1986:76). In 1*QM* is die engele kampvegters en speel reinheid ‘n groot rol as voorvereiste vir hul teenwoordigheid in die Qumrangemeenskap.

3.1B.2.2.1.5 TESTAMENTE

Hierdie geskrifte – soos die *Testamente van die Twaalf Patriarge* - het eers in die Hellenistiese tydperk as ‘n letterkundige genre ontwikkel. Soos die benaming aandui, bestaan dit uit ‘n gesprek tussen ‘n vader en sy seuns of ‘n leier en sy volgelinge of opvolger en sluit ten nouste aan by die tradisie in die Ou Testamentiese boeke soos byvoorbeeld die seëning van Jakob in *Genesis* 49.

Parallelle is al getrek tussen die *Testamente van die Twaalf Patriarge* en apokaliptiese geskrifte; asook die *Gemeenskapsrol* en die *Oorlogsrol* van die Qumrangeskrifte (Collins 1984:340). *Beliar* figureer in *Test. 12 Patr.* teenoor die ‘engel van vrede’ en in *Test. Judah* 20.1 word die mens teenoor twee geeste van waarheid en bedrog gestel.

3.1B.2.2.2 GENRE

In die QL word *1QM* gewoonlik onder die reëls-geskrifte (*serek)* ingedeel, want na die eerste oogopslag kan die *Oorlogsrol* as ‘n “tactical treatise”- taktiese verhandeling - ‘n versameling van militêre reëls oor verskeie afdelings soos die organisasie en bewapening van die leer, die maneuvers en die bevele van die offisiere gelees word. Volgens Duhaime (2004:57-59) kan dit as sulks met ander soortgelyke dokumente van die Makkabeërs of uit die Grieks-Romeinse tydperk vergelyk word: soos bv dié van Asklepiodotus, Aelian en Arrianos. Dit kan daartoe bydra om die anomalieë en diskrepansies in die teks van die *Oorlogsrol* te verklaar – ander skrywers het daartoe bygevoeg en/of by hul spesifieke behoeftes aangepas.

Die *Oorlogsrol* verskil egter van die ander Grieks-Romeinse geskrifte - ten spyte van die ooreenkomste - in sy oorheersende religieuse dimensie. Dis vanweë hierdie tweede vlak waarop die teks geïnterpreteer kan word, dat dit as ‘n liturgiese teks ontleed word.

Die sterk eskatologiese inslag van die oorlog met die algehele uitwissing van die Bose aan die einde van die oorlog koppel *1QM* aan die apokaliptiese geskrifte, maar dit kan nie as ‘n ‘volwaardige’ apokalips beskryf word nie, aangesien die basiese “openbaring”-komponent ontbreek.

3.1B.2.2.3 TAAL

1QM en die 7 verwante tekste is in Hebreeus, wat ooreenstemmende kenmerke met die Hebreeus van die ander Dooie Seerolle toon, geskryf (Duhaime 1995:84). In die Oorlogsrol word woorde wat selde in bybelse Hebreeus voorkom met die interessante verskil dat dit ‘n meer spesifieke betekenis in die toepassing op die militêre terme kry, gebruik bv. *bṭn* –‘belly’/onderkant van ‘n swaard - 5.13; *bynym* – skermutselaars 1.14 en *kydn* – swaard 5.7 (Duhaime 1995:85). Hy (Duhaime 1995:85) verwys verder na:

nuwe afleidings van Hebreeuse wortels reeds bekend in die HB: *blh* – "verwarring" 10.14; *brqh* – "flits" 6.2; *dlq* – "brandend" 17.1 ens.;

terme wat skaars of glad nie in HB voorkom nie, maar wel in latere Joodse literatuur: *gwdl* – "duim" 5.13; *ḥbl* – "vernietiging" 14.10 ens.;

terme eie aan Qumran leksikon: *'ēlîm* – "gode" = "engele" 1.10; *bdn* – "vorm" 5.6,9; *bêt rō'š* – "helmet" 6.15 ens.

Die skrywer lê veral klem op die 'geheimenisse' van God in *1QM*. Daarvoor gebruik hy die Persiese (Pahlavi) leenwoord *raz* (sien ook 5.1.1.B.1.1). רז word ook in 1 *Henog* en *Daniël* in die sin van eskatologiese kennis of openbaring gebruik (Goff 2003:31,47). Nog 'n woord van Persiese herkoms wat in *1QM* gebruik word, is vir die "slagting" – נחשיך 1.9, 10, 13. (word in 7.1.1.1.8 bespreek).

3.1B.2.2.4 STRUKTUUR

Die herhaling van dieselfde dele in *1QM* soos bv. dieselfde himne in 12.8-16 en 19.1-8, asook verskeie diskrepansies wat in die rol voorkom, het aanleiding tot verskillende gevolgtrekkings by navorsers gegee. Duhaime (2004:45-53) gee 'n uitvoerige bespreking van die vroeëre ontledings soos die van Sukenik (1955:36) en sy seun Yadin (1962:3,6,14-17,243) en Carmignac (1985b: XI-XIV) wat die eenheid en een skrywer van *1QM* voorgestaan het. Dupont-Sommer (1961:166); Rabim (1961) en Krieg (1985) het begin om 'aanhegsels' en 'blokke' in die die teks te onderskei, terwyl Van der Ploeg (1959b:7-22) en Osten-Sacken (1969:29-115) bykomstige ontwikkeling en latere byvoegings onderskei het. Davies (1977) het in sy uitgebreide studie *1QM* as 'n samevoeging van verskillende boeke in 'n lang proses van ontwikkeling takseer, met die eerste hoofstuk as 'n inleiding wat eers later bygevoeg is. Verdere ontleding van die fragmente bevestig die aanname dat *1QM* 'n produk van 'n redigeringsproses was wat die verwerking van vroeëre bronne behels het (Duhaime 2004:53). Basies gee kolomme 2-9 in fyn besonderhede die praktiese implikasies van die stryd op die slagveld, terwyl kolomme 10-14 die essensie van die visie en die liturgiese aspek weergee.

3.1B.2.2.5 BRONNE

Yadin (1962:14) is van mening dat die Oorlogsrol, veral die Oorlogsdeel en Kittimgedeelte, wat die tyd en plan van die apokaliptiese oorlog bepaal, veral op die apokaliptiese en eskatologiese dele van die Bybel en die Pseudepigraphia gebaseer is. Hy (1962:14,16) lig die eskatologiese gedeeltes van die Profete, veral die van *Jesaja* en *Daniël* uit en vir die wette van die oorlog, *Numeri* en *Deuteronomium.* Ook Duhaime (1995:87) beskou die Hebreeuse 'Bybel' as een van die hoofbronne

van inspirasie vir die *Oorlogsrol*. Hy (Duhaime 1995:88) sonder veral *Numeri*, *Deuteronomium*, *Jesaja*, *Esegiël*, *Daniël* en die *Psalms* uit as boeke waaruit moontlike aanhalings in die *Oorlogsrol* voorkom en kom tot die gevolgtrekking dat die skrywers van die *Oorlogsrol* in die tekste van die Hebreeuse Bybel ‘n visie van die finale stryd, waar die boosheid uitgewis sal word en die koningskap van *God* en Israel vir ewig gevestig sal word, gevind het: “They have shaped their dreams by recalling historical antecedents of salvation as well as prophetic expectations of victory. They have repeatedly expressed their beliefs and hopes with the very words of their forerunners in faith.”

Gedetailleerde verslae van oorloë, soos ons in die *Oorlogsrol* vind, is egter skaars in die Hebreeuse Bybel (Yadin 1962:16-17) en volgens hom is die twee *Makkabeërboeke* en die verslae van Josefus nie volledig genoeg om te voldoen aan die lewenskragtige feite en ryke Hebreeuse militêre terminologie nie. Duhaime (1995:89) vergelyk egter verskeie dele uit die *Oorlogsrol* met dié van die *Makkabeërboeke* en is van mening dat dit tog lig werp op die soortgelyke organisasie en religieuse interpretasie van oorlog soos ons dit by verskeie Joodse groepe in die tweede eeu v.C. aantref. Hy (Duhaime 1995:89) is van mening dat verskeie elemente van die *Oorlogsrol* soos deur Yadin geïdentifiseer is, ook in die Pseudepigraphia ‘n weerklank vind – so word die dualisme van die *Oorlogsrol* veral in die *Testamente van die Twaalf Patriarge* bevestig, waar die mensdom aangespoor word om tussen die weë van lig en duisternis te kies.

Verskeie navorsers (Yadin 1962:15; Duhaime 1995:88) dui op die parallelle wat daar tussen die verskillende Qumranrolle voorkom. Yadin (1962:15) wys veral op die ooreenkoms van styl en inhoud tussen die *Oorlogsrol* en die *Gemeenskapsrol.* In die *Oorlogsrol* word “Seuns van die Lig” en “Seuns van die Duisternis” as vaste uitdrukkings gebruik, terwyl dit in die *Gemeenskapsrol* breedvoerig omskryf word. Duhaime (1995:88) sien weer parallelle in die teologiese idees en die taal van die *Oorlogsrol* (*1QM*) en die ander Dooie Seerolle. Hy haal veral vergelykende gedeeltes tussen die *Oorlogsrol* en die *Gemeenskapsrol* (*1QS*) aan. Duhaime (1995:88) is egter baie versigtig in sy gevolgtrekking na die aanduiding van vergelykende idees: “Such connections demonstrate that the War Scroll shares the symbolic universe of many of the documents found at Qumran, even if the specific relationship between these texts still remains to be established.”

3.1B.3 INHOUD

Duhaime (1995:80) gee ‘n duidelike indeling en opsomming:

1QM 1.1-einde: Inleiding

Oorsig van die oorlog (1.1-7)

Die dag van Kittim se val (1.8-15)

Die sewende lot(?) (1.16-einde)

1QM 1-einde - 9 einde: 1. Organisasie en Taktiek

Mobilisasie van en opdragte aan troepe (1.einde 2.14; 2.15 is vacat [35])

Reëls vir die trompette (2.16-3.11); 3.12 is vacat)

Reëls vir die baniere (3.13-4.17)

Inskripsie vir die prins van die gemeente (4.18-5.2)

Reëls vir die vegtende bataljonne (5.3-7.7; 7.8 is vacat)

Hoe die priesters die oorlog moet voer (7.9-9.9)

Reëls om die formasie van die oorlog te wysig (9.10-einde)

1QM 9 einde-14 einde: 2. Oorlogsgebede

Gebede by die kamp (9 einde-12 einde)

Gebede op die oorlogsveld (12 einde- 14.2)

Gebede na die oorwinning (14.2- einde)

1QM 14 einde-20.?: 3. Die oorlog teen die Kittim

Inleiding (14 einde-15.3)

Eerste geveg (15.4-16.9;16.10 is vacat)

Geveg van die reserwes (16.11-17 einde)

Finale geveg en agtervolging (17 einde-19.8)

Na die oorlog (19.9-20.?)

Die *Oorlogsrol* word ingelui met die onmiddellike aankondiging van die eskatologiese oorlog tussen die Seuns van die Lig wat aan *God* behoort teen die Seuns van die Duisternis wat deur *Belial* aangevoer word. Deur *God* se ingryping word die leër van *Belial* totaal uitgewis terwyl die Seuns van die Lig die oorwinning smaak en met ‘n ewige verlossing geseën word. Die *Oorlogsrol* bestaan hoofsaaklik uit drie dele wat die Seuns van die Lig van oorlogsmateriaal voorsien:

Stelle reëls vir die voorbereiding en uitvoering van die oorlog.

[35] Verdelings in die teks word deur *vacat* aangedui.

Gebede en Seënbede wat volgens die verskillende fases van die oorlog uitgespreek moet word.

‘n Beskrywing van die volgorde van die oorlog teen die Kittim, insluitende die gepaste toesprake en gebede.

3.1C OPENBARING

Die ontleding van *Openbaring* is vanaf die Griekse teks van die 26ste uitgawe van die Nestle Aland (morfologiese uitgawe) van die NT gedoen. [36] Die MacReynolds uitgawe is aanvullend gebruik. [37] Die meeste aanhalings in Afrikaans is uit die 1933-vertaling van die Bybel (die vierde naslaan-uitgawe) van 1957 geneem. Hierdie ouer vertaling is meer letterlik, net soos die vertaling van Insler van die *Gathas* en dié van Duhaime van *1QM.* Verwysing is weer eens na die nuwer vrye vertaling van 1983 gemaak. [38]

3.1C.1 TEMA/DOELSTELLING

Die laaste boek in die Bybel word deur Hanekom (1993:235) tereg as een van die meer komplekse geskrifte in die NT beskou. Hy (Hanekom 1993:244) vat dit saam in die beknopte stelling dat *Openbaring* ‘n “dramaties mities-apokaliptiese teks, geskryf in ‘n narratiewe modus” is. Hanekom (1993:251,258) is verder van mening dat die meervuldige verdrukkinge uit die epistolêre raamwerk vloei en gestalte gee aan die “meerkoppige adder” wat stryd voer teen die kerk van Christus: Rome en gedwonge keiseraanbidding was nie al gestaltes van die bose nie. Duhaime (1995:90) gebruik dieselfde woorde om die tema van *Openbaring* te beskryf as dié vir die boodskap in die *Oorlogsrol* nl. dat die eskatologiese oorlog tussen goed en kwaad deur mense en bonatuurlike wesens gevoer word.

Schüssler Fiorenza (1985:56) neem die hooftema van *Openbaring* uit die gesang in die middel van die boek: 11:15-19. Die kort perikoop bring lof en dank aan “onse Here” en “sy Christus” en lees soos ‘n beknopte opsomming van die essensie van die geskrif.

Die doel van die skrywer van *Openbaring* is om aan te dui dat die beslissende stryd in *God* se eskatologiese heilige oorlog teen alle bose, insluitende die mag van Rome, alreeds gevoer is en oorwinning behaal is – deur die getroue getuienis en offerdood van *Jesus* (Bauckham 1988:31).

---

[36] Aland K, Black M, Martini C M, Metzger B M &Wikgren, A 1983. *The Greek New Testament*, Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

[37] McReynolds, P R 1997. Nestle Aland 26th Edition Greek New Testament with McReynolds English Interlinear, Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.

[38] Albei vertalings is uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad.

Hanekom (1993:241) is van mening dat *Openbaring* "eerder afgestem is op die herstel van skeefgetrekte waardes en persepsies" en dat dit verder 'n "praktiese troos wil wees en die gelowiges inbind tot '**n program van aksie**, naamlik volharding in die geloof ten spyte van lyding en verdrukking."

Schüssler Fiorenza (1985:4) gebruik ook die uitdrukking "consistent resistance" (*hypomonē)* deur die Christene, wat deur die visioen van 'n alternatiewe wêreld en mag moet versterk word teen die onderdrukkende mag van die Romeinse Ryk.

Yabro Collins (1984:77) verwerp die siening van navorsers dat *Openbaring* deur Johannes as 'n reaksie op 'n heersende krisis is en sien dit eerder as die uitlig van 'n krisis wat baie van hul nie voorsien het nie. Die krag van die *Openbaring* van Johannes lê in die vermoë om die krisis te verwoord en effektief te verwerk. Dit word volgens haar (Yabro Collins 1984:153) deur 'n "katarsis" [39] bereik.

Die lesers word attent gemaak dat die gebeure in die sosiale en politieke lewe van hul stede deel uitmaak van 'n konflik van kosmiese omvang: die konflik tussen *God* en die duiwel en dat hul 'n vaste standpunt moet inneem deur te volhard om 'n getrou getuie van die waarheid te wees (Bauckham 1993:234).

Deur die projeksie van die konflik tot kosmiese afmetings word groter klaarheid en objektiwiteit bereik. Die lesers het 'n hemelse perspektief nodig – vanaf *God* se troon en toekoms – om hul huidige omstandighede te verstaan (Achtemeier, Green & Thompson 2001:563).[40]

3.1C.2 AGTERGROND/KONTEKS:

3.1C.2.1 HISTORIES

3.1C.2.1.1 DATERING

[39] Yabro Collins (1984:152-154) verwys na Aristoteles se gebruik van "katarsis" as mediese term met die betekenis van die verwydering van pynlike vreemde material uit die liggaam om die sisteem na sy normale toestand te herstel.

[40] Achtemeier (Achtemeier et al 2001:565) vergelyk die funksie van *Openbaring* met 'n politieke karikatuur wat sekere kenmerke met strakke skerp lyne beklemtoon om protes aan te teken, maar dat die krag daarvan hoofsaaklik by die waarnemer lê en of hy dit toelaat om die prisma te word waardeur hy die wêreld beskou (met die verstandhouding dat konteks vir latere generasies onontbeerlik vir begrip is).

3.1C.2.1.1.1 EKSTERNE BEWYSE

Die vasstelling van ‘n datum vir *Openbaring* is ook ‘n komplekse onderneming in die sin dat daar bewyse van verskillende aard en waarde is (Yabro Collins 1981:33). Die vroegste en belangrikste getuie onder die Kerkvaders en vroeë Christen-skrywers is Ireneus, wat die boek aan die einde van Domitianus se heerskappy plaas – ongeveer 90-95 n.C. Ten spyte daarvan dat navorsers Ireneus se stelling tans bevraagteken, aangesien hy die apostel Johannes as skrywer van die *Evangelie*, sowel as *Openbaring* beskou, is dit volgens Yabro Collins (1981:42) tog die sterkste eksterne bewys tot op datum. Moberly (1992:376,381) beskou Ireneus se datering as “distant, belated and second-hand” aangesien hy dit in Smirna in ongeveer 140 n.C. as ‘n jong seun gehoor het.

3.1C.2.1.1.2 INTERNE BEWYSE

Hemer (1986:4) gee ‘n opsomming van ses “onseker” aanduidings in *Openbaring* 2-3 wat kumulatief moontlik dui op 95 n.C. [41] Volgens Thompson (1990:13) is die verwysings van die skrywer van *Openbaring* na die historiese situasie so te sê nie-bestaande of so versluierd dat dit geen definitiewe aanduidings aan die lesers van vandag gee nie. In hoofstukke 13, 17 en 18 word wel na keisers en die stad Rome verwys, sodat ons wel weet dat dit in die tyd van die Romeinse Ryk geskryf is. Die uitbreiding in hoofstuk 17 oor die sewe-koppige draak, wat die keisers voorstel, het verskillende interpretasies by navorsers uitgelok, sodat daar nog geen uitsluitsel oor presiese datering verkry is nie (Yabro Collins 1984:60-64;Thompson 1990:14-15).

Court (1994:97-103) gee ‘n opsomming oor moontlike tydperke wanneer die Christene vervolging deur Rome ondervind of gevrees het, aangesien die imminente val van die Romeinse Ryk, die lyding en martelaarskap van die Christene en die probleme van heiligskennis deur ‘n keiser in *Openbaring* voorgehou word. Volgens hom pas hierdie gegewe die beste aan by die laat tydperk van Trajanus (112 n.C.),asook die vroeë datum van die 4 keisers (69 n.C.).

---

[41] 1) Die heropbou na die aardbewing in Laodisea wat met *Op*. 3:17 verbind word kon moontlik later plaasgevind het.

2) Die moontlikheid dat *Op*. 6:6 na ’n edik van Domitianus verwys.

3) Die moontlike verwysing na die misbruik van asiel in Efese wat baie aktueel in Domitianus se tyd was – *Op*. 2:7.

4) Die ‘sinagoges van Satan’ in Smirna en Filadelfia kan moontlik na konflikte onder Domitianus verwys – *Op*. 2:9; 3:9.

5) Filadelfia se probleme kon saamhang met die hongersnood in Klein-Asië – *Op*. 6:6.

6) ’n Latere heroplewing van paganisme in Efese kan as reaksie teen die herlewing van die Christen-geesdrif verstaan word.

Navorsers is tans skepties oor die geloofwaardigheid van vervolging gedurende die tydperk van Domitianus, maar dit het die 'onsekere' steun van eksterne bewys deur die stelling van Ireneus. Die tydperk van Titus (79-81) bied ook 'n moontlikheid, maar die vroeë datums is moeilik om te verklaar in die lig van die ontwikkelde gebruik van tradisionele motiewe in *Openbaring*. Dit is byvoorbeeld meer aanvaarbaar dat Babilon, eerder op Jerusalem in die laat sestigs en vroeë sewentigs n.C. sal sinspeel as op Rome en die duidelikste aanvullende interne bewys is dus die gebruik van die simboliese naam Babilon vir Rome, wat dui op 'n datum na 70 n.C. (Yabro Collins 1981:42). Thompson (1990:15) voeg nog hierby die verwysing na Nero wat sou terugkeer na sy dood. Die legende –*Nero Redivivus* – het na sy selfmoord in 68 n.C. posgevat.

Aune (1997:lviii) is in sy kommentaar oor *Openbaring* van mening dat daar wel 'n vroeëre uitgawe in die sestigs n.C. kon gewees het. Court (1994:103) het reeds oor die moontlikheid bespiegel in die sin dat vroeëre material in 'n latere weergawe retrospektief gebruik kan word.

Witherington III (2003:5) lys 7 faktore wat 'n datum laat in die eerste eeu meer aanneemlik maak. [42]

3.1C.2.1.2 SKRYWER

3.1C.2.1.2.1 EKSTERNE BEWYSE

Verskeie bekende historiese Christelike figure is al as die skrywer van *Openbaring* voorgestel; veral Johannes, die seun van Sebedeus, die broer van Johannes en dissipel van *Jesus*. Ander menings was dié van Eusebios wat dit aan 'n tweede Johannes - Johannes die Ouere - toegeskryf het; die Alogoi wat die Montaniste in die tweede helfte van die tweede eeu n.C. in Klein-Asië teengestaan het, het Cerinthus voorgehou; Dionusios, 'n biskop in Alexandrië in die 2de helfte van die 3de eeu het nadat hy die moontlikheid van Johannes, die seun van Sebedeus, betwyfel het, ook vir Johannes Markus, die assistent van Paulus en Barnabas oorweeg; en Johannes, die Doper is ook al –baie later in 1975 - as 'n moontlike skrywer deur J M Ford genoem (Aune 1997: liii ; Yabro Collins 1984:28-31; Osborne 2002:14).

---

[42] 1) Die inhoud van die inleidende briewe blyk om kennis van die werk van Paulus, of minstens 'n gedeelte van sy briewe te weerspieël. 2) Daar is bewys van kennis van sommige van die uitsprake van die historiese Jesus en teen 69-70 n.C. is dit onwaarskynlik dat die Evangelies reeds bestaan het. 3) Rome word as Babilon geïdentifiseer wat meer sin na die vernietiging van die Tempel in Jerusalem deur Titus maak. Dieselfde geld vir Jerusalem wat soos twee vorige vernietigde stede – Sodom en Gomorra uitgebeeld word. 4) Die sketsing van die gemeentes dui daarop dat hul al 'n geruime tyd bestaan het. 5) Die gebrek aan teenwoordigheid van apostels, teenoor die teenwoordigheid van profete met gesag dui moontlik daarop dat die apostels reeds gesterf het aan die einde van die eerste eeu. 6) Die sinspelings op die gevaar van die keiserkultus vir die Christene pas beter in die tyd van Domitianus as dié van Nero in. 7) Die Christologiese verwysings wat Christus teenoor die heerskappy en goddelikheid van die Keiser opweeg, pas beter in die tyd na Nero in.

Dit was veral Ireneus wat blykbaar die hooffigure in die vroeë Christelike kerk soos Hippolutos, Tertullianus en Origines beïnvloed het in hul aanvaarding van Johannes, die seun van Sebedeus as skrywer van *Openbaring* - veral met die aanname dat hy ook die *Evangelie van Johannes* geskryf het (Yabro Collins 1984:25-26). Justinus, die Martelaar, het ook in die 2de eeu geskryf dat die apostel Johannes die skrywer van *Openbaring* was. Geen definitiewe bewys kon in latere navorsing vir die tradisionele siening gevind word nie, (veral weens latere datering) ook nie vir ‘n alternatiewe skrywer nie. Die onvoldoende teorieë het selfs aanleiding gegee tot ‘n invloedryke hipotese vir die bestaan van ‘n Johanneïese kring, gemeenskap of skool (Yabro Collins 1984:33; Aune 1997:liv-lvi Witherington III 2003:3).

3.1C.2.1.2.2 INTERNE BEWYSE

Die skrywer van *Openbaring* herhaal sy eie naam “Johannes” 4 maal in die boek: (1:1,4,9; 22:8). Dit en die gebruik van die eerste persoon enkelvoudvorm van die werkwoord dien vir Aune (1997:xlviii) as beklemtoning van sy rol as getuie van die openbaarmakende visioene waarvan hy vertel - ‘n verskynsel wat ook in ander Joodse apokalipse voorkom soos *Daniël*, *Esdras* en *Barug.* Dit is opvallend dat die gebruik van die eienaam slegs in die raamwerk van die *Openbaring* voorkom. “Johannes” (Grieks: Ἰωάννης ; Hebreeus: ÷n;j;/y) was ‘n redelike algemene naam onder die antieke Jode en is ‘n teoforiese naam met die betekenis van “Jahwe is/was nog altyd genadig”. Verder noem hy homself ‘n “dienskneg” van God (1:1) en ‘n “broer” van die aangesprokenes (1:9). Volgens Aune (1981:17) wil hy daardeur ‘n simpatieke vertroudheid met sy lesers bewerkstellig.

Hy verwys nie na homself as ‘n profeet - προφήτης - nie, maar dit word geïmpliseer deur die verwysing na die *Openbaring* as ‘n profesie - προφητεία - in 1:3; 22:7,10, 18, 19; ook in 22:9 in die woorde van die engel aan Johannes: “…want ek is ‘n mededienskneg van jou en jou broers, die profete….”. Sy selfvoorstelling is vir Aune (1981:22) versigtig en berekenend beplan om indirek sy profetiese rol te legitimeer deur waardes, norme en gedrag te beklemtoon wat deur hom en die Christene van Wes-Klein-Asië gedeel word. Daardeur wil hy die absolute en onvoorwaardelike aanvaarding van die goddelike gesag van sy apokaliptiese boodskap bevestig. Dit sluit aan by die nalating om na die politiek van die sewe gemeentes te verwys.

Yabro Collins (1999b:390-391) is van mening dat die gebruik van die engel/ster-motief vir die geadresseerde in die boodskap aan die 7 gemeentes deur Johannes gebruik is om die institusionele leiers van die gemeentes te omseil en so hul gesag te relativeer.

Die skrywer het ‘n kennis van die HB, waarna hy meer as honderd keer verwys, maar nie direk aanhaal nie. Volgens die inhoud klink dit of hy bekend met die Joodse tempel en kultus in Jerusalem is. Die Grieks wat hy besig, is nie soos ‘n gebore Griek nie. Dit alles dui daarop dat hy heel waarskynlik ‘n Palestynse Jood was (Aune 1997:xlx).

3.1C.2.1.2.3 SOSIALE IDENTITEIT

Voordat daar nie nuwe data aan die lig kom nie, sal navorsers moet berus om slegs ‘n versigtige afleiding volgens die skrapse gegewens van die sosiale identiteit van die skrywer te maak.

By implikasie van sy eie woorde in 1:3 dui dit dat hy deur die *Openbaring* as ‘n profeet optree en dus deel van die vroeg-Christelike profesie uitmaak, maar dat hy ook deur die geskrewe en mondelinge tradisies van die ou profete van Israel beïnvloed was. Daar is te min feite om hom as deel van ‘n spesifieke “skool” of “kring” te beskryf – hetsy ‘n Johannesskool of vroeg-Christelik profeties-apokaliptiese skool (Yabro Collins 1984:40-42; Aune 1997: liii&liv), maar hy verwys tog na Isebel en Bileam as valse profete wat dui op ander soortgelyke aktiwiteite in dieselfde tydperk. Dit wil voorkom of hy by geboorte ‘n Jood was en ‘n lang periode in Palestina deurgebring het en een of twee Semitiese tale, sowel as Grieks magtig was. Vir Yabro Collins (1984:50) is sy affiniteit met die Sibbilynse tradisie en sy rol as rondreisende profeet van die belangrikste aspekte om die oorsprong en die betekenis van *Openbaring* te verstaan.

3.1C.2.1.3 SITUASIE

3.1C.2.1.3.1 OORKOEPELENDE TYDPERK

DIE ROMEINSE RYK 63 – 100 nC…

Oosigtelik het diegene wat onder die *pax Romana* geleef het aanvanklik onbetwisbare voordele geken in die sin dat die hele Mediterreense wêreld ekonomies, polities en kultureel verenig is en sodoende relatiewe vrede en stabiliteit bewerk is. Tog word ‘n omsigtige ingesteldheid dikwels by die skrywers van die NT waargeneem, wat baie sterker deur Johannes in *Openbaring* volgehou is (Achtemeier et al 2001:565).

Moderne navorsing plaas Johannes, die skrywer van *Openbaring* in Palestina, sowel as Klein-Asië. Albei scenarios - buite die grense van die Romeinse Ryk - moet in oënskou geneem word. Hegermann (1989:155) is in elk geval van mening dat die Jode in die Diaspora ten spyte van die wisseling in voorspoed en verdelings in die Palestynse Judaïsme tot 70 n.C. tog nog hul ingesteldheid en riglyne vanaf die religieuse gesag in Jerusalem verkry het.

3.1C.2.1.3.1.1 PALESTINA

Die oorname van Jerusalem in 63 v.C. deur die Romeinse generaal, Pompeius, was ‘n wrede terugslag vir baie Jode deurdat hul land na sy vorige grense teruggekrimp het en dat hul weer eens onder vreemde heerskappy was (Grabbe 1992:337). Volgens Grabbe (1992:338) was dit onvermydelik, nie soseer weens die politieke toutrekkery van bv. Hirkanus en Aristobulos nie, maar

hoofsaaklik as gevolg van die geografiese ligging: Israel het nie die hulpbronne gehad om ‘n ryk op te bou en te handhaaf nie en was ingedruk tussen die groot magte van die noorde en die suide.

Die volgende 30 jaar tot 31 v.C. – met die geleidelike kwyning van die Romeinse Republiek en die gepaardgaande burgeroorloë - word gekenmerk as ‘n besondere oproerige tydperk veral in die Oos-Romeinse wêreld (Cohen 1999:266). Die magstryd tussen Julius Caesar en Pompeius; lg. se dood en Caesar se alleenheerskapy en latere sluipmoord op hom; die senaat se stryd met Caesar se ondersteuners en later weer Octavius/Augustus en Markus Antonius het uitgekring na Judea en sy leiers. Hirkanus en Antipater was lojaal aan Caesar en in 47 v.C. het hy Hirkanus as *ethnarch* en Antipater as *epitropos/procurator* aangestel. Na die Parthiese oorname van Sirië in 40 v.C. en hul voorkeur aan Aristobulos se seun, het Antipater se seun, Herodes, steun by die Romeinse Senaat gaan soek en na hewige gevegte, Jerusalem vir die Romeine herverower. Geen wonder dat die Romeine die handige bondgenoot as koning oor Judea uitgeroep het nie. Herodes het daarna 30 jaar lank (37-4 v.C.) as leier van die Jode opgetree. Volgens Grabbe (1992:362-366) is dit moeilik om Herodes te evalueer, aangesien hy as ‘n berugte en kontroversiële figuur voorgehou word, waarskynlik omdat hy in die Christengeskiedenis as “slaughterer of the innocents” bestempel is en die meeste ander weergawes op Josefus se bevooroordeelde taksering berus. Dit word verder deur Joodse legende en tradisie versterk. Cohen (1999:269) beskryf Herodes ook as “enigmaties”. Tog kan hy nie as ‘n welwillende koning beskou word nie, aangesien hy as absolute regeerder teenkanting genadeloos in die kiem gesmoor het (Grabbe 1992:365). Hy was veral ingestel op verraad in sy eie gesin en het een van sy vroue en sy oudste 3 seuns laat vermoor.

Volgens Hayes (Hayes&Mandell 1998:145) het die Judese staat onder Herodes waarskynlik sy hoogwatermerk op ekonomiese en kulturele gebied geniet. Dit word veral gekenmerk deur die buitengewoon groot getal geboue wat hy laat oprig het, veral sy projekte in Samaria en Sesarea, sy heropbou van die Tempel en die groot aantal forte in die area om die Dooie See (Sacchi 2000:287-288).

Sacchi (2000:291) wys op die verwikkelde politieke situasie na Herodes se dood: “There were many movements and a great number of potential alliances that could be born and dissolve again in a brief space of time.” Herodes se ryk is tussen drie seuns verdeel en die grootste en belangrikste deel, Judea, het aan Argelaos toegeval,. Dit was maar van korte duur en in 6 n.C. is Judea by Sirië as provinsie ingelyf. Die res van die ryk is nog 30 jaar lank deur Antipas en Fillipus en later deur Agrippa l, die kleinseun van Herodes, regeer, maar na 44 n.C. het dit onder die Romeinse *procurators* ressorteer.

Die Jode is weer volgens Romeinse beleid toegelaat om hul eie administratiewe en regerende liggame te behou, waarvan die Sanhedrin die belangrikste was. Die hoëpriester was die leier van die Sanhedrin, maar hy is deur die buitelandse regeerder genomineer (Sacchi 2000:296).

Die bekendste van die Romeinse *prefects* (latere *procurators*) wat Judea administreer het, was Pontius Pilatus (26-36 n.C.). Volgens die twee geskiedskrywers Tacitus en Josefus was sy dienstermyn nie baie suksesvol nie en Josefus het drie insidente aangeteken waardeur hy die Jode ontstig het (Grabbe 1992:423-425): 1) Hy het vaandels met keiserlike afbeeldings gedurende die nag na Jerusalem gestuur, wat lynreg teen die Jode se oortuiging was en wat deur vroeëre goewerneurs gerespekteer was. Die opstand is afgeweer deur die Jode se onverwagte reaksie teen die dreigement van dood: hulle het hul nekke vir die soldate se swaarde ontbloot. ‘n Dronkgeslane Pilatus het die soldate teruggeroep en die vaandels terug na Sesarea geneem; 2) Die volgende protes deur ‘n groot groep Jode in Jerusalem teen Pilatus se konfiskering van tempelskatte om ‘n waterkanaal te bou, het nie so vreedsaam verloop nie. Baie Jode is gedood en verwond deur vermomde soldate wat tussen die skare inbeweeg het; 3) Pilatus is deur Tiberius teruggeroep na Rome nadat hy ‘n samekoms van Samaritane as ‘n opstand gelees het en baie deur die Romeinse soldate laat doodmaak het. Cohen (1999:274), asook Hayes (Hayes&Mandell 1998:156-157) voeg nog die negatiewe taksering van Pilatus deur Filo en die *Evangelies* by: Behalwe die kruisiging van Jesus het hy volgens *Luk.* 13:1 ‘n groep Galileërs verdelg en ‘n rebellie wreed onderdruk (*Mark.* 15:7). Filo het ‘n insident gelykstaande met die vaandels aangeteken. Pilatus het goue skilde met die keiser se naam op in Herodes se vorige paleis in Jerusalem geplaas, ten spyte van die Jode se aversie teen keiseraanbidding. In hierdie gevalle kon die Jode protes aanteken teen die goewerneur van Sirië of selfs die keiser in Rome, maar as die keiser self vir onaanvaarbare dade verantwoordelik was - soos met die geval van Caligula (37-41 n.C.) - het hul geen heenkome gehad nie. Die krisis met die bevel van Caligula om ‘n grootse beeld van hom in die Tempel op te rig, is deur die opsetlike vertraging deur Petronius, die goewerneur afgeweer. Die massa-betoging deur passiewe weerstand deur die Jode het hom oortuig om nie die opdrag uit te voer nie. Intussen is ‘n sluipmoord op Caligula gepleeg.

Na die kort regeringstyd van Agrippa l, kleinseun van Herodes, het Judea weer die status van ‘n Romeinse provinsie onder die *procurators* in 44 n.C. gekry. Cohen (1999:277) beskryf hul as ”incompetent and insensitive at best, corrupt and wicked at worst” en Grabbe (1992:437) beskryf die volgende twee dekades van Judea se verhaal as ‘n “geleidelike inskuif tot oorlog”. Gedurende die 20 jaar het ‘n stadige opbou van gebeure gekulmineer in die provokasie deur Florus wat 17 talente uit die Tempelskatkis as kompensasie vir agterstallige belastings - volgens hom - geneem het. Dit het aanleiding tot ‘n oproer gegee wat Florus wreedaardig onderdruk het, maar weens die

fel reaksie tog uit die stad moes vlug. Vanweë die verskillende faksies in die teen-Romeinse magte is dit moeilik om die verhouding tussen al die groepe te bepaal, veral omdat hul ook onder mekaar geveg het (Cohen 1999:288-289). Daar was die Sicarii wat onder aanvoering van Menahem eers in Jerusalem aan die gevegte deelgeneem het en later, na die dood van hul leier, hul in die fort van Herodes, Masada, gaan vestig het. Die priesterlike rewolusionêres was onder aanvoering van Eleazer, wat aanvanklik die daaglikse offers vir die Romeinse keiser stopgesit het, maar later teen die Sicarii gedraai het, omdat lg. die Joodse aristokrasie begin aanval, hul huise gestroop, en doodgemaak het.

Die opstand van die rebelle in Jerusalem het angswekkende gevolge vir ander Joodse gemeenskappe in Sesarea, Askalon, Ptolemaïs, Tirus, Hippos en Gadara gehad. Vrees dat die rewolusie na hul gebiede sou uitkring, gierigheid oor eiendom, die kans om ou griewe uit die weg te ruim, algemene anti-Semitisme en nog ‘n hele verskeidenheid van redes het aanleiding gegee tot wrede massamoorde deur die heiden-bure.

Nadat die rebelle die Romeinse garnisoen wat in Jerusalem agtergebly het, doodgemaak het nadat hul hul wapens neergelê het, het dit die Romeinse goewerneur, Cestus, genoop om die orde te gaan herstel. Hy was onsuksesvol en moes terugval. Onder leiding van Josef ben Gorion is die land in 6 distrikte verdeel en generaals is daar geplaas in ‘n militêre, sowel as siviele hoedanigheid.

Toe Keiser Nero die omvang van die Joodse opstand verneem het, het hy die Romeinse leër onder aanvoering van Vespasianus gestuur om die situasie te ontlont.[43] Teen die somer van 68 n.C. het Vespasianus die opstandelinge, met ongeveer 60 000 man tot sy beskikking, met geweldige bloedvergieting die onderspit laat delf en was dit slegs Jerusalem en ‘n paar forte, o.a. Masada wat in die hande van die rebelle was. Met die nuus van die dood van Nero het hy egter eers teruggekeer na Rome om die keiserskap vir homself toe te eien.

Gedurende die respyt het die onderlinge gevegte tussen die faksies in Jerusalem toegeneem. ‘n Nuwe groep, die Selote is gevorm en met die hulp van die Idumeërs het hul ‘n skrikbewind

teen veral die aristokrate gevoer. Dit, tesame met ‘n hongersnood het gelei tot die uiteindelike oorname van Jerusalem en die vernietiging van die Tempel in Augustus 70 n.C. deur Vespasianus se seun, Titus. Die meeste oorlewendes is as slawe verkoop, maar baie is gehou om vir die wilde diere by vertonings in Sesarea-Philippi en Berytus (Beirut) te gooi (Grabbe 1992:460). Ander is

[43] Nero se berugtheid as vervolger van die Christene is deur die Romeinse geskiedkundige, Tacitus aangeteken: dat hy hulle “gemartel, gekruisig, lewendig verbrand en vir wilde diere gegooi het” (Achtemeier et al 2001:569).

weer terug na Rome geneem om in triomfoptogte saam met heilige items van die Tempel soos die menora, tafel en trompette vertoon te word (Cohen 1999:292).

Met die val van Masada (73/74 n.C.) was die hele Palestina onder die Romeinse bewind. Die Jode is verder gestraf deur die instelling van die *fiscus Judaicus* - die Joodse belasting - wat deur die hele Ryk toegepas is. Grond is ook gekonfiskeer, maar daar was geen godsdiensvervolging of inperking van die Joodse regte nie.

Na die Eerste Opstand is ‘n Romeinse Legioen in Judea gestasioneer en die land is deur goewerneurs van die senaat bestuur. Titus was slegs twee jaar lank keiser en is na sy dood deur sy broer, Domitianus (81-96 n.C.) opgevolg. Hy is in die Christen- en Romeinse geskiedenis as ‘n slegte heerser voorgehou. Thompson (1990:97) gee ‘n lys van die “standaard”-bronne wat die term *saevita* - woestheid, wreedheid, barbaarsheid, woede - gereeld gebruik het om Domitianus en sy regeringstyd te beskryf. Meer resente navorsing sien dié evaluasie in die lig van die perspektief van sy opposisie. Hy het die Ryk effektief bestuur, maar het streng en onverbloemde maatreëls toegepas in die handhawing van sy gesag, veral ten opsigte van verraad (Grabbe 1992:590). Hy het wel die Joodse belasting uitgebrei. Die tydperk van Nerva, sy opvolger, ‘n aanstelling deur die senaat was bestempel as “die jaar van die vier keisers” weens sy weifelende optrede. Hy is deur Trajanus (98-117 n.C.), sy vertroueling opgevolg.

Gedurende 115-117 n.C. het Joodse opstande in Sirenaïka, Egipte en Mesopotamië uitgebreek wat blykbaar hewige gevegte en gevoelige verliese aan albei kante ingehou het (Grabbe 1992:598). Bewyse vir gevegte in Palestina is skraps en vaag, behalwe vir die latere Bar Kogbâ Opstand (132-135 n.C.) gedurende die regeringstyd van Trajanus se protégé, Hadrianus.

Hierdie Tweede Opstand het geweldige lewensverlies vir die Jode ingehou: 500 000 volgens Dio Cassius en dit was slegs in die vierde eeu dat hulle weer toegelaat is om die Tempelterrein te betree (Grabbe 1992:605).

3.1C.2.1.3.1.2 KLEIN- ASIË

Na die Babiloniese bannelingskap was die ou stamstruktuur van die Israeliete heeltemal tot niet. Dié wat wel na Palestina teruggekeer het, het in sibbes teruggegaan. Baie Jode was verspreid in Babilonië en later deur die hele Mediterreense wêreld – ook Klein-Asië.

Sowat 2000 Joodse families is reeds aan die einde van die 3de eeu v.C. deur die Seleukiede koning Antiogos III vanaf Babilonië na Frigië as ‘n militêre kolonie (*katoikia*) [44] hervestig om met die

[44] Die gebruik van die woord *katoikia* verwys na ’n gemeenskap met vasgestelde voorregte, selfs insluitend burgerskap (Hemer 1986:183).

kontrolering van politieke opstande aldaar behulpsaam te wees. Voorregte en beskerming is aan die Joodse *ethnos* verleen en volgens Josefus is dit selfs na die Joodse Oorlog deur Vespasianus en Titus gestand gedoen (Thompson 1990:138-139). Mettertyd het hulle deel geword van die stede se ekonomiese aktiwiteite en selfs kulturele tradisies sonder om hul identiteit te verloor.

Die Romeinse Ryk het nie die basiese demokratiese struktuur van die ou Griekse stad met sy raad, administratiewe magistrate en vergadering van stadsbewoners verander nie, maar dit was onder Romeinse gesag en is later meer soos die senaat in Rome bestuur (Thompson 1990:149). Dit het in ‘n beskermheerskap, waarin rykdom in ‘n amp ‘n baie belangrike rol gespeel het, ontwikkel. Verder het die interaksie tussen die keiser en die vergadering in Asië al hoe meer die keiserlike kultus ingesluit, wat gelei het tot die straf kompetisie tussen die stede om die *neokoros*-status te verkry (Thompson 1990:160). In die proses het die keiser-feeste, wat langer as ‘n dag geduur het, toegeneem. Diere is *namens* die keiser geoffer en die keiserlike tempels en geboue is met blommekranse oordek. Hoewel standbeelde van die keiser en ‘n aparte heiligdom; of inskripsies dikwels in ‘n tempel van ‘n god gevind is, was die keiser se afbeelding ondergeskik aan dié van die god, maar die standbeelde het tog ‘n verskeidenheid religieuse en polities-wetlike betekenis in die provinsies gehad – aldus Thompson 1990:163. Hy (Thompson 1990:166-167) is verder van mening dat die provinsies en die stede onder die regering van Domitianus ‘n welvarende tydperk op ekonomiese en politiese gebied beleef het. Witherington III (2003:6-7) meen weer dat die tyd onder Domitianus nie so rooskleurig was nie, veral nie vir die Christene wat nie wou deel hê aan die bevordering van die keiser-kultus nie.

3.1C.2.1.3.2 ONMIDDELLIKE OMGEWING

3.1C.2.1.3.2.1 SOSIALE TAFEREEL

Volgens Aune (1981:27) moet die rondreisende karakter van die vroeë Christene en hul leiers binne die raamwerk van die verbasende beweeglikheid van die Grieks-Romeinse samelewing gedurende die eerste eeue n.C. verstaan word. Hulle het dit veral van die Judaïsme van die eerste eeu geërf, wat met sy enorme diaspora-bevolkingstal (wat op soveel as vier tot sewe miljoen geraam word) ‘n effektiewe reis- en kommunikasienetwerk tussen die onderskeie Joodse gemeenskappe in die Grieks-Romeinse wêreld opgebou het. Thompson (1990:148) maak ook melding van die web van paaie rondom die 7 stede wat in *Openbaring* genoem word, wat deur die keisers verbeter en in stand gehou is, vanweë die stede se strategiese ligging. Volgens Thompsom (1990:133) was die vroeë Christene van Asië heelwaarskynlik bekeerlinge uit die Jode van Anatolië. Segal (1986:96,114) is weer van mening dat die suksesvolle verspreiding van die Christelike godsdiens veral in die vermoë

van die eerste bekeerlinge gelê het om heidene uit verskillende milieus buite Judea te bekeer en die Jode en heidene in een groep te verenig: “No other Jewish sect developed the same kind of cohesion that Christianity did, with both Jew and Gentile wedded to a single concept of community”.

Die volgelinge van *Jesus* is eers beskou as deel van die “komplekse diversiteit” van antieke Judaïsme, maar namate die kontroverse die verskille na vore laat kom het, het dit ook die openbare status van die Christene laat wankel (Yabro Collins 1984:85). Die leringe van *Jesus* was in elk geval gerig tot alle mense, ongeag hul sosiale stand, ongeag die manier waarop hul bestaan gemaak het: berou het almal gelyk voor *God* gemaak. Die eerste Christene het selfs hul besittings met mekaar gedeel.

Aanvanklik het die Christengemeenskappe die identiteit van ‘n nie-amptelike assosiasie in die samelewing gehad - soos ander *koinōniai* of *collegia* van daardie tyd - wat ontstaan het om leemtes in die behoeftes in huishoudings of die plaaslike regerings aan te vul. Konflik met die Joodse en heiden-bure en indirek met die onsimpatieke Romeinse goewerneur, asook interne verskille en spanninge tussen rykes en armes het ‘n ernstige bedreiging van die sosiale status van die Christene in Klein-Asië geword (Yabro Collins 1984:98-99).

In die lig van latere navorsing kan *Openbaring* nie volgens die tradisionele siening as ‘n reaksie op ‘n eksterne krisis - die tweede groot Romeinse vervolging van die Christene onder Domitianus beskou word nie. Vir Yabro Collins (1984:106) gaan dit wel om ‘n krisis, maar meer om ‘n frustrasie oor die dwarsboming van nuwe verwagtinge in die geloof dat *Jesus* die Messias is en dat die Koninkryk van *God* en *Christus* gevestig is: die konflik tussen die Christelike geloof soos Johannes dit verstaan het en die sosiale situasie soos hy dit waargeneem het. Daar is reeds verwys na Witherington III (2003:8) wat maan dat die krisis nie te veel afgewater moet word nie. Engelbrecht (1996:895) sien die ‘vervolging’ ook as “konflik en opposisie wat die Christene in hul daaglikse lewe te midde van hul ekonomiese en kulturele omgewing teengekom het ... Hulle getuienis het miskien nie dikwels tot die dood gelei nie, maar hulle was waarskynlik gekonfronteer met vervreemding, ostrasering en selfs hongersnood.”

3.1C.2.1.3.2.1.1 EKSTERNE DATA

Die “Hellenistiese kultuur” na Herodus en gedurende die tyd van die prokurators word kortliks en raak beskrywe deur Lukas in *Hand.* 6; 12; 21-27. Dit is naas Josefus se *The Jewish War,* Boek 2 en *Antiquities,* Boeke 21-27 seker die belangrikste bron van die geskiedenis van die Judaïsme, veral in Jerusalem (Hengel 2001:27). Volgens Hengel (2001:28) het die boodskap van die nuwe messiaans-apokaliptiese sekte in die Joods-Hellenistiese milieu ‘n nukleus gevorm. Nadat dit uit Judea verban

is, is gemeenskappe eers in Sirië, Silisië, Siprus en dan in Klein-Asië, Griekeland en Rome in die bestek van 30 jaar gestig.

Christenskrywers van die eerste eeu het die lyding van die Christene veral toegeskryf aan die naam "Christus/Christen': so beskryf Mattheus (10:17-23) in die woorde van *Christus* - die heidense en Joodse verdrukking van die Christene *δια τὸ ὄνομα – ter wille van my Naam* (Slater 1998:242). Hy (Slater 1998:243) haal skrywers uit die NT aan wat beskryf hoe Christene so verstote in die algemene gemeenskap gevoel het, dat hul hul plaaslike probleme op kosmiese skaal geplaas het; ander het 'n spoedige einde aan hul beproewings verwag, wat hul lyding sou vindikeer. Dié sake spreek Johannes ook t.o.v. die Christene in Klein-Asië in *Openbaring* aan.

Slater (1998:246-250) haal ook Romeinse bronne aan - Tacitus, Suetonius; en Plinius se korrespondensie met keiser Trajanus - om die minagting, wantroue, teistering en diskriminasie waarmee die algemene samelewing die Christendom bejeën het, te illustreer.

Die Christene het hulself as die Ware/Nuwe Israel beskou en dit het hul die gramskap van die ander bewegings in Judaïsme op die hals gehaal (Slater 1998:251).

Thompson (1990:130-132) is meer konserwatief in sy taksering van Plinius se korrespondensie en vroeg-Christelike literatuur en is van mening dat die Boek *Openbaring* die siening van slegs 'n minderheid Christene in die stede van Asië verteenwoordig.

3.1C.2.1.3.2.1.2 AFLEIDING UIT DIE TEKS

Navorsers beskou die sewe briewe aan die gemeentes as die belangrikste deel van *Openbaring* om die historiese situasie te bepaal - met die uitsondering van die brief aan Efese. Laasgenoemde is vanweë sy sterk kosmopolitiese karakter moeiliker om sodanig te ontleed (Hemer 1986:1,35).

Uit die brief aan Smirna lei Yabro Collins (1984:85) af dat die Christene wat Jode was, reeds uit die sinagoges uitgesluit was en dat hulle dus nie meer die sosiale, ekonomiese en politieke vastigheid deur die verbintenis met die plaaslike Joodse gemeenskap geniet het nie. In die "jukstaposisie" kom die troos in die brief aan Filadelfia (3:7-9) dat hul steeds toegang tot *God* deur *Christus* het (Yabro Collins 1984:86).

Die gebruik van die term *ekklēsia* ("gemeente" of "kerk") in *Openbaring* 1:4,20; 2:1 ens. is 'n aanduiding dat die volgelinge van Jesus hulle eie gemeenskap, apart van die *synagōgē* (sinagoge) van die plaaslike Joodse gemeenskap gehad het (Yabro Collins 1999:392). Verder het die Christene se vermyding van die heidene se politieke en sosiale lewe, vyandigheid van laasgenoemde se kant aangewakker. Volgens Slater (1998:245) was dit veral t.o.v. die imperiale kultus, wat die heidense verwagtinge van verering van die keiser, teenoor die Christenpraktyk spanning veroorsaak het en tot sosiale benadeling, bespotting en verdrukking van die Christene gelei het. Dit het gespruit uit die

kwaai kompetisie tussen die stede in Klein-Asië om die voorreg om as *neokoros*, ‘n amptelike sentrum vir die imperiale kultus verklaar te word. Daarom spreek Johannes die probleem van die Nikolaïete en die aanhangers van Bileam en Isebel aan wat ‘n kompromis met die kultuur van die omringende Grieks-Romeinse wêreld wou sluit ten koste van hul religieuse oortuigings.

Nog ‘n “draad van die komplekse web van sosiale verhoudinge en gesindhede” wat in *Openbaring* ter sprake kom, is rykdom: dit word verwoord in die vermaning aan die gemeente van Laodisea om nie op hul rykdom staat te maak nie; asook in die aanval op Rome weens hul rykdom (Yabro Collins 1984:89).

In die teks word verwys na gebeure van intensiewe emosionele omvang in die nie-so-ver en onlangse verlede van die Christene en veral die Joodse Christene wat beslis nog vars in die geheue van sommiges moes gewees het en ‘n invloed op hul perspektief op die lewe gehad het. Yabro Collins (1984:99-104) lig vyf ervarings met die Romeine as teenparty uit, wat sy met die moderne term “trauma” beskryf: die vernietiging van Jerusalem as geestelik simboliese sentrum; die vervolging, marteling en uitwissing van Christene deur Keiser Nero na wie as die opponent van *God* verwys word; die treitering deur die openbare vertoon van die keiser-kultus en entoesiastiese ondersteuning deur die inwoners van Klein-Asië, asook die gepaardgaande politeïsme; die teregstelling van Antipas as *martys/*getuie [45] van Christus; en sekerlik Johannes se eie verbanning na Patmos.

3.1C.2.1.3.2.2 RELIGIEUSE MILIEU

Dis baie duidelik dat daar glad nie van ‘n ‘normatiewe’ Judaïsme of Joodse ‘ortodoksie voor die einde van die eerste eeu n.C. geskryf kan word nie. Dis anakronisties en direk in stryd met bewyse en nuwe ontdekkings en navorsing. Pearson (1984:479) beskryf dit as ‘n oorvloed van Joodse sektes en religieuse strome in die voor- 70 jare en sien die Joodse Gnostisisme as deel van die maalstroom van Judaïsme en dat die Christengeloof as ‘n Joodse messiaanse sekte ontstaan het.

Die vernietiging van die Tweede Tempel in 70 n.C. was ‘n belangrike draaipunt in die geskiedenis van Judaïsme en die taak om die nuwe aanpassing te verwerk, het op die skouers van die Fariseërs gerus. Uit die hertaksering het die instellings van rabbynse Judaïsme ontwikkel. Aspekte van die

[45] Volgens Yabro Collins (1984:102) dra *martys* in *Openbaring* nog nie die betekenis van martelaar nie, maar Antipas se dood vir sy geloof word tog met sy woordelikse getuienis gekombineer.

Tempeldiens het na die *mikveh* en die sinagoge verskuif. Laasgenoemde het in Jerusalem heel waarskynlik deur die Jode uit die Diaspora tot stand gekom (Hengel 2001:26). [46]

Konflik tussen die Christene en die groeiende rabbynse gemeenskap het in die onderskeie vertolkings van die moeilike omstandighede toegeneem (Segal 1986:131). Van die eerste aantygings teen die Christelike godsdiens was dat die wonderwerke van Jesus as towerkuns beskou is en dat dit deur die bose mag van die duiwel plaasgevind het. Volgens die Jode het die Christene ‘n dwaalleer verkondig en die tradisies in die Judaïsme en die Tora onwettig interpreteer. Die Christene het weer die Jode vir die dood van hul Verlosser blameer en het die vernietiging van Judea as die wraak van *God* gesien.

Die Fariseërs en die Sadduseërs was in beheer in die Sanhedrin gedurende die eerste eeu, maar na die oorlog het die Fariseërs oorheers totdat dit in ‘n rabbynse instelling ontwikkel het.

Die Samaritane het in die eerste eeu as ‘n identifiseerbare groep met sy eie kenmerkende geloofstelsel te voorskyn gekom (Segal 1986:47). Hulle het hul eie tradisies na die meer beperkte teks van die Pentateug gevorm en hul verwagting op ‘n profeet soos Moses gestel.

Volgens Segal (1986:88-89) het die wyse waarop die Christene die ou geskrifte van die HB herinterpreteer het, baie daartoe bygedra tot die vestiging van ‘n stabiele religieuse stelsel. Hy (Segal 1986:90-91) illustreer dit met die interpretasie van Paulus in 1 *Kor*.3:10-17 van *Ps.* 118:15-25 waar Paulus die “hoeksteen van die kerk” direk op *Jesus* toepas.

Johannes se visioene is private openbarings aan ‘n enkeling. Verifikasie word aanvullend op tweërlei wyse bereik: deur ‘n narratiewe verslag van die ervaring van die siener waarin die goddelike inisiasie beklemtoon word; en die werkswyse om die hoorders/lesers in die visioene op te neem sodat dit “intern” raak - eerder as “ekstern”- deur direkte skakels tussen die hoorders/lesers en *God* te maak (Thompson 1990:177-178). Volgens Collins (1998a:271) hoef Johannes nie outoriteit te verkry deur pseudonimiteit nie, omdat die kritieke handeling van verlossing reeds deur die dood en opstanding van *Jesus* plaasgevind het.

Gedurende die tydperk van Vespasianus en Domitianus is die filosowe en die astroloë uit die Ryk gedryf; die astroloë en profete is gesien as ‘n bedreiging vir die openbare orde en dat hul gevaarlike aktiwiteite beoefen (Thompson 1990:183-184).

---

[46] Hegermann (1989:151-154) dui aan dat die Joodse *proseuchai* soos die aanbiddingsplekke in die diaspora genoem is reeds vanaf die middel-derde eeu v.C. in Egipte bekend was en dat die term *συναγωγή* vanaf die vroeg-Romeinse periode tevoorskyn gekom het.

3.1C.2.2 LETTERKUNDIGE KONTEKS

3.1C.2.2.1 ANDER GESKRIFTE

3.1C.2.2.1.1 DIE NUWE TESTAMENT

Achtemeier (Achtemeier et al. 2001:1) definieer die NT as ‘n versameling van 27 aparte dokumente wat saam met die OT so ‘n beduidende invloed op die geskiedenis van die wêreld uitgeoefen het, dat dit moeilik sou wees om die impak daarvan te kon meet en moeilik sou wees om te oordryf.

Die kenmerkendste eienskap van die NT is die boeke - saam met dié van die OT - se funksie as Geskrifte van die Christenkerk. “Testament” interpreteer die boeke in verhouding tot die Verbondsgod: die ou verbond van die berg Sinai en die nuwe verbond wat deur *Jesus* ingewy is. Hierdie benaming, NT het eers in die tweede eeu n.C. tot stand gekom en dit is nodig om daarop te let dat dit losstaande dokumente voor die tyd was. Die prominente sendingkenmerk van die vroeë Christen-gemeenskap soos vervat in die Evangelies in die opdrag van die opgestane *Christus* aan sy dissipels, het grootliks bygedra tot die totstandkoming van die kanon van die NT (Achtemeier et al 2001:590). ‘n Betroubare metode moes gevind word om die integriteit van die Christen-boodskap in die breër verkondiging te bewaar sonder dat dit verwater of verdraai word. Die proses is verhaas deur “on-ortodokse” bewegings soos die van Marcion, die Montaniste en Gnostici. Verder het die Christen-gemeenskap hulself gesien as ‘n uitgroeisel van Judaïsme – Jesus Christus is gesien as die vervulling van die wet (Pentateug) en die profete. Daarom dat die Joodse geskrifte (toe nog nie in ‘n kanon) later as die OT deel uitmaak van die Christen-Bybel.

Gedurende die 2de eeu n.C. het Ireneus reeds *Openbaring* op sy lys van geloofwaardige geskrifte gehad, sowel as Origines (185-251). In 367 n.C. is die eerste lys soos dit vandag is, deur Atanasius, biskop van Alexandrië, gepubliseer. Hierdie seleksie van gesaghebbende boeke het uit die groeiproses van die eerste Christengemeentes ontwikkel en was nie deur ‘n outoritêre persoon of raad voorgeskryf nie (Achtemeier et al. 2001:604; 607-608).

3.1C.2.2.1.2 APOKRIEWE

Volgens Van der Watt & Tolmie (2005:19) is die meeste van die Nuwe-Testamentiese Apokriewe baie later as die boeke van die NT geskryf – vanaf die tweede tot die negende eeu. [47] Strugnell (1991:104) beskou *4 Esdras, 2* en *3 Barug,* die *Apokalips van Abraham*, die *Paralipomena van Jeremia,* saam met die *Openbaring* van Johannes as belangrike Joodse werke om lig op die ‘donker’ tydperk tussen die twee Joodse Opstande te werp. Die belangrikheid van die Apokriewe boeke word

[47] Van der Watt & Tolmie (2005:19) groepeer die Nuwe Testamentiese Apokriewe onder *Evangelies, Handelinge, Briewe* en *Openbarings.*

veral in die begrip van die *denk*- en *leefwêreld* van die gelowiges, wat dié boeke geskryf of gelees het, deur Van der Watt & Tolmie (2005:25) beklemtoon.

3.1C.2.2.1.3 APOKALIPTIEK VAN DIE EERSTE EEU

Die faktore om ‘n apokaliptiese kultus te ontwikkel – nood, ontneming, angstigheid, leierskap en die geneigdheid om gebeure in ‘n religieuse raamwerk te interpreteer – het ook in die eerste eeu in Judea saamgeval (Segal 1986:72). Weer eens was die politiese en religieuse motiewe so verstrengel dat dit moeilik is om hulle van mekaar te skei.

Navorsers is van mening dat *Jesus* aan die hoof van ‘n apokaliptiese beweging gestaan het en dat van sy leringe apokalipties van aard was (Segal 1986:68,79; sien ook Frankfurter 1999:434).

3.1C.2.2.1.4 SIBILLYNSE ORAKELS

Die Sibillynse Orakels (geïnspireerde uitsprake of profesieë) was oorspronklik ‘n heidense verskynsel. Sibelle is geteken as ‘n ouer vrou wat ekstatiese voorspellings gemaak het en van wie daar reeds in die 4de eeu v.C. getuig is (Collins 1984:358).

Die Joodse orakels – boeke 3,4 en 5 van die 12 boeke van die versameling *Oracula Sibyllina* word in die tydgleuf voor die Bar Kogbâ gedateer. Collins (1984:362) vergelyk veral boek 5 met die *Openbaring* van Johannes, aangesien albei geskrifte skerp aanvalle teen Rome loods; na Rome as Babilon verwys en uitvoerig na die Nero-legende verwys.

Hierdie tema - teenstand teen Rome - is ook vervat in die *Orakel van Hystaspes*, waarna reeds in die inleiding verwys is.

3.1C.2.2.1.5 TESTAMENTE

Hierdie genre wat eers in die Hellenistiese tydperk sy beslag gekry het, is oorgedra na die vroeg-Christen-tydperk deur die aanpassing van die *Testamente van die Twaalf Patriarge*: die *Testament van Isak;* die *Testament van Jakob* en die *Testament van Adam* deur die Christene (Frankfurter 1999:424). Uitsluitsel is selfs nog nie onder navorsers gekry oor die samestelling van sommige van die geskrifte nie (Collins 1984: 342).

3.1C.2.2.1.6 BRIEWE

Bestaande briewe uit hierdie tyd kan as letterkundig of nie-letterkundig beskryf word. Eersgenoemde is aan ‘n wyer leserskring gerig en wou morele, filosofiese of religieuse idees uitdra, terwyl die tweede groep meer persoonlik was en oor alledaagse sake gehandel het. Die letterkundige brief was ‘n ou gevestigde genre in die Griekse taal en kon moontlik deur die Jode oorgeneem gewees het, maar dit kon ook in die Joodse milieu uit die preek ontwikkel het (Alexander 1984:584). As mens die diaspora in ag neem, is dit heel waarskynlik ‘n sterk

moontlikheid. Die sewe briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië aan die begin van *Openbaring* is ‘n goeie voorbeeld van die belangrike rol wat briewe in die vormingsjare van die vroeg-Christelike kerk gespeel het.

3.1C.2.2.1.7 GNOSTIESE TEKSTE

Die *Apokalips van Adam* word as die belangrikste bestaande teks wat die bestaan van Joodse Gnostiese letterkunde bewys, beskou. Die teks word as ‘n apokalips, sowel as ‘n testament beskryf. Adam verkry ‘n openbaring van hemelse informante, wat hy net voor sy dood aan sy seun Set oordra. In die teks word verskeie Joodse tradisies herinterpreteer in die belang van ‘n hoër *gnosis* (Pearson 1984:472). Alhoewel dit as ‘n pre-Christelike teks bestempel word, is nog geen eenvormigheid oor datering verkry nie.

3.1C.2.2.2 GENRE

Openbaring word deur Court (1994:16) as ‘n *amalgam* van literêre tipes beskryf. Die algemene konsensus is dat dit as ‘n apokalips, profesie en ‘n brief bestempel kan word (Osborne 2002:12).

Volgens Collins (1998a:269) kom daar nog pogings voor om “die Apokalips as ‘n apokalips” te bestry en eerder as ‘n Christen-profesie voor te stel. Albei toewysings kom direk in *Openbaring* voor: 1:1 en 1:3; 22:6-7 en die boek kan as ‘n apokalips en profesie beskou word. Volgens hom (Collins 1998a:269-270) was dit veral die aspek dat dit as omsendbrief aan die sewe gemeentes gerig is en dat dit nie pseudoniem is nie, wat die oorsaak van die kontroverse was. Hy verdedig sy siening deur daarop te wys dat ‘n groot gedeelte van *Openbaring* (hoofstukke 4-22) anders as die ander briewe in die NT is. Verder is pseudonimiteit slegs ‘n aanduiding van ‘n apokalips en nie ‘n vereiste nie. Daar is genoeg ander elemente in *Openbaring* teenwoordig - buitewêreldse reise deur visioene saam met ‘n engel as tussenganger; siklusse en esoteriese simboliek - om dit as een van die apokaliptiese werke wat vanaf 200 v.C - 100 n.C. gefloreer het, te beskryf.

Na die inleiding is *Openbaring* in die raamwerk van ‘n antieke brief geskryf. Dit beskik oor ‘n aanhef - die benoeming van die skrywer en die geadresseerdes (1:4a), ‘n groet (1:4b-5) en ‘n doksologie (1:5b-6) en word afgesluit met ‘n seënwens (22:21). Thompson (1990:180) sien die inleidende briewe aan die gemeentes as die aanknopingspunt vir die beelde, simbole en motiewe wat later in die transenderende gesigte voorkom. Osborne (2002:12) beklemtoon die brief-aspek van *Openbaring* en is van mening dat dit kon bydra tot ‘n meer toeganklike teologiese “werkboek” wat die destydse kerk deur profesieë in die toekoms kon aanspreek.

Openbaring word in die boek self as ‘n profesie beskryf en word verder versterk deur Johannes se beskrywing van homself as ‘n werktuig in die hand van *God* (*Op.* 1:1-3; 10:9-11; 22:7-10,19).

Barr (1986:244-250) is van mening dat daar in *Openbaring* sterk aanduidings is dat dit met die oog op ‘n liturgiese voordrag geskryf is. Resseguie (1998) gebruik in sy kommentaar oor *Openbaring* opskrifte en bypassende besprekings vir die voorstelling van die boek as ‘n drama.

Malina (1995:12) benader Openbaring uit ‘n heeltemal ander hoek en bespreek dit as ‘n substelsel van die astronomiese en astrologiese literatuur van die antieke. Hy (Malina 1995:25) koppel dit aan die profesie soos dit in *Openbaring* 1:3 gestel word, maar Johannes se profesie is volgens hom hoofsaaklik geleë in die waarneming van die hemelruim, hemelvisioene en hemelreise.

3.1C.2.2.3 TAAL

Court (1994:86-87) gee ‘n opsomming van die verskillende verduidelikings vir die “eienaardige” vorm van Grieks, waarin *Openbaring* geskryf is. Algemeen word aanvaar dat *Openbaring* in die “moeilikste” Grieks van die NT geskryf is (Osborne 2002:24).

Die intensiewe metaforiese, poëtiese taal van *Openbaring* word baie raak as “*nesting language”* deur Thompson (1990:5) beskryf in die sin van klein tafeltjies of maatkoppies wat knus in al-groterwordende mates inpas. So pas Klein-Asië in al-groter kontekste totdat dit uiteindelik in ‘n kosmiese visioen, wat die hele sosiale orde, die totale natuur en bomenslike wesens insluit, uitkring. Die taal word ingespan om deur die afwisselende en vindingryke gebruik van beeldspraak - vergelykings, metafore, ironie, simboliek en woordspeling - by te dra tot die opstapeling van die verskillende visioene wat tog verrassend aanmekaar skakel. Johannes gee te kenne dat sommige beelde versluier is en dat dit met “wysheid” ontrafel moet word (13:18). Sommige “raaisels” word dadelik verduidelik (1:20); ander word met leidrade (3:12) deur skakelwoorde eers later in die geskrif onthul (7:3>14:1).

3.1C.2.2.3.1 SIMBOLIEK

Volgens Achtemeier (Achtemeier et al. 2001:560) is die mees uitstaande aspek van *Openbaring* - ook as Apokaliptiese literatuur - die skerp getekende simboliese beelde, veral deur die gebruik van kleure, getalle, verskillende diere, artefakte soos lampstanders en geboue, asook plante en bome. Die spanning wat deur die groot teenstrydigheid tussen die verwagting en die werklikheid in *Openbaring* geskep word, word ook deur simbole en stelle simbole weergegee (Yabro Collins 1984:141). Alle lewende wesens word ‘n plek in ‘n dualistiese struktuur gegee met *God*, die Pantokrator, die heerser oor almal aan die spits, teenoor *Satan*, die Draak met mag, ‘n troon en baie gesag. Dit is kenmerkend van die mitiese narratief dat die literêre spanning, die politieke spanning tussen die aanhangers van die koninkryk van God en dié van Rome weerspieël. Om dit te bereik word ekspressiewe en evokatiewe taal gebruik en saam met die effektiewe simbole en fyn beplande

intrige is dit die sleutel tot die mag van die apokaliptiese retoriek – aldus Yabro Collins (1984:142;145).

Bauckham (1993:177) som op:

"As an integrated sequence of visionary material, architectonically planned, creating one world of images kaleidoscopically presented, the Apocalypse of John is unique".

3.1C.2.2.4 STRUKTUUR

Yabro Collins (1999:388) verwys na die oudste bestaande kommentaar van *Openbaring* deur Victorinus in 300 n.C. waarin reeds die teorie dat *Openbaring* gebeure vanuit verskillende gesigspunte beskryf, gebruik word. Dié rekapitulasie-teorie is opgevolg deur die "source-critical" analise in die jare 1882, wat later deur die bewys dat die boek oor 'n eenheid van styl beskik, verwater is. Nadat 'n poging aangewend is om 'n liniêre afloop van gebeure te propageer, misluk het, is weer teruggekeer na die rekapitulasie-teorie. Laasgenoemde is deur Bornkamm (1937) met die histories-kritiese benadering versoen; ander het die boek in 2 groot siklusse van visioene, 1:9-11:19 en 12:1-22:5, verdeel in die lig van die rekapitulasie-teorie (Yabro Collins 1999:389). Elkeen van die siklusse bestaan uit drie reeks van sewe: (1) 7 boodskappe, 7 seëls en 7 trompette; (2) 7 ongenommerde visioene, 7 bakke en weer 'n reeks van 7 ongenommerde visioene, wat elkeen die boodskap van die boek op sy eie manier weergee. Die konstante elemente is (a) vervolging (b) straf vir die vervolgers (c) en die redding van die vervolgdes (Yabro Collins 1999:389). Sy (Yabro Collins 1999: 390) brei verder uit op strukturele, tematiese en teks-linguïstiese benaderings wat ook al voorgestel is.

Volgens Schüssler Fiorenza (1985:3) is die ontwikkeling van die samestelling van *Openbaring* nie liniêr progressief nie, maar "kaleidoskopies-silindries". Verderaan beskryf sy (Schüssler Fiorenza 1985:5) ook die dramatiese narratief van *Openbaring* as 'n "conic spiral moving from the present to the eschatological future".

Die opbou van die boek van *Openbaring* is ook al d.m.v. herhalende frases ontleed, soos bv. "en ek het gesien." Korner (2000:160-183) het deur die "ruimte/tyd" verwysing 'n interessante raamwerk vir die sterk visuele aspek van *Openbaring* gebou.

3.1C.2.2.5 BRONNE

Openbaring put baie van die motiewe en basiese simboliek uit die HB - sonder om dit direk aan te haal (Achtemeier et al. 2001:563; Thompson 1990:50). Dit is dus moeilik om moontlike verwysings uit te lig en die rede waarom navorsers in hul taksering van die getal kere, wat sommige van die boeke van die HB soos *Jesaja*, *Daniël*, *Esegiël*, *Psalms* ens. gebruik word, verskil.

3.1C.3 INHOUD

Volgens die verloop van die inhoud kan *Openbaring* as volg opgesom word:

1. Inleiding en groet :	1:1-8
Inleidende visioen: Christus	1:9-20
2. Briewe aan die 7 Gemeentes	2:1-3:22
3. Troonvisioen:	4:1-11
4. Christus waardig om die seëls oop te maak:	5:1-14
5. Oopmaak van die eerste 7 seëls:	
Die eerste 6 seëls	6:1-17
Verseël van die Heiliges	7:1-8
Menigte voor die Troon	7:9-17
Die 7de seël	8:1-5
6. Blaas van 7 Basuine	
Eerste 6 Basuine	8:6-9:21
Profesie van “ander sterk engel”	10:1-7
Johannes eet boekie om te profeteer	10:8-11
Johannes meet tempel	11:1-2
Die 2 getuies	11: 3-13
7de Basuin	11:14-19
7. Vrou en die Draak	12:1-6; 13-17
8. Migael en Satan	12:7-12
9. Die Dier uit die See	12:18-13:10
10. Die Dier uit die Aarde	13:11-18
11. Lam en 144000	14:1-5
12. Boodskap van 3 Engele	14:6-13
13. Graanoes en druiwe-oes	14:14-20
14. Die oorwinnaars in die hemel	15:1-5
15. 7 Engele met die 7 Plae	15:6-16:21
16. Val van Babilon	17:1-18:24
17. Oorwinningslied in die Hemel	19:1-10
18. Christus en die Engelemag	19:11-21
19. Satan gebind en na 1000 jaar vernietg	20:1-10
20. Troonoordeel met boeke	20:11-15
21. Nuwe Hemel en Nuwe Aarde	21:1-8
22. Nuwe Jerusalem	21:9-22:5
23. Slot: Belofte Wederkoms van Christus	22:6-21.

3.2 OPSOMMENDE RAAMWERK

Samevattend ‘n beknopte raamwerk uit die breë veld om as agtergrond van die bespreking van die oorlogstemas te dien:

Gathas/Bahman Yasht	*1QM*	*Openbaring*
±1200-800 v.C	±164-50/30-1 v.C.	±95 n.C.
Laat Bronstydperk	Hellenistiese/Romeinse tydperk	Romeinse tydperk
Pastorale milieu > Uitbuiters	Ontheiliging Tempel > Rebellie	Verbanning/Uitsluiting
Stryd tussen Goed en Kwaad	Komplekse Politiese en Ideologiese situasie	Konflik in Religieuse en Sosiale situasie
Teen geweld	Pasifiste?	Teen gewapende geweld
Verkondig nuwe religie	Nuwe Gemeenskap	Nuwe ekklēsia / kerk
Zarathushtra >Profeet >Priester	Essener>Leraar v. Geregtigheid	Johannes >Dienskneg > Profeet
Gathas >Avesta	Dooie Seerolle	Nuwe Testament
Manthras = Heilige Formules	Taktiese Verhandeling>Reëls	Apokalips > Brief >Profesie
Antieke Apokaliptiek	Praktiese aanwysings	Metafoor vir oorlogsvoering
Versluierde wysheid	Liturgie vir Heilige Oorlog	Skerp Simboliek
Ahura Mazda || Angra Mainyu	God || Belial	God/Christus || Satan
Spenta Mainyu || Aeshma	Michael || Mastema	Michael || Duiwel
Ashavan Dregvants	Seuns > Lig Seuns >Duister	Heiliges Bewoners Aarde

HOOFSTUK 4: ONTLEDING VAN DIE OORLOGSTEMAS IN DIE TEKSTE

In ‘n poging om reg aan elke teks in sy konteks te laat geskied word die temas afsonderlik nagevors, maar na elke komponent word die resultate opsommenderwys saamgevat om meer klaarheid aan die wye veld en verweefde stof te verleen.

4.1 DIE KAMP VAN DIE VYAND

4.1.1 DIE VYANDELIKE AANVOERDER

4.1.1A GATHAS/ BAHMAN YASHT

4.1.1A.1 AKA/ANGRA MAINYU/AHRIMAN

4.1.1A.1.1 OORSPRONG BENAMING

In die navorsing het die waarde wat aan ‘n **naam** van ‘n goddelike wese of selfs ‘n mens in die antieke tyd geheg is, by al drie die religieë duidelik na vore gekom. Daar word selfs **krag** aan ‘n naam toegeken. Die krag wat aan ‘n naam verbonde is, is dikwels geleë in die kenmerk wat in die woord opgesluit is. In Zoroastrisme is groot waarde aan *manthras* – wat as heilige formules van geïnspireerde priesters in gesprek met die goddelikes omskryf word – geheg. Die kragtigste *manthras* is in die name van die geestelike entiteite/“principles”, “die heilige gees”, en *mazdā ahura* geleë:

> “... hulle sal ek aanbid deur hul eie name, en ek sal hul dien uit vrye wil/met liefde ...”(*Yasna* 51.22) (Windfuhr 1984:145).

Zarathushtra se woorde in *Yasna* 51.22 kry ‘dubbele’ betekenis, omdat die goeie kwaliteite in die name van die Heilige Heptad vasgevang is (sien 5.1.1.A.2).

In kolom 11.1-2 van die *Oorlogsrol* word na die ongelyke stryd tussen Dawid en die reus, Goliat verwys. Die oorwinning van Dawid word aan sy vertroue in “die groot naam” van *God* toegeskryf:

> “... Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel wat jy uitgedaag het”(1Sam.17:45).

Die "Naam van God", asook "my nuwe Naam" word op die oorwinnaars geskryf na die bewaring deur *Christus* "in die uur van beproewing" in die 6de [48] brief aan die gemeente van Filadelfia in *Op.* 3:10-12. Die seël van *God* waarmee sy diensknegte op hul voorkoppe verseël word (*Op.* 7:3), word in *Op.* 14:1 as die naam van *Christus* en van sy Vader onthul (sien ook 5.1.2.C.4).

Die antieke gebruik van *gematria* deur 'n naam met syfers voor te stel beklemtoon die belangrikheid wat aan 'n naam geheg is. In *Openbaring* (13:18) word die gehate Keiser Nero deur die getal 666 vertolk. Dit was soos 'n geheime kode wat 'n naam kon verskuil of as 'n raaisel ontrafel moes word (Bauckham 1993:385).

4.1.1A.1.1.1 GATHAS

In die antieke gemeenskappe van die Indo-Iraniërs was een van die basiese perspektiewe in hul wêreldvisie geleë in animisme. Hulle het lewe aan die natuurverskynsels om hul gegee en die kognitiewe energie *manyu* genoem. Die woord is oorspronklik afgelei van die werkwoordwortel *man* - om te dink – en het in Vedies ontwikkel na *manyu* wat as "krag" of "impuls" vertaal is en tot die Avesta-vorm *mainyu* wat as "gees" vertaal is. [49]

Vir die Bose Gees is aanvanklik kwalifiserende beskrywings soos vyandig – *angra* – en sleg – *aka* – aan *mainyu* gekoppel en dit het aanleiding gegee tot die vaste gebruik in Jong Avesta van ***Angra Mainyu*** en in die Mid-Persies van ***Ahriman*** (Boyce 1992:53). Hierdie benaming word slegs een keer in die *Gathas* gebruik (45.2):

"Ja, ek sal praat van die twee fundamentele geeste van eksistensie en hoe die deugsame een aan die bose een - *angrəm* - gesê het....." Dit word ook slegs een keer as *Aka Mainyu* in 32.5 gebruik:

"So het julle die mense uit die goeie lewe en onsterflikheid bedrieg net soos julle julself deur bose gedagtes mislei het, die gode en die Bose Gees – *akascā mainyuš* - ...."*,* maar later het die benaming meer algemeen geraak en is *Angra Mainyu* gekenmerk deur alles wat boos, aaklig, verkeerd en onkundig is en dat hy selfs "n bose skepping gehad het" (*Yasna 61.2 [50]). Die Bose word ook in *Yasna* 51.10 as 'n "seun wat afstam van die skepper van bedrog en misdadig/haatlik teenoor almal wat bestaan, optree" deur Zarathushtra beskryf.

---

[48] Getalle word deurgaans met syfers aangedui, om die aandag daarop te vestig, vanweë die belangrike rol wat dit in die Apokaliptiek speel.

[49] Sommige vertalers soos Jafarey beklemtoon die ander nuanse van die betekenis deur dit as denkwyse/geesteskrag ("mentality") te vertaal (Shapero 1995:2) – sien ook 5.1.3.

[50] Die * dui aan dat die Yasna nie deel uitmaak van die *Gathas* van Zarathushtra nie. In *Yasht* 19.95 word *Drug*/ Leuen as "afskuwelik" en "donker" beskryf. Die ou vertaling van Darmesteter (1883:308) lui: " sy van die bose saad, gebore uit duisternis".

In die *Gathas* word die slegte eienskappe as die name vir die Bose Gees gebruik:

In *Yasna* 30 word die mens, duidelik voor die besluit om tussen die twee oergeeste - *mainyū paouruyē* - te kies, gestel. Die Bose Gees - ***Drəgvå* (*Bedrieër*)** - het gekies om die slegste dade te doen, terwyl die Allerheiligste Gees - *mainyuš spəništō* - die goeie/regte dade gekies het (30.2-5). In verse 5-6 word die Bose Gees ook die *Bedrieër* genoem. Die Bose Gees is die verpersoonliking van die **leuen** - *druj*/*drug* - teenoor die waarheid - *asha* - van die Heilige Gees. Hierdie leerstelling word in *Yasna* 45 herhaal. Die *lynregte* verskille in gedagte, woord en daad word uitgebrei in die woorde van die "Allerheiligste" aan die "Bose" na "leringe, wil, keuse, binneste en siel". "(Slegte) mag" word in *Yasna* 49.11 bygevoeg. Hierin is die dualistiese element van Zoroastrisme gesetel (sien **5.1.3**).

Yasna 33.4 beskryf die Bose Gees as die ***Slegste Raadgewer*** - *acištəm mantūm.* In die verband word "ongehoorsaamheid"; "slegte gedagtes"; "teenstand/minagting"; "bedrog" en "verguising"; "kwaadwilligheid" (34.8) by sy navolgers bygebring (sien 4.1.1.A.2.1.2).

4.1.1A.1.1.2 BAHMAN YASHT

Aharman, die wisselvorm vir *Ahriman* word in die *Bahman Yasht* gebruik. Hy word verbind aan die duiwels en die towenaars wat na die "donkerte" en die "somberheid" vlug na die aanslag teen die duiwels deur Koning Vishtâsp (2.16) en Koning Vâhrâm Gôr (2.20). Die antagonisme van *Aharman* en die duiwels word deur die valse priesters en dissipels bevorder (2.40). Wanneer die boosheid van *Aharman* toeneem, word hy met toutologie in 2.54; 3.35,40 as *druwand Gannāg Mēnōg* die "slegte, bose gees" (in 3.24 "bose gees") benoem.

4.1.1A.2 VERWANTE ANTAGONISTE

4.1.1A.2.1 GATHAS

4.1.1A.2.1.1 HIËRARGIE OM DIE BOSE GEES

In *Yasna* 32.3 word die *Daevas* (6.1.3.A.1.1) as afstammelinge van ***Slegte Voorneme, die Leuen en Arrogansie*** beskryf. Mary Boyce (1984b:36) vertaal die eienskappe met hoofletters soos eiename, terwyl Insler (1975:45) die eienskappe as "bose gedagtes, bedrog en minagting" vertaal. In die konteks met die gebruik van "afstammeling" en die gebruik van *Bedrieër* en aanhanger van die *Leuen* vir die Bose Gees (*Yasna* 30) is die aanvoeling vir die verpersoonliking van die kenmerke sterker. Dis asof sommige van die bose eienskappe versterk en vanaf die Bose Gees uitkring om afsonderlike entiteite te vorm. In die *Gathas* is die uitbouing van die hiërargie met die entiteite van die bose eienskappe rondom *Angra Mainyu* nie so duidelik as dié van die Heptad rondom *Ahura Mazda* nie, maar kan die ontkieming daarvan waargeneem word – soos bo reeds verwys is na Die

Leuen, Slegte Voorneme en Arrogansie. [51] Schwartz (1985:681-682) lys onder die demone wat in die *Gathas* voorkom: *Aka Manah, Drug, Tarō.maiti,* en *Amərətāt.*

Zarathushtra omskryf die Leuen-aanhangers as die "grimmige skenders van die Waarheid" wat "ondergang" en "duisternis" verpersoonlik – dis asof "gif aan diegene met bose voorkeure vaskleef" (53.9).

4.1.1A.2.1.2 BINNEKRING

Familielede, gemeenskapslede en lede van die klan/familiegroep word uitgelig as navolgers van die "Slegste Raadgewer" - *acištəm mantūm* (*Yasna* 33.4) deur die bose eienskappe wat aan hul toegeskryf word - "ongehoorsaamheid", "slegte gedagtes", "teenstand", "bedrog" en "minagting". Verder het hulle die "voortreflike piëteit" deur hulle bose handeling en slegte gedagtes prysgegee (34.9). In *Yasna* 46.15 word hul ook as "onregverdig" beskryf.

Dit word bevestig in *Yasna* 46.1 in Zarathushtra se klagte aan *Ahura Mazda* dat hy deur al die lae van sy samelewing verwerp word.

4.1.1A.2.2 BAHMAN YASHT

4.1.1A.2.2.1 BOSE AFSTAMMELINGE

Die begrip as "afstammelinge" van die Bose Gees word ook in dié *Yasht* gebruik. Hy moet saam met die "bose kroos" en die "misbaksels" terug na die donkerste "*holte* van die hel" vlug (3.35). Hierby sluit aan die "afstammelinge van somberheid" (3.38,40,41).

4.1.1A.2.2.2 DUIWELS

Die *duiwels* - *dēwān* - wat deur Koning Vishtâsp aangeval word nadat hy die religie soos deur Zarathushtra verkondig is, aanvaar het (1.4), moet as die geeste van die afgode vertolk word wat agtergebly het om verdere boosheid te veroorsaak (West 1880:193).

4.1.1B DIE OORLOGSROL: 1QM

4.1.1B.1 BELIAL

4.1.1B.1.1 OORSPRONG BENAMING BELIAL

Reeds in die eerste vers van die *Oorlogsrol* word die gevegsmagte in twee "dualistiese" [52] leërmagte afgekamp: "Die Seuns van die Lig teenoor die Seuns van die Duisternis". Die Seuns van

[51] In die Khordad Yasht word name van Daevas gegee: *Hashi* – hy wat skepties maak; *Bashi* – hy wat die 'blaffende' siekte veroorsaak; *Saêni* – hy wat leed veroorsaak; *Bûgi* – hy wat teer op (Darmesteter 1883:49).

die duisternis is die leër van "Belial" [53] en word bygestaan deur Edom, Moab, die seuns van Ammon, Filistia en die troepe van die Kittim van Assur. Dit dui met die intreeslag dat hier twee vlakke ter sprake is: dié van die bonatuurlike en dié van die aardse. Die bonatuurlike word veral vervat in die benaming vir die aanvoerder -"*Belial*". In *1QM* word dit 12 keer herhaal:

"*Belial*" *1QM* 4.2; 13.2,4,11 - בליעל

"die leër van *Belial*" *1QM* 1.1; 1.13; 15.2-3 – חיל

"die lot van *Belial*" *1QM* 1.5 - גורל [54]

"die troepe van *Belial*" *1QM* 11.8 - גדודי

"die heerskappy van *Belial*" *1QM* 14.9;18.1 - ממשלת

"die menigte van Belial" *1QM* 18.3 -המון

In die Ou Testamentiese geskrifte word "*belial*" 27 maal met meesal die betekenis van **'n euwel** of **boosheid**, veral om die handeling van 'n persoon of groepe te beskryf, gebruik. [55] In die samestellings met "seuns van" - בְּנֵי בְלִיָּעַל - (*Deut*. 13:14; *Rig.* 19:22; 1 *Sam.* 2:12) en - "dogter van" - בַּת־בְּלִיָּעַל (1 *Sam*. 1:16) vertoon die gebruik soos dié van 'n eienaam, maar in die konteks word dit beter as "deugniet(e)" vertaal. Dit word ook in die HB saam met 'n lidwoord (2 *Sam*. 16:7 -הַבְּלִיָּעַל) en in die meervoud (1 *Kon.* 21:13 - אַנְשֵׁי הַבְּלִיַּעַל) gebruik, wat nie gewoonlik grammatikaal met die gebruik van 'n eienaam strook nie (Sperling 1999:169).

Die **boosheid** hang saam met pogings om mense te verlei tot afgodery (*Deut.* 13:13) of *God* nie te erken nie (1 *Sam*. 2:12); gruweldade (soos verkragting) teen die sosiale orde te pleeg (*Rig.* 19:22); oormatige gebruik van sterk drank (1 *Sam*. 1:16); minagting van die wet deur valse getuienis (1 *Kon*. 21:10; *Spr*. 18:28) en ondermyning van die gesag van die koning wat deur God aangewys is (1 *Sam.* 10:27; 2 *Sam*. 20:1). Hierdie voorbeelde van die boosheid hang saam met oortredinge - doelbewuste verkeerde gedrag - van die mense wat as **sonde** beskou is en kan as morele boosheid in die religie, kultuur, reg en staat beskryf word.

---

[52] In watter mate "dualisties" van toepassing is, sal verder aan (5.1.4) bespreek word.

[53] Beliar in Grieks.

[54] Die woordkeuse het die implikasie (vanaf die basiese betekenis) dat die groep deur die werp van die lot bepaal is. Dit word verderaan in die eerste kolom van die *Oorlogsrol* (1*QM* 1:13) versterk deur die gebruik van drie "lotsbepalings" – גורלות waardeur die verloop van die oorlog bepaal is (Meer aandag word in Hoofstuk 6 hieraan geskenk).

[55] Etimologies is daar nog nie konsensus oor die woord se oorsprong nie, maar die ontleding dat die woord uit die negatief plus die betekenis 'om van waarde te wees' m.a.w. waardeloos (maar meer in die pejoratiewe sin van nikswerd te wees) word as die mees aanvaarbare verklaring tot op hede, beskou (Sperling 1999:171).

In *Ps*. 41:9 word ‘n siekte as “’n ding van belial”- דְּבַר־בְּלִיַּעַל - wat “op hom uitgestort” is, beskryf. Dit druk meer 'n fisiese boosheid/lyding uit.

In 2 *Sam.* 22:5 word ‘n natuurmag gepersonifieër in “strome van onheil” - נַחֲלֵי בְלִיַּעַל - en word dit saam met “die golwe van die dood”- מִשְּׁבְרֵי־מָוֶת- gebruik. In *Ps*. 18:5-6 word die “strome van onheil” weer saam met “bande van die dood” - חֶבְלֵי־מָוֶת - en “strikke van die dood”- מוֹקְשֵׁי מָוֶת - gebruik. [56] Alhoewel hier nog nie duidelike bewys is dat “*Belial*” as ‘n persoon gebruik word nie, sluit die **bande** en **strikke** opmerklik aan by die latere gebruik van die drie **nette** van *Belial* (*Damaskusdokument* 4.15-18)- מְצוּדָה. Die nette word beskryf as hoerery, rykdom/arrogansie en verontreiniging van die tempel [57] wat ook in die bogenoemde morele **boosheid** van Israel opgesluit is.

In die Tussentestamentêre tydperk word “*Belial*” wel – soos in *1QM* - as eienaam in sommige van die ander Qumranliteratuur en in die pseudepigrafiese literatuur gebruik en dit in die sterk rol as leier van die Bose. Dit word bevestig deur die frekwensielys in die konkordans vir eiename in die Qumranliteratuur (Abegg 2002:232) waar בְלִיַּעַל die vyfde meeste - 91 keer - gebruik word.

In die *Gemeenskapsrol* (1*QS*) wat as die “hart” van die sekte deur Dupont-Sommer (1968:68) beskryf word, word “*Belial*” ook as die aanvoerder van die Seuns van die Duisternis gebruik – 1.18,24; 2.5,19; 10.21; so ook in die *Damaskusdokument* (*CD* 5.18-19; 8.2; 12.2) en in die *Dankgesange* (*1QH* 10:28-36). In laasgenoemde word weer “strome van onheil/*Belial*”, maar hier saam met vuur gebruik, voorafgegaan deur “… die gramskap van *Belial*”.

Belial se raadgewing is gemik om te veroordeel en te vernietig (*1QM* 13.11). Dit sluit aan by bg. nette van hoerery, rykdom/arrogansie en verontreiniging van die tempel.

Belial is nie slegs die aanvoerder van die Seuns van die Duisternis nie, maar hulle dade word in die duisternis gepleeg (*1QM* 15.9) en hul riglyne vir die lewe is in duisternis (*1QM* 13.12). Dit sluit aan by die enigste verwysing na *Belial* in die NT (2 *Kor*. 6:14-15):

---

[56] Volgens Collins (1998b:101) verkies hy hier, saam met die gebruik van die dood wat dui op ‘n assosiasie van Belial met die onderwêreld, die etimologiese verklaring met die betekenis van (die plek waarvandaan) ‘n mens nie opgaan nie; of om te sluk – ‘n werkwoord wat dikwels in die Kanaänitiese tradisie met Mot, die Dood verbind word. Hy verwys ook na *Jes*.25:7-8 waar gesê word dat God die Dood vir altyd sal insluk- בלע.

[57] Oortredings (wetend of onwetend) teen die uitvoerige kultusstelsel met al die rituele en sakrale rites veral t.o.v. die reinheidswette het ‘n vername rol in die Israelse religie gespeel. Dit word meestal met die wortels van die terme חטא, פשע en און weergegee.

> "Moenie in dieselfde juk trek saam met die ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?"

Hulle is die "lot van die duister" (*1QM* 1.11).

4.1.1B.2 VERWANTE ANTAGONISTE

Haat en kwaadwilligheid -מַשְׂטֵמָה - word met die planne van *Belial* verbind (*1QM* 13.4; 14.9; *CD* 16.5; 1*QS* 3.23-24) במחשבת משטמה en hy word die "*engel van vyandigheid*" – מלאך משטמה (*1QM* 13.11; *CD* 16.5) genoem. *Mastema* -מַשְׂטֵמָה – word net soos *Belial* op die twee plekke waar dit in die HB voorkom (*Hos* 9:7,8) as 'n naamwoord wat *vyandskap* beteken, gebruik. In Van Henten (1999:553) se ontleding van die 10 keer wat מַשְׂטֵמָה in die Qumranliteratuur gebruik word, vind hy geen duidelike gebruik as eienaam, maar in *Jub.* 11.5 word Mastema die *Prins* – van die bose geeste genoem. (In *1QM* 17.5-6 word *Belial* ook as die *Prins* - שר - van die bose ryk beskryf – sien 6.1.2.B) Van Henten (1999:553) vergelyk dit met 'n "semantiese evolusie" van die woord *'Abaddôn*, [58] wat eers as naamwoord met 'n sekere konsep aan 'n engel verbind is, omdat die konsep die rol van die engel beskryf en later in die eienaam van die engel ontwikkel het. Dit kan ook op boosheid<Belial toegepas word. [59]

Interessant om te let dat die woord *Mastema* weer aan *Satan* skakel: die werkwoordwortel van Mastema שָׂטַם met die betekenis van 'n wrok teenoor iemand koester of vyandiggesind teenoor iemand te wees, lê naasaan die wortel van Satan - שָׂטָן - om 'n teenstander van iemand te wees of soos een op te tree; 'n aanklaer te wees of om iemand te laster. In *Jub.* 10:12 word *Satan* as 'n wisselvorm van *Mastema* gebruik.

Van die 9 *kontekste* waarin שָׂטָן in die HB gebruik word, verwys 5 daarvan na mense, meestal in die sin van 'n vyand van die mens en 4 na hemelse wesens. [60] Van die laasgenoemde 4 is daar net

---

[58] אֲבַדּוֹן word van die werkwoord wat "vernietig" beteken, afgelei en word met die onderwêreld en dood verbind. In Job 28:22 en *Spr*. 27:20 word dit gepersonifieër. In *Op.* 9:11 word dit as "die engel van die bodemlose put/afgrond" omskryf en ook die Griekse weergawe daarvoor *Apóllion* (vernietiger) gegee.

[59] *Belial* word ook met die dood en die onderwêreld (nota 5) geassosieër en skakel in die opsig met *Abaddon*. In 4Q286 word *Abaddon* wisselend met *Belial* en die Engel van die Put/Kuil gebruik.

[60] שָׂטָן word as naamwoord 26 keer in die HB gebruik: 7 keer word dit in verband met aardse mense gebruik en 19 keer verwys dit na hemelse wesens. 14 van die 19 keer word dit in *Job* 1 & 2 as 'n hemelse satan/aanklaer gebruik (Hamilton 1992:985).

een waarvan שָׂטָן moontlik as ‘n eienaam gebruik word. In *Num*. 22:22-35 word dit as ‘n boodskapper van *Jaweh* gebruik; in *Job* 1 & 2 en *Sag*. 3:1-2 word dit saam met die lidwoord - וְהַשָּׂטָן – in die sin van ‘n aanklaer gebruik en in die verhaal van Dawid se sensusopname in 1 *Kron*. 21:1-22:1 word dit sonder die lidwoord as aanklaer gebruik (Breytenbach&Day 1999:726-730). Laasgenoemde voorbeeld is meer problematies, aangesien dieselfde verhaal in 2 *Sam* 24 vertel word, maar in plaas van “Satan” word dit met “die toorn van die Here” omskryf. Navorsers het die verskil in die twee verhale en die gebruik sonder lidwoord al as die verpersoonliking van die kwade en die ontwikkeling van *Satan* as *God* se bose vyand in die HB vertolk, maar die bewyse is te karig om te oortuig, veral omdat hierdie voorbeelde uit die na-ballingskapperiode (na 538 v.C.) kom en volgens Day (Breytenbach&Day 1999:730) kan die “nou-datering” “ontwikkeling” uitsluit.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik hoe die begrippe vir die bose *belial>mastema>satan (*ook> *Abaddon)* aan mekaar skakel en is dit te verstane dat daar later wisselwerking tussen die gebruik van die name vir die bose plaasgevind het.

Vir ‘n meer holistiese kykie in die HB moet na die ander name van “bose geeste” in die HB verwys word, veral aangesien sommige hul verskyning weer in latere tekste maak - soos in *Openbaring*. In *Lev*. 16:8,10,26 word verwys na עֲזָאזֵל - *asasel* [61] - die sondebok wat soms as ‘n woestyndemoon beskou word; in *Lev*. 17:7; 2*Kron.*11:15 en *Jes.*13:21; 34:14 word שָׂעִיר as ‘n “veldduiwel” of “veldgod” vertaal. In *Jes.* 34:14 word melding gemaak van die naggees, - לִילִית en in *Ps*. 91:5 is dit die “skrik in die **nag**” - מִפַּחַד לָיְלָה. Ook שֵׁדִים (*Deut*. 32:17 en *Ps*.106:37) word as “duiwels” vertaal.

בְּהֵמוֹת - *Behemoth* word 9 keer in die HB meestal vir “beeste/diere” gebruik, maar in *Job* 40:15 word hy as ‘n spesifieke geweldige sterk dier beskryf wat ook in die water kan leef. Hy word dus ook as een van die chaosmonster beskryf wat slegs deur *Jahwe* beheer kan word.

Leviatan- לִוְיָתָן (*Jes*. 27:1; *Job* 3:8; *Ps.*104:26) en *Rahab* - רַהַב (*Job* 9:13; 26:12; *Ps*. 87:4; *Jes*. 30:7; 51:9), word albei – waarskynlik uit die mitologie van Ugarit - as ‘n seeslang of seedraak met sewe

---

[61] In een van die oudste boeke van *Henog* (±300 v.C.) – die *Boek van die Wakers* (1 *Henog* 1-36) – word in die mite oor die oorsprong van die boosheid, die Wakers deur twee engelfigure, *Asael* en *Semiḥazah* in hul opstand in die hemel gelei. Paul Hanson (1977:195-233) se raak beskrywing van die boek as “Rebellion in Heaven” het al as ‘n tref-frase by navorsers posgevat. Aanvanklik was die opstandelinge nie as boos beskryf nie, maar na hul omgang met vroue op die aarde en die gevolglike reuse as nasate, wie se geeste die bose geeste op aarde word, kan die opstand as die oorsaak van die bestaan van bose geeste op die aarde en by implikasie ook van menslike sonde beskou word (Collins 1997:290). Sommige navorsers bevraagteken laasgenoemde stelling van die menslike sonde, aangesien dit tog na die sonde van Adam en Eva geplaas word. (Nickelsburg 2001:184).

koppe wat die oer-chaoswaters simboliseer, in die HB geteken. [62] Hulle is in konflik teenoor *Jahwe* en word deur hom verslaan. Sommige verwysings dui op die skeppingstyd - *Leviatan* in *Ps*. 74:13-14 en *Rahab* in *Ps.* 89:11. *Ps*. 74:14 bevestig die "koppe" van die seemonster. Skeppingsoorwinning oor *Leviatan* word 'n eskatologiese oorwinning in die eindtyd in *Jes*. 27:1:

> "In dié dag sal die Here met sy harde en groot en sterk swaard besoeking doen oor die Leviátan, die vinnige slang, en oor die Leviátan, die kronkelende slang; en Hy sal die draak doodmaak wat in die grootwater is."

Die apokaliptiese eienskap van *Urzeit wird Endzeit* is in die gedeelte al ter sprake (Day 1992: 295).[63] Die mities-poëtiese inslag van die literatuur hou die betekenis in dat die Skepper nog altyd opposisie van die kosmiese magte gehad het, dit nog voortdurend sal hê en dat Hy die mag gehad het, dit voortdurend sal hê om dit teen te staan en uiteindelik te verslaan (Boyd 2001:32).[64]

In *Gen*. 3 neem die bose die vorm van 'n slang aan, maar die slang word nie met *Satan* [65] geïdentifiseer nie, alhoewel sy kwaadwillige opstokery en sluwe verleiding van Adam en Eva teen *God* "terugskouend elemente toon wat eie aan die latere *Satan* is" (Vosloo 1992:389-390).

> *Gen*. 3:1: "Maar die slang - וְהַנָּחָשׁ - was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het".

Die skrywer lys die slang saam met die ander diere ***wat deur God geskep is***.

Volgens Hoffman (2004:18-19; 27) is daar nog geen werklike formulering/ konsep van boosheid in die geskrifte van die HB nie en kan daar dus nie van "simbole" vir die bose gepraat word nie of 'n bewussyn van die teologiese probleem van die bose nie. In die populêre geloof was daar heel waarskynlik 'n duideliker manifestering daarvan wat aanleiding tot die sadistiese en vermetele uitbeelding van die "aanklaer" in *Job* gegee het. [66]

---

[62] Day (1985:3,19) gebruik die *Chaoskampf*- term in sy ontleding van *Psalms* 74, 89, 104, 65 en 93 om aan te toon dat die konflik tussen Jaweh en die draak en die see met die skepping saamhang en volgens hom (1985:24) is dit reeds uit die tekste van Ugarit vasgestel dat die draak sewe koppe gehad het-verdere gebruik is in die *Odes van Salomo* 22,5, *Pistis Sophia* 66 en *Ḳiddushin* 29b en in die apokaliptiek van die NT oorgedra in *Op*.12:3,13:1 en 17:3.

[63] 'n Samesmelting van gebeure in die oertyd en eskatologiese gebeure vind plaas (Batto 1992:172).

[64] Die konflik met die kosmiese oermagte word soms met 'n oorlog teen die vyand van Israel verbind –*Jes*. 17:12-14 (Boyd 2001:32). Ook Day (1985:139) is van mening dat die draak en die see op die oorheersende wêreldmag van die tyd of vyandige nasies in die algemeen dui.

[65] Die woord *satan* word nie een maal in *Genesis* in die HB gebruik nie.

[66] Op ligter trant word 'n mens in eie konteks teruggevoer na jou kinderjare toe jy deur jou ouers vermaan is dat die duiwel al weer op jou skouer sit of dat sy stert selfs om jou oor krul.

In die HB gaan dit meer om die mens se doen van die bose dade/sonde. Dit word deur die basiese vorm van (ע)רע weergegee. In *Konings* word dit 63 keer gebruik en hou dit dikwels nie slegs die begrip van die bose wat mens doen nie, maar ook die gepaardgaande onheil/lyding in (Thiel 2004:3-4). Dit is dus duidelik dat boosheid en sonde hand aan hand gaan in die HB. Vyftig verskillende woorde word gebruik om aspekte van die sonde weer te gee. Die drie belangrikstes is חטאת, פשע en און waarvan die eerste ongeveer 595 keer in die HB voorkom. חטאת, יאשם en און bevat ook die bygaande betekenis van skuld en straf. Baie van die oortredinge weerspieël die verbreking van die Wet van God – die Tien Gebooie (Cover 1992:31).

Uit bostaande blyk dit dat die ervaring van die bose in die HB en simbole uit die vroeëre mitologie deur die skrywers van die literatuur van Qumran en die Apokriewe en Pseudepigrafieë weer in hul konteks gebruik en verder ontwikkel is. Die oorgang van die *begrip* 'boosheid/sonde' in 'n bose *persoon* is 'n aanvaarbare proses; veral in 'n poging om 'n oorsaak of 'n 'sondebok' vir die bose wandade te verkry om die skuld voor te gee. Die ontkieming daarvan is reeds in die bogenoemde voorbeeld van 1 *Kron.* 21 te bespeur, asook deur die "semantiese evolusie" van 'n oorheersende eienskap in 'n persoon. Wat wel opmerklik is, is die onverwagse sterk gebruik as 'n dualistiese opponerende *leier* van die bose magte teenoor God en sy leërmagte in die literatuur van die Tussentestamentêre Tydperk. Die Oorlogstoneel van *1QM* is by uitstek die draer hiervan en die oorsaak dat navorsers na die nuwe konteks van Israel as bannelinge onder die Perse met 'n religie met 'n skerp dualistiese inslag, as matriks van dié ontwikkeling begin kyk het. Nie slegs kon die dualisme 'n rol gespeel het nie, maar die animisme in die wêreldvisie van die Zoroastrisme kon bygedra het tot die gemaklike oorgang van 'n begrip na 'n entiteit met 'n identiteit, domein en mag.

4.1.1C OPENBARING

4.1.1C.1 SATAN

4.1.1C.1.1 OORSPRONG

In 4.1.1B.1.2 is reeds verwys na die wisselwerking wat tussen die eiename van die *Bose* in die Tussentestamentêre Tydperk ontstaan het: *Belial>Mastema>Satan>Abaddon*. Gedurende dié tydperk was die gebruik van *Satan* as eienaam in die Joodse geskrifte nog beperk en dit is eers in die geskrifte van die NT dat die gebruik meer algemeen geraak het. Die vroegste bewys van *Satan* as eienaam word tans bereken op ongeveer 168 v.C. in *Jub.* 23.29:

> "En al hul dae sal vervul wees en hul sal in vrede en vreugde lewe en daar sal geen Satan en geen bose (een) wat sal vernietig, wees nie."

*Jub.*10.12 is ook al aangehaal om aan te toon dat *Mastema* en *Satan* parallel gebruik word as die leier van die bose geeste (4.1.1B.2).

Daar word na die einde van *Satan* in *Assum. Mos.* 10.1 verwys. Konsensus oor die datering is nog nie bereik nie, maar die geskrif word ongeveer op die draai van die era deur Collins (1984:347) geplaas.

In die literatuur van Qumran word dit slegs 3 keer (*1QH* 4.6; 45.3; *1QSb* 1.8) gebruik en was *Belial*, soos reeds gesien, die mees algemene benoeming van die bose (Hamilton 1992: 655).

Satan word 35 keer in die NT gebruik: 8 keer in *Openbaring* waarvan 5 in die briewe aan die gemeentes en 3 in die daaropvolgende gedeeltes is:

1. In die brief aan die gemeente van Smirna (*Op*. 2:9) word die sinagoge aan *Satan* verbind deur die "lastering" van "Jode" wat 'n "sinagoge van die Satan" is … καὶ τὴν βλασφημίαν ἐκ τῶν λεγόντων Ἰουδαίους εἶναι ἑαυτοὺς καὶ οὐκ εἰσὶν ἀλλὰ συναγωγὴ τοῦ σατανᾶ.
2. Dit word effens verskillend herhaal in die brief aan Filadelfía (*Op*. 3:9): ἰδοὺ διδῶ ἐκ τῆς συναγωγῆς τοῦ σατανᾶ τῶν λεγόντων ἑαυτοὺς Ἰουδαίους εἶναι, καὶ οὐκ εἰσὶν ἀλλὰ ψεύδονται... "Kyk ek gee uit die sinagoge van die Satan van die wat sê dat hul Jode is en dit nie is nie, maar lieg….." Die gebruik van die woord "sinagoge" dui dat die "vyand" in die boesem van die gemeente voorkom. Vanaf die verwoesting van die Tempel in Jerusalem en die ballingskap in 587 v.C. het die vervanging van 'n heilige aanbiddingsplek 'n baie belangrike rol in die lewe van die ontwrigte Jode gespeel. Daar is nog geen definitiewe bewyse presies wanneer die sinagoges tot stand gekom het nie, maar gedurende die Tweede Tempeltydperk was hul reeds alombekend en het 'n vername plek in die Jode se lewe ingeneem, omdat dit nie slegs as aanbiddingsplek gebruik is nie, maar ook as vergaderplek en skool gedien het. Veral in die diaspora tussen die vreemde kulture moes dit die hartklop van die Joodse gemeenskap uitgemaak het. "Lastering" sluit ten nouste by die oorspronklike betekenis van die woord *Satan* aan en net soos by die *Oorlogsrol* maak die mede-Jode deel van die vyand uit. Jesus en sy dissipels het nog die byeenkomste in die sinagoges bygewoon, maar die Jode wat nie in Jesus as die langverwagte Messias geglo het nie, het die leringe van Jesus en sy volgelinge as lasterlik - as 'n afdwaling - beskou. Die Qumrangemeenskap het hul heeltemaal afgesonder van die Jode wat volgens hul mening die verkeerde onderrig van die "Leraar van die Leuens" nagevolg het. Volgens *Openbaring* begin die Christene ook om hul in hul eie gemeentes (ἐκκλησίαις : *Op*. 1:4,20; 2:1 ens.) af te sonder. Hierdie tweespalt in die religieuse domein moes skrynerige gevolge midde-in die intieme binnekring van die Joodse gemeenskap gehad het. Uit die twee briewe kan verder afgelei word dat sommige

van die Jode selfs die Christene by die plaaslike bestuur aangekla het en dit wetlike implikasies tot gevolg gehad het (*Op*. 2:10).

3. In die brief aan die gemeente van Pergamus word Pergamus as die plek waar die "troon van die *Satan*" is en

4. "waar die *Satan* woon" (*Op*. 2:13) uitgesonder: οἶδα ποῦ κατοικεῖς, ὅπου ὁ θρόνος τοῦ σατανᾶ, καὶ κρατεῖς τὸ ὄνομα μου καὶ οὐκ ἠρνήσω τὴν πίστιν μου καὶ ἐν ταῖς ἡμέραις Ἀντιπᾶς ὁ μάρτυς μου ὁ πιστός μου, ὃς ἀπεκτάνθη παρ' ὑμῖν, ὅπου ὁ σατανᾶς κατοικεῖ. Pergamus was vanaf 300 v.C. tot 400 n.C. een van die belangrikste kulturele, religieuse, militêre en politieke sentra in Klein Asië. Die oudste deel van die stad was rondom die strategiese basis van die akropolis wat met 'n steil helling van ongeveer 1,300 voet bo seespieël uitgetroon het, geleë. Dit is veral Eumenes II wat in die 2de eeu v.C. indrukwekkende geboue soos onder andere 'n nuwe teater, paleis, die Groot Altaar [67] en 'n nuwe biblioteek opgerig het. In 133 v.C. is die gebied deur Attalus III aan die Romeine bemaak en in 29 v.C. is die eerste tempel van die keiserlike kultus ter ere van Rome en Augustus daar opgerig. Hoewel die stad 'n insinking aan die einde van die eerste eeu v.C. beleef het, het dit aan die begin van die 2de eeu n.C. weer tot 'n vername intellektuele sentrum (veral op mediese gebied) onder die Romeine ontwikkel. Die herstel van die heiligdom van Asklepius net buite die stad het hiertoe bygedra. *Asklepius* was uit die Griekse mitologie bekend as 'n god van genesing deur wonderwerke en is soms deur 'n slang voorgestel. Die kultus het 'n spesiale plek in die kompleks van kultusse - *Zeus*, *Atena* en *Dionysus* - wat in die stad beoefen is, beklee. Daarby het die kultus van die verering van die Romeinse Keisers nog verdere aanspraak op die inwoners van die stad gemaak. Dit was so geslaagd dat die gesogte benoeming as *neōkoros* drie keer aan Pergamus toegeken is. Ongetwyfeld moes die Christene wat nie aan die verering van die Keiser wou deelneem en die Romeinse Gode wou erken nie, skerp kritiek en verwerping verduur het en waarskynlik as opstandelinge beskou is. "Troon" verwys duidelik na die koninklike heerskappy en mag. Die "troon van die Satan" word in skerp teenstelling met die "troon van God" – in 3:21 gebruik en in die daaropvolgende visioen van die troon van *God* in die vierde hoofstuk.

---

[67] Volgens Yabro Collins (1998a:167-184) moet die "troon van die Satan" nie slegs simbolies as 'n mag teen God – hier die Romeinse Keiserlike mag – vertolk word nie, maar dat dit ook deur 'n sigbare beeld in Pergamus teenwoordig was. Sy verwys na die kulture van die Ou Nabye Ooste, die religie van Israel en die Judaïsme van die Tweede Tempelperiode waarin die troon van 'n godheid dikwels op 'n berg gesetel was – die akropolis van Pergamus kon heel moontlik met die "troon van die Satan" geassosieër wees. So ook die kompleks van die tempels van Zeus en Atena en die Groot Altaar, aangesien die God Zeus sterk assosiasie met die keiser in hierdie tydgleuf van Johannes gehad het, terwyl die keiser weer met Satan deur Johannes verbind word.

Die werkwoord wat vir "woon" gebruik word - κατοικεῖς – hou die betekenis van 'n meer permanente woonplek in. Dit beklemtoon die begrip dat *Satan* in Pergamus *gesetel* was. Baie drade van die kultuurweb word in die enkele woorde "sinagoge", "troon" en "woon" vasgespin.

5. In die brief aan Thiatire word die kennis van *Satan* as die "dieptes van die Satan" beskryf: ….οἵτινες οὐκ ἔγνωσαν τὰ βαθέα τοῦ σατανᾶ ὡς λέγουσιν· οὐ βάλλω ἐφ' ὑμᾶς ἄλλο βάρος (*Op*. 2:24). In die "dieptes" van die *Satan* kan sy onverstaanbaarheid en "misterie" gelees word, maar dit sluit ook aan by die "engel van die afgrond" wat in *Op*. 9:11 aan *Abaddon* toegeken word en kan ook as "bodemlose put"- φρέατος τῆς ἀβύσσου - vertaal word.

6. Buiten die twee verse in *Op*.12:9 en 20:2 waar die opstapeling van die name van *Satan* voorkom, word die eienaam, *Satan* weer in *Op*. 20:7 gebruik. *Satan* se laaste poging om deur oorlogsvoering te oorwin, na sy vrylating na 1000 jaar se gevangenisskap in die afgrond, word hier uitgebeeld (sien 6.2.C.4).

"Satan" word dus in *Openbaring* as die vyand van die gemeentes van *Christus* gesien: nie slegs in hul milieu van onaanvaarbare praktyke deur die ander gelowe en die keiserryk nie, maar veral deur mede-Jode en afdwalings van groepe in die binnekring van die gemeente.

4.1.1C.2 VERWANTE ANTAGONISTE

In *Openbaring* word daar op twee plekke (12:9 en 20:2) 4 benaminge vir die teenstander opgestapel - die draak; die slang (sien 4.1.2.C.2); die duiwel en die *Satan*:

> καὶ ἐβλήθη ὁ δράκων ὁ μέγας, ὁ ὄφις ὁ ἀρχαῖος, ὁ καλούμενος Διάβολος καὶ ὁ Σατανᾶς, ὁ πλανῶν τὴν οἰκουμένην ὅλην, ἐβλήθη εἰς τὴν γῆν, καὶ οἱ ἄγγελοι αὐτοῦ μετ' αὐτοῦ ἐβλήθησαν - "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (*Op*. 12:9).

> καὶ ἐκράτησεν τὸν δράκοντα, ὁ ὄφις ὁ ἀρχαῖος, ὅς ἐστιν Διάβολος καὶ ὁ Σατανᾶς, καὶ ἔδησεν αὐτὸν χίλια ἔτη - "En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom gebind duisend jaar lank" (*Op*. 20:2).

4.1.1C.2.1 DIE DUIWEL/DIABOLOS

Duiwel/Diabolos word in die geskrifte van die NT as leier van die Bose bygevoeg en word wisselend met *Satan* – soos in bogenoemde tekste gebruik - sonder dat daar blykbaar enige noemenswaardige verskil in die betekenis is. Διάβολος - lasteraar - is die vertaling van die LXX en

die NT van *Satan* in die HB en word 32 keer in die NT gebruik – veral in die betekenis as die bonatuurlike Teenstander van *God* (Riley 1992:244).

Die verantwoordelik dat van die Christene in hegtenis geneem sou word, word in *Op*.2:10 aan Διάβολος toegeskryf. Dit is te wyte aan die "*lastering*" van die "Jode" - die "sinagoge van die Satan" - in die vorige vers (2:9). Διάβολος personifieër die vyand hier in die gestalte van die mede-Jode. In *Op.* 12:12 word "groot woede" aan die duiwel toegeskryf: … ὅτι κατέβη ὁ διάβολος πρὸς ὑμᾶς ἔχων θυμὸν μέγαν…

In 20:10 word weer die eienskap van *verleiding* - πλανῶν aan die duiwel toegesê. Hierdie eienskap was waarskynlik die skakel waaraan die latere verbintenis van die slang in die Skeppingsverhaal in *Genesis* met die naam *Satan* te wyte is en speel 'n belangrike rol wat duidelik deur die herhaalde gebruik in verband met die "vyand" in *Openbaring* na vore kom. [68] Die wisselwerking tussen die name vir die Bose kon ook bygedra het tot die assosiasie met die slang.

4.1.1C.2.2 ABADDON/APOLLION

In teenstelling met die sterre in *Op.* 1:20 wat die 'engele van die gemeentes' voorstel, word in *Op.* 9:1 'n gevalle "ster uit die hemel" as die "engel van die afgrond" voorgehou. Hierdie ster dra die naam van *Alsem* en die derde van die riviere en waterfonteine waarop dit geval het, het bitter geword en die mense het daarvan gesterf (8:10-11). [69] In *Op*. 9:11 word bevestig dat die "engel van die afgrond"- *Abaddon/Apollion*- [70] die koning van die skrikwekkende leërmag van sprinkane is (sien 4.1.3.C):

> ἔχουσιν ἐπ' αὐτῶν βασιλέα τὸν ἄγγελον τῆς ἀβύσσου, ὄνομα αὐτῷ Ἑβραϊστὶ Ἀβαδδών, καὶ ἐν τῇ Ἑλληνικῇ ὄνομα ἔχει Ἀπολλύων.

---

[68] *Die Wysheid van Salomo* (±40 v.C.) wys op die 'jaloesie' van die duiwel op Adam en Eva wat die oorsaak van die 'dood' was. In die geskrif is die duiwel as die slang in die tuin van Eden geïnterpreteer.

In 1*QH* X111:26-27 word *Belial* ook met die gif van die slang geassosieër:

" … Hulle smee boosheid in hul hart, [die manne van] Belial het 'n leuen-tong oopgemaak,

soos die gif van adders wat aanhou vir tydperke soos hulle wat hulself in die stof neergooi betower hulle,

slanggif, waarteen daar geen beswering is nie."

[69] Hierdie vers verwys terug na die vernuwing van die verbond in *Deut.* 29. In vers 18 word afgodediens afgekeur en die wens uitgespreek dat "daar onder julle geen wortel mag wees wat gif en wilde-als dra nie."

[70] Volgens Grether (1992:301-302) verwys die Griekse ekwiwalent na die heidense god, Apollo. Die sprinkaan was 'n embleem van dié god wat sy slagoffers vergiftig het. Indirek kan dit ook die Romeinse keiser Domitianus, wat graag as die vleesgeworde Apollo beskou wou word, aandui.

Ons het reeds gesien dat in 4Q286 *Abaddon* wisselend met *Belial* en die Engel van die Put/Kuil gebruik word (4.1.1B.2). Die Hebreeuse woord word hoofsaaklik met die dood/vernietiging geassosieër, terwyl die Grieks ook die betekenis van 'vernietiger' oordra. In bogenoemde perikoop (*Op*. 9:1-12) lees vers 6 dus skerp paradoksaal:

> "En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hul sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hul wegvlug."

Die marteling sal so geweldig wees dat die dood verkieslik sal wees.

4.1.1.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

By al drie die tekste is hoofsaaklik op die naam van die bonatuurlike leier van die vyand en die verwante wisselvorme gefokus, omdat die eienaam se oorsprong ten nouste met die wese van die aanvoerder saamhang. Dit kan in die belangrikste **sleutelwoorde** by elkeen saamgevat word:

Aka/Angra Mainyu Bose, slegte Gees Leuenaar/Bedrieër/Bedrog	*Belial>Mastema* Boosheid/Sonde>Vyandigheid	*Satan/Diabolos/Abaddon-Alsem* Verleiding/Lastering/ Vyandigheid Aanklaer/Vernietiger

Verdere omskrywings:

Slegste Raadgewer Slegte Voorneme Duisternis/Somberheid Bose handeling Arrogansie/Minagting Aaklig/Verkeerd Onkundig Ongehoorsaam Onregverdig Verguising	Raadgewing om te vernietig Kwaadwilligheid Dade in Duisternis Doelbewuste verkeerde gedrag Haat	Verleiding Groot woede Donker 'dieptes' Leuens Marteling

In al drie voorbeelde van die religieë blyk dit duidelik uit die sleutelwoorde en die gepaardgaande omskrywings dat dieselfde kwaliteite in sterk pejoratiewe taal vir die Bose Gees gebruik word. Die hoorders word geen ruimte vir twyfel oor die aard van die Bose Gees gelaat nie.

Die bonatuurlike leier word as die “Bose Gees” omskryf. Interessant is om te let dat dit letterlik die betekenis van die Zoroastriese eienaam is, terwyl *Belial* en *Satan* net die kwalifiserende komponent, *boosheid* en *vyandigheid* bevat. *Mainyu* dui die ‘onverstaanbare’ en vir die mens die bonatuurlike in die Zoroastriese samestelling aan.

Die woord wat vir ‘gees’ - רוּחַ - in die geskrifte van die HB gebruik is, het aanvanklik die betekenis van die ‘wind’- ‘n onsigbare en dus geheimsinnige krag - ingehou (*Eks.* 10:13);

‘n krag wat dikwels deur *Jahwe* as instrument in Sy beskikkinge gebruik word (bv. *Eseg.* 13:13).

– וּבְקֶצְפִּי רוּחַ־סְעָרוֹת בַּחֲמָתִי

“... Ek sal ‘n stormwind in my grimmigheid laat losbreek ...”.

Deur die bykomende betekenis van ‘asem’ en ‘gees’ is dit ook op mikrokosmiese skaal gebruik om die misterieuse lewensenergie vir mens en dier aan te dui (*Ps.* 31:6). ‘Wind’,‘asem’ en ‘gees’ roep die tekenende beeld van die dorre bene in die ballingskaptydperk in *Eseg*. 37:9b op:

... כֹּה־אָמַר אֲדֹנָי יְהוִה מֵאַרְבַּע רוּחוֹת בֹּאִי הָרוּחַ וּפְחִי בַּהֲרוּגִים הָאֵלֶּה וְיִחְיוּ׃

“…So spreek die Here Here: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hul kan lewendig word.”

Aanvanklik is daar nie bonatuurlike kragte aan רוּחַ verbind nie, maar is dit meer met krag en geheimsinnigheid en onverstaanbaarheid geassosieër en as sulks as metafore en vergelykings in die geskrifte van die HB gebruik.[71] Dit is ook sinoniem met die mens se siel - נֶפֶשׁ - gebruik: *Gen.* 2:7:

וַיִּיצֶר יְהוָה אֱלֹהִים אֶת־הָאָדָם עָפָר מִן־הָאֲדָמָה וַיִּפַּח
בְּאַפָּיו נִשְׁמַת חַיִּים וַיְהִי הָאָדָם לְנֶפֶשׁ חַיָּה׃

"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword.”

Die siel is dus as die ‘lewe’ van die mens en dier beskou en dat met die dood die ‘- uitblasing - מַפַּח - van die laaste asem’ plaasvind (*Job* 11:20). Later het daar meer onderskeid tussen die ‘gees’ van die mens en die ‘gees’ van God ontwikkel en het רוּחַ die betekenis van die bonatuurlike aangedui (*Jes*. 31:3), asook die meer Godgerigte dimensie van die mens bo נֶפֶשׁ wat meer die aspekte van die menslike lewe aangetoon het.

In *Jes*. 42:5 in die na-ballingskap-tydperk word God duidelik as die skenker en Skepper van die asem/gees geteken:

“So sê God, die Here, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voorkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel”.

[71] Aansluitend met die tema van die proefskrif word die wind in die beeld van Jahwe as vegter in die skeppingsoorlog teen die chaos gebruik om die see terug te dryf (*Ps.* 18:16; 77:17-20; *Jes.* 11:15). Die wind skei die kaf van die koring: die bose van die goeie - Jes. 27:8; 64:5. (Botterweck 1977:380-381).

Saam met die beeld van *God* as die skenker van die Gees word die betekenis van die woord as 'wind' en 'asem' in *Gen*. 2:7 (sien bs. aanhaling) verteenwoordig deur die werkwoord “blaas”. In die NT word dié beeld versterk deur *Jesus* se geskenk van die *Heilige Gees* aan sy dissipels:

> Joh. 20:22:” En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy *op hulle* en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.”

In die Qumrangemeenskap word die gees ook op die nuwe lede oorgedra (*1QH* V/13.24-25) [72]:

> “... En ek, U dienaar, ek weet deur die gees wat U aan my gegee het ...”

Waar pas die Bose “Gees” dan in? Die samestelling van “bose gees/te” word enkele kere in die HB gebruik, meestal met die begrip dat die bose gees/te ook van God is of deur God gestuur is (*Rig*. 9:23; 1 *Sam.* 16:15, 18:10, 19:9) maar nie in die sin van ‘n opponerende vyand nie.

In die *Oorlogsrol* beklee die Bose Gees as *Belial* wel die rol van die leier van die “vyand” op die oorlogsveld, maar hy is nog **deur God** “vir die put geskape” (13.10-11). Nog ‘n woord - engel/מלאך - word hier ingespan om die tweede komponent van “Gees” te verteenwoordig en wat saam met “gees” meer “gestalte” aan die Bose Gees gee: Dit word in apposisie in *1QM* 13.11-12 gebruik:

.....וכול רוחי גורלו מלאכי חבל..... : ... Al die geeste van sy lot – die engele van vernietiging -....

In vers 11 word *Belial* ook as die 'engel' van kwade bedoelings (vyandigheid) benoem.

In die literatuur van Qumran gaan een van die basiese leerstellings om die “twee geeste” (*1QS* 3.13-4.26) binne-in die mens en dat die mens ‘n keuse tussen die gees van waarheid en die gees van bedrog moet maak (meer uitvoerig by 5.1.4.B). Dit word as ‘n psigologiese begrip vertolk. Daar word egter vir die aanhangers van die gees van bedrog - die Seuns van die Bedrog - ‘n aanvoerder toegeken: die “**Engel** van die Duister” en vir die aanhangers van die gees van waarheid - die Seuns van die Lig: die “Prins van die Lig(te)”. Hierdie uitbreiding van die beeld dui op ‘n kosmologiese toepassing daarvan.

In die NT word dit naas mekaar in die miskenning van die opstanding, engele en geeste deur die Sadduseërs gebruik (*Hand*. 23:8):

> Σαδδουκαῖοι μὲν γὰρ λέγουσιν μὴ εἶναι ἀνάστασιν μήτε ἄγγελον μήτε πνεῦμα, Φαρισαῖοι δὲ ὁμολογοῦσιν τὰ ἀμφότερα.

[72] Volgens die indeling en vertaling van García Martínez en Watson (1994:320).

מלאך as ‘n hemelse engel word in die HB in die sin van ‘n boodskapper gebruik. [73] Aanvanklik was die “gesante” van God meestal figurante – naamloos en gesigloos – ‘n spreekbuis waardeur die boodskap van God tot ‘n mens gekom het, sodat in sommige gevalle dit klink of *God* self praat. Die hemelinge word in *Job* 1:6 as “die seuns van God” omskryf en een van hulle tree as ‘n aanklaer van die “vroom”, “opregte” en “godvresende” man op. Eintlik is “aanklaer” eufemisties gestel vir die uitmergelende strawwe toets waaraan hy Job – met *God* se wete en beperking - onderwerp het, maar hy verskyn slegs aan die begin van die boek en speel geen verdere rol nie (vgl. ook met *Sag*. 3:1). In *Sagaria* (520 v.C.) help die engel Sagaria om die gesigte te verstaan, maar die woorde van die engel en die Here vloei ook hier inmekaar sodat dit klink of die Here eintlik die spreker is (1:13-14). In die inleiding van die gesigte is dit ook die “woord van die Here” wat tot Sagaria kom (1:7).

By ander geleenthede tree engele ook op om die Here se straf uit te meet (*Ps*. 35:5-6). Daarteenoor verskyn engele tog ook op kritieke oomblikke om weer positiewe rigting aan mense se lewens te gee soos die voorbeeld van Hagar in *Gen*.16:7-15.

In die eerste deel van die boek *Daniël* in die HB tree die engel meer op die voorgrond, maar nog in die rol van ‘n spesifieke funksie wat aan hom toegedeel is soos die beskermer van Daniël wat “die bek van die leeus toegesluit het” (*Dan.* 6:23). Belangrik is egter dat in die tweede deel van *Daniël* (hoofstukke 7-12) wat in die konteks van die Makkabeëropstande geplaas word (ongeveer 165 v.C.) die ‘helper’ ‘n ‘eie’-naam kry: “*Gabriël*”, wat alhoewel hy “soos ‘n man gelyk het” Daniël gehelp het met die uitleg van die visioen van die skaap- en bokram (8:15-26) en hom kom “onderrig” het om hom “insig” te gee (9:22). Daar word verder verwys na ... “*Mígael*, een van die vernaamste vorste/prinse” - הַשָּׂרִים [74] (*Dan*. 10:13,21) wat die engel in sy stryd teen die “vors van die koninkryk van die Perse en van Griekeland” bygestaan het.[75] In *Dan*. 11:21 is die vernaamste aardse vyand “‘n veragtelike ... op wie geen koninklike waardigheid gelê was nie” en wat “met liste die koninkryk bemagtig”, “bedrog pleeg” (:23), “roof en buit” (:24) , “... die heiligdom, die vesting, ontheilig ...”(:31) en “die wat goddeloos handel teen die verbond ... met vleiery afvallig maak....” (:32). Die nie-Joodse konings vertolk die rol van die “bose” teenstanders, terwyl “Mígael, die groot vors ... oor die kinders van jou volk staan ...” (12:1) en in die hemel oorlog voer teen die verteenwoordigers van die bose aardse vyande, die “vorste” van Persië en Griekeland.

---

[73] In *Ps*. 104:4 word die winde as boodskappers van Jahwe beskryf wat die twee betekenisse van die woorde ‘gees’ en ‘engel’ met mekaar laat skakel.

[74] Die kwalifisering as een van die vernaamste 'vorste' sluit aan by die vroeëre uitbeelding van God se domein as 'n hemelse koninklike hof (1 *Kon*. 22:19). ‘Vorste’ word ook as ‘prinse’ vertaal.

[75] Dit dui op ‘n parallele oorlog in die hemel wat tussen Mígael as die beskermengel van Israel met die hulp van *Gabriël* teen die “engele” van Persië en Griekeland gevoer word (Collins 1998a:103;110).

In buitebybelse literatuur word die Aramese עיר as *Waker* – iemand wat waghou en nie slaap nie [76], gebruik om *engele* te benoem (1 *Henog* 1.5; *Jub*. 4.15). Die vroegste gebruik is in die *Boek van die Wakers* (1 *Henog* 1-36) ± 300 v.C. [77] Hierdie boek (sien ook nota 61) word beskou as 'n uitbouing van die elliptiese verwysing na die הַנְּפִלִים (gevallenes) in *Gen*. 6, maar die verwysing na die nasate van die "Seuns van God" en die "dogters van die mense" is nie gunstig soos die "geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam" (*Gen*. 6:4) nie. 'n Groep engele, tweehonderd van die *Wakers*, het die mooi aardse dogters begeer [78]; 'n eed gesweer wat hul met 'n vloek aan die 'groot sonde' verbind het; na die aarde gegaan en elkeen 'n vrou vir hom gekies. Hul kinders word as hibride uit die 'onkosmologiese' verhouding gebore: reuse wat verwoesting op die aarde aanbring. As straf word onmin en oorlog tussen die reuse gesaai sodat hulle as'tware hulself vernietig en die groep w*akers* deur die aartsengele onder die aarde ingeperk word. Die geeste van die reuse bly as bose geeste op die aarde agter (1 *Henog* 15:8-12).

In 1 *Henog* 6.7-8 kry die 20 wakers as leiers-oor-tien eie identiteite deur die eiename wat aan hul gegee word:

"*Shemihazah, Arteqoph, Remashel, Kokabel, Oramel, Ramel, Daniel, Ziqel, Baraqel, Asael, Hermani, Aramos, Matarel, Ananel, Sětawel, Shamshiel, Tummiel, Turiel, Yamiel* en *Yehadiel.*" [79]

Ook die aartsengele word by name genoem: "*Migael, Sariel/Surafel, Raphael en Gabriel"* (1 *Henog* 9:1). [80]

---

[76] Dit skakel met die bekende *Ps.* 121:4-5: "Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here is jou Bewaarder; .." Die woord vir die een wat 'nie sluimer of slaap nie' is egter: שׁוֹמֵר – bewaker.

[77] Die term word ook in die ouer deel van *Daniël* (in Aramees) in koning Nebukadnéser se beskrywing van sy visioen aangetref (*Dan*. 4:10,14,20).

[78] In fragmente van die *Damaskus Dokument* word die *Wakers* saam met ander oortreders gelys wat nie "die voorskrifte van God nagekom het nie" en nie hul regte plek in die kosmos volgehou het nie (Sullivan 2004:211-212). 'n Soortgelyke verwysing word in die NT in die brief van *Judas* (1:6) aangetref: "En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar". Teenoor die agtergrond van Ruben se verhouding met sy pa se byvrou, word die skuld vir die geboorte van die reuse op die verleiding van die aardse vroue en hul sug na die Wakers in die *Testament van Ruben* (±200 v.C.) geplaas. Die tradisielyn impliseer dat geen gemeenskap tussen hulle en die Wakers plaasgevind het nie en dat dit aan die sondige wellus toegeskryf moet word (Sullivan 2004:218).

[79] Volgens die lys van Nickelsburg (2001:175).

[80] In hoofstuk 5 sal aandag aan die betekenis van die name van die Wakers wat meestal deur die agtervoegsel dui op *"el"*- God, aandag geskenk word.

Verderaan in 1 *Henog* 9:6-7 blyk dit dat *Shemihazah* en *Asael* as die hoof(ver)leiers in die sondige daad uitgesonder word met ‘n klemverskuiwing na *Asa(s)el* wat ‘geheime en ewige’ kennis aan hul kinders met nadelige gevolge oorgedra het. Ironies genoeg kan die naam *Shemihazah* – “my naam het gesien” of selfs ook - “(die) hemel het gesien” (Nicklesburg 2001:179) op die ontbloting van hul wandade dui en alhoewel *Asael* – “God het gemaak” beteken, is dit met die sondoffer in *Lev.*16 en die woestyndemoon verbind.[81]

Daar is reeds genoem dat *Jubileë* (170-140 v.C.) ook ‘n variasie van die verhaal bevat met ‘n verwysing na *Mastema* as die leier van die bose geeste. *Mastema* het by God gepleit dat hy nie al die bose geeste moet laat bind nie en ‘n tiende is toegelaat om onder ‘*Satan’*/*Mastema* op die aarde te bly om die “kinders van die mense” te laat afdwaal om sonde en verontreiniging te pleeg (*Jub*.10.8; 11.5).[82]

Die verhaal in *Op*.12:7-9 in die NT [83] (ook *Luk*.10:18) waar *Satan* en sy aanhangers as “gevalle engele” ἄγγελοι… ἐβλήθησαν beskryf word, sluit by die hemelse oorlogstoneel van *Daniël* sowel as die ‘opstand’ in die hemel en die ‘gevallenes’ van die *Boek van die Wakers* aan:

> “En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hul plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.”

In een van die Joodse en vroeg-Christelike tradisiestrominge is daar dus ‘n duidelike ‘verklaring’ dat die Bose Gees/Engel vanuit die domein van God afkomstig is, maar as ‘n ‘gevallene’, ‘n afvallige/rebel uit eie keuse deur verkeerde begeertes.

Ook die geheimsinnige krag van die asem van die “lewe” is in die geskenk van die gees van God geleë. Hierin is waarskynlik ook die sleutel vir die verklaring dat dieselfde woorde en begrippe vir albei groepe gebruik word, maar kontrasterend in eie ‘goeie’ of ‘bose’ kwalifisering of konteks. *Wakers* is ‘n sprekende voorbeeld. So word *pneuma* 38 keer in die NT gebruik om ‘bose geeste’ aan te dui. Ook in *Openbaring* word die meervoud *pneumata* vir ‘onreine geeste’ en ‘geeste van

---

[81] As straf het God die aartsengel *Raphael* gestuur om *Azazel* te bind en in ‘n gat in die woestyn wat in Dudael was, te gooi.

[82] Baie navorsers interpreteer die verhaal as die verklaring van die oorsprong van die bose op die aarde en dat dit as agtergrond vir die Sondvloed gelees moet word (Sullivan 2004:225).

[83] ἄγγελοι dra ook in die NT die basiese betekenis van ‘boodskappers’ en ‘voorligters’ en tree hoofsaaklik as beskermers op.

duiwels' gebruik (16:13-14; 18:2) en *pneuma* (1:4; 3:1; 4:5 en 5:6) ook vir 'engele' gebruik. (Vergelyk ook die "sinagoge van Satan" en die "troon van Satan": 4.1.1.C.1.1.).

In ongeveer dieselfde tydgleuf/konteks van Daniël (165 v.C.) en *Jubileë* (170-140 v.C.) is daar twee tonele: 1) *Migael* in stryd met die "vorste" van die nie-Joodse vyande, Persië en Griekeland, in die hemel en 2) die bose nasate van die hemelinge en aardse vroue onder aanvoering van *Mastema* op die aarde teen die agtergrond van 1 *Henog*. 'n Treetjie verder na die *Oorlogsrol* (160-50 v.C.) word 'n volwaardige oorlog met hemelse en aardse aanvoerders en leërmagte geskets: *God* en sy aartsengele en sy volk, Israel teenoor *Belial*, sy aanhangers en die aardse vyande van Israel. In *Openbaring* (± 90 n.C.) word die stryd simbolies bevestig: dat die 'draak' uit die hemel gewerp is en *Satan* op alle terreine beveg moet word.

In die Zoroastrisme is dit nie so duidelik dat die Bose Gees uit die domein van *Ahura Mazda* afkomstig is nie. Die skynbare paradoks in *Yasna* 30.3 het al verskeie interpretasies uitgelok:

3. Waarlik daar is twee **primêre** Geeste, **tweeling** bekend om in **konflik** te wees. In gedagte en in woorde, in handeling is hul twee: die beter (een) en die slegte. En diegene wat goed handel het die regte **keuse** tussen die twee gemaak, nie die boosdoeners nie. (My beklemtoning.)

"Tweeling" impliseer tog 'n gemeenskaplike oorsprong, maar dit moet op die twee "oorspronklike" geeste toegepas word tussen wie 'n definitiewe keuse na die een of ander kant gemaak moet word (meer uitvoerig in 5.1.4.). Wat hier meer ter sprake is, is dat die twee geeste vanaf die begin as twee uiteenlopende entiteite in konflik teenoor mekaar gestaan het:

> " '... nie ons gedagtes of ons leringe of ons voornemens, nog minder ons voorkeure, of woorde of dade of innerlike opvattings of ons siele is in ooreenstemming nie.'"*Yasna* 45.2.

In 'n ander *Gatha* word die Bose Gees as "die *afstammeling* – die seun - van die skepper van bedrog" (*Yasna* 51.10) en die *daevas* weer as *afstammeling* van "bose gedagtes, bedrog en minagting" (*Yasna* 32.3) aangedui. Sy naam dui meer dat die bose kwaliteite in en om hom gestalte gevind het. Hy is die 'beliggaming' van wat sleg en verkeerd is. Die Bose Gees word as 'n selfstandige entiteit met 'n eienaam, *Aka(Angra) Mainyu* teenoor *Ahura Mazda* voorgehou.

Na die kennismaking van die Jode in die ballingskap met die verskynsel, word die **bose geeste** in die Joodse pseudepigrafieë geteken as *afstammelinge* van die sondige hemelinge en die aardse vroue. Nakomelinge/erfgename, veral seuns was 'n baie belangrike aspek in die kultuur van ou Israel (en die Antieke Wêreld); kinders is as 'n seëning en geskenk van God beskou. Daar is dus niks nuuts in hierdie beeld nie, maar wel in die negatiewe toepassing op die Bose daarvan.

Hierby sluit die stryd wat Zarathushtra teen die vroeëre afgode gevoer het aan en dat die bose geeste van hulle afkomstig was.

Belangriker nog is dat die goeie engele, sowel as die 'gevallenes', deur eiename geïdentifiseer word. Aan die bose geeste word ook 'n leier met 'n eienaam, *Mastema* toegeken. In 1 *Henog* onderhandel hy nog met God, maar in 1 *QM* is hy die direkte teenstander teenoor God.

Opvallend is die waarskuwing dat die vyand dikwels vanuit die binnekring van die gemeenskap sy aanval loods - dat jy nie die spreekwoordelike adder aan die bors moet koester nie - 'n aspek wat baie sterk by die Zoroastrisme, die *Oorlogsrol* en *Openbaring* beklemtoon is. Dit kan as 'n uitvloeisel vanuit elkeen se spesifieke situasie en konteks gelees word, maar moes tog 'n affiniteit deur die gemeenskaplike probleme en gevare geskep het.

4.1.2 BOSE ADJUDANTE

4.1.2A GATHAS/BAHMAN YASHT/AANVULLENDE YASHTS

4.1.2A.1 GATHAS

4.1.2A.1.1 AESHMA

Gramskap/toorn wat ook as die duiwel *Aeshma* voorgehou word, is die belangrikste bose figuur naas *Angra Mainyu. Aeshma* is die *Daevas* se mentor en hy word veral aan oorlog-aggressie gekoppel (30.6). [84] Daardeur wil hy die bestaande orde [85] omverwerp. Dit kom voor in die mite van die klaende koei wat blykbaar uit die antieke Indo-Iraanse tradisie spruit, maar deur Zarathushtra verwerk is om sy eie swakheid uit te beeld. In die mite betreur die koei dit dat woede, strooptogte, wreedheid en mag haar gevange hou en die vraag wie vir haar as haar beskermheer die woede van die bose van haar kan afweer, word gestel. *Gramskap* word ook in 48.7 en 49.4 aan 'wreedheid' verbind.

4.1.2A.1.2 KARAPANS/USIG EN KAVIS

Zarathushtra gaan terug in die verlede om aan te sluit by die bose heersers van die dag: Yama/Yima, die seun van Vivahvant, word deur Zarathushtra as iemand wat afgedwaal het deur 'n ander god te aanbid, voorgehou (32.8). [86]

---

[84] Alhoewel die uitbeelding van die duiwel *Aeshma* as 'n opstoker van onmin en stryd en gewapen met 'n bloedbevlekte knuppel nie na die proto-Indo-Iraanse periode nagevors kan word nie, was hy al volgens Mary Boyce (1992:56) voor Zarathushtra se tyd bekend..

[85] Oorspronklik was die betekenis van *asha* en *drug* meer in die sin van 'orde' en 'wanorde' as die latere 'waarheid' en 'leuen'. *Aeshma* was dus 'n agent van *drug*/wanorde.

[86] Volgens die vroegste geskiedenis van Iran was Yima die derde heerser van die wêreld en was dit 'n voorspoedige tydperk, maar hy het toegelaat dat die Bul volgens rituele geslag word en dat die geheiligde vleis geëet word om

Zarathushtra verwys in *Yasna* 32.12-15 na die "ryk Karapan" wat eerder die heerskappy van die tiran en die Leuen kies bo dié van die Waarheid. Die Kar(a)pans en Usig (44.20) was priesters wat die ou religie aangehang het en vyandiggesind teenoor Zarathushtra en sy leerstellings was. Ook die Kavis, die regeerders (prinse) van die land het saam met die Bose in hul hebsug na rykdom gewerk. Hier word die koei ook weer as 'n metafoor vir die goeie visie/insig gebruik. Die regeerders en priesters het nie in waarheid na die 'weiveld' ('die getroue volgelinge') van die 'koei' omgesien nie. Nog krasser woorde word in *Yasna* 48:10 &11 ingespan om die boosheid van die Kar(a)pans deur die bedwelming van die Haoma te beskryf: 'gewelddadige wreedheid' en 'marteling'.

4.1.2A.3 KWAADSTOKERS

Zarathushtra sonder die kwaadpraters uit wat met hul tong as wapen "gramskap en wreedheid" uiting aan hul "kwade begeertes" gegee het en onmin gesaai het (49.4).

4.1.2A.2 BAHMAN YASHT

4.1.2A.2.1 AESHMA

Die duiwel, *Aeshma,* kom ook in die droomvisioen wat *Ahura Mazda* aan Zarathushtra as antwoord op sy versoek om onsterflikheid gegee het, voor. Die visioen was van die wortel/stam van 'n boom waaraan daar 4 takke was: een van goud, een van silver, een van staal en die laaste was gemeng met yster. Die takke het verskillende tydperke voorgestel en die laaste tak was die tydperk van die bose oorheersing van die duiwels "met verwaaide/ verdeelde hare en van die ras van *Aeshma*".

4.1.2A.2 TOWENAARS

In die *Bahman Yasht* 2.1-3 word in die mite van Zarathushtra se versoek aan *Ahura Mazda* om onsterflikheid verwys na een van die vyf broers van die Karapan-familie van towenaars, wat vyande van Zarathushtra gedurende sy kinderdae was (West 1880:196). Sy versoek word afgewys te wyte daaraan dat Tûr-I Brâ*d*arvash dan ook onsterflik sal wees en die opstanding en bestaan in die toekoms nie moontlik sal wees nie.

4.1.2A.3 VALSE PRIESTERS EN DISSIPELS

Valse *priesters* en *dissipels* verkondig die antagonisme van *Aharman* en sy duiwels (2.40).

---

onsterflikheid te verkry. Verder het hy hom deur *Angra Mainyu* laat verlei deurdat lg. hom algehele heerskappy in plaas van diens aan *Ahura Mazda* beloof het (Nanavutty 1999:94).

4.1.2A.2.4 AZ-I DAHAK /AZHI DAHAKA

Aan die einde van die *Bahman Yasht* word *Azhi Dahaka* van sy boeie deur *Aharman* bevry (3.56) om ontelbare grusame sondes in die wêreld te gaan doen: hy vernietig een derde van die mense, beeste, skape en ander diere, asook die water, vuur en plantegroei (3.57). Die "duiwel van slang-oorsprong" (3.52) is waarskynlik 'n vooraf verwysing na hom (vgl. legende in Boyce 1991:421).
Volgens die ou Zoroastriese mitologie word *Azhi Dahaka* ook met die term *Leuen* en *Bedrog* beskryf en word as die berugste demoon beskou. Hy het 3 koppe, 6 oë en 3 kakebene. Sy liggaam is bedek met akkedisse, skerpioene en ander walglike gediertes. As hy oopgesny sou word, sou die aarde met die gediertes oortrek word (Hinnells 1985:54).

In nog 'n verhaal in *Yasht 19 probeer 'n draak met drie koppe - *Azhi Dahaka* - om *Khvarenah*, die 'glorie' of 'goddelike genade' te oorrompel, maar Vuur/*Atar* weer die aanval af. *Khvarenah* vlug na die see, *Vourukasha*, waar hy deur *Apam Napat* [87] of ook bekend as *Ahura Berezant* beskerming gebied word. Laasgenoemde word ook beskryf as die entiteit wat beskik oor vlugvoetige perde en die vinnigste op 'n gebed reageer.

4.1.2A.3 AANVULLENDE YASHTS

Mary Boyce (1984b:27-34) het in haar vertaling en redigering van die tekste van Zoroastrisme antieke materiaal in die *Yashts*, wat belangrike ou tradisies en mites bevat, uitgelig. Die stryd tussen goed en kwaad word deurlopend in die *Yashts* aangetref en word veral deur mites en legendes geïllustreer.

4.1.2A.3.1 VERBONDVERBREKERS

Diegene wat nie die verbond onderhou nie word deur *Mithra* aangeval. *Mithra* word beskryf as die entiteit wat oorloë aan die kant van die geregtigheid verklaar en self sy posisie in die gevegslinies teen die skenders van die verbond inneem. Oorsponklik het *mithra* die betekenis van 'n verbond tussen twee partye ingehou. In *Yasht* 10 word "ontrou aan die verbond" vier keer herhaal: 10.2, 26, 37 2*x*. In 'n oorlog teen die oortreders het hy geen genade nie: die bose koppe van die verbrekers word afgemaak. In vers 48 word die "bose hande van die verbrekers van die verbond" agter hul vasgebind en word hul deur *Mithra* blind en doof gemaak.

---

[87] *Apam Napat* was oorspronklik *Varuna* = 'eed'. Saam met *Mithra* = 'verbond' het hul nou met mekaar geskakel deur die toets deur vuur of water. *Apam Napat* is verbind met water daarom is die see sy blyplek; *Mithra* is weer aan vuur verbind (Boyce 2003:8-9).

4.1.2A.3.2 APAOSHA

Yasht 8.20-28 beskryf die mite waarin die reëngewende ster-god *Tishtrya* as ‘n pragtige wit perd met goue ore en ‘n goue neus afgaan na die see, *Vourukasha*, en 3 dae en 3 nagte lank in ‘n hewige stryd met *die duiwel, Gebrek/Apaosha*, ‘n aaklige haarlose swart perd gewikkel raak. Die swart perd oorwin die eerste rondte, maar in die tweede met die ekstra krag van 10 perde oorwin *Tishtrya* die duiwel, *Gebrek* (Hier in die sin van Droogte gebruik – Boyce 1984b:32).

4.1.2B OORLOGSROL

4..1.2B.1 VERBONDSKENDERS

Die vyande word gehelp deur *“diegene wat die verbond skend”* (1.2). Met hierdie woorde word onmiddellik ‘n dieper religieuse dimensie aan die oorlogsmanifes gegee. Volgens Vermes (1977:164) lê die sleutel na enige begrip van die Judaïsme in die idee van die Verbond. Dit was een van die kernkonsepte van die Israelitiese godsdiens: Jahwe was die God van Israel en hy sal hulle tot ‘n groot nasie maak soos hy aan Abraham, Isak en Jakob belowe het (Irwin 1977:223 ; Widengren 1969:228). Die Verbond het die verhouding van God met Israel omskryf. Voor Abraham (*Genesis* 15 & 17) was daar reeds die Verbond tussen God en Noag (*Genesis* 9) en later Israel (*Eksodus* 19-24); Levi (*Maleagi* 2:4-5); Pinehas (*Númeri* 25) en Dawid (2 *Samuel* 7). Elkeen het ‘n belangrike baken in die geskiedenis van Israel afgemerk. Na die ballingskap word in *Jeremia* 31:31-34 van ‘n בְּרִית חֲדָשָׁה - “nuwe verbond” geskryf en dat God Sy wet vir die huis van Israel “in hulle binneste gee en dit op hul hart skrywe” - נָתַתִּי אֶת־תּוֹרָתִי בְּקִרְבָּם וְעַל־לִבָּם אֶכְתְּבֶנָּה. Die Verbond word nie meer op kliptafels gegraveer nie. In die *Oorlogsrol* word dit “met die stilus van die lewe” - בחרט חיים - geskrywe (12.3).

In die Makkabeërboeke speel die Verbond ‘n belangrike rol in die motivering van hul rebellie. Die getroues het “verkies om eerder dood te gaan as om deur kos verontreinig te word of om die heilige verbond te skend; en hul het gesterf” (1 *Makk*. 1:63). In hierdie tydgleuf is dit te verstane dat die “diegene wat die Verbond skend” in 1 *QM* as deel van die vyand beskou word, terwyl dit ook Jode wat die Gemeenskap as afvalliges wat met die vyand geheul het, beskou het, ingesluit het. Die Verbond is ook die sentrale tema van *Jubileë* - dit begin en sluit met die verhaal van die Verbond by Sinai af. *Jubileë* skakel die verbond van Sinai met dié van Noag en met die verbond van die besnydenis deur die ooreenstemmende datum - die derde maand - waarop hul voltrek is en die instelling van die Fees van Weke waarop die Verbond elke jaar vernuwe moes word.

Belial en sy “engele van vernietiging” - מלאכי חבל - word nie slegs deur “diegene wat die Verbond skend” gehelp nie, maar hulle volg “in hul (eie) statute van duisternis” - בחוקי חושך

(13.12). Nog ‘n opskrif op die trompette verwys daarna dat die oorsaak van die neerlaag van die verslaandes in hul ontrouheid geleë is: 3.8 “ al die verslaandes deur hul ontrouheid”- כול חללי מעל.

4.1.2B.2 GOG

“*Gog en sy vergadering*” word as vyande in die elfde kolom (1 *QM* 11.16) aangeteken. Profesieë teen Gog van die land Magog word in twee hoofstukke van *Esegiël* (38 en 39) uitgespreek. Hy word as die vors van Ros, Meseg en Tubal van die “uithoeke van die Noorde” deur *Esegiël* bekend gestel. Magog word in die tabel van die nasies (*Genesis* 10:2) as die seun van Jafet (seun van Noag) genoem; ook saam met Tubal en Meseg wat ook as name in Klein-Asië bekend was. Dit lyk of dit hier in dieselfde kategorie as die ander vyande wat as seuns van Noag beskryf word, inpas en kan as die vyand “van die Noorde” verstaan word. Tog word dit apart eers in die elfde kolom gebruik en gesien in die lig dat *Esegiël* 38 en 39 as profeties en apokalipties beskryf word, kan Gog as ‘n mitologiese figuur wat die eskatologiese vyand en die donkerte van die Noorde voorstel, vertolk word (Lust 1999:375). *Num*. 24:7 in die LXX (300 v.C.) dra al die betekenis van Gog as die messias se teenstander oor (Horbury 1998:61; sien ook 4.1.2.C.7).

4.1.2C OPENBARING

4.1.2C.1 VALSE PROFETE

In die briewe word die Nikolaïete (2:6,15), Bileam (2:14) en Isebel (2:20) as vyande van die gemeentes uitgelig. Navorsers spekuleer nog oor die moontlike oorsprong van eersgenoemde, maar definitiewe uitsluitsel is nog nie verkry nie en daar moet hoofsaaklik by die inligting wat in die briewe in *Openbaring* gegee word, volstaan word (Watson 1992c:1106-1107). In 2:14,15 word geskryf van die “leer” - διδαχὴν - van die Nikolaïete en van Bileam wat dui op ‘n groep met spesifieke leerstellings. Isebel beskryf haarself as ‘n profetes. Wanpraktyke soos om afgodsoffeers te eet en te hoereer word spesifiek aan Bileam en Isebel toegeskryf (2:14,20). Die “oorlog” wat deur die gemeentes teen hulle gevoer word, is om hul *verleiding* af te weer. [88]

[88] Volgens Watson (1992c:1107) kan die name Nikolaïete, Bileam en Isebel ook as kriptiese beskrywings van die negatiewe tradisies wat met Bileam (*Num.* 31) saamhang, aandui. In 2 *Pet* 2:15 word ook verwys na die afdwaling van die regte pad na die weg van Bileam, die seun van Beor, wat “die loon van ongeregtigheid liefgehad het”. Isebel was berug as die uitlandse koningin in die HB, wat groot mag aan die hof van koning Agab gehad het – soos die verhaal van Nabot se wingerd dit uitstraal (1 *Kon*. 21) – en het die religie van Baäl aangehang en het selfs 450 van sy profete en 400 profete van Asjéra aan haar tafel onthaal.

4.1.2C.2 DIE DRAAK/SLANG

Die laaste twee benamings: ὁ ὄφις ὁ ἀρχαῖος – die ou slang/die slang van ouds en δράκων ὁ μέγας – die groot draak, kom reeds as slang en draak saam in die gevegsmite van die geskrifte van die HB voor: *Jes.* 27:1 (vroeër aangehaal in 4.1.1.B.2). As sulks speel hul ‘n belangrike rol in die simboliek van die “oorlog” in *Openbaring* deurdat hulle die stryd op ‘n kosmiese skaal plaas.

Die draak verskyn as ‘n “teken in die hemel” teenoor die swanger vrou, wat “met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre” in die visioen in *Op*. 12 (sien 5.1.2C.7). Die draak word beskryf as groot en vuurrooi met sewe koppe met krone en tien horings - δράκων μέγας πυρρὸς ἔχων κεφαλὰς ἑπτὰ καὶ κέρατα δέκα καὶ ἐπὶ τὰς κεφαλὰς αὐτοῦ ἑπτὰ Διαδήματα (12:3). Dieselfde woord word gebruik om die “vuurrooi” perd in *Op*. 6:4 te beskryf. Die perd word met ‘n swaard en die dood verbind. In die konteks skakel die helderrooi met bloed. In die breër konteks van die Ou Nabye Ooste is ander mite-monsters ook in rooi geteken, bv. in Babilon het ‘n rooi slang die god Marduk bewaak. Die sewe koppe met krone van die draak sinspeel op *Satan* se strewe om heerser op die aarde te wees, terwyl die 10 horings die simbool van militêre mag uitmaak. Die beeld verwys waarskynlik terug na die vierde dier in die gesig van *Daniël*, wat ook 10 horings gehad het (*Dan*. 7:1-8); die tien konings gedurende die tydperk van die vierde Heersersryk. Die Draak het oor nog ‘n kragtige wapen beskik: met sy stert het hy ‘n derde van die sterre “meegesleep” σύρει en op die aarde neergegoo (12:4). Nadat hy die oorlog in die hemel teen Migael en sy engele verloor het, word die draak en sy engele ook op die aarde neergegooi (12:4). [89] Afwisselend word die draak, die slang in 12:15-16 genoem. In die gedeelte het hy die vermoë om ‘n rivier uit sy bek agter die vrou aan te gooi. [90] Weereens word *verleiding* aan hom toegeskryf (*Op*. 12:9).

Die opstapeling van die 4 name – die groot draak, die slang van ouds, Duiwel en Satan - tesame met die kosmiese uitbeelding van die draak, dra by tot die begrip van die totale som van Boosheid.

---

[89] Hierdie visioen word vertolk as ‘n variasie van die Griekse verhaal van die geboorte van Apollo, waarin die groot draak, Piton die godin Leto en haar kind wou doodmaak, maar deur Poseidon, die God van die see, gered word. Volgens Yabro Collins (1976:61-70) se vergelyking stem hierdie mite die meeste ooreen met dié een in *Openbaring* (sien ook Reddish 2001:232). Koester (2001:118) verwys na die Romeinse Keisers soos Caesar Augustus en Nero wat die verhaal vir propaganda vir hulself gebruik het deur hul in die rol van Apollo voor te stel.

[90] Afgesien van die rol wat die slang in die skeppingsverhaal in *Genesis* gespeel het, was dit ‘n bekende simbool in die Antieke wêreld. Ook in die geskiedenis van Israel in die verhaal van die koperslang in die woestyn. Vir die gemeente van Pergamus (4.1.1C.1.1) was dit ‘n realiteit in die kultus van Asklepius, Dionusios en Zeus.

4.1.2C.3 DIE DIER UIT DIE SEE>DIE ANTICHRIS

Die draak gee "krag en sy troon en groot mag" - τὴν δύναμιν αὐτοῦ καὶ τὸν θρόνον αὐτοῦ καὶ ἐξουσίαν μεγάλην – (13:2) aan die "dier uit die see" [91] - ἐκ τῆς θαλάσσης θηρίον. Hierdie beeld van magsdeling is 'n verdere uitbouing van die parallele wat tussen die Bose en die Goeie geskep word. Die Draak en die Dier uit die See word in 'n noue verhouding deur voorkoms en handeling geteken, asof hul die Godheid nadoen. Osborne (2002:490) beskryf dit as "n parodie of groot nabootsing". Hoewel die Dier uit die See nie in *Openbaring* direk as die ἀντίχριστος - Antichris benoem word nie, word die naam wel in die briewe van Johannes (1 Joh. 2:18,22; 4:3) vir die valse leraars gebruik.

> Ὅτι πολλοὶ πλάνοι ἐξῆλθον εἰς τὸν κόσμον, οἱ μὴ ὁμολογοῦντες Ἰησοῦν Χριστὸν ἐρχόμενον ἐν σαρκί· οὗτος ἐστιν ὁ πλάνος καὶ ὁ ἀντίχριστος.
>
> "Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris" (2 Joh:7).

Die Dier uit die See lyk soos die Draak en het ook sewe koppe en tien horings, maar sy krone is op die tien horings. Dit versinnebeeld die verlengstuk as die krag en mag van die Draak. Op sy koppe is die naam van *godslastering* (*Op.* 13:1). Die wonderbaarlike herstel van die een kop wat 'n dodelike wond gehad het, bou voort op die valse nabootsing van Christus se lydensweg (Osborne 2002:495). Die hele wêreld word deur die dier betower. Uit sy mond kom ook "groot woorde en godslasteringe" (*Op.* 13:5). Die Dier word met aardse diere vergelyk om hom te beskryf: hy lyk soos 'n luiperd met pote soos dié van 'n beer en 'n bek soos dié van 'n leeu. Dit is 'n samevoeging van die **vier** diere in *Dan*. 7 wat vier opeenvolgende koninkryke voorgestel het. As sulks kan dit as die kumulatiewe samevoeging van vorige verdrukkers in die klimaks van die heersende Romeinse Ryk geïnterpreteer word - soos die opstapeling van die vier name vir die Bose: die draak, die slang van ouds, die duiwel en Satan. So word die Dier toegelaat om oorlog teen die heiliges te voer en hulle te oorwin (*Op*. 13:7).

In hoofstuk 17 maak die dier weer sy verskyning:

> "… en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings" (17:3).

---

[91] Volgens Beale (1999:682) dui die tradisie dat God *Leviatan* in die see en *Behemot* op die aarde op die vyfde dag van die Skepping gemaak het. Hierdie twee gediertes was simbolies van die Bose Magte en moet as die onderliggende motief van die twee diere in *Op.*13 vertolk word.

Die opvallende in die "verborgenheid" wat die engel aan Johannes duidelik maak, is die woordspeling met "wat is wat was en wat kom" wat aan God en Christus toegeskryf word (sien ook 5.1.1.C.1.2). Dit is 'n verdere versterking van die "parodie":

> "Die dier …. was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar …wat was en nie is nie, alhoewel hy is"(*Op.* 17:8).
>
> " Die sewe koppe is sewe berge … En hulle is sewe konings … En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf" (17:9-11).

Navorsers verskil in hul interpretasie van die sewe konings. [92] In die lig van die volgehoue parodie is die nabootsing van die gematria van die naam van Jesus – Ἰησοῦς – as 888 die volhoubaarste vir die opstanding van *Christus* op die agste dag en die Dier as die agste koning (sien ook vlg. paragraaf).

Die 10 horings word as 10 konings deur die engel aan Johannes uitgeklaar. Hulle is een in "krag en mag" - τὴν δύναμιν καὶ ἐξουσίαν - met die Dier (17:13). Hierdie frase word telkens gebruik om krag, sowel as die gesag, die politieke alleenseggenskap uit te beeld. Dit word deur die "troon" van die Draak (13:2) en hier die "konings" versterk.

4.1.2C.4 DIE DIER UIT DIE AARDE

Die "dier uit die aarde" - θηρίον ἀναβαῖνον ἐκ τῆς γῆς - bekragtig die dier uit die see, maar alhoewel hy soos 'n draak gepraat het, het hy net twee horings soos 'n lam gehad (*Op.* 13:11-12). Laasgenoemde is 'n duidelike verwysing na die Lam (5:6) en koppel die "Dier uit die Aarde" as agent van die "Dier uit die See" en voltooi die drie-eenheid van die Bose. Hierdie begrip word deur "die drie onreine geeste" (16:13) verder gevoer (4.1.2.C.5). Die "Dier uit die Aarde" het die mensdom 'n beeld van die eerste dier laat maak wat hul moes aanbid. Deur tekens soos om die beeld 'n gees te gee het hy almal *verlei* en gesorg dat hul die merk van die dier op hul regterhande of voorhoofde gehad het (*Op.* 13:13-17). Die merk was die getal van sy naam: 666 (*Op.* 13:17-18).[93] Die getal 6 word teenstellend met die volmaakte getal 7 gebruik. 6 word hoofsaaklik met onvolmaaktheid en oordeel, soos die sesde seël (die aardbewing – *Op.* 6:12-17) en die sesde basuin (die plae van vuur, rook en swawel - *Op.* 9:13-21) illustreer, gebruik, maar kan nie as sulks veralgemeen word nie.

---

[92] Osborne (2002:617-620) gee 'n breedvoerige uiteensetting daarvan.

[93] In die antieke tyd het die letters van die alfabet numeriese waarde gehad en is die totaal van 'n naam of woord volgens die getalle van die letters bereken. Dit het as *gematria* bekend gestaan. Die getal het heel waarskynlik die Romeinse Keiser Nero voorgestel (Koester 2001:132-133).

In *Op*. 19:20 word die dier as ‘n “valse profeet” gekenmerk. In die konteks en met die verwysing na Nero dui dit die keiserlike kultus aan.

4.1.2C.5 DRIE ONREINE GEESTE

Uit die bek van die draak en die dier, asook uit die mond van die valse profeet kom “drie onreine geeste soos paddas” - πνεύματα τρία ἀκάθαρτα ὡς βάτραχοι – wat as ”geeste van duiwels” na die konings van die aarde uitgaan om hulle vir die oorlog te versamel (*Op*. 16:14). Paddas - צְפַרְדֵּעַ - is in die HB bekend as die tweede plaag wat oor die Egiptenare gestuur is (*Eks*. 8:1-15), maar nie bekend as geeste van duiwels nie. In die NT is dit die enigste plek waar paddas gebruik word. Ook dié geeste het die vermoë om “tekens te doen” om die mense daardeur te *verlei* (*Op*. 19:20).

4.1.2C.6 BABILON

Aan die vrou wat op die “skarlakenrooi dier, vol van godslasterlike name en met sewe koppe en tien horings” [94] sit en as die “moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde” – met die naam van Babilon op haar voorkop - uitgebeeld word, word meer as twee hoofstukke toegeken (*Op*. 16:19 – 19:3). Dit kan as ‘n klimaksvisioen van die “vyande” gelees word: ….”dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus” (17:6). Die engel verklaar self die visioen aan Johannes (*Op*. 17:7-18). Die sewe koppe is sewe berge wat sewe konings verteenwoordig. Die dier is die agste koning en die horings stel nog tien konings voor. Saam sal hul oorlog voer teen die Koning van die konings, die Lam van God, totdat die woord van God volbring is en hulle almal oorwin is, “want deur jou towery is al die nasies *verlei*” (*Op*. 18:23)(My kursivering).

Die sewe berge ontsluit die ware identiteit van Babilon, nl. Rome - die “ewige stad” en as die raaisel verder ontknoop word [95], is die dier as “agste koning” verteenwoordigend van Nero *redivivus.*

Dit is duidelik dat Babilon/Rome hier as ‘n metonimia van al die vyandige en afvallige nasies gebruik word; veral soos uitgebeeld in *Op*. 18: 2-3, wat ‘n herhaling en uitbreiding van *Op*. 14:8 uitmaak, waar die val van Babilon deur ‘n engel aangekondig word. Dit strook met die gebruik van

---

[94] Verwys terug na die dier uit die see (Op 13:1).

[95] Bauckham (1993:388-450) gee ‘n uitgebreide verklaring van die *gematria* wat Johannes as ‘n *isopsefisme* op die woorde ‘dier’ en ‘Nero’ toegepas het en die verskuilde inligting met die syfers in die uitbeelding van Babilon in hoofstuk 17 laat skakel deur die woorde: “Hier kom wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken …” (13:18) en “Hier kom die verstand wat wysheid het te pas” (17:9)

die Kittim in die Oorlogsrol wat algaande die simbool van al die vyandige nasies word, asook "die duiwels met die verwaaide/verdeelde hare" in die *Bahman Yasht*.

'n Deurlopende komponent in die beeld van Babilon is die "handelaars van die aarde" wat "ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid" (18:3); dat "sy haar self verheerlik het en weelderig geleef het" (18:7). Na die opstapeling van al die 'koopware' volg die weeklag van die handelaars wat ironies genoeg nou "ver weg staan uit vrees vir haar pyniging":

> "Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!" (18:15-16)

Die beeld van Babilon vestig die aandag op die menslike verdorwenheid deur oorversadigde rykdom en meegaande weelderigheid, immoraliteit, selfverheerliking en die verdrukking van ander.

4.1.2.C.7 GOG EN MAGOG

In *Op*. 20:8 word Gog en Magog afwisselend met Babilon as simbool van die nasies wat *Satan* vir die oorlog na sy binding van 1000 jaar sal versamel, gebruik. Opvallend word dit ook aan die einde van die geskrif in dieselfde betekenisverband soos in die *Oorlogsrol* gebruik (4.1.2.B.2.).

Beale (1999:503) gebruik die vertaling van die LXX van *Amos* 7:1 (sien ook Horbury 1998:61) om die punte saam te knoop: die leërmag wat besig is om Israel binne te val, word beskryf as "'n swerm sprinkane wat van die ooste af kom" en wat aangevoer word deur "een ruspe, koning Gog". Gog en Magog in die tradisie van *Esegiël* 38-39 word deur die assosiasie met die sprinkaan-leërmag verder ontwikkel in *Op*. 20:8 na onderdane van *Satan*. Horbury (1998:61) se aanhaling uit *Num.* 11:26 in *Neofiti* en die *Fragment Targum* verbind "Gog-en-Magog en sy magte" met Jerusalem waar hul "in die hand van die koning messias val".

4.1.2.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

Die vernaamste Bose Samesweerders kan as volg ingedeel word:

Aeshma	Verbondskenders	Valse Profete
Yima>Ka(a)pans en Kavis	Gog	Draak/Slang
Kwaadstokers		Dier uit die see } Nero
Towenaars		Dier uit die aarde } 666
Valse priesters en dissipels		Drie onreine geeste
Azi-Dahak		Babilon > Rome
Verbondbrekers		Gog en Magog
Apaosha		

Die begrip "Gramskap" is een van die interessante verskynsels wat in albei die sfere van Goed (*Oorlogsrol*) en Kwaad (Zoroastrisme en *Openbaring*) kwistig gebruik word.

Shlomo Pines (1982:76-82) het in sy kort vergelyking van ‘n Pahlavi-teks (DkM 679) met twee Hebreeuse verse in Qumrantekste (Pesher Hosea BI, 3[2] en Pesher Nahum 34,I,4-7[3]) en twee Griekse verse (Rom. 9:22 en Efesiërs 2:3) waarin "gramskap, toorn": *ēsm*; חרון; ὀργῆς voorkom, tot die gevolgtrekking gekom dat daar ‘n ontwikkeling in die gebruik van die begrip “gramskap” vanaf die OT na die geskrifte van Qumran en die NT plaasgevind het. In die OT word die “gramskap” aan God gekoppel en pas dit in die goddelike raamwerk vir die wêreld, terwyl dit in die geskrifte van Qumran ook as ‘n alleenstaande begrip gebruik word en die vernietigende verdoemende aard daarvan nog sterker in die geskrifte van Paulus na vore kom. Volgens Pines (1982:81-82) kan dit aan Joodse ontwikkeling toegeskryf word, maar die prominente gebruik van *Aeshma* as een van die hoofagente van die Bose Beginsel kan nie as invloed buite rekening gelaat word nie. Die *Oorlogsrol* en *Openbaring* kan nie verdere geloofwaardigheid aan hierdie slotsom verleen nie en die gebruik daarvan staan meer in die tradisie van die geskrifte van die OT.

Die *Oorlogsrol* koppel die “groot woede” בחמה גדולה en “sy gramskap” ואפו [96] aan *God* (1:4; 3:6,9; 4:1; 6:3). Opmerklik egter is dat die eerste vier verwysings met die eskatologiese oorlog in verband staan en dat drie daarvan dit direk met die Seuns van die Duisternis en *Belial* skakel, bv. in die opskrifte van die trompette van die agtervolging (3.9): “God het al die Seuns van die Duisternis verslaan, hy sal nie sy gramskap afwend voordat hul nie uitgewis is nie”. Dit kon as reaksie deur die Jode teen die vername bose entiteit, *Aeshma*, in hul tradisie van God se gramskap ontstaan het.

In *Openbaring* 12:12 word die “groot woede” van die duiwel deur θυμὸν μέγαν weergegee. Dit word ook gebruik vir die verleiding van Babilon deur haar “wyn van grimmigheid van haar hoerery” - τοῦ οἴνου τοῦ θυμοῦ τῆς πορνείας αὐτῆς πεπότικεν πάντα τὰ ἔθνη – *Op*. 14:8 (asook *Op*.18:3), maar word dadelik in vers 10, (asook 16:19) teenoor die “wyn van grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker [97] van sy toorn….” - καὶ αὐτὸς πίεται ἐκ τοῦ οἴνου τοῦ θυμοῦ τοῦ θεοῦ τοῦ κεκερασμένου ἀκράτου ἐν τῷ ποτηρίῳ τῆς ὀργῆς- gestel. Die beeld word verder versterk deur die “parskuip” van die grimmigheid van God (Op. 14:19; 19:15); die plae en die grimmigheid van God (Op.15:1) en ook die “bakke van die grimmigheid van God op die aarde” (Op. 16:1). Die gebruik van gramskap/grimmigheid in *Openbaring* word dus meestal deur θυμὸν weergegee, aan God of die duiwel gekoppel en nie as ‘n alleenstaande entiteit gebruik nie. Paradoksaal word dit ook aan in *Op*. 6:16 die “die Lam” verbind (Word verderaan bespreek.).

---

[96] אף en חמה word die meeste in die HB gebruik om woede uit te druk en word ook saam gebruik. אף het die oorspronklike betekenis van neus/vleuels en חמה druk hitte uit.

[97] In Jes. 51:17,22 word alreeds die beeld van die “beker” van sy (die Here) se grimmigheid gebruik.

ὀργή word wel ook bv. in *Op*. 11:18 en 12:17 gebruik, maar word saam met die "nasies", "u/God" en die "draak" gebruik.

Uit bostaande blyk dit tog dat "gramskap" wel 'n rol in die eskatologiese oorlog wat deur die drie tekste voorgestel word, vertolk. In die *Bahman Yasht* is hy een van die hoofkarakters wat telkemale ter sprake kom en in 3.30 as die "slegte Bose gees met die rasend-makende spies" beskryf word wat "met al die duiwels, bose geeste, bose nasies en towenaars by die diepste afgrond van die hel bymekaarkom".

In die Joodse geskrif *Tobit* (± 200 v.C.) is die naam van die "ergste" van al die duiwels, *Asmodeus.* Die naam word al lank reeds na 'n verwerking van die Zoroastristiese *Aeshma daeva* deur verskeie navorsers soos bv. Widengren, Hultgård en Barr vertolk, veral as gevolg van die versterkende elemente in die storie soos die versameling van goeie dade vir goeie gevolge aan die einde van jou lewe en deurdat 'n engel teenoor die duiwel te staan kom. In *Tobit* is egter ook sterk tradisionele Joodse elemente wat nie met dié van Zoroastrisme strook nie soos die begrawing van hul dooies en geen persoonlike gelukkige verwagtinge na die dood nie of die einde van die geskiedenis nie. Boyce (Boyce&Grenet 1991:414-415) is dus van mening dat dit van 'n skrywer spreek wat van 'n verskeidenheid idees gebruik maak het om kleur aan sy verhaal te verleen.

Die Kar(a)pans en Kavis was vir Zarathushtra leierfigure in die samelewing wat hul posisies in hul hebsug na rykdom misbruik het. Dit is 'n tema wat sterk in die Gathas en die *Bahman Yasht* na vore kom, aangesien Zarathushtra self verwerping deur hulle ervaar het.

In die *Bahman Yasht* (2.12-13) word 'n visioen deur Zarathushtra van 'n ryk en 'n arm man beskryf. Hy sien 'n ryk en beroemde man wie se siel in die hel honger ly; daarteenoor sien hy 'n arm en behoeftige man wie se siel in die paradys floreer. Hy sien ook 'n man van aansien wat geen kinders gehad het nie teenoor 'n arm en eenvoudige man wat baie kinders gehad het. [98] Die visioen is as antwoord op sy versoek om onsterflikheid gegee en beklemtoon ook die belangrikheid wat aan nakomelinge geheg is – dat 'n mens se 'onsterflikheid' op aarde in jou nasate voortbestaan.

In die *Oorlogsrol* (11:9) word die oorwinning oor die "ydele" nasies ook aan die armes - die wat God "vrygekoop" het - gegee en benadruk dat (:13) "deur die hand van hulle wat in die stof neergeboë is, sal die magtiges neergebuig word".

In die brief aan die gemeente van Laodisea word die gevaar van aardse rykdom uitgelig (*Op*. 3:17):

[98] Volgens Hultgård (1992:22) is die visioen nie deur die verhaal van Lasarus geïnspireer nie, maar is die elemente van goeie en bose mense, paradys en hel vasgelê in die Zoroastrisme en verteenwoordig 'n egte Iraanse tradisie.

> "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie."

Die waardeloosheid en verganklikheid van rykdom word versterk in die beeld van Babilon.

Die skending van die verbond word as 'n ernstige oortreding by die Zoroastrisme uitgewys. Dit dui nie soos by die *Oorlogsrol* op 'n spesifieke Verbond tussen Israel en hul God nie, maar meer op die beginsel wat in 'n verbond opgesluit is – dat jy getrou aan die bepalings van 'n verbond moet bly en die ooreenkoms sal eerbiedig. In *1QM* volg *Belial* en sy "engele van vernietiging" hulle eie bepalings. Dit is die presiese werkswyse van die valse profete, priesters en dissipels. Hulle wil die getroue volgelinge laat afdwaal van die oorspronklike leerstellings deur hul eie wanpraktyke te propageer; daarom dat die briewe aan Pergamus en Thiatira teen die "struikelblokke" waarsku (*Op*.2). Hierby sluit die towenaars wat met hul kulkunste/ bedrieëry wil mislei, aan. Die verbond is 'n tradisielyn wat diep in die oorsprong van die Zoroastrisme en Judaïsme ingebed lê. Hierdie tradisielyn van lg. word verder deur Openbaring eerbiedig deur die klimaks in die visioen van die 7 basuine (*Op*.11:19):

> "En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien…"

Die tekening van mitologiese monsters speel in die komponent van 'bose adjudante' 'n vername rol in *Openbaring*. Johannes maak gebruik van die Kanaänitiese seemonster, Leviatan, wat in die geskrifte van die HB voorgekom het (sien 4.1.1.B.2) met die verskil dat hy sy sketse van die mitiese beelde as draers van die "kosmiese belang van historiese gebeure" ingespan het (Bauckham 1993:186). D.m.v. dubbele toespeling in die raaisel in die *gematria* vir die dier uit die see, word die dier as Nero geëien (nota 46). Die *Gathas* van Zarathushtra kan as 'n formulering van 'n nuwe religie teen die agtergrond van die Indo-Iraanse politeïsme met sy mitologiese verhale en legendes gelees word. In die *Yashts* word meer van die mitologie weer bygebring. In *Yasht* *19.38-44 word die manmoedige ("manly-hearted") optrede van die held, *Keresâspa* besing, wat o.a. "*Srvara*, die geel giftige slang met geel gif van 'n duimbreedte" doodgemaak het.

Die apokaliptiek met visioene en mites tree na vore in die eerste mondelinge samestelling van die *Bahman Yasht* teen die moontlike krisis-konteks van die ontwikkeling van die *Zurvan*-afdwaling en die opkoms van die Griekse Ryk ± 300 v.C. (sien ook Boyce 1984a:68). Die antieke proto-apokaliptiek is soos die embrio waaruit ander tekste soos *1QM* 'n eerste metamorfose deur die beklemtoning van die eskatologie ondergaan het en volwaardig in die komplekse toepassing daarvan in *Openbaring* ontluik het.

Die "drie onreine geeste soos paddas" beskik ook oor die vermoë om "tekens te doen" soos die towenaars. Die paddas verwys enersyds terug na die 10 plae oor die Egiptenare, aangesien dit hier tussen die 7 "bakke vol van die grimmigheid van God" – verskillende plae – voorkom en kan dit in die konteks met die verlossing van die verdrukking onder die Egiptenare verbind word. Andersyds kom hul uit die bekke van die draak en die dier en uit die mond van die valse profeet en word dit op 'n heel ander manier toegepas. In die eerste plek staan dit lynreg teenoor die "skerp tweesnydende swaard" wat uit die "mond" van *God* en *Christus* gaan (*Op*. 1:16; 19:15). Hierdie swaard is om die nasies "mee te slaan" /straf en die "paddas uit die mond" kan op die "groot woorde en godslasteringe" wat uit die mond van die dier uit die see gekom het, dui. Tweedens word die "onreinheid" van die beeld verskerp. Duiwels en demone word met vuilheid geassosieer. Reinheid figureer baie sterk in die wette van die Judaïsme, sowel as in die Zoroastrisme. [99] Derdens kon die kontak met die Zoroastrisme en kennisname van hul demoon *Azi Dahak* met 'n lyf oortrek van reptiele en met die eienskap dat dit uit sy lyf kan stroom, ook 'n bydrae tot die vorming van die beeld gelewer het – soos reeds genoem, is dit die enigste plek in die geskrifte van die NT waar paddas gebruik word.

Azi Dahak het **een derde** van die **mense, diere, water, plante en vuur** vernietig. (In *Op*. 12:4 het die draak met sy stert "die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hul op die aarde gegooi".) Die breuk - **⅓** - figureer sterk in hoofstuk 8 van *Openbaring* in die ellendes wat oor die aarde gebring word. Hierdie oordele word egter deur die engele van God aangekondig:

1. Hael, vuur en bloed > 'n derde van die bome en al die gras verbrand
2. Berg wat brand in see > 'n derde van see word bloed > 'n derde van lewende wesens in see en skepe vergaan
3. Ster/Alsem val uit hemel > 'n derde van water van riviere en fonteine word bitter en veroorsaak dood
4. 'n Derde van son maan en sterre word getref > 'n derde daarvan word donker > dag en nag verloor 'n derde van lig
5. Sprinkane uit afgrond > 5 maande lank word mense sonder die seël van God gepynig
6. Groot leërmag met 3 plae: vuur rook en swawel > 'n derde van mense word gedood
7. Oorwinning deur God en 'sy Christus' > tempel en ark in sy tempel > weerlig,stemme,donderslae,aardbewing,hael.

In die eerste vier van die onheilsbasuine is dit ook die **natuurelemente** wat 'n rol in die rampe speel: plante, water, sonnestelsel, terwyl die **mens** in 5-6 getref word.

Daar word na *Azi Dahak* as "die duiwel van slang-oorsprong" in die *Bahman Yasht* verwys. Hoewel daar klaarblyklik nie algehele ooreenstemming is nie, kan hier tog vier assosiasies met *Azi Dahak* uitgewys word: die eienskap van reptiele, die breukdeel, die vernietiging van natuurelemente

[99] Die *Vendidad* bestaan uit reinheidswette as 'n middel om die magte van die Bose te bestry. Die samestelling daarvan het later 141 v.C. – 224 n.C. gedurende die Partiese tydperk plaasgevind.

en mense en die assosiasie met ‘n slang. Op sigself kan dit nie gewig dra nie, maar kumulatief kon dit saam met die tradisie van *Leviatan* ‘n rol in die samestelling van die beelde gespeel het.

Kleur speel ‘n rol in die gebruik van perde in die ou verhale uit die mitologie van die Zoroastrisme. *Apaosha* is ‘n aaklike haarlose swart perd wat “gebrek” voorstel. Die protagonis *Tishtrya* word as ‘n wit perd uitgebeeld. Hierdie element word nog meer opvallend in die simboliek in *Openbaring* toegepas. Die eerste 4 seëls wat deur die Lam oopgemaak word (*Op*. 6:2-8), bevat visioene van 4 perde met spesifieke kleure: wit, vuurrooi, swart en vaal. Die swart perd se ruiter het ‘n skaal in sy hand. Hoewel dit op betekenisvlak dui op ‘n (regte) gewigtemaat is die beeld oop vir ‘n rykdom assosiasies en simboliek. [100] In konteks sluit dit aan by die oordeel - goue bakke vol van God se grimmigheid - die 7 plae - wat oor die aarde uitgegooi word. Die vuurrooi perd word met oorlog geassosieer. Die Draak word in dieselfde kleur voorgestel. In die konteks van oorlog is die vanselfsprekende assosiasie met die kleur van bloed.

1QM bevat nie mitologiese verhale nie, maar gee tog ‘n lewendige beskrywing van die vereistes vir die oorlogsperde (6:12):

> “… hingsperde, vlug van hoef, sag in die bek, met ‘n lang asem en in die fleur van hul lewe, geskik vir die oorlog, afgerig in die geraas en die oorlogstonele. …” (vgl. nota 61).

4.1.3 DIE VYANDELIKE LEËR

4.1.3A GATHAS/BAHMAN YASHT

4.1.3A.1 GATHAS

4.1.3A.1.1 DAEVAS

Angra Mainyu se belangrikste ondersteuners is die *Daevas.* Volgens Zarathushtra het die ou tradisionele veglustige gode nie reg tussen die twee fundamentele geeste gekies nie, aangesien hul deur die *Bedrieër* in hul beraadslaging beïnvloed is en *Slegste Gedagte - acištəm manō* – gekies het. Die oorspronklike betekenis van die woord as 'n soort god het daardeur ontwikkel in 'n algemene term vir 'n demoon of in die sin van 'n "valse god". Die *Daevas* het hul om *Aeshm* geskaar en saam met hom het hul die wêreld en die mensdom geteister (*Yasna* 30.6). In *Yasna* 32.3 word die *Daevas* se dade as laakbaar beskryf: die rede waarom hul berug geraak het en as 'sondaars' in 30.8 bestempel word.

---

[100] Dit roep bv. die skrif teen die muur van koning Belsasar se eetsaal: *Mené, mené, tekél ufarsin* op. *“Tekél* … u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind;” (*Dan* 5:27).

4.1.3A.2 BAHMAN YASHT

4.1.3A.2.1 DIE RAS VAN AESHM

In die uitleg van die tweede visioen van die boom waaraan daar 7 takke was, word *die duiwels met die verwaaide/verdeelde hare - die ras van Aeshm* weer in die laaste eskatologiese tydperk genoem (2:24,40). Die tydperk word as "die ergste bose tydperk met duisende, ontelbare soorte duiwels met verwaaide hare" deur *Ahura Mazda* bestempel. Hulle kom van die Ooste en word beskryf as 'n "klein en minderwaardige nasie met 'n walglike religie, wat heksery in hul vandalisme en vernietiging deur vuur, gebruik". "Hul is wangeskape en die oorsprong is nie duidelik nie." Hulle word beskryf as *verleiers* van die Iraanse lande van Ahura Mazda wat hulle sal lei tot tirannie en wanbestuur, veral deur hul gierigheid (2.24-29). Dit word beklemtoon dat hulle *bedrieërs* is en dat dit vervreemding tussen vriende, pa en seun, broer en broer, skoonseun en skoonpa, ma en dogter sal veroorsaak (2.30).

4.1.3A.2.2 DIE TWEE-BEEN WOLF

In 3.21 word die geweldige vyandelike mag weer as "die ras van *Gramkap/Aeshma* en die uitgebreide leër van Shê*d*aspîh, wie se name die twee-been wolf en die duiwel-met-die-leergordel is..". "die uitgebreide leër" en die "twee-been wolf" se oorsprong is blykbaar uit *Yasna 9:18 geneem (West 1880:223) en kom dus uit die ouer era-lae van die *Bahman Yasht* alhoewel dit hier saam met Romeinse (Shê*d*aspîh) en Turkse ('duiwel-met-die-leergordel') verwysings gebruik word:

> " Ja, ek (Zarathushtra) maak my aanspraak op jou (haoma)[101] dat ek die toornige haat van die haters en die *Daevas* en van die sterwelinge, van die towenaars en die verleidsters, van die tiranne, en van die *Kavis* en die *Kar(a)pans*, moordadige **tweebeniges**, van die verwoesters van die heiligheid, die profane afvallige **tweebeniges**, van die wolwe **vierbeniges** monsters, van die invallende leër met breë front wat met krygslis opruk, sal kan oorweldig (my hakies en vet letters).[102]

Dit spreek duidelik uit die teks hoe die samesmelting van die twee- en vier-benige vyand plaasgevind het. Interessant is dat die tydperk van Boosheid as die "wolf-tydperk" beskryf word (3.40).

---

[101] Hierdie Yasna is – soos aangedui met * – nie deel van Zarathushtra se Gathas nie, aangesien hy hom teen die gebruik van *haoma* uitgespreek het, maar verteenwoordig tog van die ouer geskrifte.

[102] Vertaling vanaf Mills (1887:236).

4.1.3A.2.3 DIE DUIWELS VAN DIE DUISTERNIS

Die helder lig- en lewegewende Son word reeds in die antieke gedeelte van *Yasht 6 teenoor die *duiwels wat in die duisternis gebore is*, gestel.

4.1.3B DIE OORLOGSROL

4.1.3B.1 DIE OMRINGENDE NASIES

Die "aardse" teenstanders – "die rebelle van die aarde" (12.5) - word beskryf as die troepe van Edom, Moab, Ammon, Filistia en Kittim van Assur – *1QM* 1.1-2. Die eerste vier klassifiseer Duhaime (1995:87) as die ou bure van Israel. In die Bybelse boeke *Amos* (1-2), *Jesaja* (13-23) en *Jeremia* (46-51) kry ons orakels wat teen die vreemde vyandige nasies gerig is en waarin die name voorkom; ook in boeke na die ballingskap soos *Esra* 9:1 en veral in *Daniël* 11:41 word Edom, Moab, Ammon en Egipte - in dieselfde volgorde - uitgelig. Vanaf die vroegste monargale tydperk was Israel in oorloë met die Edomiete in die suide gewikkel totdat dit blyk dat hulle in die sesde eeu v.C. deur die Babiloniërs verslaan is en die gebied deur die Nabataniërs ingeneem is (MacDonald 1985:246). Saul en Dawid het ook teen Moab - oos van die Dooie See - geveg. Blykbaar is die inwoners van die gebied ook later deur die Babiloniërs verslaan. Dit was die einde van die politieke eenheid, maar die land het nog onder die naam voortbestaan (Dearman 1985:644).

Ten noorde van Moab was weer die Ammoniete, wat ook al reeds vroeg in die geskiedenis van Israel voorkom - veral in die bekende verhaal van Jefta (*Rig.* 10:6-11:40). Later het Saul en Dawid ook hulle magte verslaan. Dan verskuif die skrywer na die weste van Israel na Filistia - die aangrensende kusstrook - en die oer- aartsvyande van die Israeliete. Die uitbreidingsdrang van albei kante - die Filistyne om die nou kusstrook te verbreed en die Israeliete om na die see toe uit te brei - het jarelange hewige konflik ontlont. Die wedywering om kontrole oor land en politieke heerskappy het vanaf die middel van die 12de eeu v.C. tot 965 v.C. voortgeduur - dus vanaf die uitbreiding van die Filistyne tot hul neerlaag deur Koning Dawid (Mattingly 1985:788). Die skrywer voltooi die sirkel om Israel in die Noorde met die vyand van Assur/Assirië (Sien ook Yadin 1962:25). Laasgenoemde was ook 'n gehate vyand van Israel. Veral in die derde fase van die Neo-Assiriese periode (744-627 v.C.) was hulle verantwoordelik vir die wegvoer van die Noordryk van Israel. [103]

[103] Gmirkin (1998:186-208) het al in 'n poging om die rol te dateer, die vyand "nader" aan die konteks van *1QM* probeer bring. Hy het Belial en sy leërmag as Antiochus lV en die Seleukiede -leër teen die gevegte van Judas Makkabeus in 164 v.C. voorgestel en sy hipotese op die hele rol toegepas met die gevolgtrekking dat *1QM* blykbaar die amptelike oorlogshandleiding van die Makkabeër-leër van 163 v.C. uitmaak. Duhaime (2004:75) is van mening dat sy argumente nog op te onsekere basis en spekulatiewe aannames rus om algemeen aanvaar te word.

4.1.3B.2 SEUNS VAN NOAG EN SPESIFIEKE LANDSTREKE

Die vyand word in die tydtafel van die beplanning van die oorlog in kolom 2.10-14 met definitiewe name en die landstreke waar hulle gebly het, uitgebrei. Gedurende die eerste jaar sal hulle oorlog voer teen Aram Naharaim.[104] Dit word in die tweede jaar opgevolg deur die seuns van Lud, in die vierde en vyfde jaar die seuns van Arpagsad en die agste jaar teen die seuns van Elam en kan dus waarskynlik dui op die seuns van Sem, wat ‘n seun van Noag was. Volgens Yadin (1962:27-29) gebruik hy die parallelle lys uit die Bybel - *Gen.* 10 & 15 en 1 *Kron.*1 - in ‘n teenoorgestelde orde en is hy van mening dat die name nie lukraak gelys word nie, maar volgens die oorlogsplan en sy geografiese idees. In die tydsberekening word 10 jaar aan al die seuns van Gam, die derde seun van Noag toegeken (2.13). Us, Hul, Togar en Mesa was die seuns van Aram. By laasgenoemde meld hy dat dié gebied verder as die Eufraat gestrek het. Hy groepeer Ishmael en Ketura - seun en vrou van Abraham as ‘n vyand.[105] Opmerklik dat die skrywer so ver terug in die patriargale geskiedenis van Israel met die opnoem van al die vyande gaan. Dit kan wel die veralgemening van die vyand in die hand werk en op ‘n dieper vlak die eskatologiese begrip versterk, maar in *1QM* word dit herhaaldelik gebruik. Al was kolom 2 moontlik ‘n latere byvoeging, is dit so gelaat en moet dit dui op ‘n oproep van die verlede - die sterk affiniteit met die ouer geskrifte. Saam met Assirië word nou ook Persië en die Kadmoniete [106] gelys (2.12). Persië word volgens Yadin (1962:32) uitgelig as gevolg van sy geografiese ligging en sy politieke rol wat hy in die tyd toe die *Oorlogsrol* geskryf is, gespeel het.

4.1.3B.3 KITTIM – כתיי / כתיים

Konsensus is nog nie vir die benaming van die vyand as die “Kittim” verkry nie. Aan die begin van die *Oorlogsrol* word dit duidelik as “Kittim van Assur” (Assirië) bestempel (1.2). In die HB (*Num.* 24:24) word die Kittiërs/Kittim - כִּתִּים - wel met Assirië verbind, maar in die sin dat hulle hul

---

[104] Die term Aram-Naharaim word soms as “Mesopotamië” vertolk en kom 5 keer in die Bybel voor.

[105] In *4Qinstruksie* - 4Q417 1 i 14-15 en *CD* 7:21 word die seuns van Set - בני שית - ook as die bose wat deur God gestraf sal word, beskryf. Goff (2003:91-92) het tot die gevolgtrekking gekom dat die negatiewe interpretasie nie met die patriarg Set in verband gebring moet word nie. In die konteks van die *Damaskus Dokument* dui dit nie ‘n etniese betekenis, maar wel ‘n morele en eskatologiese begrip aan – die bose wat nog nie gestraf is nie. Hy (Goff 2003:92) trek dit deur na die *Oorlogsrol* en is van mening dat al drie die Rolle op die tradisie van *Numeri* 24:17 berus om die ondergang van die bose weer te gee, maar hulle sluit nie dieselfde nasies in die groep in nie. Dit dra by dat dit meer op ‘n algemene vertolking van die vyand aandui.

[106] הקדמוני word letterlik as Oosterlinge vertaal. Daar is nie veel bekend oor die streek nie. Dit word ook in die lys van beloofde lande aan Abraham genoem (*Gen.* 15:19).

oorwin het. In die vers word melding van skepe gemaak wat die Kittim moontlik in ‘n seemilieu plaas. Dit word versterk deur *Jer*. 2:10 “… die eilande van die Kittiërs …”; *Eseg.* 27:6 “… kuslande van die Kittiërs ... ” en in *Dan*. 11:30 “… die skepe van die Kittiërs….”. Dit strook met Josefus (*Jewish Antiquities* 1.128*)* se verklaring dat dit ‘n naam vir al die eilande en die meeste seelande was. Blykbaar word die woord afgelei van die naam van ‘n dorp, Citium, aan die suidkus van Ciprus, wat van strategiese belang in die Bronstydperk was.

In die *Oorlogsrol* self word daar ook gepraat van die “Kittim in Egipte” (1.4). In 1.6 word dit na die “val van Assur” (Assirië) gelys en weer met Assur in 11.11 verbind. In die tydgleuf van *1QM* (164-50v.C) kan dit na die Ptolomeërs en die Seleukiede verwys. Kittim word reeds in 1 *Makkabeërs* 1:1 as die “geboorteplek” van Aleksander “van Masedonië” beskryf: dit word daar dus met die Grieke geassosieer.

In kolom 1.6 word die vyand ook as die “seuns van Jafet” beskryf. Dit dui dus heel waarskynlik op die seun van Noag. In *Gen.* 10:4 en 1 *Kron*. 1:7 word die afstammelinge van die vierde seun van Jafet, Jawan, as die Kittim/Kittiërs en die Dodaniete bestempel. Volgens *Gen.*10:5 was hy die voorvader van ‘n aantal wydverspreide etniese groepe van “die kuslande van die nasies”.

In *1QM* word ‘n hoogtepunt in kolom 15.1 bereik waar die stryd teen “al die nasies” gevoer word. Vanaf kolom 15 tot kolom 19 word die vyand 12 keer as die Kittim uitgelig. Verder word dit slegs 1 maal as “seuns van Jafet” en twee keer as Assirië in die gedeelte benoem. Die omvang en herhaling in die gebruik van die term maak dit aanvaarbaar dat navorsers voorgestel het dat met die verloop van tyd die benaming van “Kittim” ‘n amper spreekwoordelike term geword het om al die vyande van Israel aan te dui.[107] Interessant om tog te let dat in 19.10 - heel aan die einde van die *Oorlogsrol* - Kittim weer langs Assur gestel word: “… die sterk manne van Kittim, die menigte van Assur en die leër van al die nasies ...”.

‘n Sterk saak word vir die Kittim as Romeine uitgemaak- veral in die historiese sinspelings in die *pesharim.* Lim (2000:47) verwys na die fragmente van *Nahum* en *Habakuk* om dit te staaf. Charlesworth (2002:109-112) neem dit verder en wys daarop dat Polubios reeds voor die Makkabeërtyd (167-152 v.C.) van die opkoms van die oorweldigende Romeinse mag geskryf het. ‘n Mens moet jou dus nie blindstaar op die uiteindelike oorname in 63 v.C. nie, asof hul toe eers op die toneel verskyn het nie. Die Romeine was ook eers in alliansie met die Makkabeërs en van die Hasmoneërs en versterk die aanname dat hul die vyande van die Qumran-gemeenskap was wat hul na die woestyn laat onttrek het. Van die vroeëre verwysings kan die Griek Ptolemeus Lathyrus wat vanaf Siprus gekom het, aandui, maar die meeste verwysings na die Kittim is na die Romeine. Daar

[107] Baker (1992:93) vergelyk dit met die hedendaagse gebruik van Timbaktoe om ‘n vreemde verafgeleë plek aan te dui.

word ook deur literêre bewyse beweer dat *1QM* 1 die boek *Daniël* (11:40-12:3) as ‘n bron gebruik (Duhaime 1995:84) en in *Daniël* word die Kittim met die Romeine geïdentifiseer.

Hoe dit ook al sy: dit blyk duidelik dat die vyand as gedugte teenstanders beskou word – “die Kittim, … vlug/rapat en sterk in oorlog” (*1QpHab* 2.12) - en dat voorsorg in die beplanning geneem moes word om hul aan te durf.

4.1.3B.4 DIE LOT VAN BELIAL

Die “lidmaatskap” aan die groep van *Belial* (en Seuns van die lig) word in sommige geskrifte van die QL met גורל en erfenis נחלה uitgedruk. Hierin word die determinisme van die Qumran-gemeenskap gelees - ‘n lewenslot word aan elkeen deur *God* uitgemeet. In die *Gemeenskapsrol* (4.22-23) word die Seuns van die Lig as erfgename van Adam geteken: “Vir hulle wat God vir ‘n ewigdurende verbond verkies het en aan hulle behoort die glorie van Adam.” Nog meer: “God het vir hulle ‘n erfenis in die lot van die heiliges gegee” - ינחילם בגורל קדושים - (*1QS* 11:7-8). Tog kom hier ‘n paradoksale element in “’n ewigdurende verbond **verkies** het” ook by. (Word in hoofstuk 5 bespreek).

4.1.3B.5 SEUNS VAN DIE DUISTER

Die meeste verbindings en gebruike van “duister” word in die *Oorlogsrol* deur חושך weergegee:

בני חושך – “Seuns van die Duister” – *1QM* 1.1,7,10,16; 3.6,9; 13.16; 14.17; 16.11

גורל חושך - “Lot van die Duister” – *1QM* 1.11;13. 5

ובחוש[ך - “en in duisterni[s] - *1QM* 13.11

בחוקי חושך “met die bewind van die duisternis” – *1QM* 13.12

ובחושך כול מעשיה? – “en al hul dade is in duisternis” – *1QM* 15.9

Die semantiese waarde van חושך in die HB in *Eks*. 10:21 is opgesluit in die beskrywing van die 9de plaag van duisternis wat so erg was dat ‘n mens dit kon “gryp”. חושך word op ‘n paar plekke saam met die dood/skaduwee verbind - *Job* 10:21; 17:13; *Ps*. 107:10 en *Jes*. 9:1. Die skakeling en wisselwerking van Seuns van Belial/die Bose/Boosheid/sonde/die Dood met die Seuns van die Duister/Dood stapel die pejoratiewe gevoelswaarde teen die “vyand” in *1QM* op.

By die laaste verwysing (15.9) word die vyand as ‘n “bose gemeente” wie se “dade in die duisternis is” beskryf.

4.1.3B.6 VERWAANDE NASIES

Die vyand word drie keer as die "verwaande nasies" - גוי הבל beskryf (*1QM* 6.6; 9.9; 11.9) en nog sterker in 4.9 –גוי הבל ואת כול פרוש. In 14.12 word weer melding gemaak van hul ydele/nuttelose bestaan - יקום הבל. (Deur woordspeling van - פרוש - kan Persië - פרס - die nasie wees waarna verwys word.) Aansluitend word die ryk konings as "verdrukkers" beskryf (12.14).

4.1.3B.7 SONDIGE VLEES

Op die vaandels word na die vyand as *"alle vlees van bedrog"/ "alle sondige vlees"* (4.3) כול בשר עול en verderaan weer "alle vlees" (15.13) כול בשר verwys; ook indirek in 19.4 "laat U swaard vlees verslind" - וחרבך תואכל בשר. Die algemene gebruik van בשר dui die menslike of dierlike liggaam aan. In ander Qumranrolle (*4Q417* 1; *4Qinstruksie*; *1QSa*; *CD*) word 'vleeslike' met 'gees' verbind - רוח בשר - en word dit teenoor die 'geestelike mense' gestel. Aan laasgenoemde word die visioen van Hagu gegee, terwyl die 'vleeslike gees' dit nie ontvang nie (Goff 2003:80-81). Dit impliseer dat die 'geestelike mense' tussen goed en kwaad kan onderskei, terwyl die 'vleeslike gees' nie daartoe in staat is nie.[108] Alhoewel die samestelling nie in *1QM* gebruik word nie, word בשר met עול gekwalifiseer en kan valsheid/bedrog/sonde in dieselfde sin interpreteer word.

4.1.3B.8 HATERS VAN GEREGTIGHEID

Op die trompette word die vyand beskryf as "hulle wat geregtigheid haat en God haat" (3.5-6). Dit word bevestig deur die opskrif op die spies: "die oorwonnenes, die onregverdigdiges"(6:3). Hierby sluit die omskrywing as "**aardse opstandelinge** in stryd met God se oordeel" (12.5) aan.

4.1.3C OPENBARING

4.1.3C.1 BEWONERS VAN DIE AARDE

Hierdie omskrywing - τοὺς κατοικοῦντας ἐπὶ τῆς γῆς - word 10 keer in *Openbaring* vir die ongelowiges gebruik. Hulle aanbid die dier (13:8,12,14) en heul saam met die vyande van God: hul "het dronk geword van die wyn van die groot hoer" (17:2) Hierdie wyn word omskryf as die "bloed van die heiliges en van die getuies van Jesus" (17:6). Twee keer word daarna verwys dat hulle name nie in die "boek van die lewe" voorkom nie (13:8; 17:8). Hulle het hulle verlekker in die aaklige dood van die twee getuies (11:10). Twee keer word 'n "wee" oor hulle uitgespreek (8:13; 12:12).

---

[108] Goff (2003:98-99) verwys verder na navorsers se vertolking van die tweeledige skepping van Adam in *Genesis* 1-3. *Genesis* 1:27 verklaar dat God die mens na sy beeld geskape het, terwyl 2:7 op die mens se aardse verbintenis dui – hy is uit die stof van die aarde geskape: *Genesis* 1 sluit by die 'geestelike mense' aan en *Genesis* 2-3 by die 'vleeslike gees'.

Hulle word beproef (3:10) maar selfs na uitmergelende plae bekeer "die mense" hulle nie (16:9,11). In laasgenoemde aanhaling word - οἱ ἄνθρωποι – "mense" vir die omskrywing gebruik; hulle "wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het" (16:2).

4.1.3C.2 LEËRMAG UIT DIE AFGROND

Aan die einde van die eerste perikoop in *Op.* 9:11 word *Abaddon (Apollion* in Grieks) as die "koning" van 'n skrikwekkende leërmag wat as "sprinkane met die voorkoms van perde [109] wat vir oorlog toegerus is" (9:7), onthul. Verder het hul "gesigte van mense met iets soos goue krone op hul koppe". Hulle het vrouehare en tande soos die van leeus; yster borsharnasse en die gedruis van hul vlerke het soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog, geklink. Die ergste was dat hul sterte soos die van skerpioene met angels gehad het. Die beeld word as "een van die meer bisarre beskrywings" van *Openbaring* geteken en Osborne (2002:369) maan dat die detail nie oordryf moet word nie. Reddish (2001:187) lees in die vermenging van die menslike gesigte met die dierlike eienskappe die aandeel van die mens se hebsug, korrupsie, mishandeling en haat in die oorsaak van die Bose. Opvallend is ook die "vrouehare" wat heel waarskynlik op die verleiding deur vroue (soos deur Babilon versinnebeeld) dui.

Die naam van die aanvoerder is onverwags, want die leërmag mag slegs opruk teen die mense wat "die seël van God **nie** op hul voorhoofde het nie". Die Bose word teen die Bose deur God gestel. Daar is reeds na 1 *Henog* 10.9 verwys waar *God* vir die engel, *Gabriël* die opdrag gegee het om die seuns van die *Wakers*, die reuse, in 'n oorlog van vernietiging teen mekaar te stuur. Hier word die bose mense vyf maande lank deur die bose leërmag gemartel - die fokus is na die vyfde en sesde basuin op die mense en nie op die natuur nie. Die assosiasie met die *Wakers* word verder versterk deur die beeld van 'n ster wat uit die hemel geval het en aansluit by die verhaal van die gevalle

---

[109] Saam met die agste sprinkaanplaag in *Eksodus* 10:1-20 moet *Joël* 1-2 as agtergrond van hierdie somber toneel gelees word. Die "sterk en ontelbare nasie" word as 'n sprinkaanswerm met die "afknyper", die"treksprinkaan", die "voetganger en die "kaalvreter"(1:4) voorgestel, wat 'n "woeste wildernis" (2:3) agter hom laat en wie se voorkoms soos dié van perde is; "net soos ryperde hardloop hulle" (2:4) en hul tande is soos dié van leeus (1:6).

Job 39:22-28 bevat'n positiewe beskrywing van die oorlogsperd, wat dit ook met met'n sprinkaan verbind: "Gee jy aan die perd sterkte? Beklee jy sy nek met maanhare? Laat jy hom spring soos die sprinkaan? Sy trotse gesnuif is 'n verskrikking. Hy grawe in die laagte en is vrolik in sy krag; hy trek uit, die stryd tegemoet. Hy lag oor die vrees en word nie verskrik nie en draai nie om vir die swaard nie. Op hom rammel die pylkoker, die flikkerende spies en lans. Onstuimig en wild verslind hy die grond en staan nie stil as die basuin klink nie. By elke basuinstoot sê hy : Heag! En van ver ruik hy die oorlog, die donderroep van die leërowerstes en die oorlogsgeskreeu." Dit omskryf ook die vereistes wat in *1QM* aan die oorlogsperd gestel word.

engele wat as straf onder die aarde gebind is. In die antieke tyd was ‘n vallende ster gewoonlik aan ‘n bonatuurlike wese toegeskryf. [110]

4.1.3C.3 LEËRMAG VAN DIE VIER GEBONDE ENGELE

In die volgende perikoop (*Op.* 9:13-21) word die leërmag na die sesde basuin nog meer skrikwekkend voorgehou. Hierdie leërmag word deur 4 engele wat by “die groot rivier, die Eufraat”, vasgemaak was, ontplooi. Die beeld sluit ook aan by die verhaal van die *Wakers* wat na hul sondige optrede deur die aartsengele onder die aarde gebind is. Die Eufraat was sinoniem met die pad uit die ooste (*Op*.16:12) waarvandaan die grootste vyande van Israel – veral die “vyand van die noorde” - gekom het : die Assiriërs (*Jes*. 7:20), die Babiloniërs (*Jer*. 25:9) en die Perse (*Jes*. 41:2).

Vanaf die altaar word die vier engele nou op *God* se bevel losgemaak. Volgens getalle (2x10000x10000) en voorkoms is die bose kavallerie vreesaanjaend: die perde het koppe soos leeus en uit hul bekke gaan vuur, rook en swawel - drie plae waardeur ‘n derde van die mense doodgemaak word. Die kleure van die plae sluit aan by die kleure van die borsharnasse van die wat op die perde sit: vuurrooi, blou en swawelgeel. Hulle sterte is nou soos slange met koppe – ‘n sterk assosiasie met *Satan*, “die slang van ouds” - en stel hul in staat om hul aanval uit twee teenoorgestelde rigtings te loods. [111]

---

[110] In die *Avesta* word saam met die Indo-Iraanse term **yatu*, wat bose wesens met magiese magte aandui ook *pairikās* gegroepeer. Hulle was gevaarlike vroulike wesens wat mans verlei het en die natuur beskadig het. *Pairikās* het uit die lug in die vorm van meteore geval (**Yasht* 8.8) en sommiges het probeer om sodoende vuur, water, die aarde, vee en plante te beskadig - *Vidēvdād* 11.9 (Schwartz 1985:679).

[111] Hierdie verskrikking deur die plae wat deur God oor die mensdom en die aarde gebring word, bring weer die vraagstuk van die versoenbaarheid met ‘n liefdevolle God wat Sy Seun na die aarde gestuur het ter sprake, maar kan slegs in die geheelbeeld van die apokalips vertolk word.

4.1.3.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

Die verskillende leërmagte van die Bose wat in die geskrifte voorkom:

	Die Omringende Nasies	Bewoners van die Aarde
	Landstreke	
	Kittim	
Daevas	Lot van Belial	Leërmag uit die Afgrond
Die Ras van Aeshm	Seuns van die Duisternis	Leërmag van 4 Gebonde
Duiwels met verwaaide hare	Verwaande Nasies	Engele
Die Twee-been Wolf	Sondige Vlees	
	Haters van die Geregtigheid	
Duiwels van die Duisternis		

Die eienskappe wat baie sterk by die "menslike" volgelinge van *Satan* - die Bewoners van die Aarde - deurkom, is hul hardheid van hart en hul hardkoppigheid. Hulle toon geen genade nie en ten spyte van beproewinge, vra hul ook nie om genade nie. Die feit dat hul name nie in die "boek van die lewe van die Lam" voorkom nie, dui op predestinasie; hulle maak nie deel van die "uitverkorenes" uit nie (vgl. 5.1.2.B.8). Verder word die leërmagte in *Openbaring* fyn uitgewerk in komplekse simboliese figure soos Babilon, die draak en die twee diere; asook die twee leërmagte van die vreesaanjaende monsters. Net soos die beskrywing van die diere uit 'n kombinasie van verskeie elemente bestaan, net so bied dit veelvuldige interpretasiemoontlikhede. Daarteenoor beskryf *1QM*, wat meer pragmaties op die eerste betekenisvlak voorkom, twee stelle "aardse" leërmagte. Gmirkin (1998:186) het al die "omringende nasies" in lyn met die veldtogte van Judas Makkabeus in 164-163 v.C. gebring, maar as 'n geskrif van die Qumrangemeenskap (heel moontlik verwerk en geredigeer [112]) is dit onwaarskynlik om hulle as aktuele vyande te interpreteer, veral in die lig van die sterk religieuse en liturgiese komponent wat dit van ander oorlogshandleidings onderskei. Die sleutel lê waarskynlik in die tekening van 'n eskatologiese oorlog teen die Bose/*Belial* en dat die skrywer teruggaan in die verlede om kumulatief die vyande rondom Israel uit te lig om by die samevattende begrippe van die "Kittim" en "Gog" uit te kom.[113] Dan wys hy

[112] Volgens Duhaime (2004:53) getuig die vergelykende studie van die vernaamste fragmente dat *1QM* die eindresultaat van redigering en verwerking van vroeëre bronne is.

[113] Daar moet nog rekening gehou word met Filo se beskrywing van die Esseners as pasifiste. 'n Moontlikheid is dat die skrywer wel van 'n bestaande oorlogshandleiding gebruik gemaak het, maar meer op die eskatologiese oorlog wou fokus. Daarteenoor was Josefus se kommentaar weer dat sommige van die Esseners selfs aan die eerste opstande

daarop dat die ‘vyande’ oorspronklik afstammelinge van ‘n grootse figuur uit die verlede van Israel is - die seuns van Noag - asook die vrou van ‘n stamvader, Abraham. Dit sluit moontlik aan by die sterk element dat die vyand dikwels in die binnekring aangetref word (sien laaste par. 4.1.1.1.). Met die “Lot van Belial” en die “Seuns van die Duisternis” word die dieper dimensie bevestig en die verdere omskrywings sluit aan by die uitbouing van die bose aard van die “verwaande nasies”, die “sondige vlees”, en die “haters van geregtigheid”. Dit sluit aan by die konsep van die *Oorlogsrol* dat mense en engele saam in die oorlog veg (Davidson 1992:220). In *1QM* word egter nie van visioene met verwikkelde beelde en simboliek gebruik gemaak nie.

By die Zoroastrisme word die wolf in sy sluheid as metafoor gebruik. In die aanhaling uit die *Yasna 9 word die sondige eienskappe sterk beklemtoon, veral die haatdraendheid van die vyand. Die *Ras van Aeshm* stem in ‘n sekere sin ooreen met die *Lot van Belial*, asook die *Duiwels van die Duisternis* en die *Seuns van die Duisternis.* Die *Ras van Aeshm* word verder as ‘n ‘wangeskape’ groep **mense** voorgestel. Die interessante verwysing na die duiwels se ‘verwaaide’/’verdeelde’ - ‘dishevelled’ hare kon nog nie in ‘n presiese eralaag geplaas word nie en kan dus nie met die ‘vrouehare’ van die leërmag van sprinkane in *Openbaring* vergelyk word nie, waarvoor daar ook nog nie ‘n bevredigende verwysing gevind is nie. Dieselfde geld vir die ‘vervreemding tussen vriende, pa en seun, broer en broer, skoonseun en skoonpa, ma en dogter’ wat hul sal veroorsaak (2.30). Dit herinner aan die bewoording van *Matt.* 10:34-36 wat aansluit by *Op.* 1:16 en 19:15:

> “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen ‘n man en sy vader, en tussen ‘n dogter en haar moeder, en ‘n skoondogter en haar skoonmoeder. En ‘n mens se huisgenote sal sy vyande wees (Matt. 10:34-36). “En ‘n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan…” (Op. 1:16; 19:15).

Die verskil is dat by die Zoroastrisme word die vervreemding deur die Bose deur bedrog en verleiding veroorsaak en by die Christelike godsdiens is dit deur *Christus* se leringe.

4.2 DIE GESAGSGEBIED VAN VYANDELIKE AANVOERDER

Hierdie hoofstuk volstaan met die inligting in die tekste oor die gesagsgebied en/of basis van die Bose Aanvoerder, waarvandaan hy sy aanvalle loods. Die uiteinde van sy mag sal by die afloop van die eskatologiese oorlog bespreek word (6.2).

---

deelgeneem het en selfs hoë militêre posisies beklee het. Die diskrepansie kan tog as ‘n verandering in gesindhede soos die politieke toestande versleg het, of as ‘n kleiner groep binne die groter groep se opvattings, verklaar word.

4.2A GATHAS/BAHMAN YASHT

4.2A.1 GATHAS

Inligting oor dié aspek in die *Gathas* is beperk en dit word meer in ‘n tydsaspek omskryf. Insler (1975:91) se vertaling van *Yasna* 48.1 skryf die teenswoordige tyd as die tyd van die werkinge van die Bose toe:

> "... As, gedurende die tye na hierdie (teenswoordige) **een wat onder die werkinge van die Bose staan**, die leuen deur die waarheid verslaan word, daardie haatlike bedrog wat deur gode en mense vir onsterflikheid geleer is, dan sal mens u roem, Meester, vermeerder, gedurende daardie tye van verlossing." (My Beklemtoning.)

4.2A.2 BAHMAN YASHT

In die *Yasht* vlug *Aharman* en die duiwels terug na die ‘donkerte’ (2.15). *Aeshma* en die towenaars, die demone en die bose nasies storm terug na die ‘donkerte en die somberheid’ (2.20) en die skuilgate - *grêstak* (3.5; 3.22). Die tempels van die afgode word as hul woonplek uitgewys (3.3; 3.36). Hul bymekaarkomplek word in 3.4 saamgevat:

> "en die slegte bose gees, *Aeshma* met sy rasend-makende spies en al die duiwels en demone, bose rasse en towenaars kom by die diepste bodemlose put van die hel bymekaar".

Wanneer die Bose Gees vlug, vlug hy na die “donkerste hoek van die hel” (3.35).

In die visioen word die **gemengde ystertyd** (1.5; 2.22) aan die duiwels toegeken. Volgens Mary Boyce (1984:70-72,75) moet die konsep van metaaltydperke in Zoroastrisme in 300 v.C. geplaas word en is dit waarskynlik by die Grieke oorgeneem en nie via die boek *Daniël* soos sommige navorsers bevind het nie; die teendeel kon eerder plaasgevind het:

> " ... for dualist Zoroastrians the concept of a mixture of good and evil is an ever-present one, indeed the whole of this existence is characterized in their holy texts as the time of ‘mixture’ (*gumēzišn*) ... The concept of an ironstone age can therefore be reasonably regarded as a characteristic Zoroastrian developement, under stress from real evils, of a Greek one of a fourth age of simple iron, which was in fact a prized and handsome metal; .. "

Die metaalskuim wat nog in hul metaal teenwoordig was, het aanleiding tot die beeld gegee en strook met die toepassing van die Bose as die onsuiwerheid in die era. Soos reeds genoem in 4.1.3.A.2.3, word die tydperk van boosheid ook as die "wolftydperk" (3.40) beskryf.

4.2.B DIE OORLOGSROL

Belial kry die "ironiese" titel as die *Prins* van die Ryk van die Boosheid - שר ממשלת רשעה - *1QM* 17.5-6, want die 'Prins' word deur God verneder. Soos reeds genoem kry die bose in 'n ander Qumranfragment ook die naam as מלכי ־ רשע - wat die betekenis van "my koning is boosheid" (*4QAmram* 2.3) inhou.

Die heerskappy van *Belial* – ממשלת בליעל – (*1QM* 14.9; 18.1) word slegs twee maal in *1QM* pertinent genoem - eersgenoemde in die sin dat God deur sy genadebetonings verhoed het dat die Seuns van die Lig van God se Verbond gedurende sy (*Belial* se) heerskappy afgedwaal het; die tweede dat God "sy groot hand teen Belial en al die [ ] van sy ryk vir 'n ewige verdelging sal oplig".

Ander Qumranliteratuur getuig ook daarvan dat die destydse teenswoordige tyd onder *Belial* se mag was: "....elke jaar solank Belial regeer." (*1QS* 2.19). Daar is reeds verwys na *CD* 4.12-19 waar beskryf word hoe *Belial* die mens in sy nette van boosheid vang. 'n Sentrale motief in die magiese *Liedere van die Wysgeer* (4Q510-511) handel oor God se toelating van die duiwels se aktiwiteite gedurende die teenswoordige tyd tot die eskatologiese verdelging van die duiwels (Nitzan 2004:89).

Belial se gesag word in *1QM* 13:4 as במשרת אשמתו – beskryf: Letterlik - Ryk van Skuldig-wees, wat as "afkeurenswaardige gesag" vertaal kan word. Dieselfde woord word vir die engel *Michael* gebruik, maar in skerp kontras: *1QM* 17:6 – האדיר למשרת – "majestueuse gesag".

In die eerste kolom (*1QM* 1:13) word drie "lotsbepalings" – גורלות van mag om die leër van *Belial* af te weer aan die Seuns van die Lig toegestaan en drie aan die leër van *Belial* om 'n terugval van die Seuns van die Lig af te dwing, maar in die sewende lotsbepaling sal die oorhand deur *God* verkry word. *Belial* beskik wel oor mag maar die "lotsbepalings" sluit aan by 'n gedagtelyn in die QL dat daar 'n inkorting en tydsbeperking deur *God* op die Ryk van *Belial* gestel sal word.

4.2.C OPENBARING

ἄβυσσος - afgrond/put - asook die see as ruimte onder die aarde waaruit die Dier uit die See verrys, is in Openbaring die simboliese basis van die Bose magte. Dit word duidelik gemaak dat hul daar as straf deur God gebind is en slegs op Sy bevel toegelaat word om tevoorskyn te kom. Dit word bevestig deurdat die outoriteit om op te tree aan die leërmag van sprinkane deur God of Christus "gegee word" om as werktuie God se oordeel uit te voer. Wanneer dit gebeur, word daar verdere

tydsbeperkinge op hul bose handelinge geplaas – soos byvoorbeeld die beperking van 5 maande op die Leërmag van die Afgrond. *Abaddon* kry hier ook die ironiese titel as “koning”.

In die inleidende briewe word dit duidelik dat *Satan* in die onmiddellike omgewing van gemeentes werksaam was, asook die intieme binnekring.

Armageddon word as die simboliese plek van samekoms van die teenstanders van God vir die laaste geveg aangedui (*Op*. 16:16). Dit is die enigste plek in die Bybel waar die naam voorkom en bly ‘n enigma vir navorsers veral omdat die klaarblyklike betekenis “berg van Megiddo” is, terwyl daar geen berg by die eens belangrike strategiese militêre ligging is nie. Volgens Beale (1999:838) moet dit simbolies as die hele wêreld vertolk word.

4.2.1 VERGELYKENDE OPSOMMING

Teenswoordige Tyd Gemengde Ystertydperk Wolftydperk Donkerte en Somberheid Skuilgate Diepste bodemlose Put Tempels van Afgode Donkerste hoek van die Hel	Ryk van Boosheid/Duisternis Teenswoordige Tyd Afkeurenswaardige Gesag Lotsbepaling: Skepping en beperking deur God/Put [114]	Afgrond/Put/See Tydsbeperking deur God Gemeentes Sinagoges van die Satan Armageddon

Al drie die geskrifte stem ooreen met die oortuiging dat die basis en die gesagsgebied van die Bose Aanvoerder deur donker dieptes en boosheid geteken kan word. Hoewel die teenswoordige tyd as die tydsfeer van die Bose se werkinge geteken word, word hy duidelik as ondergeskik aan *God* en beperk deur *God* weergegee.

Die bodemlose, donker Put is simbolies van die Bose se hele bestaan, sy gedagtes, sy woorde, sy werke en sy heerskappy.

[114] Vanaf sy **skepping** deur God wag die "Put/Kuil" vir Belial aan die **einde** van sy Ryk (oorvleueling met Eskatologie – 6.2.B): - ואתה עשיתה בליעל לשחת - *1QM* 13.10-11. Reeds in die HB word שחת gebruik om die doderyk aan te dui (*Jes*. 38:17; 51:14; *Eseg*. 28:8; *Ps*. 9:16; 30:10; 94:13). In laasgenoemde vers word dit saam met die goddeloses gebruik - לְרָשָׁע שָׁחַת. Die Gemeenskaprol gee ‘n duidelike beskrywing van die "ewige put" waar "‘n oorvloed van teisteringe deur die engele van vernietiging wag en die skroeiende gramskap van die God van wraak vir ewigdurende angs en vernedering deur die vernietiging deur vuur in die donker streke" (*1QS* 4.11-14).

HOOFSTUK 5: ONTLEDING VAN DIE OORLOGSTEMAS IN DIE TEKSTE (VERVOLG)

5.1 DIE TUISFRONT

5.1.1 DIE AANVOERDER

5.1.1A GATHAS/BAHMAN YASHT

5.1.1A.1 AHURA MAZDA EN SPENTA/SPENIŠTA MAINYU

5.1.1A.1.1 OORSPRONG BENAMING

In die ou Indo-Iraanse religie voor die leringe van Zarathushtra was drie van die gode met die eretitel as *Ahura* - meester – vereer, nl. *Mazda, Mithra* en *Varuna*. Na die visioen wat Zarathushtra gehad het, het hy *Ahura Mazda* – die meester van **wysheid** - wat bekend was as die bewaker van *asha* – waarheid en orde – as die enigste ware Skeppergod aanbid – "hy wat die voorkoms van die son het" (43.16 Insler) en die "mees Grootse Een van almal" is (45.6).

> "… Omdat u, O Mazda, aan die begin deur u gedagtes skepsels en sielelewe ('inner selves') en voornemens vir ons ontwerp het; omdat u liggaam en lewe(asem) geskep het en woorde en dade waardeur 'n vrye mens sy keuses kan uitoefen …" (*Yasna* 31:11).

> " Waarlik, ek sal u loof en aanbid, O Mazda, saam met Waarheid en Beste Voornemens en krag daaruit put …" (*Yasna* 50:4).

Ahura is afgelei van die wortel *Ah* wat "om te wees, te bestaan" beteken en *Mazda* van *Mana* wat "wysheid en intelligensie" beteken (Mehr 2003:31).

Spenta Mainyu maak deel uit van die *Amesha Spentas*, die heilige heptad wat *Ahura Mazda* in die skepping van die wêreld bygestaan het.

> "Deur die Heilige Gees en Beste Voornemens, deur daad en woord volgens die Waarheid, sal hulle hom (die regverdige man) Volkomenheid en Onsterflikheid skenk – Ahura Mazda, saam met Krag en Toewyding" (*Yasna* 47:1).

Volgens Jafarey (2005:1) word "spenta" volgens die meerderheid van die filoloë afgelei van 'n Avesta-/Sanskritiese wortel *spi/shvi* wat "om vet te maak, uitbrei, uitswel, vermeerder" beteken. Mehr (2003:34) beklemtoon ook die betekenis van "groei" en "progressie"; die dinamiek in die volgehoue proses van die skepping; die beginsel van uitbreiding en ontwikkeling in die heelal.

Boyce (2003:22) is van mening dat die woord '*spenta*' aanvanklik die betekenis 'om krag te besit' ingehou het, maar dat die volgehoue gebruik daarvan in religieuse verband, deurdat die goeie gode die krag as verlening van hulp gebruik het, het dit al hoe meer die skakering van 'eerbied' ingebou sodat dit as 'heilig' vertaal kan word. Sommige vertaal dit as oorvloedig/ 'bounteous' en in daardie sin sien Clark (1998:30) dit as die gees wat *Ahura Mazda* kwalitatief en kwantitatief aanvul. Insler (1975:61-65) vertaal dit as 'virtuous' wat in Afrikaans in die konteks van 'n Skeppergod die beste as "vol van deugde" omskryf word. 'Heilig' is 'n goeie keuse om die kwaliteite te omsluit: die volmaaktheid van 'n goddelike wese.

Mainyu is reeds in die vorige hoofstuk as die konsep 'krag/impuls' wat na 'gees' ontwikkel het, uitgelig. Mehr (2003:34) voeg "denkwyse/mentaliteit" by wat eintlik een met 'gees' vorm en as die funksionele aspek van die gees beskryf kan word (vgl. ook Jafarey 2005:1 wat "Spenta Mainyu" as 'n kwaliteit van *Ahura Mazda* letterlik as "Super-wisdom Being" vertaal).

Spenta Mainyu – die Heilige Gees is as deel van *Ahura Mazda* deur Zarathushtra ervaar. Daar is ook nie 'n aspek van die skepping aan hom toegeken soos met die ander *Amesha Spentas* nie. In *Yasna* 30.5 word hy in die belangrike keuse teenoor die Bose Gees, *Angra Mainyu* gestel:

> " Van hierdie twee geeste het die Bose gekies om die slegste dinge te verrig. Die Allerheiligste Gees wat met die hardste steen beklee is, het reg gekies en (so ook hulle) wat *Ahura Mazda* gedurig sal tevrede stel met regte dade."

Die opbou van *Yasna* 43 illustreer die ineenvloeiing van *spenta* met *Mazda*. Verse 4 en 5 begin met dieselfde frase, wat daarna aan die begin van die alternatiewe verse 7,9,11 en 15 herhaal word:

> spəntəm aṭ θwā mazdā mənghī ahurā
>
> " Maar/Ja ek het alreeds tot die besef gekom dat u oorvloedig/heilig is, O Mazda …" (Vers 4 voeg 'dapper' by).

Hy sluit af met (.16):

> "Daarom Meester, sal ek Zarathushtra, vir myself die Gees kies, wat u s'n is, O Mazda, wat waarlik die oorvloedigste/heiligste is."

Die eenheid tussen *Ahura Mazda* en die Gees word hegter in *Yasna* 47.3 deur *Ahura Mazda* as die "heilige Vader van die Gees wat die goeie visie vir die wêreld geskep het" te bestempel. Sommige navorsers soos Dhalla (1963:34,39,40) het al die verhouding tussen *Spenta Mainyu* en *Ahura Mazda* met dié van die Heilige Gees en God, die Vader in die NT vergelyk.

5.1.1A.1.1.1 GATHAS

In die *Gathas* word verskeie toeskrywings en kwaliteite aan *Ahura Mazda* deur Zarathushtra toegedig:

- Wysheid

Die betekenis van sy naam, *Mazda* dui al reeds die 'wysheid' waarvoor hy vereer word, aan. (31:13; 45:3; 48:2-3). Hierby sluit aan die beskrywing van *Ahura Mazda* as die "Alwetende Een" (29.6; 31.17); asook (33.13): die Meester "met breë visie"/ "versiende"- (Humbach 1994: 47). Zarathushtra verwys deurgaans in die *Gathas* na *Ahura Mazda* as die een met kennis (45.3 – die Een wat Weet) wat hom moet onderrig (45.6):

> "…Selfs hierdie dinge, het vir my gelyk, U weet die beste,[115] Wyse Een" (46.19).

In *Yasna* 48.3 beskryf Zarathushtra die leringe van *Ahura Mazda* as "diepgaande".

- Heilige God

Yasna 43 is reeds aangehaal om die heiligheid/oorvloedigheid van *Ahura Mazda* deur die herhaling van dieselfde frase te beklemtoon. In *Yasna* 29.7 hou die woord - *spəntō* - meer die betekenis van *oorvloedigheid* in die sin dat *Ahura Mazda* vrygewig teenoor die behoeftiges is; *spəntəm* in *Yasna* 46.9 besing ook die dade van *Ahura Mazda* as oorvloedig. *Yasna* 51.16 haal die woorde van Kavi Vishtaspa aan waar hy getuig dat: *spəntō mazdå ahurō –" Ahura Mazda* is heilig."

- Bewaker van Asha/Orde

Die begrip *Asha* wat 'waarheid' beteken, hou ook die begrip van 'orde' in. In die *Gathas* word dit as 'harmonie' saam met 'waarheid' vertaal (33.13). Zarathushtra bid dit vir sy volgelinge (29:10):

" *Meester skenk aan hierdie (mense) krag en die riglyne van waarheid en goeie gedagtes, waardeur hulle vrede en rustigheid sal skep. Ek het waarlik U, die Wyse as die eerste besitter daarvan erken."* (29.10).

- Skeppergod

Bostaande uitklaring van die naam *Ahura Mazda* het ook getoon dat hy as die Skeppergod saam met *Spenta Mainyu* vereer is. Die woorde wat in die *Gathas* daarvoor gebruik word, is *Datar* en *Tashea*. Eg. dra die betekenis van die "gewer", en lg. "om te sny, te vorm of te ontwerp" (Mehr 2003:33).

Yasna 31:7 beskryf *Ahura Mazda* as die Skepper van Waarheid om volgehoue geluk in die wêreld moontlik te maak. In 50:11 benoem Zarathushtra *Ahura Mazda* as die *Skepper van Lewensbestaan* en in 51:7 word die Wyse as Skepper van die "koei, water en plante" (sien ook 5.1.1.A.2.1) deur die aanleiding van die Heilige Gees beskryf.

---

[115] Humbach en Ichaporia (1994:81) vertaal dit as "die beste voorsiener".

Yasna 44 is bekend vir die retoriese vrae waarmee Zarathushtra die grootsheid van die skepping deur *Ahura Mazda* besing:

> "Dit vra ek u, waarlik vertel vir my, Meester. Watter man was aan die begin van die skepping die Vader van Orde (Asha)? Watter man het die baan van die son en die sterre bepaal? Wie laat die maan groei en kwyn? Hierdie dinge en nog ander, O Mazda, wil ek graag weet" (44.3).
>
> " … Deur hierdie vrae, O Mazda, help ek (ander) om u as Skepper van alle dinge deur u Heilige Gees te onderskei" (44.7)

Zarathushtra spreek *Ahura Mazda* as die "Eerste Een" aan en dat hy "(ewig) jonk van gees" is (31.8) en die "Eerste Een by die skepping van die wêreld" (43.5).

Datar – Skepper - het al hoe meer in Jong Avesta en Mid-Persies – *Dadar* - 'n vaste bepaling van *Ahura Mazda* geword (Boyce 1992:67).

In *Yasna* 51.19 kombineer Zarathushtra Skepper met Wysheid: "*mazdå dātā*" – "die Wyse Skepper" en skommel die woorde weer in 51.21: "*mazdå dātāṭ ahurō*" – "die Wyse Meester het dit geskep".

- Kragtige Heerskappy

Zarathushtra benoem *Ahura Mazda* as "die Magtige Een" (51.2); "die almagtige Meester" (28.5) en die "Mees Magtige Een" (46.9) met "oorvloedige gesag van heerskappy oor volkomenheid, onsterflikheid en waarheid" (31.21). *Ahura Mazda* se hulp word as "kragtig deur u hand" beskryf (50.5).

Yasna 43 begin met 'n gebed wat *Ahura Mazda* se heerskappy en vermoë om aan enige versoek te voldoen bevestig:

"*Mag die Wyse Meester wat oor alles regeer aan die versoeke van die een wat vra, voldoen*"

Zarathushtra het die vrymoedigheid om versoeke aan *Ahura Mazda* te rig, want :

> " … u is die sterkste (en) aan magtiges (soos u) behoort die krag en die meesterskap (om aan die versoeke te voldoen) –(28.9).
>
> " … Ons het gesê dat u bo almal is, of dit woeste gode of mensekinders is" (34.5).

- Die Vader van Goeie Voornemens en Skepper/Vader van Waarheid

Hierdie twee kwaliteite – Goeie Gedagtes/Voornemens en Waarheid, wat ook deur twee entiteite van die Heptad verteenwoordig word, loop soos 'n goue draad deur die *Gathas.* Die verse bevestig dat dit uitvloeisels van *Ahura Mazda* is in die begrippe 'vader' (31.8; 44.3; 45.4 ; 47.2) en 'skepper'

(31.8). Waarheid word verder as die "goeie metgesel" van *Ahura Mazda* ook deur die son beskrywe: "sunlike truth" – *ašā huš.haxā xᵛənvātā* (32.2); asook Goeie Gedagtes: *Ahura Mazda* sal die "sunlike gain of good thinking" – *manaŋhō vaŋhəuš xᵛənvaṭ* aan die bruid verleen as sy in waarheid teenoor die Waarheidliefhebbers leef (53.4).

- Die Vader van Reg en Geregtigheid

Zarathushtra bevestig *Ahura Mazda* se regverdige oordeel in *Yasna* 43.5:

> " … toe ek gesien het dat u beloning aan dade, asook woorde toeken, slegte vir slegte en 'n goeie vergoeding vir die goeie …"

- 'n God van Oordeel

Uit bostaande aanhaling blyk dit dat daar straf, sowel as vergoeding aan woorde gedagtes en dade verbind word. Dit word gedurig deur Zarathushtra in gedagte gehou:

> " Ek wat deeglik bewus is/daarna streef om my siel deur goeie voornemens op te hef en met die wete myself te herinner aan *Ahura Mazda* se vergelding van (ons) dade …" (28.4).

- Alsiende Meester

Zarathushtra waarsku dat die Alsiende Meester nie bedrieg kan word nie (45.4). *Yasna* 43.6 verklaar ook dat die Wyse "deur niemand bedrieg kan word nie". Helderheid van visie om 'n mens se dade te beoordeel word ook aan die waarheid gekoppel (31.13).

- Sy Weldadigheid

Ahura Mazda se goedhartigheid geskied deur *Spenta Mainyu* en sy Waarheid:

> "Nou sal ek praat van die Grootste Een van almal en hom loof met waarheid – (hy) wat weldadig deur sy heilige Gees aan hulle wat bestaan, is (45.6).
>
> "Ja vir die persoon wat dit (die Waarheid) aanvaar, sal die beste opdragte geld wat die Meester weldadig deur waarheid, voortreflik en wetend, gebied en selfs Sy diepgaande leringe" (48.3).

- Die Beslissende Meester

Volgens Zarathushtra het *Ahura Mazda* die finale uitspraak en is hy bereid om sy beslissings te aanvaar. *Yasna* 29.4 lui:

" ' *Die Wyse is die eerste om sy ooreenkomste met gode en mense gestand te doen, dié wat hy openlik uitgevoer het en dié wat hy in die geheim sal uitvoer. Hy is die beslissende Meester. Soos hy dit verkies, so sal dit ook vir ons wees.*'"

- Meester van Welsprekendheid

In Hoofstuk 4 is daar gewys op die waarde wat aan heilige uitsprake – *manthras* - geheg is en dit is te wagte dat Zarathushtra ook die kwaliteit aan *Ahura Mazda* sou toeskryf. In *Yasna* 28.6 maak hy melding van die "verhewe woorde" van die Wyse Meester en vervolg in 28.11:

> " … leer my deur die welsprekendheid van u Gees en deur u eie mond …"
>
> " U is die Meester vanweë u tong (wat in) harmonie met waarheid is en vanweë u woorde wat van goeie gedagtes afkomstig is …"

- Die Sorgsame Meester

In die smeekgebed om hulp in *Yasna* 29, luister *Ahura Mazda* met "sorgsaamheid" en antwoord met beloftes van sterkte en voorspoed (29.6-7). Die gebed in Yasna 45.7 beskryf *Ahura Mazda* ook as die "Een wat sorgsaamheid bied …". Zarathushtra het dus die vrymoedigheid om homself as 'n vriend van *Ahura Mazda* in sy vraaggesprek in *Yasna* 44 te beskryf (sien ook 46.2):

> "Dit vra ek U. Vertel my waarlik, Meester, Iemand soos U, Wyse Een, moet aan my, sy vriend, verklaar hoe eerbied aan U van 'n vererende persoon moet wees, en hoe vriendelike verbintenisse met die Waarheid deur ons bevestig moet word, sodat dit met Goeie Gedagtes na ons toe sal kom" (44.1).

- Heelmeester van die Wêreld

In meer as een *Yasna* beskryf Zarathushtra *Ahura Mazda* met bs. titel en sien hy "'n mens vol liefde" en "deugsaam deur die waarheid en wat oor die erfenis vir almal waak" as 'n "bondgenoot in gees" van die Heelmeester (44.2). Heel waarskynlik verwys Zarathushtra hier na homself, want in *Yasna* 31.19 sien hy homself as 'n afskaduwing van *Ahura Mazda* as die "wêreld-heler wat weet".

> "Deur u heerskappy, Meester, sal u waarlik hierdie wêreld in ooreenstemming met u wense, heelmaak" (34.15).
>
> " Beloof as Heler van die Wêreld 'n regter vir ons …" (*Yasna* 44.16).

5.1.1A.1.1.2 BAHMAN YASHT

In die seënspreuk as inleiding tot die *Bahman Yasht* word *Ahura Mazda* in 'n opstapeling van lofprysinge beskryf as:

Die Skepper; die Weldadige; die Ontginner; die Grootse; die Glorieryke.

Zarathushtra spreek *Ahura Mazda* by herhaling met dieselfde frase aan as:

> "O *Ahura Mazda,* genadige gees! Skepper van die materiële wêreld, regverdige skepper!" (2.12,23;2.57;3.1,12).

Sodoende vorm die frase 'n refrein waarmee die verering van *Ahura Mazda* in die *Bahman Yasht* verskerp word. Hy gee ook erkenning aan *Ahura Mazda* as die "***Meester van die geeste en die aardse bestaan/ skepsele"***(1.2).

Die visioen van Zarathushtra word beskryf as die vertoning van "**alwetende wysheid**" deur *Ahura Mazda (*1.1). Met verdere woordspeling – "die alwetende wysheid" en "die wyse alwetendheid" word die wysheid van *Ahura Mazda* vanaf 2.4 tot 2.11 nog meer beklemtoon. In die mitologie van die versoek om onsterflikheid deur Zarathushtra word die "alwetende wysheid" in die vorm van water op die hand van Zarathushtra geplaas en word hy deur *Ahura Mazda* beveel om dit in te neem sodat die "alwetende wysheid" kan deel word van hom – sewe dae en sewe nagte lank (2.5-6).

5.1.1A.2 DIE HEILIGE HEPTAD

5.1.1A.2.1 GATHAS

Volgens Zarathushtra se leerstellings het *Ahura Mazda* ses entiteite in die lewe geroep om hom met die skepping van 'n sewevoudige wêreld by te staan. In *Yasna* 46.3 word *Ahura Mazda* en die entiteite die "bulle van die hemele"- *uxšānō asnạm* - genoem.[116]

Elke entiteit verteenwoordig een van die komponente van die Skepping en tree as beskermheer van daardie deel van die skepping op. Dit verleen aan hulle 'n interessante karakter deur die vermenging van die bonatuurlike – skepper - met die aardse – skepping. Die entiteite is later die *Amesha Spentas* – Heilige Onsterflikes – in die Jonger Avesta genoem. Alhoewel dié benaming nie in die *Gathas* voorkom nie [117], is reeds verwys (3.1.A.2.1.4.2) na *Yasna* 47 waar hulle almal in een vers teenwoordig is; asook die samevattende opsomming:

> "Deur die Heilige Gees en Beste Voornemens, deur daad en woord in lyn met Waarheid, sal hulle Volkomenheid en Onsterflikheid verleen – *Ahura Mazda,* saam met Mag en Piëteit" (*Yasna* 47.1).

---

[116] Insler (1975:264) verdedig hier sy vertaling van die metafoor as "bulle" bo "dagbreek" wat gewoonlik met 'n vroulike bepaling gebruik word. Dieselfde uitdrukking word vir die hemelliggaam, die maan in *Yasna* 50.10 saam met die son gebruik - *asnạm uxšā.* Dit versterk Insler se argument bo dié van Nanavutty (1999:26-27) wat dit aan die Vediese "Koeie van die dagbreek" verbind. Humbach en Ichaporia (1994:16) vertaal dit as "bulle van die dag" wat hulle as 'n metafoor vir die "rosige dagbreek" vertolk, asook die wyse besluite van die bevorderaars van die Religie.

[117] Die term word wel twee maal in die *Yasna Haptanhaiti* (wat nou ook aan Zarathustra toegedig word – Boyce 2003:xiv) aangetref; ook in omgekeerde volgorde van die twee elemente soos *Ahura Mazda* in die *Gathas* (Humbach en Ichaporia 1994:13).

Asha Vahishta	*(Beste Waarheid; Geregtigheid; Orde)*	*Vuur >*	*sosiaal/religie*
Vohu Manah	*(Goeie Voornemens/ Gedagtes; Goeie Visie)*	*Diere veral beeste >*	*sosiaal/ekonomie*
(Spenta) Armaiti	*(Heilige Aanbidding/Piëteit)*	*Grond/Aarde >*	*ekonomie/politiek/religie*
Khshathra (Vairya)	*(Mag; Gebied of Koninkryk van God)*	*Metaal >*	*ekonomie/politiek/ sosiaal*
Hauvartat	*(Volkomenheid; Gesondheid)*	*Water >*	*ekologie/sosiaal/ekonomie*
Ameretat	*(Lang lewe en Onverganklikheid)*	*Plante >*	*ekologie/ekonomie*

Die abstrakte begrippe as kwaliteite van *Ahura Mazda* of selfstandige entiteite [118] en die deel van die skepping wat daarmee geassosieër word, is dikwels so verweefd in die *Gathas* dat dit moeilik is om te onderskei in watter sin dit gebruik word en kan hoofsaaklik deur die konteks bepaal word. In die *Gathas* gebruik Zarathushtra hul ook dikwels in pare of in ‘n groep van drie of vier. Daar is reeds genoem dat die herhaalde gebruik van Beste Waarheid (*Asha Vahishta*) saam met Goeie/Beste Gedagtes/Voornemens (*Vohu Manah*) ‘n deurlopende gedagtelyn in die *Gathas* vorm. Laasgenoemde kan sekerlik as verstandige redenasie en suiwer motiewe vertolk word. Waarheid/*Asha* word selfs as die “slim raadgewer” van *Ahura Mazda* benoem (*Yasna* 46.17).[119] Soos in die bs. tabel aangedui, word *Asha* moeilik deur slegs een begrip vertaal. Dit dui op ‘n universele voortreflike Wet om Geregtigheid/Regverdigheid en Orde te handhaaf en as sulks weerspieël dit die Wil van *Ahura Mazda*.[120]

Zarathushtra streef na die deurleefde rigsnoer van Goeie Gedagtes en die “reguit paaie” van die Waarheid (33.5). In *Yasna* 28 kom die paar in al 11 verse voor. Hulle vorm ‘n trio saam met *Spenta Armaiti* (47.2; 51.2) wat in die Gathas ‘n spesiale plek as *Ahura Mazda* se “dogter” innneem:

> “… En Sy dogter is Piëteit van goeie dade…”(45.4)
>
> “’n Mens sal die beste vir die allerheilige gees met sy tong deur woorde van Goeie Voornemens en met sy hande deur (elke) daad van Piëteit behaal met die een wete: die Wyse Een is die vader van Waarheid”(47.2).

Die woord dra die betekenis van liefde; onselfsugtige diens en toewyding. Schmidt (1985:4) verkies ‘n “minder gespesialiseerde term” soos “respek” om die betekenis van *ārmaiti* te vertolk, wat m.i. ‘n beter insig gee, maar in die konteks miskien in ‘n mate ontoereikend is.

Spenta Armaiti skakel ook met *Khshathra Vairya* en word saam met Waarheid en Goeie Voornemens gebruik (33.11;46.16):

---

[118] Humbach en Ichaporia (1994:12) beskryf hul as “personifikasies van die Ahura-beginsels en konsepte”.

[119] Clark (1998:34) beskryf selfs *Ahura Mazda, Vohu Manah* en *Asha Vahishta* as ‘n Gathiese Drie-Eenheid.

[120] Volgens Boyce (1992:126) is die konsep in noue parallel met die Egiptiese begrip van *Maat*.

> "Ek sal almal van julle besing soos nooit van tevore – u, o Waarheid en Goeie Voornemens en die Wyse Meester, en hulle vir wie Piëteit onbetwisbare Mag vermeerder - .." (28.3)

Khshathra dui nie op fisiese krag nie en wil duidelik oordra dat die verkryging van hierdie Mag nie 'n aardse bloedvergieting behels het nie, maar 'n stryd teen die Bose Magte beteken het. Dit omvat 'n innerlike sterkte en gesag wat nederigheid en nie onderdrukking bevorder nie.

Hauvartat [121] en *Ameretat* (45.5) vorm nog 'n paar en word saam met Waarheid en Goeie Voornemens gebruik (31.21; 33.8).

> "… Diegene van julle wat gehoorsaamheid en eerbied aan hierdie (Meester) van my sal gee, hulle sal volkomenheid en onverganklikheid bereik …"(45.5).

In Yasna 51.7 word die natuurelemente – diere(koei), water, plante – saam met die abstrakte begrippe/entiteite Goeie Gedagtes, Onsterflikheid en Volkomenheid gebruik:

> "U, Wyse Een, wat die koei, sowel as die waters en die plante deur u Allerheiligste Gees gevorm het, verleen u aan my Onsterflikheid en Volkomenheid, daardie twee blywende magte wat deur Goeie Gedagtes geloof moet word."

5.1.1A.2.2 BAHMAN YASHT

In die visioen van die boom met die sewe takke verwys die samesteller na die "sorg vir die water, vuur, plante en die aarde van *Spendarmad (Spenta Armaitii)* wat skynbaar sigbaar raak" na 'n besoek van *Aharman* en die duiwels (2.16). In die konteks en die gebruik van *Spendarmad* kan die elemente as die begrippe van *Hauvertat* (Volkomenheid); *Asha Vahista* (Waarheid); *Ameretat* (Onverganklikheid) en *Spenta Armaiti* (Piëteit) wat deur *Aharman* en die duiwels aangeval is en weer herstel moet word, vertolk word.

In die woorde van Zarathushtra gee die samesteller eer aan die "aartsengele" in die inleidende seëngroet en weer aan die "aartsengele, manlik en vroulik wat goed is" (2.64).

5.1.1A.3 DIE MAINYUS> YAZATAS

Die term "*yazata*" kan as 'wese wat waardig is om aanbid te word'/ 'god' vertaal word. Die woord kom nie in die *Gathas* voor nie, maar is wel in die latere Avestan gebruik. Zarathushtra het die sinoniem *mainyu* in sy *Gathas* gebruik. Dit het hoofsaaklik op die 'helpers' van die binnekring – *Ahura Mazda* en sy Heptad – gedui.

---

[121] *Haurvatat* word ook met "integriteit" vertaal (Humbach en Ichaporia 1994:12).

5.1.1A.3.1 DIE GATHAS

5.1.1A.3.1.1 SRAOSHA

Van die ondergeskikte *Mainyus* wat Zarathushtra in sy *Gathas* uitgelig het, het hy veral *Sraosha* – die gees om met gewyde aandag na *Ahura Mazda* te luister en hom te gehoorsaam – beklemtoon. Weer eens is die eienskap en entiteit in die vertaling verstrengel:

> "…Met 'n onverskrokke tong sal ons die grootste gehoorsaamheid tot die magtigste Meester met die volgende gebed rig: .." (*Yasna* 28.5).

Die omvattendste voorbeeld is in *Yasna* 33.5:

> yastē vīspə.mazištəm səraošəm zbayā avaŋhānē
>
> "Ek, wat met die beëindiging (van bs. boosheid), die allergrootste gehoorsaamheid vir u sal oproep …"

In *Yasna* 43.12 word gehoorsaamheid as vereiste vir die uiteindelike beloning en verlossing verbind.[122] Yasna 45.5 brei op die beloning uit as "volkomenheid en onsterflikheid". Yasna 46.17 dui op die sorgsaamheid van *Ahura Mazda* wat met gehoorsaamheid gepaardgaan.

Wanneer *sraotā* as werkwoord 'om te hoor' in *Yasna* 30.2 gebruik word, dra dit gelaaide betekenis deurdat dit aan die belangrike keuse wat 'n mens moet maak, gekoppel word. Dit skakel ten nouste met *Goeie Gedagtes* en *Waarheid* in *Yasna* 49.7: "*taṭcā vohū mazdā sraotū manaŋhā sraotū ašā …*" ("laat 'n persoon luister met *Goeie Gedagtes*….laat hom luister met *Waarheid …")*; ook *Yasna* 44.16: "*səraošō jantū manaŋhā*" – "gehoorsaamheid deur *Goeie Gedagtes*".

5.1.1A.3.1.2 ASHI

Aši – Beloning (Vergelding) se belangrike rol word in *Yasna* 31.3 bevestig deurdat hy saam met die belangrikste Heiliges opgeroep word. Soos reeds genoem, vorm *Sraosha en Ashi* ook 'n paar. Dit word duidelik deur Yasna 43.12b uitgespel:

> *" … parā hyaṭ mōi ā.jimaṭ*
>
> *səraošō ašī mązā.rayā hacimnō*
>
> *yā vī ašīš rānōibyō savōi (vī) dāyāṭ"*
>
> "ek moes opstaan voordat gehoorsaamheid na my toe, vergesel deur 'n beloning van rykdom-toewysing sou kom, (want dit is gehoorsaamheid) waarvolgens 'n mens die belonings aan albei faksies op die tyd van (ons) verlossing moet verdeel."

---

[122] "Sraosha, an obedient will personified, guides the soul as in the later Parsism."- aldus Mills (1887:103).

Ook in *Yasna* 43.1 word die Beloning aan *rykdom* en ‘n lewe met *Goeie Gedagtes* gekoppel:

> *“rāyō ašīš vaŋhəuš gaēm manaŋhō”*
>
> “…: die beloning van rykdom en ‘n lewe van Goeie Gedagtes.”

5.1.1A.3.1.3 ATAR

Ashi word ook as ‘n skakel in ‘n ander woordketting, wat deur Zarathushtra gevorm is, gebruik: *Asha>Atar>Ashi – Waarheid>Vuur>Beloning.* In die Heptad is vuur as aardse element aan *Asha Vahishta* – Waarheid toegeken. Vuur neem ‘n prominente plek in die liturgie en eskatologie van die Zoroastrisme, wat ook soms as die “Religie van Vuur” bekend gestaan het, in. Die ewig-brandende vuur in die altaar was die fokus van die aanbiddingsplek en is as toets/oordeel van die Waarheid om die Beloning te bepaal, gebruik. Die vuur speel dus ‘n belangrike deel in die finale oordeel (*Yasna* 31.19). Vir die aanhangers van *Ahura Mazda* word die *Vuur* deur die *Waarheid* versterk en verskaf dit aan hulle “vinnige en kragtige hulp”, maar vir die vyande hou dit “sigbare gevaar” in (*Yasna* 34.4). Nanavutty (1999:101) wys daarop dat Vuur nie hier ‘n fisiese vuur voorstel nie, maar ‘n abstrakte krag van *Ahura Mazda*, wat as ondersteuning aan die volgeling geskenk word, maar onheil vir die vernietigers inhou. Die *Waarheid* kan deur die *Vuur* beloning inhou, maar vergelding vir die bose. In die oordeel word die toets ook deur gesmelte yster voltrek (*Yasna* 51.9):

> “Die bevrediging wat u aan albei partye sal verskaf, sal deur u suiwer vuur en die gesmelte yster geskied, o Wyse en is gegee as teken aan die lewende wesens om die bedrieërs te vernietig en die waarheidliewendes te red.”

Zarathushtra se antwoord op *Ahura Mazda* se vraag vir wie hy graag sou wou dien, bevestig die noue verbintenis van *Vuur* en *Waarheid*: “ U Vuur. So lank as wat ek kan, sal ek dit respekteer dat *Waarheid* die geskenk van eerbiedbetoning moet ontvang.”(*Yasna* 43.9). Ook in *Yasna* 46.7 vervang “u *Vuur*” die plek van *Waarheid* saam met *Goeie Gedagtes.*

5.1.1A.3.1.4 GEUSH URVAN

Yasna 29 word aan *Geush Urvan* - “die siel van die koei”- gewy. Hierdie simboliek word deur ‘n gesprek – in die vorm van ‘n klaaglied - van *Geush Urvan* met *Geush Tasha* – “die skepper van die koei” weergegee. *Geush Urvan* stel die G*oeie Visie* (51.17; 53.1,3) - *vaŋuhī daēnā* (Insler 1975:142) van die wêreld wat deur *Waarheid* en *Goeie Gedagtes* [123] beheers word, voor en *Geush*

[123] In bostaande tabel van die Heptad word *Vohu Manah/Goeie Gedagtes* ook as *Goeie Visie* soos *Geush Urvan* omskryf. Die hegte band word deur die aardse element van diere/beeste daargestel.

Tasha verteenwoordig die V*oortreflike/Heilige Gees.*[124] *Yasna* 31.9 wys *Ahura Mazda* ook as die Skepper van die "koei" aan en omskryf lg. as "die gees van groot determinasie". Laasgenoemde - *xratuš mainyuš* - word ook as "gees van begrip" vertaal. In *Yasna* 44 word die *Meester* met retoriese vrae besing en in vers 6 word gevra vir wie hy die "vreugde-bringende vrugbare koei" geskep het. *Yasna* 47.3 vat die noue verbintenis tussen die *Voortreflike Gees* en *Ahura Mazda* goed saam:

> "U is die voortreflike Vader van hierdie gees wat die vreugdebringende koei vir hierdie wêreld geskep het."

Mehr (2003:23;51) wat die vertaling van die *Gathas* deur Dr Iraj Taraporewala en Dinshah Irani as beoefenaars van Zoroastrisme verkies, gebruik die "Siel van die Skepping" (of Moeder Aarde) as vertolking van die betekenis van *Geush Urvan*. Dit sluit nouer by die ou legende van die Skeppingsverhaal aan.

Die derde protagonis in die "drama" (*Yasna* 29) wat as 'n oorlog in die kleine of 'n mitologiese stryd [125] ontleed kan word, word onthul as Zarathushtra. Hy word as *herder* van *Geush Urvan* deur *Vohu Manah* aan *Ahura Mazda* uitgewys (29.7-8). In *Yasna* 28.1 versoek Zarathushtra dat die *Wyse Meester* hom moet help om die *Goeie Visie* te versterk deur sy eie goeie gedagtes en so te kan versprei. Op grond hiervan vertolk sommige navorsers die "koei" as die simbool vir *Ahura Mazda* se aanhangers op die aarde, maar Zarathushtra het dit deurgaans in sy poësie as 'n "welwillende krag" gebruik.[126] Iets wat deur die soeker na waarheid nagevors moet word om sodoende 'n beloning aan die opregte persoon te bied om sy medemens van die kragte van bedrog te red (Insler 1975:141):

> "Hoe, Wyse, moet daardie persoon na die vreugde-bringende koei soek; naamlik die een wat wens dat sy weiding (vrede en vryheid) na hom moet bring terwyl hy eerlik en in harmonie

---

[124] Sommige navorsers soos bv. Nanavutty (1999:34) verskil met die vertolking van *Geush Tasha (Gaush Tasha)* as die Heilige Gees en volstaan met die vertaling as die "Vormer van die Koei en Skepper van die Beeste".

[125] Mary Boyce (1984b:41b) is van mening dat die beeld van die klaende koei blykbaar op 'n ou Indo-Iraanse mite berus en dat Zarathushtra dit verder deur sy eie simboliek verryk het.

[126] In *Yasna* 34.14 gebruik Zarathushtra die "gemeenskap van die vrugbare koei". So dis duidelik dat die simbool nie vir die aanhangers, maar wel vir dit waarna hul streef gebruik word. 'n Soortgelyke metafoor vir die gemeenskap van die getroues en waarheidliefhebbers is die "draft oxen of truth" – die "trekosse van die waarheid"(*Yasna* 46.4). Die beeld word treffend volgehou in 46.11 deur die werkwoord "yoked": Die Karapans en die Kavis het hul jukke opgelê deur hul bose dade om die wêreld en die mensdom te vernietig. Verderaan (46.19) beskryf Zarathushtra homself as "'n jong bulletjie" wat saam met die *Goeie Visie* – die vrugbare koei – tot voordeel van die aanhangers van die Waarheid in die teenswoordige lewe sal strek.

met waarheid tussen vele, wat (ons) in die geheim verraai, lewe? Verwerp die laasgenoemde bose mense, (maar) aanvaar die regverdige man.

Want sy, wat Een met Goeie Gedagtes aan hom gedurende die heerskappy van Waarheid en Goeie Gedagtes belowe het, sy sal aan daardie persoon, wat sy medemense sal versterk deur die krag van so ‘n beloning, behoort en nie aan die bedrieër wat (anders) sal inpalm.” (*Yasna* 50.2-3).

Die toepassing van die volgehoue metafoor van “botter/vet en melk” in *Yasna* 29 het waarskynlik bygedra tot die verskillende interpretasies van die *Yasna.* Volgens vers 7 het die Wyse die belofte van “botter en melk” aan die koei gemaak, terwyl *Yasna* 49.5 die “melk en botter” aan die Wyse toeken deur die opregte lewe van die regverdige. So kan die verklaring - “voorspoed en sterkte” as uitvloeisel na albei kante verstaan word. Die dubbelsinnigheid in betekenismoontlikhede word weereens deur verskillende kombinasies van dieselfde woorde bereik. Aansluitend hierby moedig Zarathushtra sy volgelinge aan dat die “beste lewendmaking van die koei” op aarde moet geskied sodat dit kan dien as “verwekking van voedsel” in hul stryd. Zarathushtra gebruik die “weiding van die koei” ook in variasies: in *Yasna* 33.4 word dit as metafoor vir die *ashavan* – die groep getroues en waarheidliefhebbers gebruik.

(Die simboliek van “die koei” word ook in verskillende vertolkings gebruik: in *Yasna* 32.8 word dit in konteks met die betekenis as “die godin Aarde” en weer in 32.12 as “die aarde” en “die Goeie Visie” toegepas.)

5.1.1A.3.2 BAHMAN YASHT

5.1.1A.3.2.1 ATAR

Vuur speel ook ‘n belangrike rol in die Bahman Yasht en word op verskeie plekke aan ‘n naam van ‘n persoon of ‘n plek verbind:

In 2.26 word in die woorde van *Ahura Mazda (Aûharmazd)* die “suiwer religie” van die Mazdayasniete saam met die “vuur van Vâhrâm wat in die aangewese plekke opgestel is” as deel van sy skepping, wat nou deur uitwissing bedreig word, genoem. In 3.51 word dit herhaal dat die vyand se doel is om die vuur te vernietig. *Azi-I Dahâk* vernietig ook, na sy loslating deur *Aharman*, “water, vuur en plantegroei”.

Na die donker tyd van die ras van Toorn sal die “vuur van Visnâsp” weer helder brand in die lande van Iran (3.10).

Vuur neem deel aan die stryd teen die Bose (3.37):

> "…en die vuur Frôbâ, die vuur Gûsnasp en die triomfantlike vuur Bûrzîn-Mitrô sal die duiwel met sy gewelddadighede verslaan; hy sal die afgodstempels, die woonplek van die demone uitdelg; en hulle verheerlik die seremonieel (yazisn), rangskik die *heilige* takkies, seën die Dvâzdah-hômâst in en loof my Aûharmazd, saam met die aartsengele; …"

In 3.40 word bevestig dat bg. 3 vure weer op hul regte plekke gevestig sal word, wat verder tot die ondergang van die Bose Gees sal bydra.

5.1.1A.3.2.2 NÊRYÔSANG EN SRÔSH

Hierdie twee entiteite (3.25) word as spesiale boodskappers van *Ahura Mazda* aan die mensdom verklaar (Srôsh word as die regverdige omskryf). Hulle word na die seun van Vistâsp gestuur met die bevel om die vuur en waters weer te heilig. Aan die einde van die *Bahman Yasht* word hul weer deur *Ahura Mazda* gestuur om Keresâp, die Sâmân, uit sy beswyming wakker te maak sodat hy die finale nekslag aan *Azi-I Dahâk* met sy "triomfantelike knuppel" kan toedien.

5.1.1A.3.2.3 ENGELE VAN DIE GEESTELIKE BESTAAN

In 3.31 kom *Ahura Mazda* met sy aartsengele by die berg Hûkaîryâ*d* en hy beveel hulle om die "Engele van die geestelike bestaan" opdrag te gee om Pêshyôtanû in die oorlog teen die bose magte in 'n bepaalde volgorde by te staan: Mitrô van die uitgestrekte bees-weivelde, Srôsh, die lewenskragtige, Rashn die regverdige, Vâhrâm die magtige, Âstâd die oorwinnende, die glorie van die religie van die Mazdayasniete, die stimuleerder van die religieuse formules(nîrang) en die skikker van die wêreld.

5.1.1B DIE OORLOGSROL

5.1.1B.1 GOD / אל

In kolom 4:7-14 is daar 'n opeenstapeling van die hoofopskrifte op die vaandels van die protagoniste wanneer hul die oorlogsterrein nader:

"Regterhand van God" (4:7) ימין אל ; "Die bestemde tyd van God" מועד אל ;
"Die tumult van God" מהומת אל ; "Die verslaandes van God" חללי אל ;
"Gemeenskap van God" (4:9) עדת אל ; "Die Kampe van God" מחני אל ;
" Die Stamme van God"(4:10) שבטי אל ; "Die Sibbes van God" משפחות אל;
"Die Afdelings van God" דגלי אל ; "Die Gemeente van God" קהל אל ;
"Geroepenes van God" (4:10-11) קריאי אל ; "Die leërmagte van God" צבאות אל.

Daar word dus geen twyfel gelaat oor die werklike aanvoerder van hierdie oorlog nie:

במלחמת אל (9:5)"…in die oorlog van God" - **die God van Israel** (13:1-2) - die God van die Vadere (13:7). Dit word verder versterk deur die uitroep wat drie maal aan die begin van kolom 11:1- 4 herhaal word כיא אם לכה המלחמה – " Waarlik die oorlog is U s'n".

5.1.1B.1 OORSPRONG BENAMING

Die Semitiese woord *šumu* en die Hebreeuse woord *šēm* vir "naam" dra die betekenis van 'n "kenmerkende teken", wat dit moontlik maak om te onderskei, saam te stel en te orden (Rose 1992:1002). Hierdie stelling sluit aan by die skeppingsverhaal, waar verskille deur die gee van name aangedui is.

'n Baie meer dinamiese element is egter regdeur die HB met die gee van eiename te bespeur. Dit was byvoorbeeld gebruik om spesifieke omstandighede te omskryf: "En sy het hom Moses genoem en gesê: Ek het hom mos uit die water getrek" (*Eks.* 2:10); of om 'n ommeswaai na 'n ontmoeting met *God* te bevestig: " ... Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin" (*Gen.*32:28); of om 'n gebed te verwoord: " ... en hom Samuel genoem; want ... ek het hom van die Here gebid (1 *Sam.*1:20); of om 'n gebeurtenis te verewig: "Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die Here die taal van die hele aarde verwar ..." (*Gen.* 11:9).

In die HB is die oorspronklike naam vir die *God* van Israel, *Jahwe*, moontlik van die Semitiese werkwoord *hyy/hwy* "om te wees" afgelei en het etimologies die betekenis van "Ek is wat ek is" ingehou. *Rigters* 5 bevat van die vroegste attestasies daarvan in die Lied van Debora wat uit die 11de eeu v.C. dateer (Thompson 1992:1011).

Die naam van *God* is met die tetragrammaton *yhwh* geskryf en uit eerbied vir die Godheid is die naam nooit hardop gelees nie, sodat die regte uitspraak onseker is. *Adonai* -Meester - is in die plek daarvan gebruik. *Jahwe* en die volk, Israel is onlosmaaklik aan mekaar gekoppel sodat "*Jahwe*, die *God* van Israel" soos 'n vaste uitdrukking in die Ou Testamentiese geskrifte gebruik is. In die naam van die volk, יִשְׂרָאֵל is daar nog 'n naam van 'n godheid opgesluit – *El.* El was beskou as die vader van die panteon by Ugarit, maar is geleidelik oorheers deur die aanbidding van Baal. Tog meen Miller (2000:24-44) dat die aanvanklike skildering van *El* as 'n kryger, veral deur die benaming as "Bul", 'n affiniteit met die uitbeelding van *Jahwe* as oorlogsheld ontwikkel het en aanleiding tot die oorgang van die wisselgebruik tussen Jahwe en El aanleiding gegee het. Volgens hom (Miller 2000:31) is die beste etimologiese verklaring van die woord *el* nog dié van Albright wat dit moontlik as 'n byvoeglike vorming van die wortel *'wl* - die sterk magtige een - uitklaar. Soos die aansien van *El* getaan het, het die woord meer in 'n algemene soortnaam vir 'n god ontwikkel en is

dit in die meervoud - אֱלֹהִים – vir verskillende gode en later ook om die enigste God van Israel aan te dui, gebruik [127]; of in kwalifiserende kombinasies soos אֵל עֶלְיוֹן – God Allerhoogste en אֵל עוֹלָם – Ewige God. Mettertyd is dit meer gelyk aan die gebruik van *Jahwe* gestel. In die verskyning van die Engel van die Here in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos, praat die *Here* self met Moses (*Eks*. 3:14-15):

וַיֹּאמֶר **אֱלֹהִים** אֶל־מֹשֶׁה אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה וַיֹּאמֶר כֹּה תֹאמַר
לִבְנֵי יִשְׂרָאֵל אֶהְיֶה שְׁלָחַנִי אֲלֵיכֶם:
וַיֹּאמֶר עוֹד **אֱלֹהִים** אֶל־מֹשֶׁה כֹּה־תֹאמַר אֶל־בְּנֵי יִשְׂרָאֵל
יְהוָה אֱלֹהֵי אֲבֹתֵיכֶם אֱלֹהֵי אַבְרָהָם אֱלֹהֵי יִצְחָק וֵאלֹהֵי יַעֲקֹב שְׁלָחַנִי
אֲלֵיכֶם זֶה־שְּׁמִי לְעֹלָם וְזֶה זִכְרִי לְדֹר דֹּר:

> "14. En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.
>
> 15. Toe sê God verder vir Moses : Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel : Die Here, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag."

Op hierdie grondslag van die Ou Testamentiese geskrifte (ook *Deut*. 20:2-4 en *Num*. 10:9) het die skrywer van die *Oorlogsrol* (10.1-8) gebou en het hy die verering van die grootsheid van *God* soos ‘n goue draad deur die geskrif laat loop: “…. Op die bestemde tyd van *God* (אל) sal Sy verhewe uitmuntendheid tot aan al die eindes van […] skyn vir vrede en tot seën, heerlikheid, vreugde en ‘n lang lewe vir al die Seuns van die Lig” (1:8). Die Koningskap – המלוכה - sal aan die *God* van Israel לאל ישראל behoort (6:6). “U is in ons midde, ‘n groot en ontsagwekkende God” (10:1) – “ … God van (alle) gode …” (14.16). *God* se lof word ook in retoriese vrae besing (10.8-9): “Wie is soos U, o God van Israel, in die he[me]le of op aarde, om volgens u groot werke en U magtige krag op te tree? …”

Deurgaans word klem gelê op die uitnemende eienskappe van die *God* van die Seuns van die Lig:

- God is heilig Die allesomvattende woord “heilig” wat die verering van ‘n goddelike omskryf, word direk aan *God/Meester* toegeskryf (12.8): קדוש אדוני. Dit word herhaal in die laaste kolom

[127] Die meervoud is moontlik gebruik om paradoksaal die alleen-opperheerskappy van God teenoor die afgode te bevestig.

(19.1): קדוש אדירנו – "ons verhewe Een is heilig". "Heilig" dui op gewydheid en ongeskondenheid; volmaaktheid deur afsondering van aardsheid en onreinheid. Daar is reeds verwys na Insler se vertaling as "oorvloedigheid" by die Zoroastrisme.

- *Die krag van God* (1.11; 4.4; 4.12; 13.9) word beklemtoon en 'n paar maal deur die beeld van Sy (groot/magtige) hand **(**1.14; 3.8; 11.1; 12.4; 13.13,14; 18.1,3,11,13) weergegee. Sy "kragtige dade om die vyand uitmekaar te jaag en almal wat geregtigheid haat op die vlug te laat slaan" word op die trompette geskryf. In 4.7 word "Die Regterhand van God" op die vaandel gebruik. Op die punt van die spies word die krag van God saam met die "flits van die spies" geassosieër (6:2). Die krag van *God* word gebruik om die ydel nasies te verneder (6.6). In 18.11 word "God se magtige hand" teenoor die vyand gekontrasteer deur die "genadige hand" van *God* in 'n "ewige verlossing" vir sy volk.

Die skrywer van *1QM* gebruik die verhaal van Dawid en Goliat om die krag van die naam van *God* te illustreer: die naam van *God* word as "heilig" beskryf en die Filistyne is menigmaal daardeur verneder (11:3). Dawid het op die groot naam van *God* vertrou: nie op 'n swaard of 'n spies nie. In kolom 14:12 prys die Gemeenskap die naam van *God*. Volgens die skrywer is die doel van *God* om vir Hom "'n ewige naam onder die mense […] te maak" (11:14). Hierby sluit aan:

- die magtige Oorlogskryger/die Held van die Oorlog

Weereens word dié beeld van God uit die Ou Testamentiese geskrifte geneem. Veral in die *Psalms* word God as die "kragtige man van die oorlog" beskryf (*Ps*. 24:8):

מִי זֶה מֶלֶךְ הַכָּבוֹד יְהוָה עִזּוּז וְגִבּוֹר יְהוָה גִּבּוֹר מִלְחָמָה

> "Wie is tog die Erekoning? Die Here (Jahweh), sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd."

Daar word selfs in *Num*. 21:14 melding gemaak van aantekeninge בְּסֵפֶר מִלְחֲמֹת יְהוָה - "in die Boek van die Oorloë van die *Here* (*Jahweh*)". Daarom dat hierdie oorloë as "heilige" oorloë vertolk is (Miller 2000:357).[128] Dieselfde prosedure in *Deut*. 20, wat 'n opsomming van die oorlogswette bevat, word in die Tussentestamentêre tydperk in *1QM* gehandhaaf: dis die priester wat net voor die aanvang van die geveg die manskappe bemoedig deur hul te herinner dat

> "dit die Here julle God (is) wat saam met julle trek om vir julle te stry teen julle vyande, om aan julle die oorwinning te gee" (*Deut.* 20:4).

[128] Verwys terug na **2.5.**

> "want julle God gaan saam met julle om die oorlog vir julle teen jul vyande te voer om julle te red!" (10.4-5).

Veral in kolom 12.7-9 beklemtoon die skrywer deur herhaling dat God "in hul midde is":" U o God ... is in ons midde met ewigdurende hulp ..." (:7); " ... Want die Here is heilig, en die glorieryke koning (is) met ons ..." (:8); "die magtige oorlogskryger (is) in ons gemeente" (:9).

- Groot en Ontsagwekkende God

In kolom 10 word "die groot en ontsagwekkende God" (10.1) in die woorde van Moses in die midde van die tuisfront gestel. Die wete dien as bemoediging en versterking om hul teen die skrikwekkende toneel van die aanvallende vyand te staal. Hule word herinner dat *God* die oorlog vir hulle teen die vyand sal voer, sal oorrompel en so uitkoms aan Sy volk sal bring.

-die Skepper van die Hemel en die Aarde

Soos reeds na verwys besing die skrywer die grootsheid van *God* as Skepper van die natuur deur retoriese vrae in kolom 10:

> "Wie is soos U, o God van Israel, in die he[me]le of op aarde om te handel na U groot werke en u magtige sterkte?" (10.8-9).

> "...; die een wat die aarde en die grense van sy afdelings vir die wildernis en die droë land skep,..." (10.12-13).

- *Die Waarheid, Regverdigheid, Glorie en Oordeel* van God word deur die Gemeenskap uitgelig om op die vaandels geskryf te word (4.6). Na die geveg word 'kragtige' eienskappe op die vaandels soos "Oorlog, Wraak, Stryd, Vergelding van God" vervang met "Bevryding, Oorwinning, Hulp, Ondersteuning, Vreugde, en Vrede van God" (4:12-13). Daar word herhaalde kere na **Waarheid** in kolom 13 in die seën- en vloekspreuke verwys: Die priesters en die Leviete en die Oudstes sal *God* en Sy werke van waarheid seën, maar *Belial* sal hul vervloek vir sy vyandige planne en afkeurenswaardige gesag. Die geeste van sy lot sal vir hul bose plan en onreinheid vervloek word. Die engeleskare loof God se [waarheid] (12.1); Sy "heilige mense" loof God se naam oor Sy werke van waarheid (14.12).

Regverdigheid sal vreugde in die "hoogtes" bring (17.8) en *God* se naam sal deur Sy regverdige dade in stand gehou word (18.8).

God word in kolom 12.8 en 19.1 as die "glorieryke koning" of "Koning van **Glorie**" - מלך הכבוד - besing.

In *1QM* word *God* se **oordeel** aan vuur en Sy smeltkroes - מצרף – verbind. In kolom 17.2 herinner die skrywer die lesers aan die oordeel van twee van die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu wat teen die bevele van God "vreemde vuur" - אֵשׁ זָרָה - in hul vuurpanne gegooi het:

> "Daarop het daar vuur van die aangesig van die Here uitgegaan - וַתֵּצֵא אֵשׁ מִלִּפְנֵי יְהוָה - en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die Here" (Lev. 10:2).

Daarteenoor het *God* 'n verbond met […][129] en Ítamar gesluit. Hierdie aanhaling uit die geskiedenis van Israel volg op 'n vermaning aan die einde van kolom 16 dat *God* die harte van sy volk in die smeltkroes toets. Verderaan in kolom 17.8-9 word die "smeltkroes" van *God* as 'n aanmoediging vir die "seuns van die verbond" geteken, want dit sal die ondergang van die vyand beteken.

***- Die gramskap van God*:**

Die sterk woord "wrath"/ "toorn/gramskap" - אף - word vir *God* se woede teen *Belial* en teen al die manne van sy lot "sonder 'n oorblyfsel" op die vaandel van die duisend geskryf (4.1). *God* se gramskap word ook op die wapens - die tweede werpspies - gebruik: "Vonke van bloed om die verslaandes deur die toorn van *God* neer te vel" (6.3).

- Die deernis van God

Nie slegs kan *God* se magtige hand ook genadig wees nie, maar Hy ontferm Hom oor sy volk deur die "hand" van hul konings ten spyte van hul bose dade en sonde (11.4).

- Die kennis/misteries van God

Die misteries/geheimenisse van *God* word as opskrif op een van die trompette aangebring - gepas op dié een van die lokval, wat geen vooraf-kennis van die vyand impliseer: "Misteries van God om boosheid uit te wis" - רזי אל לשחת רשעה (*1QM* 3:9). Die leenwoord רז is van Persiese herkoms wat as 'misterie' of 'geheim' vertaal kan word. In die geskrifte van die HB word רז slegs in die Aramese gedeelte van *Daniël* (2 en 4) gebruik. Volgens Goff (2003:30-31) hou רזי in die Avestan-literatuur en literatuur uit die Tweede Tempel-tydperk soos die boek *Daniël*, *Henog* 1 en *4QInstruksie* in die besonder die betekenis van die openbaring van eskatologiese kennis in. Die geheimenisse is bo die begrip van die mens en moet deur Goddelike openbaring onthul word.[130] In

---

[129] In die konteks moet die ander seun van Aäron, Eleáser, se naam waarskynlik in die onleesbare gedeelte van die rol kom.

[130] Ses van die 9 keer wat רז in verband met Nebukadneser se geheime droom gebruik word, is dit saam met die werkwoord גלה – onthul (Elgvin 1994:189).

1QM staan die geheimenisse van *God* in direkte verband met die uitwissing van die Bose – dit is deel van Sy plan vir die uiteindelike uitkoms – *ta eschata.* Teenoor die negatiewe uitkoms van die eskatologiese oorlog staan die herstelling van die skepping: *Endzeit* sal die herskepping van die orde in die *Urzeit* inhou (Fletcher-Louis 2002:409). (meer uitgebreid onder Eskatologie in 6.2.B).

In *1QM* word רזי interessant genoeg ook in verband met die haat van *Belial* -רזי שטמתו - gebruik en word dit teenoor die "wonderbare misteries" van *God* - ורזי נפלאותיכה - in dieselfde kolom gestel – 14.9 en 14.14. Weer word die pejoratiewe waarde - 'haat'- in die betekenis ingebou. Alhoewel *Belial* oor mag beskik wat ooreenstem met *God*, is dit tog ondergeskik aan *God*. In kolom 16.11 word die val van die voetsoldate aan *God* se misteries toegeskryf. Al die aangewesenes vir die oorlog sal deur die misteries getoets word. In dieselfde kolom (16.16) word lof aan die gehoorsaamheid aan die misteries van *God* toegeswaai.

- die Wonders van God

By die geheimenisse van *God* sluit die wonderwerke wat Hy vir hulle doen, aan – "misteries van U wonderdade"(14.14):

> " … u het wonder na wonder vir ons gedoen …"(18.7,10).

God se genade word deur sy wonderwerke aan die "oorblyfsel" getoon (14.9).

- die God van die Verbond

Daar is reeds in 4.1.2.B.1 gewys op die geweldige belangrike rol wat die verbond tussen *God* en Israel gespeel het. In 13.7 spreek die skrywer *God* as die "God van ons vadere" aan en wys daarop dat Hy die verbond met die voorvaders gesluit het en dit verder met hul nageslag bevestig het (ook 14.8). Daarby sluit die benoeming "seuns van die verbond" (17.8) aan. Hy verwys weer na die "goedheid/genade" van *God* en dat Hy dit vanweë die verbond gedoen het (14.4):

> "Die hekke van verlossing het U menigmaal vir ons oopgemaak om die ont[wil] van u [ver]bond …"(18.7-8).

5.1.1B.2 DIE HEILIGE GEES VAN GOD

רוּחַ word in die HB gebruik om uitdrukking aan die krag van die *Here* wat sy rigters vervul het om 'n moeilike taak te verrig oor te dra (*Rig.* 3:10; 6:34) of om aan sy profete die goddelike inspirasie van profesieë te gee (1 *Sam*. 10:6). Met die instelling van die konings in die geskiedenis van Israel is die gees van die Here as 'gawe' aan die gesalfde vir die koningskap gegee (1 *Sam*. 10:6; 16:13).

Die profete voor die ballingskap het hul inspirasie meer aan die "woord" en die "hand" van *God* toegeskryf. Dit word duidelik in *Jeremia* aan die begin van hoofstukke 2,16,18 en 21,gelees:

> "En die woord van die Here het tot my gekom en gesê:…"

of aan die begin van hoofstukke 30, 32, 33, 34, 35, 36, 40, 44, 46, 47 en 50:

> "Die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het……"

maar in die tye van die ballingskap en die na-ballingskap is dit al hoe meer met die 'gees' van *God* gekombineer:

> "En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het, ..."(*Eseg*. 2:2).
>
> "En aan die einde van sewe dae het die woord van die Here tot my gekom …"(*Eseg.* 3:16).
>
> "En die hand van die Here was daar op my ..."(*Eseg.* 3:22).

Die gees van *God* word ook aan die Messias (*Jes.* 11:2) en die Kneg van die Here (42:1; 61:1) gegee en oor die hele volk - עַל־בֵּית יִשְׂרָאֵל – oor die huis van Israel (*Eseg*. 39:29); en op hul kinders en op hul nakomelinge (*Jes*. 44:3) uitgegiet. Volgens *Eseg*. 36:26-27 bemagtig die Gees die mense om volgens die gebooie van *God* te leef:

> En Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee.....en Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen".

Begrip en kennis word deur die gawe van die gees verkry – *Neh*. 9:20:

> "En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig,..."

Dis opmerklik dat die samestelling van "Heilige Gees" slegs twee maal in die HB gebruik word (*Ps.* 51:13 en *Jes.* 63:10). "Goeie Gees" word twee maal, in *Neh*. 9:20 en *Ps*. 143:10 gebruik.

Die samestelling van "Heilige Gees" word al meer vrylik in die QL gebruik bv. *1QS* 3.7; 4.21; 8.16; *1QH* 7.6; 9.32; 16.2,3,12; *CD* 2.12; 5.11; 7.4. In die *Gemeenskapsrol* word "die gees van heiligheid" aan "waarheid" gekoppel en word die mens "van sy sondes gereinig"; ook word die inspirasie vir openbaringe deur die profete aan die "heilige gees" van *God* toegeskryf (sien ook Kobelski 1981:110).

Interessant genoeg word in *1QM* slegs indirek na die "Geeste van Waarheid" verwys (13.10 - sien onderstaande aanhaling).

5.1.1B.3 DIE AARTSENGELE

Kolom 13 bevestig dat *God* vir hul 'n hulp "lank gelede" aangestel het: "**die Prins van die Lig** wat oor die Geeste van Waarheid heers" :

(13.10). ... ושר מאור מאו פקדתה לעוזרנו וב°[ ]ק וכול רוחי אמת בממשלתו ...

Direk daarna (13.11-12) word *Belial*, die **vyandige engel** met sy Geeste/Engele van Vernietiging teenoor die Prins van Lig gestel. Dit versterk die vertolking van getemperde dualisme deurdat die skrywer duidelik laat blyk dat *God* nie teenoor *Belial* gestel word nie (sien ook **5.1.3.B**). Byna dieselfde begrip en metode word naby die einde van die rol herhaal. In kolom 17.6-7 benoem die skrywer die "ewigdurende hulp" wat God aan die "lot" wat Hy verlos het as *Migael* – **die verhewe engel**. In die vorige reëls (17.5-6) het hy in die vernedering en onderdrukking van die **Prins van die Ryk van Boosheid** - שר ממשלת שרעה - deur God beskryf. (My aksentuering om aandag op die ommekeer en gebruik van dieselfde woorde te plaas.) [131]

In die HB word die naam van die engel, *Migael* ("Wie is soos God?") slegs in *Daniël* (10:13,21; 12:1) gebruik, maar hy figureer sterker in die Tussentestamentêre Tydperk as een van die aartsengele voor die troon van *God*, veral in *1 Henog*. In die vertaling van *Deut.* 32:8 in die Septuaginta word elke nasie aan 'n beskermengel opgedra, terwyl *God* self oor Israel waak. In *Daniël* (en *1QM*) word dié taak as beskermer van Israel aan die engel *Migael* opgedra: "*Migael* die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan" - מִיכָאֵל הַשַּׂר הַגָּדוֹל הָעֹמֵד עַל־בְּנֵי עַמֶּךָ (*Daniël* 12:1). Hy veg vir hulle teen die "vorste van die Perse en Griekeland". In die motivering van die hoëpriester in *1QM* 17:6-7 word *Migael* met die voorspoed van Israel deur die verbond verbind. In die laaste hoofstuk van *Daniël* staan *Migael* hulle ook by in dié tyd – die tyd van die einde - עַד־עֵת קֵץ (12:9), terwyl die gesag van *Migael* in *1QM* "in ewige lig" - באור עולמים - geplaas word en dit 'n "ewigdurende" hulp - עזר עוֹלָמִים - is, wat die groep van die "verhewe" engel, deur wie hulle verlos is, ontvang (17.6).

Saam met die naam van *Migael* word in kolom 9:15-16 nog drie engele by name op die skilde by die strategie van die toringformasies genoem: *Sariël*, *Rafael* en *Gabriël*. Laasgenoemde word soos *Migael* in *Daniël* (8:16; 9:21) by die naam genoem. "*Gabriël*" beteken "God is my krygsman". Hy het die rol van 'n engel met 'n eskatologiese openbaring vervul, deurdat hy na Daniël gestuur is om 'n visioen vir hom uit te klaar. *Rafael* – "God het genees" - word in 1 *Henog* (20.3) as tweede in bevel in die rangorde van die engele geplaas. Sy taak is om na die getroues om te sien. *Gabriël* se

---

[131] Fletcher-Louis (2002:459-471) verkies die vertaling van משרת van die wortel שרת in die 'diens-dienaar'-omvang i.p.v. 'gesag' of 'ryk' in 17.5-7 en kom tot die gevolgtrekking dat die naam 'Migael' (=Wie is soos God?) moontlik as 'n apokaliptiese geheime kode vir Israel en sy priesterdom en sy unieke ooreenkoms met God kon gebruik gewees het. Sy uitvoerige meevoerende ontleding bied interessante moontlikhede, maar kan op 'n tweede betekenisvlak gewig dra sodat die 'heiligheid' van die engel aan Israel deur die kultus van hul 'heilige' priesterdom oorgedra word. Soos reeds aangetoon is daar 'n ooreenstemmende opbou in kolomme 13 en 17 om "Migael" as die naam van die engel te vertolk.

taak word in 1 *Henog* as die opsigter van die slange in die tuin van die Serafs aangedui. Die vier engele word ook in 1 *Henog* 9:1 genoem en in 1 *Henog* 20:1-7 word die groep na sewe engele uitgebrei: *Uriël* was die engel van die donder en aardbewings; *Raguel* neem wraak op die wêreld en die ligte en *Remiël* is in bevel oor die wat opstaan (Reddish 2001:98).

In 1 *Henog* 40.9-10 is *Phanuel* die vierde engel saam met *Migael*, *Rafael* en *Gabriël* wat voor die troon van *God* staan en wat die konings van die aarde sal gryp en in *God* se gloeiende vuuroond sal gooi (1 *Henog* 54.6).

5.1.1B.5 PRINS VAN DIE HELE GEMEENTE

Hierdie eretitel – נשיא כול העדה - kom aan die begin van kolom 5 voor en word saam met die name van Israel, Levi, Aaron en die name van die 12 stamme volgens hul generasies en die name van die 12 leiers van die stamme geskryf. Die konnotasie is dus met aardse mense en lyk dit tog of die titel na die leier van die Gemeenskap van die Dooie Seerolle verwys en nie 'n ander omskrywing vir *Migael* as die beskermengel van Israel nie. Hierdie titel – die prins van die Gemeente - word wel in die konteks van die geskrifte by Qumran gebruik vir 'n messiaanse figuur (word onder Eskatologie 6.2.B bespreek).

5.1.1B.6 DIE PRIESTERS

Evans (2000:144) is van mening dat die hoë profiel van die priesters in *1QM*, die rol wat die Skrif aan die hoë priester in die tye van oorlog toegeken het, reflekteer: bv. in *Deut*. 20:1-4 spreek die priester Israel toe op die vooraand van die oorlog en in *Jos*. 6 speel die priesters ‘n vername rol in die val van die mure om Jerigo deur op die 7 ramshorings te blaas, die ark van die verbond te dra en deel te neem aan die trek om die stad.

In *Jubileë* (30.18; 31.14) word die hemelse toneel as ‘n tempel beskryf waar die engele die rol van die priesters vervul. In die konteks van die QL word die hemelse skaar as 'n engel-priesterdom in die *Liedere van die Sabbatsoffers* beskryf: 7 priesterampte in 7 hemelse heiligdomme van die hemelse tempel, waaroor 7 hoofengele, elkeen met 'n onder-leier toesig hou (Collins 2000c:12).

Vir Fletcher-Louis (2002:5,425) is die sakrale ruimte van die tempel en die priesterdom die belangrikste sosio-religieuse agtergrond vir ‘n Joodse heilige antropologie in die vroeë stadia van ontwikkeling. Daar is twee sakrale ruimtes wat gelykgesteld funksioneer: dié van die hemelse sfeer en dié van die menslike priesterdom. Die gemeenskap moes met hul afsondering by die Dooie See die tempel prysgee en die leemte moes deur die priesters gevul word.

Dit is daarom dat die gebruik van die ‘heiliges’ in die Rolle van die Qumran-gemeenskap soms vaag en dubbelsinnig voorkom en navorsers in hul interpretasie verskil of dit van toepassing op die

engele of op die uitverkorenes van God is, veral as dit nog deur die onleesbaarheid van die ou rolle bemoeilik word. [132] Aan die een kant het die visioene van *Sagaria* reeds in die HB die idee van ‘n leërmag van *Jahwe* met die beskrywings van die perde, ruiters en strydwaens wat die aarde deurkruis en aan die engel van Jahwe terugrapporteer, vergestalt (*Sag*. 1:7-17). Na die ballingskap word die “engel van Jahwe” sterker en meer prominent uitgebeeld deur die pertinente funksies wat aan hom toegedeel word: gids en interpreteerder; voorspraak vir Israel; leier in die hemelse raad en aanvoerder van die wagte van die engele (Newsom 1992:249). Aan die ander kant word ‘n besondere vername plek in *1QM* aan die priesters toegeken. Hulle het immers die leierskap en gesagsposisie in die Qumrangemeenskap beklee, nadat hul moes afstand doen van die tempel in Jerusalem deur hul afsondering in die wildernis. Hulle beheer die hele aanvalsplan van die oorlog deur die verskillende kodes wat hul op die trompette blaas. In kolom 9.8 word dit duidelik gestel dat hulle as “heilig” gereken word, veral deur die olie van hul insalwing as priesters:

שמן משיחת כהונתם. Hierdie ou tradisie is reeds in *Eks.*30:22-31 aangeteken waar Moses opdrag van die Here ontvang het om ‘n heilige salfolie – שֶׁמֶן מִשְׁחַת־קֹדֶשׁ - noukeurig met spesifieke speserye soos mirre, kaneel en kalmoes te berei. Daarmee moes Moses vir Aäron en sy seuns salf om hulle te heilig vir die priesteramp van die Here. In *1QM* 11.7-8 word na die profete in die HB as “u gesalfdes” verwys, hoewel die gebruik meer t.o.v. konings en priesters toegepas is (sien ook 5.1.1.C2.1).

Daar word spesiaal melding gemaak van die hoëpriester wat die leiding in die bemoediging van die troepe sal neem, ondersteun deur 7 priesters uit die geslag van Aäron en 7 Leviete (7.10-11;15.4), asook die “oueres van die leër – הסרך (kolom 13.1). In die opstelling van die troepe is dit duidelik dat daar vir elkeen van die 12 stamme ‘n hoof-Leviet aangestel is (2.2-3).

In die QL word geskryf van ‘n toekomstige hoëpriester, wat as die “gesalfde van Aäron” benoem word, asook ‘n toekomstige koning wat weer as die “gesalfde van Israel” bestempel word (Word meer uitvoerig onder Eskatologie 6.2.B.2 bespreek).

---

[132] Volgens Fletcher-Louis (2002:4) het resente studies die aandag gevestig op die engelmorfologie in die Qumrantekste: “the way in which *Jews believed the righteous lived an angelic life and possessed an angelic identity or status, such that although their identity need not be reduced to that of an angel they are nevertheless, more loosely speaking, angelomorphic.”*

5.1.1C OPENBARING

5.1.1C.1 DIE HERE GOD/κύριος ὁ θεὸς

5.1.1C.1.1 OORSPRONG BENAMING

אֲדֹנָי - Heer/Meester wat vir konings en goddelikes gebruik is, word in die Grieks met κύριος *Meester*/*Meneer* – vertaal. Dit is ook gebruik wanneer daar na *Jahwe* verwys is. θεὸς was in die tyd van die geskrifte van die NT reeds vir ‘n *God* in Grieks gebruik en is vir die vertaling van *Jahwe* en *El* gebruik.

5.1.1C.1.2 ANDER BENAMINGE EN KWALITEITE

- die Almagtige: Die toon van verheerliking van *God* as die **Almagtige -** ὁ παντοκράτωρ - in Johannes se *Openbaring* word alreeds in sy inleidende seëngroet vasgevang (1:4,8):

> “…Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, …Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.”

Johannes gebruik die titel altesaam 9 keer in die geskrif en brei nog verder daarop uit as **Here God Almagtige** - κύριε ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ (11:17; 15:3; 16:7; 19:6; 21:22) om *God* se mag en heerskappy te beklemtoon. In die eerste drie verwysings word dit in die doksologie saam met *God* se Koningskap besing; die vierde keer word dit saam met Sy regverdige oordele gebruik en in die laaste verwysing word *God* en die Lam as die “tempel” van die nuwe Jerusalem beskryf.

Wat is wat was en wat kom verwys terug na die oorspronklike betekenis van die naam van die God van Israel soos Hy dit self aan Moses bekend gemaak het: “Ek is” (sien ook bs. 5.1.1.B.1.1). Johannes brei die frase uit met ‘n tweede werkwoord ‘kom’ en herhaal dit vier maal – 2 keer effens gewysig - (1:4,8; 4:8; 11:17; 16:5) om die Godheid se beheer en transendensie oor die tyd heen te bevestig en meer dringendheid aan die eskatologiese einde deur die werkwoord ‘kom’ eerder as ‘sal wees’ te verleen.

Naby die einde van *Openbaring* word die verdere aanhaling uit die inleiding (1:8) gepas bevestig (21:6):

> “En Hy het vir my gesê : Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde….”.

Hierdie frase – **die Alfa en die Omega** - weerklink in die woorde van *Jesus Christus* en dui op die noue verbintenis tussen *God* en *Jesus Christus* soos reeds in die heel eerste woorde van *Openbaring* te kenne gegee word:

> "1:1 Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het."

Die herhaling van dieselfde kern-frase – die Alfa en die Omega - deur *Jesus* versterk die insig dat Hy en *God* in werklikheid een is [133] (1:11,17-18; 2:8):

> "Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste…" ; " …Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk Ek leef tot in alle ewigheid …"; "….Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en weer lewend geword het; …".

Weer eens word dit aan die einde van die geskrif herhaal (22:13):

"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste."

Die boustene van hierdie frase word in *Jes*. 44:6 [134] (en ook in *Jes*. 48:12) gevind:

כֹּה־אָמַר יְהוָה מֶלֶךְ־יִשְׂרָאֵל וְגֹאֲלוֹ יְהוָה צְבָאוֹת אֲנִי רִאשׁוֹן

וַאֲנִי אַחֲרוֹן וּמִבַּלְעָדַי אֵין אֱלֹהִים׃

> "So sê die Here, die Koning van Israel en sy Losser, die Here van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie."

Daarmee wil Johannes duidelik te kenne gee dat hy steeds een God aanbid en dat Jesus in die Godheid ingesluit is. (Sien ook **5.1.4.C**).

Nie slegs is die frase samebindend nie, maar in die bst. aanhaling van *Op.* 21:6 roep die woorde van God: "Dit is verby" - γέγονα*ν*, die laaste kruiswoorde van Jesus wat in *Joh*. 19:30 weergegee word, op: τετέλεσται – "Dit is volbring". Na die sewende plaag was daar ook "'n groot stem uit die tempel van die hemel .. van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!" - γέγονε*ν* (*Op.* 16:17)

As 'n Eenheid is dit te wagte dat die uitnemende kwaliteite aan God en Jesus toegeskryf kan word. Dit word in die doksologie aan die einde van hoofstukke 4 en 5 verwoord en prakties geïllustreer:

> "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag …."(4:11).

> "…die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof" (5:12).

---

[133] Dit strook met die woorde van *Jesus* soos opgeteken in die *Evangelie van Johannes* (10:30): "Ek en die Vader is een".

[134] In *Jesaja* word dit in teenstelling met die nietigheid van die afgode gebruik: dieselfde hout wat dien as brandhout, word gebruik om 'n afgodsbeeld van te maak (44:14,15).

> "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" (5:13).

Tog is daar verskillende fasette in die Godheid. In die sewende brief aan Laodicéa beskryf *Jesus God* as "my Vader"(3:21) en in die vierde brief aan Thiatíre is *Jesus* die "Seun van God" (2:18) wat praat. Net soos Johannes die Doper van *Jesus* getuig het dat hy "nie waardig is om Sy skoenriem los te maak nie" (*Joh.* 1:27) so het *Jesus* in sy Getuienis van *God* die eer aan Sy Vader gegee: "… die Seun kan niks uit Homself doen, tensy Hy nie die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so" (*Joh.*. 5:19).

- die Skeppergod

God word in *Openbaring* veral as die Skepper verheerlik (4:11):

> " U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape."

In verse 10:6 en 14:7 word die ewigheid en die oordeel van God saam met Sy Grootsheid as Skepper bevestig. Dit is inleidend tot die uitbeelding van God as Skepper van die nuwe hemel en die nuwe aarde (21:1-22:5).

Jesus Christus verwys na Homself as "die begin van die skepping van God" - ἡ ἀρχὴ τῆς κτίσεως τοῦ θεοῦ (3:14). Beale (1998:290) lees die vers teen die agtergrond van *Jes.* 43:10-19 en interpreteer die opstanding van *Jesus* as die inwyding van die nuwe skepping: "He himself *is* the beginning of the new creation and he is also witness to it." Dit sluit ook nou aan by bs. uitspraak: "Ek is die Eerste en die Laaste" – "die begin en die einde" – "die Alfa en die Omega".

- die Here van die Aarde

In *Openbaring* speel die natuur 'n belangrike rol in die oordeel van *God.* Dit word duidelik deur die oordeel na die basuine van die eerste vier engele geïllustreer (8:7-13). So staan die "Twee Getuies" (5.1.1.C.8) voor "die Here van die aarde" - κυρίου τῆς γῆς (11:4). Hierdie vers:

> οὗτοι εἰσιν αἱ δύο ἐλαῖαι καὶ αἱ δύο λυχνίαι αἱ ἐνώπιον τοῦ κυρίου τῆς γῆς ἑστῶτε
>
> "Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan".

is amper 'n woordelikse herhaling van *Sag*. 4:14 (Johannes voeg net die simbool van die twee kandelaars by):

> וַיֹּאמֶר אֵלֶּה שְׁנֵי בְנֵי־הַיִּצְהָר הָעֹמְדִים עַל־אֲדוֹן כָּל־הָאָרֶץ
>
> " En hy sê: Dit is die twee gesalfdes (seuns van die olie) wat by die Here van die ganse aarde staan"

Nadat “die dier wat uit die afgrond opkom” - τὸ θηρίον τὸ ἀναβαῖνον ἐκ τῆς ἀβύσσου (11:7) vir die Twee Getuies se onwaardige dood verantwoordelik was, was daar ‘n hewige aardbewing wat ⅒ van die inwoners van die stad laat omkom het en ander tot inkeer gebring het.

- die Lewende en Lewegewende God

> “En ek het ‘n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God;” (Op.7:2).

Teenoor die merk van die dier op die voorhoof en in die hand van sy volgelinge ontvang die “diensknegte van God” die seël van die “lewende” God op hul voorhoofde oor wie die “tweede dood geen mag” het nie (Op.20:6).

Hierdie mag van God om lewe te skenk word vervolmaak in die opstanding uit die dood van Sy Seun Jesus Christus. Bogenoemde verse (Op. 1:17-18; 2:8) het reeds verwys na Jesus se dood en Sy opstanding; dat Hy “lewende" is en sal “leef tot in ewigheid”. Aansluitend verklaar *Openbaring* 1:18b *Christus* se mag oor die dood: “… En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.”

Die omskrywing as die “lewende” *God* is ‘n welbekende frase in die geskrifte van die HB, waarmee die skrywers van die NT volgehou het. Die benoeming is kontrasterend in die konteks van die verleiding van die “dooie” afgodsbeelde gebruik (sien Osborne 2002:308):

> “ … of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie” (Op. 9:20).

Hierdie vergelyking is reeds in die HB getref:

> “ … hulle hef hom op die skouer; hulle dra hom en sit hom op sy plek neer. Daar staan hy! Hy wyk nie van sy plek nie; ook al roep iemand hom, hy antwoord nie; hy verlos hom nie uit sy benoudheid nie” (*Jes.* 46:7).
>
> “… want ‘n boom uit die bos kap hul om, die handewerk van ‘n ambagsman met ‘n byl. Hulle versier dit met silwer en goud, … Soos ‘n voëlverskrikker in ‘n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; … daar is ook geen goeddoen by hulle nie … Maar die Here is waarlik God, Hy is die lewende God en ‘n ewige Koning; …” (*Jer.*10:3-5,10).

Bostaande aanhaling (*Op.*7:2) omvat ook ‘n tweeledigheid wat deur die “seël” - σφραγίς -oorgedra word: aan die een kant dui dit op eienaarskap en beskerming, maar aan die ander kant kondig dit ontsettende oordeel aan. Dit word uit ‘n ander perspektief in die brief aan die gemeente Laodisea gestel (3:19): ἐγὼ ὅσους ἐὰν φιλῶ ἐλέγχω - “Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek.”

Jesus het in Sy leringe ‘n nuwe “gebod” verkondig: “dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (*Joh.* 14:34). Die “gebod” berus egter ook op tugtiging en oordeel. Hierdie aspek is in die vlg. kwaliteit ook van toepassing.

- die Regverdige God

> “ …Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!” (Op. 15:3). “…want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.” (*Op.*15:4). “…Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U die Heilige, omdat u hierdie oordeel uitgevoer het;” (*Op.* 16:5). “…Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele” (*Op.* 16:7).

In *Openbaring* word die regverdigheid van *God* veral in verband met Sy oordele oor die Bose gebring. Die regverdigheid is daarin geleë dat elkeen volgens sy eie dade beoordeel word. (*Op.* 20:13):

> ... καὶ ἐκρίθησαν ἕκαστος κατὰ τὰ ἔργα αὐτῶν.
>
> “…; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.”

In die briewe aan die gemeentes verseker Jesus hulle dat Hy “niere en harte deursoek” voordat Hy uitspraak lewer (*Op.* 2:23):

> ... καὶ γνώσονται πᾶσαι αἱ ἐκκλησίαι ὅτι ἐγώ εἰμι ὁ ἐραυνῶν νεφροὺς καὶ καρδίας, καὶ δώσω ὑμῖν ἑκάστῳ κατὰ τὰ ἔργα ὑμῶν.
>
> “ … en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.”

Hy het selfs tyd aan Isebel toegestaan om haar te bekeer van haar verkeerde werke (*Op.* 2:21).

- die Owerste oor die konings van die aarde

In die seëngroet van Johannes aan die sewe gemeentes benoem hy *Jesus Ch*ristus met hierdie titel (1:5) en in die beskrywing van die basuine in die visioene brei hy dit uit met: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (11:15). Die doksologie van die engele in *Op.* 15:3 vereer God as die “Koning van die *nasies*/heiliges”.[135]

Die opperheerskappy van Christus as die Lam op die aarde en in die hemel word in *Op.* 17:14 in die titel “die Here van die here en die Koning van die konings” as ‘n tussenwerpsel beklemtoon en weerklink in die naam wat op *Christus* se kleed in *Op.*19:16 geskrywe is: “Die Koning van die

[135] Die 1933/1992 Afrikaanse vertaling gee “heiliges” vir ἐθνῶν wat sekerlik as “nasies” vertaal moes word.

konings en die Here van die here". In dieselfde perikoop word *Christus* beskryf as 'n ruiter met baie krone op sy kop - ἐπὶ τὴν κεφαλὴν αὐτοῦ διαδήματα πολλά.

- die Heilige/die Koning van die heiliges:

In die aanhef van die sesde brief word Christus as "die Heilige" - ὁ ἅγιος – benoem (3:7) en in *Op.* 16:5 word God aangespreek as "die Heilige" - ὁ ὅσιος,

In die beskrywing van die oorweldigende gesig van God op die troon in die hemel (*Op*. 4) vereer die vier lewende wesens Hom dag en nag met die woorde (:8):

"Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!"

Die 24 ouderlinge "val voor Hom neer", "aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe" en "werp hulle krone voor die troon".

In *Op*.3:21 verseker *Jesus* dat die oorwinnaar saam met Hom op Sy troon sal sit, net soos Hy oorwin het en saam met Sy Vader op die troon gaan sit het.

5.1.1C.2 JESUS CHRISTUS/ Ἰησοῦς Χριστός

Alhoewel die eenheid van *God* en *Jesus* in *Openbaring* beklemtoon word, het *Jesus* se sending na die mensdom op die aarde Hom tog spesifieke "aardse" toeskrywings laat verkry.

5.1.1.1.1.1 OORSPRONG BENAMING

Gedurende die leeftyd van *Jesus* was Hy as "Jesus van Nasáret" of "Jesus, die Galiléër" (*Matt*. 21:11) bekend. Die oriëntering is bygevoeg aangesien "Jesus" 'n algemene Joodse naam was.

"Jesus" is afgelei van die Hebreeuse woord wat beteken "Jahwe red/het gered" of "Jahwe is redding". "Christus" is die vertaling van die Hebreeuse woord מָשִׁיחַ wat "gesalfde" beteken. Dit word direk so beskryf in *Joh.* 1:41b:

> …εὑρήκαμεν τὸν Μεσσίαν, ὅ ἐστιν μεθερμηνευόμενον χριστός.
>
> "…Ons het die Messías gevind – dit is, as dit vertaal word, die Christus." (*Joh*. 1:42b).

In die *Evangelie van Johannes* word die doel van die geskrif as volg omskryf (*Joh*. 20:31):

> ταῦτα δὲ γέγραπται ἵνα πιστεύσητε ὅτι Ἰησοῦς ἐστιν ὁ χριστὸς ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ, καὶ ἵνα πιστεύοντες ζωὴν ἔχητε ἐν τῷ ὀνόματι αὐτοῦ.
>
> "maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam."

In die latere boek *Openbaring* word die samestelling "Jesus Christus" sonder die lidwoord gebruik. Die betekenis as "die Messias" as 'n titel word nou sondermeer deur die lewe, die kruisdood en die

opstanding van Jesus as vervulling van hul verwagtinge as deel van sy benaming deur sy volgelinge aanvaar.

Tog word daar in *Openbaring* ook terugverwys na die gebruik van die term in die HB as "die Here se Gesalfde" in die finale triomf van *God* en die heerskappy van *Jesus* as Koning van Dawid (De Jonge 1992:784). In die HB word die frase meestal vir die konings van Israel gebruik. In *Lev.* 4:5,16; 6:22 word dit ook vir die priesters gebruik (soms vir 'n profeet). Die keuse van 'n koning het deur God plaasgevind en is met die salwing bevestig (1 *Sam*.10:1). Die verdere geskenk van die Gees wat met die salwing gepaard gegaan het (1 *Sam*.10:6), teken die besondere verhouding tussen *Jahwe* en die koning wat Hy oor Israel aangestel het. Dit word as 'n verhouding tussen 'n vader en sy eersgebore seun beskryf (*Ps*. 89:28):

> "Ja, Ék sal hom 'n eersgeborene - בְּכוֹר – maak, die hoogste onder die konings van die aarde."

Dit is wat die gebruik van "gesalfde" in die OT vir die Persiese koning Kores so uitsonderlik maak (*Jes*. 45:1):

כֹּה־אָמַר יְהוָה לִמְשִׁיחוֹ לְכוֹרֶשׁ

> So sê die Here aan sy Gesalfde, aan Kores, …"

en wat op 'n besondere band tussen die Jode en die Perse – in die Achaemeniede – tydperk – dui.

Volgens De Jonge (1992:777) word die term "gesalfde" in die HB nooit in die sin as 'n verlosser in die toekoms gebruik nie en is dit eers in latere Joodse geskrifte in die tydperk 200 v.C. tot 100 n.C. af en toe as agente van goddelike verlossing wat in die toekoms verwag word, gebruik. Die bekende en veelbesproke gedeeltes in *Jes*. 7:14 en 9:5-6 is later terugskouend deur die Christene op *Jesus Christus* van toepasssing gemaak. In meer resente navorsing word die teendeel in heroorweging geneem. In die inleiding van die gepubliseerde artikels van 'n konferensie oor *The Messiah in the Old and New Testaments* is Porter (2007:2) van mening dat die besprekings gelei het tot:

> "a healthy recognition of the need not to over-read the Old Testament and related texts, but there is a residual sense in which a number of passages are indicating something more than simply fulfillment by a figure of time, or even the people of Israel" (Sien ook 6.2.B.2).

- Een soos die Seun van die mens

Hierdie benoeming in *Openbaring* kom net soos die een in die HB in *Dan*. 7 in 'n visioen voor. In die geskrifte van die HB word בֶּן אָדָם meestal met "mensekind" vertaal, maar in *Daniël* 7:13 word בַּר אֱנָשׁ met meer nuanse in 'n vergelyking gebruik – כְּבַר אֱנָשׁ - net soos - **ὅμοιον** υἱὸν ἀνθρώπου - in *Op.* 1:13 met die betekenis dat dit 'n hemelse wese moet wees. Die konteks van

Daniël dui moontlik op die engel *Gabriël* (*Dan*. 9:21) of *Migael* (*Dan*. 10:20-21) en *Openbaring* op *Jesus Christus* (*Op*. 1:17-18;14:14). [136] Net soos die visioen in *Dan*. 7:13 word wolke met die wese geassosieër: In *Daniël* het hy "gekom met die wolke van die hemel" en in *Op*.14:14 "sit Hy op die wolk". Dit sluit aan by Osborne (2002:88) se slotsom na sy oorweging van al die verskillende interpretasies dat "Een soos die Seun van die mens" in *Daniël*, die *Evangelies* en *Openbaring* as "a messianic figure with divine overtunes" vertolk moet word. Longman III (2007:27) verwys terug na die ou mitologie van die Ou Nabye Ooste waarin die oorlogsgod, gewoonlik 'n stormgod op 'n wolk in die oorlog ingevaar het. Ander tekste in die HB beskryf *Jahwe* op dieselfde manier, veral *Ps*. 18:10-13. In *Ps*. 104:3, *die Lied van die Skepping* maak Hy "van die wolke sy wa". Collins (2000c:14-15) wys op die ongewone verskynsel van twee hemelse figure: "'n Oue van dae" en "Een … soos die Seun van 'n mens" en meer nog dat "heerskappy en eer en koningskap" aan lg. gegee word en dat "al die volke en nasies en tale … Hom vereer" het. *Migael* word in *Dan*. 10 as die "prins" van Israel wat teen die prinse van Persië en Griekeland moes veg, beskryf en kan met die status as die "Seun van die Mens" geïdentifiseer word. Dis interessant om te let dat hoewel verskeie kopieë van *Daniël* in die QL gevind is, daar nie 'n verwysing van die benaming in die Rolle aangetref word nie, maar dat dit tog weer in die NT en spesifiek hier in *Openbaring* voorkom.

Op die vraag van die hoëpriester: "Is U die Christus, die Seun van die geseënde *God*?", antwoord *Jesus* volgens *Mark*. 14:62: "Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag *van God* sien sit en kom met die wolke van die hemel". Reeds in *Mark*. 2:10 het *Jesus* in die verhaal van die genesing van die verlamde man in Kapernaum die benoeming aan homself toegeëien en die mag om sondes te vergewe bo die mag om wondergenesing te doen, gestel. Die benaming word dus in die nuwe konteks aangepas. In *Op*. 1:13 staan "Een soos die Seun van die mens" tussen die 7 kandelare, met ander woorde tussen die gemeentes.

- die Seun van God

Heel aan die begin van *Jesus* se bediening is Hy met die doop deur Johannes in die Jordaanrivier as die Seun van God bevestig (*Mark*. 1:10-11):

> "En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos'n duif op Hom neerdaal. En daar het 'n stem uit die hemele gekom : U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het".

---

[136] Kobelski (1981:134-137) het in sy vergelyking van *11QMelch*, *Dan.* 7 en *Psalm* 110 as agtergrond van die titel "Seun van die Mens" tot die slotsom gekom dat die 'histories/hemelse" figuur as 'n agent van God se oordeel sy oorsprong in dié parallelle uitbeelding gekry het en dat dit verder deur die figuur van Henog in die *Vergelykings van Henog* aangevul is.

In *Op*. 2:18 word die "Seun van God" deur die presiese beskrywing "wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper" aan die beskrywing van die "Een soos die Seun van die mens" (1:15) verbind. Hierdie twee verwysings bou op na die visioen van *Christus* wat op 'n wit perd die "oorlog in geregtigheid" voer "...En sy oë was soos 'n vuurvlam" (*Op*. 19:11b-12a).

In die oorwinningsperikoop (*Op*. 19:11-21) word Christus met nog twee benamings vereer:

- die Getroue en Waaragtige Getuie

πιστὸς en ἀληθινός – volg op die eerste omskrywings in die aanhef van die laaste twee briewe aan die gemeentes van Filadelfía en Laodisea: ὁ ἀληθινός - die Waaragtige 3:7; en -ὁ μάρτυς ὁ πιστὸς καὶ ἀληθινός - die getroue en waaragtige Getuie 3:14.

God se getrouheid is reeds in die HB - veral in die *Psalms* - besing en word veral deur אֱמֶת - vastheid, getrouheid, waarheid – weergegee; in *Ps*. 91:4 met 'n oorlogsbeeld:

> "..; sy trou - אֲמִתּוֹ - is 'n skild en 'n pantser." "...en u trou (is) tot by die wolke." (*Ps*. 108:5).

God se trou word aan Sy oordeel, woord en getuienisse (*Ps*. 119:89,138) gekoppel en bevestig dat Hy dit "vir ewig ...van geslag tot geslag" (*Ps*. 119:90) gestand hou.

Teen hierdie agtergrond beskryf Johannes in die seëngroet van *Openbaring* Christus as die "Getroue Getuie" - ὁ μάρτυς, ὁ πιστός (*Op*.1:5) en beklemtoon dit verder met bst. gedeeltelike (3:7) en uitgebreide (3:14) herhaling. Daarmee wil hy 'n belangrike tema in die *Openbaring* inlui. In die woord - ὁ μάρτυς- word die latere betekenis as "martelaar" hier deur die volgehoue getuienis tot selfs die dood toe vasgelê. Vanaf *Jesus* en Johannes as gevangene op Patmos kring dit uit na die Gemeentes, die Kerk tot by die getuienis van die ψυχὰς τῶν ἐσφαγμένων διὰ τὸν λόγον τοῦ θεοῦ καὶ διὰ τὴν μαρτυρίαν ἣν εἶχον - 6:9. (Laasgenoemde word onder Leërmag 5.1.2C.3 verder bespreek).

- Die Woord van God

Hierdie benaming ὁ λόγος τοῦ θεοῦ (*Op*. 19:13) in die perikoop, waar *Christus* as aanvoerder van die oorlog geteken word, dra een van die vernaamste aspekte van die geloof van die eerste volgelinge van *Christus* oor. Hierdie groepie Jode het geglo dat in *Christus* die vervulling van die Woord van *God* plaasgevind het, net soos hulle reeds in die geskrifte van die HB egtheid aan die vervulling van 'n profeet se voorspelling geheg het (*Deut*. 18:22). Dit word baie duidelik in die inleiding van die *Evangelie volgens Johannes* gestel (*Joh.* 1:1-5):

> "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding

ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."

Die sinopsis volg in 1:14:

Καὶ ὁ λόγος σὰρξ ἐγένετο καὶ ἐσκήνωσεν ἐν ἡμῖν, καὶ ἐθεασάμεθα τὴν δόξαν αὐτοῦ, δόξαν ὡς μονογενοῦς παρὰ πατρός, πλήρης χάριτος καὶ ἀληθείας.

"En die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol genade en waarheid".

Hierteenoor word die Woord wat uit die mond van *Christus* kom ook as " 'n skerp tweesnydende swaard" beskryf - *Op.*1:16 (sien ook Wapens 6.1.2C.2).

- die Eersgeborene uit die Dode

Kinders is as 'n rykdom in die geskiedenis van Israel gereken, veral seuns. Die oudste seun was die belangrikste erfgename, die volgende familiehoof en verantwoordelik vir die welsyn van sy gesin. Die ere-titel word verder versterk deurdat dit aan die dood verbind word. *Jesus* se opstanding uit die dode het aan Sy volgelinge die verwagting van hul eie wedergeboorte gegee (1 *Pet.*1:3). Verder word hul in die brief aan Smirna verseker dat hul ook "geen skade deur die tweede dood sal ly nie" (*Op*. 2:11).

"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hul sal priesters van God en Christus wees …" (Op. 20:6).

- die Amen

Die mees algemene gebruik van אָמֵן in die geskrifte van die HB is om uitsprake soos gebede, seënbede, lofuitinge, bevele en selfs vloeke af te sluit en te bevestig. In *Op.* 3:14 word die benaming - die Amen - vir *Christus* saam met "die getroue en waaragtige Getuie" en "die begin van die skepping van God" gebruik. *Christus* se koms na die aarde as lewende Getuie van God bevestig die Woord van *God.* Sy kruisdood en die verwagting van Sy wederkoms was die afsluiting van die mag van die Bose; daarom eindig *Openbaring* met die "Amen":

"Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!"

In teenstelling met die gebruik in die HB het *Jesus* ἀμὴν aan die **begin** van sy leringe op aarde as 'n inleidende plegtige versekering gebruik bv. *Matt.* 18:3:

"en Hy sê: Voorwaar - ἀμὴν – Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"

In die *Evangelie van Johannes* gebruik *Jesus* ἀμὴν dikwels dubbeld om 'n waarheid op 'n vraag aan Hom te beklemtoon (*Joh*. 8: 58):

> ... ἀμὴν ἀμὴν λέγω ὑμῖν, πρὶν ᾽Αβραὰμ γενέσθαι ἐγὼ εἰμί... " …Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham daar was, is Ek."

Dis asof die skrywer hier prakties wou illustreer dat *Christus* nie slegs by die voleindiging sal wees nie, maar dat Hy reeds vanaf die begin daar was – soos met die uitspraak van die 'Alfa en die Omega'.

- die Lam

In *Op*. 5 word 'n hoogtepunt in die verering van *Christus* bereik. Dit is die verkondiging van 'n nuwe orde in die aanbidding van 'n god – 'n almagtige hemelse wese - wat paradoksaal as die "Lam wat geslag is" (5:6) voorgestel word. Hy is waardig om die boek te neem en die seëls oop te maak "want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie," (5:9). Die ere-posisie van die Lam is by die middelpunt - die troon van God - van die binnekring in die hemelse visioen (5:6):

> ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου καὶ τῶν τεσσάρων ζῴων καὶ ἐν μέσῳ τῶν πρεσβυτέρων.

In kontras het die "geslagte" Lam "sewe horings en sewe oë". "Horings" was in die konteks van die antieke wêreld simbole van krag en mag, terwyl die "oë" alsiendheid en sodoende ook alwetendheid uitgebeeld het. "Sewe" het die volmaaktheid in die twee kenmerke voorgestel. Die uitbeelding van die Lam van *God* berus hoofsaaklik op twee aspekte wat die genade en die oordeel van *God* wil weergee: 'n samevoeging van die Paasfeeslam (*Eks*. 12:5-6) en die Lydende Dienskneg (*Jes*. 53:7) uit die HB; en die lam of ram met horings uit die Joodse apokaliptiek (1 *Henog* 90.9-12) wat as goddelike kryger die volk van God tot oorwinning lei (Osborne 2002:257).

Laasgenoemde word deur die "toorn van die lam" ὀργῆς τοῦ ἀρνίου (6:16-17) geïllustreer:

> "en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons van die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die lam: want die groot dag van sy toorn het gekom en wie kan bestaan?".

Dit sluit aan by die eerste van twee ander benamings uit die HB in die aanloop tot die toesegging as die "Lam" :

- die Leeu uit die stam van Juda

In die seëngroet van Jakob aan sy seuns op sy sterfbed beskryf hy Juda as 'n jong leeu wat deur sy broers geloof en geëer sal word (*Gen.* 49:9). In die benoeming is ontsagwekkende krag en durf opgesluit. Die rolle word omgekeer in die uitbeelding van *God* se oordeel in *Hos*. 5:14:

> " Want Ek is soos 'n jong leeu vir Efraim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Juda; Ek, Ek verskeur en gaan heen, Ek dra weg sonder dat iemand red".[137]

Die bekende beeld uit die geskrifte van die OT word as troos deur een van die ouderlinge in *Op.* 5:5 gebruik – inleidend tot die bekendstelling van die "Lam". Hoewel die Lam geslag is, beskik Hy oor krag – die sewe horings en sewe oë bevestig dit - en gebruik Hy dit in Sy oordeel en stryd teen die Bose.

- die wortel van Dawid

Jes. 11:1 is bekend vir die metafoor van die stomp van Ísai:

> "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra."

Die afstammelinge, die "stamboom" van Ísai en sy seun, Dawid is weens die aanvalle van die vyand verklein tot 'n stomp, maar die voorspelling in *Jesaja* 11 hou die belofte van 'n bloeityd onder 'n nuwe leier in, wanneer die oorblyfsel van "die seuns van Israel" wat weggevoer is, weer bymekaar sal kom en Efraim en Juda teen hul vyande sal verenig. In *Jer*. 23:5 word die beeld 'n "Spruit":

> "Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land."

Die "Spruit van Geregtigheid" word ten nouste verbind met die verbond tussen die Here en Sy volk Israel (*Jer*. 33:15). Weereens word die bekende en belangrike beloftes uit die ou geskrifte as troos in die visioen deur die ouderling gebruik. Hoewel *Christus* nie as aardse koning gekroon is nie, sal Hy uiteindelik oor die Bose seëvier.

In die laaste perikoop word die beeld herhaal in die woorde van *Jesus* (*Op*. 22:16):

> "Ek is die wortel en die geslag van Dawid,..."

en voeg Hy verder by:

- die Blink Môrester

ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς ὁ πρωϊνός – die belofte van die "môrester" word reeds in die inleidende briewe aan die oorwinnaars van die gemeente van Thiatire gemaak – in konteks dus *Christus* self. Dit sluit aan by die messiaanse voorspelling in *Num.* 24:17, wat meer uitvoerig onder 6.2.B.2 bespreek word.

---

[137] Dit roep die waarskuwing teen die Duiwel wat "rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" in 1 *Pet*..5:8 op.

- die Geheime Naam

Daar is reeds verwys na die krag wat aan die naam van ‘n lewende wese in die Antieke tyd geheg was en dat dit soms deur ‘n syferkode geskryf is. *Christus* word in *Op.* 19:12 in die beskrywing as oorwinnaar ook ‘n geheime naam toegeken:

> ἔχων ὄνομα γεγραμμένον ὃ οὐδεὶς οἶδεν εἰ μὴ αὐτός
>
> “…en Hy het ‘n naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self”.

Hierdie geheimenis skakel moontlik aan die menslike beperktheid van begrip aan die hemelse sfeer wat in die *eskaton* opgeklaar sal word:

> “Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig…”(1 *Kor.* 13:12).

Die beloftes aan die getroue volgelinge in die briewe aan Pergamus (2:17) en Filadelfia (3:12) word ook deur die simboliek van ‘n nuwe onbekende naam, die Naam van God en die nuwe Jerusalem oorgedra:

> “…Aan hom wat oorwin …en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang”(2:17).

“Wie oorwin … en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam” (3:12).

Dit word aan die einde van *Openbaring* weer bevestig en dat die diensknegte dan ook die aangesig van *God* sal kan sien:

> “En hulle sal sy aangesig sien, en Sy Naam sal op hul voorhoofde wees” (22:4).

5.1.1C.3 DIE SEWE GEESTE VAN GOD/ DIE GEES VAN GOD

In die klassieke Grieks word ‘gees’ deur *pneuma* weergegee met dieselfde algemene betekenis van ‘wind’, ‘asem’ en ‘lewe’ soos die Hebreeuse רוּחַ, maar ook met metaforiese uitbreidings van die begrippe. Laasgenoemde word veral deur die eienskap van onsigbaarheid, maar wel waarneembare (soms kragtige) resultate gestimuleer. Van die 379 keer wat *pneuma* in die geskrifte van die NT gebruik word, is slegs enkeles in die oorspronklike betekenis van ‘wind’ en ‘asem’. Die meeste verwys na die ‘gees van God’ (275), terwyl die gebruik as samestellings soos *pneuma hagion* – ‘heilige gees’ (92) - en *pneuma theou* - ‘gees van God’ (18) - en die gees van *Christus* as - *pneuma tou huiou autou* - ‘die gees van sy Seun’ (3) en een maal as *pneuma Iesou* - ‘die gees van Jesus’ nou meer voorkom. Heelwaarskynlik as ‘n uitbouing op die gebruik daarvan in die QL, maar ook as ‘n duideliker kwalifisering as kontras teenoor *pneuma akatharton* - onreine gees (Horn 1992:261).

In *Joh.* 3:8 gebruik *Christus* die betekenis as natuur-element om die wedergeboorte aan Nikodémus te verduidelik:

> τὸ πνεῦμα ὅπου θέλει πνεῖ καὶ τὴν φωνὴν αὐτοῦ ἀκούεις, ἀλλ' οὐκ οἶδας πόθεν ἔρχεται καὶ ποῦ ὑπάγει· οὕτως ἐστὶν πᾶς ὁ γεγεννημένος ἐκ τοῦ πνεύματος.
>
> "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die gees gebore is".

Met die uitstorting van die *Heilige Gees* was daar ook "'n geluid soos van 'n geweldige rukwind" en "tonge … soos van vuur" (*Hand.* 2:2,3).

*Joh.*14:16-17 en 20:22 beskryf die belofte van die *Gees* wat Jesus aan sy dissipels gegee het:

> "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster – παράκλητον - gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."
>
> (Nuwe vertaling dui παράκλητος as 'n 'voorspraak'/'bemiddelaar' aan.)
>
> "En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy *op hulle* en sê Hy vir hulle: Ontvang die Heilige Gees."

Hierdie belofte dat *Jesus* na Sy hemelvaart 'n 'Voorspraak' by hul agterlaat, moes 'n sterker persepsie van die *Heilige Gees* as 'n afsonderlike entiteit by die vroeë Christelike kerk laat posvat het. Verder moes die beeld 'n sterk eenheid met *Christus* en deur Hom met *God* oorgedra het; veral deur uitsprake van *Jesus* soos in die gesprek met die Samaritaanse vrou waar Hy aan haar gesê het:

> "God is Gees - πνεῦμα- ; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (*Joh.*4:24).

Die gebruik van die werkwoord *enephysēsen* - blaas – verwys terug na die Skepping in *Gen.* 2:7:

> "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."

Teen bostaande agtergrond word πνεῦμα as die *Gees van God* in *Openbaring* in verskillende fasette weerspieël:

1. In die inleidende seëngroet kom die "genade" en die "vrede" van *God*, *Jesus Christus* en van die "sewe Geeste" - ἑπτὰ πνευμάτων - wat voor die troon van *God* is (*Op.* 1:4). In 3:1 word hulle saam met die sewe sterre (engele van die gemeentes) gegroepeer: … ὁ ἔχων τὰ ἑπτὰ πνεύματα τοῦ θεοῦ καὶ τοὺς ἑπτὰ ἀστέρας·

"… Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het…" Dit skakel aan die visioen van die Lam (5:6) "met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van *God* is wat uitgestuur is oor die hele aarde". Die sewe Geeste is dus deel van *God* en *Christus* en kan as simbool vir die *Gees* van God vertolk word. In die Christelike literatuur van dié tydgleuf word πνεῦμα selde in die betekenis van *engele* - ἀγγέλοι - en glad nie in *Openbaring* daarvoor gebruik nie (Bauckham 1993:162).

Die sewe Geeste word ook in *Op*. 4:5 as sewe vuurfakkels wat voor die troon gebrand het, voorgestel. Die visioene in die boek *Sagaria* 3 en 4 word as agtergrond van die simbole vertolk.

2. Op vier plekke beklemtoon Johannes dat die visioene deur die *Gees* aan hom geopenbaar is:

> " Ek was in die Gees - ἐν πνεύματι - op die dag van die Here..." (*Op*.1:10).
>
> "En dadelik was ek in die Gees ..." (*Op*. 4:2).
>
> "En hy (een van die sewe engele) het my in die gees weggevoer ..." (*Op*. 17:3; 21:10).

Die *Gees* word geteken as die inspirasie van sy ervaring – die element wat dit ontketen het. Johannes wil daardeur die geloofwaardigheid van die openbaring beklemtoon.

3. In die slotwoord van elkeen van die sewe briewe word sewe keer in 'n refrein die gemeentes gemaan om gehoor te gee aan dit wat die *Gees* aan hulle gesê het:

> Ὁ ἔχων οὖς ἀκουσάτω τί τὸ πνεῦμα λέγει ταῖς ἐκκλησίαις.
>
> "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."(*Op*. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22).

Die *Gees* kry dus 'n vername aandeel in die leer en leiding van die gemeentes deurdat hy as die kommunikasiekanaal geteken word.

4. In *Op*. 22:17 word 'n belangrike plek aan die *Gees* saam met die "bruid" in die "laaste dae" toegeken. Hulle roep saam die dringende versugting uit dat *Christus* moet **kom**:

> "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

In die vorige hoofstuk word dit uitgeklaar dat die "bruid" as simbool vir die "die heilige stad, die nuwe Jerusalem" gebruik word (*Op*. 21:2). Die beeld word verder uitgebrei in *Op.* 21:9:

> "...ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam".

In *Op.* 19:7-9 word die "kerk" as die bruid van die Lam voorgestel. Die versugting deur die *Gees* en die bruid bevat ook 'n uitnodiging in die herhaling van die vroeëre belofte van God:

> "Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet." (*Op.* 21:6).[138]

5. Johannes gebruik "gees" in 'n kriptiese samevoeging met "profesie" wat verskillende interpretasiemoontlikhede bied:

> "... Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie" (*Op*.19:10b).

In *Op*. 1:2 en 1:9 word "die getuienis van Jesus" saam met "die woord van *God*" genoem. Interessant is dat dit dadelik in 1:3 opgevolg word met "die woorde van die *profesie*" en in 1:10 met die stelling dat hy (Johannes) "in die *Gees*" was. Hierdie frases in die 4 verse word saamgevat in *Op*.19:10b en moet stellig bydra tot die vertolking daarvan. Dit getuig van Johannes se werkswyse om verskillende drade oor en weer in nuwe patrone te knoop. Die tesis laat nie ruimte vir die teologiese ontknoping daarvan nie.

5.1.1C.4 DIE 24 OUDERLINGE

Rondom die troon in die visioen van die hemel was daar 24 trone waarop 24 ouderlinge - πρεσβυτέροι - gesit het (*Op*. 4:4). In hul verering het hulle hul goue krone voor die troon van *God* neergegooi wat as 'n teken van algehele onderdanigheid aan *God* se heerskappy gelees kan word. Dit is nie duidelik of hierdie figure as verheerlikte **mense** of **hemelse wesens** vertolk moet word nie. Die "trone" en "krone" verleen wel koninklike status aan hulle. Volgens die HB (1 *Kron*. 24) het Dawid die **priesterorde** volgens hul ampte in 24 klasse ingedeel. Sommiges "uit die seuns van Eleasar en onder die seuns van Itamar" word selfs in 1 *Kron*. 24:5 as "heilige vorste en vorste van God" - שָׂרֵי־קֹדֶשׁ וְשָׂרֵי הָאֱלֹהִים - beskryf. Dit kan as 'n moontlike verklaring vir verheerlikte **mense** in die visioen beskou word. In *Dan*. 10:13 word die **engel**, *Migael*, ook as 'n "vors" -שַׂר - beskryf. Hoewel שַׂר in die NV met "ampsdraers" en "engel" vertaal word, is dieselfde woord in Hebreeus daarvoor gebruik. Geen aanvaarbare uitsluitsel kon nog oor die status van die figure bereik word nie. N.a.v. die ontleding van die hooffunksies van die 24 ouderlinge – aanbidding, verering, bemiddeling en vertolking - kom Osborne (2002:229-230) tot die slotsom dat hulle deel uitmaak van die hemelse binnekring as heersers, wat 'n priesterlike rol in die verheerliking van *God* speel. Hulle belangrikheid word weerspieël deurdat daar deurgaans in *Openbaring* na hul verwys word (4:4, 10; 5:5-14; 7:11, 13; 11:16; 14:3; 19:4).

---

[138] *God* is reeds in die HB as die "fontein van die lewende water" beskryf (*Jer*.2:13).

5.1.1C.5 DIE 4 LEWENDE WESENS

In die binneste sirkel van die binnekring om die troon was daar saam met die 7 Geeste en die 24 Ouderlinge ook 4 Lewende Wesens - τέσσαρα ζῷα – wat "sonder ophou dag en nag" God gedank, vereer en geloof het. Hierdie posisie van "in die middel van die troon" - ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου – "en rondom die troon" - καὶ κύκλῳ τοῦ θρόνου – en die funksies van die vier Lewende wesens plaas hulle die naaste aan die troon. Die uitsonderlike wesens se belangrikste kenmerk was dat hul "vol oë van voor en van agter" (4:6) was en dat selfs die ses vlerke wat elkeen gehad het "rondom en van binne vol oë" was (4:8). Hierdie eienskap kan dui dat hulle 'n wakende "oog" "dag en nag" oor die troon gehou het en dat hulle tot die alsiendheid en sodoende, die alwetenheid van God bygedra het. Verder was hul verskillend: "die eerste … was soos 'n leeu, en die tweede … soos 'n kalf [139], en die derde … het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde … was soos 'n arend wat vlieg"(4:7):

καὶ τὸ ζῷον τὸ πρῶτον ὅμοιον λέοντι καὶ τὸ δεύτερον ζῷον ὅμοιον μόσχῳ καὶ τὸ τρίτον ζῷον ἔχων τὸ πρόσωπον ὡς ἀνθρώπου καὶ τὸ τέταρτον ζῷον ὅμοιον ἀετῷ πετομένῳ. Dieselfde voorkomste en baie oë word in *Eseg.* 1:5-6,18; 10:14, maar in 'n verskillende volgorde (man, leeu, bul en arend) en al vier by een wese - כְּרוּב – (gerub) uitgebeeld. Hierdie wesens het 4 vlerke gehad, terwyl die - שְׂרָפִים – serafs in die visioen van *Jesaja* (6:2) ses vlerke gehad het en God met drie "Heiligs" (die "trisagion") geloof het. In die visioen beskryf Johannes die 4 wesens nie spesifiek as gerubs of serafs nie of ken nie 'n eienaam aan hul toe nie, alhoewel hul ook deel aan die goddelike oordeel het. Hierdie vergelykings met **ὅμοιον** is dieselfde kombinasie as - **ὅμοιον** υἱὸν ἀνθρώπου (1:13) "Een soos die Seun van die mens". Hierdie 4 belangrike hemelse wesens word aan aardse skepsele - **leeu, kalf**, **mens**, **arend** - verbind. Hoewel nog nie konsensus aan die interpretasie van die 4 aardse skepsele bereik is nie, kan aanvaar word dat hul verteenwoordigend van die lewende wesens op die aarde is en kenmerke soos edelste, sterkste, mees wyse en vlugste in die Skepping op aarde verteenwoordig (Osborne 2002:234). Die getal 4 kan as 'n aanduiding van die windstreke van die aarde geneem word.

Aan die ander kant is die 4 wesens se posisie reg langsaan en rondom die troon waarop *God* en *Jesus* sit. Soos die "Sterk Engel" duidelike ooreenkoms met *Jesus* toon (5.1.1.C.6), so kan die 4 wesens ook **afskynsels** van die Godheid vertoon. *Jesus* word as die "**Leeu** van Juda" beskryf . Soos reeds gesien hou die beeld durf en krag in, maar ook oordeel in die beskrywing van *God* in die HB. In die oorsprong van die naam vir *God* in die HB as die *Magtige van Jakob* - אֲבִיר יַעֲקֹב - was die oorsprong van die kwaliteit van krag in dié van 'n **bul** geleë. Dit word in ander tekste gebruik om 'n

[139] μόσχος - kan ook as jong bul of os vertaal word.

bul aan te dui – *Jes*. 34:7; *Ps*. 22:12; 50:13. *Jesus* het as Seun van God na die aarde as Seun van die **Mens** gegaan.

God word as 'n **arend** in die HB beskryf :

> "Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels-" (*Deut.* 32:10b-11). "... en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het" (*Eks*. 19:4).

Dit sluit aan by die beeld van die vrou wat arendsvlerke gegee word om te kan vlug (*Op*. 12:14).

In kontras daarmee word die arend in *Op*. 8:13 as die boodskapper om die driedubbele "wee" van die oordeel van *God* vir die aardbewoners aan te kondig, gebruik.[140]

5.1.1C.6 DIE ENGELE

In die visioene word verwys na spesiale engele wat *God* in sy stryd teen die Bose bygestaan het.

Die "**sterk engel**" - ἄγγελον ἰσχυρὸν - word vir die eerste maal in *Op*. 5:2 genoem. Sy vraag, met 'n "groot stem": "Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?" is die inleiding tot die belangrike bekendstelling van die Lam. In hoofstuk 10 verskyn "**n ander sterk engel"** - ἄλλον ἄγγελον ἰσχυρὸν - met "n groot stem ... soos 'n leeu wat brul" met 'n beskrywing wat deur assosiasie soos 'n afskynsel van Christus voorkom: "bekleed met 'n wolk"; "'n reënboog was oor sy hoof"; "sy aangesig was soos die son", en "sy voete soos pilare van vuur".[141] Hy het 'n geopende boekie in sy hand gehad wat Johannes moes opeet - wat soet soos heuning in sy mond was, maar wat sy maag bitter gemaak het - sodat hy weer moes "profeteer" (10:11).[142] Die toneel verderaan in 10:5-6 waar die engel sy hand na die hemel ophef, by God sweer en die belangrike aankondiging doen dat daar geen tyd meer sal wees nie, stem baie ooreen met 'n soortgelyke toneel in *Dan*. 12:6-7.

---

[140] Daar is reeds verwys na die verskynsel om dieselfde simbole vir die bose en die goeie te gebruik. Die goddelike word ten spyte daaran bo die bose te stel. So was die arend die simbool op die vlae van die Romeinse leërs en word dit hier as simbool van een van die hemelse wesens digby die troon van *God* gebruik. Daar is reeds verwys na die *Satan* wat "soos 'n brullende leeu rondloop".

[141] Dit sluit aan by die inleiding (*Op*. 1:1) waar geskryf staan dat die openbaring "van *Jesus Christus* wat *God* Hom gegee het … en wat Hy deur die sending van sy engel" aan Johannes oorgedra het; asook by *Op*. 22:6 waar die naam van *Christus* weggelaat word, maar Hyself weer in die volgende vers praat, sodat die engel en *Jesus Christus* baie nou aan mekaar skakel - dit klink of *Christus* deur die engel praat. (Sien ook Stuckenbruck 1995: 221-232.)

[142] In *Eseg.* 2 en 3 wat baie ooreen stem met hierdie visioen van Johannes is die boekrol beskywe met "klaagliedere en gesug en wee".

“Een sterk engel” (18:21) het met ‘n klip so groot soos ‘n meulsteen die vinnige val van Babilon geïllustreer deur die klip in die see te gooi en die gevolge van die oordeel oor Babilon opgenoem. By die “sterk engel” kan die “ander engel ... **met groot gesag** - ἐξουσίαν μεγάλην - ... en **heerlikheid**” - δόξης - gevoeg word (18:1-3). Hy het ook die val van Babilon verkondig.

In hoofstuk 7 word die **vier engele wat op die vier hoeke van die aarde** gestaan het en die vier winde vasgehou het en “aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig”, beskryf. Hulle was onder bevel van ‘n “**ander engel**” - ἄλλον ἄγγελον - wat eers die bevel teruggehou het.

Ook in hoofstuk 14:6 word drie engele - waarvan twee ook as ‘n “ander engel” - ἄλλον ἄγγελον – en die laaste as die “derde engel” omskryf word - gebruik om die oordeel van *God* aan “die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke” aan te kondig. Nog ‘n verdere drie engele wat as “’n ander engel” genoem word, kondig die tyd van die oes aan en is behulpsaam met die graanoes en die wynoes van die aarde.

Hoofstuk 8 en 9 beskryf die **7 engele** aan wie die “sewe basuine” gegee is. Navorsers vertolk die 7 engele as die 7 aartsengele wat ook in ander literatuur van die tydgleuf voorkom (Osborne 2002:342). As inleiding tot die sewe basuine het nog ‘n “ander” engel - ἄλλος ἄγγελος - met ‘n goue wierookbak by die altaar die bak met reukwerk en die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon gelê. Daarna het hy dit weer met vuur van die altaar gevul en dit op die aarde gegooi: met “stemme .. donderslae en weerligte en aardbewing” as gevolg. Uit die troon het daar ook “weerligte en donderslae en stemme” gegaan (*Op*. 4:5).

Na die eerste engel se basuin is “hael en vuur met bloed gemeng” op die aarde gegooi sodat ‘n derde van die bome en al die groen gras verbrand het (8:7).

Die tweede engel se basuin het “iets soos ‘n berg wat brand met vuur” in die see laat val sodat dit bloed geword het en ‘n derde van die see se lewende wesens in die see omgekom het en ‘n derde van die skepe vergaan het (8:8-9).

Die derde engel se basuin het ‘n groot ster wat soos ‘n fakkel brand uit die hemel op ‘n derde van die riviere en waterfonteine laat val en die water bitter gemaak sodat die mense daarvan gesterf het.

Die vierde engel se basuin het ‘n derde van die son en die maan en die sterre getref sodat ‘n derde van die dag en nag geen lig sou hê nie (8:10-11).

Die vyfde engel se basuin het die afgrond laat oopgaan sodat die sprinkane kon uitkom - met die mag van skerpioene wat die mense wat nie die seël van God op hul voorhoofde gehad het nie te martel en te pynig sodat hul sou wens om te sterwe (9:1-12).

Die sesde engel se basuin het die vier engele by die Eufraat losgemaak om ‘n derde van die mense dood te maak (9:13-21).

Die laaste engel – die sewende - se basuin word eers in die toekoms beskryf (10:7): wanneer hy dit “sal” blaas, kondig dit die “blye tyding” - εὐηγγέλισεν - aan dat “die verborgenheid - μυστήριον - van God” volbring is. [143] In die volgende hoofstuk (11:15-19) “het die engel geblaas” en vervolg die “blye tyding” dat “die koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here en van sy Christus” geword het en dat “Hy as Koning” sal heers “tot in alle ewigheid”. Daarna het die 24 ouderlinge Hom aanbid en gedank. “Die tempel van God het in die hemel oopgegaan en sy verbondsark is in die tempel gesien”. Geweldige natuurverskynsels rond die visioen af: “en daar (was) weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael”.

In die visioen van die draak en die vrou word een van die aartsengele pertinent by naam genoem: “**Migael** en sy engele” het teen die draak en sy engele oorlog in die hemel gevoer (12:7):

Καὶ ἐγένετο πόλεμος ἐν τῷ οὐρανῷ, ὁ Μιχαὴλ καὶ οἱ ἄγγελοι αὐτοῦ τοῦ πολεμῆσαι μετὰ τοῦ δράκοντος. καὶ ὁ δράκων ἐπολέμησεν καὶ οἱ ἄγγελοι αὐτοῦ.

In die vorige hoofstuk (4.1.1.1) is reeds die agtergrond van dié toneel in *Daniël* en die *Boek van die Wakers* bespreek. Die vername plek wat *Migael* in die engleleer in die tydperk ingeneem het, word duidelik geïllustreer deur die gebruik van sy eienaam in *Openbaring.*

Die sewe engele neem ook die laaste sewe plae waar. Hulle het uit die tempel gekom en een van die 4 lewende wesens het aan hulle die sewe bakke gevul met “die toorn van God” gegee.

Die inhoud van die eerste engel se bak het “kwaai en bose swere” aan diegene “wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het”, veroorsaak (16:1).

Die tweede engel se bak het die see in bloed laat verander sodat al die lewende wesens daarin omgekom het (16:3).

Die derde engel se bak het die riviere en die waterfonteine in bloed laat verander (16:4-6).

Die vierde engel het sy bak op die son uitgegooi sodat die mense soos deur vuur verskroei is van die hitte (16:8-9).

Die vyfde engel het sy bak op die toorn van die dier uitgegooi sodat sy koninkryk verduister is en groot onuithoudbare pyn daarmee saam gepaard gegaan het (16:10-11).

---

[143] In *Jes*. 52:7 word ‘n “goeie boodskap” van vrede; ‘n “goeie tyding” van verlossing “dat jou God Koning” is, gebring. “’n Blye boodskap” deur ‘n gesalfde met “die Gees van God op hom” word vir ‘n genadejaar oorgedra (*Jes.* 61:1). Die rol word in *11QMelch* 18 deur *Melchizedek* as ‘n engel vertolk.

Die sesde engel se bak het die Eufraat laat opdroog en die pad van die vyand uit die Ooste vergemaklik (16:12).

Die sewende engel het sy bak in die lug uitgegooi sodat daar weer stemme, donderslae en weerlig gekom het. Die aardbewing was die hewigste wat die mense op die aarde nog beleef het. Babilon is in drie verdeel en die stede van die stede van die nasies het tot ‘n val gekom. Die eilande en die berge het verdwyn. Daarna was daar ‘n ontsettende haelstorm, maar die mense het God nog gelaster.

“Een van die sewe engele wat die sewe bakke het,” het Johannes geneem om die beeld van die sedelose vrou - Babilon - waar te neem (hoofstuk 17), terwyl “een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was” hom weer geneem het om die “bruid, die vrou van die Lam” - die nuwe Jerusalem - te wys (21:9-27). Die kontrasterende visioene van Kwaad en Goed word in aparte hoofstukke met verdere ooreenstemmende frases parallel ingelui: “Kom hierheen, ek sal jou toon … ”(17:1;21:9).

Johannes het “een engel” - ἕνα ἄγγελον – in die son sien staan. Hy het die voëls in die lug tot die makabere toneel van “die maaltyd van die grote God” geroep om die vleis van die volgelinge van die dier te eet wat in die oorlog teen *Christus* gesneuwel het (19:17). Die parallel van wat met die Twee Getuies gebeur het - die beginsel van *lex talionis* - net erger, word hier uitgebeeld.

Die duiwel word 1000 jaar lank deur “’n engel” uit die hemel gebind (20.2).

Sommige van die engele word in beheer van ‘n deel van die natuur beskryf: “vier engele op die vier hoeke van die aarde … en hulle het die vier **winde** van die aarde vasgehou” (7:1); “‘n ander engel wat mag - ἐξουσίαν- oor die **vuur** gehad het” (14:18); “die engel van die **waters**”(16:5).

Die sewe briewe word aan die “engel van die gemeente” gerig. Resseguie (1998:153-154) bespreek die verskillende vertolkings van die ongewone geadresseerde en kom tot die gevolgtrekking dat die engel as personifikasie van die gees van die onderskeie kerke verstaan moet word. In hierdie konteks speel die 7 engele as barometer van die stand van die vroeg-Christelike kerk ‘n belangrike rol in die stryd teen die Bose.

Bostaande opsomming van die verskillende tonele waarin die engele in *Openbaring* figureer, vervat ‘n paar belangrike gesigspunte aangaande die engeleleer in die geskrif. Die ooglopende uitgebreide aandeel wat aan die engele gegee word, asook die essensiële rol wat hul in die uitvoering van die oordeel van God speel, bevestig hul vername posisie. Die ooreenstemmende beskrywing van *Christus* en “’n ander sterk engel” dra verder daartoe by. Ten spyte van die prominensie bly die engele “anoniem” en word hulle nie met eiename geïdentifiseer nie. (Slegs *Migael* en die “gevalle

engel" *Satan*, word uitgesonder.) Die verklaring hiervoor word waarskynlik in die geskrif self, in die woorde van die engel aan Johannes toe hy die engel wou aanbid, aangetref:

" Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broers wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God." (19:10).

Hierdie vermaning word gewysigd in *Op.* 22:9 herhaal en beklemtoon dat die brandpunt op die Godheid ingestel is.

5.1.1C.7 DIE 4 PERDERUITERS

Die eerste 4 seëls wat deur die Lam oopgemaak word (*Op.* 6), stel die 4 perderuiters wat die inleidende fasette van die oordeel van *God* uitvoer, bekend. Elkeen ry op 'n perd met 'n verskillende kleur. Hulle verskyning word elke keer deur een van die 4 Lewende Wesens aangekondig. Die opvolging vloei die een uit die ander terwyl daar 'n duidelike groei in die grusame gevolge, wat deur die kleur van die perd weerspieël word, waarneembaar is. Die eerste perd was wit en sy ruiter het 'n boog gehad. Hy het 'n kroon ontvang, want hy het uitgegaan met die doel om as oorwinnaar uit die stryd te tree - νικῶν καὶ ἵνα νικήσῃ - (6:2).[144] Die verdubbeling van die werkwoord beklemtoon die honger na mag en seggenskap wat so 'n seëpraal bied. Die tweede ruiter op 'n vuurrooi perd (6:4) het 'n "groot swaard" ontvang, want die "vrede op die aarde" is weggeneem deurdat die stryd na hul midde verskuif het en hulle mekaar sou doodmaak. Die rooi dui sekerlik op die bloedvergieting in die oorloë. Die derde perd was swart (6:5-6) en sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad. Die genadelose nagevolge van oorloë is gewoonlik skaarste aan kos en noodsaaklike lewensmiddele wat tot armoede, hongersnood en siektes kan lei. Die uiteindelike gevolg is die dood wat deur die vierde ruiter op sy vaal/liggroen perd (6:8) gesimboliseer word. In hierdie visioen word God se oordeel oor 'n kwart van die aarde deur "oorlog/swaard, honger, siektes en deur die wilde diere van die veld" (aanhaling uit *Eseg.* 14:21) voltrek. Hoewel die simbole eintlik op die eie sondige magswellus van die mensdom dui en dat hul daardeur hul eie verwording en ondergang bewerkstellig [145], wys die herhaalde gebruik van die passiewe werkwoord – ἐδόθη – "is gegee" op God se beheer oor die proses (Osborne 2002:277).

5.1.1C.8 DIE TWEE GETUIES

In die HB (*Deut.* 19:15) was volgens die wet twee getuies nodig om geldigheid aan 'n verklaring te gee. *Jesus* self het daarna verwys in *Joh.* 8:17. In *Openbaring* gee *God* aan Sy "Twee Getuies" -

---

[144] Volgens Osborne (2002:277) verteenwoordig hierdie beskrywing 'n ruiter van die Partiese Ryk wat deur die Romeine gevrees is weens hul neerlaag teen hulle in 55 v.C. en 62 n.C.. Hulle was bekend vir hul uitmuntende boogskietkuns.

[145] Dit herinner aan die ondergang van die Wakers/Reuse uit Henog wat ook ondermekaar begin veg het.

δυσὶν μάρτυσιν - die magtiging om as profete 1260 dae lank hul "getuienis" lewer (11:3). Die assosiasies in die beskrywing van die twee getuies en hul rol wat hul in die stryd teen die Bose speel, roep 'n paar profete uit die HB en die NT op, maar hul kan ook as simbool van die kerk of 'n gedeelte van die kerk vertolk word. Hulle sal in sakke - σάκκους - gekleed wees, wat moontlik heenwys na die kleed van kameelhare - τρίχας καμήλου van Johannes die Doper (*Mark*. 1:6) en die "harige mantel" - שֵׂעָר וְאֵזוֹר - van die profeet uit die OT, Elia (2 *Kon*. 1:8). Nog 'n assosiasie met die "sakke" is dat dit as rouklere of as 'n teken van berou oor sonde gebruik is. Dit sluit hier aan by die "getuienis": die verkondiging van die oordeel van God en die oproep tot bekering van die sondes. Verder word as simbole vir die twee getuies "die twee olyfbome en die twee kandelare wat voor die God van die aarde staan" gebruik. Laasgenoemde - λυχνίαι- is reeds in die inleiding uitgeklaar as die sewe gemeentes. Twee kandelare kan op 'n gedeelte van die kerk dui. Die simbole word ook teen die agtergrond van *Sag*. 4:3 gelees waar die twee olyfbome as Serubbabel, die goewerneur van Jerusalem en Josua, die hoëpriester, wat albei as messiaanse figure, gesalfdes – koninklik en priesterlik – die "twee seuns van olie" (*Sag*. 4:14) beskou is, geïnterpreteer word (Reddish 2001:210-211). (Sien ook 6.2B.2.)

Die magte wat aan die Twee Getuies toegeken word, kom ooreen met gebeure uit die lewe van Elia en Moses: soos Elia kan hul met vuur (wat uit hul mond kom) vernietig en die "hemel (te) sluit" sodat dit nie reën nie; soos Moses kan hul water in bloed verander en die aarde met "allerhande plae te tref" (11:5-6). Na die voltooiing van hul taak as getuies word daar deur die dier uit die afgrond teen hul oorlog gemaak, word hul oorwin, doodgemaak en die oneer aangedoen om nie begrawe te word nie. Na 3½ dae word hul deur God lewendig gemaak en vaar hul op Sy bevel in 'n wolk op na die hemel (11:7-12). *Christus* se Lydensweg word deur die Twee Getuies in die visioen weer afgespeel. [146] Hierdie simboliek is 'n verdere uitbreiding van die gesig van die siele "onder die altaar" wat gedood is "ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het" (*Op.*6:9-10). Dit sluit ook aan by die tweede en derde briewe aan die gemeentes:

---

[146] Die gebeure kan na die leringe van Jesus herlei word:

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan (*Joh.* 14:12).

"… Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red" (*Matt*. 8:34).

> " … Wees getrou tot die dood toe …" (2:10) en " … selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon" (2:13).

Die Getuies moet selfs tot die dood toe volhard in die stryd teen die Bose.

5.1.1.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING:

5.1.1.1.1 DIE OPPERBEVELHEBBER:

Ahura Mazda Die Meester van Wysheid	*El / God* Ek is wat ek is	*Κύριος ὁ θεὸς/Die Here God* Wat is wat was en wat kom *Ἰησοῦς Χριστός /* *Jesus Christus* - Die Gesalfde

5.1.1.1.1.1. WESE EN VOORKOMS

Van die drie *Ahuras* in die ou Indo-Iraanse religie is *Ahura Mazda* na 'n openbaring aan Zarathushtra as dié groot kosmiese goddelike verkondig. Nie slegs het Zarathushtra hom as 'n *mainyu* van wysheid omskryf nie, maar het hy hom ook met menslike eienskappe in sy *Gathas* aan sy volgelinge voorgehou (31.3):

> "…- spreek, *Mazda*, met die tong van u eie mond …"

Dis asof Zarathushtra hom van aangesig tot aangesig gesien het en met hom gepraat het. Dit word veral deur *Yasna* 44 waarin vrae tot *Ahura Mazda* gerig word, oorgedra. Die eerste 19 verse begin met:

> "Dit vra ek u. Vertel my waarlik, Meester. …"

Die enigste beskrywing van die voorkoms van *Ahura Mazda* in die *Gathas* kom in *Yasna* 43.16 voor:

> "… Mag daar piëteit onder die heerskappy van Hom wat die voorkoms van die son het, wees…".

Ahura Mazda se goddelikheid het vir Zarathushtra in essensie in sy *wysheid*, sy *alwetenheid* gelê. Volgens Mehr (2003:30) moet die 'enkele' verwysings in die *Gathas* na *Ahura Mazda* se alsiende oë en hande wat die beloning uitdeel bloot as metafore en poëtiese vryheid om die goddelike oneindige eienskappe deur analogie met bekende konsepte in verstaanbare taal te beskryf, vertolk word. Hy verwys na die stelling van Carter (1918:43) dat antropomorfiese idees skaarser in die *Gathas* as in die Bybel/in alle ander heilige boeke is. Tog dui bostaande voorbeeld uit *Yasna* 44 op

‘n intieme persoonlike verhouding van Zarathushtra met *Ahura Mazda* en dit is so aan sy volgelinge oorgedra.

God het met Moses uit ‘n vlammende doringbos (deur ‘n engel) gepraat en Hom aan Moses bevestig as die God van die voorvaders en Hom bekend gestel as “Ek is wat Ek is” – die betekenis van die woord *Jahwe* (*Eks.* 3:2-6). In die naam is die onaantasbaarheid en die misterie van die Godheid opgesluit.

Die skrywer van *1QM* beklemtoon dat die God van hul voorvaders - die “*God van Israel*” (1.10; 6.6; 10.8) nog steeds “in hul midde” op die slagveld is. Hy gee nie ‘n beskrywing van *God* nie, maar dis duidelik dat die priesters as “heiliges” en Sy “heilige mense” van die verbond en Sy eie “heiliges” Hom verteenwoordig. Uit die bron van die Ou Testamentiese geskrifte word dit aan enkele mense deur *God* toegelaat om Hom op ‘n sekere manier te sien: Jakob het byvoorbeeld met “’n Man” geworstel en het daarna verklaar dat Hy *God* van aangesig tot aangesig gesien het (Pniël) en nie gesterf het nie (*Gen*. 32:24-30); Moses, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig van die oudstes/leiers van Israel het by die berg na God toe opgeklim en “ Hulle het die *God* van Israel gesien: onder sy voete was ‘n plavleisel soos saffiersteen, so blou soos die hemel self” (*Eks*. 24:9-10). Op Moses se versoek om die “heerlikheid” van *God/Jahwe* te sien, het *God* Hom geantwoord dat hy nie sy aangesig kan sien nie, “want geen mens kan My sien en bly lewe nie” (*Eks*. 33:20). Dit word bevestig deur die woorde van *Jesaja* wat die *Here* op ‘n hoë en verhewe troon sien sit het met sy some wat die hele tempel gevul het (*Jes*. 6:5):

> “Wee my, ek is verlore! …want my oë het die Koning, die Here (*Jahwe)* van die leërskare, gesien!”

In die gesig van die hemelse troon van *Esegiël* was daar ook ‘n gestalte soos dié van ‘n mens wat in ‘n glans van ‘n gloeiende metaal of ‘n vuur gehul was en die glans daarom was soos van ‘n reënboog in ‘n wolk na die reën (*Eseg.*1:26-28). In die troonvisioen van *Daniël* het die hemelse figuur ‘n wit kleed soos sneeu aangehad en sy hare was soos skoon wol; “sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur; ‘n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan.” (*Dan.* 7:9-10).

In die NT kom *God* in die gestalte van Sy Seun, *Jesus*, as ‘n ‘gewone’ mens na die aarde toe en word ‘n duidelike “uiterlike” beskrywing van Hom as ‘n *hemelse* wese in die gestalte van ‘n mens in die visioen van Johannes in *Openbaring* gegee. Teen die agtergrond van die beelde uit die geskrifte van die OT en die feit dat hulle Hom op aarde as ‘n mens geken en gesien het, is dit die metaforiese vertolking daarvan wat van belang is – die geheelbeeld wat Sy Mag en Glorie uitstraal (sien ook Osborne 2002:89): Hy het ‘n lang kleed aangehad en ‘n goue gordel was om sy bors. Hy het spierwit hare gehad – “soos wit wol, soos sneeu” - en sy oë was soos ‘n vuurvlam. Sy voete het

soos blink koper wat in ‘n oond gloei, gelyk en sy stem was soos die gedruis van ‘n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre vasgehou en ‘n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan. Sy aangesig was soos die son wat op sy helderste skyn (*Op*.1:12-16). In die troonvisioen word God deur edelstene beskryf (*Op*. 4:3): “Hy wat op die troon sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; (opaal en karneool:1992 vertaling) en rondom die troon was ‘n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos ‘n smarag.” Die beskrywings illustreer die mate waarop *Openbaring* ooreenstem met die beskrywings uit die OT: die edelstene, die lang kleed, die wit hare en die glans van die vuurvlam, die reënboog en die son. Daar is ‘n ooreenkoms met die beskrywing van *Ahura Mazda* in die *Gathas* wat die “voorkoms van die son” het. In ander nie-Gathiese *Yasnas* word die son as die “oog van *Ahura* Mazda” beskryf (1.11;3:13; 7:13). Die vereenselwiging met gode en die son was egter ‘n algemene verskynsel in die Ou Nabye Ooste. In ouer materiaal van die *Yashts* (Yt. 6) word ‘n gesang aan die Skynende Son - *Hvar Khshaeta* – gewy: die Skynende Son is “lewegewend en oorvloedig” en bring lig en warmte; asook “’n honderd en ‘n duisend onsigbare gode” (Boyce 1984b:31).

Christus word in *Op.* 19:11-16 in die grootse toneel as die oorlogskryger op ‘n wit perd wat voor die hemelse leërs, gekleed in wit en op wit perde uittrek om oorlog te voer teen die dier en die konings van die aarde geteken: “Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.” “Sy oë was soos ‘n vuurvlam en op sy hoof was baie krone”. Sy kleed het gelyk of dit in bloed gedoop was en “uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer”. Die vlammende oë en skerp swaard verwys terug na die visioen aan die begin van *Openbaring* - 1:12-16. (Die simboliek daarvan word in die volgende hoofstuk bespreek.)

God word deur Johannes bekend gemaak as “ … wat is wat was en wat kom …” (*Op.*1:4). Dit sluit aan by die HB: “Ek is”, met die verskil dat die verlede en toekomende tyd nou bygevoeg word. Met die vervulling van die profesieë van die HB lê daardie tydperk nou in die verlede en met die belofte van die wederkoms van *Christus* is daar ‘n verwagting in die toekoms.

By al drie religieë se geskrifte word die goddelike Opperbevelhebber in die naamgewing en uiterlike beskrywing uit die menslike perspektief en raamwerk met die grootste verering en eerbied beskryf – met die klem op die *Alwetenheid* by die Zoroastrisme en die *Onbekende/ die Misterie* by die Judaïsme en die vroeg-Christelike Godsdiens. Die groot verskil is dat die koms van die Messias in laasgenoemde reeds plaasgevind het en dat die Goddelike Eenheid uit God, die Vader en God, die Seun bestaan het (Verdere bespreking van die *Messias* onder Eskatologie).

5.1.1.1.1.2 ANDER BENAMINGS EN KENMERKE IN DIE DRIE TEKSTE:

Alwetende Wysheid Heilige God Bewaker van *Asha*/Orde Skeppergod Meester van die Geeste en die aardse bestaan Kragtige Heerskappy Vader van Reg en Geregtigheid God van Oordeel Vader van Goeie Voornemens Skepper van Waarheid Alsiende Meester Weldadig Die Beslissende Meester Meester van Welsprekendheid Sorgsame Meester Heelmeester van die Wêreld	Heilige God Die krag van God Die Magtige Oorlogskryger Groot en Ontsagwekkende God Die Skepper van die hemel en die aarde – gang van die tyd Die Waarheid, Geregtigheid, Glorie en Oordeel van God Die Gramskap van God Die Deernis van God Die Kennis/Misteries van God Die Wonders van God Die God van die Verbond	Die Almagtige Die Alfa en die Omega Wat is, wat was en wat kom Die Skeppergod Die God van die Aarde Lewende en lewegewende God Die Regverdige God Owerste oor die konings van die aarde Die Heilige/ Koning van die heiliges * * * Een soos die Seun van die Mens Die Seun van God Die Getroue en Waaragtige Getuie Die Woord van God Die Eersgeborene uit die Dode Die Amen Die Lam Die Leeu uit die stam van Juda Die Wortel van Dawid Die blink Môrester Die Geheime Naam

5.1.1.1.1.2.1 OOREENSTEMMENDE KWALITEITE

Met die uitsondering van die bykomende omskrywings en simboliek vir Jesus Christus in Openbaring, kan baie kenmerke feitlik by al drie die religieë uitgelig word. Die Oppergod word geëer as Skepper en Heerser van die hemel en die aarde. Hy beskik oor kennis en wysheid van ‘n onbekende sfeer – die gans andere – daarom is Hy onaantasbaar, heilig en geheimenisvol. Hy is almagtig en kan Sy Skepping in Sy oordele oor die Bose gebruik en moet daarom ook met ontsag bejeën word. Sy alsiendheid en alwetendheid maak die waarheid ‘n aksioma en maak Hom ‘n regverdige God. Soos ‘n vader is Hy sorgsaam en vol deernisvol teenoor sy kinders en sy Skepping.

5.1.1.1.1.2.2 ENIG IN SOORT

In die holistiese taksering is daar tog vanweë elkeen se unieke konteks en genre aspekte wat sterker na vore kom. In die *Gathas* beklemtoon Zarathushtra die Wysheid van *Ahura Mazda* wat deur sy gedagtes geestelike en fisiese aspekte vir die mens ontwerp en geskep het, veral besondere kwaliteite soos die paar van Waarheid/Orde en Goeie Gedagtes. *1QM* konsentreer op die organisasie van die oorlog en op *God* as die Oorlogskryger, die Almagtige wat in hul midde is en wat die oorlog vir hulle gaan voer en help om die vyand, asook die Bose te oorwin. Die fokus in

Openbaring val op die almagtige Godheid van die Vader en die Seun, die Gesalfde [147], wat deur Sy kruisdood as "geslagte Lam" reeds na die aarde toe gekom het, maar ook na Sy hemelvaart weer sal kom as die "eskatologiese ram" en die oordeel oor die Bose sal volbring en dit vernietig.

Die geskiedenis van Israel en sy verhouding tot sy God, veral deur die Verbond, soos dit in die vroeëre geskrifte van die OT opgeteken is, speel 'n baie belangike rol in *1QM* en *Openbaring* en albei geskrifte bevat verwysings daarna. *1QM* bevat selfs woordelikse aanhalings, terwyl daar in *Openbaring* nie soseer woordelikse aanhalings voorkom nie, maar verbasend baie assosiasies. Nuwe simboliek word om die vroeëre beelde gebou, soos byvoorbeeld in die skrynende paradoks van die Leeu en die Lam. Die redelike resente boek van Beale (1998) wat slegs oor dié aspek handel, getuig daarvan. Daarteenoor bevat die *Gathas* van Zarathushtra 'n nuwe vertolking van die ou Indo-Iraanse gode. Hoewel hy ook 'n bron gehad het om vanuit te put was dit nie so gevestig soos dié van Jahwe nie.

5.1.1.1.2 DIE ONDERBEVELHEBBER:

Spenta Mainyu/Heilige Gees	*Die Geeste van Waarheid*	*Die Gees van God/Die sewe Geeste van God*

Spenta Mainyu is die belangrikste entiteit in die Heilige Heptad van die Zoroastrisme, omdat hy so nou met *Ahura Mazda* skakel (sien ook Dualisme 5.1.4); veral omdat daar geen aardse komponent aan hom toegeken word nie. *Ahura Mazda* word as die "vader" van die Allerheiligste Gees deur Zarathushtra beskryf (47.3) soos hy ook die vader van die Waarheid (44.3;47.2); Goeie Gedagtes (45.4) en Piëteit (45.4) is. *Spenta Mainyu* het *Ahura Mazda* in die skepping van "die koei, die waters en die plante" bygestaan (51.7). Die koei word as metafoor vir die "Goeie Visie" (of "Moeder Aarde" - 5.1.1.A.3.1.4) en die waters en die plante vir die "getroue volgelinge" gebruik (sien ook 44.7). *Spenta Mainyu* word in die bekende *Yasna* 30 as een van 'n tweeling teenoor die Bose Gees gestel. Zarathushtra stel dit onomwonde dat hy die Gees van *Ahura Mazda* vir hom kies, "die Gees wat die allerheiligste/oorvloedigste is" (43.16). Zarathushtra bid om begrip deur kennis van die Allerheiligste Gees te ontvang (43.2). Laasgenoemde is dan ook die inspirasie vir die verklarings aan Zarathushtra (43.7; 45.5). Volgens *Yasna* 47.6 sal *Ahura Mazda* saam met die Allerheiligste Gees die oordeel oor die twee partye – die Goeie en die Bose - deur sy Vuur voltrek (47.6).

[147] Die *Saoshyant* (Messias) en die Messias by die QL sal onder Eskatologie bespreek word.

Na die ballingskap en voor die val van die Tweede Tempel het daar ‘n afplatting van die gebruik van die “Gees van God” in die geskrifte van die Judaïsme plaasgevind. Die afwesigheid van profete en hul geïnspireerde voorspellings het die Wet van God meer op die voorgrond laat tree. Dit kan ook moontlik aan die klemverskuiwing na die ontwikkeling van die engeleleer in die tydgleuf (veral in 1 *Henog* ± 300 v.C.) toegeskryf word (sien onderstaande samevatting - 5.1.1.1C.1). Die afgesonderde gemeenskap by die Dooie See het met die gemis aan die kultiese sentrum weer begin om die werking van die *Gees* van *God* op die mensdom te omskryf. Hulle het dit as ‘n geskenk gedurende die skepping verstaan (1 *QS* 9.12; 1 *QH* 9.32); of wanneer ingewydes deel van die gemeenskap geword het (1 *QH* 13.19; 16.11; 17.17); of die uitstorting van die *Gees* gedurende die eindtye -1 *QS* 4.18-23 (Horn 1992:267).

Hoewel selfs die samestelling van die “*Heilige Gees*” van *God* al in die QL voorkom, word die oorlogsvoering deur *God* in *1QM* gelei en word daar nie spesifiek na die *Gees* verwys nie. Daar word wel in kolom 13.10 na die “geeste van die waarheid” verwys. Die “geeste van waarheid” skakel met een van die basiese leerstellinge van die QL in die bekende "Manifes van die Twee Geeste" (1 *QS* 3.13-4.26). Daarvolgens het *God* die “geeste van waarheid” en die “geeste van bedrog” in die mens geskep. Die mens moet ‘n keuse tussen die twee maak: die riglyn waarvolgens jy jou lewe wil lei (word ook onder Dualisme - 5.1.4 bespreek). Volgens elke individu se besluit word die mensdom dan in twee groepe verdeel – dié van die lig en dié van die duister. In kolom 13 van *1QM* word duidelik na die leier - שר - van die groep van die lig verwys - en dat al die “geeste van waarheid” onder sy leierskap is (reeds bespreek onder Aartsengele in 5.1.1.B.3). In aansluiting word in dié kolom *God* se “waarheid” en Sy “werke van waarheid” beklemtoon (13.1,2,10,12). In 1*QM* word dus op *God* en nie die *Gees* van *God* gefokus nie.

Die benaming as *Gees* van *God, Heilige Gees* en *Gees van Christus* word ook nie in *Openbaring* aangetref nie, maar verskeie posisies en funksies word in *Openbaring* aan die *Gees* van *God* toegeken. In die inleiding word die *Gees* van *God* in ‘n interessante simboliek voor die troon van *God*, meervoudig as 7 geeste gestel. Dit word bevestig in die simboliek van die 7 vuurfakkels voor die troon van *God* (4:5) en die 7 oë van die Lam (5:6) wat “soos ‘n vuurvlam” (2:18) was en wat oor die hele aarde deur die Godheid uitgestuur word. Die *Gees* voer Johannes weg in die visioene – hy is verantwoordelik vir die ‘afvuur’ van die gesigte. Hy word in die briewe as die een waardeur daar met die gemeentes gepraat word, voorgehou. In *Openbaring* speel die *Gees* van God dus ‘n belangrike rol.

Twee funksies van die *Gees* van *God* stem ooreen met dié van *Spenta Mainyu:* inspireerder en leermeester van die profeet/priester en die volgelinge. Die *Gees* van *God* is ook deel van die Godheid, maar nie in ‘n vader-seun-eenheid soos *Ahura Mazda* en *Spenta Mainyu* nie. In die

seëngroet (*Op.* 1:4b-5) word die *Gees* van *God* in ‘n drie-eenheid-‘formule’ geplaas (sien ook Osborne 2002:36). Die 7 *Geeste* in die troonvisioen word as “vuurfakkels” (4:5) beskryf. *Spenta Mainyu* word in die oordeel met die Vuur van *Ahura Mazda* geassosieer (Nanavutty 1999:40)

5.1.1.1.3 DIE BINNEKRING VAN MAG:

Die Heilige Heptad: *Asha Vahishta(Waarheid:vuur)* *Vohu Manah (Goeie Gedagtes)* *:Diere>beeste* *Spenta Armaiti (Heilige Aanbidding):Aarde* *Khshatrav Vairya (Mag): Metaal* *Hauvartat (Volkomenheid): Water* *Ameretat (Lang lewe):Plante* **Die Mainyus**: *Sraoša* - Gehoorsaamheid *Aši*- Beloning/Vergelding *Atar* – Vuur *Geush Urvan* – Goeie Visie /Persepsie *Nêryôsang/ Srôsh* – Spesiale Boodskappers van *Ahura Mazda* *Engele van die Geestelike Bestaan* –Spesiale Helpers in oorlog teen Bose magte	**Die Aartsengele**: Migael (Wie is soos God?) Sariël *Raphael (God genees)* *Gabriël (God is my Krygsman)* Prins van die Gemeente Die Priesters – Heiliges in beheer van die aanvalsplan: Die Hoëpriester 7 Priesters uit geslag van Aaron 7 Leviete	Die 4 Lewende Wesens Die 24 Ouderlinge **Die Engele***:* Die Sterk Engel Die vier Engele op die hoeke van die Aarde Ander Engele Die Sewe Engele/*Migael* Die Engele van die Winde Die Engel van Vuur Die Engel van Water Die 7 Engele van die 7 Gemeentes Die 4 Perderuiters Die Twee Getuies

Die *Gathas* van Zarathushtra toon deurgaans die “Goeie Kwaliteite” van *Ahura Mazda* as sy vernaamste “helpers” in die stryd teen die Bose aan. Saam met *Spenta Mainyu* vorm hul die kern van die protagoniste - die latere *Heptad*. Die kern word met ondergeskikte *mainyus/yazatas* uitgebrei. In *1QM* speel die aartsengel *Migael* ‘n belangrike rol, maar dis veral die priesters aan wie groot lof toegeswaai word. Die troonvisioen in *Openbaring* 4 dui deur simboliek die binnekring rondom die troon van *God* en *Christus* aan: die 4 Lewende Wesens en die 24 Ouderlinge. Die simboliek word verder uitgebrei na die 4 Perderuiters en die 2 Getuies. Die oordeel van *God* word deur spesifieke engele uitgevoer.

5.1.1.1.3.1 DIE AARTSENGELE

In die vorige hoofstuk is reeds verwys na die opmerklike ontwikkeling van die engeleleer in die Joodse geskrifte in die tydperk ± 300 v.C. - 100 n.C. Die ontwikkeling raak veral die gee van

eiename vir die hemelse wesens en die plasing in ‘n rangorde van gesag. Die sprekendste voorbeeld is dié van 1 *Henog* waar eiename aan die twintig leiers van die *Wakers* toegeken word. Neëntien van die oorspronklike vorm van die name kan met redelike sekerheid geïdentifiseer word waarvan 16 uit samestellinge met אל – “God” bestaan (Nickelsburg 2002:178). Drie van laasgenoemdes dui funksies van God as regter, skepper en gids aan:

דניאל – “God is my regter”; עשאל - “God het gemaak”; יהדיאל – “ God sal lei”; terwyl 13 met astronomiese, meteorologiese en geografiese verskynsels in verband gebring kan word:

רמש[אל – “Aand van God”; כוכבאל – “ster van God”; רעמאל – “donder van God”; זיקאל – “skietende ster van God”; ברקאל – “weerligstraal van God”; מטראל – “reën van God”; עננאל - “wolk van God”; סתואל –“winter van God”; שמשיאל – “son van God”; שהריאל – “maan van God”; תמיאל – “volmaaktheid van God”(in konteks verwys dit heel waarskynlik na die skepping van God); טוריאל – “berg van God”; ימיאל – “see van God”.

ארעתקף – “die aarde is ‘n vesting” is volgens Nickelsburg (2001:179) ‘n moontlike vertaling van die naam van die Waker; terwyl חרמני – “die een van Hermon” waarskynlik na die berg Hermon verwys. Die meerderheid van die eiename word in ‘n verbinding met God – *el* gevorm en dui op Sy Skepping. Daar is skerp ironie in die name van die Wakers wat ontaard as die “gevalle engele”. Hierdie 20 Wakers was oor 10 engele aangestel wat hulle in hul “rebellie” teen God gevolg het (sien 4.1.1.1). Aan *Migael* en *Gabriël* is al belangrike posisies as die leier van die oorloë in die hemel en die boodskapper van die eskatologie in Daniël toegeken. In *1QM* word hy nog steeds in stryd teenoor *Belial* en in *Openbaring* teenoor die *Satan* gestel.

1 *Henog* lys ook die 4 aartsengele wat in *1QM* (ingeslote die 2 in die boek *Daniël*) voorkom en voeg nog 3 by om ‘n groep van 7 te vorm. Soos reeds aangedui bevat die name almal die uitgang -*el* en die betekenis skakel dus aan *God.* Die eiename van die *Heptad* in die Zoroastrisme bevat nie hierdie element nie, maar verteenwoordig goeie kwaliteite in die mens se lewe soos waarheid, goeie gedagtes, aanbidding, volkomenheid, mag en ‘n lang lewe. (Dit geld ook vir die eiename van die *Yazatas*). Hierdie beginsel word in die seëngroet van die *Bahman Yasht* saamgevat: dit konstitueer die “suiwer, goeie religie en verseker welsyn, ‘n lang lewe en voorspoedige rykdom”. Daar is wel ‘n sterk ooreenkoms in die natuurelemente in die Skepping wat hul verteenwoordig en die name van die Wakers.[148] Verder was die getal 7 reeds ‘n veelbetekende getal in die religie van die Jode, maar

[148] Interessant om te let dat Shaked (1995:278) uit die fragmente van ‘n geskrif van Qumran wat baie ooreenkom met die boek *Esther* in die HB, 3 eiename uitgelig het wat heel moontlik van Iraanse afkoms is, nl. ***bgsrw, bgwšy,*** en ***ptryzʔ*** en hulle moontlike vertalings as “luisterend na die God (Baga)”; “om die oor te hê (om te verstaan) vir die God (Baga)”

in 1 *Henog* word ‘n ooreenstemmende getal vir dieselfde beginsel, met die bykomende nuwe toevoeging van eiename in eie konteks, ingespan. In *Openbaring* speel die getal 7 ‘n opvallende groot rol, veral ook in verband met die engele. Drie natuurelemente word onder die sorg van spesifieke engele geplaas, maar Johannes gebruik slegs die **een eienaam** van *Migael* wat die erkende beskermheer van Israel was. Alhoewel hoofrolle in die afspeel van die eskatologiese toneel in die uitoefening van die uiteindelike oordeel van *God* aan die engele toegeken word, word hul identiteit daardeur versluier (soos in die HB) en val die fokus op die Almagtige Godheid en die vreeswekkende plae. Die ‘sterk engel’ word as ‘n skadubeeld van *Christus* geteken. Die beeldryke tekening van die 4 Lewende Wesens, die naaste aan die troon, straal eienskappe van die Godheid uit. Die verhaal van die Twee Getuies roep die lydensgeskiedenis van *Jesus* in herinnering op.

Indien die toevoeging van die “engelkorps” met eie identiteit en hiërargie vanaf die Zoroastrisme na die Judaïsme oorgeneem is (*Henog* ± 300 v.C.), het met die verloop van tyd en die opkoms van die Partiese Ryk, wat selfs die gevreesde Romeine in die draai van die eeu verslaan het, die affiniteit met die Perse getaan. Te veel water het in die see geloop na die akkommoderende beleid van Kores. Dit lyk of Johannes met die veelvuldige verwysings na die HB en die opvallende weglating van die eiename van die engele na hul eie vroeë geskrifte wou terugbeweeg.

5.1.1.1.3.2 GEESTELIKE LEIERS

In die oorlog van die Seuns van die Lig neem die priesters as leiers van die Gemeenskap die voortou in die aanvoor en die uitvoer van die strategie van die aanvalsplan. Ook hier is die getal 7 van groot betekenis (Getalle word onder die strategie in hoofstuk 6 bespreek). Die 7 engele van die 7 gemeentes aan wie die briewe in *Openbaring* gerig word, neem die plek van die leiers van die gemeentes in en die vertolking as die personifikasie van die “gees” van die gemeente getuig van die verantwoordelikheid wat op hul geplaas is (Sien ook Osborne 2002:98-99; 110-111).

Die 24 ouderlinge in die visioen van die hemel vertolk hoofsaaklik die priesterlike rol van die verering van *God* (*Op.*4).

Die 4 perderuiters in *Openbaring* se aandeel in die oorlog raak geleidelik verstaanbaar soos die een die ander opvolg. Hoewel hulle deur God uitgestuur word, beeld dit die mens se eie obsessiewe sondige begeertes wat hom tot sy eie ellende en ondergang dryf, uit.

---

en “vreugde vir (sy) vader” aangedui. Die eersgenoemde twee frases het die God ‘Baga’ as deel van die eienaam gehad. Volgens Jafarey (1998:3) word *baga*, wat basies ‘uitdeler’ beteken een keer (t.o.v. *Yima*) deur Zarathustra gebruik. In *Yasna* 32.8 word dit volgens die vertalings van Insler (1975:47) en Humbach en Ichaporia (1994:41) as ‘god’ gebruik.

5.1.2 DIE LEËRMAG

5.1.2A GATHAS/BAHMAN YASHT

5.1.2A.1 GATHAS

5.1.2A.1.1 DIE GETROUES/*ASHAVAN*

In *Yasna* 30.10 word die kwaliteit van Goeie Gedagtes oorgedra op die getroue volgelinge van *Ahura Mazda.* Hulle word vergelyk met die vlugste perde wat met spoed die roem van die Wyse en die Waarheid sal bekend maak. Hierdie strewe na *Asha* - Waarheid en Orde verleen aan hul die benoeming as *Asha-van.* Hulle verkondig die "woorde" van *Ahura Mazda* teenoor die "gebooie" van bedrog wat die wesens van die Waarheid – *ašahyā gaēθå* - wil vernietig (31.1). Die metafoor word in *Yasna* 50.7 uitgebrei na 'n resies teen die Bose waarin Zarathushtra *Ahura Mazda* help om voor te jaag:

> "Ja, ek sal vir u die vinnigste strydrosse inspan, hulle wat wyd (gaan) met die oorwinnings van u glorie en sterk met beide Waarheid en Goeie Gedagtes, die strydrosse waarmee u (vooruit) jaag, as u gereed is vir my hulp".

Al die volgelinge wat 'n goeie lewe gelei het, word in kronologiese tyd saamgevat in: "hulle wat was, wat is en wat sal wees" (33.10). Die volgorde verander in 45.7 na "Want hulle wat lewe, en hulle wat was en hulle wat sal wees…"

Die metafoor van die "vrugbare koei" word uitgebrei na "die gemeenskap van die vrugbare koei". Die getroue volgelinge "versterk die insig in die wil van *Ahura Mazda* met waarheid" onder die lede van die gemeenskap (34.14) en streef daarna om die teenstanders van die leringe van die Wyse te verdryf (43.14). In *Yasna* 46.4 word die volgelinge as die "**trekosse van die Waarheid**" wat deur die Bedrieër teruggehou word, beskryf. Die metafoor ken daadwerklike fisiese arbeid aan die volgelinge toe in hul strewe om die Waarheid te bevorder.

5.1.2A.1.2 DIE HELERS VAN DIE WÊRELD

Die volgelinge sal in hul stryd teen die Bose hul as beskermhere van die wêreld - as deel van hul missie - beskou (30.9). Dan word hul as wakers oor die erfenis vir almal en 'n bondgenoot in die Gees van *Ahura Mazda* beskryf (44.2).

5.1.2A.1.3 BONDGENOTE

In Yasna 46.14 (sien ook Yasna 51.16-19) vereer Zarathushtra die naam van Kavi Vishtaspav as bondgenoot van *Ahura Mazda.* As stigter van die eerste gemeenskap van ware Zoroastriste is hy deur Frashaoshtra Haugva en sy broer, Jamaspa bygestaan. Friyana, die Turaniër en sy nageslag

was ook bekend vir hul ywer en aanbidding, asook die Haecataspas-tak van die Spitama-familie. [149] Zarathushtra vra vir *Ahura Mazda* dat ‘n verbond met Waarheid aan hom en Frashaoshtra geskenk moet word sodat hulle as gesante van *Ahura Mazda* kan optree (49.8). Die woord wat vir “gesante” - *fraēštåŋhō* - gebruik word, dra tot vandag toe nog die betekenis van “magte van engele” (Nannavutty 1999:143). Verdere verwysings na engele word nie in die *Gathas* aangetref nie. In *Yasna* 32.1 vra die gemeenskap aan *Ahura Mazda* dat hulle as sy “boodskappers” kan wees om die vyandiggesindes terug te hou. *Yasna* 53 word as ‘n moontlike huweliksrede vertolk. Daaruit blyk dit dat Zarathushtra ‘n vername aandeel in die stryd teen die Bose aan die vroue toegeskryf het. Hy spreek Pourucista direk aan en bevestig dat *Ahura Mazda* haar ‘n “vaste grondslag van Goeie Gedagtes en die bondgenootskap van Waarheid en Wysheid toeken, sodat sy die mees oorvloedige en geseënde (dade) van Piëteit kan laat realiseer”.

5.1.2A.1.4 FRAVASHIS

Hoewel daar nie in die *Gathas* na engele verwys word nie, word die *Fravashis* in die *Yasna Haptanghaiti* in *Yasna* 37.3 genoem. Weens onduidelikheid in die teks meen Boyce (1992: 92) dat dit moontlik ‘n latere invoeging mag wees. Volgens die vertaling van die oud-Avestan deur Humbach en Ichaporia (1994:55) word *Ahura Mazda* aanbid/vereer deur die noem van die “*Fravashis* van die waarheidliewende manne en vroue”. Hulle lof word in *Yasht* 13 besing en hulle word beskryf (Boyce 1984:33) as die “goeie, sterk, heilige *Fravashis* van die regverdiges” wat deel aan die Skepping gehad het (13.21-22) en wat in hul ‘baie, baie honderde, baie baie duisende’ (13.65) ‘oorlog voer’ (13.67). Die *Fravashis* staan bekend as ‘Beskermengele’. Mehr (2003:107) is van mening dat Zarathushtra doelbewus verwysings na die *Fravashis* in die *Gathas* vermy het, aangesien hulle as uitvloeisel van die ou voorvaderaanbidding die monoteïsme in gevaar kon stel. Volgens die vertaling en kommentaar deur Nanavutty (1999:84;88) van *Yasna* 31.7 is die *Fravashis* afflonkeringe van die Eerste Gedagte van *Ahura Mazda* wat die hele hemelruim gevul het en in elke atoom van bestaan, ingegaan het. Die konsep verteenwoordig dus ‘n ‘vonkie’ van *Ahura Mazda* in elke mens en word met die ‘siel’ – *urvan* - van die mens vereenselwig.

5.1.2A.2 BAHMAN YASHT

In die twee visioene van Zarathushtra van ‘n boom was die eerste goue tak die tydperk van “Koning Vistâsp” waarin hy die religie aanvaar en die duiwels sal vernietig (1.4; 2.16).

In hoofstuk drie vra Zarathushtra pertinent vir *Ahura Mazda* hoe die “goeie religie van die Mazda-aanhangers” herstel gaan word. Na ‘n beskrywing van ander vyande wat die land sal binneval, word die eintlike opdrag om die “soewereine troon van die religie (oor die Bose 3.36) te herstel” aan “die

[149] Volgens tradisie was Zarathushtra se neef, Madyoimanha, (51.19) sy eerste bekeerling.

vermaarde Pêshyôtanû" en "*K*îtrô-mîyân, seun van Vistâsp" deur *Ahura Mazda* gegee (3.25). Hulle word bygestaan deur 150 regverdige dissipels van Pêshyôtanû. Eers word ⅓ van die opposisie verslaan en dan word die hele mag (word as drie-derdes beskryf) oorwin (3.28-29).

5.1.2B OORLOGSROL

5.1.2B.1 SEUNS VAN DIE LIG

Met die inleiding word die "Seuns van die Lig" teenoor die "Seuns van die Duisternis" gestel. In die QL het hierdie benaming - "seuns van die lig" - sy beslag reeds in die eerste Kolom van *1QS* (100-75 v.C.) gekry: "diegene wat God met hart en siel soek en wat goed en geregtigheid voor sy aangesig doen" (1.2). In *1QM* volg 'n paar benamings vir die Seuns van die Lig om hul duidelik te omskryf. Drie stamme van Israel word aan die begin (1.2) uitgesonder: die stam van Levi (die derde seun van Jakob) wat deur God uitverkore is om as priesters op te tree (Jos. 18:7); die stam van Juda [150] (die vierde seun van Jakob) wat in Gen. 49:8 deur sy pa as leier geseën is en die stam van Benjamin (die jongste en geliefde seun van Jakob). Hierdie drie stamme het die Suidelike Ryk rondom die stad Jerusalem na die skeuring van die stamme uitgemaak (2 *Kron.* 11:1-14). Op die vaandels word dit uitgebrei na al 12 die name van die stamme van Israel (3.14). Die Seuns van die Lig word "**die bannelinge van die wildernis**" (1.3) genoem. Hierdie bannelinge sal terugkeer na "die wildernis van Jerusalem" om vandaar die oorlog te voer. Die Seuns van die Lig word ook as die "**Seuns van die Geregtigheid**" beskryf (1.8)." Lig en geregtigheid" word dus in apposisie gestel en die beeld kulmineer in 'n hoogtepunt deurdat die "Lig" tot aan die eindes van die aarde sal skyn totdat die tydperk van die "duisternis" voltooi is en op God se tyd sy "verhewe Grootsheid" – רום גודלו – sal laat skyn.

5.1.2B.2 MENSE VAN GOD

"Op die groot banier aan die voorpunt van die hele Gemeente staan die "Mense van God en die name van Israel en Aaron en die name van die twaalf s[tamme van Israel] volgens hul geslagte" (3.13-14).

Die drie stamme word uitgebrei na manne van "waarde" uit al die stamme van Israel (2.7). Op die groot vaandel staan dan ook "Mense van God, Israel en Aaron en al twaalf stamme van Israel" (3.13; 5.1). Die derde seun van Levi, Merari, word op die vaandels uitgesonder (4.1). In Num. 3:36 word die toesig van die style, dwarshoute, pilare, voetstukke en die gereedskap van die tabernakel

[150] Volgens Charlesworth (2002:89) blyk dit dat die "Huis van Juda" as 'n metafoor vir die Qumrangemeenskap in 1QpHab7.17-8.3 gebruik word.

aan die nageslag van Merari toegeken en dat hul aan die noordekant van die tabernakel moes laer opslaan.

Die skrywer van *1QM* beskou die Gemeenskap van Qumran as die heilige mense van God - "**maar ons, u heilige mense"** - ואנו עם קודשכה - deur God se werke van Waarheid (14.12).

Die bevelvoerders word op die trompette as die "Prinse van God beskryf: נשיאי אל (3.3); Leaders/Princes of the tri[be] [נשי השׁ[בט (3.15). Aan die begin van kolom 5 (.1) word geskryf van die "prins" - נשיא כול העדה - van die hele gemeenskap en saam met hom word Israel en Levi en Aaron by name uitgesonder, saam met die name van die twaalf stamme.

5.1.2B.3 HEILIGE MENSE VAN DIE VERBOND

Teenoor "diegene wat die verbond skend" word die "heilige mense van die verbond" (10.10) en "**seuns van die verbond**" (17.8) geplaas. Die Gemeenskap van Qumran het baie waarde aan die Verbond geheg en het geglo dat God Sy Verbond van die Vadere weer met hul as "oorblyfsel" (sien 5.1.2.B.5) van Israel hernu het en vir hul afstammelinge bevestig het (*1QM* 13.7-8). Die *Damaskusdokument* self neem die vorm van 'n verbond aan en bevestig dat die "oorblyfsel" aan die oerverbond met die patriarge as die "lede vir ewig", verbind is.

In die vorige hoofstuk (4.1.2.B.1) is reeds na die nuwe vertolking van die skrywer van *1QM* verwys. God het na die ballingskap 'n nuwe verbond met Israel aangegaan en het Sy wet vir hulle "in hulle binneste gee en dit op hul harte" geskrywe**.** In *1QM* word "die Verbond van U vrede" met die stilus van die lewe" - בחרט חיים - gegraveer (12.3).

In die *Gemeenskapsrol* (1QS) word telkens na die Verbond verwys – veral in kolomme 1-3 waar 'n seremonie van die Verbond beskryf word. Verder word die Verbond in dualistiese verband met die twee partye gebruik: hulle wat bestendig volhard in die Verbond (5.3) en hulle wat nie die Verbond hou nie (5.18): 'n ewigdurende Verbond (4.22;5.5-6) en hulle wat nie by die Verbond ingesluit is nie (5.11,18). Die rol bevestig dat die Verbond nie meer vir die hele Israel geld nie, maar net vir die Seuns van die Lig.

In die *Oorlogsrol* is daar nog verdere verwysings na die Verbond: kolom 14.4-5 verbind God se **genade** aan die Verbond soos ons dit ook in die HB aantref: "Geseënd is die God van Israel, Hy wat met genade sy Verbond bewaar en die getuienis van redding vir die mense wat Hy verlos." Die skrywer loof die genadige God wat die Verbond vir die Vadere en die nageslagte in stand hou (14.8-9). Daarteenoor word *Belial* gestel en dat hy hulle nie deur sy haat van die Verbond verwyder het nie (14.9-10). Hy verwys weer na die HB - na Aaron se seuns : die twee wat God veroordeel het en Ithamar, wat Hy deur die Verbond aan hom verbind het (17.2-3). 'n Hoogtepunt word met

die uitroep dat die Verbond van Israel in blydskap sal skyn, bereik (17.7). Hy gebruik die aanspreekvorm - “Seuns van die Verbond” (17.8) vir die lede van die Gemeenskap. In 18.7 benadruk hy dat die Verbond reeds van lank al af bestaan en in vers 7-8 word “poorte van verlossing” treffend saam met die Verbond gebruik:

שערי ישועות פתחתה לנו פעמי? רבות למע[ו ב] ריתכה

> “Die poorte van verlossing/ bevryding het U baiekeer vir ons ter [wi]lle van U [Ve]rbond oopgemaak”.

שערי word ‘n paar keer in die praktiese beskrywing van die strategie van die oorlog (2.3; 3.1; 4.7; 7.16; 8.4) gebruik. Die trefkrag van die raak vergelyking is geleë in die toepassing daarvan op die Verbond en die dieper religieuse dimensie wat daardeur daaraan verleen word.

Die skrywer gaan nog verder deur Israel as die uitverkore volk en die “heilige mense van die Verbond” te beskryf. Daar is van die daaropvolgende dele wat nie leesbaar is nie, maar dit wil voorkom of hul ook die heilige engele kan sien en hoor (10.10-11). Van hierdie groep word ‘n gees van “nederigheid” verwag (14.7) teenoor die ” wesens van hoogmoed” (14.12) en selfs “ elke nasie van hoogmoed” (6:6).

5.1.2B.4 SEUNS VAN DIE WAARHEID

Aan die begrip van “Lig” en “Verbond” word ook “Waarheid”(13:10,12) gekoppel – die geeste van Waarheid (13:10) ; Seuns van die Waarheid (17:8) en God se “werke van Waarheid” (13:2;14:12).

5.1.2B.5 DIE OORBLYFSEL

Hierdie konsep was reeds stewig gevestig in die geskrifte van die HB en word met treffende beeldspraak verwoord (*Jes.* 17:3-6; *Amos* 3:12).[151] Dit was veral op Israel, maar ook op ander nasies van toepassing wanneer hul van algehele uitwissing gered is. Na die ballingskap het dit opnuut vir die Jode betekenis gekry in die opsig dat ‘n nuwe gemeenskap uit die “oorblyfsel” kon “uitspruit” (*Jesaja* 4:2: צֶמַח). Laasgenoemde vorm ‘n skakel met die bekende gedeelte van die voorspelling van die Messias in *Jesaja* 11:1: “…’n takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;…” - וְיָצָא חֹטֶר מִגֵּזַע יִשָׁי וְנֵצֶר מִשָּׁרָשָׁיו יִפְרֶה׃

[151] In *Jesaja* word die gepaste beeld van ‘n na-oes vir die oorblyfsel gebruik - וְנִשְׁאַר־בּוֹ עוֹלֵלֹת ; In *Amos* 3 is dit weer 'n paar pote of 'n “oorlappie” - בְּדַל־אֹזֶן - wat deur die herder uit die bek van die leeu gered word.

Vir die Gemeenskap van Qumran was “die oorblyfsel” ‘n eretitel en word dit in kolom 14.8-9 onomwonde gestel: ואנו שאר]ית en dat “God gedurende die heerskappy van *Belial* wonderbare genade aan die oorblyfsel betoon het”. Net soos “oorblyfsel” aan die verbond skakel, word dit hier met die genade van *God* - חסדיכה- verbind. Die genade van *God* word deur חסד weergegee wat

“troue liefde” beteken en wat volgens die gebruik in die HB (ongeveer 250 keer) die betekenis van Goddelike vergifnis inhou.

5.1.2B.6 DIE ARMES/VERDRUKTES

In kolom 11 word tweekeer na die leërmag in wie se hand God die oorwinning oor die vyand gee, as die armes - אביונים/אביוני – (vertaling Duhaime 1995) verwys (11.9,13). In die vertaling van Wise e.a. (2004) gebruik hul die ander betekenis van die Hebreeuse woord: “verdruktes”. In 11.9 kontrasteer dit met die “hoogmoedige nasies” en in 11.13 weer met die “magtige nasies”. In die konteks word hoogmoedigheid dikwels met rykdom geassosieer. Albei betekenisse sluit dus by die konteks aan met die betekenis dat die lydende party deur God verhef sal word.

5.1.2B.7 DIE STRUIKELENDES/SWAKKES

Bostaande perspektief van “arms/verdruktes” word versterk deur die begrip dat God die struikelendes sal roep om “wonderlike [magtige dad]e” (14.5) te verrig en “die swakkes leer om oorlog te voer” (14.6). Deur God word “die knakkende knieë stewig gemaak” (14.6) en “die verslane lendene versterk” (14.7). Hoe word dit vereenselwig met die uitspraak dat net “manne van waarde” vir die oorlog gekies word? Die skrywer van *1QM* verklaar dat in die hitte van die stryd menslike kragte ontoereikend is en dat die oorwinning slegs deur God behaal kan word:

> “Die verslae gees sal u laat ontbrand soos ‘n vlammende fakkel in ‘n skede om boosheid te verslind …” (2.10)
>
> Die offisiere sal die wat gereed is vir die oorlog toespreek om die gewilliges van hart in die krag van God te versterk en om al die wie se hart hul begewe het, te herstel en al die manne van waarde te versterk …” (10.5).

5.1.2B.8 DIE UITVERKORENES

Deuteronomium word deur Patrick (1992:435) as dié geskrif in die HB waarin die aspek van Israel as die “uitverkore” volk van God die volledigste op uitgebrei word, uitgesonder.

כִּי עַם קָדוֹשׁ אַתָּה לַיהוָה אֱלֹהֶיךָ בְּךָ בָּחַר יְהוָה אֱלֹהֶיךָ לִהְיוֹת

לוֹ לְעַם סְגֻלָּה מִכֹּל הָעַמִּים אֲשֶׁר עַל־פְּנֵי הָאֲדָמָה

> "Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees" (Deut. 7:6).

Hierdie unieke voorreg verbind die 'heilige' volk onlosmaaklik aan die Wet en die Verbond met God wat deur aanbidding en gehoorsaamheid van hulle kant af vervul word.

In hierdie sin word in *1QM* die onvergelykbaarheid van God parallel met die onvergelykbaarheid van Israel gestel:

> "… Wie is soos u, o God van Israel, in die he[me]le of op aarde, om volgens u groot werke en kragtige mag te handel?
>
> Wie is soos u volk Israel wat u vir uself tussen al die mense van die lande gekies het die heilige mense van die verbond…'(*1QM* 10.8-10a).

God se grootsheid word deur sy keuse op Israel oorgedra. Deur die betekenis van die naam van die aartsengel *Migael* – "Wie is soos God?" – word hy in die hegte verbintenis opgeneem.

In die latere *Jesaja* van die ballingskap word God se verlossing na ander nasies uitgebrei:

> "Wend jul tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie" (*Jes.*45:22).

Na die ballingskap word daar buiten die konsep ook melding gemaak van die twee groepe binne die volk self – die regverdiges en die bose: waaruit die leerstelling van individuele uitverkiesing ontwikkel het. Dit word prakties deur die afsondering van die groep by Qumran geïllustreer. Hulle beskou hulself as die "uitverkore" oorblyfsel. In *1QS* word dit nog verder gevoer en word die stryd tot binne-in elke individu geplaas. Dit veroorsaak spanning tussen elkeen se eie keuse en die verkiesing deur God.

In 1 *QM* word dieselfde Hebreeuse werkwoord בחר as in *Deut.* gebruik. In Kolom 12 word verwys na "die uitverkorenes van die heilige mense" - ובחירי עם קודש – (12.1) "en die mense van die uitverkorenes van die hemel" - ועם בחירי שמים - (12.5). Die skommeling van dieselfde woorde dra by tot die versluiering van die presiese betekenis of dit in die hemelse of die aardse sfeer tuishoort, maar die verdere uitbreiding in 12.2 - שמתה לכה - "wat U vir Uself bepaal het" dra by tot die begrip van predestinasie wat deur "uitverkorene" oorgedra word. Dit sluit ten nouste aan by die skrywer se uitspraak in kolom 13. 9-10: ובגורל אור הפלתנו לאמתכה - "en U het ons in die lot van die lig volgens U waarheid gewerp." Hier word geen ruimte vir eie keuse gelaat nie, maar wel gesteun op die waarheid van God. ואנו בגורל אמתכה נשמ חה – "Maar ons, laat ons juig in u waarheid-lot" (13.12). Weereens is dit 'n voorbeeld van die interessante jongleer met woorde. In die

tweede voorbeeld word “die mense van die uitverkorenes van die hemel” as oorwinners teenoor “die opstandelinge van die aarde” gekontrasteer.

5.1.2B.9 DIE LEËRMAG VAN ENGELE

In die HB word daar in *Deut.* 33:2 reeds na die leërmag van die Here as die ‘heilige tienduisende’ van Jahwe verwys en dat daar aan sy regterhand ‘vlammende vuur’ vir hulle was:

2 וַיֹּאמַר יְהוָה מִסִּינַי בָּא וְזָרַח מִשֵּׂעִיר לָמוֹ הוֹפִיעַ

מֵהַר פָּארָן וְאָתָה מֵרִבְבֹת קֹדֶשׁ מִימִינוֹ אֵשׁ דָּת לָמוֹ׃

> "En hy het gesê: Die Here het gekom van Sinai en vir hul opgegaan van Seïr af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom van heilige tienduisende af; aan sy regterhand was vlammende vuur vir hulle."

Ook in *Ps.* 68:18 word die ‘waens’ van *Jahwe* as ‘tienduisende, duisend maal duisende’ beskryf en Elisa word deur ‘perde en waens van vuur’ as beskerming omring (2 *Kon.* 6:17). Opmerklik dat berge elke keer hier as lokus ter sprake is. Die engel wat Josua teengekom het, het hom as ‘die leërowerste van die Here’ bekendgestel (*Jos*.5:14).

In die HB is die hemelse sfeer as ‘n koninklike hof van *Jahwe* met die hemelse wesens as sy dienaars voorgestel en as die raad van God - בַּעֲדַת־אֵל (*Ps*. 82:1) of die geheime vergadering - הַבְסוֹד אֱלוֹהַ (*Job* 15:8) benoem. 1 *Kon*. 22:19 gee een van die langer omskrywings:

– וַיֹּאמֶר לָכֵן שְׁמַע דְּבַר־יְהוָה רָאִיתִי אֶת־יְהוָה יֹשֵׁב עַל־כִּסְאוֹ וְכָל־צְבָא הַשָּׁמַיִם

> “Verder sê hy: Daarom hoor die woord van die Here: Ek het die Here sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskare by Hom staan ... “

Daniël en 1 *Henog* verwoord ook die tradisie:

> “... duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan ...” (*Dan*. 7:10).
>
> “.. tienduisend maal tienduisend het voor Hom gestaan ..” (*1 Henog* 14:22).

In *1QM* word die saamgeroeptes deur “die gemeente van hemelse wesens”- עדת אלי? (1:10) – ook “die heiliges” – קדושי? - (1:16) en “heilige engele” - מלאכי קודש - (7:6) gesteun.

אלי? in 1 *QM* word met verskillende woorde deur García Martínez en Wise vertaal (1.10.11). Laasgenoemde twee navorsers vertaal dit met "gode". In die *Oorlogsrol* waar soveel verering aan die een God van Israel gegee word, strook dit m.i. nie met die toon van die geskrif nie, asook nie die konteks van 'n afgesonderde gemeente wat die geskrifte van die HB onderskryf het nie. So lees

?ג]בורי אלי in kolom 15.14 in die betekenis dat die "magtige wesens" hulle sal omgord vir die oorlog en ook in formasies sal ontplooi meer sinvol as die "magtiges van die gode" (sien ook Davidson 1992:201-202).

Aan die begin van kolom 12 word na die “menigte van heiliges (holy ones) in die hemele”:

לה בשמים [א]רוב קדושים – “en die engeleskaar” - וצבאות מלאכים - wat God se waarheid loof, verwys. Dit word as “duisende” en “tallose menigte” in 12.4 uitgebrei. Die skrywer bevestig dit dat God, in die glorie van Sy Koningskap “en die gemeente van Sy Heiliges” – ועדת קדושיכה - in hul midde vir 'n ewigdurende hulp is (12.7).

Die engele word ook as “seuns van God” - בְּנֵי הָאֱלֹהִים in die HB (*Job* 1:6) beskryf wat die verhouding tussen God en die engele 'n besondere kwaliteit in die konteks van die HB – waar kinders, veral seuns 'n belangrike plek ingeneem het - gee.

5.1.2C OPENBARING

5.1.2C.1 DIE SEWE GEMEENTES

Die inleiding van *Openbaring* (1:1-20) is ‘n voorspel tot die stryd tussen die magte van die Goeie en die magte van die Bose. Die eerste vlak waarop die ‘oorlog’ gevoer word, is die probleme waarmee die vroeg-Christelike kerk moes worstel om staande te bly. Dit word deur die briewe aan die 7 gemeentes in Klein-Asië – elkeen in sy eie konteks - oorgedra. Die briewe vorm deel van die geheel van die boek *Openbaring* deur kruisverwysings en toepassings en selfs woordelikse herhalings. Daar is reeds verwys na die herhaling in hoofstuk 13 van die vermanende refrein aan die einde van elke brief: “As iemand ‘n oor het, laat hom hoor” (13:9); “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê” (2:7,11,17,29; 3:6,13,22). Die briewe is dus in die geheel van die boek aan al die gemeentes van die vroeë kerk versprei om as aanmoediging en vermaning te dien. Die vernaamste knelpunt was die valse ‘apostels’soos die Nikolaïte (2:6,15); die skyn-Jode (2:9; 3:9); Bileam en Balak (2:14); en Isebel (2:20) teen wie se leuens en verleidings die gemeentes moes waak.

5.1.2C.2 DIENSKNEGTE

Die "openbaring" van Christus en God word aan sy "diensknegte/dienaars" - δοῦλοι- gerig (1:1). Johannes self beskryf hom as een van die diensknegte (1:1). Die oorspronklike betekenis van die woord was “slaaf”, maar word verkieslik as “dienskneg” of “dienaar” vertaal om weg te beweeg van die pejoratiewe waarde wat daaraan deur rassistiese en politiese konnotasies in die 19de en 20ste eeu geheg is. Glancy (2006:3,156) gaan in haar navorsing oor slawe-arbeid in die vroeg-

Christelike tydperk vanuit die standpunt dat slawe en slawe-eienaars meer ‘n “spilpunt” was as wat oor die algemeen erkenning aan gegee word. Daar word nie genoeg navorsing oor die impak van slawerny op die strukture en gelowe van die vroeg-Christelike tydperk gedoen nie. Sy (Glancy 2006:3) is van mening dat slawe-eienaars hul slawe as lywe/ “bodies” gekarakteriseer het en hul daarvolgens behandel het. Dit is daarom dat slawerny in die meer beklemtoonde studie van die siel agterweë gebly het. Paulus het aan Filemon geskryf om met liefde sy slaaf, Onesimus wat weggeloop het, terug te ontvang - “nie meer as ‘n slaaf nie, maar méér as ‘n slaaf, as ‘n geliefde broeder in die vlees - σαρκὶ - sowel as in die Here …” (Flm. 1:16).

Bartchy (1992:66) wys weer daarop dat ‘n slaaf tog regte geniet het soos om eiendom te besit en opleiding te ondergaan en dikwels verantwoordelike pligte gehad het. Sommige het die vooruitsig gehad om op 30 jaar as beloning vir getroue werkverrigting vrygelaat te word. So was party slawe se lewensstandaard aansienlik beter as ‘n arm vrygebore persoon. Verder sluit dit aan by die tydkonteks waar ‘n slaaf selfs as ‘n verteenwoordiger van sy heer kon optree (Aune 1997:16-17).

Die wette van die Israeliete het bepaal dat wanneer “julle broers, die kinders van Israel” … “verarm en hy homself aan ‘n vreemdeling of bywoner of aan ‘n familielid uit die geslag van ‘n vreemdeling” moet verkoop, moet daar vir hom “die reg van lossing” wees (*Lev.*25:46-48). “Want die kinders van Israel is my knegte; my knegte is hulle wat Ek uit Egipteland uitgelei het. Ek is die Here jul God” (*Lev*. 25:55). Hierdie beeld word in *Openbaring* volgehou: Soos God die Israeliete van die Egiptenare verlos het en hul nou Sy knegte is, so het Christus sy volgelinge van die Bose en sonde verlos deur hul met Sy bloed vry te koop om Sy slawe te wees. Die begrip van ‘dienskneg’ word egter ‘n trappie verder gevoer deur hul as ‘martelare’ te identifiseer. Die ‘martelare’ in die ost. paragraaf word bemoedig deurdat hul geduldig moet wees totdat hul *mededienskneg*te en broers - οἱ σύνδουλοι αὐτῶν καὶ οἱ ἀδελφοὶ- voltallig sou wees.

5.1.2C.3 DIE MARTELARE

Die vyfde seël ontbloot “onder die altaar die siele wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hul gehad het”.

… ὑποκάτω τοῦ θυσιαστηρίου τὰς ψυχὰς τῶν ἐσφαγμένων διὰ τὸν λόγον τοῦ θεοῦ καὶ διὰ τὴν μαρτυρίαν ἣν εἶχον (6:9).

Daar word ‘n baie spesifieke plek aan die getuies toegeken: “onder die altaar”. Dit was die plek volgens die geskrifte van die OT, waar die bloed van die offerdiere uitgegiet is (*Eks*. 29:12;16;20). Die ‘getuies’ was bereid om hul lewe as offer te bring. Die altaar sluit aan by die toneel van die hemel as ‘n tempel en word nie slegs as brandofferaltaar, maar ook as wierookaltaar vertoon (bespreek verderaan).

Dieselfde werkwoord σφάζω – ‘om met geweld te vermoor’ - wat vir die Lam gebruik is, word vir dié wat vir hul getuienis van die woord van God, doodgemaak is, gebruik. Hierdeur word ‘n baie nou parallel tussen die ‘martelare’ en die Lam geteken.

Hulle weeklaag van “Hoe lank?” ten opsigte van die oordeel en wraak van God is soos 'n weerklank van dieselfde smeektoon in gebede in die *Psalms* en by party van die profete (vgl. ook Nickelsburg 2001:209):

> “ Hoe lank, Here, sal U vir ewig toornig wees, sal U ywer brand soos 'n vuur?” (*Ps* 79:5).
>
> “Hoe lank sal U, o Here, Uself vir altyd verberg, sal u grimmigheid brand soos 'n vuur?” (*Ps.* 89:47).
>
> “Daarop het die Engel van die Here aangehef en gesê: Here van die leërskare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoond was?” (*Sag*. 1:12).

5.1.2C.4 DIE 144000 GESEËLDES

In hoofstuk 7 word die “diensknegte” met die seël van die lewende *God* - σφραγῖδα θεοῦ ζῶντος - op hul voorkoppe gemerk. Die getal word uit die 12 stamme van die kinders van Israel opgemaak – 12000 uit elke stam wat by die naam genoem word (7:5-8). Juda word heel eerste genoem i.p.v. die oudste seun Ruben. Lyste van die stamme met variasie van watter stamme ingesluit is, asook die volgorde waarin die geplaas word, word ongeveer 20 keer in die HB gebruik. In aansluiting met die verwysing na die “Leeu van Juda” as benaming vir *Christus* word die prominensie heel waarskynlik hier aan Juda gegee. Verder word Dan die vyfde seun van Jakob, deur Manasse, een van die seuns van Josef vervang. Die *Testament van Dan* (200 v.C.) wat die prins van Dan as Satan benoem (5.2), getuig van die onguns waarin die stam verval het nadat hul ‘n afgod, asook ‘n onwettige heiligdom in die stad Dan opgerig het (Reddish 2001:147). Johannes se ernstige vermaning teen die verleiding deur afgode in *Openbaring* gee sin aan die weglating, alhoewel sommige navorsers nie veel waarde daaraan heg nie en dit beskou as die bepaling van die getal 12 (Osborne 2002:314). Osborne (2002:313) is ook van mening dat die volgorde oor die algemeen matriargaal verklaar word, m.a.w. volgens die moeders van die patriarge (*Gen.* 35:23-26).

Die fokus is in die eerste plek op die baie spesifieke getal. Dit beklemtoon die perfekte voltooidheid van die getroue volgelinge en sluit aan by Johannes se opsomming aan die einde van die perikoop in hoofstuk 14: hulle is sonder gebrek (14:5b). Die volkome getal 12 word met dieselfde getal gemaal en dan weer met ‘n verdere volkome getal 1000 om die simboliese getal van 144000 vir die getroue volgelinge, hulle wat nie die dier gevolg het nie, te vorm.

Die seël waarmee die 144000 op hul voorhoofde gemerk word, word in hoofstuk 14:1 as die naam van die Lam en die naam van "sy Vader" uitgeklaar. Die eienaarskap word deur die 'naam' in die konteks van slawe baie duidelik aangeteken. Hierdie uitkenning verwys waarskynlik terug na Eseg. 9:4-6 waar die manne wat oor al die gruwels in Jerusalem bekommerd was, ook met 'n teken op hul voorhoofde gemerk is en so vryspraak van die doodstraf van God ontvang het (Osborne 2002:310).

Verder word 'n baie spesiale plek, vermoë en eienskappe aan die groep toegeken. Hulle staan saam met die Lam op die berg Sion en slegs hulle kan die "nuwe lied" leer. Hulle is "maagdelik rein" en hulle volg die Lam gedurig. In 2 *Kor.*11:2 gebruik Paulus ook die beeld van die jongmeisie wat aan een man beloof is, in sy pleidooi om die volgelinge van afdwaling te weerhou. Verder word hulle as "eerstelinge"- ἀπαρχή - vir God en die Lam uit die mense gekoop en is daar geen bedrog in hul mond nie. ἀπαρχή word in die sin van die "eerste vrugte" vir die volgelinge in die vroeg-Christelike geskrifte gebruik. So sluit *Jak.* 1:18 volgens albei aspekte by *Op*. 14:4b-5a aan:

> " Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees."

Aune (2003:126-127) beskou die gebruik van ἀπαρχή in *Op*. 14:4 as meer problematies en vergelyk dit met 'n parallelle vers in *Op*. 5:9 (hoewel ἀπαρχή nie daarin voorkom nie):

> " ..want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie …"

en vertolk dit as 'n "heilige offer van mense" m.a.w. "diensknegte toegewyd aan God".

5.1.2C.5 DIE ONTELBARE MENIGTE

Onmiddellik na hierdie spesifieke uitkenning en getal as verteenwoordigend van die voorgeslagte van die Jode in die eerste perikoop van hoofstuk 7 verskuif die toneel in die tweede deel na die menigte "uit alle nasies en stamme en volke en tale"(7:9). Ook hulle het eer aan "onse" God en die Lam gebring. Dieselfde patroon word in hoofstuk 14 herhaal: Eers die 144 000 in die eerste perikoop (14:1-5) en dan die engel wat die "ewige evangelie" "aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke" verkondig (14:6-7). Navorsers verskil t.o.v. die uitklaring van die 144000 uit die stamme van Israel. Sommige verklaar dit as Israel en dat daar twee onderskeie groepe wat die kerk uitmaak in hoofstuk 7 weergegee word; ander vertolk dit as simbolies van die kerk, veral omdat daar baie verwysings in die NT na die kerk as die nuwe of ware Israel is (Osborne 2002:311-312). Volgens bostaande spesifieke opbou van die twee hoofstukke wil dit voorkom of Johannes die aandag op die oorsprong (Israel/*Jesus*) en die voltooiing (alle nasies/*Christus*) wou vestig.

5.1.2C.6 DIE HEILIGES

Die "Dier uit die See" voer oorlog teenoor die 'Heiliges' en dit word aan hom gegee om hulle te oorwin (13:7). Aan die einde van die perikoop word 'n vermaning egter ingevoeg op die patroon van die refrein by die briewe: "As iemand 'n oor het, laat hom hoor"(13:9). Die "lydsaamheid en die geloof van die heiliges" - ἡ ὑπομονὴ καὶ ἡ πίστις τῶν ἁγίων - word as alternatief teenoor die beginsel van "'n swaard vir 'n swaard" gestel. Dit word weer in hoofstuk 14:12 as 'n tussenvoegsel gebruik en uitgebrei:

> " Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar".

Die "Heiliges" is die teenvoeter vir die "Bewoners van die Aarde", soos die "Seuns van die Lig" teenoor die "Seuns van die Duister" in *1QM* gestel word.

5.1.2C.7 DIE VROU EN HAAR NAKOMELINGE

In die eerste vers van hoofstuk 12 in *Openbaring* word die Vrou teenoor die Draak gestel. Sy word as "'n groot teken in die hemel" voorgestel en word "kosmies-groots" beskryf. Sy was met die "son bekleed", "die maan was onder haar voete" en sy het "'n kroon van 12 sterre" op haar kop gehad. Sy was op die punt om geboorte aan 'n seuntjie te skenk wat net voor die kloue van die Draak na *God* se troon toe weggeruk is (12:4-5). Hierdie toneel het aanleiding gegee dat navorsers die Vrou as *Jesus* se moeder Maria vertolk het, maar die beskrywing van hele "groot teken" - σημεῖον μέγα - is te groots om dit enkelvoudig te interpreteer. Die som van die verskillende elemente in die beeld dui hoofsaaklik op Israel en die vroeg-Christelike kerk: 1) Net soos die "sterk engel" (wat soos 'n afskynsel van Christus beskryf word) met 'n wolk "bekleed" - περιβεβλημένον – was (10:1), was die Vrou "met die son bekleed" - περιβεβλημένη τὸν ἥλιον –(12:1). Reeds in die eerste hoofstuk word Christus deur die son beskryf: "… en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag" (*Op*. 1:16). [152] 2) In die doksologie aan die Skepping van God in *Psalm* 8 word ook 'n ereplek aan die mens toegeken:

> "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die **maan** en die **sterre** wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?
>
> U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid **gekroon**.
>
> U laat hom heers oor die werke van U hande; **U het alles onder sy voete gestel**:

[152] In die HB word *God* in die *Psalms* besing as "'n son en 'n skild" (84:12); vir diegene wat sy "Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan" (*Mal*. 4:2).

skape en beeste …" (*Ps*. 8:4-8). (My beklemtoning)

Johannes brei die beeld uit na die hemelse verskynsels en plaas die voete van die Vrou op die maan.

3) Die 12 sterre in haar kroon identifiseer haar as simbool vir Israel: die 12 stamme volgens die seuns van Jakob. Die "kroon" dui op die koninklike status wat aan hul toegeken word. In die konteks van die NT kan die 12 sterre deurgetrek word na die 12 dissipels van Jesus wat die vroeg-Christelike kerk verteenwoordig. Dit sluit aan by die 7 sterre in die regterhand van Christus as die engele van die 7 gemeentes (1:20). 4) Die beeld van 'n swanger vrou word al in die geskrifte van die HB gebruik om Israel uit te beeld (*Jes*. 13:8; 26:17-18). Die uitlig van die "roep" van die Vrou vorm 'n skakel met die "roep" van die 'siele onder die altaar'(6:10). Yabro Collins (1976:106-107) verfyn die vertolking van die Vrou na die vervolgde volgelinge van Christus. Die visioen van die Vrou dra dus nie slegs die geboorte van die Messias, maar ook die 'geboorte- en groeipyne' van die vroeg-Christelike kerk oor.

5.1.2C.8 ENGELESKAAR

Die engeleskaar word as die omsluitende omtrek van die binnekring voorgestel. Hulle sluit aan by die vier lewende wesens en die ouderlinge in hul lofrede aan die Lam – asof uit een mond:

> Καὶ εἶδον, καὶ ἤκουσα φωνὴν ἀγγέλων πολλῶν κύκλῳ τοῦ θρόνου καὶ τῶν ζῴων καὶ τῶν πρεσβυτέρων, καὶ ἦν ὁ ἀριθμὸς αὐτῶν μυριάδες μυριάδων καὶ χιλιάδες χιλιάδων [12]λέγοντες φωνῇ μεγάλῃ·
>
> "Toe sien ek, en hoor ek 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hul getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hul gesê …(*Op*.5:11-12a).

Die kring se lofprysing crescendo uit na die verering van die Godheid ("aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam") deur die hele skepping – "elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is" (5.13)

Hulle word onder aanvoering van *Migael* as 'n leërmag teen die draak en sy engele in 'n oorlog in die hemel geteken.

Verder het die leërs in die hemel - τὰ στρατεύματα [τὰ] ἐν τῷ οὐρανῷ - Christus op wit perde en met wit, rein en fyn linneklere gevolg (19:14). Die dier en die konings van die aarde en hulle leërs het teen Christus en Sy leërs opgetrek om teen hul oorlog te voer.

5.1.2.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

DIE LEËRMAG:

Die Getroues/*Ashavan*	Seuns van die Lig	Die 7 Gemeentes
(Vlugste perde/Trekosse van	Seuns van Waarheid/ Seuns	Diensknegte
die Waarheid)	van Geregtigheid	Di Siele onder die Altaar/
Helers van die Wêreld	Mense van God	Die Martelare
Bondgenote	Heiliges van die Verbond	144000 Geseëldes
Kavi Vishtâsp en sy helpers	Die Oorblyfsel	Die Ontelbare Menigte
(Vroue)	Die Armes/Verdruktes/	Die Heiliges
Fravashis	Struikelendes/Swakkes	Die Vrou en haar Nakomelinge
	Die Uitverkorenes	Die Engeleskaar
	Die Engele	

Drie groepe krygers kan in die tekste onderskei word:

5.1.2.1.1 KRYGERS OP DIE AARDE

Zarathushtra beklemtoon dit dat sy mede-stryders as Waarheidsliefhebbers/*Ashavan* bekend staan – voorstanders van die uitlewing van die Waarheid van *Ahura Mazda.* Hy ken ‘n daadwerklike fisiese aandeel aan hulle in die “resies” teen die Bose toe. Hulle is in kompetisie teen die *Dregvants* in die verkondiging van die “Goeie Religie” van die Wyse Meester deur die bestudering en nakoming van sy bevele/wette/gebooie (30.11). Dit word versterk deur die beeld van “trekosse” wat saam in ‘n juk hul kragte inspan. Dit sluit aan by ‘n gedagtelyn deurgaans in die Gathas wat paradoksaal voorkom: *Ahura Mazda* – die Alwyse Meester - “groei” deur sy gees van Waarheid en Goeie Gedagtes wat deur die troue volgelinge werk (31.7; 33.10,12). [153] Insler (1975:179) som dit as volg op: om die goeie en geluk vir die mensdom te bewerkstellig, het *Ahura Mazda* waarheid en goeie gedagtes deur sy welwillende gees geskep, maar die mens moet deur dieselfde gees van waarheid en goeie gedagtes beweeg word om die meester in sy regmatige krag te laat groei.

> “Man’s efforts, though individually puny, are thus needed by God in his battle against evil, and in their sum will help to bring about victory” (Boyce 1992:74).

[153] Nanavutty (1999:45,106) verwys na Zarathustra se unieke voorstelling van die *Hamkar* – die medewerker – die bevoorregte posisie wat elke volgeling kan inneem om saam met *Ahura Mazda* te streef om “die salige Hernuwing van Bestaan te vestig”. Volgens haar (Nanavutty 1999:102) word die woord (*hamkar*) in *Yasna* 34.14 geïmpliseer, alhoewel dit nie self gebruik word nie.

Die juk was vanaf die vroegste tye ‘n bekende werktuig om diere in ‘n span (עול/על - bv. *Num.* 19:2) saam te laat werk of ‘n hulpmiddel by die mens om water aan te dra. Op dieselfde beginsel is dit gebruik om gevangenes te beheer. Na analogie is die beeld as simbool vir eienaarskap, diens en beheer met die twee pole van eienaar – besitting; heer – slaaf; heerser – onderdaan toegepas. In die *Gathas* word die beeld in ‘n gunstige, sowel as ‘n pejoratiewe betekenis gebruik. Bostaande voorbeeld van trekosse dui bv. op die *Ashavan* wat as werkers vir *Ahura Mazda* op aarde optree. Daarteenoor gebruik hy die beeld ook om die onderdrukking van die Karpans en Kavis te illustreer:

> “Gedurende hulle heerskappy het die Karpans en die Kavis ons met hul bose dade die juk opgelê om die wêreld en die mensdom te vernietig …” (*Yasna* 46.11).

In die HB is die eienaarskap selfs met konkrete ‘merkers’ aangedui of deur ‘n simboliese handeling deur die voet op die nek van die ondergeskikte te plaas; verpligte tribuut wat aan die heerser betaal moes word, word ook met ‘juk’ aangedui. *Jer.* 28:10 gee ‘n duidelike gebruik van die letterlike sowel as die figuurlike betekenis van die juk – מוטה/ מוט. Soos by die Zoroastrisme is die beeld ook op die religie toegepas en wel op die Verbond met God. In die Joodse Apokriewe word dit later aan die Tora, wysheid en die bevele van God verbind (Tyer 1992:1026). In *1QM* word ‘n indirekte en effens gewysigde vorm t.o.v. die Oorlogskryger gebruik wat beveel word: “Plaas u hand op die nek van u vyand en u voet op die hope/rûe van die verslaandes”(12.11). Die simboliek van die juk word ook in die NT gebruik, maar nie in *Openbaring* nie. Volgens Tyer (1992:1027) word die dwarsbalk van die kruis wat *Jesus* moes gedra het met die juk - ζυγός - geassosieer. In die brief aan die *Galasiërs* gebruik Paulus die beeld van die juk saam met die vroeëre diensbaarheid onder die wet: πάλιν ζυγῷ δουλείας – dus eintlik ‘slawejuk’ soos volgens die nuwer vertaling (Gal. 5:1). Hierdie beeld is al in *Hosea* 11:4 t.o.v. *God* en Israel gebruik:

> “Ek het hul met sorg en liefde gelei, Ek was vir hulle soos iemand wat die juk - על - oplig as dit sy trekdier (kakebeen) skaaf ..” (Hos. 11:4:NV).

Die beeld word ook in die woorde van *Jesus* in die NT gebruik (Matt. 11:28-30):

> “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.”

Zarathushtra noem die eerste getroue volgelinge by name in sy *Gathas* en beskryf hulle en hul families as bondgenote. Daar is reeds verwys na die belangrikheid van ‘n ooreenkoms in die Zoroastrisme. *Yasna* 46.5 bevestig die respek wat aan ‘n bevel of ‘n verdrag gegee moet word. Getroue volgelinge word ook by name in die *Bahman Yasht* (5.1.2A.2) geïdentifiseer. Opmerklik dat Zarathushtra net so ’n vername rol aan die vrou toeskryf soos dit duidelik uit *Yasna* 53.3,6 blyk.

In die *Oorlogsrol* fokus die skrywer op die "Seuns van die Lig" wat ten nouste saamhang met "Waarheid en Geregtigheid" en ook die "Verbond". Dit blyk duidelik dat die Gemeenskap hul as afstammelinge van die 12 stamme van Israel beskou; veral deur die gebruik van tradisionele beelde uit die geskrifte van die OT soos die *Verbond* en die *Oorblyfsel*. Die eiename wat gebruik word, is dié van die patriarge van Israel en die priesters en leiers uit die verlede soos Aaron en Moses.

Die "Seuns van die Lig" is aktief betrokke by die beplanning en veg as't ware skouer-aan-skouer saam met die engele in die oorlog -*1QM* 1.10; 7.6; 19.1.(Sien ook Fletcher-Louis 2002:395-403). Hoewel die afloop van die oorlog verseker is, word geen beskrywing van die werklike oorlog gegee nie – slegs van die voorafgaande strategie (sien 6.1). Die oorlog en die oorwinning word aan God toegeskryf. Vroue figureer nie in die oorlog nie, inteendeel hulle was nie in die kampe voor die oorlog toegelaat nie, vanweë die reinheidswette.

Die lede van die sewe gemeentes van die vroeg-Christelike kerk is die uitgangspunt in *Openbaring*. Die geskrif dien as bemoediging en vertroosting, maar ook as vermaning teen die verleiding van die valse leraars in hul stryd teen die Bose/*Satan*. Johannes skaar hom by hulle as een van die diensknegte van *God* en *Christus* (Op.1:1) en as "broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus" (1:9). In *Openbaring* neem die "aardse" krygers nie saam met die engele deel in die oorlogvoering nie (*Op*.19). Die oorlog self word ook nie beskryf nie. Vroue speel 'n vername rol in die simboliek van *Openbaring* en word in sterk beelde van kontras tussen die swanger vrou as teken in die hemel/die bruid teenoor die hoer/Babilon gebruik.

Die uitsonderlike benaming as "helers van die wêreld" word aan die volgelinge van Zarathushtra gegee en sluit aan by die opvatting dat Zoroastrisme al as 'n "ekologiese" religie beskryf is (Clark 1998:12). Dit sluit by die sterk reinheidsaspek (meer uitvoerig in 6.1.3.2.A) van die religie aan.[154] Die natuur speel 'n belangrike rol in die visioene van Johannes en die oordeel van *God* in *Openbaring.* In die simboliek word verskeie diere gebruik: die leeu, luiperd, beer, lam, kalf, arend en perde en in die uitbeelding van die oordeel en die eskatologie dra aardbewings, donderslae, sterre, winde, wolke, berge, reën, waterfonteine, riviere, die see, hael en vuur, bome, gras, edelgesteentes, wingerd, die son en die maan en selfs sprinkane, skerpioene, paddas en slange by tot 'n sterk visuele belewenis. Hoewel daar so baie verwysings na die natuur in *Openbaring* is, word die bewaring daarvan – deur dit nie te besoedel nie - nie so sterk as in die *Gathas* uitgelig nie. Die bevel wat in 7:3 deur die engel gegee word:

---

[154] Volgens Choksy (1989:xvii) is fisiese reinheid essensieel, maar die wette van reinheid in die Zoroastrisme fokus meer op die geestelike heelal en nie soseer op die materiële wêreld nie: dit is die simboliek van die reinheidsrituele wat belangriker is.

> "… Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hul voorhoofde verseël het nie."

het betrekking op die plae wat op die aarde en die see sou volg en beklemtoon die oppermagtigheid van *God.* In 1*QM* word die grootsheid van *God* as Skepper besing (10.11-14) en die perderuiters word in vergelykings met reën en mis gebruik (12.9-10).

Die *Oorlogsrol* bevestig die almag van *God* en Sy engele deurdat die versekering aan die manskappe gegee word dat die armes/verdruktes en die struikelendes/swakkes deur *God* versterk sal word en die uiteindelike oorwinning aan hulle gegee sal word. Zarathushtra was ook 'n kampvegter vir diegene wat deur die ryk Kavis onderdruk en benadeel is. Hy beskryf homself as 'n "behoeftige afhanklike" van *Ahura Mazda* (34.5) wat ook op 'n geestelike vlak vertolk kan word. Geen waarde word in *Openbaring* aan materiële rykdom geheg nie. In die simboliek van Babel word dit deur herhaling beklemtoon dat "soveel rykdom" en "kostelike skatte" in "een uur verwoes is" (18:16,19). Geestelike rykdom word teenoor die armoede van die gemeente van Smirna gestel (2:9), terwyl die geestelike armoede weens die materiële rykdom van die gemeente van Laodicea aan die kaak gestel word (3:17-18). Ten spyte van hul rykdom is hul eintlik "ellendig en beklaenswaardig en arm, blind en naak".

5.1.2.1.2 HEMELGERIGTE KRYGERS

In die *Gathas* word herhaaldelik bevestig dat die *Ashavan* wat die voorskrifte van *Ahura Mazda* noukeurig uitvoer, aan die einde van hul lewe na die "Huis van Sang" sal gaan. Die gevolge van die keuse word deur *Ahura Mazda* vooraf vasgestel, maar elke mens moet die keuse uit vrye wil doen. (meer uitvoerig in **5.1.4**). Die persepsie dat die *Ashavan* medewerkers is en dat hul nakoming van *Ahura Mazda* se wette bydra tot die totstandkoming van die uiteindelike *Frashokereti* (sien **6.2.A**) dui op 'n langdurige proses wat reeds op die aarde aan die gang is.

Die verwysing in *1QM* na die "uitverkorenes" (5.1.2B.8) dra die betekenis van stryders op aarde reeds-op-pad-na-die-hemel oor. Dié konsep wat teoloë voor die netelige kwessies van Predestinasie en die Uitverkiesingsleer teenoor die Vrywillige Keuse van die mens te staan gebring het. [155] In die geskrifte van die HB het Israel hul as die uitverkore volk van *God* beskou. Die goddelike uitverkiesing wat op die voorbeskikking van God berus, word ook as 'n belangrike aspek van 1

---

[155] In die Bybel word onderskeid tussen predestinasie en uitverkiesing gemaak, maar die terme word dikwels as wisselvorms in teologiese taal gebruik: omstrede leerstellinge dwarsdeur die eeue heen. Shogren (1992:441) verwys na die belangrikste onlangse ontwikkeling in Karl Barth se teologie dat Christus die verkore een is en daarom die enigste mens is wat deur God verwerp is. Die verdoeming val dus op Hom, terwyl die verkiesing tot redding die mens te beurt val.

Henog (±300 v.C.) deur Davies (2000a:194) beskryf. In *1QM* beskou die Gemeenskap van Qumran hul as die "uitverkore oorblyfsel" wat as "bannelinge" hul van die Joodse gemeenskap by die Dooie See afgesonder het. Dan is daar ook nog die aspek van "sinkronisasie van die hemelse en die aardse wêrelde" … "in such a way that the righteous are both the effective agents of God's action and his presence, thereby becoming theomorphic or angelic" – aldus Fletcher-Louis (2002:395).

Dieselfde gedagtelyn van "uitverkorenes" word in *Openbaring* aangetref. So lees *Op*. 17:14b:

> " …- want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.- καὶ οἱ μετ' αὐτοῦ κλητοὶ καὶ ἐκλεκτοὶ καὶ πιστοί."

Dit word verder deur die verwysings na die "boek van die lewe" [156] versterk:

> "En al die bewoners van die aarde sal hom (die dier uit die see) aanbid, *almal* wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie" (13:8; 17:8).

Die boek word reeds in die 5de brief aan Sardis (3:5) in 'n belofte aan die "oorwinnaars" aangehaal:

> "Wie oorwin, … en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe - ἐκ τῆς βίβλου τῆς ζωῆς -nie …".

Die boek speel ook 'n vername rol in die eskatologiese oordeel van *God* (sien ook **6.2.C**):

> "En ek het die dode, klein en groot, voor die troon sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hul werke" (20:12).

"En as dit bevind is dat iemand nie geskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (20:15). Die simboliek van die vrou in *Openbaring* (5.1.2.C.7) vorm deur die verskillende komplekse, maar aaneenskakelende ringe 'n ketting na die hemel: Israel>die 12 apostels van Jesus>die 7 gemeentes>die vervolgdes van die vroeg-Christelike kerk>die martelare> die siele onder die altaar in die hemelse visioen.

Die 144000 diensknegte van God word selfs met 'n seël – die naam van die Lam en die naam van *God* – gemerk.

---

[156] Verskeie verwysings na *God* se boek of "die boek van die lewe" word in die HB aangetref. *Eks.* 32:32-33 vermeld God se boek: " Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek". Die aanhaling lê die basis van 'n tipe hemelse register waarin die name van die 'regverdiges' aangeteken is (*Ps.* 69:29). In Griekse en Joodse tradisie het die skrap van 'n naam uitsluiting uit die gemenebes of die gemeenskap beteken (Osborne 2002:180).

Alhoewel spesiale melding van die volgelinge uit die "uitverkore" volk van Israel gemaak word, kom die volgelinge van die Lam as "die ontelbare menigte" nou uit "alle nasies en stamme en volke en tale".[157] Paulus het in *Rom*. 10 van die drade bymekaar geknoop:

> "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word" (Rom. 10:9).
>
> "Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Rom. 10:12-13).

Hoewel die volgelinge "uitverkore" is, is die komplementêre komponent - geloof in Christus - die vervulling van die voorreg. Christus prys die gemeente van Pergamus:

> "… En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie …" (Op. 2:13).

Die beeld van die "geopende deur" hou ook die idee van 'twee kante van 'n muntstuk' in: Die eerste gesig van Johannes word ingelei deur die beeld van "'n geopende deur in die hemel"- θύραν ἠνεῳγμένην (4.1). Dit sluit aan by die brief aan die gemeente Filadelfia waar dieselfde frase van "n geopende deur" - θύραν ἠνεῳγμένην gebruik word:

> "... Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie ..."(3:8)

In die vorige vers word Christus beskryf as die een "wat die sleutel van Dawid [158] het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie" (3:7).

Tussen die twee perikope, in die brief aan Laodicea word die **omgekeerde toneel** gebruik: Christus wat by die deur staan en klop [159]:

---

[157] Slegs 'n breë voorafskaduwing van die uitverkiesing van nie-Jode word in Amos 9:12 aangedui: "… sodat hul in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam geroep is …"(Patrick 1992:439).

[158] In *Jes*. 22:22 word Eljakim in die plek van Sebna deur die Here aangestel en gee Hy die sleutel van die huis van Dawid aan hom sodat "hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie." Verskeie vertolkings is al aan hierdie beeld gegee. In die oorspronklike is die seggenskap oor die paleis aan Eljakim toevertrou want "hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van Juda 'n vader wees". In konteks as 'n tipe verhewe *Christus* word *Jesus* as die Gesalfde van Dawid wat die toegang tot die Koninkryk van God , die "Nuwe Jerusalem" beheer, beskryf (Osborne 2002:187).

[159] Aune (1997:250-254) gee 'n uitvoerige ontleding oor "die probleem van Op.3:20" wat op die vertolking van verskillende kommentators oor die oorsprong van die beeld berus. Hy bespreek verder twee tipes van sakrale maaltye uit die Grieks-Romeinse religieuse praktyk as moontlike parallelle en kom tot die komplekse slotsom dat: " it appears that the metaphorical character of the saying exhibits a polyvalent ambiguity produced by the author's combination of imagery from Jewish, Christian, and Greco-Roman traditions."

> "As iemand my stem hoor **en die deur oopmaak**, sal Ek ingaan en saam met hom maaltyd hou, en hy met My"(3:20 - my beklemtoning).

(sien ook **5.1.4C).**

"Heiliges" pas ook in die tussenfase –tussen die aarde en die hemel - in, aangesien die benaming reeds op 'n goddelike kwaliteit dui en soos reeds gesien in 1*QM* word dit soms so gebruik dat die vertolking daarvan nie so klinklaar is of dit op hemelse of aardse wesens van toepassing is nie.

5.1.2.1.3 HEMELSE KRYGERS

Soos reeds aangestip word daar nie in die *Gathas* na 'n engeleskaar verwys nie, maar die konsep van die *Fravashis* was beslis bekend in die populêre religie. Hulle word net soos die engeleskaar in 1*QM* en *Openbaring* in groot getalle wat 'ontelbaar' impliseer, voorgestel en neem ook deel aan oorloë. Carmignac (1958:171) se vertolking van die "menigte heiliges" as die siele van die regverdiges wat reeds dood is en nou saam met die lewendes oorlog voer, stem in 'n groot mate ooreen met die *Fravashis*, maar het in konteks te min ondersteunende teksmateriaal (Fletcher-Louis 2002:399).

'n Skerp teenstelling is die herhaalde verwysing na die aanbidding van die *Fravashis* in *Yasht* 13,

> "Ek loof, ek roep aan en besing die goeie, sterk, heilige fravashis van die regverdiges ….13.21; Ons aanbid die goeie sterk, heilige fravashis van die regverdiges ….13.26,30,31,32,33,35,37,39,40,45,49,53,55,57,59,60,61,62,63,64,

teenoor die teregwysing van die engel aan Johannes in *Openbaring* 19:10:

> "En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God"(sien ook 22:8-9).

1QM fokus op die teenwoordigheid van die engele tussen die manskappe (1.11), terwyl die sfeer van die engele in *Openbaring* meer in die hemel beskryf word en hulle as agente van *God* in die oordeel op die aarde optree.

5.1.3 DIE GESAGSGEBIED VAN DIE AANVOERDER

5.1.3A GATHAS/BAHMAN YASHT

Die koninkryk van *Ahura Mazda*, sy mag en gesag word as *Khshathra* beskryf. Dit word ook deur een van die Heptad verteenwoordig (5.1.1.A.2.1).

Die gesag van *Ahura Mazda* word in *Yasna* 31.21 omskryf as sy "oorvloedige gesag van heerskappy oor Volkomenheid, Onsterflikheid en Waarheid". Humbach en Ichaporia (1994:39) vertaal dit as "His own wide shelter of integrity and immortality, of truth and power". Hulle (1994:51) gebruik die konsep ook saam met die beeld van die koei: *Ahura Mazda* is by die 'skuiling' van die koei – die gemeenskap van die waarheidliewende volgelinge – om hul te onderskraag. Hierdie abstrakte kwaliteite van Goeie Gedagtes en die Waarheid word deur Zarathushtra as die sfere waarin *Ahura Mazda* "woon" beskryf (33.5; 44.9).

In *Yasna* 43.3 "woon" *Ahura Mazda* in die "ware hoogtes" wat volgens Insler (1975:229) in 'n abstrakte sin hoogtes wat bereik kan word en 'n staat van volmaaktheid van *Ahura Mazda* aandui. Aansluitend word *Ahura Mazda* se gesag/krag ook in 44.9 as 'verhewe' beskryf. Nanavutty (1999:44) vertaal en vertolk 43.3 weer as die "reguit paaie van verlossing waarin *Ahura Mazda* woon" en omskryf dit as sy belofte van verlossing aan die *Ashavan* (51.9).

Die huis van *Ahura Mazda* waarheen die lofprysing van Zarathushtra en die volgelinge gaan, word as die Huis van Sang – *dəmānē garō* – omskryf (45.8). Volgens Mehr (2003:125) dui die begrippe van 'hemel' en 'hel' in Zoroastrisme nie fisiese plekke aan nie, maar verteenwoordig hul toestande van geestelike bestaan en dat die lewe hiernamaals 'n opvolging van die lewe van hierdie wêreld is (sien ook **6.2.A**).

5.1.3B DIE OORLOGSROL

Bergspitse word in die geskrifte van die HB met die verskyning of ontmoetings met God verbind. In *Deut* 33:2 "kom die Here van Sinai", "Seïr" en die "gebergte van Paran". Veral Sion word as die woonplek van God uitgesonder (*Jes*. 8:18). In *Joël* 3:17 word Sion en Jerusalem as 'heilig' verklaar. Die hemele - שָׁמַיִם - was egter die algemeen erkende sfeer vir God:

> "... Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon" (*Jes.* 40:22).

In die HB word selfs die "hoogste hemel" (*Deut*.10:14) gebruik.

Die hemele word ook aan 'n tempel of met die troonbeeld aan 'n paleis geskakel:

> "Die Here is in sy heilige paleis: die troon van die Here is in die hemel; sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders" (*Ps*. 11:4).

In die aardse tempel is 'n spesiale ruimte vir God afgesonder - die Allerheiligste (1 *Kon*. 6:16).

In ooreenstemming met bostaande tradisie van die HB word die blyplek van *God* in 1 *QM* as "die hemele" - שמים (12.1); " u heilige/glorieryke woonplek/tuiste" –

זבול קודשכה (12.1); מעון קודשכה (12.2) beskryf. God se woonplek word in die beeld van die Magtige Kryger as paleise op die aarde beskryf (12.13 – ook in die herhaling in 19.5). Deur die retoriese vrae word duidelik gestel dat God se gesag op die aarde sowel as in die hemel geld:

> "Wie is soos u, o God van Israel, in die he[me]le of op aarde, om volgens u groot werke en u kragtige mag te handel?" (10.8-9).

In kolom 14.14 word verwys na "die geheimenisse van u wonderlike dade" wat "in u hoogtes" – במרומ֑י[כה - [is] ... ". Die hemelruim was in die Antieke tydperk die misterieuse onontdekte gebied met al die wonderbaarlike hemelliggame en grootse natuurkragte. (Tot op datum is die omvang van die heelruim nog nie bepaal nie.) Die verbinding van die Goddelike geheimenisse met die hemelse sfeer was 'n begryplike aanname wat gemaak is.

In die eerste kolom word dit duidelik gemaak dat "[die Seuns van die Ger]egtigheid tot in die "**uithoeke van die aarde**" sal skyn en deur hulle ook *God* se "verhewe grootsheid" – 1.8 (my beklemtoning).

5.1.3C OPENBARING

Die fokuspunt van Johannes se beskrywing van die hemelse toneel in sy visioene is die troon (sien ook 5.1.4C**)**. Die woord kom 47 keer in Openbaring voor en word meestal met 'n bepaalde lidwoord gebruik wat die prominente posisie beklemtoon. Daar is reeds verwys na die toneel van uitkringende hemelse wesens rondom die troon – die 4 lewende wesens; die 24 ouderlinge op hul trone; die aartsengele en engeleskaar totdat die hele skepping ingesluit word (5:13). Klem word gelê op die eerbetoning en lofprysinge wat aan *God* en *Christus* gebring word. Klank en lig dra by tot die beskrywing van die grootse toneel: vanaf die troon het weerligte en donderslae en stemme uitgegaan en die sewe vuurfakkels van die sewe Geeste van God het voor die troon gebrand waar daar ook "'n see van glas soos kristal" was (4:5-6).

Die hemel word in *Openbaring* ook as 'n tempel beskryf. In hoofstuk 7 word die skare "voor die troon en voor die Lam" uitgebrei met die "groot menigte" wat *God* "dag en nag in sy tempel" dien. Reeds in die sesde brief verwys die belofte aan die wat oorwin na 'n "pilaar in die tempel van my God". (Hier word verwys na die "nuwe Jerusalem wat uit die hemel van my God neerdaal" - word onder Eskatologie in 6.2C bespreek.) Die tempelbeeld word uitgebrei in *Op*. 5:8 waar melding gemaak word van die "bakke vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is" en 'n engel "met 'n goue wierookbak" by die "goue altaar voor die troon" (8:3) en "die vuur van die altaar" (8:5). Nadat die 7de engel die basuin geblaas het om die tyd van oordeel aan te kondig, het "die tempel van God

in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in die tempel gesien" (11:19).[160] Die verbondsark het agter die tweede voorhangsel van die tabernakel gestaan wat die Allerheiligste genoem is en slegs die hoëpriester kon een maal per jaar daar ingaan om vir homself en vir die sondes van die volk te offer (*Heb*. 9:7). Saam met die visioen het ook - soos met die troon van God - weerligte, stemme en donderslae gepaard gegaan en word dit verder uitgebrei met aardbewing en groot hael.

Die engel wat die "skerp sekel" gehad het, het uit die "tempel wat in die hemel is", uitgekom en die ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar gekom. Die sewe engele met die laaste plae het uit die "tempel van die tent van die getuienis"(15:5-6) gekom. Daarna is die tempel met rook gevul sodat niemand kon ingaan totdat die plae afgehandel is nie (15:8) en "'n groot stem uit die tempel van die hemel .. van die troon af" die einde aangekondig het nie (16:17).

Die hemel word ook beskryf as die oorlogsterrein waar die oorlog tussen *Migael* en die Draak plaasgevind het en dat die Draak saam met sy engele op die aarde neergewerp is (12:7-9).

Die stad Sion of die berg Sion word in verskeie *Psalms* en in *Jesaja* as die woonplek van God geteken (*Ps*. 9:12; 48:1-15; 50:2; 76:3; 132:13; Jes. 8:18; 18:7). Die vlakke van hemel en aarde ontmoet mekaar dus op die uitverkore plek op aarde. In *Op*. 14:1 staan die Lam en die 144000 geseëldes op die berg Sion. Die toneel flits egter so vinnig na die hemel –"voor die troon" – dat die omgekeerde weer plaasvind en 'n spesiale plek aan Sion gegee word. Sion word ook in *Ps*. 78:68 as sinoniem vir Juda/Israel gebruik: 'n aspek wat deur die 144000 geseëldes in die toneel verteenwoordig word. 'n Verdere assosiasie van Sion is met Jerusalem. In 'n voorspelling van Jesaja sluit hy af met "want die Here van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem" (24:23). Verder bring *Ps.* 2:6 die Gesalfde van God by die "heilige berg":

"Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg."

Die belofte aan die oorwinnaars in die eerste brief is "om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys - παράδεισος -van God is" (2:7). παράδεισος is 'n leenwoord uit oud-Persies van *pairi-daēza*, net soos *pardēs* in die latere Hebreeuse boek, *Nehemia*, waar dit in 2:8 vir 'n "'park' van die koning" gebruik word. In *Hooglied* 4:13 en *Prediker* 2:5 dui dit ook op 'n boord of 'n tuin. In die vertaling van die LXX word παράδεισος in *Genesis* sakraal vir God se tuin gebruik en blyk dit dat die religieuse betekenis na die ballingskap in Joodse denke en woordeskat posgevat het en met 'n hoop op 'n geseënde eskatologie verbind is – soos die gebruik daarvan in die

[160] By die berg Sinai het *God* vir Moses uitvoerige instruksies gegee om vir Hom 'n "heiligdom" te maak dat Hy in hul midde kon woon (*Eks*. 25-28). Binne-in die tent/tabernakel was die ark van die getuienis – die verbondsbepalings – die goue versoendeksel met twee gerubs, die tafel met toonbrode, die goue kandelaar met 6 arms en 7 lampe en die koperaltaar vir brandoffers. Voor die voorhangsel was 'n reukaltaar.

Apokriewe boeke getuig (Charlesworth 1992:154). In *Openbaring* maak dit deel uit van die "nuwe hemel en die nuwe aarde" (sien Eskatologie **6.2C**).

5.1.3.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

DIE GESAGSGEBIED VAN DIE AANVOERDER:

Gathas/Bahman Yasht	***1QM***	***Openbaring***
Sfere van Abstrakte Kwaliteite	Hemele	Hemel[e]
Skuiling	Heilige/Glorieryke Woonplek	Troon
Huis van Sang	Paleise	Tempel
Hoogtes	Hoogtes	Sion
		Jerusalem
		Paradys

By hierdie aspek het Johannes vanweë die visioene wat hy gehad het, baie meer uitvoerig oor die gesagsgbied van *God* uitgewei. Die eerste 5 beelde – hemel[e], troon, tempel, Sion en Jerusalem - was in die religieuse tradisie van die HB gesetel. (Sion en Jerusalem word ook in *1QM* saam met die stede van Jerusalem in die lofprysing van die Magtige Kryger genoem.) "Paradys" verwys saam met die "boom van die lewe" terug na die "Tuin van Eden" in die Skeppingsverhaal van *Genesis* 2. Die woord word net 3 keer in die NT gebruik: in bogenoemde belofte in *Openbaring* 2:7; in die woorde van *Jesus* aan die kruis: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."; en in 2 *Kor*. 12:2,4 vertel Paulus van "'n man in Christus" wat "weggeruk is tot in die derde hemel" ... "weggeruk is in die Paradys ..". Die derde hemel word dus parallel met die Paradys gestel en dui 'n plek waarheen die siel van die mens met sy dood gaan. In die Joodse literatuur na die ballingskap is verskillende hemelse visioene of reise deur bekende figure soos Henog, Abraham en Baruk beskryf *(Henog 1,2; die Testament van Abraham; Baruk 3).* Van die geskrifte het die hemel in verskillende vlakke, meestal 7 aangedui (Reddish 1992:91). Volgens Collins (2000a:133) was die derde hemel op 'n stadium in die tradisie as die hoogste hemel bestempel; daarom dat die Paradys daar gesetel is.

Pairi-daēza word nie in die *Gathas* gebruik nie, maar in *Yasht* *22.15 neem die siel - na 3 nagte en sy ontmoeting met sy Gewete - een tree in die Goeie Gedagte-Paradys, met die tweede tree is hy in die Goeie Woord-Paradys, met die derde tree is hy in die Goeie Daad-Paradys en met die vierde tree is hy in Eindelose Lig. Die 'Huis van Goeie Gedagte' word wel in *Yasna* 32.15 vir die hemel gebruik.

Die beginsel van die hernuwing/ herstel van die aarde in die *Gathas* impliseer dat die 'lewe' met die finale keerpunt en die oordeel op die aarde sal voortgaan. Zarathushtra gee geen beskrywing van die 'Huis van Sang' of die 'Huis van Goeie Gedagte' nie en dit dra daartoe by dat dit as 'n geestelike toestand vertolk word (word onder Eskatologie - 6.2 - meer uitvoerig bespreek.)

5.1.4 DUALISME TEENOOR MONOTEÏSME

In die probleemstelling van die tesis (**1.2**) is aangedui dat die tema op die fenomeen dualisme berus. Dit blyk duidelik uit hierdie geskrifte van die drie religieë. Die twee opponerende "oorlogskampe" word telkens sterk kontrasterend teenoor mekaar gestel. Die "kampe" is nie slegs dualiteite nie, maar word met "oorsaaklike beginsels" geïdentifiseer (**2.3**). Veral in *Openbaring* word die Bose volgehoue as 'n parodie op dieselfde lees as die Goeie geskoei, maar met die beklemtoning dat dit ondergeskik aan die Goeie is. Die futiliteit van die nabootsing word duidelik uitgespel.

5.1.4A GATHAS/BAHMAN YASHT

Volgens Humbach en Ichaporia (1994:12) beskou navorsers die religie wat deur Zarathushtra verkondig is, as die dualistiese religie "par excellence": 'n religie waar die bose in die wêreld nie aan God se ondeurgrondelike weë toegeskryf kan word nie, soos van monoteïsme verwag word nie, maar waar God se teenstanders vir die bose blameer word. Die opvatting word veral deur Zarathushtra se beskrywing van die konflik tussen die twee beginsels van goed en kwaad in die *Gathas* teweeggebring.

Boyd en Crosby het al in 1979 'n opsomming van die monoteïstiese en dualistiese interpretasies van die bekendste navorsers in die Zoroastrisme gemaak en volgens vier kriteria [161] probeer om 'n nuwe sintese van die lankbestaande kontroverse te maak - veral deur die aandag te vestig op die belangrikheid wat *tyd* in Zoroastrisme speel. Deur die verloop van tyd vind daar 'n beweging vanaf dualisme na monoteïsme plaas: die dualisme word deur die dinamiek van die tyd onwaar bewys, terwyl die monoteïsme deur dieselfde dinamiek as waar bewys word. Hulle slotsom was dat die Zoroastrisme op 'n unieke manier 'n kosmogoniese dualisme en 'n eskatologiese monoteïsme kombineer sodat die religie nie onomwonde as 'n dualisme of 'n monoteïsme geklassifiseer kan word nie. Dit sluit aan by Gnoli (1972:581) se opsomming van die menings van Pettazzoni en Henning, dat monoteïsme en dualisme nou verweefd in die *Gathas* is en dat monoteïsme eintlik in konflik met politeïsme is en nie met dualisme nie, aangesien dualisme 'n noodsaaklike en logiese uitvloeiing van monoteïsme is om die oorsprong van die bose te verklaar. Mehr (2003:44;89) stel

[161] Die kriteria wat hul gebruik het, was: 1) tekstuele bewyse 2) die deurlopenheid van die religie deur die eeue heen tot die hede 3) filosofiese oortuigingskrag en 4) religieuse voldoening.

dit dat die Zoroastrisme as dualisties binne die konteks van monoteïsme beskou kan word: dat teologiese monoteïsme en morele dualisme die "ruggraat" van Mazdaïsme vorm – die lering van morele dualisme is aan die een kant verwant aan die beginsel van die vryheid van keuse en aan die ander kant aan die wet van gevolge. Die verskillende denksisteme waarin die dualisme bespreek word, is die hoofoorsaak van die kontroverse oor die dualisme. Dit voer 'n mens terug na die teks:

Die basis vir die dualisme in Zoroastrisme is in *Yasna* 30:3-4 geleë:

3. *aṭ tā mainyū paouruyē yā yəmā x̌afənā asrvātəm*

manahicā vacahicā šyaoθanōi hī vahyō akəmcā

åscā hudåŋhō ərəš vīšyātā nōiṭ duždåŋhō

4. *aṭcā hyaṭ tā həm mainyū jasaētəm paourvīm dazdē*

gaēmcā ajyāitīmcā yaθācā aŋhaṭ apəməm aŋhuš

acištō drəgvatąm aṭ ašāunē vahištəm manō

3. Waarlik daar is twee primêre Geeste, ('n) tweeling bekend om in konflik te wees. In gedagte en in woorde, in handeling is hul twee: die goeie/beter [162] (een) en die slegte. En diegene wat goed handel, het die regte keuse tussen die twee gemaak, nie die boosdoeners nie.

4. Verder het die twee geeste toe hul vir die eerste keer by mekaar gekom het, lewe en nie-lewe geskep, en hoe aan die einde die Slegste Bestaan vir die bose sal wees, maar (die Huis van) die Beste Bedoeling vir die regverdige sal wees.

Volgens die vertaling word die twee Geeste as 'n tweeling omskryf, maar die een Gees word deur die vergelykende trap 'beter' bo die ander Gees gestel en strook dit nie met 'n radikale dualisme van twee oorspronklike ewewigtige entiteite nie (sien 2.3). Die dilemma van navorsers is of die beeld meer letterlik as twee entiteite met 'n gesamentlike oorsprong (een vader/moeder) of meer as 'n metafoor om die gelykheid van die twee wesens (alhoewel tog effens ongebalanseerd deur die 'beter') vertolk moet word.

Bostaande *Yasna* word deur *Yasna* 45.2 bekragtig:

> Ja, ek sal praat van die twee oer-geeste van bestaan, van wie die mees Heilige aan die Bose gesê het: 'Nie ons gedagtes nog ons leringe en voornemens, nog ons keuses, woorde, handelinge of ons innerlike of ons siele is in akkoord nie.

[162] Boyce (1984:35) en Humbach en Ichaporia (1994:31) vertaal dit met die vergelykende trap "beter" wat deur die betekenis bevestig word.

Zarathushtra brei nie soseer uit oor die oorsprong van die twee geeste (*mainyū*) nie, maar beklemtoon die belangrikheid van die **keuse** wat tussen die twee radikale verskillende beginsels van Goed en Kwaad deur elke mens gemaak moet word.

Yasna 30.2 lui inleidend:

> "Luister met jul ore na die beste dinge. Besin met 'n helder verstand – elke man vir homself – oor die twee keuses *āvarəna* - vir 'n beslissing …"

'n Keuse is onvermydelik want die "tweeling" is in konflik met mekaar en is verskillend wat gedagte, woord en daad – allesomvattend: dit wat jy dink, dit wat jy praat en dit wat jy doen - aanbetref.

Dié innerlike persoonlike handeling wat 'n eie vrye keuse impliseer, plaas die dualisme op 'n psigologiese vlak, sodat dit as morele dualisme bestempel word. In hierdie sin sluit dit aan by die betekenis van *mainyū* as 'n "mentality". Volgens Bagli (1996:1,5) moet die *Gathiese* dualisme meer as etiese gedrag vertolk word en dat die 'oorsprong' van die twee 'aspekte' in die menslike verstand ("human mind") gesetel is, omdat daar 'n keuse tussen die twee gemaak moet word. Boosheid word deur die verkeerde keuses van die mens gegenereer. In hierdie konteks vertaal hy (Bagli 1996:2-3) die moeilike begrip van 'nie-lewe'- *ajyāitīmcā* as "'n waardelose lewenswyse" of "'n lewe wat nie werd is om te lewe nie".

Dit is 'n baie aanvaarbare vertolking, maar slegs op 'n eerste vlak. In die metafoor word die begrip tog ook gepersonifieer deur die toeskrywing van gedagtes, woorde en handeling ens. aan 'n 'tweeling'. As kwaliteite word die Goeie Gees in die *Gathas* as *Spenta Mainyu* benoem en in 'n mindere mate die Bose Gees as *Aka Mainyu* in 32.5 (4.1.1.A.1.1.1). Deur die personifikasie van die kwaliteite waartussen 'n keuse gemaak moet word, word die stryd op 'n kosmiese vlak [163] geplaas; aansluitend by die betekenisnuanse as "'spirit'/gees" vir *mainyū*. Hoewel die Bose Gees oor baie mag beskik, is dit tydelik van aard en word dit baie duidelik in die *Gathas* gestel dat *Ahura Mazda* die Alleen-Opperwese is:

> "Maar ek het alreeds besef dat u Heilig/oorvloedig is Wyse Meester toe ek gesien het dat U die Eerste Een by die skepping van die wêreld was en dat U dade en woorde deur U wysheid volgens hul waarde beloon, sleg vir die slegte, goed vir die goeie tot die draaipunt van die skepping" (43.5).

---

[163] Volgens Jafarey (2005:1) is daar geen sweem van 'n opponent van God of stryd of oorlog tussen die sogenaamde "goeie en bose magte" in die 17 keer wat die "Spenta Mainyu" in die Gathas en Haptanghaiti gebruik word nie; die dualisme in die Gathas is vir hom "suiwer eties van aard" omdat die goeie en die kwade in die menslike denke opgesluit lê.

Bostaande keuse wat gemaak moet word, word van die wortel *var* wat ‘om te kies’ of ‘uit te kies’ beteken met die sekondêre betekenis van ‘te verkies’ of ‘te hou van’. Die uitkenning van die woord word vergemaklik deurdat dit 30 keer in die *Gathas* voorkom (Jafarey 2000:1). Dit word dus ook as ‘voorkeur’ in verskeie *Yasnas* gebruik: 31.11; 45.1,2; 48.4; 49.3. Die betekenis-nuanse van voorkeur sluit aan by die persepsie dat dit uit eie wil volgens elkeen se waardebepaling gedoen word: “… waardeur ‘n persoon met eie wilskrag sy voorkeure te kenne gee” (31.11) en daarvolgens praat hy uit “sy hart en sy verstand” (31.12). Uit twee verdere bostaande voorbeelde (48.4; 49.3) blyk dit dat *Ahura Mazda* elkeen volgens sy keuse sal oordeel:

> “Hy wat sy denke op die goeie gestel het, en (hy) op die slegte, so ‘n persoon volg sy konsep in daad en in woord, asook sy genietinge, sy begeertes en sy voorkeure. (Maar) wanneer u wil gedoen sal word sal die einde vir elkeen verskillend wees” (48.4).
>
> “ Nogtans is dit beskik vir hierdie wêreld, Wyse Een, dat die waarheid deur sy (goeie) voorkeur gered sal word, dat bedrog deur sy (valse) verklaring vernietig sal word. Daarom is ek gretig vir ‘n verbond met goeie gedagtes sodat al die bedrieërs uit ons gemeenskap verban kan word.” (49.3).

(Opmerklik word daar tog aan die begin van *Yasna* 33 afgewyk van die dualistiese opbou en word melding gemaak van die oordeel oor die een van wie die kwade en goeie gebalanseerd is.)

In *Yasna* 29.4 skemer die “wil” van *Ahura Mazda* sterker deur:

> “*… Hy is die beslissende Meester. Soos Hy dit sal verkies, so sal dit vir ons wees*”.

In *Yasna* 44.5 word *Ahura Mazda* as die Skepper deur retoriese vrae besing en is dit opmerklik dat teenoorstaande pole van lig en duisternis, slaap en aktiwiteit saam met 3 fases in die dag; dagbreek, middag en aand aan sy skepping toegeskryf word. Saam met al die eienskappe van *Ahura Mazda* wat in 5.1.1.A.1.1 bespreek is en veral bostaande aanhaling van 43.5 kan daar geen twyfel bestaan dat die religie van Zarathushtra as monoteïsties beskryf kan word nie.

Zarathushtra het reeds in sy *Gathas* die dualiteite van die stoflike teenoor die geestelike bestaan onder bespreking gebring. Dit is in die latere Pahlavi boeke as *getig/gaethya* en *menog/mainyava* meer uitgebreid ook in die eskatologie aangebied (sien ook 6.2.A):

“Ek wat jul almal met Goeie Gedagtes sal dien, Wyse Meester, aan my sal die kundighede van albei wyses van bestaan toegestaan word – ja, van materie sowel as van gees (*astvatascā hyaṭcā manaŋhō)* – die kundigheid betreffend Waarheid, waardeur ‘n mens U volgelinge gelukkig kan maak” (28.2); (*astvatō manaŋhascā* – 43.3).

5.1.4B DIE OORLOGSROL

As agtergrond tot *1QM* is dit opmerklik dat die teks in *Job* 6:4 en in *Psalm* 88:17 - dit duidelik stel dat die "verskrikkinge" - בִּעוּתִים - "van God" is (Vergelyk ook *Amos* 3:6). As ons die ander voorbeelde in 4.1.1.B op die keper beskou, word daar nêrens in die HB 'n bose mag gelyk aan *God* gestel nie. Die boodskappers, aanklaers, natuurmagte en demone staan onder Sy mag en gesag en handel volgens Sy wete en instruksies; daarom dat die Israeliete as monoteïste beskryf word. Mach (1999:24) beskyf die term "monoteïsme" as redelik modern en problematies. Volgens hom (Mach 1999:24) word aanduidings soos "inklusiewe" teenoor "eksklusiewe" al in besprekings gebruik om die teenwoordigheid of afwesigheid van ander goddelike wesens om die god aan te dui. Die term moet verder in die konteks van die spesifieke religieuse geloofstelsel vasgemaak word.

Smith (2001:153) is van mening dat 'n mens die realiteit van ander gode onder die begrip "monoteïsme" moet uitskakel. Die meeste verwysings na monoteïsme in die Hebreeuse Bybel kom vanuit die ballingskaptydperk of later. Dit is baie moeilik, volgens Smith (2001:154), om vanweë die relatiewe skaarsheid van monoteïstiese aansprake en die volgehoue teenwoordigheid van politeïsme in ou Israel, 'n volkome evolusie vanaf monargale monolatrisme (die aanbidding van net een god, soos bv. in die Tien Gebooie - *Eks*. 20:3) na 'n nuwe vlak van religie, monoteïsme (geloof in en aanbidding van slegs een god) te bevestig. Mach (1999a:23-24) sien die "hiper-kritiese" gesindheid teenoor die datering van die antieke tekste as 'n groot struikelblok om ontwikkeling na te speur.

Die vroeë patriargale en monargale geskiedenis van die volk van *God* kan as 'n siklus van afdwaling van die Wet van *God;* vermaning deur die profete; straf deur *God*; die berou en terugkeer van die volk en God se vergifnis, geteken word. Die oorrompeling en wegvoering van Israel deur die magte van die Assiriërs en die Babiloniërs het hul egter as volk afgetakel en hul gestroop van hul land. Hul reaksie in die verpletterende omstandighede was paradoksaal: Hul het hul god opgehef terwyl hul eie posisie versleg het. "As Judah's situation on the mundane level deteriorated in history, the cosmic status of its deity soared in its literature" (Smith 2001:165). "The concept of a single God whom all nations would eventually worship evolved among a conquered and exiled people no longer assured of their divinely protected status" (Shapero 1997:2; vgl. ook Mach 1999:25). Horbury (1998:37) is van mening dat die Bybelse literatuur van die Persiese tydperk 'n intense konsentrasie op God as koning en die koninkryk van God reflekteer, veral deur die invloed van die twee Liedere van Moses waar die Here as 'n oorlogskryger wat wraak teen Sy vyande neem, uitgebeeld word (*Eks.* 15:1-18; *Deut.* 32.36-43).

In die boek *Jesaja* word dit beklemtoon in die woorde van *God* in die tyd van Kores [164]:

> "Ek is die Here, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep:
>
> Ek, die Here, is dit wat al hierdie dinge doen."(*Jes*. 45:6-7).

Daarteenoor het 'n ander perspektief begin posvat. Die ballingskap na Babilonië (587 v.C.) moes die tergende vraag – die steeds aktuele teologiese dilemma - van hoe so 'n almagtige God sy kinders aan soveel ontbering [165] kon blootstel, laat opvlam het.[166] *God* is tog goed en Sy Skepping is goed - waar pas die Bose dan in Sy Skeppingsplan in? Hoe word die Bose met God vereenselwig? Hierdie vrae gee aanleiding tot 'n soeke na die **oorsprong** van die kwade en menslike boosheid>sonde. So kan daar uit bogenoemde voorbeeld van die latere boek, *Kronieke* (4de eeu v.C.), se weergawe van Dawid se sensusopname 'n poging om die bose te verklaar, bespeur word en vind daar 'n klemverskuiwing van "God se toorn" na "('n) satan" of "Satan het opgetree/opgestaan"(וַיַּעֲמֹד). Interessant dat slegs 'n paar woorde van *Kronieke* by die Qumrangrotte gevind is en dat dit in die *Oorlogsrol* (13:10,11) pertinent deur die skrywer aan *God* toegeskryf word dat *Belial* verdorwe geraak het … "You have made Belial to corrupt, a hostile angel" (Duhaime 1995:123). 'n Ander vertaling (García Martínez 1994:108) stel dit nog sterker: "And Thou didst create Belial for the Pit…". *Die Bose het 'gestalte' gekry in Belial, maar hy bly ondergeskik aan God. Belial* word nie gelyk aan God gestel nie; hy word teenoor *Migael*, die hemelse kampvegter vir Israel, gestel (5.1.1.B.3). In *1QM* word dit duidelik as getemperde dualisme geteken en nie as radikale dualisme nie. Die komponent van die Bose - die vreesaanjaende leërmag - is 'n verskrikking, maar sal deur die Goeie vernietig word: *1QM* 1.5-6 "…, and eternal

---

[164] Tans word deur die meerderheid navorsers aanvaar dat 'n latere skrywer vir hoofstukke 40-55 en nog latere skrywer(s) vir 56-66 van *Jesaja* verantwoordelik was en dat die hoofstukke tussen 540-200 v.C. daaraan bygevoeg is (Clifford 1992:491).

[165] Sommige navorsers skaal die ballingskap as 'n traumatiese ervaring vir die Israelitiese volk af en beweer dat die gevolge in navorsing oordryf word, terwyl sommige hul weerspreek in hul taksering daarvan. Smith-Christopher (1997:7-36) maak opnuut 'n raming van die fisiese, sosiale en psigologiese impak wat die rampe van 597 en 586 v.C. op Antieke Israel gehad het en kom tot die slotsom dat navorsers hulself eers moet gewis van die 'enormiteit' van die trauma voordat hul verdere teologiese temas ondersoek.

[166] Dis soos 'n eggo van die verhaal van Job (die samestelling van die boek word deur sommiges in die Persiese tydperk gedateer). Job is (as individu-'n 'regverdige' om dit nog meer problematies te maak) ook met die toestemming van God van al sy besittings gestroop en daar word deur hom en sy vriende met dié "waarom"-vraag geworstel. Oplossing word nie deur vooropstelling van 'n medegodheid vir die kwade gekry nie. Die aanklaer, die Satan, kom net in die eerste twee hoofstukke voor. In die verdere debat van Job met sy vriende word sondigheid vanaf die geboorte van die mens aan die mens self toegedig.

annihilation/everlasting destruction for all the forces of Belial…without a remnant. There shall be no survivors". Aansluitend word daar in *1QM* 1.11 die motivering vir die stryd tussen die Seuns van die Lig en die Magte van die Duisternis gegee: dit is om die "krag van God" te vertoon – גבורת אל. In hierdie rasionalisering van die oorlog kan 'n poging om die Goedheid van God teenoor die "verskrikking" van die oorlog te regverdig, gelees word.

Vandat *1QS* gepubliseer is, het navorsers al die moontlikheid van 'n ander onderliggende mite – die idioom van lig en duisternis van die Persiese dualisme - in die Manifes van die Twee Geeste herken en ondersoek (García Martínez 2003:44; Collins 1998b:42). Aansluitend by *1QM* bevestig die belangrike "Manifes van die Twee Geeste" [167] (kolom 3.13-4.26 van *1QS* - ± 100-75 v.C.) die opperheerskappy van God:

מאל הדעות כול הויה ונהייה ...

> "Van die God van kennis kom alles wat gebeur en wat sal gebeur ..." (*1QS* 3.15).
>
> "In sy hande is die wette van alle dinge en hy ondersteun hulle in alles wat hul nodig het ... (*1QS* 3.16-17).

Dan vervolg die skrywer met die gedeelte wat 'n duidelike ooreenkoms met *Yasna* 30 toon (**5.1.4.2)**:

> Hy het die mens geskep om die wêreld te regeer en het twee geeste – רוחות - in die mens geplaas, dié van die waarheid (*fontein van lig*) en dié van die leuen (*put van duisternis*), waarvolgens die mens moet lewe (*die weg wat jy moet bewandel*) tot die oomblik van sy besoeking (*1QS* 3.18-19).

Die gedeelte word versterk deur kolom 4.23b-24a:

> "... Tot nou toe voer die geeste van die waarheid en die leuen 'n stryd in die hart van die mense en hul bewandel die pad van wysheid of slegtheid."

'n Etiese keuse by elke mens word hier geïmpliseer [168] en daarvolgens word hul lewenswandel bepaal en die mensdom in twee kosmiese dualistiese groepe verdeel met as leier die Prins van Ligte vir die Seuns van Geregtigheid en 'n Engel van Duisternis vir die Seuns van die Leuen.

---

[167] Collins (1998b:43) beskryf hierdie gedeelte as die "kwintessens" van die teologie van die gemeenskap van die Dooie See. Dis as'tware die spil waarom hul religie en hul lewenswyse gedraai het.

[168] Davies (2000a:191) verwys ook na die lering in Spreuke in die HB "(that) tends to be presented in rather dualistic fashion: there are the wise and the foolish, the righteous and the wicked, and, accordingly, two kinds of fate awaiting them."

> "In die hand van die Prins van die Ligte is die gesag oor die seuns van die geregtigheid; hulle wandel op die paaie van lig. En in die hand van die Engel van die Duisternis is totale gesag oor die seuns van bedrog; hulle wandel op die paaie van duisternis. Die Engel van die Duisternis laat die seuns van geregtigheid afdwaal en hulle sondes en hulle oortredinge, hulle tekortkominge en hulle opstandige dade vind onder sy gesag plaas in ooreenstemming met die geheimenisse van God, tot sy oomblik; ... Nietemin die God van Israel en die Engel van sy Waarheid sal al die Seuns van die Lig bystaan (*1QS* 3.20-25).

Alhoewel 'n keuse aan die mens oorgelaat word om tussen die waarheid en die leuen te kies laat blyk die skrywer nog dat dit volgens die wil van *God* verloop – "in ooreenstemming met die geheimenisse van *God*".

Die skrywer wyk heeltemal af van die vroeëre rebellie-tema in *1Henog* (bespreek in 4.1.1.1) Alhoewel daar 'n gemaklike oorgang vanaf die woord "*Belial*"/ boosheid in die geskrifte van die latere HB na 'n verpersoonliking - die leier van die Bose - deur semantiese evolusie plaasgevind het, is 'n heeltemal nuwe psigologies-etiese konsep bygevoeg. [169] Die fokus val op elke mens se keuse. Vanaf die individu kring dit uit na 'n grootse kosmiese verdeling met 'n leier vir die Goed en die Kwaad. Hoewel dit nie radikale dualisme is nie, word die een pool herhaalde kere pertinent teenoor die ander een gestel. In *1QM* word *Migael* as die "Prins van Lig" geïdentifiseer, maar hy word teenoor *Belial* gestel en nie teenoor die "prinse" van Persië en Griekeland soos in *Dan*. 10:20 nie.

Die wysgeer Ben Sira (± 200 v.C.), het ook met dié teologiese kwessie vanuit 'n wysheidsperspektief geworstel. Hy het vlugtig na die vrou as oorsaak van die sonde n.a.v. die skeppingsverhaal van Adam en Eva, verwys (25.24), maar hy het hoofsaaklik sy gedagtes deur middel van die beeld van die pottebakker verwoord: "Soos klei in die hande van die Pottebakker om te vorm na sy wil, so is almal in die hand van hul Skepper." In 15.14 maak hy gebruik van verbuigings van die werkwoord יָצַר / יֵצֶר ("inclination"/neiging) wat aansluit by bogenoemde beeld deurdat יָצַר ook "pottebakker" beteken.[170] Ben Sira brei die beeld verder uit deur by te voeg dat God die mens "in die mag van sy neigings stel". Hy beklemtoon die vrye keuse van die mens, maar slaag nie daarin om dit met die beeld van die Pottebakker en die klei te vereenselwig nie – die

---

[169] Shaked (1972:435) het na die gebruik van רוחות (geeste) in die QL in 'n psigologiese betekenis verwys.

[170] Hierdie noodsaaklike kunsvlyt van hierdie tyd is reeds in dieselfde beeld in *Jes*. 45:9; 64:7 en *Job* 10:9 gebruik, maar meer in die sin om die verhouding tussen Skepper en skepsel weer te gee bv. *Jes.* 64:8 :"Maar nou, Here, U is ons Vader; ons is die klei, en u is ons Formeerder, en ons is almal die werk van u hand". *Jer*. 18:1-10 bevat 'n volgehoue uiteensetting van die beeld met 'n belangrike bykomende aspek dat wanneer die voorwerp op die skywe misluk, die pottebakker weer 'n ander voorwerp kan vorm - met die toepassing: "…maar as die nasie waaroor ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen"(18:8).

Goddelike determinisme en die menslike vrye keuse word nie gesinkroniseer nie (sien ook bespreking in Collins 1997b:83; Cook 2007:85-86).

Die mens se vryheid van keuse word in die *Damaskus Dokument* verder uitgebou – ook deur die menslike neiging - יֵצֶר . Alhoewel daar 'n gedeelte is wat baie met die Manifes van die Twee Geeste ooreenstem, word die Twee Geeste nie in hierdie geskrif genoem nie.

In die fragment van die *Testament van Amram* (*4QAmram*), wat ook tussen die QL gevind is en ongeveer 200 v.C. gedateer word, word drie name aan elkeen van die dualistiese teenstanders toegeken. Ongelukkig kan net een naam op die fragment duidelik ontsyfer word - *Melchiresha* - "koning van boosheid". Die ander kan deur redelik aanvaarbare verwysing na die res van die Qumranrolle as drie pare teenoormekaar gestel word: *Migael/Belial*; *Melchizedek/Melchiresha*; Prins(engel van lig)/Prins/(engel van duisternis). Die fragment stel 'n nuwe perspektief bekend: die verhaal van die stryd tussen die goeie en die bose engele vir die besitting van 'n mens na die dood. Kobelski (1981:75) is van mening dat dit heel waarskynlik uit die hemelse hoftonele in die HB ontwikkel het.

Vir die skrywer van *1QM* is die twee groepe – die Goeie teenoor die Bose - klaar gevorm en hy put troos daaruit dat *God* die Bose, wat Hy geskep het, weer sal oorwin en totaal sal uitwis. Hoewel hy nie die oorsprong van sonde ondersoek nie en hy daarop wys dat mense deur engele, soos bv. *Belial*, "weg van die Verbond af" verlei kan word, beklemtoon hy tog dat *Belial* deur *God* geskape is – "Thus ultimately, God is responsible for sin" (Davidson 1992:296). Enkele frases dui op die verantwoordelikheid van die mens, soos bv. "sondige" (3.8); "ongeregtigheid van vlees" (4.3); "ydele nasies" (4.2;11.9) en "skuldige vlees" (12.11) (Davidson 1992:294). Al verwysings na keuse is dié van die leiers wat "manne van waarde" vir die oorlog uitsoek (2.7-8); en as parallel *God* wat Israel (10.9) en hier die Gemeenskap uitverkies het.

Volgens Mach (1999:24) se uitklaring is die monoteïsme in *1QM* dus inklusief. Die ondergeskikte opponerende teenstander in die konteks van die oorlog, *Belial*, dui op getemperde dualisme.

5.1.4C OPENBARING

Die Teenwoordigheid van "Een soos die Seun van die Mens" (1:13) en "Een (wat) sit op die troon" (4:2) is die oorheersende tema van *Openbaring.* Volgens Bauckham (1999:53) het die 'troon van God in die hoogste hemel' die sleutelsimbool van die monoteïsme in die Judaïsme in die Tweede Tempeltydperk geword. Dit verteenwoordig een van die twee kwaliteite, wat in die geskrifte van die tydgleuf as die *unieke identiteit* van *Jahwe*, die *God* van Israel oorgedra is: die Alleenheerser van alle dinge. Die ander kwaliteit was die rol as die enigste Skepper van alle dinge. Hierdie twee kwaliteite was 'n voorvereiste vir verering en aanbidding (Bauckham 1999:45).

Die opperheerskappy en heerlikheid van *God* en *Christus* as eenheid (5.1.1.C.1.2) word in *Openbaring* veral ook deur die simboliek van ‘n troon (koninklike gesag en oordeel) oorgedra. In die troonvisioen (*Op*. 4:1-5:14) is daar “Een” wat op die troon in die hemel sit (4:2) wat, veral in die doksologie, duidelik word as die *Here God* (4:5,8,10,11). Hierdie beeld van *God* wat op die troon sit, word altesaam 12 keer in *Openbaring* gebruik (4:2,3,9 ; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 20:11; 21:5). Met die bekendstelling van die Lam in hoofstuk 5:6 staan die Lam in die middel van die troon (ook in 7:17) en in die volgende lofprysing saam met die troonbeeld word dit ook tot die Lam gerig:

> “ Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!”(5:13).

“Die groot menigte uit alle nasies en stamme en volke en tale” loof *God* “wat op die troon sit” en die Lam (7:10). Die dag van oordeel word in 6:16 aan “Hom wat op die troon sit” en aan die “toorn van die Lam” toegesê.

Johannes gebruik in *Op*. 11:15 opmerklik ‘n enkelvoudige werkwoord en voornaamwoord (*Op*. 6:17; 22:3,4) wanneer God **en** Christus ter sprake is. Volgens Bauckham (1993:60,61) wil hy daardeur die eenheid van die Godheid bevestig en geen twyfel oor politeïsme by sy lesers/hoorders laat nie:

> “... he has made a rather sophisticated attempt to use language that includes Jesus in the eternal being of God without stepping outside the Jewish monotheism which for him was axiomatic, not least as part of the prophetic and apocalyptic tradition in which as a prophet he very consciously stands.”

Die vrywillige keuse van die mens word nie uitgespel in *Openbaring* nie, maar word geïmpliseer in die beeld van die “geopende deur”. Christus is die sleuteldraer, Hy het die deur oopgesluit (*Op*.2:7). Die visioen van die hemel is deur ‘n “geopende deur” (4:1). In Sy vermaning aan die selfgenoegsame gemeentelede van Laodisea sê Christus egter:

> “Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.
>
> Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak,sal Ek ingaan na hom toe en saam met Hom maaltyd hou, en hy met My “ (*Op*. 3:19-20).

In ‘n mate sluit dit aan by die gevolge van die plae na die 6de basuin (9:20):

> “En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout ...” (sien ook 16:9,11)

teenoor die reaksie van die mense na die aardbewing:

> "En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en seweduisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring" (11:13).

Die oproep tot bekering word ses keer in die briewe aan die gemeentes gebruik: opmerklik twee keer in verband met die "profetes" Isebel, aan wie tyd gegun is om haar te bekeer van haar verkeerde praktyke en sy dit tog nie gedoen het nie (2:20,21).

Satan word teenoor *Migael* in die oorlog in die hemel gestel. Hoewel die Bose deur die skerp visuele simboliek skrikwekkend voorgestel word, word sy tydelike heerskappy en futiliteit ook duidelik in die volgehoue parodie met *God* en *Christus* beklemtoon (sien 6.1.1.C).

5.1.4.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

DUALISME TEENOOR MONOTEïSME:

Ahura Mazda *Spenta Mainyu* ‖ *Aka Mainyu*	God *Migael* ‖ *Belial*	God/Christus Heilige Gees Migael ‖ Satan

In hierdie afdeling het die dilemma van die boosheid en die verklaring van paradokse in die lewe van 'n mens - soos lyding en sonde - sterk op die voorgrond getree. Choksy (1989:xxii) is van mening dat die antieke Zoroastristiese wêreldbeskouing 'n leerstelling van morele dualisme geformuleer het om die gode van alle boosheid vry te spreek en om kosmiese orde teen die paradokse van die lewe te bewerkstellig.

In die Zoroastrisme lyk dit of die keuse van die mens tussen die Goeie en die Bose meer gewig dra en dat *Ahura Mazda* die oordeel oor die waarde van die dade en woorde bepaal: sleg vir sleg en goed vir goed (43.5).

> "Ek sal probeer om Hom te plesier met Goeie Gedagtes. Hy wat dit aan ons wil oorgelaat het (om te kies) tussen die voortreflike en die nadelige …"(45.9).

Dit sluit aan by Mehr (2003:72) se vertolking van *Asha* as 'n kousatiewe wet: die verhouding tussen 'n individu se dade en die gevolge daarvan. Die gevolge van elke handeling word vooraf bepaal, maar nie die keuse van elke mens nie. Die keuse bepaal die verdere verloop van die gedagtes, woorde en dade volgens die wet van *Asha* wat deur die voortreflike kwaliteite van *Ahura Mazda* bepaal word sodat die Bose vernietig kan word en vrede, voorspoed en rustigheid deur almal ervaar

kan word. Die vrye wil van die mens speel dus ‘n groot rol in Zoroastrisme, daarom dat Zarathushtra die belangrikheid van kennis en insig beklemtoon (Mehr 2003:76).

In die *Oorlogsrol* word dit uitdruklik gestel dat *Belial* deur God geskep is. (Na analogie kan die afleiding gemaak word dat dit met alle engele die geval is). Daardeur wil die skrywer ten spyte van die sterk dualistiese opbou van die twee oorlogskampe - die alleenheerskappy van God bevestig. *Belial* word ook nie gelyk teenoor *God* gestel nie, maar teenoor *Migael*. Collins (2000:27) meen dat die teenwoordigheid van die meer verhewe hemelse wesens soos *Migael*, *Melchizedek* en die Prins van die Lig problematies is vir die omskrywing as monoteïsties vir die teologie van die QL.

Johannes fokus op die almag van *God* en *Christus*. Die keuse van die mens word deur die wilshandeling om hom te bekeer van sy verkeerde dade oorgedra. *Satan* word ook teenoor *Migael* gestel. [171] Die drie religieë berus al drie in die geskrifte op inklusiewe monoteïsme en getemperde dualisme.

[171] In die Bergpredikasie het *Jesus* hierdie dilemma van die aanbidding van slegs een God in die konteks van die geldgod duidelik uitgespel: “Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!” (*Matt*. 6:24). Verdeelde lojaliteit in botsende belange is nie haalbaar nie.

5.1.5 AANHANGSEL

YASNA 30 (*GATHAS*)	**MANIFES VAN DIE TWEE GEESTE** (*GEMEENSKAPSROL*)
2. Luister met jul ore na die beste dinge. Besin met ‘n helder verstand – elkeen vir homself – oor die twee keuses van beslissing, met bewustheid om julself voor Hom te verklaar voor die groot vergelding/finale oordeel 3. Ja, daar is twee primêre Geeste, tweeling, bekend om in konflik te wees. In gedagte en in woord, in daad is hul twee: die goeie/beter (een) en die slegte. En diegene wat goed handel, het die regte keuse tussen die twee gemaak, nie die boosdoeners nie. 4. Verder het die twee geeste toe hul vir die eerste keer by mekaar gekom het, lewe en nie-lewe geskep, en hoe aan die einde die Slegste Bestaan vir die bedrieërs sal wees, maar (die Huis van) die Beste Bedoeling vir die regverdige sal wees. Hierdie *Yasna* word deur *Yasna* 45.2 bekragtig: Ja, ek sal praat van die twee oer-geeste van bestaan, van wie die Heilige aan die Bose gesê het: ‘Nie ons gedagtes nog ons leringe en voornemens, nog ons voorkeure, woorde, dade of ons innerlike of ons siele is in akkoord nie.	... Hy het die mens geskep om die wêreld te regeer en het twee geeste – רוחות - in die mens geplaas, dié van die waarheid (*fontein van lig*) en dié van die leuen (*put van duisternis*), waarvolgens die mens moet lewe (*die weg wat jy moet bewandel*) tot die oomblik van sy besoeking (1QS 3:17-19). In die hand van die Prins van die Ligte is die gesag oor die seuns van die geregtigheid; hulle wandel op die paaie van lig. En in die hand van die Engel van Duisternis is totale gesag oor die seuns van bedrog; hulle wandel op die paaie van duisternis. Die Engel van die Duisternis laat al die seuns van geregtigheid afdwaal en hulle sondes en hulle oortredinge, hulle tekortkominge en hulle opstandige dade vind onder sy gesag plaas in ooreenstemming met die geheimenisse van God, tot sy oomblik; 24 ... Nietemin die God van Israel en die Engel van sy Waarheid sal al die Seuns van die Lig bystaan. Hy het die geeste van lig en duisternis geskep ... (1QS 3.20-25). Die gedeelte word versterk deur kolom 4:23b-24a: “... Tot nou toe voer die geeste van die waarheid en die leuen 'n stryd in die hart van die mense en hul bewandel die pad van wysheid of boosheid.”

HOOFSTUK 6: ONTLEDING VAN DIE OORLOGSTEMAS IN DIE TEKSTE(VERVOLG)

6.1 DIE OORLOGSTRATEGIE

Oorlogvoering verg voorbereiding en fyn beplanning om oorwinning teen ‘n gedugte vyand te behaal. Die ontleding van die strategie in die geskrifte word hoofsaaklik vanuit die oogpunt van die Protagonis gedoen, maar die Bose se aanvalstegniek sal noodwendig ook ter sprake kom.

Die *Gathas* van Zarathustra onthul die beginsels en werkswyse waarop hy deur die leiding van *Ahura Mazda* die stryd teen die Bose aangepak het.

Die *Oorlogsrol* word onder die geskrifte wat die religieuse wette [172] van die Gemeenskap uiteengesit het, ingedeel. Volgens Parry & Tov (2004:xxi) fokus die geskrifte op beskrywende en voorskriftelike aspekte van ‘n religie soos dit deur ‘n spesifieke religieuse gemeenskap verstaan word. Hierdie reëls (*serekh)* is die riglyne waarvolgens die beplanning en organisasie van die Gemeenskap se “Oorlog” teen die Seuns van die Duister geskied het.

In *Openbaring* word die "oorlogvoering" eers meer direk deur die beoordeling van die “werke” van die 7 gemeentes oorgedra. Dan word visioene en beeldspraak in ‘n verdere uitbouing na ‘n kosmiese konflik in die eskatologiese oorlog tussen die Goeie en die Bose gebruik. Algaande word dit duidelik dat die beplanning in *Openbaring* “weerstand” van ‘n heel ander aard voorsien.

6.1.1 BEPLANNING

6.1.1A GATHAS/BAHMAN YASHT

6.1.1A.1 BEELDE

Zarathustra steun op *Ahura Mazda* om hom leiding in die stryd te gee deur gepas die oorlogsbeeld van ‘n **strydwakryger** te gebruik:

> “Mag die Skepper (die koers) van my rigting deur Goeie Gedagtes bepaal om sodoende die strydwakryger van my wil en my tong te wees” (50.6).

[172] Hierdie algemene term, “religieuse wette” wat gebruik word wanneer na die verskillende Joodse gemeenskappe verwys word, is bekend as Halakhah in rabbynse Judaïsme (Parry & Tov (2004:xxi).

Hy heg baie waarde aan die **oorlegpleging** met *Ahura Mazda* want dit hou krag in (43.10). Verskeie vertolkings is al vir die metafoor van ‘n “geskenk van 10 merries met hulle hings(te) en 1 kameel” gegee - 44.18 (Insler 1975:251; Schmidt 1985:61; Nanavutty 1999:120). In die toon van dringendheid in die retoriese vraag-gesprek met *Ahura Mazda,* deur die herhaling van: “Dit vra ek U. Vertel my waarlik/eerlik, Meester” aan die begin van al die 17 stanzas, is Nanavutty (1999:120) se verwysing na ‘n klassieke voorbeeld van ‘n **sakramentele geskenk** van ‘n toegewyde aan *Ahura Mazda* baie toepaslik: hy bring sy geestelike en sy materiële offers (sien ook 33.14) vir die beloning van Volkomenheid en Onsterflikheid. Die uitruiling van geskenke verleen ‘n gees van welwillendheid aan die beraadslaging. Dit sluit ook aan by 29.10-11:

> “Meester, verleen aan hierdie (verganklikes) sterkte en die reëls van Waarheid en Goeie Gedagtes waardeur ‘n mens vrede en gerustheid kan skep ... Meester, (kom) nou na ons hieronder vanweë ons geskenk aan u”.

Die geskenke word met “eerbied” vir *Ahura Mazda* aangevul (33.7).

Deur die belangrike keuse tusen goed en kwaad word ‘n kardinale element van persoonlike vryheid, maar gepaardgaande **verantwoordelikheid** – *daēnā* - vir elkeen van die volgelinge in hul stryd teen die Bose in die beplanning ingebou. Die uitvloeisel van elke besluit is vooraf beskik, maar die bepalende keuse moet individueel gemaak word. *Daēnā* word op verskillende maniere vertolk en vertaal vanweë die onderskeie semantiese nuanses. In hierdie konteks speel dit die rol van elke mens se ‘gewete’ (Nanavutty 1999:85) of die ‘innerlike self’ (Boyce 1984b:38). Insler (1975:39) vertaal dit as ‘konsepsie/beskouing’. Humbach en Ichaporia (1994:37) brei dit uit na ‘religieuse beskouing’, want op die keper beskou, is dit die *daēnā* wat jou lewensvisie en jou lotsbestemming bepaal. *Daēnā* was Zarathushtra se naam van die figuur wat die siel by die *Chinvat Brug* aan die einde van sy lewe as spieëlbeeld van sy lewe op aarde ontmoet het (sien ook onder Eskatologie 6.2.A).

Zarathushtra raadpleeg *Ahura Mazda* in sy beplanning hoe om die Bose van hul af te weer (44.13-14):

> “Hoe moet ons bedrog van ons terugdryf - weg van ons na diegene wat vol van ongehoorsaamheid is ... Hoe kan ek bedrog in die hande van die waarheid oorlewer om dit te vernietig volgens die voorskrifte van u leringe om sodoende ‘n kragtige skeuring tussen die leuenaars te bewerkstellig sodat teistering en boosheid hul oorval?”

In sy beplanning stel Zarathushtra dus voor dat die Bose met hul eie ‘wapens’ vernietig moet word. In die vertaling van Humbach en Ichaporia (1994:69-70) beklemtoon hulle die krag van die “**manthra**” van *Ahura Mazda* en die “skeuring” gee hul in die beeld van ‘n swaard weer:

> "Hoe kan ek bedrog in die hande van die waarheid oorgee. Laat 'n mens dit uitwis met die manthras van u uitroeping, laat hom sy kragtige swaard op die bedrieërs plaas om onheil en leed oor hul te bring, O Mazda" (44.14).

Die beginsel van ***lex talionis*** word verder versterk in *Yasna* 46.18:

> "... Maar boosheid aan die persoon wat ons aan boosheid wil oorgee! ..."

Verskillende vertalings word by 51.8 aangetref, maar die essensie sluit tog by bostaande beginsel aan:

> "Want dan sal ek aan U sê, Wyse Een ...- dat ek aan die bedrieër bose dinge sal doen ..."(Insler).

Verdere beplanning deur wisselwerking word deur die beeld van die koei - **Goeie Visie** - weergegee: aandag moet aan die voeding van die koei gegee word, sodat sy weer die volgelinge kan krag gee (48.5). Zarathushtra besef dat kennis en insig/begrip - *gərəbąm*- belangrik is, maar dat dit tot dade moet oorgaan (34.10; 48.12). Dit blyk ook duidelik uit sy seënbede aan Pourucista op die seremonie van haar huwelik (53.3). **Vroue** maak ook deel van sy beplanning uit (53.6). Zarathushtra se raad aan die jongmense is dat hul op aarde met sulke ywer die Bose moet teenstaan, dat dit "laer en laer sal daal totdat dit uiteindelik sal verdwyn"(53.7). In die *Bahman Yasht* word dit ook beklemtoon dat "die beloning vir pligsuitvoering en goeie werke vir sulke lede van die gemeente, (vir) mans en vrouens" geld (2.64).

Met die oog op die einddoel van die "beste toekenning wanneer die oordeel en die beloning kom" (49.9) gebruik Zarathushtra die beeld van die "**juk**" in 'n positiewe sin:

> "Die man wat waarlik waarheid praat, het nooit 'n verbintenis met die Bose verklaar nie, want hulle wat met die juk van die Waarheid ingespan is, het hulle opvattinge op die beste toekenning wanneer die beloning kom, ingespan."

Zarathushtra se doel wat hy met sy beplanning wil bereik is op twee vlakke: hy wil vrede en voorspoed vir sy volgelinge (53.8) deur hul woorde, gedagtes en dade, in teenstelling met die wreedheid en vernietiging van die Bose op die aarde bevestig, sodat hul met die finale oordeel die Chinvat Brug veilig kan oorsteek om *Ahura Mazda* in sy Huis van Sang te kan vereer.

6.1.1A.2 GETALLE

In die antieke apokaliptiek is getalle dikwels simbolies gebruik. In Zoroastrisme speel **2** 'n belangrike rol in die beginsel van die 2 basiese geeste wat soos 'n tweeling (30.3) voorkom (reeds bespreek (**5.1.4A**). Die keuse en die oordeel tussen die 2 alternatiewe/'faksies' word deur herhaling beklemtoon (31.2-3; 31.10).

Zarathushtra kombineer die kwaliteite van *Ahura Mazda,* die latere *Amesha Spentas,* in groepe van 2, **3** of die hele groep van **6**. Saam met *Ahura Mazda* word die latere 'Heptad', die **7,** gelys (47.1) en dit spreek vanself van die belangrikheid van dié getal. Die belangrikste groepering is die van Waarheid en Goeie Gedagtes, wat amper onlosmaaklik deur die herhaaldelike gebruik in die *Yasnas* voorkom.

Woorde, gedagtes en dade word as 'n trio om die *praxis* van die mens se lewe te omvat, ingespan (33.2) en word gebruik om die radikale verskil tussen die 2 basiese geeste aan te dui (45.2). Verdere getalle word by onderstaande tydsaspek bespreek (6.2.A.4).

6.1.1A.3 SLAGVELD

In die *Gathas* word die mens se "innerlike" as die mikrokosmos waar die oorlog tussen 'goed' en 'kwaad' plaasvind, voorgestel. Zarathushtra se "veldslag" word op die fisiese en die psigiese vlak gevoer. Boyce (1992:77) beskryf die aarde as "die arena van die stryd", maar ook die agtergrond vir "ewige geluksaligheid". Zarathushtra lys die 'strydperk' as die huis, die distrik en die land (31.16). 'Nedersetting' word in 31.18 by die voriges bygevoeg. In 46.1 verwys Zarathushtra ook na die 'gemeenskap' waarin hy kwade gevoelens deur uitsluiting ervaar het. Mehr (2003:84) vat dit saam as die "lewe": "*Life is the battlefield between Good and Evil,* and human beings should act as warriors for Good."

6.1.1B OOORLOGSROL

6.1.1B.1 PRAKTIESE MAATREËLS

6.1.1B.1.1 TEMPELDIENS IN SABBATSJARE

Die opstelling/rangorde van die leiers van die Gemeente word met presisie aangedui: agter die hoofpriester en sy verteenwoordiger word die 12 hoofde van die priesters geplaas en 26 hoofde van die verskillende afdelings. Dan volg die 12 hoofde van die Leviete, een vir elke stam met hulle hoofde van die afdelings. Die hoofde van die stamme en die vaders van die Gemeente vorm die volgende groep in "die hekke van die heiligdom" met hulle hoofde van die afdelings en hul getal manskappe. Hulle moet hul plek inneem vir hul feeste wat in die feesjare sal plaasvind (2.1-5).

6.1.1B.1.2 TYDSDUUR

Die oorlog word as 'n veldtog oor 40 jaar beplan met elke 7de jaar 'n jaar van rus. Elke jaar word 'n vyand in berekening gebring (2.10-14).

Die "eskatologiese" oorlog sal in 7 fases afgespeel word: in 3 daarvan sal die Seuns van die Lig die oorhand oor die leërmag van *Belial* hê, maar in 3 sal laasgenoemde weer met krag terugkom, totdat

"die groot hand van God" in die 7de aanslag die uiteindelike oorwinning aan die Seuns van die Lig besorg (1.13).

6.1.1B.1.3 SLAGSPREUKE

'n Kardinale aspek van die voorbereidings is die aanbring van die name en die slagspreuke op die baniere en die wapens. In die HB is daar nie veel verwysings na vaandels nie (Davies 1977:35) en die aanbring van die spreuke op die trompette en die wapens was heel waarskynlik om die dieperliggende religieuse vertolking oor te dra. In *Num.* 2:2 slaan die verskillende families tog elkeen by sy eie vaandel en veldtekens laer op. Die slagspreuke toon wel 'n ooreenkoms met dié van die leërs wat in die Makkabeërboeke beskryf is en kon die skrywer van *1QM* beïnvloed het (Davies 1977:64).

6.1.1B.1.3.1 BANIERE

Die opskrif op die grootste banier aan die voorpunt van die leërmag herinner die troepe dat hulle die "volk van God"- עם אל - is. Nie net die naam van *God* nie, maar ook van Israel en Aaron en al 12 die stamme van Israel word op die banier van identiteit aangebring (3.13-14). Dieselfde tweeledigheid word op die vlag van 'n stam aangetref: dit is die "Vaandel van *God*", maar die naam van die aardse leier van die stam word ook daarop aangebring (3.15). Dit is 'n duidelike aanwysing dat die hemelse magte en die aardse magte in die oorlog hul kragte saamspan.

Hierdie patroon (*God*>aardse leier) word op al die baniere wat rangorde toon (1000>100>10 en 50>10), nagevolg (4.1-5):

Offer van God > die naam van die Prins van Merari en die name van die leiers van sy 1000de;

Grimmigheid van God in uitbarsting teen Belial en al die manne van sy lot sonder 'n oorblyfsel > die naam van die bevelvoerder van die 1000 en die name van die leiers oor sy 100de;

Van God 'n hand van oorlog teen al die vlees van bedrog > die naam van die leier oor 100 en die name van die leiers oor sy 10;

Die Bose het opgehou om te staan [deur] die krag van God > die naam van die leier oor 50 en die name van die leiers oor 10;

Vreugdesange van God op die 10-snaar harp > die naam van die leier van 10 en die name van die 9 mans onder sy bevel.

Die *bypassende* slagspreuke volg min of meer 'n **kronologiese** volgorde van die oorlog wat deur die volgende 3 verse en in die herhaling in die daaropvolgende verse versterk word:

"Wanneer hul **uittrek** om oorlog te voer ..." (4.6; 4.9) {*Waarheid, Geregtigheid, Glorie,* ***Oordeel*** *van God.}*

"Wanneer hul na aan die slagveld **kom** ..." (4.7; 4.11) {*Regterhand, Bestemde Tyd,* ***Verslanes*** *van God.}*

"Wanneer hul **terugtrek** van die oorlog ..." (4.8; 4.13) {*Verheerliking, Grootsheid,****Lofprysing*** *van God.}*

By hierdie groep baniere word verskeie aspekte van die oorlog van die Gemeenskap en kwaliteite van God (5.1.1B.1) deur 'n refrein, van min of meer dieselfde woorde opgevolg: "en na hierdie, die hele (geordende) lys van hul name" (4.6-14) soos bv.:

> "Oorlog van God", "Wraak van God", "Stryd van God", "Vergelding van God", "Krag van God", "Wraakneming van God", "Mag van God", "Vernietiging van God van elke ydele nasie", en die hele lys van hulle name sal hul daarop skryf ..." (4.12-13).

Weer eens word die goddelike, sowel as die menslike name op die baniere aangebring. Die baniere het as bemoediging dat hul nie alleen in die oorlog stry nie, gedien. Die herinnering dat God hul uitverkies het, het hul taksering van eie waarde en vermoëns verhoog. In die konteks waar name 'n belangrike rol gespeel het, was dit nie slegs die naam van God nie, maar ook hul eie name wat krag oorgedra het.

Aan die begin van kolom 5 word "die prins van die hele gemeente" saam met die name van Israel, Levi, Aaron en die 12 stamme van Israel en hul bevelvoerders gekombineer. Gedagtig aan die 'patroon' in die kolom van die baniere kan "die prins van die hele gemeente" die goddelike as messias van God verteenwoordig (sien 6.2B.2).

Die name van die vier aartsengele op hul skilde versterk hul met die wete dat hul in die teenwoordigheid van die magtige hemelse krygers is (Davidson 1992:228). Gepas is dit die toerusting wat hul teen hul eie liggame as beskerming hou. Dit kan as't ware as elke kryger se eie persoonlike 'banier' vertolk word.

6.1.1B.1.3.2 TROMPETTE

In kolom 3 word die verskillende aspekte en situasies van die oorlog wat deur die trompette aangedui word, gelys met die ooreenstemmende *slagspreuke* op die trompette:

- Die oproep van die Gemeente > *Opgeroeptes van God*;
- oproep van leiers > *Prinse van God*;
- inskryf > *Reëls van God*;
- manne van faam, hoofde van die vaders van die gemeente wanneer hul in die huis van samekoms vergader > *Vasgestelde tye van God vir die heilige raad*;
- die kampe > *Vrede van God in die kampe van sy heiliges*;
- vernietiging > *Magtige dade van God om die vyand te verstrooi en die wat geregtigheid haat op*

die vlug te laat slaan; asook > *Terugkeer van die genade teen hulle wat God haat;*

- oorlogsformasies > *Formasies vir die bataljonne van God vir die wraak van sy grimmigheid teen al die Seuns van die Duister*;

- die oproep van die skermutselaars wanneer die hekke oopgemaak word > *Gedenkteken van wraak op die bestemde tyd van God*;

- die waarskuwing van die verslaandes > *Kragtige hand van God in die oorlog om al die ontroue verslaandes neer te vel*;

- die hinderlaag > *Geheimenisse van God om die boosheid te vernietig*;

- die agtervolging > *God het al die Seuns van die Duister verpletter, hy sal sy grimmigheid nie afweer totdat hul vernietig is nie*;

- die byeenroep om terug te val > *God het byeengeroep*;

- die terugroep na die oorlog na die gemeente in Jerusalem > *Vreugde in God met vredevolle terugval.*

By die trompette (soos by die baniere) kan ‘n kronologiese opeenvolging in die slagspreuke gelees word met - ook ‘n herhaling vanaf 3.7.

In al die hoofmomente van die oorlog word *God* deur die slagspreuke vereer.

6.1.1B.1.3.3 WAPENS

Slagspreuke word ook op die wapens aangebring (6.2-3):

Op die werpspiese se punte > *Flits van spies vir die krag van God;*

Op die tweede “pyl”/werpspies > *Vonke van bloed om die verslaandes deur die grimmigheid van God neer te vel;*

Op die derde werpspies > *Vlam van ‘n swaard wat die verslaandes van ongeregtigheid deur die oordeel van God verteer;*

In die drie spreuke is ‘n duidelike waarneembare oploop van intensiteit in die 3 stelle sleutelwoorde en hul semantiese waarde: *flits<vonke<vlam* en *krag<grimmigheid +neervel<oordeel + verteer.* Dit illustreer die toeneem van die ‘hitte van die stryd’ en dien sekerlik om die ‘stryders’ aan te moedig om aan te hou ten spyte van die felle taksering van hul kragte. Interessant tog dat slegs spreuke aan die eerste 3 werpspiese toegeken word en nie aan die oorblywende 4 nie.

Van die sleutelwoorde word wel weer by die beskrywing van die groepe skermutselaars herhaal, maar nie as slagspreuke nie:

krag van God (6.2 en 6.6)

oordeel van God (6.3 en 6.5)

die verslaandes neervel (6.3) teenoor *die vyandslinie te verneder* (6.5)

6.1.1B.1.4 AANVALSTEGNIEK

6.1.1B.4.1 FORMASIES

Kolom 5 gee uitvoerige instruksies i.v.m. die opstelling van die leërmag. Weens swak plekke aan die Rol het van die interessante inligting verlore geraak.

Die voorste linie van die manskappe bestaan uit 1000 man wat deur ‘n blok van 7 rye, die een man agter die ander, aangevul word. Hulle word elkeen met ‘n skild, spies en ‘n swaard toegerus.

Nadat hul 7 keer aangeval en na hul posisies teruggekeer het, word hul deur 3 bataljonne van skermutselaars afgelos: die eerste groep sal 7 keer die vyand met werpspiese aanval; die tweede met ‘n skild en ‘n spies en die derde met ‘n skild en ‘n swaard. In kolom 9 word die bataljonne na 6 wat tussen die 7 rye van 1000 hul posisies moet inneem, uitgebrei. Die totaal van die voetsoldate word as 28 000 aangegee.

Aan weerskante van die blok van 7000 man word 7 formasies van perderuiters ontplooi: 700 aan die regterkant en 700 aan die linkerkant. 200 sal met elke linie van 1000 uitbeweeg. In totaal is die perderuiters 6000: 500 vir elkeen van die 12 stamme. Davies (1977:48-53) wys op diskrepansies in die berekening van die totale wat volgens sy mening as foutiewe berekeninge aan die skrywer toegeskryf kan word.

Die verwysing na nog ‘n formasie, “die torings” is onduidelik, maar dit blyk dat die plasing van die torings van so ‘n aard was dat dit die opmars van die manskappe vergemaklik het. Dit moet tog van besondere belang wees, want die name van die 4 aartsengele word op die skilde, wat by die toring-formasie gebruik is, aangebring (9.14-15).

6.1.1B.1.4.2 TROMPETTE

Die priesters speel ‘n groot rol in die aanvalstaktiek d.m.v. die kodes wat hul op die trompette blaas. Wanneer die blok van die leërmag opgestel is, beweeg eers die 7 priesters van die Seuns van Aaron deur die middelste hek na die voorste linie. Die eerste priester is daar om die manskappe te bemoedig, terwyl die ander 6 die trompette van *oproep*, *herinnering*, *alarm*, *agtervolging* en

byeenroeping in hul hande het. 7 Leviete met 7 ramshorings in hul hande sluit by hul aan. Drie offisiere van die Leviete staan voor die priesters en die Leviete.

Dan word die volgorde van die aanval deur die trompette beheer. Die priesters dui aan wanneer die manskappe die werpspiese moet gooi en wanneer hulle weer moet terugval – ook wanneer die skermutselaars hul posisie tussen die linies moet inneem. ‘n Egalige klank is ‘n aanduiding vir die manskappe om in hul formasies elkeen in sy posisie te ontplooi (8.5-6). ‘n Lae stadige klank is die teken om na die vyand op te marsjeer. ‘n Skril staccato- klank deur die 6 trompette is die teken om aan te val en wanneer die geveg aan die gang is, blaas die ramshorings saam om ‘n groot oorlogsalarm te maak “om die vyand se harte te smelt”. ‘n Lae, egalige, stadige klank is weer ‘n teken om terug te val.

Die priesters bly egter op ‘n afstand van die gevallenes. As “gesalfdes’ word hul as heilig beskou en mag hul nie deur die bloed van die “ydele nasies” ontheilig word nie (8.7-9).

6.1.1B.2 DIEPER DIMENSIE

6.1.1B.2.1 HEILIGE OORLOG

Die praktiese beplanning van die oorlog het reeds deur die slagspreuke en bepalings soos bs. dat die priesters “heilig” moes bly, aangedui dat die beplanning nie vir slegs ‘n “aardse” oorlog is nie, maar dat ‘n dieper dimensie hier tersprake is. In die beplanning van die oorlog word swaar gesteun op die tradisie van die ‘Heilige Oorlog’ in Israel (2.5), deurdat in die gebed beklemtoon word dat die oorlog *God* se oorlog is en dat Hy vir hulle die oorwinning sal behaal. Dit word bereik deur die aanhalings uit en sinspelings op oorwinnings van ou Israel in die HB (sien ook 6.1.4.B en 6.2.B.2). Dit bevestig die “deurlopende invloed” van die HB op die skrywers van die Oorlogtekste (Duhaime 2004:113).

Die beklemtoning van die “reinheid” (6.1.4.B) vanweë die teenwoordigheid van God en Sy engele verskerp die beeld van die “heilige” oorlog.

6.1.1B.2.2 GETALLE

In die beplanning speel getalle ‘n belangrike rol. Selfs die ouderdomme van die verskillende groepe manskappe word aangedui. Net soos in die Makkabeërboeke word die troepe in 1000, 100, 50 en 10 verdeel. Op die banier van die 10 manskappe word die getal 10 herhaal: *Vreugdegesange van God op die 10-snaar harp.* (4.5)

Die vernaamste getalle wat in die simboliek gebruik word, kan as volg gelys word:

7: In 1 *QM* word die “troepe van *Belial*” as die “7 nasies van ydelheid” omskryf. In die HB word die getal ook aan vyande gekoppel. Die inwoners van Kanaän word as die “sewe nasies, meer en magtiger as jy” beskryf (*Deut*. 7:1).

7 speel ooglopend ‘n vername rol in die aanvalstegniek: die blok van manskappe bestaan uit 7 rye; die perderuiters is groepe van 700; die skermutselaars gooi **7** sarsies van werpspiese na die vyand (6.1); die trompetblasers bestaan uit 7 priesters met 6 trompette en 7 Leviete met 7 ramshorings.

12 word in die opstelling van die priesters en die hoofde van die stamme gebruik (2.1); asook op die baniere (5.1). In die lig van die tema van die “heilige oorlog” van Israel is die getal van die 12 stamme van Israel amper onontbeerlik.

Die getalle van die engele word as **1000**de en ontelbaar aangegee (12.4).

6.1.1B.3 SLAGVELD

Daar word nie ‘n spesifiek naam aan die oorlogsterrein van die geveg tussen die Seuns van die Lig en die Seuns van die Duister gegee nie. Heel aan die begin (1.3) word wel gesê dat die Seuns van die Lig sal terugkeer uit “die wildernis - מדבר - van die mense” om in die “wildernis van Jerusalem” kamp op te slaan. As agtergrond in die HB is die bekendste toneel dié van Israel se omswerwinge, 40 jaar lank in die woestyn - מדבר. Die tydsduur kan moontlik ook 'n skakel met die voorgestelde tydsduur van die oorlog in *1QM* vorm (*1QM* 2.6-10). Gedurende die veeleisende jare in die uiterste toestande van die woestyn was *Jahwe* daar om Israel met manna en kwartels en 'n wolkkolom en 'n vuurkolom by te staan (*Eks*. 14 -16). In *Num*. 10:11-36 word die uittog onder die verskillende vaandels van die stamme beskryf.

Verskillende interpretasies word nog aan die "wildernisse van Jerusalem" geheg en volgens Davies (1975:115) kan dit geografies aan Qumran skakel, maar ook metafories vir die religieuse "wildernis" van die Tempel in Jerusalem vertolk word.

In die realiteit van die oorlogbeskrywing van *1QM* ontmoet die hemelse en aardse vlakke mekaar net soos die soortgelyke beskrywing in *Dan*. 10:13, 20-21 (Davidson 1992: 226).

6.1.1C OPENBARING

6.1.1C.1 PARODIE

Die ontleding van die geskrifte het getoon dat dieselfde elemente/woorde/beelde vir die tekening van die Goeie en die Bose gebruik word. In *Openbaring* veral word ‘n volgehoue nabootsing van die Bose in vergelyking met God en Christus aangetref. Hierdie fyn beplanning van verleiding deur verdraaiing van waarheid en goeie waardes kom van die Bose. Vanuit die perspektief van die

protagonis word die nabootsing toegelaat om dit te ontmasker as ‘n valse, tydelike en waardelose namaaksel. Van die belangrikste elemente kan as volg teenoormekaar gestel word:

Drie-eenheid: Vader, Seun, Heilige Gees	Valse Drie-eenheid: Draak, Dier, Valse Profeet
Seël van God op voorhoof van heiliges -7:3 σφραγῖδος	Merk van Dier op regterhand of voorhoof -13:16 χάραγμα
Dood en opstanding van Christus - 1:5	Dodelike wond van Dier wat genees - 13:3 Net soos ‘n lam - 13:11
Lam van God - 5:6	Draak gee aan Dier:
God gee aan Christus:	Krag, troon en “groot” gesag -13:2
Mag, troon, gesag	Groot tekens - 13:13
Groot en wonderlike teken - 15:1	Aanbidding van nasies van Draak en Dier (13:8,14-15)
Aanbidding uit elke nasie, stam en taal (5:9,7:9,14:6)	Woede van Satan - 12:12
Grimmigheid van God - 15:1	
Toorn van die Lam - 6:16	Mond van godslastering - 13:5
Tweesnydende swaard uit mond - 1:16	Babilon - 17:5
Nuwe Jerusalem - 21:2	Hoer
Bruid	Wyn van die grimmigheid van haar(Babilon) hoerery - 14:8
Wyn van die grimmigheid van God - 14:10	Rook van hul pyniging - 14:11
Rook van die tempel van God - 15:8	

6.1.1C.2 DIE OOPMAAK VAN DIE SEËLS

Die belangrikste beplanning in die stryd teen die Bose is in die naam van die boek - *Openbaring* – geleë. Die geleidelike onthulling van die geheimenisse van *God* vir die einde van die tyd word deur die oopmaak van die 7 seëls - die een na die ander - bewerkstellig (*Op.* 6-8). Die momentum word verder opgebou deur die oordele wat op die blaas van die 7 basuine - die een na die ander - uit die 7de seël voortvloei (*Op.* 9-11). Na ‘n onderbreking deur die visioene van die Vrou, die Draak, die Dier uit die see en die Dier uit die aarde, teenoor die Lam en die 144 000 en die graan- en wynoes

word die momentum voortgesit deur die 7 engele wat die 7 plae - die een na die ander - oor die aarde "uitgooi". Die plae bereik 'n hoogtepunt in die simboliek van die bose stad, Babilon, wat deur die oorwinning deur *Christus* en die finale uitwissing van *Satan* opgevolg word. In die slottoneel word die "heilige Jerusalem", die "nuwe hemel" en die "nuwe aarde" teenoor Babilon geteken.

6.1.1C.3 SIMBOLIEK

Die simboliek van die 4 perde in die eerste 4 seëls wat oopgemaak word, bevat dieselfde beginsel wat deur bostaande parodie (6.1.1C.1) weergegee word. Dit is deur die mens se eie bose begeertes dat hy sy eie ellende bewerkstellig. [173] Die prosesse word deur *God* toegelaat (5.1.1C.7**)** en so word die Bose se afbrekende *modi operandi* na homself teruggekaats

Die beginsel dat die Bose deur die Bose se eie toedoen vernietig word, is reeds in hoofstuk 4 in die vertolking van die uitsonderlike simboliek van die sprinkane en die daaropvolgende leërmag van perde bespreek. Die samevoeging van menslike en dierlike eienskappe kan die mens se hebsug, korrupsie, mishandeling en haat in die oorsaak van die Bose uitbeeld.

Die simboliek van die stad Babilon as owerspelige vrou word gebruik as riglyn om die sondes "wat tot die hemel reik" te vermy:

> "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie"(18:4).

Aan die ander kant word 'n oordeel oor haar uitgepreek:

> "Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het" (18:6).

Vir die enorme ongeregtigheid geld die beginsel van *lex taliones* in 'n dubbele mate. In die wette wat in *Eks*. 22:4 opgeteken is, word in gevalle van gesteelde goedere dubbele vergoeding vir die oortredings vereis. Die beginsel is in *Jeremia* ook in 'n erge oortreding aangeteken:

> " ... en hulle sonde dubbel vergelde, omdat hulle my land ontheilig het met die lyke van hulle verfoeisels en my erfenis gevul het met hul gruwels" (16:18).

Op. 13:10 gee die beginsel vanuit die gelowiges se perspektief:

---

[173] Dieselfde gedagtelyn kom in *Jakobus* se onderrigting en vermaning voor, hoewel hy dit aan gebed skakel:

"Waarvandaan kom oorloë en vegtery onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van jul welluste wat in jul lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in jul welluste deur te bring" (Jak. 4:1-3).

> "As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangeneskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges" (volgens vertaling van 1933/1957);
>
> "As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met die swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig" (volgens nuwe vertaling van 1983).

Die ou vertaling het die twee beginsels van *lex taliones* teenoor die nuwe beginsel van *Christus* gestel. (Die spreuk se vertaling is bemoeilik deurdat nie een van die voorwaardelike sinne 'n hoofwerkwoord in het nie - Osborne 2002:505). Die nuwe vertaling sluit beter by die briewe aan, veral omdat dit deur 'n refrein uit die briewe (*Op.* 13:9) ingelui word.

6.1.1C.4 SEËLS VAN DIE VOLGELINGE

Teenoor die sewe seëls (5:1) wat die oordeel van God voorafgaan, word die diensknegte/slawe van *Christus* op hul voorhoofde "verseël" met die "seël van die lewende God" - σφραγῖδα θεοῦ ζῶντος - 7.2-3 (sluit aan by 5.1.2C.4). Dieselfde term - σφραγίς - word in verskillende nuanse van betekenis gebruik: die bekragtiging van die aankondiging van onuitspreeklike onheil vir die ongeregtiges; teenoor 'n uiterlike teken om God se eienaarskap en Sy beskerming aan sy getroue volgelinge oor te dra.

6.1.1C.5 BEHEER DEUR'N STEM

Bevele word deur "n groot stem" verskeie kere in *Openbaring* oorgedra. In die inleiding het Johannes agter hom "'n groot stem soos 'n basuin" - φωνὴν μεγάλην ὡς σάλπιγγος - wat aan hom die opdrag om die gesigte te boekstaaf en aan die 7 gemeentes te stuur, gehoor. Dit was die stem van *Jesus Christus* wat die "openbaring" aan hom bekend gemaak het (1:1). In die beskrywing van *Christus* wat daarop volg, word die stem van *Christus* "soos die stem van baie waters" - ὡς φωνὴ ὑδάτων πολλῶν - beskryf (1:15).[174]

Met die gesig van die troon dui Johannes met dieselfde woorde: "die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het" dat dit weer *Christus* is wat hom oproep na die hemel toe (4:1).

In hoofstuk 5 is dit "'n sterk engel" wat "met 'n groot stem" uitroep en die vra of daar iemand is wat waardig is om die boek oop te maak en die seëls te breek (5:2).

Die lofprysing van die skaar om die troon word as 'n antwoord op die vraag ook "met 'n groot stem" gedoen (5:12).

---

[174] Ooreenstemmend met die gedruis van die vlerke van die 4 wesens in die visioen van *Esegiël* –"soos die geruis van baie waters, soos die stem van die Almagtige – 'n gedruis soos die gedreun van 'n leër" (*Eseg.* 1:24).

Die “die siele van die wat gedood is” het hul weeklaag “met ‘n groot stem” uitgeroep (6:10).

Die “ander engel” wat met die seël van God gekom het om die diensknegte te verseël, het die ander 4 engele teruggehou “met ‘n groot stem” (7:2).

Die lofprysing van die groot menigte voor die troon en voor die Lam is ook “met ‘n groot stem” gedoen (7:10).

Teenstellend is daar voor die 7 engele met die 7 basuine ‘n stilte van omtrent ‘n halfuur lank in die hemel (8:1) totdat ‘n engel die weeklaag oor die aardbewoners “met ‘n groot stem” uitspreek (8:13).

Met die 6de basuin het daar ‘n bevel deur “’n stem” uit die 4 horings van die goue altaar gekom om die 4 engele los te maak vir die volgende plae (9:13).

Die “sterk engel” wat as skadubeeld van Christus geteken word, het “met ‘n groot stem uitgeroep soos ‘n leeu wat brul” (10:3) en aangekondig dat daar nie meer tyd sal wees nie (10:6). As eggo het 7 donderslae “hulle stemme laat hoor” en “n stem” het Johannes beveel om dit wat die 7 donderslae gespreek het te verseël en nie op te skryf nie (10:3-4).

Johannes is deur “n stem” beveel om die oop boekie uit die engel se hand te neem en te eet (10:8).

Die twee getuies word deur “n groot stem” uit die hemel opgeroep (11:12).

Na die basuin van die 7de engel was daar “groot stemme” in die hemel wat weer lof aan God en Christus gebring het (11:15).

Nadat die groot draak op die aarde neergegooi is, het “n groot stem” in die hemel weer lof aan God en Christus gebring (12:10).

‘n Ander engel verkondig die evangelie aan die aardbewoners en hy het “met ’n groot stem” hulle gemaan om God te vrees en te verheerlik en te aanbid omdat Sy uur van oordeel aangebreek het (14:6-7). Die derde engel het sy waarskuwing ook “met ‘n groot stem” teen die merk en die beeld van die dier oorgedra (14:9).

Die opdrag om die saligspreuk neer te skryf word deur “’n stem uit die hemel” gedoen (14:13).

‘n “Ander engel” het die gereedheid van die oes van die aarde “met ‘n groot stem” aan Christus aangekondig (14:15), terwyl “‘n ander engel” die engel met die skerp sekel opdrag “met ‘n groot stem” gegee het om die druiwetrosse in te samel (14:18).

Met die laaste 7 plae het “’n groot stem” uit die tempel gekom en die 7 engele opdrag gegee om die plae oor die aarde te laat kom (16:1) en met die uitstort van die 7de bak het “’n groot stem” weer uit die tempel in die hemel gekom, “van die troon af”, wat gesê het dat alles verby was (16:17).

‘n Engel “met groot mag … het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep … ” om die val van Babilon aan te kondig (18:1-2), terwyl “‘n ander stem uit die hemel” “my” volk maan om uit haar te gaan” (18:4).

Lofprysing deur “iets soos ‘n groot stem van ‘n groot menigte in die hemel” word na die val van Babilon aangehef (19:1) en word herhaal deur “n stem uit die troon” (19:5) en weer “die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en van sterk donderslae” (19:6).

“Een engel” het “met ‘n groot stem” die voëls van die hemel byeengeroep om na die oorlog die vlees van die ongeregtiges te kom eet (19:17).

Laastens het Johannes “’n groot stem uit die hemel” die koms van die tabernakel na die aarde hoor aankondig en dat *God* by die mense sal woon (21:3).

Dit is opmerklik met die lys van die gebruik van die frase dat dit bykans in elke hoofstuk gebruik word met die uitsondering van die briewe aan die gemeentes (2-3) en hoofstukke 13,15,17 en 20. Wanneer dit nie in ‘n hoofstuk gebruik word nie (soos bv. hoofstuk 13), word dit meer kere in die vlg. hoofstuk gebruik (tot 5 keer in hoofstuk 14) en 2 keer in hoofstuk 16. Die frase word dus as ‘n gereelde merker om belangrike hoofmomente deur die hele *Openbaring* uit te lig, gebruik. Die stem word vanuit die hemel gehoor en is in die meeste gevalle die stem van *Christus* of verskeie engele: die fokus is dus op die goddelike. Lofprysing van die menigte word ook so beskryf, sowel as die weeklaag van die martelare wat ook al deel van die hemelse visioen uitmaak. Kontinuïteit word verder deur die herhaalde gebruik aan die geskrif verleen.

6.1.1C.6 GETALLE

In baie van die antieke Joodse en Christelike apokalipse word getalle prominent gebruik om uitdrukking aan die persepsie van orde in tyd en in die kosmos te gee (Yabro Collins 1998a:118).

Die stelling is by uitstek van toepassing op *Openbaring*.

In die beplanning en uitbeelding van die stryd tussen die Goeie en die Bose in *Openbaring* speel getalle ‘n prominente rol. Daar word 4 hoofgetalle - 4,7,10,12 - waarmee die baie ander getalle gevorm word, gebruik (Osborne 2002: 17; vgl. Yabro Collins 1996a:119). 4 word veral by die seëls, trompette en bakke in ‘n 4+3 kombinasie gebruik. Bauckham (1993:29-36) is veral getref deur die herhaalde kere wat idees en terme 4 en 7 keer in *Openbaring* voorkom en is oortuig dat Johannes dit beplan het om die volmaaktheid van God se Skepping en Sy Beplanning oor te dra. ‘n Verdere uitstaande kenmerk is dat Johannes in die geskrif die getal noem en dan nog weer nommer soos hy met die beeld vorder, byvoorbeeld by die seëls:

> “En toe Hy die tweede seël oopgemaak het” (6:3).

"En toe Hy die derde seël oopgemaak het" (6:5).

Hierdie herhaalde numering verleen 'n geordende toon aan die geskrif en sluit aan by die semantiese beklemtoning dat *God* in beheer van die kosmos is. Dit werk hand aan hand met bostaande herhaalde gebruik van die "stem vanuit die hemel". Die meet van die heilige deel van die tempel - die altaar en die deel waar daar aanbid word, sluit hierby aan. Die voorhof wat aan die heidene gegee is, maar nie gemeet word nie (11:1-2) vorm 'n skerp kontras.

Die volledige lys getalle wat simbolies gebruik word, bestaan uit:

1, 2, 3, 3½, 4, 5, 7, 8, 10, 12, 24, 42, 144, 666, 1000, 1260, 1600, 7000, 12 000, 144 000, 100 000 000, 200 000 000. Die belangrikste gebruike word kortliks aangestip (aanduidinge van tyd deur getalle word onder Eskatologie - 6.2.C.4 - bespreek):

2 word in die visioen van die getuies gebruik (11), wat ook verder uitgebeeld word as 2 olyfbome, 2 lampstaanders en 2 profete. In kontras en as deel van die parodie het die dier uit die aarde 2 horings "net soos 'n lam" (13:11) gehad.

3 word aan die goddelike verbind deur die 3 tydsvorme in "wat is, wat was en wat kom". Die heilige drie-eenheid word in die seëngroet van Johannes aan die begin vervat: *God*, die sewe Geeste en *Jesus Christus* (1:4). Daarteenoor word die Bose as die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde as die valse profeet, gestel. *God* se Skepping – hemel, aarde en see (10:6); *Christus* se werke – getuie, eersgeborene en Owerste oor die konings van die aarde (1:5); die lofprysinge aan hulle (4:9-10, 11; 12:10; 19:1-2) en die *trisagion* (4:8) word drievoudig weergegee.

4/1600 word as die uitbeelding van die 4 hoeke van die aarde gebruik (9:14) ook volgens Johannes se beskrywing van die mense op die aarde: "van elke stam en taal en volk en nasie" (5:9). Met die oopmaak van die 4de seël word ¼ van die aarde vernietig (6:8). 1600 word as 4x4x10x10 vertolk om die vloed van bloed in die beeld van die wynpers weer te gee. Die nuwe Jerusalem word vierkantig (21:16) met 4 mure van die 4 windrigtings (21:13) beskryf om die die nuwe "aarde" voor te stel.

7 word vanaf die eerste hoofstuk en die eerste visioen van die boek in verskeie samestellings gebruik. Die 'Openbaring' word aan die 7 engele/geeste van die 7 gemeentes – wat as 7 sterre en 7 kandelaars voorgestel word, in 7 briewe (2-3) gestuur. Die oordeel van God word d.m.v. 7 seëls (5-6, 8:1), 7 basuine/trompette (8-9, 11:15-18) en 7 bakke (15-16) oorgedra. Die opbou in die grimmigheid van God word voleindig met laasgenoemde 7 engele met die 7 laaste plae. Volgens Yabro Collins (1996a: 123-127) is die genoemde belangrike gebruike nie maklik om in 'n religieus-historiese konteks te vertolk nie en die oorsprong waarin die prominensie van die syfer lê, moeilik om te bepaal. Sy volstaan met die gevolgtrekking dat Johannes hom in die konteks van die

Hellenistiese astronomiese en rekenkundige motiewe by die beginsel, dat 7 ‘n belangrike kosmiese rol gespeel het, aangesluit het.

8 word met die dier in 17:11 as die 8ste koning verbind: “wat was en nie is nie, is self ook die 8ste”. Heel waarskynlik is dit deel van die parodie van die opstanding van *Christus* of Sy verskyning op die 8ste dag wat in die Joodse denke die 7 dae van die skepping as die “8ste dag” van die nuwe skepping opgevolg het (Osborne 2002:620).

10 word met die draak en die bees met beskrywings van die 10 horings by albei (12:3;13:1;17:7) gekenteken. Die dier het ook 10 krone op (13:1) teenoor die onbeperkte getal van Christus as kryger (19:12). Wanneer 10 met 12 of 7 gekombineer word, dan het dit die betekenis van voltooidheid en volmaaktheid, soos met die berekening van die verseëldes (7:4-8) wat ook as 12 x 12 x 1000 teenoor 12 x 12000 = 144 000 gemaak kan word. 12 x 1000 is ook die afmetings van die nuwe Jerusalem (21:16).

12 word 23 keer in *Openbaring* gebruik. Net soos 7 is dit ‘n getal wat voltooidheid versinnebeeld, maar dit word nie vir die goeie en die bose soos die getal 7 gebruik nie. Dit word uitsluitlik vir die mense van *God* gebruik en die beskrywing van die nuwe Jerusalem (Resseguie 1998: 64-65).

24 word hoofsaaklik aan die ouderlinge (5.1.1.C.4) in die troonvisioen verbind (4:4). Navorsers verskil in hul interpretasie van die getal, veral in die verklaring dat dit uit die 12 patriarge van die 12 stamme van Israel en die 12 apostels van *Jesus* bestaan (Yabro Collins 1996a:127-128).

666 is die getal van die dier (13:18). Osborne (2002:521) is versigtig in sy taksering van die getal as *gematria* vir “Nero Keiser” (die Grieks oorgedra in Hebreeus). Bauckham (1993:389-390) het dit deur *gematria* en ‘n kombinasie van driehoekgetalle ontsyfer. Die driedubbele 6 kan volgens Osborne eerder as ‘n driedubbele beskrywing as “onvoltooid” vertolk word.

6.1.1C.7 GEMEENTES

In die beplanning van die gemeente van Efese het hulle die valse apostels beproef en hulle as leuenaars aan die kaak gestel (2:2). Bekering – μετάνοια (verandering van gedagte) word bepleit. Die afgedwaaldes word aangespoor om na die “eerste liefde” terug te keer (2:5). Die volgelinge word voorberei om vrees vir verdrukking, soos om in die gevangenis gegooi te word, te verwag en te verwerk (2:10). Die gemeente van Sardis word gemaan om “wakker” te wees en diegene wat verslap weer te versterk (3:2).

6.1.1C.8 SLAGVELD

Die 3 “geeste van duiwels” - πνεύματα δαιμονίων – wat “tekens doen” gaan uit na die “konings van die aarde en die hele wêreld” om hulle trawante vir die oorlog te versamel. Die naam van die

plek waar hul versamel het, word in Hebreeus weergegee. Die vers - 16:16 - is eintlik losstaande, want direk daarna vervolg die beskrywing van die 7de oordeel en die beskrywing van die val van Babilon. Dis asof Johannes die 'Hebreeuse' naam veelseggend in die lug laat hang: Armageddon (sien ook 4.2.C**)**. Navorsers kon nog nie 'n bevredigende geografiese lokaliteit vir die benoeming kry nie en daarom meen Resseguie (1998:82) dat die naam meer simbolies as 'n berg waar goddelike en menslik ontmoeting kan plaasvind, ontleed moet word (vgl. Osborne 2002:594-596).

Na die ontbinding van Satan na die 1000 jaar gaan hy uit om die *Gog* en die *Magog* te versamel vir die oorlog. Hierdie keer omsingel hulle die kamp van die heiliges en "die geliefde stad" – Jerusalem, waar hulle deur die vuur van God verteer word (20:9) .

Die daaglikste realiteit van die omgewing van die 7 gemeentes (3.1.C.2.1.3.1.2) waarin hul hul stryd teen die Bose moes voer, hulle "slagveld", word in die 7 briewe beskryf (3.1.C.2.1.3.2.1.2). In die omgang met die medemens (veral die mede-Jode wat nie volgelinge van *Christus* is nie, asook die vurige aanhangers van die Romeinse keiserkultus), word "waarheid" as 'n vereiste vooropgestel en selfs getoets (2:2). Dit impliseer dat jou eie lewenswyse onkreukbaar moet wees. Die gemeentelede se getrouheid sal self beproef word deur verdrukking in die gevangenis (2:10) en selfs tot die dood toe (2:13). Hulle moet vasstaan teen die versoekings van mense wat nog vashou aan die leer van Bileam, die Nikolaïete (2:14-15) en die sogenaamde profetes, Isebel (2:20). In die moeilike omstandighede moet die gemeentelede wakker bly (3:2) en vashou aan die leer van *Christus* (2:25). Daarteenoor moet die gemeentelede soos die van Laodicea, wat in makliker omstandighede geleef het, weer waak teen selfgenoegsaamheid wat hul vir hul eie tekortkominge verblind het (3:17).

6.1.1.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

BEPLANNING:

Gathas/Bahman Yasht	*Oorlogsrol*	*Openbaring*
BEELDE:	**PRAKTIESE MAATREËLS**:	**PARODIE:**
Strydwakryger	Tempeldiens	Terugkaatsing van eie bose nabootsing
Sakramentele geskenk	Tydsduur	OOPMAAK VAN SEËLS
Daēnā { *Vryheid*, *Verantwoordelikheid*, *Gewete*, *Lewensvisie* }	Spreuke { Baniere, Trompette, Wapens }	Openbaring
Manthra	Aanvalstegniek: Formasies	SIMBOLIEK
Lex taliones	Trompette	*Lex taliones*
*Geush Urvan/*Goeie Visie/ Dade	DIEPER DIMENSIE:	SEËLS VAN VOLGELINGE
Vroue	Heilige Oorlog	Beskerming
Juk van Waarheid		BEHEER DEUR STEM:
GETALLE:		Hoofmomente
2, 3, 6, 7.	GETALLE:	GETALLE:
	2, 3, 7, 10, 12, 40, 50, 100, 1000, 6000, 28 000	4, 7, 10, 12
		⅓, 1, 2, 3, 3½, 5, 8, 10, 24, 42, 144, 666, 1000, 1260, 1600 7000, 12 000, 144 000,
		100 000 000, 200 000 000.
SLAGVELD:	SLAGVELD:	SLAGVELD
Innerlike	Wildernis van Jerusalem	Gemeentes:
Aarde	Ontmoeting hemel en aarde	-Ontmasker valse leraars
Omgewing		-Bekering
		-Geestelike sterkte en paraatheid _____
		Armageddon
		Jerusalem
		Gemeentes Klein Asië

Die *Oorlogsrol* bevat meer praktiese beplanning en is al as 'n oorlogshandleiding - 'n taktiese verhandeling - beskryf. In vergelyking met die ander tekste bevat dit dus baie meer beskrywing en getalle wat op die praktyk ingestel is. Weens die verskillende resensies en onleesbare plekke deur verwering van die Rol kom daar diskrepansies by die getalle en die formasies voor. Die geskrif het

‘n sterk liturgiese inslag en waarskynlik was die dieper dimensie meer belangrik vir die samestellers as om al die syfers te laat klop. In die *Gathas* wil Zarathushtra sy leringe deur beelde aan die volgelinge van *Ahura Mazda* oordra om hulle bewus te maak van die nadelige gevolge van die Bose en hul te sterk vir die stryd in hulself en teen die onderdrukkers om hulle. *Openbaring* word meer ingewikkeld oorgedra. Aanvanklik word daar vermanende, leersame briewe op ‘n eenderse patroon aan die gemeentes geskryf, maar hoe verder die geskrif vorder, hoe meer raak jy bewus van die verskillende drade wat in- en uitvleg en oor en weer in ‘n ingewikkelde patroon vasgeknoop word. Een van die hoofdrade is die parodie van die Bose op *God* en *Christus* - die aanvalsplan van die Bose om deur nabootsing te verlei.

Die oorwegende gesprekstoon in die *Gathas* versterk die gesindheid van welwillende beraadslaging tussen Zarathushtra en *Ahura Mazda.* [175] Drie kolomme word in *1QM* aan ‘n gebed tot *God* gewy. Daarin kom baie verwysinge na die verlede – uit die geskrifte van die HB deur direkte aanhalings en verwysings voor: sommige as gerustelling uit vroeë oowinnings, ander as vermaning om nie die Verbond met *God* te skend nie. Deurlopend in die Rol word die Almag van *God* vooropgestel. Johannes word deur ‘n engel op die visioene vergesel, maar aanvanklik het hy ‘n gesig van *Christus* gehad wat aan hom gesê het wat hy aan die gemeentes moes skryf. Net soos *1QM* bevat *Openbaring* baie verwysings en sinspelings uit die geskrifte van die HB. Zarathushtra het heelwat van die antieke Indo-Iraanse elemente in sy leerstellings behou, soos *Daēnā,* maar hy het dit in ‘n nuwe vorm gegiet. Hy het weggebreek van die rituele wat die aanbidding van die *daevas* gekenmerk het, veral die oormatige gebruik van *Haoma* en het ‘n lyn tussen teologie, mitologie en epiese tradisie getrek (Mehr 2003:24).

Openbaring word deur die sterk simboliese gesigte en gebruik van baie getalle as ‘n meer volwaardige apokalips gekenmerk. Zarathushtra maak ook gebruik van beelde om sy beginsels duideliker oor te dra. Die *Oorlogsrol* word om die "heilige oorlog"-motief opgebou en daar word meer op die eskatologiese uitkoms van die oorlog gekonsentreer.

---

[175] Die “sakramentele geskenk” in die Zoroastrisme herinner aan die vrae van die profeet Miga (± 750 v.C.) in die HB: “Waarmee sal ek die Here tegemoet gaan en my buig voor die hoë God? ... Sal die Here 'n welbehae hê in duisende ramme en tienduisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (*Miga* 6:6-8). In hierdie letterkundige konteks van die *Oorlogsrol* en *Openbaring* word 'n ander perspektief teenoor die materiële offer bygebring: goedheid in die sin van geregtigheid, liefde en nederige aanbidding.

Die syfer 2 is onderliggend aan al die geskrifte vanweë die basiese uitbeelding van ‘n stryd wat twee opponerende magte vooronderstel, (onder Dualisme 5.1.4) bespreek. Dis opmerklik hoe dikwels ook 7 in al die geskrifte gebruik word.

Lex taliones word deur Zarathushtra, sowel as Johannes in die beplanning teen die ongeregtighede van die Bose ingebou. Dit word veral in *Openbaring* in meer as een beeld weergegee – die simbole van die 4 perde; die 2 leërmagte en Babilon. In skerp kontras staan die beginsel van die gelowiges: lydsaamheid. Die lydsaamheid dui egter nie op onaktiwiteit nie (sien ook onderstaande bespreking).

Saam met die praktiese berekening van die oorlog as 40 jaar word 3 oorwinnings aan *Belial* en 3 aan die Seuns van die Lig toegeken voordat laasgenoemde in die finale stryd oorwinning sal behaal. Dieselfde beginsel word in *Openbaring* toegepas. Daar word ‘n tydperk van oorwinning aan die Bose toegeken voordat die Dier en die valse profeet oorwin word. Dan word *Satan* nog 1000 jaar vasgebind en weer ‘n kans gegee om sy magte bymekaar te kry, voordat hy finaal verslaan word.

‘n Uitstaande kenmerk van *Openbaring* is “n groot stem” wat deurlopend vanaf die hemel beheer uitoefen. By die *Oorlogsrol* word ‘n baie vername rol aan die priesters in die beheer van die oorlog toegeken.

Zarathushtra het ruimte vir die vroue ook toegelaat. Dit word in die *Bahman Yasht* bevestig (6.1.1A.1).

Daar word nie ‘n spesifieke slagveld in *1QM* aangedui nie. Daar word kamp opgeslaan in die “wildernis van Jerusalem”. Die teenwoordigheid van *God* en sy engeleleërmag word beklemtoon. Vir Zarathushtra is die stryd binne elke mens en in sy lewenssituasie waarin hy hom bevind. In *Openbaring* word die praktyk van die gemeentes in die simboliek weerspieël. In die simboliek word die oorlogsterrein as Armageddon en Jerusalem aangewys.

6.1.2 WAPENS/TOERUSTING

6.1.2A GATHAS/BAHMAN YASHT

In Yasna 28.6 word Ahura Mazda in ‘n gebed versoek dat hy die langdurige geskenk van Goeie Gedagtes en die Waarheid deur sy verhewe woorde as hulp aan Zarathushtra en sy volgelinge moet skenk om “die vyandelikheid van die vyand” te oorkom.

In hierdie stryd teen die Bose sal die tong ‘n vername rol speel om gehoorsaamheid aan *Ahura Mazda* af te dwing (28.5). In die vertaling van Humbach en Ichaporia (1994:23-25) dui dit meer op ‘n *manthra* om die Bose se mag af te weer en in 28.10 vergelyk hul die goed-geoefende tong van ‘n sanger met ‘n goeie strydwa-kryger. Dit word aangevul deur Zarathushtra se wens om vir sy

lofprysing en aanbidding "soetheid van spraak" te ontvang (29.8); asook dat sy stem kragtig (genoeg) vir 'n verbond met volkomenheid en onsterflikheid sal wees (44.17). Hy beklemtoon die gehoorsaamheid - *Sraosha(səraošəm)* – in *Yasna* 33.5 as die "heel grootste", saam met die "ewige heerskappy" van Goeie Gedagtes en die "reguit paaie" volgens die Waarheid. Die beeld word vir Goeie Gedagtes in *Yasna* 34.12 herhaal:

> " Leer ons om op die paaie van Goeie Gedagtes, gemaklik deur Waarheid te wandel".

In *Yasna* 31.3 vra hy leiding van *Ahura Mazda* "deur die tong van u eie mond" om "alle lewendes te bekeer". Die konsep van bekering wat teenstrydig met die beginsel van *lex talionis* is, word in 47.6 op die wat "soekende" is, toegepas. Wanneer hy groei in sterkte deur die kwaliteite van Waarheid en Goeie Gedagtes kan "bedrog oorwin word" (31.4). Aan die einde van dié *Yasna* verseker hy *Ahura Mazda* dat hy sy tong nou in beheer het sodat hy in waarheid kan praat (31.19). Hy bevestig bostaande *Yasna* (31.3) weer in 51.3:

> "U is die Meester deur u tong (wat is) in harmonie met Waarheid en deur U woorde wat uit Goeie Gedagtes spruit, waarvan U, Wyse Een, die voorste onthuller is".
>
> "U tong is aan Waarheid en Goeie Denke gekoppel. U is die voorste Onderwyser van hierdie verhewe leerstellings" –vertaling deur Nanavutty (1999:149).

Zarathushtra glo dat die nodige verering, aanbidding en respek aan *Ahura Mazda* en sy Entiteite betoon moet word om 'n oorwinning te behaal (34.1-3). Agting en kennis loop hand aan hand in die stryd teen die Bose (34.9). Dit is ook belangrik om die kennis gedurig in gedagte te hou (31.5-6; 43.14). Dit word versterk in 31.17 waar *Ahura Mazda* as die "(Al)Wetende Een" aangespreek word en versoek word om met "wetende"/die een wat weet, te praat en goeie gedagtes aan hul te openbaar. Gehoorsaamheid aan die wette van *Ahura Mazda* (30.11) en die nakoming daarvan is noodsaaklik om die vernietiging van die waarheid te bestry (31.1). 'n Vereiste vir kennis en gehoorsaamheid is "om te luister". Dit word in 31.18-19 uitgelig:

> "Niemand wat aan die bedrieërs behoort, het na u voorskrifte en instruksies geluister nie … Hierdie een wat weet en wat 'n heler van die wêreld is, het geluister en die waarheid gerespekteer, …".

Ook in *Yasna* 49.7 word "luister" deur herhaling beklemtoon: "luister met Goeie Gedagtes"; "luister met Waarheid".

Die sirkel van respek>kennis>kennis>gehoorsaamheid>gehoorsaamheid>agting word voltooi in *Yasna* 45.5 wanneer Volkomenheid en Onsterflikheid as uitvloeisel aan gehoorsaamheid en agting gestel word.

Zarathushtra beklemtoon in *Yasna* 30 die regte keuse wat in die stryd gemaak moet word, want die keuse bepaal jou gedagtes, woorde en dade. Die regte keuse word deur die metafoor van die "koei"/Goeie Visie se keuse in *Yasna* 31.9-10 verder geïllustreer. Sy het vir haar die herder wat 'n beesteler is - m.a.w. een wat oor die regte kennis beskik - en wat waarheid en goeie gedagtes voorstaan, gekies.

Yasna 31.18 verwys na 'n wapen van *Ahura Mazda*, maar omskryf dit nie verder nie. In die volgende vers word die "heldervlammende vuur" in die oordeel gebruik en die wapen kan moontlik daarop dui. In die vorige hoofstuk is daar reeds op gewys van die belangrikheid van vuur in die religie van Zarathushtra (5.1.1.A.3.1.3). As hulp in die stryd word die Vuur van *Ahura Mazda* versoek (34.4). Dieselfde Vuur kan met krag "sigbare skade" aan die vyand berokken.

Die drieledige aanslag deur woorde, gedagtes en dade word in die *Gathas* beklemtoon (47:1-2). Goeie gedagtes, goeie woorde en goeie dade – *Humata*, *Hukhta* en *Huvarashta* - kan as die slagspreuk van Zoroastrisme beskou word (Nanavutty 1999:58) en dien as inleiding van die liturgie van die *Yasna Haptanhaiti* - *Yasna* 35.2 (Boyce 1992:90). In die *Bahman Yasht* trek die 150 man saam met *Pišōtan* uit met die woorde *Humata*, *Hukhta* en *Huvarashta* (3.27).

Zarathushtra prys sy vriende wat alles in die stryd werp (51.5 – gedetermineerd is) en hulself as bondgenoot aan die groot taak verbind (46.14). Hy prys die eerlikheid van die regverdige wat probeer om in harmonie met die waarheid te leef tussen die vele wat hul in die geheim verraai (50.2).

As volgehoue metafoor van die "koei" gebruik Zarathushtra "voetspore van melk" [176] (50.8) en "melk" (49.10; 51.1). Albei verteenwoordig volgens Insler (1975:101;103) die aanbidding van die volgelinge, asook die sterkte wat die Meester en sy riglyne van Waarheid en Goeie Gedagtes deur die aanbidding van die volgelinge verkry. Dieselfde gedagtelyn word in *Yasna* 49.5 deur die metafoor van "melk en botter" – sterkte en voorspoed – oorgedra.

Stille meditasie – *Tushnamaiti* – word deur Goeie Gedagtes aan Zarathushtra aanbeveel (43.15).

Teenoor die voortreflike "wapens" van die *ashavan* word die laakbare dade en bose woorde en gedagtes van die vyand gestel (32.3-5; 47.5; 49.11). Hulle het teruggeval van die goeie gedagtes en 'verdwyn' van die wil van die Wyse Meester en die Waarheid en sodoende die mensdom en hulself uit die goeie lewe en onsterflikheid verlei. Hul onregmatige sug na rykdom het die Waarheid vir hulle verskans (32.13). Hulle het die Heilige Aanbidding – *Armaiti* – weens hul tekort aan Goeie Gedagtes oorboord gegooi (34.9). Zarathushtra moet die Bose se 'slegte gedagtes' en

[176] Volgens Humbach en Ichaporia (1994:93) verwys 'voetspore … van (gepersonifieërde) oorvloedigheid' na 'n Proto-Ariese mite uit Vediese tekste.

ongehoorsaamheid afweer; sowel as hul bedrog en veragting (33.4); hul kwaadwillige hatigheid en minagting vir die wette van *Ahura Mazda* (34.7).

Zarathushtra verwys teenstellend na hulle tonge (woorde) wat woede en wreedheid deur kwaadwilligheid vermeerder het en dat hulle die gode gedien het (49.4).

Zarathushtra benoem die Bose Gees as die "Een met Bose Leerstellings" wat die doel van die lewe met sy leringe ruïneer (32.9). Die beeld van die koei word ook in die beskrywing van die Bose se aanval gebruik: hy sny die weivelde (waarheid en goeie gedagtes) af (32.10); hulle vernietig die lewe van die koei (hier word dit as die "goeie visie" en ook in die sin van die aarde self gebruik) deur hul soeke na plesier en hul vriendskap met tiranne (32.11-12; 33.4; 51.14). Hulle (die Karpan, die Usig en die Kavi) het selfs die koei aan Woede/ *Aeshma* oorgelewer (44.20). Zarathushtra benoem hulle die 'nie-beestelers' (49.4). Woede en wreedheid word aan hul toegeskryf (48.7), sowel as moord, dwase bedwelming en marteling (48.10).

Die Bose vernietig die wêreld vir die "tweede keer" deur sy tong en deur sy bose voorkeure (45.1). Die voorkeure sinspeel op die verkeerde keuse wat aanvanklik ook deur die gode gemaak is (30.6).

Die aanslag van die Bose word beskryf deur die beeld van 'n juk oplê:

> "Gedurende die heerskappy van die Karpans en die Kavis het hul ons die juk opgelê met bose dade om die wêreld en die mensdom te vernietig …"(46.11).

In die *Bahman Yasht* val die klem veral op die bose dade van die "ras van *Aeshma*" en word dit aan hul towery (2.26), asook hul bedrog, roofsug en wanbestuur (2.29) gewyt. As teenvoeter word Zarathushtra aangemoedig om die religie te leer en te memoriseer en weer aan die priesters en dissipels oor te dra sodat hulle weer aan die onkundiges kan verkondig (2.55).

6.1.2B OORLOGSROL

6.1.2B.1 FISIESE WAPENS

'n Uitstaande kenmerk van die *Oorlogsrol* is die fyn besonderhede waarmee die fisiese wapens van die soldate beskryf word.

- *Skilde*

Die skilde moes van brons gemaak word en so poleer word dat hul soos spieëls geblink het. Dit moes 'n randpatroon soos 'n koord met die ontwerp van 'n las/"joint" in goud, silwer en brons saamgesmee, gehad het. Edelgesteentes en veelkleurige ornamente moes dit verder versier - die werk van 'n bedrewe vakman. Die lengte was 2½ el en die breedte 1½ el (5.4-6).

- Spiese/Lanse

Op die handvatsel/“socket” van die spies moes 3 ringe met 'n randpatroon soos 'n koord in goud, silwer en brons saamgesmee, met edelgesteentes en veelkleurige ornamente, asook 'n graanaar, aangebring word - die werk van 'n bedrewe vakman. Daar moes ook patrone soos 'n kolom tussen die ringe uitgekerf word. Die punt/lem moes van skynende wit yster met 'n graanaar van suiwer goud in die middel van die lem, wat na die punt afgespits het, gemaak word. Die spiese moes 7 el lank wees en van die sok tot by die punt 'n ½ el wees. In die vertaling word onderskeid tussen die spies en die werpspies gemaak. Daar word geen beskrywing van die werpspies gegee nie. Net die bewoording van die slagspreuke daarop word aangedui.

- Swaarde

Die swaarde moes van uitgesoekte yster wat in die smeltkroes gesuiwer is, todat dit soos 'n spieël geblink het, gemaak word. Dit moes deur 'n bedrewe vakman gedoen word. Graanare van suiwer goud moes aan albei kante aangebring word. Die beskrywing van die swaard het verskillende vertalings by navorsers uitgelok, veral t.o.v. die “belly”(*beṭen*) van die swaard (Duhaime 2004:88-89). Sy (Duhaime 2004:89) vertaling lui dat die lengte 1½ el en die breedte 4 vingers - met 'n reguit vorm van 4 handpalms-lengte van die handvatsel tot by die “belly” - moes wees; die laer gedeelte moes 5 palms tot by die punt en 4 duime breed wees. Die handvatsel moes van uitgesoekte horing, afgerond met veelkleurige ontwerp in goud, silwer en edelgesteentes wees.

- Perde

In hoofstuk 4 is reeds melding van die perde gemaak. Baie spesifieke vereistes word aan die strydrosse gestel: hulle moet “hingste, vlug van voet, sag van mond, lang van asem in die volle fleur van hul lewe en goed geoefend in die oorlogsituasie met die harde geluide en oorlogstonele wees.” (6.12-13). Die perderuiters het ronde skilde gehad en 'n spies van 8 el lank. Hulle het helms en beenskutte gedra.

Treffend is die herhaling dat die werk kunstig verrig is. In kolom 5 word “bedrewe”, “bedrewe vakman” en/of “bedrewe werk/ontwerp” 8 keer herhaal. Dit sluit ten nouste aan by die vereiste van die manskappe, die perde en die reinheid. By die wapens word dit nie pertinent gestel nie, maar uit die geheel van die *Oorlogsrol* word die vereiste om die perfekte/volmaakte toegeskryf aan die teenwoordigheid van die goddelike krygers, die heiliges wat in die stryd teenwoordig is.

(By nadere ondersoek blyk dit dat die wapens in terme van die ontwerp en voorkoms van die klere van die priesters van die heiligdom beskryf word en verleen dit onmiddellik ook dieper simboliese waarde daaraan.)

6.1.2B.2 PSIGIESE WAPENS

In kolom 14.7 word dit verklaar dat dit is “deur die nederige gees” – בעניי רוח – en deur die “perfekte weg/wandel” – בתמימי דרך – dat God die bose nasies sal vernietig (1 *QM* 14:7).

“Begrip deur kennis van die gebooie” omskryf die “heilige mense van die verbond” (10.10).

“Geregtigheid” en “ewige kennis” word in verband met die Seuns van Waarheid gebring (17.8).

Saam met die wapens word ‘n harde oorlogskreet van ‘n groot menigte as deel van die volle mondering bygevoeg; wat nog verder versterk word deur dié van die goddelike wesens (1.11)

Die wapens van die Bose word ook aangeteken: hulle woede (1.4); hul haat teenoor geregtigheid en *God* (3.6); hulle ydelheid en hoogmoed (6.6; 9.9; 11.9; 14.12) word afgekeur; hulle word as verdrukkers beskryf (10.7; 12.14); hulle is die rebelle van die aarde (12.4); hulle pleeg verkeerde/sondige dade (4.3; 6.3; 12.12); bose planne en raadpleging (6.6; 13.4,11); hulle volg gebooie van duisternis (13.12); en handel volgens ‘n “hardkoppige hart” (14.7).

6.1.2B.3 GODDELIKE WAPENS

Die skrywer verwys telkens na die “swaard van die *God* van Israel”. (12.11,15.3, 16.1, 19.11).

Die betekenis van kolom 17.1 is nie baie duidelik nie, maar dit blyk of die wapens van *God* skerp gemaak word en dat dit nie stomp sal word voordat al die boosheid uitgewis is nie.

Die “hand” van God word herhaalde kere as die instrument van krag voorgehou (11.1). Deur die verhaal van Dawid en Goliat word die “Naam” van God bo 'n swaard of 'n spies gestel (11.2).

In kolom 18.7,10 prys hul God vir die “wonder op wonder” waarmee Hy tot hul redding gekom het

.

6.1.2C OPENBARING

6.1.2C.1 WAPENS VAN DIE GEMEENTES

In die briewe aan die gemeentes word die volgelinge geprys vir hul “werke”/wapens waarmee hul die aanslag van die Bose teengestaan het. Leiding vir bevegting van verdere beproewinge word gegee:

- verdraagsaamheid, lydsaamheid en volharding in werk (2:2-3);

- getrouheid tot die dood toe (2:10);

- geloof in *God* en in Sy Naam (2:13);

- liefde, diens, geloof, lydsaamheid en werke (2:19);

- die woord van lydsaamheid bewaar (3:10);

- ywer (3:19).

Lydsaamheid - ὑπομονή - word deur herhaling beklemtoon en kan as geduld, lewensmoed, berusting en volharding omskryf word. Lydsaamheid word verder omskryf as “hulle wat die gebooie van *God* en die geloof in *Jesus* bewaar” (14:12).

Lydsaamheid en geloof word in die visioen van die Dier in kontras met die Bose se beginsel van “as iemand met die swaard doodmaak, moet jy met die swaard doodgemaak word” (13:10) gestel. Vrees, verheerliking en aanbidding van *God* (14:7) word deur die engel, wat die “ewige evangelie” aan die “bewoners van die aarde” verkondig, uitgeroep.

6.1.2C.2 GODDELIKE WAPENS

Christus word in die eerste visioen van Johannes uitgebeeld met “'n skerp tweesnydende swaard” (2:12) wat “uit sy mond uitgegaan” het (1:16). In die brief aan Pergamus verklaar *Christus* dat Hy “teen hulle (ketters) oorlog voer met die swaard van my mond” (2:16). Wanneer *Christus* met Sy hemelse leërs uittrek, word die beeld weer herhaal:

> “ En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer”(19:15).

Aansluitend as deel van *Jesus* se leringe is *Matt.* 10:34 (4.1.3.1). reeds aangehaal:

> “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die
>
> swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te wek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees” (*Matt*. 10:34-36).

Saam met die beeld van die swaard uit Sy mond word die benaming “Die Woord van God” aan *Christus* gegee om die beeld te verklaar (19:13). *Christus* is die **getuienis** van God en as sulks verpersoonlik en bevestig Hy die uitsprake en oordele van God. Teenoor die *Pax Romana* wat paradoksaal die vrede met die swaard gehandhaaf het, was dit kragtige beeldspraak in die konteks van die eerste eeu (Osborne 2002:147). Wanneer 19:21 hiermee saam gelees word, word dit 'n stap verder gevoer as net die oordeel: dit word ook die uitvoering van die oordeel:

> “En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit.”

As agtergrond van die beeld word na *Jes.*11:4 en 49:2 verwys:

> “ ... maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak”;
>
> “En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard ...”.

Die “ysterstaf” (19:15) sluit hierby aan. Dit word reeds in die teken van die swanger vrou van haar “manlike kind”, “wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer” (12:5) voorspel. Dit word in die brief aan die gemeente van Thiatire (2:27) herhaal: “en hy sal hul regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hul verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het”.

“Erdegoed” saam met “ysterstaf” roep weer een van die messiaanse kroningspsalms op:

> “U sal hul verpletter met 'n ysterstaf, u sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot” (*Ps*. 2:9).

Die natuur word as Skepping van *God* as wapen teen die sondige mense gebruik. Die 6de seël het 'n hewige aardbewing ontketen; die son het swart soos 'n harige sak geword en die maan het soos bloed geword; sterre het geval; 'n geweldige wind het gewaai; berge en eilande het verskuif (6.12-17). Die natuur speel met die 7 basuine ook 'n groot rol:

Hael en vuur met bloed gemeng het die aarde getref (8.7);

'n vuurspuwende berg is in die see gegooi (8.8);

'n groot ster het op ⅓ van die riviere en waterfonteine geval (8.10) en

die son, maan en die sterre het ⅓ verdonker (8.12)

Daarteenoor kom die aarde tot die vrou se redding deur die “rivier” wat “die draak uit sy bek gegooi het” op te sluk. Vlerke van 'n arend word aan haar gegee om te ontvlug (12:14).

Satan en sy volgelinge het geen wapens teen die “bloed van die Lam” nie (12:11). Die heiliges het “hul klere gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam” (7:14). Dit is die aanduiding dat *Satan* reeds by die kruis van *Jesus* sy houvas op die heiliges verloor het en oorwin is.

In die beeld van die graan en druiwe-oes word “skerp” sekels deur *Christus* en 'n engel gebruik (14:14,18). Dit sluit aan by die “bloed” wat uit die “groot parskuip van die grimmigheid van God” gekom het.

In die briewe word van die wapens van die Bose waarteen die gemeentes moes stry opgenoem:

bedrog (2:2); verdrukking (2.10); verleiding deur sonde (2.14) en beproewing (3.10).

6.1.2C.3 WAPENS IN DIE SIMBOLIEK

In die simboliek van die dood het hy as perderuiter ¼ van die aarde met “swaard, hongersnood, pes en wilde diere” doodgemaak.

Die leërmag van sprinkane se wapens was soos angels van skerpioene. Hulle het nie dood veroorsaak nie, maar het geweldige pyn en skade daarmee aangerig (4.1.3C.2**)**.

Die leërs van perderuiters (9.16-19) het deur 3 plae van vuur en rook en swawel wat uit die groot "leeukoppe" van die perde gekom het ⅓ van die mense doodgemaak. Hulle sterte was verder soos slangkoppe waarmee hul ook skade aangerig het.

Die mond van godslastering van die Dier word spesifiek as deel van sy "oorlogvoering" genoem (13:5-6). Die dier uit die aarde het die mense verlei deur die wondertekens - soos die beeld wat hy lewendig gemaak het - waarmee hy hulle bewondering en verering afgedwing het (13:13-15).

Babilon se wapen was "towery" waardeur sy die nasie verlei het (18:23).

6.1.2.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

WAPENS:

Goeie Gedagtes	FISIESE WAPENS:	GEMEENTES:
Waarheid	Skilde	Lydsaamheid/Getuienis
Gehoorsaamheid/Wette	Spiese/Lanse	Verdraagsaamheid
Luister	Swaarde	Volharding
Tong	Perderuiters/skild en spies	Getrouheid
Bekering	Oorlogkreet om te ontsenu	Geloof in God en Sy Naam
Verering Aanbidding Respek	PSIGIESE WAPENS:	Liefde/Diens/Geloof/Werke
Agting/Kennis/Oordra kennis	Nederigheid	Ywer/Bekering
Regte Keuse	Perfekte weg wandel	Gebooie van God bewaar
Gedagtes/Woorde/Dade	Begrip / Kennis van Verbond	Geloof in Jesus bewaar
Verbindtenis	Geregtigheid	Vrees, Verheerliking,
Eerlikheid	Ewige Kennis	Aanbidding van God
Stille Meditasie	GODDELIKE WAPENS:	GODDELIKE WAPENS:
GODDELIKE WAPENS:	Swaard van God van Israel	Skerp tweesnydende Swaard uit die Mond van Christus/ Getuienis van God
Kwaliteite	Hand van God	
Welsprekendheid/mond	Naam van God	Ysterstaf
Vuur (wapen/oordeel)	Werke van Waarheid	

***	Wonderwerke	Natuur as Skepping (oordeel)
BOSE:		Bloed van die Lam
Laakbare Gedagtes/Woorde/Dade	***	Skerp sekels (oordeel)
Sug na Rykdom/Prag	BOSE:	***
Ongehoorsaamheid	Skenders van die Verbond	BOSE:
	Woede	Bedrog
Bedrog/Veragting	Haat teenoor God	Verdrukking
Kwaadwillige hatigheid	Ydelheid	Verleiding deur Sonde
Minagting wette *Ahura Mazda*	Verdrukking	Beproewing
Tonge van Woede/Wreedheid	Rebelsheid	SIMBOLIEK:
Bose Leerstellings	Sonde/Ongeregtigheid	Mond van Godslastering
Moord	Onreinheid	Wondertekens
Bedwelming	Bose/vyandige planne	Swaard/Hongersnood/Pes/
Marteling	Gebooie van Duister	Wilde diere
Bose Voorkeure	Hardkoppige hart	Angels
Juk (negatief)		Vuur/Rook/Swawel
Towery		Ydelheid en Towery

6.1.2.1.1 FISIESE WAPENS

Deur die toeskrywing as ‘n “taktiese handleiding” vir *1QM* strook die beskrywings van die fisiese wapens met dié klassifisering. Die wapens verkry dieper geestelike ‘trefkrag’ deur die religieuse slagspreuke wat aan hulle toegedig word en dat hulle as ‘kunswerke’ beskryf word. Daardeur is hulle nie slegs in die hande van mense nie, maar ook in die hand van *God.*

6.1.2.1.2 OOREENSTEMMENDE WAPENS

Deurlopend in die *Gathas* word die bedrieëry van die Bose deur sterk pejoratiewe woorde en frases en deur herhaling afgekeur soos “haatlike bedrog” (48.1) en omgekeerd “briesende skenders van die waarheid” (53.9). Die teendeel loop saam deur die kwaliteite/entiteite Waarheid en Goeie Gedagtes.

Waarheid en Bedrog is die essensie van die twee basiese beginsels waartussen die mens sy keuse moet maak (30.3-5). Hierdie aspek word ook op hoofmomente in *Openbaring* beklemtoon. Dit is eintlik die basis waarop die parodie van die Bose berus – slinkse misleiding deur nabootsing. In 1 *QM* is bedrog nie so uitstaande nie, maar dit kom wel voor soos byvoorbeeld in die opskrif van die banier van die 100 word die vyand as: "alle vlees van bedrog" beskryf. Die betekenis lê ook opgesluit in die naam van die aanvoerder *Belial* (4.1.1B.1). Die teendeel kom ook op die baniere voor: "Waarheid van God" (4.6). Die "werke van waarheid van God"(13.2; 14.12) word geprys. "Al die geeste van Waarheid" (13.10) dien onder die 'Aanvoerder van Lig' en die 'Seuns van die Lig' word ook die "Seuns van die Waarheid" benoem (17.8). In die 'woordsom' is waarheid dus gelyk aan lig.

Deur kennis en bewaring van en die gehoorsaamheid aan die wette van jou God kan jy die regte keuse maak. *Sraosha* – gehoorsaamheid speel veral in die Zoroastrisme 'n belangrike rol.

Opmerklik is die renons in hoogmoed/rykdom/*grandeur* wat in al die geskrifte onder bespreking, voorkom. Dis asof geld al in die antieke tyd as die "root of all evil" beskou is! Rykdom gee mag en dit lei tot onderdrukking van die mindergegoedes soos die geval met *Karpan* en *Kavis* in *Yasna* 32; die "nasies van ydelheid" (*1QM* 6.6; 9.9; 11.9) en Babilon (*Op*. 18:16).

Die praktiese uitlewing van die 'wapens' word deur Zarathushtra as 'n onlosmaaklike trio voorgestel: gedagtes, woorde en dade. In *1QM* word dit deur die beeld van die "perfekte weg te wandel" uitgebeeld. Die beeld word ook t.o.v. die waarheid en goeie gedagtes deur Zarathushtra in die *Yasnas* gebruik (33.5; 34.12); asook die "reguit paaie van die Magtige Een" (43.3).

Daar is reeds verskeie kere gelet op die belangrike plek wat die *manthra* in Zoroastrisme inneem. Welsprekendheid en die krag wat daarmee gepaardgaan word deur "die tong van u eie mond" verwoord. Daarteenoor word die "tonge van woede en wreedheid" van die Bose gestel. In *Openbaring* word dit deur die skerp tweesnydende swaard uit die mond van *Christus* weergegee teenoor die "mond van godslastering" van die dier. Hierdie beeld word nie in *1QM* gebruik nie. Slegs die oorlogskreet, wat deur die engele versterk word om die vyand te ontsenu, word beskryf. Daar word wel 'n paar keer na die "swaard" van *God*, waarmee Hy die vyand gaan oorwin, verwys. In die konteks van die "heilige oorlog" word Hy as die oorlogskryger uitgebeeld.

Verering en aanbidding van *God* word as 'n aksioma in al die geskrifte beskou. In *1QM* word dit deur die oorlogsgebede geïllustreer.

6.1.2.1.3 UITSONDERLIKE WAPENS

Goeie Gedagtes gee aanleiding tot "Stille meditasie" - *Tushnamaiti.* Die gedagte kom slegs eenkeer in die *Gathas* voor en daar word nie op uitgebrei nie, maar die waarde daarvan is vanselfsprekend.

Yasna 43 vorm die inleiding van *Gatha Ushtavaiti* wat handel oor Verligting en Geluksaligheid. Volgens Nanavutty (1999:108) is daar nêrens in die bestaande *Avesta* enige beskrywing van die tegnieke van die meditasie nie. In ‘n mate stem dit ooreen, maar op groter skaal, met die vasstelling van die sabbatsjaar in *1QM* om net ‘n tydperk van rus en ordening in die lang tydperk van oorlogvoering te verskaf.

Die skerp paradoksale beeld van die “bloed van die Lam” as ‘n wapen in *Openbaring* is uniek aan die vroeg-Christelike gemeentes. Gepaardgaande is die geloof in die kruisdood van *Jesus* en die bereidheid van Sy getroue volgelinge om selfs soos Hy te sterf as gevolg van hul getuienis van Hom as die Seun van God.

6.1.3 VEREISTES

6.1.3.1 MANSKAPPE

6.1.3.1A GATHAS/ BAHMAN YASHT

Zarathushtra verseker *Ahura Mazda* dat hy vir hom die “vinnigste strydrosse” sal inspan wat breed (van bors) deur die “oorwinnings van die glorie van *Ahura Mazda* en sterk deur Waarheid en Goeie Gedagtes vooruit sal jaag” (50.7). Insler (1975:308) verbind sy vertolking van die “strydrosse” as die getroue waarheidliefhebbers aan dieselfde metafoor wat in *Yasna* 30.10 gebruik word. Vir Humbach en Ichaporia (1994:93) en Nanavutty (1999:146-147) sluit dit aan by 50.6 en vertolk hul dit as gebede en lofprysing.

6.1.3.1B OORLOGSROL

Reeds in die tweede kolom van 1 *QM* word dit duidelik gestel dat die vername manne en die hoofde van die vaders van die Gemeenskap vir hulle manskappe van waarde – geskik vir die oorlog - sal **kies** en sal toerus (2.6-8).

In kolom 7 van die *Oorlogsrol* word vereistes waarvolgens die manskappe gekeur sou word, gelys. Daar is streng bepalings dat al die manskappe “perfek in gees en vlees sal wees” (7.5) omdat “die heilige engele” (7.6) saam met hulle veg. Fisiese volmaaktheid word met engele-teenwoordigheid of heiligheid vereenselwig. Geeneen wat verlam, blind of kreupel is, of wat ‘n permanente skending of “onreinheid” (6.1.3.2**)** in sy vlees het, sal toegelaat word nie. Dit sluit aan by die voorskrif in die *Damaskus Dokument* (15:16-17) waar gestel word dat geeneen met defekte toegelaat was om die verbond te betree nie - vanweë die engele se teenwoordigheid. Die lys stem in 'n groot mate ooreen met die vereistes wat in die HB in *Lev.* 21:19-21 aan die nakomelinge van Aäron gestel word, want:

"Geen man uit die nageslag van Aäron, die priester, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom om die vuuroffers van die Here te offer nie ... dat hy my heiligdomme nie onheilig nie; want Ek is die Here wat hulle heilig." (*Lev.* 21: 21a;23b).

Wat die geestelike aspek aanbetref, word dit duidelik gestel dat die manskappe **uit vrye wil** aan die oorlog moes deelneem - אנשי נדבת (7.5). Dit word versterk in kolom 10.5 deur die "gewillige van hart" - נדיבי לב - wat regstaan om oorlog te voer.

Nadat die leërmag uitgetrek het, was geen jong seun of 'n vrou in die kampe toegelaat nie (7.3-4).

Daar is selfs 'n ouderdomsbeperking aan elke afdeling toegeken (6.14-7.3): die ruiters van die opgeleide perde moes tussen 30-45 jaar wees, die ander ruiters, 40-50 jaar; dié in beheer van die kampe moes 50-60 jaar wees; die offisiere 40-50 jaar en die jonger mans van 25-30 jaar was vir die plunder van die vyand, skoonmaak van die terrein, bewaking van die wapens en voorbereiding van die proviand verantwoordelik.

6.1.3.1C OPENBARING

Die diensknegte van God word in die "groot menigte" ... "uit alle nasies en stamme en volke en tale" beskryf. Die vereiste lê in die "wit klere" wat hulle aan het: "hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam" (7:14). Dit sluit aan by 5:9 " ... want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie"; 1:5 " ... Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed" en 12:11 "En hulle het hom (*Satan*) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hul getuienis ..." . Uit hierdie verse kom twee vertrekpunte van aksie na vore: *Christus* wat deur Sy verlossingsdood aan die kruis gesterf het en die volgelinge wat in Hom geglo en daarvan getuig het – selfs tot die dood toe.

In lyn met die "heilige oorlog"- metafoor word die 144 000 as "maagdelik rein" (14:4) beskryf wat op die onberipelike morele karakter van die verlostes dui en as voorbeeld vir "hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan" aan die gemeentes voorgehou word (Osborne 2002:528). "Geen bedrog" word spesifiek genoem (14:5).

Die omskrywing van "lydsaamheid" as "hulle wat die gebooie van *God* en die geloof in *Jesus* bewaar" sluit ook hierby aan (vgl. wapens 6.12.C.1).

6.1.3.2 REINHEID/ KLEREDRAG

6.1.3.2.A GATHAS/BAHMAN YASHT

Volgens Choksy (1989:xxii) is rituele reinheid in geloof en praktyk in die Zoroastrisme ontwikkel om die religie se doel om boosheid te verdryf te bereik. Deur die simboliek van die rituele kan insig in die geloof van die groep verkry word. Reinheid simboliseer alles wat goed en sakraal is en

besoedeling alles wat boos en profaan is. In die Zoroastrisme word die beoefening van reinheid-rituele gesien as die verkryging van persoonlike en gemeenskaplike reinheid, nie as boetedoening van sonde nie. Die reinheidswette het veral op vuur, water, die aarde en die mens gekonsentreer (Boyce 1992:95). In die *Gathas* word nie direkte verwysings na reinheid aangetref nie. Die gedeeltes wat wel deur sommige navorsers met "reinheid" vertaal word, is van die moeiliker versreëls wat op verskillende maniere vertolk word. Nanavutty (1999:138) vertaal byvoorbeeld die betrokke gedeelte uit *Yasna* 48.5 as:

> " ... Reinheid van geboorte is die beste vir die mens ... ";

teeenoor die vertaling van Humbach en Ichaporia (1994:85):

> "... Die beste (insig), wat nakomelingskap vir die mensdom reinig ...";

terwyl die vertaling van Insler (1975:91) glad nie die woord "reinheid" bevat nie.

Dié belangrike aspek van die Zoroastrisme word waarskynlik in die talle verwysings na die "Heelmeester van die Wêreld" (5.1.1.A.1.1.1) in die *Gathas* geïmpliseer (sien ook 6.2.A.4).

6.1.3.2.B OORLOGSROL

Deut. 23:10-15 handel oor regulasies om reinheid in die oorlogskamp te handhaaf "want die Here jou God wandel midde-in jou laer om jou te red en jou vyande aan jou oor te gee" (vgl. ook *Num.* 5:1-4). *1QM* 7.4-7 gee meer besonderhede selfs oor "onbetaamlike naaktheid" want "die heilige engele is saam met hul skare/leërmag."

Die groep by Qumran was besonder op reinheid ingestel soos dit duidelik blyk uit die reëls vir hul lede, die *rabbîm*, in die *Gemeenskapsrol* en die *Damaskus Dokument.* Heel waarskynlik was dit as reaksie op hul onttrekking van die Tempel in Jerusalem wat hul as verontreinigd beskou het.

Die oggend na die oorlog maak die manskappe hulle klere skoon en was hulle om die "bloed van die skuldige lyke" af te was.

Die spesiale "oorlogsklere" van die 7 priesters uit die Seuns van Aaron wat hul nie in die heiligdom gedra het nie, word in kolom 7 beskryf. Die tuniek en lendekleed het uit fyn wit linne bestaan wat met 'n gedraaide violet linnegordel vasgegord is. Die tulband as hooftooisel is in pers en skarlaken met 'n veelkleurige ontwerp kunstig gemaak. Deur die fokus op die kleredrag van die priesters te plaas, word miskien vergoed vir die gemis van die tempel.

6.1.3.2C OPENBARING

In die beskrywing van die "nuwe Jerusalem" word die goud as "suiwer goud soos suiwer glas" geteken – 'n treffende beeld wat deurskynende suiwerheid impliseer (21:18).

Die brief aan Sardis teken die beeld van volgelinge “wat nie hul klere besoedel het nie” en dat hul saam met *Christus* “in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is” (3:4). Dit word verder uitgebrei na die oorwinnaars (3:5) wat ook met wit klere beklee sal word. Hierdie beeld van “wit klere” sluit ten nouste aan die reinheid wat onlosmaaklik aan goddelikheid gekoppel is.

Die konsep van reinheid word pertinent by die kleredrag van die 7 engele met die 7 goue bakke waarin die laaste oordele was, bygevoeg. Hulle het “rein, blink linneklere aangehad met goue gordels om die bors omgord” (15:6). Die bruid van die Lam “is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (19:8). Die “wit klere” word in hoofstuk 19 as die “regverdige dade” van die gelowiges onthul. Saam met die reinheid word blinkheid - λαμπρός – bygevoeg. Dieselfde woord - λαμπρός - word in die beskrywing van *Christus* as die “blink môrester” (22:16) gebruik.

Die groot menigte “uit alle nasies en stamme en volke en tale” het “voor die troon en voor die Lam” met wit klere en palmtakke in hul hande gestaan met die paradoks dat “hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam” (7:9,13-14). Hierdie beeld dui op die redding van die gelowiges deur die kruisdood van *Jesus*. Parallel met die kruisdood van *Christus* is die “siele van die wat gedood is ter wille van die woord van *God* en die getuienis wat hul gehad het.” Hulle het ook wit klere gekry (6.11).

In die troonvisioen het die 24 ouderlinge wit klere aangehad.

Die 144 000 verseëldes word as “maagdelik rein” beskryf (bespreek in 5.1.2.C.4).

In 'n ander konteks van *Christus* as kryger wat oorlog teen ongeregtigheid voer, word Sy kleed as “'n kleed wat in bloed gedoop was,” beskryf (19:13). Verskillende vertolkings kan vir die beskrywing van *Christus s*e kleed gegee word. Aangesien die hemelse leërs wat *Christus* op wit perde gevolg het, bekleed met wit en rein fyn linne was (19:13-14) kon dit klaarblyklik nie van die oorlogsgeveg al gewees het nie. In *Jes*. 63:3-4 word die beeld van die parskuip wat alleen deur die *Here* getrap word, gebruik:

“Ek het hul getrap in my toorn en hul vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het”.

Johannes het heel waarskynlik na analogie van hierdie beeld en die toepassing daarvan op *Christus* wat die oordeel uitvoer (19:15), Sy kleed dienooreenkomstig beskryf.

6.1.3.3 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

VEREISTES:

Gathas/Bahman Yasht	*Oorlogsrol*	*Openbaring*
Vinnigste Strydrosse (Gebede/Lofprysing) Reinheid=Goed en Sakraal Besoedeling=Boos en Profaan	Perfek in Gees en Vlees Geen: Verlamdes/Blindes/Kreupeles/ Permanente Skending/Onreinheid Vrywillig Geen Jong seun/Vrou Reinheid=Heilige Engele Was klere na oorlog Spesiale “oorlogsklere” van Priesters	Betekenis wit klere: Geloof in Christus se Kruisdood Onberispelike morele karakter Geen Bedrog Gebooie van God bewaar Geloof in Jesus Suiwer Goud(Nuwe Jerusalem) Wit klere/Oorwinnaars Waardig 7 Engele:Rein/ blink linneklere Bruid: Rein/Blink fyn linne Groot Menigte Martelare Christus: Kleed in Bloed gedoop

Hierdie afdeling sluit ten nouste met die ‘wapens’ aan, sodat oorvleueling met sommige aspekte plaasvind, maar verdien tog om afsonderlik onder die loep geneem te word aangesien dit in konteks elemente bevat wat aparte beklemtoning vereis.

In pas met die oorlogsbeeld beskryf Zarathushtra die “manskappe” as “vinnige strydrosse”.

Die *Oorlogsrol* beskryf meer uitvoerig die kriteria waaraan die manskappe moet voldoen. Die kriteria word weer eens op die HB gebaseer en dra by tot die uitbeelding van die oorlog as ‘n “heilige oorlog” aangesien dit met die vereistes van die priesters ooreenstem. Slegs volmaaktheid is geskik vir die teenwoordigheid van die hemelse wesens.

Nog ‘n bepaling is dat die manskappe “vrywillig” die stryd moet betree. Dit is ‘n aspek wat dikwels by die Zoroastrisme na vore kom en is al aan die begin van die hoofstuk onder ‘beplanning’ met die beeld van *Daēnā* geopper. Dit word in ‘n tweede fase deur ‘bekering’ aangevul. Zarathushtra spreek die wens uit dat die Bose nie ‘n “tweede keer” die wêreld met sy “bose voorkeure” moet vernietig nie (45.1). In die brief aan die gemeentes in *Openbaring* illustreer die beeld van Isebel die keuse.

Sy is kans gegun om haar keuse te verander, maar het haar nie bekeer van die eerste verkeerde keuse nie. Dit raak weer die beginsel van predestinasie en "uitverkorenheid" aan en behels moeilike teologiese teenstrydighede wat nie binne die bestek van die proefskrif uitvoerig uitsluitsel oor kan gegee word nie. Die vernaamste vereiste van die gelowiges in *Openbaring* word in die beeld dat hulle hul klere in die "bloed van die Lam" moet was, saamgevat. Die herhaalde gebruik van "blink, wit klere" beklemtoon die aspek van reinheid in *Openbaring* en is simbool van hemelse heiligheid.

"Onbetaamlike naaktheid" word in *1QM* as profaan in die teenwoordigheid van die engele beskryf. In die brief aan Loadicea word naaktheid aan 'skande' verbind; nog meer treffend omdat die gemeente ryk was en nie gebrek aan klere gehad het nie. Die "naaktheid" word simbolies vir geestelike armoede gebruik.

6.1.4 GEBEDE/SEËNBEDE EN VLOEKE

6.1.4A GATHAS/BAHMAN YASHT

Die eerste vers van *Yasna* 28 plaas die *Gathas* in die toon van die intieme gesprek wat Zarathushtra met *Ahura Mazda* voer:

> "Met hande uitgestrek in eerbied vir hom, (ons) steun, die gees oorvloedig/heilig deur Waarheid, versoek ek (u almal).Wyse Een deur hierdie handeling ..."(28.1; 29.5).

Zarathushtra haal ook gevestigde gebede in die *Yasnas* aan:

> " Met 'n kragtige tong sal ons die grootste gehoorsaamheid tot u rig deur die volgende gebed:
>
> *Kom U saam met Goeie Gedagtes. Saam met Waarheid, en skenk ooreenstemmend met U verhewe woorde, Wyse Een, die langdurende geskenk van sterk steun aan Zarathushtra en aan ons, Meester, waardeur ons die nyd van die vyand sal oorkom"* (28.6).

Vloekspreuke kom nie veel in die *Gathas* voor nie. In *Yasna* 46.18 spreek Zarathushtra sy misnoë teenoor die bose mense uit met:

> "Boosheid aan die persoon wat ons aan die boosheid wil oorlewer!"

6.1.4B OORLOGSROL

Die gebed voor die oorlog neem 'n belangrike plek in die *Oorlogsrol* in. Dit strek oor 3 kolomme (10-12) en beklemtoon dat "'n menigte van heiliges" en "skares van engele" en die "uitverkorenes van die heilige nasie" saam in die stryd veg. Die pertinente aanhalings en verwysings uit die HB bevestig die tradisie in Israel van 'n "heilige oorlog".

In kolom 10 word terugverwys na die verlede na die woorde van die grootse figuur van Moses (*Deut*. 20:2-5) wat hul geleer het dat hul niks voor ‘n oorlog te vrees het nie, omdat *God* met hul saamgaan om die oorlog teen die vyand te voer en hulle lewens te spaar. Eer word aan *God* as die Almagtige en die Skepper gebring. Hulle roep ook die groot dade van Dawid wat hy in die heilige Naam van *God* gedoen het en oorwinning teen Goliat en die Filistyne (1 *Sam*.17) behaal het, in herinnering. Hulle beroep hul dus ook op die krag, die genade deur die verbond, asook die ontferming van *God* om hul in die oorlog by te staan: “Want die oorlog is U s’n!” (11.1,2,4).

In ‘n parallelle opbou in die motivering van die manskappe gebruik die hoëpriester:

seënbede vir “die God van Israel vir sy heilige plan en sy werke van waarheid”, teenoor

vloeke vir *Belial* vir “sy vyandige plan en sy skuldige gesag”;

“geseënd is hulle wat hom (God) regverdig dien en hom getrou ken”,

“gevloek is al die geeste van sy (*Belial*) lot vir hul bose plan en mag hul aangekla word vir hul diens van onsuiwere onreinheid,

want hulle is die lot van duisternis,

maar die lot van God is vir ewigdurende lig (13.2-6).

Die oggend na die oorlog, nadat die manskappe hul gereinig het, gaan hul terug na die plek waar die oorwinning aan hul deur *God* gegee is en daar bring hul lofprysing aan hom en spreek seënbede teenoor die *God* van Israel oor sy genade deur sy verbond en die getuienisse van bevryding vir die mense wat hy verlos, uit (14.4-5).

6.1.4C OPENBARING

7 saligspreuke word regdeur die geskrif versprei:

> “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (1:3).

Hierdie spreuk word byna woordeliks in die laaste perikoop van die boek herhaal:

> “Kyk Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar” (22:7).
>
> “Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe” (14:13)
>
> “ ... Salig is hy wat waak en sy klere bewaar/ aanhou, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie” (16:15).
>
> “ ... Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam ...” (19:9).

> "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie" (20:6).

Met die oopmaak van die 7de seël het 'n "ander engel" gekom met 'n goue wierookbak om dit met baie reukwerk saam met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon neer te sit (8.3). Na die stilte in die hemel volg die gewyde toneel van die engel wat die rituele werk van 'n priester verrig. Die beskrywing van die rook van die wierook dra by tot die aangename ervaring van die offer. Die vergelyking word in die HB in *Ps*. 141:2 gebruik wanneer die gebed soos 'n "reukwerk voor u aangesig" beskryf word. Christus se offer word in *Ef*. 5:2 as "n lieflike geur" beskryf.

In die "nuwe Jerusalem" sal daar "geen enkele vervloeking" meer wees nie (22:3). In die ooreenstemmende vers in die HB (*Sag*.14:11) dui die vloek op 'n konteks van algehele vernietiging van die afvallige nasie (Osborne 2002:772-773). In die konteks van die "nuwe Eden" kan dit ook na die opheffing van die verbanning van Adam en Eva verwys.

6.1.4.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

GEBEDE/SEËNBEDE EN VLOEKE:

Toon van Gebed	Gebed voor Oorlog	7 Saligspreuke
Gevestigde Gebede	Woorde van Moses/Motivering	Wierookbak met gebede
***	Seënbede vir God van Israel	Lied van Moses en die Lam
Boosheid aan Boosheid!	Na oorlog/ Seënbede	Smeekgebed van Martelare
	***	***
	Vloeke vir *Belial*	Geen vloeke in Nuwe Jerusalem

Uit die bespreking blyk dit dat die geskrifte gebede as 'n integrale deel van die religieë voorhou. Dit word deur die persoonlike gesprekstoon van die *Gathas* prakties geïllustreer; ook deur die beskrywing van Zarathushtra se uitgestrekte hande om die eerbied te toon. In *Openbaring* word 'n spesiale atmosfeer deur die halfuur van stilte geskep en word die aandag daardeur op die gewyde toneel van die heiliges se gebede-offer gefokus; ook op die skrille kontras van die aankondiging van die oordeel daarna. Hierdie toneel sluit ten nouste met die versugting van die martelare tot *God* aan: "Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?"

Die belangrike liturgiese komponent van *1QM* bestaan hoofsaaklik uit die oorlogsgebede en die eer wat aan God gebring word deur die verwysings na die verlede. In *Openbaring* spreek die oorwinnaars God in die "Lied van Moses" en die "Lied van die Lam" met lofprysings aan.

Die saligspreuke wat deurlopend in *Openbaring* voorkom, verleen 'n ligter element van verwagting aan die boek.

Vloeke word nie uitgebreid in die geskrifte aangebied nie, inteendeel in *Openbaring* is daar die verwysing na "geen vloeke" in die "nuwe Jerusalem". In die *Oorlogsrol* word die vloeke teen *Belial* in skerp kontras met die seënbede vir *God* en diegene wat Hom dien, geplaas.

6.2 DIE AFLOOP VAN DIE OORLOG /ESKATOLOGIE

6.2A GATHAS/BAHMAN YASHT

6.2A.1 BESLISSING VAN OORLOG

In die vorige hoofstuk (5.1.4.A) is *Yasna* 30.4 reeds aangehaal en word die afloop/noodwendige gevolg van die keuse tussen die Goeie en die Bose – die beginsel van vergelding en beloning - baie duidelik uitgespel:

> "Verder het die twee geeste toe hul vir die eerste keer by mekaar gekom het, lewe en nie-lewe geskep, en hoe aan die einde die Slegste Bestaan vir die bose sal wees, maar (die Huis van) die Beste Bedoeling vir die regverdige sal wees." [177]

Deur die onderskeiding tussen goed en kwaad as 'n elke dag se realiteit in hul leeftyd op aarde met die bepalende uitwerking op hul bestaan na die dood, word 'n volgehoue langdurige proses aan die eskatologie van Zoroastrisme verleen. Die stryd sal deur die oorwinning van die Goeie oor die Bose beëindig word en die laaste dag van meetbare tyd en menslike geskiedenis bepaal. Hierdie oomblik het later as *Frashokereti* – om wonderlik/glansryk te maak – bekend gestaan, maar kom nie in die *Gathas* voor nie.

Die *Bahman Yasht* fokus baie op die beskrywing van die tyd van onheil voordat die finale slag gelewer word. 'n Algehele degenerasie sal plaasvind: die oeste sal kleiner wees; plantegroei, bome en struike sal verminder; die mans sal kleiner gebore word met minder behendigheid en krag – hulle sal meer bedrieglik en geneig tot wanpraktyke word; hulle sal geen dankbaarheid en respek vir

---

[177] In die latere boek van die Zoroastrisme, die *Dēnkart*, word verder op *Yasna* 30 uitgebrei in die sin dat *Ahriman* parasities binne mense woon en slegs deur die weerhouding van die inwoning deur die individu uit die wêreld gewis kan word met die verdere implikasie dat die suiwering van die wêreld van duiwels elke mens se verantwoordelik is (Shaked 1967:230-231).

basiese dinge soos brood en sout hê nie en hul sal geen gevoel meer teenoor hul land hê nie (2.31-32). Daar word ook uitgewei oor die minagting van reinheid en rituele (2.36-37).

6.2A.2 DIE VERLOSSERS

Die verbuigings van "verlossing" word van die stam *su*/*sava* - wat "om bruikbaar/lonend/voordelig te wees" beteken – afgelei (Hinnells 2000:49). Hierby sluit die konsep van die "Verlossers" aan. In 34.13 word "die visie van die verlossers" – *daēnå saošyantąm* - vir die 'heelmakers' van die wêreld gebruik. Zarathushtra omskryf die begrip – *saošyantō* - wat later meer omvattend ontwikkel het, as antwoord op sy eie vraag in *Yasna* 48.11-12:

> "Wanneer Wyse Een, sal Piëteit saam met Waarheid kom en vrede en vryheid dwarsdeur die ryk bring? Watter mans sal die wreedheid (wat veroorsaak word) deur die gewelddadige bedrieërs tot 'n einde bring? Tot watter man sal die insig voortspruitend uit Goeie Gedagtes kom?
>
> Ja, daardie mans sal die Verlossers van die lande wees, naamlik hulle wat hul kennis van U lering met dade in harmonie met Goeie Gedagtes en met Waarheid navolg, Wyse Een. Waarlik op hulle is die lot om die uitdrywers van *Aeshma*/Gramskap te wees."

Geen spesifieke Verlosser word in die *Gathas* geïdentifiseer nie, buiten miskien [178] Zarathushtra self maar in die sin van die oorspronklike 'uitverkorene' aan wie die religie geopenbaar is. As hy die 'einde' gedurende sy leeftyd voorsien het, kon dit wel op hom van toepassing gewees het (sien ook Clark 1998:59). Zarathushtra verwys meer in die meervoud na die ywerige volgelinge (53.2) wat daarna streef om die voorskrifte van *Ahura Mazda* te vestig ten einde herstelling van die wreedheid en gewelddadigheid te bewerkstellig. Die "Bulle van die Hemel" (46.3) word ook vertolk as die Verlossers aangesien 'herstelling/redding' aan hulle in die stanza toegeken word. In die Jonger Avesta het op hierdie terrein verdere ontwikkeling plaasgevind deurdat 3 spesifieke Verlossers genoem word: *Ukhshyat-ereta/Ušēdar* , *Ukhshyat-nemah/ Ušēdamahr* en *Astvat-ereta/ Sōšyant.* Die uitbouing van die 3 Verlossers hang saam met die ontwikkeling van die "wêreldjaar" van 12 millennia: Zarathushtra het op 9000 sy millennium begin en na hom het die 3 *Saoshyants* gevolg met hulle tydperke van 1000 jaar elk. In die *Bahman Yasht* word die eerste *Saoshyant* - *Hûshêdar*/*Ušēdar* as seun van Zarathushtra aangekondig (3.13). Volgens tradisie is al 3 *Saoshyants* afstammelinge van Zarathushtra wat deur maagde geboorte aan hulle geskenk het, nadat hul verwagtend geraak het van die saad van Zarathushtra, wat in 'n meer, waar hul gaan swem het, behoue gebly het - Dk VII,8,51-60;VII,9,18-23;VII,10,15-19 (Hinnells 2000:50).

---

[178] Sommige vertalings van 46.3 (bv. Nanavutty 1999:128; Taraporewala en Irani in Mehr 2003:140) verwys na Zarathustra as die "Uitverkore Verlosser".

6.2A.3 DIE OORDEEL

Voordat die eindbestemmings bereik word, moet die Chinvat Brug – *cinvatō frā pərətum* (46.10; 51.13) : "Brug van die Regter" ("Regter" word ook vertolk as "Boekhouer" – Humbach en Ichaporia; "Oordeel" – Nanavutty; "Skeier" – Bartholomae) oorgesteek word (46.10-11). Die benamings dui dat die finale oordeel hier sal plaasvind. Zarathushtra meld spesifiek dat dit vir man of vrou geld en dat hy saam met die getroues oor die Brug sal loop [179] (46.10).

Volgens Boyce (1984b:76) het Zarathushtra tog ook die ou mite van die meisie, *Daena*, wat deur die persoon se gedagtes, woorde en dade in sy lewe gevorm is, behou. Sy het as 'n spieëlbeeld van sy innerlike en uiterlike lewe - pragtig of aaklig - hom by die Chinvat Brug aan die einde van sy lewe ingewag.

Om die 'voorste bestaan' te bewerkstellig, sal die vergelding of beloning volgens die toets van die (gesmelte) yster deur *Ahura Mazda* plaasvind (30.7) en dan sal daar "lang vernietiging vir die bedrieërs, maar verlossing vir die waarheidliewendes" - *darəgəm drəgvō.dəbyō rašō savacā ašavabyō* – wees (30.11). Hierdie gedagtelyn word parallel opgebou in *Yasna* 31.3 en 51.9:

> "Daardie bevrediging (voldoening/harmonie) wat U vir albei faksies saam met U Gees geskep het en (aan hulle) deur vuur en waarheid beloof het, daardie bevel wat vir U aanhangers is ..." (31.3).
>
> "Die bevrediging (voldoening/beloning) wat U aan albei faksies deur U suiwer vuur en die gesmelte yster sal gee, Wyse Een, word gegee as 'n teken onder die lewende wesens, om die bedrieërs te vernietig en die waarheidliewendes te red (*savayō)*" (51.9).

Zarathushtra gee die versekering dat die oordeel van *Ahura Mazda* met helderheid van visie en met Waarheid sal geskied; hetsy dit 'n klein of 'n baie groot oortreding wat in die openbaar of in die geheim gepleeg is (31.13). In die tradisie van die regstoepassing van die klans was daar in die praktyk 'n toets waardeur gesmelte yster op die bors van die aangeklaagde gegooi is om vas te stel of hy skuldig is. Saam met die Goddelike Vuur/Waarheid word dit as metafoor vir die finale oordeel deur Zarathushtra gebruik.

Die *Gathas* gee 'n aanduiding wat die beloning of vergelding na gelang van die persoon se gedagtes, woorde en dade (33.2) inhou:

> "Hemelse heerlikheid (Glansryke dinge, die Lig) sal in die toekoms die besittting van die waarheidliewende wees. (Maar) 'n lang lewe van duisternis, aaklige voedsel, en die woorde

[179] In latere Pahlavi-boeke word baie meer op die metafoor uitgebrei en word die abstrakte *Gathiese* konsepte in konkrete beskrywings verander (Mehr 2003:129-130).

> wee (‘n weeklaag) – na so ‘n bestaan sal jou konsep, saam met sy (ooreenstemmende) dade, jul heenvoer, julle bedrieërs” (31.20).

Zarathushtra beroep hom op die “genade” van God wanneer daar enige oordeel moet plaasvind (33.11) met die oproep: “Verrys tot my!/”Rise up to me! (Hierdie versoek is moeilik om met die regte nuanse in Afrikaans te vertaal – sekerlik met die betekenis van: “Verhoor My deur U Almag!” (33.12).

Yasna 34.12,13 hou die belofte in dat “die beloning” – *ašīš* - en “die prys”- *mīždəm*- (ook 51.15) aan die getroue volgelinge, wat hou op die *paaie* van Waarheid en Goeie Gedagtes, deur *Ahura Mazda* geskenk sal word. Zarathushtra verwys in die *Gathas* na die harmonie, geluk en vreugde wat die getroue volgelinge reeds op die aarde sal smaak (44.8; 50.5); asook vrede en rustigheid (29.10; 53.8). Zarathushtra koppel Gehoorsaamheid as vereiste aan die beloning by die finale oordeel, wat hy as die “tyd van (ons) verlossing” – *savōi* - in 43.12 benoem. Die Leuenaar veg teen “die verlossing” deur bose dade (44.12), maar in *Yasna* 51.15 word die “prys gedurende die tye van verlossing” – *savāiš* - aan die getroues omrede hul Goeie Gedagtes en Waarheid belowe.

6.2A.4 DIE TYDSASPEK

Zarathushtra was, sover bekend, die eerste mens op aarde wat ‘n einde van tyd, dit is historiese tyd binne die raamwerk van ewigheid; en daarmee saam ‘n einde aan geboorte en dood, vernietiging en hernuwing - ‘n einde van alle verandering - voorsien het (Boyce 1992:76). Dit sal plaasvind met die oorwinning oor alle Boosheid, wat nog in die teenwoordige tyd onheil bewerkstellig (48.1).

> “U wat Waarheid en Goeie Gedagtes vir ewig bewaar met die volgende dinge, U Wyse Heer moet my onderrig deur die welsprekendheid gepas aan U Gees en met U eie mond, die dinge waardeur die **voorste bestaan** hier sal tot stand kom” (my beklemtoning).

Die meeste vertalers (Boyce, Insler, Humbach en Ichaporia, en Nanavutty) gebruik die “voorste/belangrikste bestaan”/“foremost existence” as vertaling van *aŋhuš paouruyō* (28.11). *Yasna* 33.1 verwys ook na die “wette” van die “voorste bestaan”. *Paouruyō* beteken ‘eerste’ of ‘oorspronklike’. In konteks vertolk Insler (1975:132) dit as die ‘eerste/vernaamste’ tyd wanneer bedrog en sy magte vernietig sal word en die wette van Waarheid en Goeie Gedagtes in die wêreld sal heers. Schmidt (1985:36) vertaal dit met ‘oorspronklike’ in die sin dat die ideale toestand wat aan die begin van die skepping bestaan het, weer herstel sal word. Dit sluit aan by die beeld in *Yasna* 43.5 dat *Ahura Mazda* reeds by die Skepping die oordeel vir die “finale draaipunt van die Skepping” bepaal het. Die frase word ook in 51.6 vir die finale uitkoms vir die een wat die Wyse Meester se wense vervul het, teenoor die wat Hom nie gedien het nie, gebruik: “beter as goed” en “slegter as sleg”.

Ander parallelle frases vir die "voorste bestaan" wat deur Zarathushtra gebruik word, is "geheelde/herstelde/hernude bestaan" - *fərašəm kərənaon ahūm* - (30.9; 34.15); die "beste bestaan" - *aŋhəuš vahištahya* – (44.2) en die "goeie vorm van bestaan" - *aŋhəuš vaŋuhī ākərətiš* (48.2).

Eeersgenoemde voorbeeld word meer in 'n omskrywing gebruik en Humbach en Ichaporia (1994:31,51) vertaal dit met "brilliant" - "glansryke bestaan". Dit is ook die oorsprong van die konsep van *Frashokereti* - verkwikking deur hernuwing. Zarathushtra en sy volgelinge het deel aan die proses op aarde, wat deur die voorskrifte van *Ahura Mazda* bereik word.

In die *Bahman Yasht* word getalle in die simboliek van die twee ooreenstemmende drome – gesigte wat deur *Ahura Mazda /Ohrmazd* aan Zarathushtra na sy versoek om onsterflikheid gegee is, gebruik. In die eerste het Zarathushtra 'n wortel/boomstam met **4** takke en in die tweede een 'n boomstam met **7** takke gesien. Die boomstam stel die fisiese wêreld wat *Ohrmazd* geskep het en die takke verskillende tydperke in die verloop van die geskiedenis voor. By albei is die eerste goue tydperk dié van "Koning Vistâsp" en die laaste gemengde metaal-tydperk dié van die duiwels (reeds verwys na in 4.1.2.A.2 en 4.2.A.2). Die getal 7 word in die tweede droom ingelui deur die 7 dae en 7 nagte wat Zarathushtra "in die wysheid van *Ohrmazd* verkeer het" (2.6) en die 7 streke wat Zarathushtra daarna gesien het (2.7).

Die eskatologiese tydperk word ook deur millennia (3.11) voorgestel, met die 10de eeu van die millennium van Zarathushtra as 'n tydperk van groot onheil. Gedurende hierdie tydperk sal ook die laaste van **3** oorloë plaasvind (3.8;3.21). Cereti (1995:213-214) gee 'n vertaling van die "kontrak van die nege duisend jaar" wat in die *Bundahišn* beskryf word en wat kortliks daarop neerkom dat die aanvaarding van die bepaling deur die Bose Gees op versoek van *Ohrmazd* uiteindelik die finale vernietiging van die Bose sou beteken. In die *Bahman Yasht* word die twee partye van die kontrak in 2.65 (*Ahura Mazda)* en in 3.55 (*Aharman*) aan die 9000 jaar verbind.

Die groot getal duiwels met die kenmerkende hare van die tyd van onheil word beskryf as "'n honderd soorte, 'n duisend soorte, 'n miriade soorte" (2.24; 3.6). Die latere toevoeging van die millennia-skema in die *Bahman Yasht* het onvermydelik tot uitbouings en verwarring gelei (Boyce 1984a:67).

Saam met die aftakelingsproses in die tyd van onheil 'krimp' die jaar, maand en dag met ⅓ (2.53). Die *Saoshyant Ušēdar* laat die son **10** dae lank stil staan en dan weer beweeg, sodat die mensdom "volle geloof in die goeie religie van die Mazda-aanbidders" kan hê (3.45-48).

6.2A.5 DIE OPSTANDING

Met die *Frashokereti* het die geloof dat die bene van die dooies dan sal verrys sodat die hele mensdom, saam met die wat nog lewe 'n laaste oordeel deur 'n vuurtoets sal ondergaan, ontstaan.

Die geloof word nie duidelik in die *Gathas* uiteengesit nie.[180] Tog is Boyce (Boyce&Grenet 1991:365) van mening dat die leerstelling van die opstanding van die liggaam sy oorsprong in die verre verlede in die primitiewe geloof van die proto-Indo-Iraanse jagters (wat hul met ander primitiewe mense gedeel het) dat die diere wat hul doodgemaak het, weer sou herrys om weer gejag te word, indien hul bene reg begrawe is, gehad het. Hierdie geloof het deur analogie by die mens ontwikkel en Zarathushtra het ‘n verdere etiese interpretasie daaraan gegee. Volgens hom het elke geskape voorwerp, lewendig of nie-lewendig ‘n innerlike krag of gees en het *Ahura Mazda* eers die geeste geskep en daarna ‘n materiële vorm daaraan gegee en sodoende “volmaak” geskep het. Aan die einde van die tyd, sal daar ‘n terugkeer na die eerste volmaaktheid plaasvind. Verwysing na fisiese opstanding word wel in die *Bahman Yasht* aangetref ; *Ahura Mazda* staan nie Zarathushtra se versoek om onsterflikheid toe nie, aangesien dit die opstanding en die toekomstige bestaan nie moontlik sal maak nie (2.3); die *Saoshyants* sal al die lewende wesens weer rein maak en dan sal opstanding en toekomstige bestaan gebeur (3.62).

6.2A.6 DIE HIERNAMAALS

Zarathushtra versoek dat hy as beloning na die oordeel rykdom en ‘n lewe van Goeie Gedagtes sal kry; dat dit vir hom begrip en daardeur geluk en ‘n lang vreugdevolle lewe sal gee (43.1-2). Hy kwalifiseer die rykdom en geluk in die volgende vers (43.3): dat dit op materiële, sowel as geestelike vlak sal wees met die verwagting dat:

> “... die siel van die waarheidliewende persoon kragtig in onsterflikheid sal wees ...”(45.7).

Daarenteenoor vernietig die bondgenote van die Bose Gees die “geestelike bestaan”, hulle sal geluk ‘verloor’ en hul materiële voorspoed sal ook van hulle af weggeneem word (53.6). *Yasna* 43.4-5 ontwikkel verder na die finale oordeel deur Vuur en die pryse en beloning vir dade en woorde: sleg vir die slegte en goed vir die goeie. Die beeld van hel en hemel word uitgebrei in *Yasna* 32.13,15 na “die Huis van Slegste Gedagtes” – *acištahyā dəmānē manaŋhō* – teenoor “die Huis van Goeie Gedagtes” - *vaŋhəuš ā dəmānē manaŋhō*; asook “die Huis van Bedrog” – *drūjō dəmānāi* (46.11; 49.11; 51.14) teenoor “die Huis van Sang” - *dəmānē garō* (45.8; 50.4; 51.15). In kontras met Zarathusra se uitbeelding van beleefde gasvryheid in 46.5 en dat die getroue volgeling “‘n welkome gas” van *Ahura Mazda* sal wees (31.22), word die verblyf van die Bose ironies ook as “gaste in die Huis van Bedrog”(46.11; 49.11; 53.6) wat “aaklige kos vir hul siele sal aantref”, beskryf.

---

[180] Mills (1908:39-40) verwys na die metafoor van ‘gaste’(wat hy as ‘liggame/persone’ vertaal) in die ‘Huis van Bedrog’, wat ‘slegte kos’ kry, ‘donkerte’ verduur en ‘bose spraak’ hoor en meen dat “this signal group of thoughts interpreted by the later Avesta implies a corporeal resurrection”.

Volgens Boyce (Boyce&Grenet 1991:366) was Zarathushtra se toekomstige verwagting op die aarde gevestig: dit was die beëindiging van die geskiedenis, nie van die wêreld nie. Hoewel die aarde die "slagveld" is, is dit ook die toneel vir "ewige geluksaligheid" (Boyce 1992:77).

In die doksologie aan die begin van die *Bahman Yasht* word "gesondheid, 'n lang lewe en materiële voorspoed" aan die Mazda-aanbidders toegewens en vir die "toekomstige bestaan" word "vrede, geluk en vreugde"("vrede, geluk en rustigheid"- Cereti 9.24) voorsien (3.63).

Die samesteller van die *Bahman Yasht* benoem die tyd van onheil die "wolftydperk" en wanneer die "vuur" weer in ere herstel word, is dit die "skaaptydperk" (3.40).

6.2B OORLOGSROL

6.2B.1 DIE BESLISSING VAN DIE STRYD

Daar word in geen onseker terme oor die uitkoms van die oorlog geskryf nie. Daar is reeds verwys na 1.6 dat daar geen oorblyfsel of oorlewendes of geen ontvlugting vir die Seuns van die Duisternis sal wees nie. Reeds in die eerste kolom van *1QM* word die algehele uitwissing – כלה/כלת - 3 keer herhaal en dit weer saam met "ewige" - עולמים - uitwissing in 1.5. Op die baniere sal ook geskrywe word dat daar geen oorlewendes van *Belial* en al sy manskappe sal wees nie - 4.2; "uitwissing met geen oorlewendes"-14.5. In kolom 9.5 word herhaal – "totale uitwissing" en weer "uitwissing" in die volgende vers (9.6). In dieselfde kolom word "verslaan" (9.2,3) en "vernietig" (9.5,7) albei twee maal herhaal; in 11.11 "die uitwissing van die skuldiges"; 13.6 – "uitwissing"; 15.2 – "uitwissing van al die nasies van boosheid". Verder word die oorlog drie keer as 'n "bloedbad/slagting" – in die eerste kolom (1.9.10.13) beskryf. Hiervoor word 'n Persiese leenwoord gebruik: נחשיר. In die tweede laaste kolom word tweemaal verwys na 'n (ewige) slagting 18.1 en (algehele) slagting 18.12 - מגפה/במגפת. Dit word met "slaughter"/slagting vertaal. Die woordeboek (Brown-Driver-Briggs) gee ook "plaag deur God wat dood veroorsaak" as 'n moontlike betekenis aan.

Daarteenoor sal dit 'n tyd van "verlossing" en "heerskappy" vir "die mense van God" en "die manne van sy lot" wees (1.5). Die "Seuns van Geregtigheid sal tot die uithoeke van die aarde skyn" totdat die tye van duisternis verby is en hulle sal "vrede en seën, glorie, vreugde en 'n lang lewe verkry."

6.2B.2 DIE MESSIAS

Boda (2007:36-37) illustreer die belangrikheid van die uitklaring van 'n uitgangspunt deur drie definisies van J J Collins, J H Charlesworth en W H Rose, wat verskillende aspekte van "Messias" beklemtoon, teenoormekaar te stel. Die "multidimensionele karakter" wat daardeur geskep word, word hoofsaaklik deur die fokus op verskillende tekstuele en temporele bewyse veroorsaak. In sy

(Boda 2007:37-38) bepaling van die semantiese omvang van die wortel משח is sy bevinding dat dit oor die algemeen in seremoniële rituele om sakrale voorwerpe (altaar, houer), geboue (tabernakel, tempel), en veral mense in ‘n amp of rol in Israel te heilig, gebruik is.

In die geskrifte van die HB was dit hoofsaaklik die konings wat as koning uitgeroep en gesalf is en as “Gesalfde” verklaar is. Die heiliging in die amp het ook die priesters, veral die hoë priester te beurt geval en enkele kere sommige van die profete ook. *God* se belofte aan Dawid deur Natan dat Hy sy huis en sy koningskap - sy troon - “tot in ewigheid” sal laat voortbestaan (2 *Sam*. 7:16), word as die bevestiging van die Koningslyn - die Spruit van Dawid - beskou. Uit die belofte kon 'n messiaanse verwagting ontwikkel het. ‘n Gesalfde koning of priester wat verlossing aan die mense van *God* in die toekoms sal bring. Ander gedeeltes in die HB wat hierdie perspektief kon verskerp het, is *Ps*. 2 en *Ps*. 110. Hierdie twee *Psalms* word deur Longman III (2007:17-26) as deel van ‘n kroningsplegtigheid of ‘n voor-heilige-oorlogslied vertolk. Die priesterskap - in die orde van *Melgisedek* - en die rol as oorlogskryger word in *Ps*. 110 beklemtoon. In die konteks van die taning van die koning se mag met die ballingskap [181] kon ‘n nuwe perspektief t.o.v. die priesterkoning posgevat het – die verwagting van ‘n toekomstige gesalfde priesterkoning. Heel waarskynlik het dit – saam met die tradisie van die oorlogswette in *Deut*. 20:2-4; *Num.* 10:9 - gedien as bevestiging vir die belangrike rol wat die priesters in die voorbereiding en aanvoorwerk van die oorlog in *1QM* gespeel het.[182]

Boda (2007:40) verwys ook na die bevinding dat *Ps.* 2 op ‘n later datum na die inleiding van die Psalmboek verskuif is, nadat die monargie nie meer ‘n politieke realiteit was nie en dat dit ‘n verdere aanduiding van ‘n toekomstige messiaanse hoop is. Die herhaalde kere wat die twee *Psalms* in die NT aangehaal word, veral *Ps*. 2 met verwysing na *Christus* se identifikasie as die Messias, bv. *Mark*. 1:11 [en parallelle]; 9:7 [en parallelle]; *Hand*. 4:23-31; 13:33; *Rom.* 1:4; Heb. 1:5; 5:5; 2 *Pet*. 1:17; *Op*. 11:18; 19:19 (Longman III 2007:17) versterk die ontwikkeling in die betekenis van מָשִׁיחַ as die toekomstige gesalfde priesterkoning. Horbury (1998:38) fokus op die uitgangspunt dat *God* gedurende die Tweede Tempelperiode al hoe meer as Koning en Verlosser uitgebeeld is en dat dit deur antropomorfiese eienskappe as Krygerkoning gedoen is en dat spore daarvan in die *Oorlogsrol* te bespeur is, “… despite the superexaltation of the deity in the War Scroll and other Qumran texts as a king of angels”.

---

[181] Volgens Longman III (2007:19) moes *Ps*. 2 ‘n hol klank vir die gelowiges gehad het in die realiteit van die konings van Juda en hul politiese ondergeskiktheid aan die ander wêreldmagte. Dit het hul denke na die moontlikheid van ‘n dieperliggende betekenis met ander reperkussies gelei.

[182] Evans (2007:232) vestig die aandag op die dubbelloopfunksie van priester-koning in die antieke tyd; veral in die nabye Joodse konteks van sommige Hasmoniese regeerders.

Num. 24:17 is nog ‘n gedeelte uit die geskrifte van die HB wat in 1 *QM* (11:6-7) asook in ander Qumranrolle soos byvoorbeeld die *Damaskusdokument* (7.19-21) aangehaal word - dit spreek al klaar van die prominensie wat dié profetiese uitspraak beklee het:

אֶרְאֶנּוּ וְלֹא עַתָּה אֲשׁוּרֶנּוּ וְלֹא קָרוֹב דָּרַךְ כּוֹכָב מִיַּעֲקֹב
וְקָם שֵׁבֶט מִיִּשְׂרָאֵל וּמָחַץ פַּאֲתֵי מוֹאָב וְקַרְקַר כָּל־בְּנֵי־
שֵׁת׃

> “Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: ‘n ster kom te voorskyn uit Jakob, en ‘n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.”

Hierdie orakel van Bileam het aanvanklik op koning Dawid betrekking gehad (met die septer as simbool van die koningskap), maar is later as ‘n voorspelling van ‘n toekomstige “liggewende” messias vanuit die hemel (ster) geïnterpreteer. In die *Damaskusdokument* word die “ster” as die “Vertolker van die Wet” en die “septer” as die “Prins van die hele Gemeente” verklaar.

Soos in *Ps*. 110 is die teenwoordigheid van die woord - מָשִׁיחַ - nie altyd noodwendig vir die vorming van die konsep nie (sien ook Boda 2007:44) en kan enige regmatige figuur op wie eskatologiese hoop gebou is as 'n ‘messias’ geïnterpreteer word. In *1QM* is die titel van die ‘Prins van die Gemeente’ ‘n voorbeeld hiervan, veral aangesien die skrywer *Num.* 24:17 ook aanhaal wat in die konteks van die QL op ‘n toekomstige messias dui. Die titel word aan die begin van kolom 5 saam met Israel, Aaron en Levi gebruik, wat ‘n verdere skakel met die gebruik in *1QS* 9.11 vorm (sien onderstaande).

Volgens Collins (1998b:72) was die verwagting op ‘n messias of meer as een messias met die draai van die era wydverspreid in die Judaïsme, hoewel dit in intensiteit van groep tot groep verskil het. Hy (Collins 1995b:12) onderskei vier “messiaanse paradigmas” in die Qumranrolle: die van “koning”, “priester”, “profeet” en “hemelse messias”. (Die eerste drie stem dus ooreen met bogenoemde ‘salwing’ in die HB). Horbury (1998:59) lys die Rolle van Qumran waarin die konsep van ‘n “messias” voorkom: die reëlsliteratuur soos die *Damaskusdokument*, die *Gemeenskapsrol*, die *Gemeenterol* en die *Seëninge*; die *Oorlogsrol* en verwante materiaal; die Bybelse interpretasies soos die *Florilegium* en *Testamonia*, asook die uitleg van *Genesis* en *Jesaja* en dokumente wat *Psalms* en profesieë bevat soos die *Gesange*, *11QMelgisedek* en die sogenaamde *Messiaanse Apokalips*. Met die ontleding van ‘n nuwe teks - *4Q285* (die kontroversiële “Sterwende Messias”-teks) - waarin ‘n koninklike gesalfde in die eskatologiese oorlog teen die Kittim figureer, het navorsers die gebruik van *Num*. 24:17 in kolom 11 van *1QM* vertolk as bevestiging van ‘n aktiewe

rol aan ‘n verlosser (Fletcher-Louis 2002:419; vgl. ook Wolters 2007:77). Volgens hom (Fletcher-Louis 2002:420) word die gedeelte van *1QM* deur navorsers soos E.P. Sanders en P.R. Davies deur ‘n vooropgestelde lens van dualisme vertolk, terwyl die konteks nie genoeg in berekening gebring word nie - “History-of-religions considerations demand that our author has an angelic-human messiah in mind here.” Daar word menslike en goddelike kwaliteite aan die toekomstige verlosser toegeskryf. Bostaande perspektiewe van navorsers soos Boda en Horbury illustreer die vertrekpunte vanaf die vergoddeliking van die mens teenoor die vermensliking van God in die uitklaring van die persepsie van die messias in hierdie tydgleuf. Ten spyte van die “multidimensionele” eienskappe en uitklarings is dit duidelik dat *1QM* – hoewel dit nie in die geskrif self duidelik uitgelig word nie - in ‘n konteks van die verwagting op ‘n toekomstige verlosser ontstaan het.

In *1QS* 9:11 word na die Messiasse van Aaron en Israel verwys:

עד בוא ניא ומשיחי אהרון וישראל

> “ ... totdat die profeet kom, en die Messiasse van Aaron en Israel”.

Daar word ook ‘n paar keer na die “gesalfde van Aaron en van Israel” in die *Damaskusdokument* (12.23-13.1, passim) verwys (Cook 1997:1120; Evans 2000:141). Die ‘Messias’ van Aaron word as die priesterlike messias en van Israel as die koninklike messias vertolk. Hierdie dubbele benoeming het al baie kommentaar deur navorsers uitgelok en die uitlig van bykomende verwysings as stawing van argumente tot gevolg gehad.[183] In die QL word verwys na *1QSa* waar ‘n priester (moontlik die Messias van Aaron) bo die Messias van Israel gestel word (Wolters 2007:78). Collins (1995b:77) verwys na die “twee seuns van olie” in *Sag*. 4:14 as ‘n voorloper in die HB, maar die stelling word deur Wolters (2007:82) bevraagteken, aangesien dit nog nie ‘n uitgemaakte saak is, dat dit wel as messiaans bestempel kan word nie en dit word nie as sulks in die QL aangehaal nie. Evans (2007:236-237) meen egter dat die fragment *4Q254* waarin die frase “die twee seuns van olie” in ‘n eskatologiese kommentaar oor *Gen*. 49:8-12 gebruik is, die skaal in die guns van Collins se taksering as tweeledige messianisme laat kantel en dat dit moontlik getuig van die begrip by sommige Jode in die laat antieke tydperk dat die gesalfde koning en die gesalfde priester sy aan sy die *Here* sou dien.

Ander benoemings wat as wisselvorme vir die verwagte profeet of onderwyser in die QL gebruik word, is die “Leermeester van Geregtigheid” (*CD* 6.11) en die “Vertolker van die Wet” (*CD* 7.18; 4Q174). Die terme kom nie in *1QM* voor nie – ook nie ‘n “hemelse messias” nie.

---

[183] Die frase kom in 4Q266 enkelvoudig voor “die messias van Aaron en Israel” en kan dus as een messiaanse figuur verstaan word (Horbury 1998:30).

Die dualiteit van die priesterlike en koninklike messias(se) soos aangedui in die *Gemeenskapsrol* sluit nie die ontwikkeling van ‘n enkele figuur uit die Dawid-tradisielyn uit nie (Horbury 1998:60).

Nog ‘n uitbeelding van die messias in die QL is die beskrywing van die messias as God se “Seun” (*4Qflor.; 1Qsa; 4Q369*). Volgens Cummins (2007:194) word dié hegte verhouding tussen God en sy messiaanse agent reeds in die HB deur 2 *Sam*. 7:14 weergegee:

> “Ek sal vir hom ‘n vader wees, en hy sal vir My ‘n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met ‘n menslike roede en met slae van mensekinders.”

Hierdie belofte word t.o.v. Dawid se “nakomeling” gemaak (2 *Sam* 7:12).

Fletcher-Louis (2002:442-445) vertolk die – איש כבוד - “Glorieryke Man” in *1QM* 12.10 (word aangehaal in 6.2.B.6) as ‘n ‘koninklike messias’, wat deur navorsers as ‘God’ geïnterpreteer is. Hy grond dit op die verskeidenheid verwysings na ander geskrifte van die HB in dié himne-gedeelte van kolom 12 wat hy as “a tapestry of biblical allusions” bestempel. Hy verwys veral na *Num.* 24:17 en *Jes*. 6:3 en kom tot die gevolgtrekking dat die *Oorlogsrol* ‘n parallelle antropologie daarstel in die koninklike messias van die finale oorlog, wat God se Glorie op die slagveld beliggaam. Wolters (2007:80) se slotsom is ook dat die Gemeenskap by Qumran meer op ‘n toekomstige koninklike (Dawidiese) messias, wat Israel van hul vyande sou verlos, as ‘n eskatologiese messias ingestel was.[184] Volgens Evans (2000:144) word ‘n koninklike messias deur die verwysings na Dawid in sy oorwinning oor Goliat (*1QM* 11.1-2) en die Filistyne (*1QM* 11.2-3), asook die aanhaling van *Num.* 24:17 in die *Oorlogsrol* geïmpliseer, veral in die konteks van ander QL soos die *Pesjer van Jesaja*[a] (4Q161) en die *Reëls vir Oorlog* (4Q285). Hoewel die messianisme van die QL nie uitstaande was nie, het dit tog ‘n belangrike rol in die verwagting van die herstel van Israel gespeel: die regverdiging van die Gemeenskap van die Hernude Verbond kon nie plaasvind, voordat die “gesalfde van Israel” verskyn het nie – aldus Evans (2000:149).

6.2B.3 DIE OORDEEL

Daar was ‘n duidelike geloof in die Qumranrolle dat alle menslike gedrag, soos deur God vooraf bepaal, na verdienste beoordeel sal word (Davies 2000a:210). Tog word daar in die terugblik op die verlede gewys op die deernis/genade van *God* toe Hy hulle deur hul konings gered het en nie volgens hul sondige dade gestraf het nie (2.4):

---

[184] Wolters (2007:88) bespreek ook Wise se “brilliant *tour de force*” (*The First Messiah: Investigation of the Savior before Jesus* 1999) maar bevind dat die opstapeling van hipotese op hipotese ‘n wankelrige basis aan die werk gee, waarin hy die Leermeester van Geregtigheid as Juda identifiseer en die Qumran Gemeenskap parallel met die vroeg-Christelike beweging as ‘n “proto-Christendom” voorstel.

> "Nie deur ons mag nog deur die krag van ons hande is met waarde gehandel nie, behalwe deur u krag en met die energie van u groot waarde" (11.5). (Vgl. ook 14.8-10).

Op die baniere wanneer hul uittrek na die oorlog, word "die oordeel van *God*" vertoon, asook "die vergelding van *God*" (4.12). Op die 3de werpspies: "Vlam van 'n swaard wat die verslaandes van ongeregtigheid deur die oordeel van God verteer" (6.3).

Die begin van kolom 14 is onduidelik, maar kan gedeeltelik as die oordeel van "vuur" teen die afgode van Egipte gelees word; asook in 14.18 wat vuur moontlik met *Sheol* verbind. *Sheol* word in *Deuteronomium* so beskryf:

> "Want 'n vuur is aangesteek in my toorn en het gebrand tot in die doderyk daaronder, en dit het die aarde met sy opbrengs verteer en die fondamente van die berge aan die brand gesteek" (*Deut*.32:22).

Sheol - שאול - word in die HB meestal in die betekenis van die graf of 'n 'onderwêreld' gebruik (word verder bespreek in 6.2.B.6).

In die motivering van die manskappe deur die hoëpriester verwys hy na die toets van God deur die "smeltkroes" - מצרף - *1QM* 16.15. Dit word herhaal in kolom 17.1. Die beste leesbare uitspraak kom in 17.9 voor:

> " ... seuns van die verbond, staal julself midde-in God se smeltkroes totdat hy sy hand beweeg en sy smeltkroese (volgens) sy geheimenisse volmaak sodat julle kan staande bly".

Hierdie beeld van suiwering kom reeds in die latere geskrifte van die HB voor:

הִנֵּה צְרַפְתִּיךָ וְלֹא בְכָסֶף בְּחַרְתִּיךָ בְּכוּר עֹנִי׃

> "Kyk, Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer nie; Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende" (*Jes*. 48:10).

Ook t.o.v. die oordeel verwys die skrywer terug na die geskrifte na die verhaal van *God* se oordeel oor die seuns van Aaron, Nadab en Abihu waardeur Hy Sy "heiligheid" bevestig het.

God se oordeel word aan Waarheid verbind (11.14).

Die bordjies word vir die vyand verhang: in die oorwinningstoneel word hulle as dienaars uitgeken:

> " ... al jou verdrukkers sal voor jou neerbuig en die stof van jou voete [lek]" (12.14-15).

By hierdie beeld sluit die metafoor van lig en duister aan in 13.15:

> " ... om donkerte laag te bring, en om lig kragtig te maak ...".

Hierdie beeld word weer herhaal t.o.v. "die aanvoerder van die ryk van boosheid":

> "(Dit is) die dag wat hy bestem het om die aanvoerder van die heerskappy van boosheid te verneder en laag te bring" (17.5).

Daarteenoor sal *God* die verbond van Israel in vreugde laat skyn en vrede en seëninge aan sy "lot" skenk (17.7).

6.2B.4 DIE TYDSASPEK

Daar is nog verskillende opvattings oor wanneer die toekomstige tyd as die eskatologiese tyd vertolk moet word. Volgens Boda (2007:43) beperk 'n ahistoriese, kosmiese, kataklismiese en finale definisie van "eskatologie" hierdie aspek na die laat-apokaliptiese geskrifte in die HB, maar diegene wat eskatologie as 'n toekomstige hoop omskryf, wat die aanbreek van 'n nuwe era inlui, laat meer ruimte vir die teenwoordigheid van hierdie fenomeen in die HB. Goff (2003:57-58) het in sy navorsing oor die gebruik van die Niphal van היה in die QL, ondervind dat dit by *1QM* toekomstige tyd aandui – 1.2;17.5, maar ook die algehele kronologiese skema – 17.5.

'n Frase wat telkens in *1QM* opduik, is "die bestemde/ vasgestelde tyd" – veral deur מועד - wat 'n sekere vaste verwagting aan die verloop van die toekoms inhou. Daarby aansluitend is die beskrywing van die profete van ouds – u gesalfdes – as "sieners van vasgestelde tye" (11.7-8).

In die eerste kolom word dit duidelik uitgespel dat dit "die bestemde tyd van God" is (1.8):

- מועד אל - en dat "die dag lank gelede" reeds deur hom bepaal is, waarop die vernietigende oorlog teen Die Seuns van die Duister gevoer sal word (1.10). Dit word direk na "al die bestemde tye van duisternis" gestel om die ondergeskiktheid aan *God* te toon.

Die beplanning van die oorlog geskied ook volgens vasgestelde tye: soos bv. "die bestemde tyd van die jaar van kwytskelding" (2.6) – die sabbatsjaar, waarin daar nie geveg sou word nie en dat *God* lank gelede al vir hom die dag van die oorlog bepaal het (13.14).

Op die trompette word dit aangedui dat die wraak op "die bestemde tyd van *God*" plaasvind (3.7).

Die baniere wys ook deur die slagspreuk dat dit "die bestemde tyd van *God*" is (4.7).

Ten spyte van die hiate in die teks aan die einde van kolom 10, blyk dit tog of die skrywer tydvakke in die geskiedenis van Israel opnoem en "die bestemde tye van heiligheid, die siklus van jare en die tye van ewigheid" byvoeg (10.15-16).

In 13.8 word verwys na " in al u glorieryke vasgestelde tye" en in 14.13 sal hulle "a.g.v. *God* se magtige dade [...] die tye en die heilige dae van die ewigdurende vasgestelde tye met die k[o]ms van die dag en nag en met die vertrek van die aand en die oggend verheerlik."

Die hoëpriester lees “die gebed van die bestemde tyd vir oorlo[g ...”; hy is “die aangewese een vir die bestemde tyd van wraak” (15.5-6), “want vandag is die bestemde tyd vir oorlog” (15.12).

In *1QM* word op 3 plekke verwys na “ [...] in al die vasgestelde tye van ewigheid”:

בכול מועדי עולמים (12.3);

in 13.8 word die Verbond vasgestel “vir die vasgestelde tye van ewigheid” en

in 14.13 aanbid die mense op die “vasgestelde tye van die siklusse van ewigheid”. Die limiet van historiese tyd word dus oorskry tot in die ewigheid.

In die eerste kolom word die dag van die oorlog as “die dag van onheil” en “'n tyd van beproewing” - יום הווה - עת צרה - beskryf (1.11-12). Geen onsekerheid word oor die taksering van die dag gelaat nie.

'n Interessante tydsbepaling kom in kolom 18.5 voor:

> “[...] die son sal hom haas om onder te gaan op daardie dag ...”.

Daarna volg lofgesange deur die priesters aan die God van Israel wat vir hul wonders gedoen het en baiekeer deur die Verbond tot hul redding gekom het.

Dit herinner aan die geveg in *Jos.*10:13-14 toe die son en die maan gaan stil staan het, sodat die volk hul kon wreek op die vyande. In *1QM* gebeur net die teenoorgestelde om hul in die oorlog te help – (aansluitend *1QM* 18.12.).

“Bestemde tyd” vir hulle en “die bestemde tye volgens u goeie behae” word nog weer in 18.10,14 aangetref. Dit blyk duidelik dat die vasstelling en beheer van die tyd volgens die samesteller van die *Oorlogsrol,* by die *God* van Israel berus het.

6.2B.5 DIE OPSTANDING

Davies (2000a:208) is baie versigtig in sy taksering van die geloof in die opstanding en die lewe hiernamaals in die Qumranrolle vanweë verskillende kwessies wat volgens hom nog nie uitsluitsel oor bereik is nie. Konsensus is nog nie oor die identiteit van die groep of selfs groepe bereik nie. Moontlike opvattings oor die opstanding word in poëtiese taal weergegee. Dit bemoeilik definitiewe formulering van die leerstelling. Daarby word in nie een van die rolle wat basiese riglyne aan die Gemeenskap verskaf het, melding daarvan gemaak nie. Geen stelling oor die opstanding of die presiese finale aard van die regverdiges word in die *Gemeenskaprol, die Damaskusdokument,* die wysheidsbesprekings of die *Oorlogsrol* gemaak nie – aldus Davies (2000a:209).

Kolom 14.14 is reeds by die Gesagsgebied van *God i*n die vorige hoofstuk aangehaal. Inleidend lui 14.10-11: “U het die gevallene deur u lewenskrag opgehef, maar die van hoë statuur het u

[neerge]vel ...", wat klaarblyklik aansluit by die beeld van hoogmoed en nederigheid, maar tog ook in die konteks van die oorlog gebruik word. Dan word daar verwys na "die geheimenisse van u wonderlike dade" wat "in u hoogtes [is] om die wat in die stof is na u op te laat kom en laag tussen die goddelike wesens te bring" (14.14). Op die kriptiese stelling word nie verder uitgebrei nie, waarskynlik in ooreenstemming met die "geheimenisse" van *God*. In kolom 16.11 word verder verwys na die verslanes wat neergevel word "volgens die geheimenisse van *God*". In die konteks van 'n geweldige oorlog word niks verder oor die lot van die regverdiges wat in die oorlog omkom, vermeld nie (Davies 2000a:203). Op die eerste vlak kan 14.14 as 'n beskrywing van *God* se mag om die soldate van fisiese dood op die slagveld te red vertolk word, maar "na u op te laat kom" in aansluiting met "u hoogtes" verleen dieper betekenis. Fletcher-Louis (2002:456) vertolk dit in aansluiting met die idee van afwassing van die onreinheid van die slagveld: "Their physical transfer from the dust to the heights is an apocalyptic analogue to this language of impurity and cleansing". Die vraag kom egter dadelik op: Waarom dan nog die ritueel van afwassing na dié heerlike ervaring?" Interessant genoeg verbind *Henog* (±300 v.C.) en *Daniël* (±200 v.C.) hul idees van opstanding ook aan "'n goddelike geheim" (Davies 2000a:195) wat bostaande teks nouer aansluiting daaraan gee. *Dan*. 12:2 (die enigste gedeelte in die HB wat duidelik die opstanding van individue voorspel – aldus Collins 2000a:126) se beeldspraak gebruik ook "stof", maar die werkwooord "slaap" en "ontwaak" wyk af van "na u op te laat kom" ('Stof' word in die HB - *Job* 17:16 - met *Sheol* verbind):

> "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik" (*Dan*. 12:2).

Volgens Evans (2000:139) is daar min bewyse vir die geloof in die opstanding, veral van die liggaam in die QL, behalwe vir *4Q521* en miskien *4Qpseudo-Esegiël*^{b} (*4Q386*). In laasgenoemde se weergawe van die visioen van die doodsbeendere wat lewendig gemaak word, is daar nie genoeg om van die vertolking as nasionale herstel tot by individuele opstanding uit te kom nie. By eersgenoemde is daar weer nie veel om die werkwoord "arise" aan opstanding te verbind nie. Collins (2000a:120) verbind die gedeelte van die doodsbeendere (*Jes.* 26:19) aan die sogenoemde *Apokalips van Jesaja* (laat-Persies), wat meer by *Esegiël* aansluit; asook aan die belofte in *Jes*. 25:6 dat *God* die dood vir ewig sal vernietig met die implikasie dat daar in die toekoms geen dood sal wees nie, maar nie noodwendig op opstanding dui nie.

> "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk" (*Jes*.26:19).

Bostaande teks as deel van die *Apokalips van Jesaja* hou moontlike opstanding vir die getroue gelowiges in.

6.2B.6 DIE HIERNAMAALS

Volgens Collins (2000a:119) het die hoop op ‘n hiernamaals wat onderskeid maak tussen die goeie wat beloon word en die kwade wat gestraf word vir die eerste maal in die apokalipse van *Henog* (±300 v.C.) en *Daniël* (±200 v.C.) sy verskyning in die Joodse tradisie gemaak.[185]

In die geskrifte van die HB word na die ryk van die dode – die onderwêreld - as *Sheol* - שאול – verwys. *Sheol* word met waterbeelde soos vloedgolwe en strome (*Jona* 2:1-5); stof (*Job* 17:16); grendels (*Jona* 2:6); poorte (*Jes.* 38:10); donkerte (*Job* 17:13); en stilte (*Ps*. 115:17) beskryf.

Die personifikasie van *Sheol* in *Jes.* 5:14 word treffend uitgebeeld:

לָכֵן הִרְחִיבָה שְׁאוֹל נַפְשָׁהּ וּפָעֲרָה פִיהָ לִבְלִי־חֹק וְיָרַד הֲדָרָהּ וַהֲמוֹנָהּ וּשְׁאוֹנָהּ וְעָלֵז בָּהּ׃

> “Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hul menigte en hul luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is.” [186]

In *Jes.* 25:8a vind die omgekeerde beeld plaas:

בִּלַּע הַמָּוֶת לָנֶצַח וּמָחָה אֲדֹנָי יְהוִה דִּמְעָה מֵעַל כָּל־פָּנִים ...

> “Hy sal die dood insluk en vir ewig vernietig, en die Here Here sal die trane van alle gesigte afvee ...”

Soos uit bogenoemde aanhaling blyk, is daar 'n wisselwerking tussen die gebruik van Sheol en die dood – מות – vir die plek/doderyk en die personifikasie (Lewis 1992b:101-105). In *Ps.* 18:5-6 word *Sheol*, *Mawet* en *Belial* met bande, strikke en strome saamgevat:

אֲפָפוּנִי חֶבְלֵי־מָוֶת וְנַחֲלֵי בְלִיַּעַל יְבַעֲתוּנִי׃

חֶבְלֵי שְׁאוֹל סְבָבוּנִי קִדְּמוּנִי מוֹקְשֵׁי מָוֶת׃

> “Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval.

---

[185] Op Henog se begeleide toer na die eindes van die aarde het hy "in die weste 'n groot en hoë berg en 'n harde rots met vier ... plekke" vir die siele van die dooies teengekom. Dit word as 'n oorgangswagplek geteken, totdat God vir goed na die aarde toe sal kom na 'n berg omring met welriekende bome waar die regverdiges baie lang lewes sal geniet. Die vervloektes, wat teen God gepraat het, sal in 'n "vervloekte vallei" bymekaar gemaak word.

[186] Die beeld gee die afwaartse beweging wat gewoonlik met die doderyk gepaardgaan weer. Weer eens is dit in die konteks van rykdom en hoogmoed wat die ‘val’ verbind word.

> Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom".

Verdere verwysings na die werklike inwoners van *Sheol* is vaag. Daar word nie uitgeklaar of dit die bestemming vir slegs die onregverdiges of vir alle siele na die dood is nie.

In *1QM* sal "Israel vir ewig regeer" na die oorwinning (12.16). Dit volg op die beskrywing van die stryd en die glorieryke oorwinning en oorlogsbuit:

> "... die magtige kryger van die oorlo[g] (is) in ons gemeente en die skare van sy geeste (is) met ons voetsoldate en ons perderuiters, [... soos] reënwolke en soos miswolke wat die aarde oordek, soos 'n reënstorm (met) oordeel al die produkte (van die aarde) natmaak. Staan op, Magtige Een! Neem jou gevangenes, Glorieryke Man! Gryp jou buit, (jy) wat waardig handel! Sit jou hand op die nek van jou vyande en jou voet op die hope(rûe) van die verslaandes! Vernietig die nasies, jou vyande, en laat jou swaard die skuldige vleis verteer. Vul jou land (met) glorie en jou erfenis met seëninge; 'n menigte van beeste in jou velde, silwer goud en edelgesteentes in jou palei(s)e. Sion verheug grootliks! Skyn voort in gejubel Jerusalem! Wees bly al jul stede van Juda! Maak (jul) hekk[e] konstant oop, dat daar deur hulle die rykdom van die nasies gebring word. Hulle konings sal jou dien; al jou verdrukkers sal voor jou buig en die stof [van jou voete af [lek]" (12.9-15a).

Volgens Evans (2000:139) se oordeel het die Qumrangemeenskap 'n herstelde Israel vooruitgesien: 'n terugkeer na die goue eeu soos hulle dit vir hul sonder lotswisselinge voorgestel het. In die eerste kolom word reeds "vrede en seën, glorie, vreugde en 'n lang lewe" aan die "Seuns van die Lig" toegeken.

Fletcher-Louis (2002:408-409) lees in die jukstaposisie van *God* en Israel (5.1.2B.8) 'n saambinding van die Skepping en die toekomstige verlossingsgeskiedenis:

> "At the centre of the web of creation and history there stands a quite remarkable homology between God and Israel, the people that lives in accordance with God's action in history and creation."

Hy (Fletcher-Louis 2002:436,441) bou verder kumulatief 'n beeld op om die opvatting dat *Endzeit* wat *Urzeit* sal herstel, te identifiseer deur o.a. na die 'miswolke' van die skeppingsverhaal te verwys; die gebruik van 'n woord wat sinspeel op die naam *Eden* in die frase "om jou te beklee"; die samevoeging en oorvleueling van *Gen.*1 met die troon-teofanie teks - *Jes.* 6:1-3 en die Glorie van *God*. Die argumente is oortuigend veral dat dit in die "welbekende bybelse en Ou Nabye Ooste se patroon van die goddelike oorlogskryger wat sy vyande oorwin en die skepping tot 'n geordende paradys terugbring" pas (Fletcher-Louis 2002:436). Tog strook dit nie vir my heeltemal met bostaande beeld van die oorwonne nasies se rykdom wat deur die hekke van Sion en Jerusalem

moet ingebring moet word nie. Dis ‘n sterk beeld van oorlogsbuit en ‘n feestelike oorwinningstoneel. Davies (2000a:203) bring ‘n teks by (*4Q285*, met ‘n tweede kopié, *11Q14*), wat moontlik in die vorm van ‘n priesterlike seënbede deel van die *Oorlogsrol* kon gewees het. Hy is van mening dat die hernude en perfekte wêreld as ‘n terugkeer na Eden, waarin die “glorie van Adam” as die (siektevrye) toestand van mense vertolk kan word, maar dat dit op spekulasie berus.

In kolom 17.7 word verder voorspel dat hulle “vrede, vreugde en seën” sal verkry en “bly in ewige kennis sal wees” (17.8). Hieruit kan slegs afgelei word dat die toekomstige bestaan op die aarde voortgesit sal word (Davidson 1992:227).

6.2C OPENBARING

6.2C.1 DIE BESLISSING VAN DIE STRYD

In die kort hoofstuk voor die 7 finale plae word “die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken en oor die getal van sy naam” triomfantelik geteken (*Op*. 15:2). Hulle het by “‘n see van glas, gemeng met vuur” in die hemel gestaan en met “siters van God” die “lied van Moses” en die “Lied van die Lam” gesing. Die neerlaag van *Satan* het reeds op Golgota deur die offerdood van die “Lam”- *Jesus* - plaasgevind. Die stryd sal nog voortgaan tot die wederkoms van *Christus*, maar die beslissende slag tussen Goed en Kwaad is klaar gelewer.

Daarna word *Christus* met sy hemelse leërs wat vir die oorlog uittrek, beskryf (19:1-16). Die werklike oorlog word nie beskryf nie. Daar word net vermeld dat die dier en die valse profeet gevange geneem is en “lewend in die vuurpoel wat met swawel brand” gegooi is en dat die “ander” doodgemaak is. Dieselfde donker beeld van die voëls van die hemel wat die vlees van die vyand verteer, is in die HB in die verhaal van Dawid en Goliat al geteken. By die beeld van die voëls word die “wilde diere van die aarde” bygevoeg (1 *Sam*.17:46).

‘n Verdere intrige is dat ‘n engel die draak/ *Satan* in ‘n afgrond vir 1000 jaar vasgeketting en verseël het. In ooreenstemming met die werkswyse om kontrasterend dieselfde terme vir goed en kwaad te gebruik, word dieselfde werkwoord wat met die seëls van die 144 000 - σφραγίζω – gebruik is, kontrasterend hier saam met *Satan* gebruik. Na die 1000 jaar het hy weer uitgegaan om die nasies te verlei en te versamel vir die oorlog. Hulle het “die geliefde stad en die heiliges omsingel”, maar “vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind”. Die duiwel is ook in die poel van vuur en swawel gewerp saam met die dier en die valse profeet “en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (20:10).

6.2C.2 DIE MESSIAS

Volgens Horbury (1998:8) verteenwoordig die Griekse woord *messias* - wat die term en sy ekwiwalente aan die Wes-Europese tale verskaf het - in die NT die Aramese woord *m^{e}shiḥa*, '(die) Gesalfde', ooreenstemmend met die Hebreeuse (*ha*-)*mashiaḥ*. Die woord word nie slegs vertaal in die Grieks as die bekende *christos* nie, maar word ook uit die omgangstaal getranslitereer:

> ... τὸν Μεσσίαν, ὅ ἐστιν μεθερμηνευόμενον χριστός. (*Joh.*1:41).

Hy (Horbury 1998:8-9) versterk sy argument dat die term vanaf die vroeë tweede eeu v.C. as 'n bekende tegniese term vir die regmatige regeerder van Israel in die algemeen of spesifiek vir die gesalfde priester gebruik is, met 'n verdere voorbeeld van 'n hele aantal leenwoorde uit Aramees – *g^{e}yora* (*geioras* in Grieks; *ger* in Hebreeus); asook die gebruik van *mashiaḥ nagid* in *Dan.* 9: 25-26.

In laasgenoemde word 'regeerder' saam met messias verbind om die betekenis van 'n regmatige regeerder oor te dra.

In die vorige hoofstuk is daarop gelet dat *Jesus* deur Sy lewe en leringe die titel van *Christus* toegeken is en dat die titel deur volgehoue gebruik vir hom as 'n naam gebruik is. Dit het die vraag by Westfall (2007:212-213) laat ontstaan of die betekenis as 'n Messias in die ware sin van die woord met slegs 'n benaming oorgedra kan word. Sy meen dat die messiaanse scenario deur verwysings na aspekte van troonbestyging, oorwinning en die tempel die interpretasie kan oproep en aanvul. Hierdie scenario word volledig in *Openbaring* uitgebeeld.

Alhoewel *Jesus* die verwagting as die koninklike messias uit die huis van Dawid vervul het, het Hy nie voldoen aan die militante aspek van dié tradisielyn nie. Sy lyding en sterfte aan die kruis was "oorlogvoering" van 'n heel ander dimensie.[187] Daardeur het Hy die rol as messiaanse profeet uitge*leef* (sien ook Porter 2007:145). In aansluiting met die twee getuies in *Op.* 11 is Reddish (2001:211) van mening dat daar in die Judaïsme 'n tradisie ontwikkel het dat 'n ware profeet verwerping en selfs martelaarskap moes verduur.

Ps. 2 word ook deur Johannes in die visioen van die swanger vrou aangehaal om die heerskappy van die kind as die Messias (Jesus) te bekragtig (ook in die brief aan die gemeente van Thiatire – 2:27):

> "… wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer … (*Op.* 12:5)

---

[187] Die verwysing in die HB na die Seun van die mens (*Dan.* 7) die Verwerpte steen (*Ps.* 118) en die Dienskneg (*Jes.* 53) het moontlik voorspelling van lyding ingehou (Marshall 2007:125).

> "U sal hul verpletter met 'n ysterstaf … (*Ps*. 2:9).

Volgens Bauckam (1993:215-229) kan die 144000 (5.1.2.C.4) nie slegs as die getroue volgelinge van die kerk vertolk word nie, maar veral as "die messiaanse leërmag" wat die evangelie van *Christus* aan die nasies sal verkondig. Die eerste perikoop van hoofstuk 7 verteenwoordig die uitbeelding van Christus as die "Leeu van Juda" (5:5) en die laaste deel sluit aan by 5:9 as die "Lam" wat "geslag is en ons vir God met u bloed gekoop (het) uit elke stam, taal en volk en nasie": teenoor "daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale" (7:9).

6.2C.3 DIE OORDEEL

Die "boek(e/ie)" speel 'n opvallende rol in die uitbeelding van die oordeel van *God* in die boek *Openbaring* (reeds aangevoor in 5.1.2.1.2**)**. Saam met die belofte van wit klere aan die oorwinnaars, belowe *Christus* ook aan die gemeente van Sardis dat Hy die een wat oorwin, se naam nooit sal "uitwis uit die boek van die lewe" nie (3.5).

In hoofstuk 5 word dit herhaal dat *God* "die boek met 7 seëls goed verseël" op Sy regterhand hou (5.1,7) – die regterhand is simbolies van mag en gesag. Die boekrol is op albei kante beskryf. In hoofstuk 10 verskyn "'n ander sterk engel" met 'n "geopende boekie" wat Johannes moes eet en in sy "mond was dit so soet soos heuning", maar dit het sy "maag bitter" gemaak.

Daar is verskeie gedeeltes in die HB waaruit aspekte van die boek(e) kom. *Eseg.* 2:9-10 beskryf 'n boekrol wat op die "voor- en agterkant" oor "klaagliedere en gesug en wee" geskrywe was. *Esegiël* moes die boekrol eet en in sy mond was dit "soos heuning so soet". *Daniël* moes die woorde geheim hou en dit verseël tot die tyd van die einde toe (*Dan*. 12:4). *Jesaja* se "boek" was ook verseël (*Jes.* 29:11). Die "boek" van Jeremia het 'n oordeel oor die huis van Juda se ongeregtigheid en sonde bevat (*Jer*. 36:3).

Die stelle boeke word in die finale oordeel oopgemaak (*Op.* 20:11-15):

> "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hul werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie geskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp".

Die oordeel vind volgens twee kriteria plaas: "jou werke" ; en as "iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie". ("Die boek van die lewe" staan in skerp kontras teenoor "die tweede dood"

in bostaande aanhaling.) In elkeen van die 7 briewe aan die gemeentes word hul "werke" ontleed na die herhaling van die frase "Ek ken jou werke" - 2:2,9,13,19; 3:1,8,15 (sien wapens 6.1.2C.1). Die "werke" is omvattend en behels arbeid, gesindheid en geloof in *Christus*. Die tweede kriterium word omskryf in 3:5 deur die volharding in die uitleef van die Christenskap: die oorwinning. Dit word bevestig in die gesig van die "nuwe hemel en die nuwe aarde":

> "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir my 'n seun wees" (21:7);

asook in die versekering dat deur die "oop poorte" van die "nuwe Jerusalem"

> " ... sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelik en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam" (21:27).

In teenstelling met die goedverseëlde boeke van die gesigte, het die engel Johannes beveel: "Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby" (22:10). Terwyl die boek dan "oop" is, word verderaan vermaan:

> "As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskryf is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskryf is" (22:19).

Moses het 'n soortgelyke waarskuwing ten opsigte van die gebooie van *God* in *Deut.*4:2 (en weer in *Deut.* 12:32) uitgespreek:

> "Julle mag by die woord wat ek jul beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van julle Here God mag onderhou, wat ek julle beveel".

Volgens Osborne (2002:795) dui die voorskrif-formule van byvoeg/wegneem daarop dat die Tora in die geheel aanvaar en gehoorsaam moes word. Beale (1999:1151) het daarop gewys dat *Deut.* 4:2 na die insident van Bileam en Balak (*Num.* 23:28) verwys. Bileam word in *Op.* 2:14 as 'n valse leermeester beskryf. Dit vorm moontlike skakels met die HB vir die interpretasie van die verbod. Die betekenis van die Woord/Profesie van *God/Christus* mag nie deur byvoeging of weglating verdraai word nie.

Die eerste oordele het met die oopmaak van die 7 seëls plaasgevind. Die eerste vier is deur die voorstelling van die perderuiters uitgebeeld (bespreek 5.1.1.C.7). Die simbole dui op die mensdom se sondige begeertes na roem en mag, wat uiteindelik hul eie ondergang beteken. Dit word opgevolg deur die toneel van die martelare en die geweldige aardbewing. Na die stilte word die oordele van die 7 engele met die 7 basuine deur die ritueel van die goue wierookbak ingelui. Die

eerste 4 het deur natuurrampe plaasgevind. Die 5de en 6de het die oordele van die 2 leërmagte aangekondig (4.1.3.C.2/3); die 7de die teken van die vrou en die draak.

Die oordeel van *God* word ook deur die beeld van "die wyn van die grimmigheid van God in die beker van sy toorn beskryf" (14:10); sowel as die insameling van die ryp druiwetrosse (14:18). Dit word ook in die beeld van 'n graanoes uitgebeeld (14:15).[188]

Die beeld van die wingerd word verder na die "groot parskuip van die grimmigheid van God" uitgebrei. Dit word "buitekant die stad getrap". In die laaste saligspreuk (22:14) word dit aan die voorreg gekoppel om deur die poort van die "nuwe Jerusalem" in te kan gaan, terwyl die honde en die ongeregtiges "buite" moet bly. Die toneel neem skrikwekkende afmetings aan wanneer "bloed uit die parskuip gekom (het) tot aan die tooms van die perde 200 myl/1600 stadia ver". Eers in 19:15 word die beeld verder aangevul deur *Christus* as die een wat die parskuip trap, te identifiseer.

Die oordeel bereik 'n hoogtepunt in die 7 engele met die 7 bakke waarin die laaste plae was, wat aan die 10 plae oor die Egiptenaars (*Eksodus* 7-11) herinner (met die verskil dat daar in *Openbaring* 7 plae is en dat die volgorde nie dieselfde is nie):

Die eerste plaag was bose swere aan die mense wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het (*Op.* 16:2; *Eks.* 9:8-12).

Die tweede plaag het die see in bloed laat verander en al die lewende wesens in die see het doodgegaan (*Op*. 16:3).

Daarna is die riviere (*Eks.* 7:14-25) en waterfonteine in bloed verander, want in die woorde van die engel van die waters: "hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien" (*Op.* 16:4-6).

Ten spyte van die 4de plaag waardeur die son die mense soos met "vuur geskroei" het, het die mense hul nog nie bekeer en steeds die Naam van God gelaster (*Op.* 16:8-9).

Die 5de plaag tref die middelpunt van die Dier se koninkryk, sy troon en verduister sy ryk, maar nog steeds laster hy en sy volgelinge *God* en bekeer hulle hul nie (*Op.* 16:10; *Eks.* 10:21-29).

---

[188] Navorsers verskil oor die betekenis van die graanoes en sommige, soos Bauckham (1993:291-296), vertolk dit positief as insameling van die verlostes in aansluiting met die beeld van die eerstelinge/eerste vrugte vir die verseëldes van God (14:4). Beale (1999:774-775) wys op die parallelle opbou van die twee oeste en beskou albei as oordeel oor die ongeregtiges. Osborne (2002:552) se uitsluitsel berus op die beklemtoning dat *Christus* self die eerste oes ingesamel het, teenoor die engel wat die druiwe-oes ingebring het; veral ook deur die aansluitende uitsprake van *Jesus* in *Matt*. 9:37-38 en *Joh*. 4:34-38. Sy argumente is oortuigend.

Die 6de plaag laat die water van die Eufraat opdroog. Dit het die 3 onreine geeste ("soos paddas" – *Eks.* 8:1-15) die konings van die aarde laat versamel by Armageddon vir die "oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (16:14).

Die laaste engel het sy bak in die lug uitgegooi sodat die hele kosmos betrek is in 'n hewige aardbewing en storms met blitse en donderslae en groot haelstene (*Op.*16:17-21; *Eks*. 9:13-35).

Die plae vir Babilon word gelys as: "dood, droefheid, honger en deur vuur verbrand" (18:8).

Die eerste oordeel wat in die briewe aan die gemeentes uitgespreek word, is dat *Christus* Efese se "kandelaar" (die simbool vir die gemeente) van sy plek sal verwyder as hulle hul nie bekeer nie in (2:5).

Na die oordeel van 'n siekbed oor Isebel vermaan *Christus* weer:

> " ... en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke" (2:23).

'n Belangrike aspek kom in die woorde van *Christus* in Sy oordeel oor Isebel na vore:

> "En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie" (2:21).

Dit sluit aan by die moontlike vertolking van die millennium waarin die duiwel vasgeketting was (sien ook 6.2.C.4). *God* gee tyd tot besinning en bekering, maar oor volgehoue volharding in die sonde en die bose spreek Hy 'n finale oordeel van die "tweede" dood uit.

Dit blyk duidelik uit die ontleding dat die oordeel van *God* 'n groot deel van die boek *Openbaring* uitmaak. Elke volgeling sal volgens sy lewenswandel as getuie van *God* en *Christus* beoordeel word. Die omvattende voorstelling van die oordele van *God*, is nie net op die sintuiglike waarneming ingestel nie, maar is draers van simboliese waardes wat dieper ontrafeling verg, soos dit deur die getal van die Dier en die beeld van Babilon geïmpliseer word (*Op.* 13:18;17:9):

"Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, ..."(13:18).

6.2C.4 DIE TYDSASPEK

Johannes dui aan dat hy die "openbaring" op "die dag van die Here" ontvang het (*Op. 1:10*). Hier word die frase nie as eskatologies vertolk nie, maar as die eerste dag van die week (Osborne 2002: 83-84). In die ontwikkeling van die vroeg-Christelike kerk is die dag as die dag van aanbidding aan die Here afgesonder (vgl. *Hand*. 20:7 en 1 *Kor*. 16:2).

Die gemeente van Sardis, wat verflou het in hul werke en so te sê doodgeloop het, word gewaarsku dat hul moet "wakker word", want Christus sal op hul "afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in

watter uur Ek op jou afkom nie". Net voor die laaste plaag (16:15) word hierdie vermaning amper losstaande ingevoeg en herhaal: "Kyk, Ek kom soos 'n dief." (Hierdie beeld van 'n dief word ook in *Matt.* 24:42-44 in die profetiese rede gebruik.) Verder word dit aan "skaamte" en "naaktheid" omdat hy nie sy "klere bewaar het nie" gekoppel. Hier word die tyd as die oorlog "van die groot dag van die almagtige God" - τῆς ἡμέρας τῆς μεγάλης τοῦ θεοῦ τοῦ παντοκράτορος weergegee (16:14).

Op die weeklaag van die martelare "Hoe lank?" word die tyd op "'n klein tydjie totdat hulle mededienskneгte en hul broeders wat nog soos hulle gedood sou word, voltallig sou wees" (6.11) vasgestel. In die volgende vers word die 6de seël oopgemaak. Die geweldige aardbewing vind plaas en die perikoop word afgesluit met:

> "want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"(6:17).

Dit is 'n voortsetting van die beeld van die "dag van die Here" in die HB toe Israel sy verbond met *God* deur hardnekkige volharding van oortreding geskend het. Die eerste gedeelte van hoofstuk 7 van *Esegiël* word gewy aan die voorspelling van die dag van grimmigheid van die Here wat ophande is:

> "Einde! Die einde het gekom oor die vier hoeke van die land" (7:2)
>
> "'n Einde kom, die einde kom, ..." (7:6)
>
> "Kyk, die dag, kyk, hy kom! (7:10)
>
> "Die tyd het gekom, die dag is naby; ..." (7:12)
>
> " ... hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die Here nie; ..." (7:19).

So kondig die "ander sterk engel", wat soos 'n weerkaatsing van Christus beskryf word, aan "dat daar geen tyd meer sal wees nie" (*Op*. 10:6) en dat wanneer die 7de engel die basuin sal blaas "die verborgenheid van God volbring" sal word.

Wanneer die basuin deur die 7de engel geblaas word, dan reageer die 24 ouderlinge met:

> " ... en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf " (11:18).

Ook die duiwel het geweet dat sy tyd min raak (12:12).

Die "rypheid" van die druiwe- en graanoes dra ook by tot die tydsaspek in die eskatologie. Dit dui aan dat die tyd nou reg is.

Die laaste perikoop van die boek *Openbaring* sluit aan by die dringendheid wat deurgaans in die boek voorkom en reeds in 1:1,3 voorkom: “wat gou moet gebeur”; “want die tyd is naby”.

Simboliese getalle word saam met die tydsaanduiding gebruik:

½: In Openbaring was daar ‘n halfuur van stilte in die hemel voor die laaste oordeel. Osborne (2002:336-338) verskaf ‘n opsomming en vergelyking van agt verskillende vertolkings wat deur navorsers hiervoor verskaf is en kom tot die slotsom dat twee interpretasies die beste begrip in die konteks gee: ‘n asem-ophou afwagting op God se oordeel om te ontvou en die liturgiese stilte in die hemel vanweë die wierook en die gebede van die heiliges in 5:8; 6:9-11; en 7:3-4.

1: Die oordeel oor Babilon sal vinnig en finaal kom – “haar plae (sal) op een dag kom”; “want in een uur het jou oordeel gekom!’; “ in een uur (is) soveel rykdom verwoes!” en “ ... deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!” (18:8,10,16,19).

3: Die woorde van Christus: “Kyk, Ek kom gou” word 3 keer herhaal (22:7,12,20). Dit word versterk deur:

> “om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur” (22:6);
>
> “want die tyd is naby” (22:10);
>
> “En die Gees en die bruid sê: Kom!” En laat hom wat hoor, sê: Kom!’ (22:17);
>
> “Amen, ja kom, Here Jesus!” (22:20).

3½ jaar: 42 maande: Die vrou word in die woestyn vir “n tyd en tye en ‘n halwe tyd” onderhou (12:14). Daar word ‘n tydsbeperking op die mag van die Dier geplaas nl. 42 maande wat ook op 3½ jaar neerkom. Dit is in teenstelling met die 2 getuies wat ook **1260 dae** (wat op dieselfde tydsduur neerkom) lank profeteer voordat hulle deur die dier doodgemaak word. In *Daniël* 7:25 dui dit die tydsduur aan wat aan die 4de dier gegee sou word om die heiliges te mishandel (vgl. 12:7). Dit stem ooreen met die 3½ dae wat die lyke van die 2 getuies in die straat gelos word. Kontrasterend is dit ‘n tyd van feesviering vir die Bose.

5: Die aardbewoners sonder die seël van *God* word 5 maande lank deur die sprinkaanleërmag gepynig. Navorsers het nog nie konsensus oor die oorsprong van die tydperk verkry nie. Sommige meen dit verwys na die duur van die lewenssiklus van ‘n sprinkaan; ander na die tydperk waarin hul in die streek voorgekom het of dat die oorblywende 7 maande op ‘n voltooide tydperk dui en die 5 op ‘n onvoltooide tydperk of beperkte tydperk dui (Resseguie 1998:54).

1000: Die millennium wanneer *Satan* vasgeketting word (20:1-10), het al baie bespreking en verskillende interpretasies uitgelok oor die paradoks van ‘dreigende nadering’ en ‘vertraging’ in die tydsaspek van die apokalips. Aan die een kant raak dit die heiliges: miskien moet die fokus meer na

die regverdiging van die heiliges se getroue volharding tot die dood toe verskuif word (vgl. Osborne 2002:698;705). Hulle het as konings saam met *Christus* geleef en regeer die 1000 jaar lank (20:4) en sal priesters vir *God* en *Christus* wees (20:6). Aan die ander kant word nog respyt aan die aardbewoners gegee, maar wat volgens die 'openbaring' tevergeefs was (20:7-10).

6.2C.5 DIE OPSTANDING

In *Openbaring* word die opstanding van die 2 getuies van *God* aangeteken (5.1.1C.8). Na 3½ dae "het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan en hulle het op hul voete gaan staan". Die woorde is 'n sinspeling op die beeld van die droë bene in *Eseg*. 37. Dit verwys ook na *Christus* se opstanding na 3 dae. Na analogie van die 3 jaar van droogte onder Elia wat in die NT na 3½ jaar apokalipties verleng word, so word die opstanding hier na 3½ dae verleng (Osborne 2002:429).

Direk na die opstanding vaar die twee getuies "in 'n wolk" op na die hemel, wat ook 'n parallel met die hemelvaart van Christus (*Hand*. 1:9) vorm, hoewel *Christus* eers weer aan Sy dissipels verskyn het en nie direk na Sy dood na die hemel opgevaar het nie. *Christus* se opstanding hou egter die belofte in vir die opstanding van die gelowiges/heiliges/martelare in.[189]

Johannes verwys in *Op.* 20:5-6 na "die eerste opstanding" en "die tweede dood":

> "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank".

Hy omskryf "die tweede dood" verder in 20:13-14 en 21:8:

> "En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood."
>
> "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en die gruwelikes en die moordenaars en die hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood".

Hierdie twee gedeeltes sluit aan by die belofte in die tweede brief aan die gemeente van Smirna"

> " ... Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie" (2:11).

---

[189] Verskillende vertolkings word aan die verskillende groepe en tye geheg, maar val buite die bestek van die onderwerp. (sien Osborne 2002:708 vir opsomming van verskillende menings).

6.2C.6 DIE HIERNAMAALS

Die laaste oordeel oor die aardbewoners wat volhard in hul ongeregtighede ten spyte van al die plae is die "poel van vuur (en swawel)" - "die tweede dood" (20:14;21:8). In die laaste perikoop word weer beklemtoon dat hulle uit die "nuwe Jerusalem" uitgesluit word: "buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen" (22:15).

In die visioen van Johannes beskryf hy die lewe vir die heiliges na die oordeel as "'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde" en dat die "heilige stad" ,Jerusalem, as die "nuwe Jerusalem" vanuit die hemel na die aarde toe neerdaal (21:2). Meer nog, die tabernakel van *God* sal "by die mense (wees) en Hy sal by hulle woon" (21:3) (Die beelde van "nuwe hemel(e) en 'n nuwe aarde" kom in die HB in *Jes*. 65:17 en 66:22 voor). Daar sal geen "dood, droefheid en geween" meer wees nie (*Op*. 21:4; vgl. *Jes.* 65:19b).

Die see word simbolies van die negatiewe elemente beskou en vorm nie deel van die nuwe hemel en aarde nie - 21:1 (*Sheol* word ook met ontstuimige waters soos die see en golwe in die HB verbind -*Jona* 2:3-6). In hoofstuk 22:3 word "geen enkele vervloeking" bygevoeg.

Die beskrywing van die "nuwe Jerusalem" word in die konteks van "die heerlikheid van *God*" (21:11) deur kosbare stene en metaal soos jaspis en suiwer goud, gedoen. Die hoë muur se twaalf poorte verteenwoordig Israel; die 12 fondamente die 12 apostels van die Lam. Elkeen van die fondamente word met 'n kosbare edelgesteente beskryf en die 12 poorte het uit een groot pêrel bestaan. Die boustof en die straat was "suiwer goud soos deurskynende glas" (21:18,21).

Die *Almagtige Here God* en die *Lam* neem die plek van die tempel in (21: 22). Hulle is ook die Lig van die stad en geen son of maan of lamp is nodig nie (21:23,22:5). Hierdie aspek word beklemtoon deur die herhaling en die omskrywing "want nag sal daar nie meer wees nie" (21:25; 22:5).

'n "Suiwer rivier van die water van die lewe" stroom vanuit die troon van *God* en van die *Lam* en daar is ook "die boom van die lewe" wat elke maand vrugte dra en die blare van die boom "is tot genesing van die nasies". Die enkelvoud is moeilik om met die posisie van die boom te vereenselwig aangesien die boom aan "weerskante" van die rivier was. Aangesien die beeld sterk ooreenkoms met *Eseg*. 47:12 toon, is die vertolking as 'n enkelvoudige versamelnaam die mees aanvaarbare vertolking (Osborne 2002:771):

> "En by die stroom sal aan al twee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hul nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan – uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees" (*Eseg*. 47:12).

Die kroon word gespan deurdat die volgelinge die aangesig van *God* kan sien en dat Sy "Naam" op hul voorhoofde sal wees (22:4).

6.2.1 OPSOMMING EN VERGELYKENDE SAMEVATTING

AFLOOP VAN DIE OORLOG/ESKATOLOGIE:

Beskrywing van tyd van onheil voor die oorlog- *Bahman Yasht*	Algehele Uitwissing van *Belial* en sy manskappe	Kruisdood van Christus
Oorwinning oor Bose	Verlossing vir die mense van *God*	Oorwinnaars oor dier en sy beeld/teken/getal van naam
Helers van die wêreld	Toekomstige Priesterkoning	Oorlog deur *Christus* en Hemelse leërs
Saoshyanto / Zarathushtra	In konteks van 1/2 Messiase	
Chinvat Brug		Dier en valse profeet in vuurpoel gegooi
Daena		
Gedagtes/ Woorde /Dade	Genade	Satan 1000 vasgeketting
Toets deur suiwer vuur en gesmelte yster	Toets in smeltkroes	Deur Vuur van *God* verslind
Waarheid	Waarheid	Naam opgeskryf in Boek
Genade	Gehoorsaamheid	Werke
Gehoorsaamheid		Oopmaak van Seëls
Beloning/Prys	Vreugde/Vrede/Seëninge	7 Engele met basuine
Vergelding	Boosheid verneder/dienaars	Graanoes/Druiwe-oes engele
		Engele met Bakke
		Babilon
		Gemeentes
Einde van historiese tyd	Bestemde tyd van *God*	Die groot dag van die almagtige *God*
Finale Draaipunt van Skepping	Vasgestelde tye van ewigheid	
Voorste/Eerste Bestaan	Historiese tyd > Ewigheid	Dief in die nag
Herstelde/hernude Bestaan		Getalle
Beste/Glansryke Bestaan (Opstanding)	Geheimenisse van *God*	Opstanding van 2 getuies en *Christus*
Voorspoed:Materieel/Geestelik	Israel regeer vir ewig	1ste Opstanding; 2de Dood
Rykdom/ Geluk/ Lang en vreugdevolle lewe	Glorieryke Oorlogsbuit	Poel van Vuur en Swawel
	Vrede/Seën/Glorie/Vreugde	Nuwe Hemel/Nuwe Aarde
Huis van Goeie Gedagtes/Sang	Lang Lewe	Nuwe Jerusalem

Huis van Slegte Gedagtes /Bedrog Gaste		Tuin met rivier/boom van lewe Geen tempel/son/maan/lamp, maar by hulle die troon van die Almagtige *Here God* en Lam/ *Christus*

6.2.1.1 UITSLAG VAN OORLOG

Zarathushtra voorsien ‘n draaipunt in die geskiedenis van die mens wanneer die Goeie, na ‘n lang stryd die Bose oorwin het en ‘n wonderlike hernuwing van die wêreld sal plaasvind (30.9; 44.2; 51.6). “It is a continuous change through persistent mental and physical purification, spiritual uplifting, development, and augmentation” (Mehr 2003:139). In die *Bahman Yasht* word ‘n beskrywing van die toestand van verval van die Bose voor die oorlog gegee. Daar sal volgens die geskrif 3 oorloë plaasvind. Laasgenoemde twee aspekte word nie in die *Gathas* aangetref nie.

Net soos die almag van *God* in *1QM* beklemtoon word, word die “algehele/ewige uitwissing” van die vyand, *Belial* en sy lot, deur herhaling bekragtig. Daardeur verkry die Seuns van die Lig verlossing en heerskappy en sal dit die einde van die “bestemde tye van duisternis” wees. In *1QM* word die oorlog in 7 fases ingedeel: 3 oorwinnings aan die Seuns van die Lig en 3 oorheersings deur die Seuns van die Duister totdat laasgnoemde in die finale 7de slag, vernietig word.

In *Openbaring* word 3 fases in die oorlog aangeteken. Die eerste is die Kruisdood van *Jesus Christus*, waardeur die oorwinning oor *Satan* behaal is nog voordat die eintlike stryd ‘n aanvang geneem het. Die oorwinnaars in die hemel sing lofgesange aan *Christus*, want deur hul “lydsaamheid” het hul oorwinning oor “die dier en oor sy beeld en oor sy teken en oor die getal van sy naam” behaal (15:2); hulle het getrou gebly en nie geswig voor sy verleiding, wondertekens en mag nie. Die tweede fase word in die oorlogsvisioen van *Christus* wat as oorlogskryger die hemelse leërs teen die magte van die dier en die valse profeet uitlei en oorwinning oor die dier en die valse profeet en hulle magte behaal, geteken (*Op*. 19). Die derde fase is die finale vernietiging deur die vuur van *God* van *Satan*, *Gog en Magog* en al die nasies. Almal wat weereens voor *Satan* se verleiding, na die 1000 jaar wat hy gebind was, geswig het (20:1-10).

> “En die duiwel wat hul verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (20:10).

In nie een van die geskrifte word die oorlog self beskryf nie. *Openbaring*, as die meer volwaardige apokalips word meer uitgebreid en aanskoulik deur die simboliek van die oorlogskrygers op hul wit

perde aangebied; ook meer realisties in die uitbeelding van die grusame toneel van die voëls wat die vleis van die gevallenes kom vreet (19:17-18).

6.2.1.2 MESSIAS

Die oorsprong van die ontwikkeling van die "Verlossers"/ *Saoshyants* in die Zoroastrisme word in die *Gathas* aangetref. In die beginsel om die aarde te 'hernu' of 'heel te maak' word Zarathushtra as die oorspronklike 'uitverkore' *Saoshyant* beskryf. Die konsep ontwikkel later saam met die 12000 'wêreldjaar' na 3 afstammelinge van Zarathushtra as 3 *Saoshyannts.*

Gedeeltes uit die HB word al hoe meer deur navorsers as meer "messiaans" vertolk deurdat hul verlossing deur 'n toekomstige gesalfde koninklike of priesterlike leier voorspel. Daarom dat die aanhaling van *Num.* 24:17 meer stukrag aan die minder opsigtelike teenwoordigheid (Prins van die Gemeente) van 'n messias in *1QM* gee. Dit word deur die konteks van die QL wat van een of miskien selfs twee messiase getuig, versterk.

Die verbintenis deur die skrywer (*Deutero-Jesaja*) van Kores met die 'gesalfde' en die 'herder' van *Jahwe* moes ook 'n rol in die ontwikkeling van die toekomstige messias gespeel het:

הָאֹמֵר לְכוֹרֶשׁ רֹעִי וְכָל־חֶפְצִי יִשְׁלֵם וְלֵאמֹר לִירוּשָׁלִַם תִּבָּנֶה וְהֵיכָל תִּוָּסֵד׃

כֹּה־אָמַר יְהוָה לִמְשִׁיחוֹ לְכוֹרֶשׁ אֲשֶׁר־הֶחֱזַקְתִּי בִימִינוֹ לְרַד־לְפָנָיו גּוֹיִם ...

> " ... wat van Kores sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word.
>
> "So sê die Here aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp ..."(*Jes.* 44:28- 45:1).

In die verse word bekragtiging aan Kores as 'n vreemdeling deur die bekende beelde as herder en gesalfde verleen.

Openbaring getuig dat *Jesus Christus* die verwagtinge aan 'n messias vervul het, maar op 'n heel ander manier as wat sommige van die Jode hulle dit voorgestel het. Hy word die 'offerlam' as verlosser vir Sy volgelinge. Kontrasterend neem Hy wraak (as militante 'Leeu' en 'Ram') teen al die vervolgers en die Bose in die visioene van Johannes.

Horbury (1998:130) kom tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van messianisme in die Tweede Tempelperiode ook roem aan 'n messias van glorie en heerlikheid ingesluit het en tot die titels, eerbetoning en aanbidding in die NT gelei het en so die skakel tussen die Judaïsme van die

Herodiaanse periode en die Christelike kultus van die verhewe *Christus* gevorm het. *1QM* kan nie as illustrasie hiervan geneem word nie.

6.2.1.3 DIE OORDEEL

In die *Gathas* geskied die oordeel met die "draaipunt" van die geskiedenis volgens 'n mens se "gedagtes, woorde en dade": goed vir goed; sleg vir sleg. Dit sal met Waarheid en "helder visie" deur die "Vuur en gesmelte yster" van *Ahura Mazda* gedoen word. Voordat die oordeel plaasvind, moet die persoon eers sy spieëlbeeld – *Daēnā* – by die Chinvat konfronteer. Gehoorsaamheid van die volgelinge en Genade van *Ahura Mazda* word deur Zarathushtra as noodsaaklike elemente by die oordeel ingebou.

Na analogie van die aanhaling van die seuns van Aaron in *1QM*, kan *God* se oordeel volgens die oortreding of ongehoorsaamheid van Sy wette vertolk word. Die toets deur "die smeltkroes van God" sluit nou aan by die metafoor van die Zoroastrisme van "die gesmelte yster van *Ahura Mazda*". Genade en Waarheid word ook in die *1QM* aan die oordeel verbind. Die verdrukkers word nou diensknegte en die duister word deur die lig oorweldig.

In *Openbaring* word twee kriteria in "die boek(e)" van *God* se oordeel vervat: die mens se werke (arbeid, gesindheid, geloof) en of sy naam in die boek voorkom (uitleef van Christenskap). Die twee kriteria stem ooreen met "gedagtes, woorde en dade" (*Gathas*) en gehoorsaamheid aan *God* se gebooie (*1QM*).

Openbaring brei breedvoerig uit oor die oordeel van die ongeregtiges wat vreesaanjaende elemente bevat: die 4 onheilspellende perderuiters; die natuurrampe; die 2 leërmagte; die druiwe-oes en die parskuip vir die wyn wat 'n "vloed van bloed" voortbring; die 'Egiptiese plae'; en die val van Babilon.

'Vuur' funksioneer in *Openbaring* as 'n oordeel en as die finale straf aan die Bose. Volgens Collins (2000a:123) was 1 *Henog* die eerste geskrif in die Judaïsme, waarin die idee van ewige straf deur vuur verskyn het. Moontlike aanduidings hiervan kan in die HB onderskei word.

Jahwe se verskyning aan Moses en Israel in *Eks*. 19:18 word deur vuur en rook op die berg Sinai beskryf:

> "En die hele berg Sinai het gerook, omdat die Here in 'n vuur daarop neergedaal het ...";

Jahwe se **heerlikheid** word uitgebrei na 'n "verterende vuur" in *Eks*. 24:17 :

> וּמַרְאֵה כְּבוֹד יְהוָה כְּאֵשׁ אֹכֶלֶת בְּרֹאשׁ הָהָר לְעֵינֵי בְּנֵי יִשְׂרָאֵל׃

> "En die verskyning van die Here se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg."

In *Ps*. 21:10 word die gevolge van *Jahwe* se **toorn** deur vuur uitgebeeld:

> יְהוָה בְּאַפּוֹ יְבַלְּעֵם וְתֹאכְלֵם אֵשׁ: ...

> " ... die Here sal hul verslind in sy toorn, en vuur sal hulle verteer" (Ps.21:10).

Hierdie twee aspekte van heerlikheid en toorn kan in die konteks van *Heb*. 12:28 in die NT saamgevat word. *God* moet "met eerbied en vrees" - μετὰ εὐλαβείας καὶ δέους - gedien word:

καὶ γὰρ ὁ θεὸς ἡμῶν πῦρ καταναλίσκον - "Want onse God is 'n verterende vuur" (*Heb*.12:29).

In *Openbaring* word verder op die twee aspekte van die vuur van die Godheid gebou en uitgebrei na *God* se finale oordeel in die eindtye: heerlikheid in die beskrywing van die Godheid (1:14; 2:18; 4:5; 19:12); toorn/oordeel (8:7,8; 9:17; 15:10; 16:8; 17:16; 18:8) en finale oordeel (19:20; 20:9,10,14,15; 21:8).

6.2.1.4 TYDSASPEK

Onder dié komponent word 'n belangrike eienskap aan die leringe van Zarathushtra toegeskryf: hy het 'n einde aan die historiese tyd - "die finale draaipunt" - verkondig wat deur die "eerste/voorste bestaan" opgevolg sou word. Gedurende die "glansryke bestaan" – die *Frashokereti* – sal die wette van Waarheid en Goeie Gedagte die wêreld beheers.

Voorbeelde van die indeling van tyd in verwagte tydperke is talryk in die *Bahman Yasht*.

In *1QM* word die tydsaspek deur die Almag van God oorheers deur die herhaalde gebruik van "die bestemde tyd van God". Davidson (1992:223-224) lees 'n belangrike verklaring van die soewereiniteit van God in die gebruik van מועד en רז. Die "bestemde tyd" word deur die "geheimenisse" van God in die ontplooiing van die "hele eskatologiese drama" gebruik om God se "alwetende beheer" in die dualistiese raamwerk te bevestig. Dit word versterk deur die verwysing na die son wat gouer ondergegaan het.

Deurlopend in *Openbaring* word dringendheid aan die tydsaspek van die *eskaton* – "die dag van sy toorn" - verbind. Dit word versterk deur die beeld van die onverwagte koms van "'n dief in die nag" wat in die briewe en weer aan die einde van die geskrif gebruik word; asook die rypheid/gereedheid van die graan- en druiwe-oes. Die woorde van *Christus*: "Kyk, Ek kom gou" word deur frases soos "wat gou moet gebeur" aangevul en herhaal. Babilon se oordeel sal binne 'n uur afgehandel wees. Die duiwel het "met groot woede" besef dat sy tyd min raak.

Simboliese getalle word met die tydsaspek ingespan. 1260 dae=42 maande=3½ jaar=‘‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd”: dieselfde tydperk word in verskillende eenhede vir die Goeie en die Bose gebruik. Die onderliggende betekenis wat hul verbind, is dat daar ‘n tydsbeperking vasgestel word. Dit dui moontlik op die Almag van God en Sy goddelike geordende Plan. In dieselfde lig kan die tydsvertraging ook vertolk word.

Die einde van die “aardse” tyd word pertinent aangekondig.

Bewustheid van tyd, afgebakende tydperke en die rol wat dit in die mens se lewe speel, word in die geskrifte weerspieël. Die beheer oor die “historiese” tyd en die “ewige” tyd word in die hande van die Aanvoerder geplaas.

6.2.1.5 OPSTANDING

Fisiese opstanding na die dood word nie duidelik in die *Gathas* verwoord nie. Opstanding het wel later ‘n integrale deel in toekoms-verwagtinge van die Zoroastrisme gespeel soos dit duidelik blyk uit die *Bahman Yasht.*

Die twee vroegste Joodse apokalipse, *Henog* en *Daniël* vorm ‘n denkbeeld van die opstanding van die dode aan die einde van die geskiedenis in die vorm van die gees of ‘n geestelike liggaam, maar die verhouding tot die fisiese liggaam wat gesterf het, word nie uitgeklaar nie (Collins 2000a:137). Hierdie twee geskrifte verbind hul idees aan “‘n goddelike geheim” en volgens Davies (2000:197) is *raz nihyeh* ‘n enigmatiese frase wat telkens in *4Q416* frag.2 3.10-15 die finale, maar verborge leidraad tot die raaisel van die lewe en veral die menslike bestaan wil weergee. Slegs sinspelings word in *1QM* aangetref.

In die NT is *Christus* se opstanding die voorloper van die algemene opstanding. Paulus klaar dit uit as ‘n geestelike liggaam en nie die liggaam wat begrawe is nie.

In *Openbaring* word die opstanding as ‘n gegewe behandel en die opstanding van die twee getuies beskryf:

> “En ná die drie en ‘n halwe dag het ‘n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en ‘n groot vrees het geval op die wat hul aanskou het” (11:11).

Hulle hemelvaart word na analogie met dié van Christus “in ‘n wolk” beskryf. Daar word direk na die “eerste opstanding” en die “tweede dood” verwys en dit verder omskryf.

6.2.1.6 HIERNAMAALS

In ooreenstemming met Zarathushtra se opvatting dat die einde van die historiese tyd ‘n vernuwing van die aarde sal behels, beskryf hy die verblyf na die dood as “die Huis van Goeie Gedagtes/Sang” teenoor “die Huis van Slegste Gedagtes/Bedrog”. Die inwoners word as “gaste” beskryf. Hy verwag

dat hy as beloning rykdom op geestelike, sowel as materiële gebied sal ontvang sodat dit vir hom wysheid en ‘n lang vreugdevolle lewe sal inhou. Die teendeel sal op die Bose wag.

Die Seuns van die Lig in *1QM* sien uit na “vrede en seën, glorie, vreugde en ‘n lang lewe” (1.9;17.7). Die toneel na die oorlog is een van oorlogsbuit en feestelike oorwinning. Verder sal “Israel vir ewig regeer”. (Die toneel hou ook moontlikhede in om dit met die herstel van die Skeppingstyd – *Endzeit* herstel *Urzeit* - te vertolk.)

In *Openbaring* is die ongeregtiges, wat hul nie bekeer het nie, se laaste bestemming die “tweede dood” en die “poel van vuur (en swawel)”. Hulle word nie deur die poorte van die “nuwe Jerusalem” toegelaat nie.

Die lewe na die oordeel word as “die nuwe hemel en die nuwe aarde” beskryf. Die fokus van *Openbaring* is op die stad, die “nuwe Jerusalem” wat uit die hemel na die aarde toe daal. Die stad word met edelgesteentes en suiwer goud beskryf. Die syfer 12 verleen ‘n spesiale verwysing na die dissipels en Israel. Die tempel hoef nie meer heiligheid aan die stad te gee nie, want die “Allerheiligste” word nou deur *God* en *Christus* in hul midde verteenwoordig. Lig is vanweë die goddelike teenwoordigheid ook nie meer nodig nie. Reinheid en oorvloed en volmaaktheid word deur die beskrywing van die tuin – die ‘nuwe Eden’ uitgestraal.

Die Heiliges – hul het *God* se naam op hul voorhoofde – kan *God* nou van aangesig tot aangesig sien en hulle heers as konings tot in alle ewigheid.

Hoewel die voorstelling by elke religie sy eie beeld aan die verheerlikte toekomsverwagting gee, vorm die aarde die basis waarop dit gebou word.

HOOFSTUK 7: BERAAD

7.1 ANALISE VAN STRATEGIE

Om die teiken duideliker te kan identifiseer moet die lens nog fyner op die opsommende vergelykings na elke komponent ingestel word. Die holistiese perspektief moet met die aanvanklike probleemstelling gekoördineer word. Die vraag is watter van die ooreenstemmende aspekte beskik oor die nodige "slaankrag" sodat dit in berekening gebring kan word.

7.1.1 RAAKPUNTE

In oorlogsterme dui onderstaande aspekte op skramhoue; houe wat rakelings die teiken tref: elemente wat 'n sterk ooreenkoms met die ander religieë toon, maar wat daardie spesifieke noodsaaklike leksikale verbinding kort om dit as "invloed" te kan bewys, soos daar in die eerste hoofstuk uitgeklaar is (1.2). "Thus, in order to consider the influence of one religion upon another as *proved*, we need something more than a common idea and a specific motif, we need a lexical connection, be it a loan word or a translation" – aldus García Martínez (2003:41).

7.1.1.1 DIE KOUSALE KONFLIK

Uit die opsomming van die historiese en religieuse konteks van die drie geskrifte het die ooreenkoms van die basiese konflik, waaruit hulle ontwikkel het, ten spyte van die verskil in die tydperke - ±1200-800 v.C.; ±164-50/30-1 v.C.; ±95 n.C., duidelik uitgestaan (3.2). Zarathushtra was aangegryp deur die wreedheid, bose praktyke en uitbuiting van die mense deur die religieuse en regerende leiers in hul samelewing, wat deur hul hebsug na mag, nog groter rykdom wou bekom (*Yasna* 48:10-11). In hul verbete najaging het hulle oor alles geloop wat in hul pad gekom het. Die komplekse politieke en religieuse situasie in Jerusalem (Makkabeëropstande en ontheiliging van die tempel) het teen die grein van die Jode wat hul by Qumran gaan vestig het, ingegaan. Hulle was een van die groepe, wat deur onttrekking gereageer het en hulle as 'n religieuse "guerrilla-bende" by die Dooie See gaan 'ingrawe' het. Die moeilike vormingsjare van die vroeg-Christelike kerk wat met eksterne en interne vervolging geteister is en besondere aanmoediging, versterking en vermaning nodig gehad het, word deur *Openbaring* weerspieël.

Al drie getuig van 'n afsplintering van 'n ou bestaande orde, die inslaan van 'n nuwe pad en die gepaardgaande bittere, skrynende konflik met selfs sommige lede van jou eie binnekring. Konflik met die mense die naaste aan jou is die pynlikste:

> "Wyse Een, (dit is) ek wat deur aanbidding, ongehoorsaamheid en slegte gedagtes van U sal wegkeer, en teenstand van die familie, en die 'naaste' bedrog van die van die gemeenskap, en die spotters van die sibbe … " (*Yasna* 33.4).

Die vyand word gehelp deur "hulle wat die verbond skend" (*1QM* 1.2).

> " … en die lastering van die wat sê dat hul Jode is en dit nie is nie …"(*Op*.2:9).

Zarathushtra en Johannes se dryfveer in die samestelling van die *Gathas* en *Openbaring* was in die geloofsoortuiging dat hulle die inspirasie deur openbaring deur onderskeidelik *Ahura Mazda* en die Godheid/*God-Christus* ontvang het. Indirek getuig *1QM* ook hiervan in die uitroep: "Want, waarlik die oorlog is U s'n!" Die sterk religieuse inslag by al drie geskrifte is die verklaring van 'n "heilige oorlog" teen die Bose.

7.1.1.2 NAME/BESKRYWING VAN AANVOERDERS

By al drie die religieë speel die betekenis van die name en die omskrywings van die aanvoerders en hul helpers 'n kardinale rol in die beskrywing van die essensie van hul wese. Nie slegs die wese word onthul nie, maar die krag wat in 'n naam verskuil is, word beklemtoon. Die vyand se optrede word in sterk afkeurende taal by die geskrifte verwoord en saamgevat in die beeld van duisternis en dieptes. Baie van die bose aspekte kan by al drie uitgeken word, maar die aspek wat onderskeidelik by elkeen uitstaan, is *Angra Mainyu* - bedrog, *Belial* – kwaadwilligheid, *Satan* – lastering deur verleiding.

Die kwaliteite by die protagoniste stem ook baie ooreen en hul wese word in die konteks van hul religieë in hul name en belangrikste omskrywings vasgevat: *Ahura Mazda* –'Meester van Wysheid' (5.1.1A.1.1), *El*/*God* – Die God van Israel –*Jahwe*/'Ek is wat Ek is'(5.1.1.B.1.1), en *Κύριος ὁ θεὸς* /die *Here God* - 'wat is wat was en wat kom':, *Ἰησοῦς Χριστός*/ *Jesus Christus* – die Gesalfde (5.1.1C.1.1).

Sonlig en vuur speel 'n vername rol in die tekening van die protagoniste. Soos lig en duisternis as algemene natuurelemente (dag teenoor nag met die meegaande voordelige en nadelige eienskappe) in die religieuse geskrifte van bykans al die kulture voorkom, is die oorspronklike aanwending in 'n religieuse geskrif baie moeilik om te bepaal.

Zarathushtra het die verering van vuur (5.1.1A.3.1.3) volgens die tradisie by die Indo-Iraniërs behou en ná hom is dit nog verder uitgebou. *Atar* beteken 'vuur', 'lig' en die 'vlam' van die vuur en verteenwoordig simbolies die ewige lig van *Ahura Mazda* (Mehr 2003:41). Nie slegs die 'lig' nie, maar as verteenwoordigende element van *Asha*/Waarheid/Orde dra *Atar* by tot die essensie van die Zoroastrisme. Die praktiese noodsaaklikheid en doeltreffendheid in die antieke tye om die vuur in die herd gedurig aan die brand te hou, is oorgedra na 'n betekenisvolle religieuse ritueel.

In die voorskrifte aangaande die brandoffer in die HB word ‘n paar keer herhaal dat:

> “Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie” (*Lev*. 6:13).

Van die vroegste belangrike religieuse gebeurtenisse - soos die verhaal van die profeet Elia en die profete van Baal (1 *Kon*.18) - in die HB word “vuur” as ‘n goddelike instrument geteken. Daar is reeds verwys na *Eks*. 3:3-4 waar Jahwe met Moses vanuit ‘n vlammende doringbos gepraat het. Nie slegs word vuur simbolies vir die wese van *God* en as ‘n goddelike instrument gebruik nie, maar dit speel verder ‘n groot rol in die ‘oordeel’ in die eskatologie.

Die tekenende beeld van die ‘smeltkroes’ in *1QM* sluit by die vuur aan en beklemtoon die aspek van suiwering. Die laaste vyandelike leërmag wat Jerusalem sal omsingel, word deur vuur wat “uit die hemel neergedaal en hulle verslind” het, finaal vernietig (*Op*. 20:9).

7.1.1.3 WAARHEID

Waarheid/ *Asha* en Goeie Gedagtes/Denke/ *Vohu Mana* vorm die basiese boustene van die religie wat deur Zarathushtra verkondig is. Dit hang ten nouste saam met die basiese lewensbeginsels om ‘orde’ te handhaaf. “*Asha* connotes the eternal, immutable and causative law that governs the universe. It is the divine law that regulates both the spiritual and the corporeal worlds … It denotes the ideal truth” (Mehr: 2003:71).

> “Ek (Zarathushtra) wat, … die allergrootste Gehoorsaamheid vir U sal oproep, ek sal vir ons die langdurige wet/voorskrifte van Goeie Gedagtes en die reguit paaie in ooreenstemming met die Waarheid, waar die Wyse Een bly, verkry” (33.5).

Waarheid word ook in die HB in *Ps*. 119 (word in die Persiese tydperk gedateer) aan die wet en geregtigheid van God verbind:

> “U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u wet is waarheid” (:142);
>
> ‘U, o Here is naby, en al u gebooie is waarheid”(:151);
>
> “ Die hele inhoud van u woord is waarheid …” (:160);

‘Waarheid’ word in een van die 10 gebooie verwoord: “Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie” (*Eks.* 20:16). אמת – waarheid - word ook as ‘n eienskap vertaal met die betekenis van ‘getrouheid’ (*Ps*. 31:6).

In *1QM* word ‘Waarheid’ saam met “Regverdigheid, Glorie en Oordeel’ as kwaliteite van *God* op die baniere beklemtoon (4.6). Verder word veral in kolom13 verwys na *God* se “waarheid” en Sy “werke van waarheid” (13.1,2,9,10,12,15; 14.12). In 13.2 word *God* geseën vir “ Sy heilige plan en

Sy werke van waarheid” – מחשבת קודשו ומעשי אמתו - deur die priesters, die Leviete en al die ouer garde. “Heilige plan” skakel nou met die riglyne wat deur *God* daargestel word – soos die betekenis van ‘orde’ by die Zoroastrisme. Die stelling dat hulle (die gemeenskap) deur *God* se ‘waarheid’ in die “lot van die lig” gewerp word (13.9-10), het egter weer ‘n deterministiese inslag wat tekenend van die QL is, maar nie in die *Gathas* teenwoordig is nie.

In die NT in *Joh.*14:6 verklaar *Jesus:*

> “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”.

Openbaring bevestig *Christus* as die personifikasie van die waarheid deur Hom as die “getroue en waaragtige Getuie” (3:14) te benoem.

In die beginsel van “Waarheid” is dus baie aspekte van ooreenkoms vervat, maar m.i. is dit weereens ‘n algemeenbekende konsep in die HB en is daar nie genoeg vasmaakpunte om dit as “invloed” van buite te bestempel nie. *Christus* word wel as ‘n personifikasie van ‘n kwaliteit voorgehou – soos *Asha* een van die *Heptad* in die Zoroastrisme is en ‘paaie’ word ook aan waarheid in die *Gathas* gekoppel, maar hier (*Joh.* 14:6) kom nog ‘n kardinale element van “die lewe” by.

In *Openbaring* verleen die groepering van Waarheid met Getuie(nis) en die Woord weer ‘n ander dimensie aan die beeld (7.1.1.5).

“Bedrog” word skerp teenstellend en herhaalde kere teenoor “Waarheid” in veral die *Gathas* en in *Openbaring* gebruik.

Die besondere waarde wat aan die Waarheid as kwaliteit van die Goeie/die Protagonis in al drie religieë geheg is, moes wel tot ‘n gevoel van affiniteit tussen die volgelinge van die religieë bygedra het.

7.1.1.4 GEHOORSAAMHEID

Gehoorsaamheid (deur goed te luister) - *Sraosha* (5.1.1A.3.1.1) - word deur die oortreffende trap “allergrootste” in die bostaande aanhaling uit die *Gathas* (*Yasna* 33.5) beklemtoon. Hierdie kwaliteit is so hoog geag dat dit later as ‘n belangrike *Yazata* by die Zoroastrisme ontwikkel het. *1QM* haal ‘n gebeurtenis uit die verlede om *God* se oordeel oor ongehoorsaamheid te illustreer, nl. Aaron se seuns. Gehoorsaamheid is een van die aspekte van volharding, wat as een van die sleuteltemas van *Openbaring* deur Osborne (2002:42) beskryf word. Dit word ook deur die “bewaring van die gebooie van God” omskryf (12:17). Dit weerklink in die slot van elkeen van die 7 briewe aan die gemeentes: “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.” Die refrein word weer as ‘n merker in 13:9 herhaal, wat nog meer prominensie daaraan verleen.

7.1.1.5 GEDAGTES/WOORDE/DADE

Hierdie woordgroep - die belangrike 'leuse' in Zoroastrisme - dui die praktiese instrumente aan, waardeur die keuse wat die mens geneem het, tot uitvoering kom. In *1QM* word dit deur die beeld om "die perfekte weg te wandel" voorgestel, terwyl dit in *Openbaring* deur "werke" saamgevat word.

Zarathushtra het veral die eerste twee aspekte benadruk. Goeie Gedagtes/Denke/Voornemens is as 'n entiteit in die Heptad as *Vohu Manah* opgeneem en vorm saam met Waarheid/*Asha* van die grondbeginsels in die Zoroastrisme (7.1.1.3). Die eerste komponent van die leuse - *humata* - kan eintlik as 'n verlengstuk van die kwaliteit beskryf word.

"Woorde" word deur die "tong" by die Zoroastrisme en die "mond" in *Openbaring* verbeeld. Welsprekendheid en "soetheid van spraak" beklee hoë prioriteit in die Zoroastrisme en word deur die koestering van die kragtige "heilige manthras" geïllustreer (6.1.2.A); die "tonge van woede en wreedheid" van die Bose word in skerp kontras daarteenoor gestel. Die "skerp tweesnydende swaard uit die mond van Christus" word weer met "die mond van godslastering" van die Dier gekontrastreer.

Die woord - ὁ λόγος - is 'n betekenisbelaaide konsep in die NT. *Joh.* 1:1,14 en *Op.* 19:13 is reeds aangehaal om die personifikasie van *Christus* as die Woord aan te dui (5.1.1.C.2.1). In *Openbaring* word "die woord van God" saam met "die getuienis van Jesus Christus" gebruik (1:2,9); ook saam met "die getuienis van die siele onder die altaar" (6:9). *Christus* word beskryf as die "getroue en waaragtige Getuie (3:14). Aan die einde van *Openbaring* word "hierdie woorde"/*God* se woorde/die woorde van die profesie (1:3; 22:7) as "waaragtig en betroubaar" bestempel (21:5; 22:6). Deur die verskillende kombinasies, met 'n komponent wat in 'n nuwe groepering herhaal word, word 'n betekenisketting geleidelik deur die geskrif aan mekaar geskakel:

Die Woord >*God*>*Christus*>Getuienis> Martelare>Getrouheid>Waarheid.

7.1.1.6 GRAMSKAP

Hoewel "toorn/gramskap/grimmigheid" nie in *1QM* of *Openbaring* gepersonifieer word soos in die Zoroastrisme - *Aeshma* (4.1.2.A.1.1) - nie, speel dit 'n beduidende rol in al drie geskrifte, veral in *Openbaring* waar die "grimmigheid" vir die Goeie (Oordeel) en die Bose (Wreedheid) gebruik word.

7.1.1.7 RYKDOM/ARMOEDE

Dit was opmerklik hoe materiële rykdom in al drie geskrifte as 'n afbrekende sosiale 'euwel' wat ydelheid, hoogmoedigheid en verdrukking tot gevolg het, afgekeur word. In *1QM* word oorwinning

aan die armes/verdruktes en die struikelendes/swakkes deur die krag van *God* bevestig. Zarathushtra was by uitstek die kampvegter van die onderdruktes en benadeeldes. Die brief aan die gemeente van Laodicea plaas die stempel daarop met die beklemtoning van die 'geestelike' armoede en rykdom, terwyl die simboliek van Babilon hoofsaaklik op die verganklikheid van aardse skatte berus. Dit word beklemtoon deur die metafoor van "naaktheid" vir geestelike armoede.

*7.1.1.8 VERBOND/*MITHRA

Hoewel die verbond nie in die *Gathas* so sterk op die voorgrond tree nie, is groot betekenis in die voorstelling deur *Mithra*, in die tydperke voor en na Zarathushtra daaraan geheg. By die Judaïsme het die Verbond met *Jahwe* 'n basiese rol regdeur die geskiedenis van Israel en die Jode gespeel. Die verbondsark vervul steeds 'n rol in *Openbaring* deur die vername plek, wat in die hemel daaraan toegeken word. Dit regverdig vermelding as 'n aspek van affiniteit tussen die drie religieë.

7.1.1.9 REINHEID

Hoewel die aspek van reinheid nie so sterk in die *Gathas* ter sprake kom nie is dit 'n uitstaande kenmerk van die Zoroastrisme. Baie reinheidswette is in die latere boek, die *Vendidad*, opgeneem. *1QM* is streng in hul keuring van die manskappe wat volmaak in 'gees en vlees' moet wees vanweë die teenwoordigheid van die heilige engele. Die smeltkroes word met suiwering geassosieer. "Wit klere" is in *Openbaring* die simbool van reinheid. Daardie vereiste word bereik deur die klere in die "bloed van die Lam" te was.

7.1.1.10 GEBEDE

Al drie die geskrifte bevat gebede en dit verleen 'n toon van aanbidding en verering daaraan. In die *Gathas* word dit deur die 'gesprek' tussen Zarathushtra en *Ahura Mazda* oorgedra; *1QM* gee die oorlogsgebed van die priester weer en in *Openbaring* dui dit hoofmomente in die geskrif aan.

7.1.1.11 JUK

Hierdie aktuele beeld - in kulturele konteks - word 'n paar maal vir die Goeie (die Juk van Waarheid) en die Bose (Juk van Verdrukking) in die *Gathas* gebruik. In *1QM* word die beeld aangepas. Hoewel dit nie in *Openbaring* gebruik word nie, word dit toepaslik in *Gal.* 5:1 gebruik; asook in die uitspraak van *Jesus* dat Sy "juk sag" (*Matt.* 11:30) is.

7.1.1.12 LEX TALIONES

Soos aangedui word die stryd baie duidelik op hierdie beginsel by die *Gathas* aangepak. By *Openbaring* word dit meer kompleks en uitgebreid in die parodie van die Bose en die gesig van Babilon, die 2 leërmagte en die perde oorgedra. In skerp kontras met laasgenoemde beelde word

“lydsaamheid” - getroue getuienis selfs tot die dood toe - deur die gesig van die martelare ‘onder die altaar’ geteken. Die twee beginsels word herhaal in *Op.* 13:10 en “lydsaamheid” word in 14:12 nog verder uitgebrei na die “gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar”

7.1.1.13 UITWISSING VAN DIE BOSE

Een punt waaroor daar geen onsekerheid heers nie is dat die uiteindelike afloop van die finale eskatologiese oorlog die vernietiging van die Bose sal beteken.

7.1.1.14 DIE VERLOSSER

Aanvanklik het die figuur van die *Saoshyant* in die *Gathas* op enigeen wat as ‘heelmaker’ sou optree gedui. Dit was eintlik ook die geval in die HB wat selfs die Persiese koning, *Kores*, as ‘n gesalfde beskryf het (Shapero 1997:2). Hy word ook as ‘n ‘herder’ beskryf wat in *Psalm* 23 as ‘n beeld vir *Jahwe* gebruik is. Die ‘heelmakers’ sinspeel in die Zoroastrisme ook op die ‘reinheid’ wat hulle t.o.v. riviere en die aarde gehandhaaf het. *1QM* is in die konteks van die QL in die verwagting op ‘n messias geskryf, maar daar word nie duidelik daarna verwys nie. *Christus* het die profesie van ‘n gesalfde vervul, maar op ‘n heel ander manier as wat die Jode dit verwag het.

7.1.1.15 DIE OORDEEL

Die basiese elemente van die oordeel in die geskrifte toon ‘n ooreenkoms. *Openbaring* stel dit baie meer uitvoerig in skrikwekkende gesigte voor. Gehoorsaamheid deur die volgelinge en genade en waarheid van *Ahura Mazda* en God word direk aan die oordeel in die *Gathas* en *1QM* verbind. By die *Gathas* en *1QM* word jou lewenswandel geoordeel, terwyl by *Openbaring* geloof in *Christus* bygevoeg word - dit word in die twee kriteria omvat (bespreek by 6.2.C.3). “Vuur” speel by al drie ‘n vername rol.

7.1.1.16 LIEFDE EN GENADE

Die *Gathas*, *1QM* en *Openbaring* getuig van die liefde wat veral aan die genade van *God* verbind word. Daar is reeds na die woorde van *Christus* in sommige van die briewe aan die gemeentes verwys, waar Hy vermaan dat Hy ook diegene wat Hy liefhet, tugtig.

7.1.1.17 VROUE

Die gelyke status wat Zarathushtra in sy *Gathas* aan mans en vroue toegeken het, was uitsonderlik vir die tydvak waarin hy geleef het. Die samelewing van Israel word gekenmerk deur die patriargale stelsel waarin die mans volgens die geskrifte van die HB die oorheersende rol gespeel het. Enkele vroue soos Sara, Rebekka, Ragel, Miriam, Rut, Esher, Debora word uitgesonder. *1QM* sluit aan by die patriargale tradisielyn van die HB en vroue word volgens die reinheidswette nie in die kampe

van die oorlogsvoerders toegelaat nie. Hulle word wel in die vreugde van die oorwinningsvierings ingebring:

> "Dogters van my volk, roep met 'n stem van jubeling! Beklee jul met glansryke sierade!"(12.15).

Die gebeure rondom *Jesus* en die twee susters, Martha en Maria in die NT (*Luk*. 10: 38-42) dui op *Jesus* se aanmoediging van vroue as volgelinge en selfs reisgenote en mede-verkondigers van die evangelie van die koninkryk van *God;* alhoewel Hy aanvanklik 12 mans as dissipels geroep het. Twee sterk vrouebeelde word deur twee stede in skerp kontras in die simboliek van *Openbaring* geteken: Die bruid/Jerusalem teenoor die hoer/Babilon.

7.1.1.18 WOORDE VAN PERSIESE OORSPRONG

'n Hele paar leenwoorde van Persiese/Iraanse oorsprong is al in die woordeskat van die geskrifte by Qumran uitgeken soos bv. פרדס, בדני en נחשיך. (Lg. twee kom ook in 1QM voor). Shaked (1995:278-279) het drie eiename en drie soortname – ***bgsrw,bgwšy, ptryzᵓ*** ; ***ᵓwšy, bdny, pnbd*** - in sy bespreking oor skakels tussen Qumran en Iran uitgelig, maar wys daarop dat dit nie as bewys dat die taal by Qumran onder sterker invloed as ander tipes van Hebreeus of Aramees vertolk moet word nie; eerder dat die kennis van die taal in daardie tydperk nog te kort skiet. Paradys - *pairi-daēza* word in *Openbaring* gebruik (5.1.3.C).

Barr (1985:212) is van mening dat die voorkoms van leenwoorde nie eintlike bewys van Joodse bewustheid van Iraanse religieuse strukture inhou nie, maar meer op hul kennis van die administratiewe werke en hofprosedures van die ryk dui.

García Martínez (2003:49) het נחשיך as 'n leenwoord uit Persies ondersoek as 'n moontlike leksikale skakel as bewys van invloed van die Iraanse religie op die ontwikkeling van die apokaliptiek in die Judaïsme. Hy het gelet op die ongewone verbinding van die getal 7 met die alternatiewe fases van die eskatologiese oorlog. Hy (García Martínez 2003:48) haal aan uit die *Bahman Yasht* III.33 en Plutargos om aan te toon dat die algemene idee van 'n finale oorlog tussen die goed en die kwaad, asook die spesifieke besonderhede dat die protagoniste alternatiewelik seëvierend sal wees en dat die finale gevolg reeds vooraf bepaal is, reeds bevestig is. Sy slotsom is dat נחשיך nie in die Pahlavi-tekste wat oor die finale oorlog handel, gebruik word nie en dat die woorde wat wel gebruik word, te algemeen is om as leksikale gelykes beskou te word.

7.1.2 VERSKILLE /AFWYKINGS

7.1.2.1 OORSPRONG BOSE GEES

In die *Oorlogsrol* word dit duidelik gestel dat *God Belial* "vir die put" geskape het. *Openbaring* sluit by die tradisielyn aan deurdat die verhaal van *Migael* en *Satan* se oorlog in die hemel daarin opgeneem is. Dit is egter nie so 'n uitgemaakte saak by die Zoroastrisme dat *Angra Mainyu* vanuit die domein van *Ahura Mazda* afkomstig is nie, hoewel die beeld van 'n "tweeling" vir die twee "oorspronklike" geeste – *Spenta Mainyu* en *Angra Mainyu* al baie teenstrydige interpretasies uitgelok het.

7.1.2.2 AANBIDDING ENGELE

Die verering van die ander Entiteite wat nie in die *Gathas*, maar wel in die *Yasna Haptanghaiti* (35.1) voorkom, stem geensins ooreen met *1QM* of *Openbaring nie*. (Daar is verwys na die *Fravashis* wat in *Yasht* 13 aanbid word.) Inteendeel in *Openbaring* word Johannes twee keer (19:10; 22:8-9) direk reggehelp:

> "En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: "Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het." (19:10).
>
> "En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God" (22:8-9).

7.1.2.3 SAKRAMENTELE GESKENK

'n Verskil in 'n basiese beginsel tussen die leerstellings van Zarathushtra en die van die HB is deur die simboliek van die "sakramentele geskenk" beklemtoon. *Ahura Mazda* 'groei' deur die 'goeie gedagtes, woorde en dade' van sy volgelinge deur wedersydse wisselwerking van die goddelike kwaliteite, terwyl die leerstellings vervat in die HB, *1QM* en *Openbaring* die Almag van *God* onderstreep en verkondig.

7.1.2.4 DIE UITVERKORENES

Hierdie aspek is nou verbonde aan die tradisielyn in die HB van Israel as die uitverkore volk van *God*. Die gedagtelyn word voorgesit in *1QM* deur die Gemeenskap as die "uitverkore oorblyfsel" te beskryf. In *Openbaring* word die aspek deur die 'boek van die lewe' uitgebeeld. Dis 'n voortsetting van die konsep wat reeds in die HB gebruik is, maar in *Openbaring* word dit duidelik uitgebrei na alle nasies. In die *Gathas* word die vrywillige keuse wat verantwoordelikheid meebring meer beklemtoon.

7.1.2.5 VERTRAGING

Daar is gewys op die element van vertraging in die duur van die eskatologiese oorlog tot by die finale oorwinning wat by *1QM* en by *Openbaring* voorkom. 3 fases van oorwinning word aan *Belial* en sy magte toegestaan voordat hulle finaal oorwin word. So word daar in *Openbaring* ook eers ‘n tydperk van suksesse aan die Dier en die profeet toegelaat voordat hul oorwin word. Nadat *Satan* 1000 jaar ingekerker word, kry hy nog ‘n geleentheid om sy magte te versamel voordat hy finaal verower word. Die stryd in die Zoroastrisme word as ‘n langdurige volgehoue kragmeting tussen die Goeie en die Bose voorgestel. (In die *Bahman Yasht* kom ook vertraging van tyd voor – as wonderwerk van die *Saoashyant*, maar weens onsekerheid oor die eralaag word dit nie in berekening gebring nie - 6.2.A.4.)

7.1.2.6 HIERNAMAALS

Die tekening van die lewe na die dood word verskillend deur die drie samestellers gedoen. Zarathushtra beskryf dit as ‘n vernuwing van die aarde. Waar die “Huis van Goeie Gedagtes/Sang” en die “huis van Slegste Gedagtes en Bedrog” presies inpas, word nie duidelik uitgewys nie. Hy verwag dat hy ‘n rykdom op geestelike en materiële gebied gaan ontvang en ‘n lang vreugdevolle lewe op die hernude (heelgemaakte) aarde gaan ondervind. Dit stem in ‘n mate ooreen met die “vrede, seën, glorie, vreugde en ‘n lang lewe” wat in *1QM* voorgehou word, maar die toneel is een van oorlogsbuit en feesviering na ‘n glorieryke oorwinning. “Israel sal vir ewig regeer” dui op ‘n verwagting van herstelde eer en voorspoed aan die “oorblyfsel”. Johannes beskryf in *Openbaring* ‘n “nuwe Jerusalem” wat van die hemel na die aarde neerdaal en dat *God* en *Christus* daar teenwoordig sal wees.

7.1.3 STRYDKWESSIES

7.1.3.1 SIMBOLIEK/MITOLOGIE

Hierdie aspek is moeilik om op gelyke vlak by die geskrifte te takseer vanweë, die meer ontwikkelde omvang van die apokaliptiek by *Openbaring*. Die *Oorlogsrol* konsentreer meer op die eskatologie en die liturgiese verdieping van die oorlogsverhandeling. Die *Gathas* bevat enkele beelde en metafore om die leerstellings van Zarathushtra in sy manthras te illustreer. Hierdie komponent wyk dus af van die vasgestelde omvang om ‘n meer volledige geheelbeeld te vorm. Die *Yashts* wat deur Mary Boyce (1984:27-33) as antieke materiaal uitgelig word, is derhalwe ook bespreek (sien 4.1.2.A.3). Die *Oorlogsrol* konsentreer vanweë sy pragmatiese aard van “heilige” oorlogvoering op verhale uit die geskiedenis van Israel soos opgeteken in die vroeëre geskrifte van die HB.

Die gebruik van paddas as simbool van die bose geeste wat uit die mond van die draak, die dier en die valse profeet gekom het, is opmerklik (*Op*.16:13). In die HB word paddas as een van die Egiptiese plae op 3 plekke (*Eks*. 8; *Ps*.105:30; *Ps.* 78:45) gebruik en slegs 1 keer in die NT in *Openbaring*. Daar is verwys na die demoon *Azi Dahak* waarvan die lyf oortrek met reptiele was en dat dit uit sy lyf kon stroom. Hy het ⅓ van die mense, diere, water, plante en vuur vernietig. [190] Die breuk word ook in die konteks van oorlog in die *Bahman Yasht* gebruik (3.28). In *Openbaring* vernietig die engele met die basuine se oordele ⅓ van die bome en gras, see, water, lig, en mense.

Dieselfde breukdeel word egter ook in die HB in *Eseg.* 5:12 in die voorspelling dat ⅓ van Israel deur vuur vernietig sou word, ⅓ deur die swaard en ⅓ gevange geneem sou word, gebruik. Daarby kom paddas as ‘n Egiptiese plaag nie in die oordele van die basuine en die bakke (wat van die plae insluit) voor nie en het Johannes dit heel moontlik in aansluiting by die beeld van die 3 geeste gebruik (sien ook Osborne 2002:357).

7.1.3.2 OPSTANDING

Hoewel ‘opstanding’ baie duidelik in die *Bahman Yasht* verwoord word, kan dit nie onteenseglik na die *Gathas* terugverwys word nie. Die begrip word ook nie duidelik in *1QM* uiteengesit nie, hoewel dit in 1 *Henog* en *Daniël* voorkom. In *Openbaring* is *Christus* se opstanding reeds deur Sy volgelinge aanvaar. Jesus het voor Sy dood die profetiese woorde aan Martha, die suster van Lasarus, gerig:

> “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe;”(Joh.11:25).

Die beskrywing van die opstanding van die ‘twee getuies’ in die visioen van Johannes wil verdere bekragtiging daaraan verleen. Opstanding kom dus wel in die konteks van die Zoroastrisme en die Judaïsme voor, maar nie sodanig dat dit as ‘n ‘raakpunt’ by die geskrifte onder bespreking geëvalueer kan word nie.

7.1.4 UNIKA

7.1.4.1 TUSHNAMAITI

‘Stille Meditasie’ kom slegs by die Zoroastrisme voor en kan as terapie vir toerusting vertolk word: om weer met nuwe ywer die stryd aan te pak. Dit kan as ‘n verdere uitbouing van *Vohu Manah* (Goeie Gedagtes/Denke) en *humata* (goeie gedagtes) vertolk word.

---

[190] Shaked (1967:233) se vertaling van ‘n bedorwe teks in die eerste hoofstuk van die *Bundahišn* (GBd.,p.11) dui moontlik op die Bose Gees se “eie skeppinge” uit “materiële duister … in die vorm van ‘n padda (?), swart, askleurig, werd vir duisternis, boos soos ‘n skadelike reptiel van sondige sedes …”. Hoewel dit ‘n latere geskrif is, kon dit in die lig van *Azi Dahaka* op vroeëre tradisie baseer gewees het.

7.1.4.2 DAENA EN CHINVATBRUG

Die simboliek van *Daena* wat as die mens se gewete of sy innerlike wese wat jou gedagtes, woorde en dade bepaal en dan as uitbeelding daarvan jou by die Chinvat Brug van oordeel inwag, is uniek aan die Zoroastrisme.[191]

7.1.4.3 VLOEKE TEENOOR SEËNBEDE

1QM is die enigste geskrif van die drie waarin vloeke teen die Bose direk teenoor seënbede vir *God* aangeteken word. (6.1.4.B).

7.1.4.4 DIE BLOED VAN DIE LAM

Christus se kruisdood wat hy as Gesalfde tot verlossing van die mensdom van hul sondes gesterf het, word deur hierdie frase verwoord.

7.1.5 TREFKRAG

In Hoofstuk 1 is daar verwys na die betekeniswaardes van die term "invloed" en moontlike beslissende kriteria voordat aannames gemaak kan word. Shapero (1997: 1) oorweeg die moontlike praktiese kanale waardeur kontak met die beginsels van Zoroastrisme gemaak is, aangesien dit mondelings oorgedra is en dus nie deur bestudering van die geskrifte kon plaasvind nie. Die ou argaïese taal was in elk geval 'n groot struikelblok. Kennismaking kon net deur privaat gesprekke en deur politiese en burgerlike ervarings gebeur het. Sy (Shapero 1997:3) meen wel dat die verowerings van Alexander die Grote in die 4de eeu v.C. die eerste "globale" kultuur (ten minste in die Westerse wêreld) geskep het, wat verdere invloed deur kontak tussen die Jode en die Perse tot gevolg kon gehad het.

7.1.5.1 HINDERLAE

7.1.5.1.1 VERANDERLIKHEID

'n Faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie, is dat die religieë nie staties gebly het nie. Soos omstandighede wissel, word bakens versit om aan te pas by die nuwe vereistes en nuwe rolspelers. Dit het deurgaans in die studie deurgeskemer. In die Judaïsme is die ballingskap sekerlik een van die treffendste voorbeelde. Mach (1999a:24) wys byvoorbeeld op drie moontlike basiese benaderings van "monoteïsme" in die Hellenistiese Tydperk. Verder wys die studie van die Dooie Seerolle deur die verskillende beginsels wat in **een** groep se geskrifte voorkom, op die ontwikkeling

---

[191] García Martínez (2003:40) verwys na 'n fragment, *4Q521*, waarin 'n brug oor 'n bodemlose afgrond voorkom, maar a.g.v. sy kriterium van 'n leksikale skakel, is hy van mening dat dit nie met die Chinvatbrug in verband gebring kan word nie.

van die religie van die een groep – die Qumrangemeenskap. Die "valse profete" waarna Johannes in *Openbaring* verwys, getuig van die eerste gemeentes se stryd om afdwalings te bekamp.

So blyk dit dat daar ook 'n klemverskuiwing in die Zoroastrisme van die basiese beginsels van Zarathushtra tot die religie van sy opvolgers en die Achaemeniede Konings – die tyd van nouer kontak met die Jode in Babilonië – plaasgevind het. Volgens 'n uittreksel oor basreliëfs en inskripsies van die Achaemeniede konings kom Jafarey (1998:5) na sy ontleding, tot die slotsom dat die vroeë Achaemeniede regeerders meer die leerstellings van die *Gathas* verteenwoordig het as hul opvolgers: "The gradual clouding of the pristine purity of the Divine Doctrine of the Gathas by pre- and post- Gathic beliefs and practises began during the melting period of the Achaemenians."

Daar is reeds verwys na die neiging om meer aandag aan ondergeskikte entiteite te skenk deur lofgesange – *die Yashts* – aan hul op te dra. Die monoteïsme van Moses en Zarathushtra het op verskillende kulturele paaie ontwikkel, deurdat daar meer klem op *Ahura Mazda* as die Skepper van alles wat goed is, gelê is, terwyl *God* die Skepper van goed en kwaad in die Judaïsme besing is.

7.1.5.1.2 DATERING

Die verbondenheid van die Jode aan hul vroeëre religieuse geskrifte spreek hard en duidelik uit die *Oorlogsrol* en *Openbaring* deur die woordelikse aanhalings (*1QM*) en talle verwysings (*Openbaring).* Longman III (2007:15) het in sy artikel 'n kwessie wat die navorsing kompliseer onderstreep:

> "I would hazard to guess that few Old Testament scholars would agree in detail about how and when the books of the Torah and the Writings came into excistence."

Dit geld vir die ander boeke van die HB ook en gedurende die navorsing het dit duidelik geraak dat die knelpunt van datering nie slegs op Zoroastrisme van toepassing is nie. Boda (2007:40) is ook van mening dat:

> "However though I am confident that the texts of the deuteronomic History are rooted in the pre-exilic period, many of them were brought in their final form in the exilic period and, as the end of 2 Kings 25 reveals, in a time when there was need for an enduring hope for the reinstitution of at least royal leadership."

Dit sluit aan by Evans (2007:234) se siening dat die Bybel deur die redakteure opgedateer is, m.a.w. dat die ouer materiaal deur hul perspektief herinterpreteer is. Horbury (1998:5) wat van mening is dat die HB die "ruggraat" van enige studie van Messianisme in die Tweede Tempelperiode vorm, plaas die samestelling en die redigering van die HB in die eerste gedeelte van die tydperk, nl. die twee eeue onder die Persiese regering. Wanneer argumente dus op interne ontwikkeling gebaseer word, kan dit heel moontlik op 'invloed' via die HB wat in hierdie latere fase eers geredigeer is, dui

(byvoorbeeld 1 *Kron.*21:1 teenoor 2 *Sam.*24:1). ‘n Noukeurige studie van die aanhalings en verwysings in *1QM* en *Openbaring* t.o.v. die datering van die geskrifte van die HB, waaruit dit geneem is, kan moontlik interessante resultate oplewer.

7.1.6 MOONTLIKE INVLOED

7.1.6.1 DUALISME

In die geskrifte wat onder die loep geneem is, is die aspek wat m.i. die duidelikste uitoefening van ‘invloed’ van die Zoroastrisme op die Judaïsme/vroeë Christendom kon bevat, in die figuur van die aanvoerder van die vyand, *Belial/Satan*, opgesluit. Die ontwikkeling wat daar vanaf die vroeëre geskrifte van die HB tot by *1QM* in die personifikasie van die Boosheid met ‘n **eienaam** [192] as die **opponent** van *Migael* en *God* op die oorlogsveld plaasgevind het, het heel moontlik deur die kontak met die Zoroastrisme gebeur. Die uitmergelende omstandighede van die ballingskap was die vrugbare ontkiemingsgrond vir die saadjie wat reeds in die HB (*belial*-boosheid) teenwoordig was. Iemand moes vir hul “ontworteling” en onheil blameer word. *Jahwe* het hul vantevore gestraf vir hul afdwaling, maar weer vergifnis geskenk en herstel. Hoekom het dit nou gebeur dat so baie van hulle, so ver van hul land weggevoer is? Hul enigste troos (wat hul kon saamneem) was eintlik net hul geloof in hul God, *Jahwe*. Na ‘n stryd om aan te pas en te oorleef in die vreemde, behandel die nuwe heerser, Kores, hul met ‘n onverwagte nuwe benadering. Die wat wil, kan teruggaan na hul land. Hulp word selfs verleen vir die opbou van die tempel. Kores word dus in die geskrifte deur *Jesaja* beskryf asof hy deur *Jahwe* as hul “verlosser/gesalfde” gestuur is. In Kores se godsdiens is *Angra Mainyu* die leier van die Bose. Die 6 engele rondom sy god, *Ahura Mazda*, word deur eiename vereer. Waarheid en Gehoorsaamheid is vir hulle baie belangrik – so ook goeie gedagtes, woorde en dade. *Belial* (“strome van onheil”) is die oorsaak van die Bose. *Mastema/Satan* is die leier van die rebelle/die gevalle engele (4.1.1B.2).

Die feit dat die “leksikale skakel” ontbreek, moet verstaan word in die reeds bestaande tradisie van *Jahwe* met sy hemelse leerskare en gesante en eie bekende woorde om die kwaliteit van boosheid/vyandigheid weer te gee. Die kwaliteite van *Ahura Mazda* het reeds in die *Gathas* as Entiteite ontwikkel en ‘n binnekring om hom teenoor *Aka Mainyu*, gevorm. Die oorbruggingsfase deur die 3de en 2de eeu v.C. word deur die pseudepigrafia 1 *Henog, Jubileë* en die latere boek van die HB *Daniël* verteenwoordig. *Die Boek van die Wakers* het aan al 20 van die ‘gevalle engele’ eiename toegeken. Die interessante is dat die gebruik van eiename vir die engele in *Openbaring* weer afneem. Dit bly behoue in ‘*Satan*’ en ‘*Migael*’ en ‘n verdere nalating is moontlik die

[192] Vgl. ook Boyce (Boyce&Grenet 1991:404-405) se siening dat die naamgewing en hiërargie in die engeleleer saam met die Jode met die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap gekom het.

verwysing na die ‘engel van vuur/water/wind’. Die boodskap van *Openbaring* is kort en kragtig: “Aanbid God” (19:10; 22:9).

7.1.6.2 EINDE VAN HISTORIESE TYD

Zarathushtra se leerstelling dat daar ‘n “draaipunt” in die historiese tyd sal plaasvind, m.a.w. dat die punt bereik sal word dat die Boosheid deur die *Ashavan* oorwin sal word, beteken dat ‘meetbare’ tyd sal eindig en tydloosheid sal begin. Die vernietiging van die dood “vir ewig” in Deutero-Jesaja (25:8), wat in die Persiese tydperk geplaas word, kon uit die konsep ontwikkel het (Boyce 1982:193). *1QM* bou hierop voort en voorsien ‘n einde van die eskatologiese oorlog, maar hamer op die feit dat die tye in God se hand is en dat dit deur Hom vasgestel is (6.2B.4). In een van die visioene in *Openbaring* word die einde van die tyd deur die engel wat soos ‘n afskynsel van Christus voorgekom het, aangekondig. Trefkrag word deur ‘n eed tot *God* aan die verklaring verleen (*Op*. 10:6). Verder word op die dringendheid en onverwagtheid van die wederkoms van Christus, wat die einde van die tyd beteken, gefokus (6.2.C.4).

7.1.6.3 KEUSE

Die beginsel waarop die oordeel berus, word in sterk morele beginsels in die *Gathas* verwoord. Die uitgangspunt is die belangrike keuse wat tussen die Goed en die Kwaad gemaak moet word en dat elke mens volgens sy keuse aan die einde van sy lewe of by die ‘draaipunt’ van die tyd beoordeel sal word: goed vir goed, kwaad vir kwaad. Inherent aan ‘n keuse is die vrywilligheid wat daarmee gepaardgaan. Hierdie beginsel ontspring by die individu. Die sterk ooreenkoms met *1QS* is aangehaal (5.1.4.2). Dit word deur die reeds gevormde groepe van die Seuns van die Lig en die Seuns van die Duister in *1QM* verteenwoordig. In *Openbaring* word die element veral in die vermanings in die briewe en in die gesigte verbeeld.

7.1.6.4 LEWE NA DIE DOOD

Voor die ballingskap was dié aspek as ‘n grys newelagtige plek – שאול – waarheen die siele na die dood sou gaan in die geskrifte van die HB aangeteken (6.2B.6). Na die ballingskap word daar meer uitgebrei op die tekening van die lewe na die dood.

7.2 VERDRAG/SKIKKING

Om nog verder ‘n geheelbeeld te verkry, kan die bevindinge met sleutelwoorde op die “skaal” geplaas word:



Kumulatief kantel die skaal ongetwyfeld na sterk ooreenkomste en skakels tussen die drie tekste. Hoewel daar nog leksikale skakels ontbreek, praat die tekste hard in ooreenstemmende konsepte en beelde. Die kriterium van leksikale verbindtenisse dien sekerlik as meer ‘konkrete’ bewysstukke, maar in die lig van drie verskillende tale en die beskerming van eie waardes en tradisies is dit m.i.

‘n redelike strawwe vereiste om aan te voldoen. Wanneer ‘n aansluitende konsep affiniteit met eie begrippe toon en dit aanvul, sal dit tog met bestaande woorde, beelde of idiome in eie konteks ‘verwerk’ word. Die skrywers van *1QM* en *Openbaring* toon duidelik met hul baie verwysings terug na die geskrifte van die HB dat hul nie geskroom het om in ruim mate op vorige ondersteunende materiaal uit hulle eie konteks te bou nie. Dit laat die moontlikheid dat hul ook uit ander kontekste begrippe, wat hulle motiewe beter belig het, sou benut het.

Uit die aard van die onderliggende tema is dit vanselfsprekend dat die tekste ooreenkomste sal toon. Dit is noodsaaklik om die ontwikkeling as volwaardige apokalips by *Openbaring* ook gedurig in berekening te bring. Daarby is die tekste uit verskillende tydvakke en milieus, maar die hoeveelheid van ‘raakpunte’ in hoofsaaklik drie enkele geskrifte is opvallend. Selfs die skryfstyl wat dieselfde woorde herhalend in nuwe kombinasies en reekse gebruik, toon ooreenkoms. Baie ooreenstemmende begrippe word op Goed en Kwaad toegepas en dikwels direk in kontras teenoormekaar gestel. Mag geen gewig aan kwantiteit vanuit die holistiese perspektief geheg word nie? Dit blyk tog of daar vanuit die omliggende “grond” van die Zoroastrisme, elemente deur osmose, hoofsaaklik in die “wortels” van die Judaïsme opgeneem en verwerk is en na die vroeë Christendom deurgegee is.

Die finale vraagstuk wat bygelê moet word, is die mens se soeke na begrip vir die verwarrende verskynsels van menslike lyding deur natuurrampe en menslike misdaad, wat heel moontlik die heel eerste uitgangpunt van die drie samestellers van die geskrifte was.

Zarathushtra het aan elkeen die uitdaging om as helper van *Ahura Mazda* deel te neem aan die stryd teen die Bose, gestel. Dit het die vryheid van keuse tussen die oerbeginsels van Goed en Kwaad, maar ook die gepaardgaande verantwoordelikheid behels. Die keuse sal jou gedagtes, woorde en dade op die “paaie” van die Waarheid of die Leuen stuur. Daarvolgens sal jou lewe as *Ashavan* kan bydra tot die vorming van die *Frasko-kereti* of as *Dregvant* - navolger van Bedrog - sal jy aandeel hê in die verdrukking en lyding van die mensdom. Vergelding sal egter dienooreenkomstig plaasvind.

Die skrywer van die *Oorlogsrol* het die praktiese oorlogsverhandeling in ‘n religieuse ‘oorlogs’-riglyn omskep. Die Seuns van die Lig word deur *God* en sy *Engele* bygestaan en daardeur is ‘n oorwinning en herstel van ‘n ‘glorieryke tyd’ vir hul verseker.

Die probleem word in *Openbaring* o.a. in die dualiteit van die seël - σφραγῖδα – van die “lewende God” vervat. In die konteks van die *ta eschata* kan dit ook as uitdrukking van getemperde dualisme omskryf word. Aan die een kant het die heiliges, wat met die “seël van die Lewende God” wat uit liefde deur die Lydensweg die oorwinning oor die Bose behaal het, geborgenheid deur hul geloof en hul eie werke verkry. Aan die ander kant het die Bewoners van die Aarde, wat die merk van die

Dier deur hul eie halstarrige volharding in die begeertes van die Bose verwerf het, saam met hom die tweede dood gesterf. Johannes wil deur sy visioene van *God* en *Christus* se Grootsheid en Almag en hul oordeel en oorwinning oor die Bose, die jong gemeentes aanspoor en vermaan om getroue getuies soos *Christus*, wat Sy lewe vir hul gegee het, te bly met die hoop op "'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde".

BIBLIOGRAFIE

Abegg, M G Jr. 2002. Concordance of Proper Nouns in the Non-biblical Texts from Qumran, in Tov, E (red.), *The Texts from the Judaean Desert*, XXXIX: 229-284.

Achtemeier, P J, Green J B & Thompson, M M 2001. *Introducing the New Testament. Its Literature and Theology.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Adam, A K M 1995. *What is Postmodern Biblical Criticism?* Minneapolis: Fortress Press.

Adler, W 1996a. The Apocalyptic Survey of History adapted by Christians: Daniel's Prophesy of 70 weeks, in VanderKam J C & Adler, W (red.), *The Jewish Apocalyptic Heritage in Early Christianity.* Minneapolis: Fortress Press.

Adler,W 1996b. Introduction: Jewish Apocalypses in Christian Settings, in VanderKam & Adler, W (red.), *The Jewish Apocalyptic Heritage in Early Christianity.* Minneapolis: Fortress Press.

Alexander, P S 1984. Epistolary Literature, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of the Second Temple Period.* Philadelphia: Fortress Press.

Allen, D 1987. Phenomenology of Religion. *Encyclopaedia of Religion*, 6:272-285.

Aune, D E 1981. The Social Matrix of the Apocalypse of John. *BiR* XXV, 16-32.

Aune, D E 1986. The Apocalypse of John and the Problem of Genre. *Semeia* 36, 65-96.

Aune, D E 1997. *Revelation 1-5* : Hubbard D A, Barker G W, Watts, J D W en Martin P M (red.), World Biblical Commentary. Vol 52A. Dallas: Word Books, Publisher.

Aune, D E 1998. *Revelation 17-22* : Hubbard D A, Barker G W, Watts, J D W en Martin P M (red.), World Biblical Commentary. Vol 52B. Dallas: Word Books, Publisher.

Aune, D E 1998. *Revelation 6-1*6 : Hubbard D A, Barker G W, Watts, J D W en Martin P M (red.), World Biblical Commentary. Vol 52C. Dallas: Word Books, Publisher.

Aune, D E 2003. Distinct Lexical Meanings of ἀπαρχή in Hellenism, Judaism, and Early Christianity, in Fitzgerald, J T, Olbricht, T H, en White, L (red.), *Early Christianity and Classical Culture.* Leiden: Brill,124-130.

Bagli, E J 1996. *Twin Mainyus – The Gathic Doctrine*. Beskikbaar: http://www.vohuman.org/Article/Twin%20Mainyus.htm| November 2005.

Baker, D W 1992. Kittim, in Freedman, D N (red.), *Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 4:93.

Barr, D L 1986. The Apocalypse of John as Oral Enactment. *Interpretation*, 40:243-256.

Barr, J 1985. The Question of Religious Influence: The Case of Zoroastrianism, Judaism and Christianity. *JAAR* L111/2:201-235.

Bartchy, S S 1992. Slavery, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 6:65-73.

Bartholomae, C 1972. *Early Zoroastrianism.* Gathas vertaal deur Moulton, J H. 2de uitg. London.

Batto, B F 1992. *Slaying the Dragon. Mythmaking in the Biblical Tradition.* Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Bauckham, R J 1978. The Rise of Apocalyptic. *Them.* 3/2, 10-23.

Bauckham, R J 1988. The Book of Revelation as a Christian War Scroll, *Neotestamentica* 22, 17-40.

Bauckham, R J 1993. *The Climax of Prophecy. Studies on the Book of Revelation.* Edinburgh: T&T Clark.

Bauckham, R J 1999. The Throne of God and the Worship of Jesus, in Newman, C C, Davila, J R & Lewis, G S (red.), *The Jewish Roots of Christological Monotheism.* Leiden: Brill, 43-69.

Beale, G K 1999. *The Book of Revelation.* Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

Beale, G K 1996. The Old Testament Background of Rev 3.14. *New Test. Stud.* 42, 133-152. Beale, G K 1998. *John's Use of the Old Testament in Revelation.* Bath: Sheffield Academic Press.

Bianchi, U 1987. Dualism. *The Encyclopedia of Religion,* 4: 506-512.

Blount, B K 2000. Reading Revelation Today. *Witness as Active Resistance. Interpretation* 54/4, 398-412.

Boccaccini, G 1991. Jewish Apocalyptic Tradition: The Contribution of Italian Scholarship, in Collins, J J & Charlesworth J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since the Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 33-50.

Boccaccini, G 1998. *Beyond the Essene Hypothesis.* Michigan/Cambridge: William B Eerdmans Publishing Company.

Boda, M J 2007. Figuring the Future: The Prophets and Messiah, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 35-74.

Botterweck, G J & Ringren, H 1977. *Theological Dictionary of the Old Testament.* Michigan: W B Eerdmans Publishing Company.

Boyce, M 1975. *A History of Zoroastrianism.* Vol l & ll, Leiden: Brill.

Boyce, M 1984a. On the Antiquity of Zoroastrian Apocalyptic. *BSOAS* 47, 57-75.

Boyce, M 1984b. *Textual Sources for the Study of Zoroastrianism*. New Jersey: Barnes & Noble Books.

Boyce, M 1987. *Zoroastrianism: A Shadowy but Powerful Presence in the Judaeo-Christian World.* London: Dr Williams's Trust.

Boyce, M 1992. *Zoroastrianism: Its Antiquity and Constant Vigour.* New York: Mazda Publishers.

Boyce, M 2003. *Zoroastrians. Their Religions, Beliefs and Practises.* (1ste uitg. 1979; 2de uitg. 2001) London: Routledge & Kegan Paul.

Boyce, M & Grenet, F 1991. *A History of Zoroastrianism.* Vol. III, Leiden: Brill.

Boyd, G A 2001. *Satan and the Problem of Evil. Constructing a Trinitarian Warfare Theodicy*. Illinois: Intervarsity Press.

Boyd, J W & Crosby, D A 1979. is Zoroastrianism Dualistic or Monotheistic? *JAAR* XLVII 4:557-588.

Breytenbach, C & Day, P L 1999. Satan, in Van der Toorn, Becking, B & Van der Horst, P W (red.), *Dictionary of Deities and Demons in the Bible.* Leiden: Brill, 727-732.

Brownlee, W H 1992. John the Baptist in the New Light of Ancient Scrolls, in Stendahl, K (red.), *The Scrolls and the New Testament.* New York: Christian Origins Library, 33-53.

Calvert-Koyzis, N 2004. *Paul, Monotheism and the People of God.* London: T&T Clark International.

Carmignac, J 1958. *La Règle de la Guerre des Fils de Lumière contre les Fils de Ténèbres: Texte restauré, traduit et commenté*. Paris: Letouzey et Ané.

Carter, G W 1918. *Zoroastrianism and Judaism.* Boston: The Gorham Press.

Cereti, C G 1995. *The Zand ī Wahman Yasn. A Zoroastrian Apocalypse.* Roma: Is. M.E.O.

Charlesworth, J H 1972. A Critical Comparison of the Dualism in 1QS 3 13-4:26 and the "Dualism" contained in the Gospel of John, in Charlesworth J H (red.), *John and Qumran.* London: Geoffrey Chapman, 76-106.

Charlesworth, J H 1992. Paradise, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 5:154-155.

Charlesworth, J H 2002. *The Pesharim and Qumran History. Chaos or Consensus?* Grand Rapids Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Choksy, J K 1989. *Purity and Pollution in Zoroastrianism.* Austin: University of Texas Press.

Choksy, J K 2005. Zoroastrianism, in Jones, L (red.), *Encyclopedia of Religion* Vol. 14. 2de uitg. Detroit: Macmillan Reference USA, 2005. 9988-10008. 15 vols. *Gale Virtual Reference Library*. Thomson Gale. University of Stellenbosch. 25 October 2005.

Clark, P 1998. *Zoroastrianism*: *An Introduction to an Ancient Faith.* Brighton: Sussex Academic Press.

Clifford, R J 1992. Second Isaiah, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 3:490-501.

Clifford, R J 1999. The Roots of Apocalypticism in Near Eastern Myth. *The Encyclopedia of Apocalypticism*, 1:3-37.

Cohen, S J D 1999. Roman Domination: The Jewish Revolt and the Destruction of the Second Temple, in Shanks, H (red.), *Ancient Israel. From Abraham to the Roman Destruction of the Temple.* Washington: Biblical Archeology Society, 265-298.

Cohn, N 1993. *Cosmos, Chaos and the World to Come: The Ancient Roots of Apocalyptic Faith.* New Haven/London: Yale University Press.

Collins, J J 1979a. Introduction: Towards the Morphology of a genre. *Semeia*, 14: 1-20.

Collins, J J 1979b. The Jewish Apocalypses. *Semeia*, 14: 21-59.

Collins, J J 1979c. Persian Apocalypses. *Semeia*, 14: 207-217.

Collins, J J 1984. The Sibylline Oracles, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of the Second Temple Period.* Philadelphia: Fortress Press, 357-381.

Collins, J J 1986. Apocalyptic Literature, in Kraft, R A & Nickelsburg, G W E (red.), *Early Judaism and its Modern Interpreters*. Philadelphia: Fprtress Press, 345-370.

Collins, J J 1987. The Place of Apocalyptism in the Religion of Israel, in Miller P D, Hanson P D (red.), *Ancient Israelite Religion.* Philadelphia: Fortress Press, 539-558.

Collins, J J 1991. Genre, Ideology and Social Movements in Jewish Apocalyptism, in Collins, J J & Charlesworth, J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since The Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 11-32.

Collins, J J 1995a. The Origin of Evil in Apocalyptic Literature and the Dead Sea Scrolls, in Emerton, J A (red.), *Congress Volume Paris 1992.* Leiden: E J Brill, 25-38.

Collins J J 1995b. *The Scepter and the Star: The Messiahs of the Dead Sea Scrolls and other Ancient Literature*. New York: Doubleday.

Collins, J J 1997a. The Expectation of the End in the Dead Sea Scrolls, in Evans, C A & Flint, P W (red.), *Eschatology, Messianism, and the Dead Sea Scrolls.* Michigan: W B Eerdmans Publishing Company, 74-90.

Collins, J J 1997b. *Jewish Wisdom in the Hellenistic Age.* Louisville: Westminister John Knox Press.

Collins, J J 1997c. *Seers, Sybills and Sages in Hellenistic-Roman Judaism.* Leiden: Brill.

Collins, J J 1998a. *The Apocalyptic Imagination. An Introduction to Jewish Apocalyptic Literature*. 2de uitg. Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Collins, J J 1998b. *Apocalyptism in the Dead Sea Scrolls.* 2de uitg. New York: Routledge.

Collins, J J 1998c. New Light on the Book of Daniel from the Dead Sea Scrolls, in García Martínez, F & Noort, E (red.), *Perspectives in the Study of the Old Testament and Early Judaism.* Leiden: Brill, 180-196.

Collins, J J 1999. From Prophecy to Apocalypticism: The Expectation of the End. *The Encyclopedia of Apocalypticism*, 1:129-161.

Collins, J J 2000a. The Afterlife in Apocalyptic Literature, in Avery-Peck, A J en Neusner, J (red.), *Judaism in Late Antiquity.* Leiden: Brill, 119-140.

Collins, J J 2000b. The Nature of Messianism in the Light of the Dead Sea Scrolls, in Lim, T (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd, 199-218.

Collins, J J 2000c. Powers in Heaven, in Collins, J J & Kugler, R (red.), *Religion in the Dead Sea Scrolls.* Michigan: William B Eerdmans Publishing Company, 9-28.

Collins, J J 2001. Cult and Culture: The Limits of Hellenization in Judea, in Collins, J J en Sterling, G E (red.), *Hellenism in the Land of Israel.* Indiana: University of Notre Dame Press, 38-61. *Scriptura*, 66:173-187.

Cook, J 1993. The Dawning of a New Era in the Study of the Dead Sea Scrolls. *Jsem*, 5/32: 25-46.

Cook, J 1997. A Theology of Qumran, in Van Gemeren, W A (red.), *The New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis.* Michigan: ZondervanPublishingHouse, 4:1115-1121.

Cook, J 1998. "Hope for the Earth" in the Early Judaic Era (Jewish Apocalypticism)? *Scriptura*, 66:235-243.

Cook, J 2007. The Origin of the Tradition of the יצר הטוב and יצר הרע. *JSOT*, 38: 80-91.

Cooper, J W 1989. *Body, Soul and Life Everlasting.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company

Court J M, 1979. *Myth and History in the Book of Revelation.* London: SPCK.

Court J M, 1994. *Revelation.* Sheffield: JSOT Press.

Cover, R C 1992. Sin, Sinners. Old Testament, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 6: 31-46.

Cummins, S A 2007. Divine Life and Corporate Christology: God, Messiah Jesus, and the Covenant Community in Paul, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 190-209.

Darmesteter, J 1883. The Zend-Avesta Part II in, Müller, F M (red.), *The Sacred Books of the East.* Oxford: Clarendon Press.

Davidson, M J 1992. *Angels at Qumran. A Comparative Study of 1 Enoch 1-36. 72-108 and Sectarian Writings from Qumran.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Davies, P R 1977. *1QM, the War Scroll from Qumran: its Structure and History.* Rome: Biblical Institute Press.

Davies, P R 1987. Dualism and Eschatology in the Qumran War Scroll. *Vetus Testamentum*, XXVIII/1: 28-36.

Davies, P R 1994. Khirbet Qumran Revisited, in Coogan, MD, Exum, J C (red.), *Scripture and Other Artifacts.* Kentucky: Westminster John Knox Press, 126-142.

Davies, P R 1996. *Sects and Scrolls.* Atlanta: Scholars Press.

Davies, P R 1997. Qumran and the Quest for Historical Judaism, in Porter, S E and Evans, C A (red.), *The Scrolls and the Scriptures: Qumran Fifty Years After.* Sheffield: Sheffield Academic Press, 24-42.

Davies, P R 2000a. Death, Resurrection, and Life after Death in the Qumran Scrolls, in Avery-Peck, A J & Neusner, J (red.), *Judaism in Late Antiquity.* Leiden: Brill, 189-214.

Davies, P R 2000b. Judaisms in the Dead Sea Scrolls: the Case of the Messiah, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd, 219-232.

Davila, J R 1996. Melchizedek, Michael, and War in Heaven. *SBL SPS*, 35:259-272.

Davila, J R 2000a. The Dead Sea Scrolls and Merkavah Mysticism, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd, 249-264.

Davila, J R 2000b. *Liturgical Works.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Day, J 1985. *God's conflict with the dragon and the sea. Echoes of a Canaanite myth in the Old Testament.* Cambridge: Cambridge University Press.

Day, J 1992. Dragon, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York:Doubleday, 2:228-231.

Day, J 1996. The Development of Belief in Life after Death in Ancient Israel, in Barton, J & Reimer, D J (red.) *After the Exile. Essays in Honour of Rex Mason.* Georgia: Mecer University Press, 231-258.

Dearman, J A 1985. Moab, in Achtemeier, P J (red.), *Harper's Bible Dictionary.* San Francisco: HarperCollinsPublishers, 643-644.

Decock, P B 1999a. The Scriptures in the Book of Revelation. *Neotestamentica* 33/2: 373-410.

Decock, P B 1999b. Some Issues in Apocalyptic in the Exegetical Literature of the Last Ten Years. *Neotestamentica*, 33/1:1-33.

Deist, F E 1995. Text, Textuality,and Textual Criticism. *JNSL* 21/2: 59-67.

Deist F E & Burden J J 1980. *'n ABC van Bybeluitleg.* Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

De Jong, A 1997. *Traditions of the Magi. Zoroastrianism in Greek and Latin Literature.* Leiden: Brill.

De Jonge, M 1992. Messiah, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 5:777-778.

Delcor, M 1989. Jewish Literature in Hebrew and Aramaic in the Greek era, in Davies, W D en Finkelstein, L (red.), *The Cambridge History of Judaism. Volume Two, The Hellenistic Age.* Cambridge: Cambridge University Press, 352-384.

De Villiers, P G R 1987. *Leviatan aan ŉ Lintjie. Woord en Wêreld van die Sieners.* Pretoria: Serva-Uitgewers.

De Villiers, P G R 2000. Prime Evil and its Many Faces in the Book of Revelation. *Neotestamentica*, 34/1:57-85.

Dhalla, M N 1963. *History of Zoroastrianism.* New York: Oxford University Press/ Bombay: K. R. Cama Oriental Institute.

Dimant, D 1984. Qumran Sectarian Literature, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of the Second Temple Period.* Philadelphia: Fortress Press, 483-550.

Doran, R 1990. Jason's Gymnasion, in Attridge, H W, Collins, J J en Tobin, T H (red.), *Of Scribes and Scrolls. Studies on the Hebrew Bible, Intertestamental Judaism, And Christian Origins.* Lanham: University Press of America, 99-110.

Duhaime, J 1987. Dualistic Reworking in the Scrolls from Qumran. *CBQ*, 49/1: 32-56.

Duhaime, J 1995. War Scroll (1QM; 1Q33; 4Q491-496=4QM1-6;4Q497), in Charlesworth, J H (red.), *The Dead Sea Scrolls Hebrew, Aramaic, and Greek texts with English Translations.* Louisville: Westminister John Knox Press, 2:80-198.

Duhaime, J 2004. *The War Texts. 1QM and Related Manuscripts.* London: T&T Clark International.

Dumbrell, W J 1994. *The Search for Order. Biblical Eschatology in Focus.* Michigan: Baker Books.

Du Plessis, I J 1975. *The Historical-Critical Method - Its Necessity and Limitations.* Durban: Hayne & Gibson Limited.

Dupont-Sommer, A 1961. *The Essene Writings from Qumran.* Oxford: Basil Blackwell.

Du Rand, J A 1988. The Imagery of the Heavenly Jerusalem (Revelation 21:9-22:5). *Neotestamentica*, 22:65-85.

Du Rand, J A 1995. The Song of the Lamb because of the Victory of the Lamb. *Neotestamentica*, 29/2:203-210.

Ehrman, B D 1997. *The New Testament. A Historical Introduction to the Early Christian Writings.* New York: Oxford University Press.

Elgvin, T 1994. Admonition Texts from Qumran Cave 4, in Wise, M O (red.), *Methods of Investigation of the Dead Sea Scrolls and the Khirbet Qumran Site.* New York: The New York Academy of Sciences.

Engelbrecht, J J 1996. Die houding van die Openbaring van Johannes teenoor kultuur. *HTS*, 52/4: 894-909.

Evans, C A 2000. Qumran's Messiah: How Important is He?, in Collins, J J & Kugler, R A (red.), *Religion in the Dead Sea Scrolls.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 135-149.

Evans, C A 2007. The Messiah in the Old and the New Testaments: A Response, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 230-248.

Ferguson, E 2003. *Backgrounds of Early Christianity.* 3de uitg. Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Fossum, J 1992. Son of God, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 6:128-137.

Fletcher-Louis, C H T 2002. *All the Glory of Adam.* Leiden:Brill.

Flint, P W 2001. *The Bible at Qumran: Text, Shape, and Interpretation.* Michigan/Cambridge:

William B Eerdmans Publishing Company.
Flusser, D 1965. The Dead Sea Sect and Pre-Pauline Christianity, in Rabin, C & Yadin,Y (red.), *Scripta Hierosolymitana IV. Aspects of the Dead Sea Scrolls.* Jerusalem: Magnes Press, 215-266.
Flusser, D 1982. Hystaspes and John of Patmos, in Shaked, S (red.), *Irano-Judaica.* Jerusalem: University of Jerusalem, 12-75.
Forsyth, N 1987. *The Old Enemy. Satan and the Combat Myth.* Princeton: Princeton University Press.
Frankfurter, D 1996. The Legacy of Jewish Apocalypses in Early Christianity: Regional Trajectories, in VanderKam, J C & Adler, W (red.), *The Jewish Apocalyptic Heritage in Early Christianity.* Minneapolis: Fortress Press, 129-200.
Frankfurter, D 1999. Early Christian Apocalypticism: Literature and Social World. *The Encyclopedia of Apocalypticism*, 1:415-456.
Frilingos C A 2004. *Spectacles of Empire Monsters, Martyrs, and the Book of Revelation.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
Gafni, I 1984. The Historical Background, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of the Second Temple Period.* Philadelphia: Fortress Press, 1-32.
García Martínez, F 1988. Qumran Origins and Early History: A Groningen Hypothesis. *Folia Orientalia*, 25:113-136.
García Martínez, F 1992. *Qumran and Apocalyptic. Studies on the Aramaic Texts from Qumran* (STDJ 9). Leiden: Brill.
García Martínez, F 1994. *The Dead Sea Scrolls Translated.* Leiden: Brill.
García Martínez, F 1998. New Perspectives on the study of the Dead Sea Scrolls, in Martínez, F G & Noort, E (red.), *Perspectives in the Study of the Old Testament and Early Judaism.* Leiden: Brill, 249-251.
García Martínez, F 2003. Iranian influences in Qumran? in McNamara, M (red.), *Apocalyptic and Eschatological Heritage. The Middle East and Celtic Realms.* Dublin: Four Courts Press, 37-49.
García Martínez, F & Trebolle-Barrera, J 1995. *The People of the Dead Sea Scrolls.* Leiden/New York/Cologne: Brill.
Glancy, J A 2006. *Slavery in Early Christianity.* Minneapolis: Fortress Press.
Gmirkin, R 1998. Historical Allusions in the War Scroll. *DSD*, 5/2: 172-214.
Gnoli, G 1972. Problems and Prospects of the Studies in Persian Religion, in Bianchi, U (red.), *Problems and Methods of the History of Religions.*
Gnoli, G 1987. Zoroastrianism. *Encyclopaedia of Religion*, 15:579-591.
Goff, M J 2003. *The Worldly and Heavenly Wisdom of 4Qinstruction.* Leiden: Brill.
Golb, N 1995. *Who Wrote the Dead Sea Scrolls?: The Search for the Secret of Qumran.* New York: Touchstone.
Grabbe, L L 1992. *Judaism From Cyrus to Hadrian. Vol. l & ll.* Minneapolis: Fortress Press.
Grabbe, L L 1996. *An Introduction to First Century Judaism: Jewish Religion and History in the Second Temple Period.* Edinburgh: T&T Clark.
Grabbe, L L 1997 The Current State of the Dead Sea Scrolls: Are There More Answers Than Questions? in Porter, S E en Evans, CA (red.), *The Scrolls and the Scriptures Qumran Fifty Years After*. Sheffield: Sheffield Academic Press, 54-67.
Grether, H J 1992. Appolyon, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 1:301-302.
Grové, A H 2000. Revelation 2 and 3 – Uniformly Structured or not? *Scriptura*, 73:193-210.
Gruen, E S 2001. Jewish Perspectives on Greek Culture and Ethnicity, in Collins, J J en Sterling, G E (red.), *Hellenism in the Land of Israel.* Notre Dame: University of Notre Dame Press, 62-93.
Hambidge, J 1992. Dekonstruksie, in Cloete, T T (red.), *Literêre Terme en Teorieë.* Pretoria: HAUM, 67-69.

Hambidge, J 1992. Post-strukturalisme, in Cloete, T T (red.), *Literêre Terme en Teorieë.* Pretoria: HAUM, 400-403.

Hamilton, V P 1992. Satan, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 5:985-989.

Hanekom, J E 1993. Die Hantering van Mitiese Elemente in die Nuwe Testament met besondere verwysing na die "Strydmotief" (Ongepubliseerde doktorale proefskrif). Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Hannah, D D 2003. Of Cherubim and the Divine Throne: Rev 5.6 in Context. *New Testament Studies*, 49/4:528-541.

Hanson, P D 1976. Apocalypticism. *IDB Suppl*., 28-34.

Hanson, P D 1987. Israelite Religion in the Early Postexilic Period, in Miller, P D & Hanson, P D (red.), *Ancient Israelite Religion.* Philadelphia: Fortress Press, 485-508.

Harvey, B 2000. Anti-postmodernism, in Adam, A K M (red.), *Handbook of Postmodern Biblical Interpretation.* Missouri: Chalice Press, 1-7.

Hayes, J H & Mandell, S R 1998. *The Jewish People in Classical Antiquity. From Alexander to Bar Kochba.* Kentucky: Westminster John Knox Press.

Hegermann, H 1989. The Diaspora in the Hellenistic Age in Davies, W D en Finkelstein, L (red.), *The Cambridge History of Judaism. Volume Two The Hellenistic Age.* Cambridge: Cambridge University Press, 115-166.

Hellholm, D 1986. The Problem of Apocalyptic Genre and the Apocalypse of John. *Semeia*, 36: 13-63.

Hellholm, D 1991. Methodological Reflections on the Problem of Definition of Generic Texts, in Collins, J J & Charlesworth, J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since the Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 135-164.

Hemer, C J 1986. *The Letters to the Seven Churches of Asia in Their Local Setting.* Sheffield: JSOT Press.

Hempel, C 1997. Qumran Communities: Beyond the Fringes in Porter, S E en Evans, A E (red), *The Scrolls and the Scriptures: Qumran Fifty Years After.* Sheffield: Sheffield Academic Press, 43-53.

Hempel, C 2000. The Place of the Book of Jubilees at Qumran and Beyond, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd, 187-196.

Hengel, M 1989. The Political and Social History of Palestine from Alexander to Antiochus III (333-187 B.C.E.), in Davies, W D en Finkelstein, L (red.), *The Cambridge History of Judaism.* Cambridge: Cambridge University Press, 2:35-78.

Hengel, M 2001. Judaism and Hellenism Revisited, in Collins, J J & Sterling, G E (red.), *Hellenism in the Land of Israel.* Indiana: University of Notre Dame Press, 6-37.

Hinnells, J R 2000. *Zoroastrian and Parsi Sudies. Selected Works of John R Hinnells.* Aldershot: Ashgate Publishing Ltd.

Hinnells, J R. 1985. *Persian Mythology.* 2de uitg. London: The Hamlyn Publishing Group Ltd.

Hoffman, Y 2004. Jeremia 50-51 and the Concept of Evil in the Hebrew Bible, in Reventlow G H & Hoffman, Y (red.), *The Problem of Evil and its Symbols in Jewish and Christian Tradition.* London: T&T Clark International, 14-28.

Horbury, W 1998. *Jewish Messianism and the Cult of Christ.* London: SCM Press Ltd.

Horn, F, 1992. The Holy Spirit, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 3:260-280.

Hultgård, A 1991. *BAHMAN YASHT:* A Persian Apocalypse, in Collins, J J & Charlesworth, J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since the Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 114-134.

Hultgård, A 1992. Zoroastrian Myth in Bahman Yasht, in Utas, B & Knut, S V (red.), *The Middle East Viewed from Up North: Papers from the First Nordic Conference on Middle Eastern Studies.* Bergen: Alma Mater Forlag As., 15-27.

Hultgård, A 1999. Persian Apocalypticism. *The Encyclopedia of Apocalypticism*, 1:39-83.

Humbach, H 1991. *The Gāthās of Zarathushtra.* Part I, Heidelberg: Carl Winter Universitätsverlag.
Humbach, H & Ichaporia, P 1994. *The Heritage of Zarathushtra. A New Translation of his Gāthās.* Heidelberg: Universitätsverlag.
Ichaporia, P R 1993. *The Gathas of Asho Zarathushtra* : Book I, West Lawn: West Lawn Printing.
Indinopulos, T A 1991. Religious and National Factors in Israel's War with Rome, in Talmon, S (red.), *Jewish Civilization in the Hellenistic-Roman Period.* Sheffield: JSOT Press, 50-63.
Insler, S 1975. *The Gāthās of Zarathustra.* Leiden: Brill.
Irani, K D 1993. Foreword, in Ichaporia, P R , *The Gathas of Asho Zarathushtra* : Book I, West Lawn: West Lawn Printing.
Irwin, W A 1977. The Hebrews, in Frankfort, H (red.) *The Intellectual Adventure of Ancient Man.* Chicago: The University of Chicago Press, 223-326.
Jafarey, A A 1998. The Achaemenians, Zoroastrians in Transition. Beskikbaar: http://www.vohuman.org/Article.htm| November 2005.
Jafarey, A A 2000. Freedom of Choice. Meaning and Message of Yasna 30:2. Beskikbaar: http://www.zoroastrian.org./articles/.htm| Julie 2006.
Jafarey, A A 2005. "Spenta Mainyu" and Good and Evil in the Gathas. Beskikbaar: http://www.zoroastrian.org/articles| Julie 2006.
Jauhiainen, M 2003. Recapitulation and Chronological Progression in John's Apocalypse: Towards a New Perspective. *New Testament Studies* 49/4:543-559.
Jefferies, D F 2002. *Wisdom at Qumran. A Form-Critical Analysis of the Admonitions in 4Qinstruction.* New Jersey: Gorgias Press, LLC.
Joubert, S 2000. "Is die Duiwel los?" Nuwe Testamentiese Perspektiewe op die Stryd tussen Christus en die Bose. *In die Skriflig*, 34/2:195-206.
Kampen, J 1988. *The Hasideans and the Origin of Pharisaism. A Study in 1 and 2 Maccabees.* Georgia: Scholars Press.
Kang, S 1989. *Divine War in the Old Testament and in the Ancient Near East*. Berlin, New York: Walter de Gruyter.
Karanjia, E R P 2005. *Avesta Language*. Mumbai: Teach Yourself Books.
Kobelski, P J 1981. *Melchizedek and Melchireša*^{c}. Washington: The Catholic Biblical Association of America.
Koester, C R 2001. *Revelation and the End of All Things.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
Korner, R J 2000. "And I Saw ..." An Apocalyptic Literary Convention for Structural Identification in the Apocalypse. *Novum Testamentum*, XLII:160-183.
Krentz, E 1975. *The Historical-Critical Method.* Philadelphia: Fortress Press.
Kriwaczek, P 2002. *In Search of Zarathustra.* London: Weidenfeld & Nicolson.
Lacocque, A 1981. Apocalyptic Symbolism: A Ricoeurian Hermeneutical Approach. *BiR*, XXVI: 6-15.
Lemche, N P 1998. New Perspectives on the History of Israel, in García Martínez, F G & Noort, E (red.), *Perspectives in the Study of the Old Testament and Early Judaism.* Leiden: Brill, 42-60.
Lemmer, R 1996. Early Jewish Mysticism, Jewish Apocalyptic and Writings of the New Testament-a Triangulation. *Neotestamentica*, 30/2:359-376.
Levine, L I 1999. The Age of Hellenism: Alexander the Great and the Rise and Fall of the Hasmonean Kingdom, in Shanks, H (red.), *Ancient Israel. From Abraham to the Roman destruction of the Temple.* Washington: Biblical Archeology Society, 231-264.
Lewis, T J 1992. Belial, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 1:654-656.
Lewis, T J 1992. Sheol, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 5:101-105.
Lim, T H 2000. The Wicked Priest or the Liar?, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd, 45-52.

Lincoln, B 1991. *Death, War, and Sacrifice.* Chicago:The University of Chicago Press.
Lioy, D 2003. *The Book of Revelation in Christological Focus.* New York: Peter Lang.
Lohfink, N 1991. "Holy War" and the "Ban" in the bible. *TD*, 38/2:109-114.
Longman III, T 2007. The Messiah: Explorations in the Law and Writings, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 13-34.
Louw, E M 1997. Dualisme in Judaïsme (Qumran) en Zoroastrisme. (Ongepubliseeerde MA-tesis). Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
Lust, J 1999. Gog, in Van der Toorn, K, Becking, B & Van der Horst, P W (red.), *Dictionary of Deities and Demons in the Bible*. Leiden: Brill, 373-375.
MacDonald, B 1985. Edom/Edomites, in Achtemeier, P J (red.), *Harper's Bible Dictionary.* San Francisco: HarperCollinsPublishers, 246-247.
Mach, M 1999a. Concepts of Jewish Monotheism during the Hellenistic Period, in Newman, C C, Davila, J R & Lewis, G S (red.), *The Jewish Roots of Christological Monotheism.* Leiden: Brill, 21-42.
Mach, M 1999b. From Apocalypticism to Early Jewish Mysticism, in Collins, J J (red.), *The Encyclopedia of Apocalypticism Vol 1. The origins of Apocalypticism in Judaism and Christianity.* New York: Continuum, 229-266.
Maier, G 1977. *The End of the Historical-critical Method.* USA: Concordia Publishing House.
Maier, J M 2001. Purity at Qumran: Cultic and Domestic, in Avery-Peck,A J, Neusner,J & Chilton, B D (red.), *Judaism in Late Antiquity.* Leiden: Brill.
Malina, B J 1995. *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys.* Massachusetts: Hendrickson Publishers.
Marshall, I H 2007. Jesus as Messiah in Mark and Matthew, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 117-143.
Matthews, V H 1988. *Manners and Customs in the Bible.* Massachusetts: Hendrickson Publishers.
Mattingly, G L 1985. Philistines, in Achtemeier, P J (red.), *Harper's Bible Dictionary.* San Francisco: HarperCollinsPublishers, 787-791.
McGinn,
Mehr, F 2003. *The Zoroastrian Tradition.* California: Mazda Publishers, Inc.
Mendels, D 1998. *Identity, Religion and Historiography Studies in Hellenistic History.* Sheffield: Sheffield Academic Press.
Meyers, E M 1987. The Persian Period and the Judean Restoration: From Zerubbabel to Nehemia, in Miller P D & Hanson, P D (red.), *Ancient Israelite Religion.* Philadelphia: Fortress Press.
Mijnhardt, F 1996. *Apokriewe van die Ou Testament.* Pretoria: J L van Schaik.
Miller, P D 2000. *Israelite Religion and Biblical Theology.* Sheffield: Sheffield Academic Press.
Mills, L H 1887. *The Zend-Avesta, Part III* : Müller, F M (red.), The Sacred Books of the East Vol. XXXI. Oxford: Clarendon Press.
Moberly, R B 1992. When was Revelation Conceived? *Biblica*, 73/3: 376-393.
Munoa, P B 111 1998. Christianizing Jewish Apocalypticism. D. E. Aune's Proposal for Understanding Revelation. *Biblical Research*, XLIII: 54-60.
Nanavutty, P 1999. *The Gathas of Zarathustra.* Ahmedabad: Mapin Publishing Pvt. Ltd.
Neusner, J 2001. What is a "Judaism"?: Seeing the Dead Sea Library as the Statement of A Coherent Judaic Religious System, in: Avery-Peck,A J, Neusner, J & Chilton, B C (red.), *Judaism in Late Antiquity 5/1*, 3-21. Leiden: Brill.
Newsom, C A 1992. Angels (OT), in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 1: 248-252.
Nickelsburg, G W E 1981. *Jewish Literature Between the Bible and the Mishnah.* Philadelphia: Fortress Press.

Nicklesburg, G W E 1991. The Apocalyptic Construction of Reality in *1 Enoch*, in Collins, J J & Charlesworth, J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since the Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 51-64.

Nickelsburg, G W E 1992. Son of Man, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 6:137-150.

Nicklesburg, G W E 2001. *1 Enoch. A Commentary on the Book of 1 Enoch, Chapters 1-36, 81-108.* Minneapolis: Fortress Press.

Nitzan, B 2004. Evil and its Symbols in the Qumran Scrolls, in Reventlow, H G & Hoffman Y (red.), *The Problem of Evil and its Symbols in Jewish and Christian Tradition.* London: T&T Clark International, 83-96.

Odell-Scott, D W 2000. Deconstruction, in Adam, A K M (red.), *Handbook of Postmodern Biblical Interpretation.* Missouri: Chalice Press, 55-61.

Ollenburger, B C 1991. Introduction: Gerhard von Rad's Theory of Holy War in Von Rad, G 1958. *Holy War in Ancient Israel.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 1-33.

Osborne, G R 2002. *Revelation.* Michigan: Baker Academic.

Otzen, B 1990. *Judaism in Antiquity.* Sheffield: JSOT Press.

Pagels, E 1995. *The Origin of Satan.* England: Penquin Books Ltd.

Patrick, D 1992. Election (Old Testament), in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 2:434-441.

Paulien, J 1998. The Book of Revelation and the Old Testament. *Biblical Research*, XLIII: 61-69.

Pearson, B A 1984. Jewish Sources in Gnostic Literature, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of The Second Temple Period*. Philadelphia: Fortress Press, 443-482.

Petterson O & Åkerberg H 1981. *Interpreting Religious Phenomena.* Stockholm:Almquvist & Wiksell International.

Pfeiffer, C F 1969. *The Dead Sea Scrolls and the Bible.* Michigan: Baker Book House.

Piper, J 1974. Was Qumran the Cradle of Christianity? A Critique of Johannes Lehmann's *Jesus Report. SBT*, IV/ 2:18-29.

Pines, S 1982. Wrath and Creatures of Wrath in Pahlavi, Jewish and New Testament Sources. *Irano-Judaica*, 76-82.

Porter, S E 2007. The Messiah in Luke and Acts: Forgiveness for the Captives, Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 144-164.

Purvis, J D 1999. Exile and Return: From the Babylonian Destruction to the Reconstruction of the Jewish State, in Shanks, H (red.), *Ancient Israel. From Abraham to the Roman destruction of the Temple.* Washington: Biblical Archeology Society, 201-229.

Rajak, T 2001.Greeks and Babarians in Josephus, in Collins J J & Sterling G E (red.), *Hellenism in the Land of Israel.* Notre Dame, Indiana: University of Notre Dame Press, 246-264.

Resseguie, J L 1998. *Revelation unsealed. A Narrative Critical Approach to John's Apocalypse.* Leiden: Brill.

Reddish, M G 1992. Heaven, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 3:90-91.

Reddish, M G 2001. *Revelation.* Georgia: Smyth&Helwys Publishing, Inc.

Riley, G J 1992. Devil, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 1:244-249.

Roloff J 1993. *The Revelation of John. A Continental Commentary.* Minneapolis: Fortress Press.

Rose, M 1992. Names of God in the OT, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 4:1002-1011.

Rossouw, M A 1992. Resepsieteorie, in Cloete, T T (red.), *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM, 427-429.

Sacchi, P 1990. *Jewish Apocalyptic and its History*. Sheffield: Sheffield Academic Press

Ltd.
Sacchi, P 2000. *The History of the Second Temple Period.* Sheffield: Sheffield Academic Press Ltd.
Sand, A 1991. Apocalyptic and the Apocalypse. *TD*, 38/4: 327-332.
Sanders, E P 2000. The Dead Sea Sect and other Jews: Commonalities, Overlaps and Differences, in Lim T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd., 7-44.
Sandmel, S 1962. Parallelomania. *Journal of Biblical Literature* 81: 1-13.
Schiffman, L H 1995. *Reclaiming the Dead Sea Scrolls: The History of Judaism, the Background Of Christianity, the Lost Library of Qumran.* New York: Doubleday.
Schiffman, LH 2000. Halakah and Sectarianism in the Dead Sea Scrolls, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd., 123-158.
Schmidt, H 1985. *Form and Meaning of Yasna 33.* United States of America: American Oriental Society.
Schüssler Fiorenza, E 1985. *The Book of Revelation. Justice and Judgment.* Philadelphia: Fortress Press.
Seeley, D 1994. *Deconstructing the New Testament.* Leiden: Brill.
Segal, M H 1965. The Qumran War Scroll and the Date of its Composition, in Rabin, C &Yadin, Y (red.), *Scripta Hierosolymitana IV. Aspects of the Dead Sea Scrolls* Jerusalem: Magnes Press, 138-143.
Segal, M H 1977. *Two Powers in Heaven. Early Rabbinic reports about Christianity and Gnosticism.* Leiden: Brill.
Segal, A F 1986. *Rebecca's Children. Judaism and Christianity in the Roman World.* Cambridge: Harvard University Press.
Schwartz, M 1985a. The Old Eastern Iranian World View According to the Avesta, in Gershevitch, I (red.), *The Cambridge History of Iran.* Cambridge: Cambridge University Press, 2:640-663.
Schwartz, M 1985b. The Religion of Achaemenian Iran, in Gershevitch, I (red.), *The Cambridge History of Iran.* Cambridge: Cambridge University Press, 2: 664-697.
Shaked, S 1967 Some notes on Ahremen: the Evil Spirit, and his Creation, in Shaked, S (red.), *Studies in Mysticism and Religion presented to Gershom G Scholem on his Seventieth Birthday.* Jerusalem: Magness Press.
Shaked, S 1971. The Notions *mēnōg and gētīg* in the Pahlavi texts and their relations to Eschatology. *Acta Iranica*, 33:57-107.
Shaked, S 1972. Qumran and Iran: Further Considerations. *Israel Oriental Studies*, 2:433-446.
Shaked, S 1984. Iranian influence on Judaism: first century B.C.E. to second century C.E., in Davies, W D & Finkelstein, L (red.), *The Cambridge History of Judaism.* Cambridge: Cambridge University Press, 308-325.
Shaked, S 1995. Qumran: Some Iranian Connections, in Zevit, Z, Getin, S en Sokoloff, M (red.), *Solving Riddles and Untying Knots.* Indiana: Eisenbrauns, 277-281.
Shapero, H M G 1995. *Dualism.* Beskikbaar: http://www.sullivan-country.com/z/dualism.htm| Augustus 2006]
Shapero, H M G 1997 *Zoroastrianism, Judaism and Christianity.* Beskikbaar: http://www.pyracantha.com/zjc.htm |
Shogren, G S 1992. Election (New Testament), in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 441-444.
Slater, T B 1998. On the Social Setting of the Revelation to John. *New Test. Stud.*, 44:232-256.
Smith, B D 1994. The Historical-Critical Method, Jesus Research, and the Christian Scholar. *Trinity Journal*, 15NS:201-220.
Smith, M S 2001. *The Origins of Biblical Monotheism.* Oxford: Oxford University Press.
Smith-Christopher, D 1997. Reassessing the Historical and Sosiological Impact of the Babylonian

Exile (597/587-539 v.C.), in Scott, J M (red.), *Exile. Old Testament, Jewish, and Christian Conceptions.* Leiden: Brill, 7-36.

Smith-Christopher, D 2001. Prayers and Dreams: Power and Diaspora Identities in the Social Setting of the Daniel Tales, in Collins, J J & Flint, P W (red.), *The Book of Daniel.* Leiden: Brill, 1:266-285.

Sperling, S D 1999. Belial, in Van der Toorn, K, Becking, B & Van der Horst, P W (red.), *Dictionary of Deities and Demons in the Bible. DDD.* Leiden: Brill,

Stegemann, H 1992. The Qumran Essenes - Local Members of the Main Jewish Union in Late Second Temple Times, in Trebolle Barrera, J (red.), *The Madrid Qumran Congress.* Leiden: Brill, 83-165.

Stegemann, H 1993. Qumran, Jesus and early Christianity. *TD*, 40/3: 203-210.

Sterling, G E 2001. Judaism between Jerusalem and Alexandria, in Collins, J J & Sterling, G E (red.), *Hellenism in the Land of Israel.* Indiana: University of Notre Dame Press.

Stern, S 2000. Qumran Calendars: Theory and Practice, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd., 179-186.

Stone, M E 1984. Apocalyptic Literature, in Stone, M E (red.), *Jewish Writings of the Second Temple Period.* Philadelphia: Fortress Press, 383-442.

Stone, M E 1991. On Reading an Apocalypse, in Collins, J J & Charlesworth, J H (red.), *Mysteries and Revelations. Apocalyptic Studies since the Uppsala Colloquium.* Sheffield: JSOT Press, 65-78.

Strange, J F with Strange, J R 2001. The Archeology of Everyday Life at Qumran, in Avery-Peck, A J, Neusner, J & Chilton, B D (red.), *Judaism in Late Antiquity, 5/1*: 45-70. Leiden: Brill.

Stratton, B J 2000. Ideology, in Adam, A K M (red.), *Handbook of Postmodern Biblical Interpretation.* Missouri: Chalice Press, 120-127.

Strugnell, J 1991. The Qumran Scrolls: A Rapport on Work in Progress, in Talmon, S (red.), *Jewish Civilization in the Hellenistic-Roman Period.* Sheffield: JSOT Press, 94-106.

Sturm, R E 1989. Defining the Word 'Apocalyptic': A Problem in Biblical Criticism, in Marcus, J & Soards, M L (red.), *Apocalyptic and the New Testament.* Sheffield: JSOT Press, 17-48.

Sullivan, K P 2004. *Wrestling with Angels.* Leiden: Brill.

Tabor, J D 1992. Ascent to Heaven, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary.* New York: Doubleday, 91-94.

Talmon, S 1991. The Internal Diversification of Judaism in the Early Second Temple Period, in Talmon, S (red.), *Jewish Civilization in the Hellenistic-Roman Period.* Sheffield: JSOT Press, 16-43.

Taraporewala, I J S 1951. *The Divine Songs of Zarathushtra.* Bombay.

Taylor, N H 1999. Prolegomena to Reconstructing the Eschatological Teaching of Jesus. *Neotestamentica*, 33/1:145-160.

TeSelle, E 1996. Demonizing the Powers: Pagels' *Origen of Satan* in Context. *Religious Studies*, Review 2/1: 3-9.

Thiel, W 2004. 'Evil' in the Books of Kings, in Reventlow, H G & Hoffman,Y (red.), *The Problem of Evil and its Symbols in Jewish and Christian Tradition.* London: T&T Clark International, 2-13.

Thompson, H O 1992. Yahweh, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 6:1011-1012.

Thompson, L L 1990. *The Book of Revelation. Apocalypse and Empire*. New York: Oxford University Press.

Tigchelaar, E J C 1996. *Prophets of Old and the Day of the End. Zechariah, the Book of Watchers and Apocalyptic.* Leiden: Brill.

Tyer, C L 1992. Yoke, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 6:1026-1027.

Ulrich, E C 2000. The Qumran Biblical Scrolls – The Scriptures of late Second Temple

Judaism, in Lim, T H (red.), *The Dead Sea Scrolls in their Historical Context.* Edinburgh: T&T Clark Ltd., 67-88.

VanderKam, J C 1994. *The Dead Sea Scrolls Today*. Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.

VanderKam, J & Flint, P 2002. *The Meaning of the Dead Sea Scrolls*. New York: HarperCollins Publishers.

Van der Watt, J & Tolmie, F 2005. *Apokriewe. Ou en Nuwe Testament.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Henten, J W 1999. Mastemah, in Van der Toorn, Becking, B & Van der Horst, P W (red.), *Dictionary of Deities and Demons in the Bible*. Leiden: Brill, 553-554.

Van Rensburg, F J 1992. Lig op Satan en Satanisme vanuit die Nuwe Testament. *In die Skriflig*, 26/3 397- 407.

Vermes, G 1977. *The Dead Sea Scrolls*. London: Collins.

Vogel, H J 1974. Pernicious Presuppositions of the Historical-Critical Method of Bible Interpretation. Seminaar gelewer by die World Seminary Conference, Tokio.

Von Rad, G 1991. *Holy War in Ancient Israel.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.(Vertaling van 3de uitgawe in 1958).

Vorster W S 1986. Tekste met ‘n Apokaliptiese Perspektief, in Deist,F & Vorster,W S (red.), *Woorde wat Ver Kom. Die Literatuur van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 158-176.

Vorster, W S 1988. “Genre” and the Revelation of John: A Study in Text, Context and Intertext. *Neotestamentica*, 22: 103-123.

Vosloo, W 1992. Die Ou Testament oor Demone en die Satan. *In die Skriflig*, 26/3: 387-396.

Watson, D F 1992. Angels (NT), in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 1:252-253.

Watson, D F 1992. Devil, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 2:183-184.

Watson, D F 1992. Nicolaitans, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 4:1106-1107.

Webster, B 2002. Chronological Index of the Texts from the Judaean Desert, Tov, E (red.) *The Texts from the Judaean Desert*. XXXlX: 412.

Weinberg, J 1999. The International Elite of the Achæmenid Empire: Reality and Fiction. *ZAW* 111/4: 583-608.

Weinfeld, M, 1992. The Book of Deuteronomy, in Freedman, D N (red.), *The Anchor Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 169-182.

Werblowsky, R J Z 1971. Dualism, in Roth, C en Wigoder, G (red.), *Encyclopaedia Judaica* 6, 242-246. Jerusalem: Keter Publishing House Ltd.

West, E W 1880. *The Bahman Yasht.* Müller, M (red.), Sacred Books of the East V. Oxford: Clarendeon Press, 190-236.

Westfall, C L 2007. Messianic Themes of Temple, Enthronement, and Victory in Hebrews and the General Epistles, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 210-229.

White, L M & Fitzgerald, J T 2003. Quod est comparandum: The Problems of Parallels, in Fitzgerald, J T, Olbricht, T H & White, L M (red.), *Early Christianity and Classical Culture*. Leiden: Brill, 13-40.

Widengren, G 1969. Israelite – Jewish Religion, in Bleeker, C J & Widengren, G (red.), *Historia Religionium. Vol I Religions of the Past.* Leiden: E J Brill, 223-317.

Windfuhr, G L 1984. The Word in Zoroastrianism. *Journal of Indo-European Studies*: 133-177.

Wise, M, Abegg, M & Cook, E met Gordon, N 2004. War Rules. 1Q33(1QM[ilḥamah] = 1Q War Scroll [Rule], 4Q285, 4Q471, 4Q491-495, 4Q496, 4Q497, 11Q14, in, Parry, D & Tov, E (red.), *The Dead Sea Scrolls Reader. Part 1. Texts Concerned with Religious Law*. Leiden: Brill, 208-288.

Withering III, B 2003. *Revelation.* Cambridge: University Press.
Wolters, A 2007. The Messiah in the Qumran Documents, in Porter, S E (red.), *The Messiah in the Old and New Testaments.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 75-89.
Yarbro Collins, A 1976. *The Combat Myth in the Book of Revelation*. Missoula MO: Scholars Press.
Yarbro Collins,A 1979. The Early Christian Apocalypses. *Semeia*, 14:61-121.
Yarbro Collins 1981. Dating the Apocalypse of John. *BiR*, XXVI:33-45.
Yarbro Collins 1984. *Crisis and Catharsis: The Power of the Apocalypse.* Philadelphia: The Westminister Press.
Yarbro Collins, A 1986. Introduction: Early Christian Apocalypse. *Semeia*, 36:1-11.
Yarbro Collins, A 1996a. *Cosmology & Eschatology in Jewish & Christian Apocalypticism.* Leiden: Brill.
Yarbro Collins, A 1996b. Vilification and Self-definition in the Book of Revelation. *HTR*, 79/1-3: 308-320.
Yarbro Collins, A 1998a. Pergamon in Early Christian Literature, in Koester, H (red.), *Pergamon Citadel of the Gods.* Pennsylvania: Trinity Press International, 167-184.
Yarbro Collins, A 1998b. Source Criticism of the Book of Revelation. *BR*, XLIII:50-53.
Yarbro Collins, A 1999a. Apocalyptic Themes in Biblical Literature. *Interpretation*, 53:117-130.
Yarbro Collins, A 1999b. The Book of Revelation. *The Encyclopedia of Apocalypticism*, 1:384-424.
Yadin, Y 1962. *The Scroll of the War of The Sons of Light against The Sons of Darkness.* Great Britain: Oxford University Press.

.